Johannes Calvyn

Kommentaar Romeine

In Afrikaans vertaal deur
Professor Stefanus Postma

VOORWOORD

Die verskyning van die kommentaar van Calvyn op die Romeinebrief, in Afrikaans vertaal deur professor Stefanus Postma, is toe te skryf aan 'n unieke samewerkingsooreenkoms tussen die *Instituut vir Klassieke en Reformatoriese Studies,* die *Calvyn Jubileum Boekefonds,* en *UV Teologiese Studies.* Die *Calvyn Jubileum Boekefonds* het sedert 1909 daarin geslaag om die werk en teologie van Calvyn aan die hand van oorspronklike bronne in die Suider-Afrikaanse konteks bekend te stel. Die *Instituut* werk aan hierdie ideaal saam. Die produk het voldoen aan al die akademiese vereistes wat geld vir publikasies in die reeks *UV Teologiese Studies.*

Die bron-teks gebaseerde vertaling bring die leser na aan die oorspronklike bron. Die verantwoorde inleiding van Victor d'Assonville en Dolf Britz, plaas Calvyn se Romeinekommentaar in kerkhistoriese en teologiese perspektief en voorsien 'n insiggewende en noodsaaklike oriëntering aan die leser en student. Hierbenewens het Victor d'Assonville en Johan Cilliers as Latiniste die vertaling krities nagegaan en bevind dat dit 'n getroue weergawe van die oorspronklike is. Aan almal dus wat toegewyd meegewerk het aan die vergestalting van die projek en aan alle donateurs kom hiermee 'n opregte en entoesiastiese dankwoord. Die vertaler verdien egter die uitsondering: in sy eie reg het hy met deeglikheid, begronde kennis en geduld 'n onvervangbare wetenskaplike bydrae gemaak tot die studie en lees van Calvyn. In Afrikaans.

PROF. R.M. BRITZ
REDAKTEUR: UV TEOLOGIESE STUDIES
DR. G.J. MEIJER
VOORSITTER: CALVYN JUBILEUM BOEKEFONDS
DR.V.E. D'ASSONVILLE
DIREKTEUR: INSTITUUT VIR KLASSIEKE EN REFORMATORIESE STUDIES

’N WOORD VOORAF

Calvyn het by sy afsterwe nog nie sy vyf-en-vyftigste jaar voltooi nie. In hierdie kort lewe het hy verstommend baie geskryf. Die meeste van sy werke, wat hy óf in Frans óf in Latyn geskryf het, is vertaal in Engels, Nederlands, Duits (buiten die talle vertalings van individuele werke in ’n verskeidenheid van ander Westerse en Oosterse tale). Hyself het persoonlik sommige van sy geskrifte vanuit die Latyn ook in Frans verwerk.

Vir etlike dekades het ons in Afrikaans net beskik oor die vertaling van ’n verkorte weergawe van Calvyn se *Institusie* deur wyle ds. A. Duvenage (1951). Soos blyk uit ’n lys van Calvyn se werke wat later in Afrikaans verskyn het (sien *Inleiding*, *Bylaag 2*), was daar vanaf 1979 in Suid-Afrika ’n oplewing in die belangstelling na sy werke, en het ’n hele aantal vertalings die lig gesien. Uit die lys blyk verder dat wyle professor H.W. Simpson die leeue-aandeel gehad het in hierdie vertaalwerk. Ná die afsterwe van professor Simpson in 1997 het professor V.E. d’Assonville (sr.) in ’n huldeblyk eersgenoemde se voorneme vermeld om Calvyn se Romeinekommentaar te vertaal. Ek vermoed dit kan saamhang met die hoë waarde wat Calvyn self aan Romeine geheg het, waar hy verklaar het dat as iemand die Romeinebrief verstaan, hy ’n geopende deur tot die ganse Skrif het. Hierdie mededeling oor professor Simpson se voorneme het my laat besluit om die hand te waag aan die vertaling van Calvyn se kommentare op die Sendbriewe van Paulus, beginnende by die Romeinekommentaar.

As grondteks is gebruik gemaak van die *Editio Amstelodamensis* soos besorg deur A. Tholuck, uitgegee deur Gustav Eichler, Berlyn, 1834. Later het ons hierdie teks vergelyk met dié in die bekende *Corpus Reformatorum* (Co 49) sowel as die mees onlangse uitgawe van T.H.L. & D.C. Parker (COR II/XIII, sien *Inleiding*, § 5). Belangrike verskille in die grondtekste het ons by wyse van voetnote aangedui.

Wat werksmetode betref, het ons besluit om nie die Latynse Skrifteks wat Calvyn gebruik het, in Afrikaans te vertaal nie. Ons beskik reeds oor twee vertalings van die Bybel in Afrikaans – ’n derde weergawe van Romeine het nie vir ons wenslik voorgekom nie. Die keuse van Bybelteks het op die 1933/’53-vertaling geval, omdat ons vermoed het dat hierdie vertaling nader korrespondeer met dié van Calvyn en die grondteks wat deur hom gebruik is – ’n vermoede wat deurgaans bevestig is. Verder het ons dit nuttig geag om die Latynse teks (Calvyn se vertaling) naas die Afrikaanse te plaas. Lesers wie se Latynkennis nog nie totaal verroes het nie, kan dan dadelik nuanseverskille opmerk.

Waar die twee tekste wesenlik van mekaar verskil, het ons dit in voetnote uitgewys en sover as moontlik probeer versoen.

Daar is gepoog om so letterlik as moontlik te vertaal om sodoende die seggingswyse van Calvyn in Afrikaans weer te gee. Dit was egter nie deurgaans moontlik nie – leesbaarheid en streng konkordante vertaling is nie altyd met mekaar te versoen nie. So was ons somtyds genoodsaak om ’n sinsnede wat aktief gestel is in Latyn, passief te vertaal in Afrikaans, doodeenvoudig omdat Afrikaans nie ’n ekwivalent het vir sekere Latynse voornaamwoorde wat in die akkusatief gestel is nie.

By die voltooiing van hierdie vertaling is dit vir my ’n behoefte van die hart om enkele dankwoorde uit te spreek. Professor L.F. Schulze het die manuskrip met bekwame spoed en tog met groot noukeurigheid deurgelees. Vir sy nuttige wenke my hartlike dank. Dr. M.J. du Plessis, predikant van die Gereformeerde Kerk Bellville, was so vriendelik om die koste verbonde aan taalkundige versorging op hom te neem – dit word ten seerste waardeer. Die taalkundige en tegniese versorging is toe opgedra aan mev. Geert van Jaarsveld wat hierdie taak met bekwame presiesheid volvoer het. Aan haar ’n besondere woord van dank.

Reeds by die aanvang van hierdie vertaling was die vind van ’n uitgewer ’n groot kopseer. Drukwerk is duur en om te bepaal hoe groot die oplaag moet wees, is baie riskant. Danksy die bemiddeling van dr. V.E. d’Assonville (jr.), predikant van die Gereformeerde Kerke Colesberg en Philipstown en professor R.M. Britz, hoogleraar aan die Teologiese Fakulteit van Universiteit van die Vrystaat het die *Sentrum vir Klassieke en Reformatoriese Studies* besluit om hierdie werk uit te gee. Aan die twee here en die Fakulteit van Teologie in wie se reeks (*UV Teologiese Studies*) hierdie werk opgeneem is, is ek meer dank verskuldig as wat ek in woorde kan uitdruk. Deur hul bemoeienis het die haas onmoontlike moontlik geword.

Om by wyse van ’n inleiding die Romeinebrief en Calvyn se kommentaar in historiese perspektief te plaas, is ’n taak wat by voorkeur deur ’n teoloog gedoen moet word. Ook in hierdie opsig het professor Britz in medewerking met dr. d’Assonville my te hulp gekom. Hul bydrae maak nie alleen ’n noodsaaklike deel uit van hierdie werk nie – dit is inderdaad onmisbaar. Vir lesers sal dit weldra blyk dat ’n stem uit die sestiende eeu nog steeds meespreek oor die probleme van die een-en-twintigste eeu.

Ten slotte, om Calvyn se werke te vertaal, laat ’n mens klein voel. Die enorme hoeveelheid skryfwerk wat hy verrig het, gee ’n mens die gevoel dat jy net aan die oppervlakte krap en sodoende nie volle reg laat geskied aan sy grootheid nie. Nietemin wil ons die hoop uitspreek dat hierdie beskeie bydrae sal dien om nie alleen Calvyn nader aan ons te bring nie, maar bowe al sal dien om erns te maak met die bestudering van die Woord van God. Aan Hom alleen die eer.

S. Postma
Potchefstroom
24 Februarie 2006

INHOUD

VOORWOORD i
’N WOORD VOORAF ii
INLEIDING vi
GROETE AAN SIMON GRYNAEUS 1
BEREDENERINGVAN PAULUS 5
HOOFSTUK 1 12
HOOFSTUK 2 41
HOOFSTUK 3 61
HOOFSTUK 4 89
HOOFSTUK 5 112
HOOFSTUK 6 131
HOOFSTUK 7 150
HOOFSTUK 8 172
HOOFSTUK 9 213
HOOFSTUK 10 246
HOOFSTUK 11 266
HOOFSTUK 12 295
HOOFSTUK 13 316
HOOFSTUK 14 327
HOOFSTUK 15 343
HOOFSTUK 16 362
ADDENDUM 374
PERSOONSREGISTER 378

INLEIDING

Die Afrikaanse vertaling van Calvyn se Romeinekommentaar

Dit was, om presies te wees, op 18 Oktober 1539, vlak voor die Europese winter, in Strassburg. Op daardie dag het die 30-jarige Calvyn (1509-1564) die voorwoord voltooi waarmee hy sy kommentaar op die Romeinebrief aan Simon Grynaeus opgedra het. Die manuskrip kon aan die plaaslike uitgewer Rihel besorg word. Die volgende jaar (1540) was dit persgereed en is dit gepubliseer as

Ioannis Calvini Commentarij in Epistolam Pauli ad Romanos.
Argentorati per Vuendelinum Rihelium.
Mense Martio. M.D.XL.

Hiermee het die sestiende-eeuse leeskring in Europa nóg 'n kommentaar op Romeine ontvang. Een, onder vele ander.

Onder die skryfwerk van Calvyn beklee hierdie Romeinekommentaar 'n besondere plek. Dit was nie alleen die eerste kommentaar op 'n Bybelboek uit sy pen nie, maar ook rigtinggewend ten opsigte van die metode van Skrifuitleg wat van nou af kenmerkend van die gereformeerde benadering sou wees. Hierbenewens verskyn die kommentaar op 'n tydstip in Calvyn se lewe waarin hy hom teologies sou onderskei: in die Romeinekommentaar kondig 'n unieke sig op die Skrif en die verstaan daarvan hom aan. Nie net 'n duidelik erkenbare reformatoriese profiel nie – dink maar aan die sentrale *sola fide* van die Reformasie – maar ook ingrypende metodologiese keuses deur Calvyn as eksegeet tree in hierdie kommentaar na vore.[1]

Dié Romeinekommentaar sou 'n verdere nawerking in die daaropvolgende kerk- en teologiegeskiedenis hê – iets wat Calvyn destyds self nie voorsien het nie, minstens nie in só 'n omvang nie. Dat Parker hierdie

[1] Vgl. C. Link, 2005. Vorwort. *In* Calvin, J. 2005 [1539; 1551; 1556]. Der Brief an die Römer [bis Kapitel 7]: Ein Kommentar. Der lateinische Text mit deutscher Übersetzung, bearbeitet und eingeleitet von M. Freudenberg, A.I.C. Heron, N. Kuropka, C. Link, P. Opitz, G. Plasger & E. Saxer. (*In* E. Busch, M. Freudenberg, A.I.C. Heron, C. Link, P. Opitz, E. Saxer & H. Scholl, *Hrsg.*, Calvin-Studienausgabe, Band 5.1.) Neukirchen-Vluyn: Neukirchener. p. V.

kommentaar die "hart" van Calvyn se "teologiese oeuvre" noem, is dus nie ongegrond nie.[1]

1 Nog 'n Romeinekommentaar verskyn in 1540 – een onder vele

Gedurende die sestiende eeu het die paaie in die (Wes-)Europese kerk teologies en konfessioneel uiteengeloop. In hierdie ontwikkeling en gebeure is opvallend veel van Romeine gemaak: van alle kante was 'n beroep op die Romeinebrief in die teologiese standpuntstelling as van deurslaggewende belang geag. Dit verklaar onder andere waarom daar in die eerste helfte van die sestiende eeu soveel kommentare op Romeine die lig gesien het. Terwyl die Rooms-katolieke teoloog Sadoletus[2] byvoorbeeld dit 'n moeilike boek gevind het om te verklaar, veral om dit te versoen met die gevestigde kerklike tradisie waarin 'n onverswakte waarde van goeie werke in die redding van die mens gehandhaaf is, het Martin Luther hierteenoor weer in sy kommentaar op Romeine 'n basis gevind wat hom oortuig het dat enige vorm van menslike handhawing teen die grein van die evangelie ingaan.

Dit is gevolglik nie verrassend wanneer daar gesê word, Protestantse teologie berus wesentlik op die Romeinebrief[3] nie. Selfs as Luther se Voorlesings oor die Romeinebrief nie in ag geneem sou word nie, word die sentrum van die Reformasie, die *sola fide*, op 'n indrukwekkende wyse deur nie net hierdie Romeinekommentaar van Calvyn nie, maar ook deur dié van Melanchthon, Bucer en Bullinger na vore gebring.[4]

Calvyn het natuurlik geweet dat sy kommentaar een onder baie ander sou wees. Daardeur het hy hom egter nie laat afskrik nie. Behalwe dat hy ook die kommentare van Origines, Ambrosius en Augustinus (onder andere) uit die vroeë kerk geraadpleeg het, moes hy in sy kommentaar daarmee rekening hou dat die verklarings van ander reformatore teen 1539/'40 reeds 'n gevestigde statuur in die reformatoriese teologie en bediening gehad het. Dat sy uitleg sonder meer aanvaar sou word, of ingang sou vind, was nie 'n uitgemaakte saak vir Calvyn nie. By name verwys hy na die drie mede-reformatore met wie se kommentare hy gewerk het. Hulle is:[5]

Philippus Melanchthon, van wie daar, behalwe vir sy

---

[1] Weliswaar gaan Parker nog verder. Hy praat van Calvyn se Romeinekommentaar as die "ten onregte verwaarloosde" hart van sy teologiese werk. T.H.L. Parker, *Calvin's New Testament Commentaries*, London 1971: viii.

[2] Sadoletus, 1535. *Tres Libri Commentariorum*.

[3] Link (2005:V): "Evangelische Theologie ist von ihren Ursprüngen her Theologie des Römerbriefs."

[4] *Ibid.*

[5] Bibliografiese verwysings volgens Parker (1999:LI e.v.; LXXVIII-LXXX).

Annotationes, 1522, ook die volgende oor Romeine verskyn het:
Commentarii in Epist. Pauli ad Romanos recens scripti a Phil. Melan, 1532. [Hersien in 1540].
Dispositio orationis in epistolam ad Romanos, 1529.

Martin Bucer, wie se kommentaar oor Romeine kort vantevore die lig gesien het:
Metaphrases Et Enarrationes Perpetvae Epistolarvm D. Pauli Apostoli...Tomvs Primvs. Continens Metaphrasim Et Enarrationem in Epistolam ad Romanos... Per Martinvm Bvcervm. Argentorati Per VVendelinvm Ribelium Mense Martio Anno M.D.XXXVI. [1536.]

Heinrich Bullinger, wie se *Commentarii* die eerste keer reeds in 1535 verskyn het:
In omnes Apostolicas Epistolas… Commentarii Heinrychi Bullingeri... Tigri Apvd Christophorvm Froschovervm Mense Martio Anno M.D.XXXIX. [1539.]

Calvyn was terdeë bewus van bogenoemde kommentare se aansien. Wat hom betref, kon dit ook so bly. En, hy wou homself doelbewus ook nie aan sy mededienaars van die Woord spieël nie, maar ’n kommentaar daarstel met ’n eie inslag. Hierin sou hy slaag. Sy kommentaar gee afdoende blyke van selfstandige teologiese denke en ’n benadering in eie reg. Die *Commentarij in Epistolam Pauli ad Romanos* het inderdaad nie bloot as een onder al die ander bygekom nie. Eerder was dit ’n kommentaar wat – in onderskeiding van ander bestaande kommentare – ’n skerper bewustheid vir die hermeneutiese vrae oor Skrifuitleg sou toon. Hierin sou die reformatoriese beskouing dat die Skrif self die maatstaf is van sy uitleg – reeds te vinde by Luther – sentraal wees.[1]

In 1539 het Calvyn hom in Strassburg bevind. Hier het hy teen die helfte van 1538 op uitnodiging van Martin Bucer ’n heenkome gevind, nadat hy

[1] C. Link (2005:VI): “... Was Calvin von diesen reformatorischen Vorbildern unterscheidet, ist ein noch schärfer ausgeprägtes Bewusstsein für die hermeneutischen Probleme der Schriftauslegung, etwa die Frage nach dem *Verhältnis* der kirchlichen Lehrtradition zur Schrift, das Bewusstsein für Nähe und Fremdheit des biblischen Textes zur eigenen Gegenwart oder die energisch weiterentwickelte Maxime Luthers, in der Bibel selbst den Maßstab ihrer Auslegung zu finden: ‘Epistola tota ... methodica est.’ ” Vergelyk ook Ganoczy, A., 1976. Calvin als paulinischer Theologe: Ein Forschungsansatz zur Hermeneutik Calvins. *In* Neuser, W.H., *Hrsg.*, Calvinus Theologus. Referate des Europäischen Kongresses für Calvinforschung, Amsterdam, 1974. Neukirchen: Neukirchener. p. 47 e.v.

gedwing was om Genève te verlaat. Bucer (na wie se Romeinekommentaar Calvyn ook verwys) het hom al jarelank as ’n beduidende reformatoriese voorganger onderskei, iemand van rigtinggewende betekenis – ook ver buite die grense van die stad. Daarmee saam was Strassburg toe geruime tyd reeds ’n belangrike sentrum van die reformatoriese teologie. Daar kon Calvyn predikant van die klein Franse vlugtelinggemeente word en onverfloud sy skryfwerk voortsit.

Tussen Augustus en Oktober 1539 het drie belangwekkende publikasies van Calvyn op die pers gekom. Gedurende Augustus het hy die grondige hersiening en uitbreiding van die 1536 *Christianae Religionis Institutio* afgehandel en dit nou as die *Institutio Christianae Religionis* uitgegee. In dieselfde maand het hy nog kans gekry (ná ’n versoek van Genève) om in ’n omvattende brief te antwoord op die teologiese oortuigings en oënskynlik herderlike oproep van kardinaal Sadoletus aan die inwoners van Genève om na die Rooms-Katolieke Kerk terug te keer. Hierdie *Antwoord* (*Responsio*) van Calvyn sou in die geskiedenis opgaan as een van die beste uiteensettings van die teologie van die reformasie. Hierop volg (in Oktober) die publikasie van die kommentaar op die Romeinebrief. Dat die eksegetiese werk aan laasgenoemde van beduidende belang vir sowel die tweede uitgawe van die *Institusie* asook die *Antwoord* aan Sadoletus was, spreek vanself.

In hierdie drie geskrifte onderskei Calvyn hom as teoloog in eie reg: ’n kenmerkende gereformeerde denklyn het hom in skrif gestel.

Die trefkrag van hierdie gereformeerde teologie was so te sê onmiddellik sigbaar en voelbaar. Behalwe dat Bucer die aanvanklike dryfkrag agter Calvyn was vir sy koms na en bediening in Strassburg was dit ook Bucer wat Calvyn gedurende hierdie jare betrek het by reformatoriese pogings en diplomasie ter wille van teologiese verantwoording en verdediging binne die Heilige Romeinse Ryk. Keiser Karel V het immers die Protestante daartoe gedwing om rekenskap van hulle geloof af te lê. Daarom het Calvyn in 1540/1 deelgeneem aan die godsdiensgesprekke van Hagenau, Worms en Regensburg. Calvyn het nou nie net ’n wyer oorsig oor die reformasie in Europa verkry nie, maar ook meer ervaring van die protestantse saak in Frankryk, Italië en die Switserse kantons. Daarbenewens het hy kennis gemaak met die situasie in die Duitse gebiede. Vir sy oorwoë insette in die godsdiensgesprekke het die drie genoemde publikasies van 1539 as basis en voorbereiding vir Calvyn gedien.

Die lees en bestudering van Calvyn se kommentaar op Romeine plaas ’n mens gevolglik direk in sowel die kern van Calvyn se verstaan en uitleg van die Bybel asook in die kader van sy benadering van die teologie in die algemeen.

2 Die ontstaan van die kommentaar

Weet ons iets van die ontstaan van die Romeinekommentaar af? Wat het aanleiding daartoe gegee vir Calvyn om ’n kommentaar op Romeine aan te pak? Het hierdie boek ’n besondere rol in sy lewe gespeel? Of, was daar ’n spesifieke aandrang om so ’n werk die lig te laat sien? In hierdie paragraaf verwys ons na enkele sake wat bygedra het tot die ontstaan van die kommentaar.

Toe Calvyn gedurende die winter van 1535 Frankryk as protestantse vlugteling moes verlaat, het hy hom na Basel gewend, ’n stad wat die Reformasie goedgesind was. In die aantal maande wat hy hier sou bly, het hy die eerste uitgawe van sy *Institusie* voltooi (1535). Ooglopend speel die boek Romeine ’n belangrike rol in hierdie *Institusie*, wat nie misgekyk kan word nie. Daaruit blyk dat Calvyn vóór die verskyning van die *Institusie* die boek Romeine – alreeds in Frankryk – deeglik moes bestudeer het.

Tydens sy verblyf in Basel het Calvyn Simon Grynaeus ontmoet en sou hy die moontlikheid van ’n kommentaar op Romeine met Grynaeus bespreek. Grynaeus was professor in Grieks. Hierdie posisie het hy vroeër tussen 1524 en 1529 in Heidelberg beklee. Sedert 1526 moes hy daar ook die verantwoordelikheid vir die onderrig van Latyn op hom neem. In 1529 het hy na Basel gekom om die plek van die beroemde Erasmus oor te neem; sy verblyf in Basel was vir ’n kort tussenpose in 1531 onderbreek toe hy ’n besoek aan Engeland sou bring. In 1534 het Grynaeus vir ’n kort periode na Tübingen vertrek, om in 1535 weer na Basel terug te keer. Hy was goed op hoogte met wat in die reformatoriese wêreld aan die gebeur was en was self geïnteresseerd in ’n studie van Romeine.

As hegte geesgenote het Grynaeus en Calvyn saamgestem dat enige kommentaar in deursigtige bondigheid (*perspicua brevitas*) die sin van die teks en die intensie, bedoeling van die skrywer moet ontsluit. Daar kan dus aanvaar word dat Calvyn se gedagte aan ’n kommentaar op Romeine deur Grynaeus met sy voortreflike geleerdheid gestimuleer is. Dit verklaar ten minste waarom hy sy kommentaar aan Grynaeus opgedra het. Hulle vriendskap het oor jare gestrek – totdat die ingryp van die dood dit in 1541 sou beëindig. In daardie jaar het Grynaeus ’n slagoffer van die pes geword.

So ver ons weet het Calvyn nie iets konkreets oor die Romeinebrief in Basel die lig laat sien nie. Die volgende jaar (in 1536) het hy deur die toedoen van Farel in Genève agtergebly – sy opdrag: om die Woord uit te lê. Dit is waarskynlik dat hy hier tussen 1536 en 1538 ook ’n reeks voorlesings aan die verklaring van die Romeinebrief gewy het.[1] Maar, ook in Strassburg het hy Romeine op soortgelyke wyse in die Gimnasium van Johann Sturm behandel. Hierdie voorlesings oor Romeine, waarin die boek

[1] Vgl. Parker & Parker (1999:XIII).

teks vir teks verklaar is, is die konkrete aanloop tot die uiteindelike voltooiing van die kommentaar in Oktober 1539.

Uit die beskikbare gegewens blyk dit gevolglik dat Calvyn die boek Romeine gedurende die jare dertig deeglik moes bestudeer het. Vaste planne om 'n kommentaar daarop te skryf kan teruggevoer word na sy gesprekke met Grynaeus gedurende 1535-36. Dit word egter algemeen aanvaar dat die kommentaar beduidend aanleun op die lesings wat Calvyn in Genève en Strassburg oor Romeine gehou het. Dit beteken dat die kommentaar op die kateder beslag gekry het, dit wil sê binne die konteks van opleiding in en uitleg en verkondiging van die Woord.

Die effek wat hierdie eksegetiese werk op Romeine deur Calvyn op die verwerking van sy *Institusie* gehad het (wat vanaf ses hoofstukke in die eerste uitgawe van 1536 na 17 hoofstukke in die tweede uitgawe van 1539 uitgebrei is) is algemeen bekend in die internasionale Calvynnavorsing. Ook die effek van sy Romeine-eksegese op die nadruk wat hy op Skrifbegronde kerklike eenheid lê in sy *Antwoord* aan Sadoletus,[1] is duidelik sigbaar. By Calvyn, juis en veral in sy kommentaar op die Romeinebrief maar ook in die *Institusie* en in sy *Antwoord* aan Sadoletus vind ons 'n noukeurigheid in sy nadruk op die ware kerk. Sy Romeinekommentaar, binne die ontwikkelingslyn van Melanchthon via Bucer en Bullinger, gee nog meer duidelike profiel gee aan die kerk en die eenheid van die kerk.

3 Die metode van Skrifuitleg

Watter eksegetiese metode kan onderliggend aan die Romeine kommentaar gevind word? Wat was dit vir Calvyn?

Daar is dikwels al daarop gewys dat die belang wat Calvyn eksegeties aan die teks van die Romeinebrief toegeken het, verband hou met die humanistiese retoriek van die sestiende eeu,[2] waarin hy ook geskool was. Hierdie metode het ingehou dat die betroubare verstaan van 'n teks bereik moet word deur die taal van die teks te ken (daardeur word betekenisse toeganklik gemaak), die skopus van die teks te vind binne sy groter tekstuele samehang (ko-teks), die sentrale temas van die teks te identifiseer, die kultuurhistoriese konteks waarbinne dit beslag gekry het van die teks te ken en die interpretasiegeskiedenis daarvan te beheers. Veral die oorspronklike outeur se denkrigting en doelstellings moet hier in

[1] Die kerk is slegs één in soverre dit in God die oorsprong en in Hom die doel vind, dit wil sê na Christus se stem luister, sy Woord gehoorsaam ... (Vgl. Calvyn in OS I,488.)

[2] Die begrip "humanisties" word hier in 'n tegniese sin bedoel binne sy konteks van destyds, waar dit veral verwys na die metodes van en instrumente vir die bestudering van (veral antieke) tekste, m.a.w. kennis van die oorspronklike tale (hetsy Grieks, Hebreeus of Latyn), beheersing van die filologie, grammatika, gebruikmaking van semantiese hulpmiddels ens.

ag geneem word.[1] By hierdie uitgangspunte sluit Calvyn aan. Die teks – dit wil sê die oorspronklike Griekse teks – van die Romeinebrief is vir hom van soveel gewig dat hy in die verklaring noulettend dáárlangs beweeg. Die leser word deurentyd aan die teks gehou. Selfs wanneer Calvyn allerlei aktuele kwessies ophaal, laat val hy die lig van die teks daarop. Hierdie keuse verhoed hom om met lang uiteensettings, toevoegings en *supplementa* die kommentaar onnodig aan te dik, soos wat destyds nogal dikwels die geval was.

In die voorwoord waarin die kommentaar aan Grynaeus opgedra word, het Calvyn die lof wat Bucer vir sy Romeinekommentaar toekom, breedvoerig vermeld. Dit sluit 'n "omvangryke belesenheid en uitgebreide kennis en menige ander deugde waarin hy deur niemand vandag oortref word nie" in. Ten opsigte van Melanchthon merk Calvyn weer op dat hy met sy ywer en bedrewenheid weer op die [dogmatiese] hoofsake gefokus het. Calvyn wou doelbewus nie die weg van óf Bucer óf Melanchthon opgaan nie. Veel eerder wil hy die betekenis van die teks volgens die bedoeling van die skrywer ontsluit, aan die hand van die onderlinge tekste binne hulle groter geheelverband en hulle aaneenskakeling met mekaar. Teologiese ekskursies van dogmatiese, etiese en kerklike aard, selfs van die populêre soort wat die geeste so kon boei, ontbreek gevolglik in die Calvynkommentaar. In sy benadering staan Calvyn sodoende nader aan die kommentaar van Bullinger, vir wie se "geleerdheid" en bewese verdienste hy die hoogste agting het.

Soos reeds genoem is dit vir Calvyn belangrik om in die brief, binne die raamwerk van sy eie tersaaklikheid, die bedoeling van die outeur presies te verstaan en om die teks se betekenis vir die lesers oop te maak. In hierdie sin behou die kommentaar 'n kenmerkende Skriftuurlike verband en eenheid. Die inhoudelike samehang (*Sachzusammenhang*), die tersaaklikheid en aktualiteit van die brief, is vir Calvyn die lewende Christus. Deurgaans kom 'n mens onder die indruk dat Calvyn sy kommentaar in sy direkte verband met Christus Jesus skryf. Die Romeinebrief deel niks anders mee nie as kennis van Christus, die histories opgestane Here wat Hom deur die Woord en deur sy Gees steeds in die lees en die verklaar van die Romeinebrief laat geld. Op grond van hierdie vasgelegde Christuskennis en Christusgeloof word die wesenlike inhoud, die saak van die teks, ontsluit. Dit is die vaste voet om die teks te verstaan.

---

[1] In laasgenoemde opsig sê Link (2005:VI): "Man muss – so das Herzstück der Rhetorik – die Regeln der Alltagsprache auf ihn anwenden, sich insbesondere an Denkbewegung und Absicht seines Autors halten, um ihn zu verstehen. Diese hier konsequent unter Beweis gestellten Grundsätze machen die auch heute noch unverbrauchte Lebendigkeit der Schriftauslegung Calvins aus."

Vir Calvyn is die Bybel ’n sprekende boek. Aan die Woord is die Here, die sprekende God (*Deus loquens* – *Inst*. 1,7,4). Daarom is dit voor die hand liggend waarom hy onder meer by die retoriek as hulpmiddel aansluiting vind. Dit is immers daarop gemik om tekste te laat spreek in verstaanbare taal. So staan die aanknoping by die retoriek in diens van die sinvolle lees, verstaan en hoor van die Skrif. Dit moet goed raakgesien word. Vir Calvyn is Romeine (trouens, die hele Skrif) nie maar net ’n religieuse teks uit die hoogbloei van die klassieke Grieks-Romeinse godsdiensgeskiedenis nie. Dit is God se Openbaringswoord, waarvoor Hy deur sy Gees as eerste Outeur verantwoordelikheid neem. Calvyn maak met ander woorde nie sonder meer kantaantekeninge by ’n ‘vervloë teologie’ van ’n Paulus nie. Daarvoor is hy self te deurdronge van die bewussyn van die werklike Outeur van die Romeinebrief. Calvyn wil die Skrif só aan die woord laat kom, dat die leser sal ontdek waaroor, of liewer oor Wie, dit werklik gaan. Ons word dus tot versigtigheid gemaan om sonder meer tot die gevolgtrekking te kom dat die beginsels en reëls van die filologiese retoriek, toegepas op die Romeinebrief, ten volle verantwoordelik is vir die resultaat van die uitleg. Asof die uitlegmetode die uitslag noodwendig sou skep. Asof die uitleg en verstaan van die Skrif (slegs) ’n saak van eksegetiese metodiek is.

Calvyn pas nie *’n* eksegetiese metode rigied toe nie. Hy verklaar die teks in die wete dat die metode van uitleg nie die teks kan deurgrond of ten diepste kan indring nie. Ook is hy ten diepste bewus daarvan dat sy behendige hantering van die eksegetiese metode nie die aktualiteit van die verklaring bepaal nie. Hierdie sake lê ingebed in die onlosmaaklike verband tussen die Woord en die Gees. Waar die teks gelees word, gebeur daar iets eksistensieel met die leser. Daar kom ’n onverklaarbare verbintenis met Christus na vore. Daar word geskiedenis gemaak, soos aan die leser die heil van Christus bekend gemaak word. Wie se oë hiervoor oop is, ontdek in die lees van die kommentaar ’n oorbrugging tussen afstand en tyd, tussen 1539 en vandag, en tussen vandag en die helfte van die eerste eeu na Christus, toe Paulus die Brief aan die Romeine geskryf het. ’n Mens hoor Calvyn, jy hoor Paulus, maar bokant hulle uit spreek Christus deur sy Gees en Woord. So deel hierdie brief kennis van Christus mee. Dit is ten diepste die rede waarom Calvyn sê, “as iemand ’n ware kennis daarvan verkry het, hy ’n geopende deur het tot die mees verborge skatte van die Skrif”.[1]

---

[1] COR II/XIII, 7: “... unde citra controversiam protinus constabit, praeter plurimas alias, et eas eximias dotes, hanc ei proprie competere, quae nunquam pro dignitate satis aestimetur; quod siquis veram eius intelligentiam sit assequutus, ad reconditissimos quosque Scripturae thesauros adeundos habeat apertas fores.”

Wanneer Calvyn die boek verklaar, is dit nie net ’n navorser, ’n kenner van die Griekse taal, ’n wetenskaplike taalkenner en teoloog wat die resultaat van sy ondersoek op skrif stel nie, maar ’n ootmoedige mens wat Christus in die boek ontmoet het. Daarom gaan die kommentaar ook breër as Romeine. Sy reikwydte sluit die hele Skrif in. Die konteks van die verklaring word die heilsgeskiedenis. So gee Calvyn in sy eerste kommentaar op ’n Bybelboek gestalte aan die diepste oortuiging van die reformatoriese Skrifuitleg.

4 Calvyn se indeling van die Romeinebrief

Voordat Calvyn met die uitleg van die brief begin, gee hy eers ’n oorsigtelike uiteensetting (wat vandag nog meer as die moeite werd is om te lees) van die inhoud daarvan – ’n inleiding tot die brief. Hierin laat hy hom ook uit oor die onderliggende sintese en struktuur van die brief, waarin hy die volgende indeling maak:

* In hoofstuk 1 tot 5 word die vernaamste tema van die hele brief behandel, naamlik dat ons deur die geloof geregverdig word. Die enigste geregtigheid van mense is deur die genade van God in Christus.
* In die sesde hoofstuk kom Paulus tot die heiligmaking wat ons in Christus besit.
* In hoofstuk 7 beredeneer hy die gebruik van die wet.
* Die agste hoofstuk is vol vertroostinge van Christus.
* In hoofstukke 9 tot 11 bied Paulus insig oor die heilshistoriese posisie van die Jode.
* Die hoofstukke wat volg (12, 13 en 14) is vermanend van aard en laat die lig op die Christelike lewe val.
* In hoofstuk 15 kom ter saaklike algemene uitsprake aan die orde.
* Die laaste hoofstuk word deur groeteboodskappe in beslag geneem en word afgesluit met ’n voortreflike gebed.

Dit is noodsaaklik om hierdie inleiding te lees en die verdeling van die inhoud van die brief in sy onderlinge verband te begryp. Waarin vind Calvyn die werklike sentrum van die Romeinebrief? Hy vind dit daarin dat Christus ons deur die geloof regverdig. Dit loop soos ’n dik rooi draad deur die Romeinebrief, en daarom ook deur Calvyn se kommentaar. In Christus

---

“Daaruit sal dadelik bo teenspraak vasstaan dat in hierdie brief benewens ander eienskappe, en dit wel uitnemend, hierdie een uitstaan, wat nooit genoegsaam na waarde geskat kan word nie, naamlik dit, as iemand ’n ware kennis daarvan verkry het, hy ’n geopende deur het tot die mees verborge skatte van die Skrif.” (Calvyn in sy “Argumentum in Epistolam Romanos”.)

vind die Romeinebrief sy samehang en sy sin. Christus lê sorgvuldig beslag op die orde, die ontwikkeling en die beweging van die argument in die brief.

5 Uitgawes en vertalings van Calvyn se Romeinekommentaar[1]

As bydrae – veral vir navorsers en studente maar ook vir ander belangstellendes – word hier kortliks aandag geskenk aan die belangrikste uitgawes en vertalings van die Romeinekommentaar van Calvyn. Daaruit kan ’n indruk gevorm word van die teologiese inslag en trefkrag en die kerkhistoriese betekenis wat hierdie kommentaar met verloop van tyd gehad het.

Latynse uitgawes

1540 Ioannis Calvini Commentarij in Epistolam Pauli ad Romanos. Argentorati per Vuendelinum Rihelium. Mense Martio. M.D.XL.

1551 In Epistolam Pavli ad Romanos, Ioannis Calvini Commentaria. *In* Ioannis Calvini in omnes D. Pauli epistolas, atque etiā in epistolā ad Hebraeos commentaria luculentissima. Ex postrema authoris recognitione. Cvm Indice Copiosissimo sententiarum & locorum omnium. Genevae. Apud Ioannem Gerardum. M.D.LI.

1556 In Epistolam Pauli ad Romanos Iohan. Calvini Commentarivs. *In* In omnes Pavli Apostoli Epistolas, atque etiam in Epistolam ad Hebraeos, item in Canonicas Petri, Ioannis, Iacobi, & Iudae, quae etiam Catholicae vocantur, Ioh. Calvini Commentarii. Hanc Commentariorum postremam esse recognitionem, ex lectione atque collatione cum prioribus, deprehendet lector. Oliua Roberti Stephani. M.D.LVI.

Dit is belangrik om te onthou dat bogenoemde drie uitgawes die primêre tekste van die Calvynkommentaar op Romeine is. In ’n noukeurige vergelyking tussen die drie, byvoorbeeld deur Parker (vgl. Parker & Parker, 1999) is aangetoon dat daar ’n bepaalde ontwikkeling plaasgevind het. So word onder meer in die 1556-uitgawe na die kwessies rakende Servet (met verwysing na die Triniteit), Bolsec, Pighius en Georgius Siculus (in verband met die uitverkiesing en vrye wil) verwys. Verder kom daar ook in die latere uitgawes verwysings na die Konsilie van Trente voor, wat uiteraard nog nie in die 1540 [1539]-uitgawe aan die orde was nie. Wesenlik het die kommentaar egter nie verander nie. Algemeen word die 1556-teks as die *textus receptus* aanvaar. Dit geld ook vir hierdie vertaling.[2]

---

[1] Vgl. Parker & Parker (1999:LXIX e.v.) en Heron (2005:13 e.v.).

[2] Die 1556-teks volgens A. Tholuck, in een van die twee uitgawes van 1834 (die Eichler-uitgawe van Berlyn), het as grondteks vir hierdie vertaling gedien: CALVIN, J. 1834

Verdere Latynse uitgawes

Ná die Latynse uitgawe van 1556 het hierdie uitgawe weer die volgende drukke beleef (as deel van groter versamelde uitgawes, met ander woorde saam met ander werke van Calvyn):

[1557]1563 Genève: Crispinus.
1565 Genève: Curteus.
1572, 1579 Genève: Crispinus.
1580, 1600 Genève: Vignon.
1617 Opera omnia, Tom. V, Pars III. Genève: Chouet et Vignon.
1667 Opera Omnia, Tom. 7. Amsterdam: Schipper.
1834 Ed. Tholuck, *Hrsg.*, Tom. I. Halle: Gebauer.
1834/'64-65 Ed. Tholuck, *Hrsg.*, Berlyn: Eichler.
1892 *In* Ioannis Calvini Opera Quae Supersunt Omnia, Vol. I-LIX. 1863-1900. *Ediderunt* G[W]. Baum, E. Cunitz & E. Reuss, Vol I-LIX, *in* Corpus Reformatorum, Vol. XXIX-LXXXVII. Brunsvigae/ Berolini: C.A. Schwetschke et filium, vol. XLIX [= CO 49].

Resente Latynse uitgawes

Die Romeinekommentaar volgens die Latynse 1556-uitgawe het egter ook die afgelope tyd deur die volgende uitgawes beskikbaar geword:

1981 Parker, T.H.L., *ed.*, Leiden: E.J. Brill.
1999 Parker, T.H.L. & Parker, D.C., *ed.*, Genève: Droz.[1]
2005 Link, C., *Hrsg.*, Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.[1]

[1540;1551;1556]. *In* Novum Testamentum Epistolas Commentarii ad Editionem Amstelodamensem accuratissime exscribi et praefatus, Pars Prima: Epist ad Roman. et Corinth. [*edidit*] A. Tholuck. Berolini: Apud Gustavum Eichler.
In gevalle waar vrae rakende die teks ontstaan het, is CO 49 ook geraadpleeg, terwyl COR II/XIII by enkele geleenthede nadergetrek is.

[1] CALVIN, J. 1999[1539;1551;1556]. *In* Calvinus, I. *Commentarius in epistolam Pauli ad Romanos*. (*Ediderunt* T.H.L. Parker et D.C. Parker. Ioannis Calvini Opera Omnia: Denuo recognita et adnotatione critica instructa notisque illustrata, Series II: Opera Exegetica Veteris et Novi Testamenti, Volumen XIII. Auspiciis Praesidii Conventus Internationalis Studiis Calvinianis Fovendis ediderunt B.G. Armstrong, C. Augustijn, I. Backus, O. Fatio, H. Feld, F.M. Higman, W.H. Neuser, B. Roussel, W. van 't Spijker & D.F. Wright. Genève: Droz.) [= COR II/XIII.]

Franse vertalings

1543 Exposition svr l'Epistre de sainct Pavl Avx Romains, Extraicte des Commentaires de M.I. Caliun. A Geneve Par Iehan Girard. 1543.

1545 Argument Et Sommaire De L'Epistre Sainct Paul aux Romains, pour donner intelligence à toute l'epistre en peu deparolles. Par Iehan Caluin. Rom. X. Finis enim legis, Christus: ad iustitiam omni credenti.

1550 Commentaire De M. Iean Calvin Svr l'Epistre aux Romains. A Geneve Par Iean Girard.

1556 Commentaires de M. Iehan Calvin sur toutes les Epistres de l'Apostre S. Paul … Imprime par Conrad Badius. [*Colophon:* Acheve d'imprimer par Conrad Badius, l'an M.D.LVII, le IIII jour du mois de ianvier.]

Verdere uitgawes van die Franse vertaling van die kommentaar is die volgende:

1560 Genève: Anastase.
1561 Genève: Badius.
1562 Genève: Badius.
1562 Lyons: Haultier.
1562 Lyons: Jean d'Ogerolles pour S. Honorat.
1563 Lyons: Honorat.
1564 Lyons: S. Barbier pour A. Vincent.
1854 Paris: *In* Commentaires sur le Nouveau Testament.
1895 Toulouse: *In* Commentaires sur le Nouveau Testament.
1960 Genève: Épître Aux Romains. Texte établi par J.-M. Nicole.

Nederlandse vertalings

1566 Wtlegghinge Joannis Calvini, op alle de sendbrieven Pauli des Apostels: ende oock op den Sendbrief tot den Hebreen … Ghedruckt te Embden, by Gellius vander Erven, ende voleyndt by Willem Gailliart.

Hierbenewens het ook die volgende Nederlandse vertalings verskyn:

1582 Amsterdam: Cornelis Claeszoon.
1582 Leiden: Jan Paets Jacobszoon, ende Jan Bouwenszoon

---

[1] Calvin, J. 2005 [1539; 1551; 1556]. Der Brief an die Römer [bis Kapitel 7]: Ein Kommentar. Der lateinische Text mit deutscher Übersetzung, bearbeitet und eingeleitet von M. Freudenberg, A.I.C. Heron, N. Kuropka, C. Link, P. Opitz, G. Plasger & E. Saxer. (*In* E. Busch, M. Freudenberg, A.I.C. Heron, C. Link, P. Opitz, E. Saxer & H. Scholl, *Hrsg.*, Calvin-Studienausgabe, Band 5.1.) Neukirchen-Vluyn: Neukirchener.)

1601 Leiden: Ian Pats Jac.zoon
1617 Amsterdam: Jan Evertsz. Cloppenburgh.
1617 Amsterdam: Michel Colijn.
1617 Amsterdam: Hendrick Laurensz.
1617 Amsterdam: Dirck Pietrsz.
1617 Amsterdam: Jan Marcusz.
1617 Amsterdam: Hans Walschaert.
1888-1908 Uitleggingen van O. en N. Testament … in Holl. verbal. u. h. Lat. naar Baum, Cunitz en Reuss.
1972 Kampen: Goudriaan. Herdruk van 1888-1908-uitgawe.
1950 Amsterdam. Johannes Calvijn, Verklaring van de Bijbel. Uitlegging op de Zendbriefen … Band 1: Zendbrief v. Paulus aan de Romeinen. (Derde uitgawe in 1979.)

Engelse vertalings

1583 A Commentarie vpon the Epistle of Saint Paul to the Romanes, written in Latine by M. Iohn Caluin, and newely translated into Englishe by Christophor Rosdell preacher. Whereunto is added a necessarie table for the better and more readie finding out of certayne principall matters conteyned in this worke. Collos. 3.16. Let the worde of Christ dwel in you plenteouslie in all wisedom. Imprinted at London for Iohn Harison and George Bishop. (*Colophon*: Imprinted at London by Thomas Dawson for John Harrison and George Bishop.)

Ook die volgende vertalings is in Engels gepubliseer:

1834 London: L.B. Seeley and Sons. (Vertaling deur Francis Sibson, A.B. Trinity College, Dublin.)
1836 Philadelphia: J. Whetham. (“First American from the last London Edition.”)
1844 Edinburgh: Calvin Translation Society. (Vertaling deur C. Rosdell.)
1849 Edinburgh: Calvin Translation Society. (Vertaling deur John Owen. Herdrukke in Grand Rapids: 1979 [twee keer], 1981, 1984, 1993.)
1961/1973/1980 Edinburgh. (Vertaling deur R. Mackensie.)
1998 *In* The Comprehensive John Calvin Collection, The AGES Digital Library Series. [CD-ROM, AGES Software], 1998. (Vertaling van John Owen, 1849, Calvin Translation Society.)

Duitse vertalings

1836 Frankfurt am Main. Auslegung des Briefes an die Römer, aus dem Lat. übersetzt von E.W. Krummacher und L. Bender.

1903 Neukirchen: Verlag der Buchhandlung des Erziehungsvereins. *In* Johannes Calvins Auslegung der heiligen Schrift in deutscher Übersetzung, *hg.* von [E.F.]K. Müller. XII. Band: Die Briefe des Apostels Paulus an die Römer und Korinther. (Vertaling deur E.F.K. Müller.)

1937 Tweede uitgawe van bostaande vertaling.

1960 Neukirchen: Verlag der Buchhandlung des Erziehungsvereins. Johannes Calvins Auslegung der H. Schrift. Neue Reihe, *hg*. von O. Weber, Bd. 16: Johannes Calvins Auslegung der Römerbriefes und der beiden Korintherbriefe, übersetzt und bearbeitet von H. Graffman, H.J. Haarbeck und O. Weber.

2005 Der Brief an die Römer [bis Kapitel 7]: Ein Kommentar. Der lateinische Text mit deutscher Übersetzung, bearbeitet und eingeleitet von M. Freudenberg, A.I.C. Heron, N. Kuropka, C. Link, P. Opitz, G. Plasger & E. Saxer. (*In* E. Busch, M. Freudenberg, A.I.C. Heron, C. Link, P. Opitz, E. Saxer & H. Scholl, *Hrsg.*, Calvin-Studienausgabe, Band 5.1.) Neukirchen-Vluyn: Neukirchener.

Ander vertalings

Hongaars

1954 Budapest. (Vertaal deur B. Nagy.)

Japanees

1959 Tokio: Japan Calvin Translation Society.

Spaans

1960 Grand Rapids. La epistola del apostel Pablo a los Romanos. (Vertaal deur C.G. Marin. Herdrukke in 1977, 1982, 1988, 1995.)

6 En nou, ’n vertaling in Afrikaans

Vir die eerste keer verskyn daar nou ’n vertaling van Calvyn se Romeine-kommentaar in Afrikaans. Dit is merkwaardig – kerklik, teologies en literêr – en is ’n konkrete bevestiging dat ook ons hier in Afrika nie uitgelees is aan Calvyn (en aan Romeine) nie. Met noulettende keurigheid en akribiese toewyding het die vertaler, professor Fanus Postma, ’n betroubare produk aan Afrika en vír die Evangelie tot stand gebring.

7 Slot

Ons is seker dat dit na 467 jaar ook noodsaaklik was om Calvyn se Romeinekommentaar in Afrikaans te vertaal en vir ’n Afrikaanse leeskring toeganklik te maak. Daarmee hoop ons dat die deurwerking van hierdie kommentaar verdere voortgang sal vind en lidmate, studente en predikante sal help aan kennis en begrip van die sestiende-eeuse Reformasie, van Calvyn, maar nog meer ... van die Skrif, by name die boek Romeine ... en van ons Here Jesus Christus, wie se Woord dit immers is.

Dolf Britz en Victor d’Assonville
Bloemfontein
Winter 2006

JOHANNES CALVYN SÊ GROETE AAN SIMON GRYNAEUS - ’N VOORTREFLIKE MAN

Ek onthou dat toe ons drie jaar gelede onderling vriendskaplik besin het oor die beste manier van Skrifverklaring, die metode wat jou die meeste aangestaan het ook vir my bo ander aanvaarbaar was. Beide van ons het immers gevoel dat die vernaamste deug van ’n verklaarder geleë is in helder bondigheid. En inderdaad, aangesien dit bykans sy enigste taak is om die gedagtegang van die skrywer wat hy onderneem het om te verduidelik, bloot te lê, dwaal hy eweseer van sy oogmerk af as wat hy sy lesers weglei van daardie gedagtegang; in ’n sekere sin dwaal hy sekerlik tot op sekere hoogte van sy gebied af. Daarom het ons begeer dat uit die aantal van hulle wat tans deur hierdie soort arbeid die teologie wil bevorder, daar iemand sal wees wat eenvoud nastreef en tegelyk daaraan aandag sal gee om nie belangstellendes deur breedsprakige kommentare oormatig te vertraag nie. Maar alhoewel ek weet dat hierdie gedagte nie by almal inslag vind nie en dat hulle wat dit nie aanvaar nie ook deur verskeie argumente daartoe gebring word om so te oordeel; tog kan ek, wat my betref, nie weg beweeg word van ’n voorliefde vir bondigheid nie. Aangesien daar so ’n verskeidenheid in die geestesvermoë van mense gesetel is dat verskillende mense deur verskillende sake behaag word, moet elkeen op verstandige wyse in hierdie geval sy eie oordeel gebruik, op voorwaarde dat hy nie alle andere wil onderwerp aan sy eie wette nie. So sal dit gebeur dat van ons kant – ons wat meer behae het in bondigheid – ook nie die arbeid van hulle wat in die verklaring van die heilige geskrifte meer woordryk en wydlopig is, sal verwerp of minag nie, en dat hulle op hul beurt ons sal verdra ook al sou hulle ons alte gedronge en bondig ag.

Ek kon waarlik my nie daarvan weerhou het om op hierdie manier deur my arbeid iets te onderneem om die kerk van God te dien nie. En ek is nie seker dat ek nou bereik het wat destyds vir ons die beste gelyk het of dat ek in staat is om te bereik wat ek gehoop het toe ek begin het nie, maar ek het probeer om my styl so aan te pas dat dit kan lyk of ek daardie voorbeeld najaag. Aangesien dit nie vir my is om te oordeel in hoeverre ek geslaag het nie, laat ek dit oor aan jou en mense soos jy om te beoordeel.

Omdat ek juis in hierdie brief van Paulus die waagstuk aangedurf het, voorsien ek dat my besluit inderdaad onderhewig sal wees aan die veroordeling van baie. Aangesien manne van soveel besondere geleerdheid immers reeds voorheen gewerk het aan die uitleg daarvan, lyk

dit nie moontlik dat daar plek is vir ander om iets beters te lewer nie. Maar wat my betref, ek erken dat hoewel ek my enige loon op my arbeid beloof het, ek tog aanvanklik deur hierdie gedagte afgeskrik is omdat ek gevrees het dat ek my die reputasie van vermetelheid op die hals mag haal as ek na sovele voortreflike kundiges my hand aan hierdie werk sou slaan. Daar bestaan op hierdie brief baie kommentare van die ou skrywers en ook baie van onlangse skrywers. En hulle kon geensins hul arbeid beter aangewend het nie; want as iemand hierdie brief verstaan, het hy vir homself ’n toegang tot die verstaan van die ganse Skrif.

Oor die ou skrywers swyg ek; hulle vroomheid, geleerdheid, eerwaardigheid en ouderdom dra soveel gesag dat ons niks wat van hulle voortgekom het, behoort te minag nie. En dit is ook van geen nut om almal wat vandag lewe by name te noem nie. Oor hulle wat besondere werk verrig het, sal ek sê wat ek voel.

Philippus Melanchthon het deur uitsonderlike geleerdheid en ywer en ’n bedrewenheid waarin hy uitblink in elke afdeling van wetenskaplike dissiplines, meer lig gebring as hulle wat voor hom te voorskyn gekom het. Aangesien dit egter lyk asof dit sy doel was om alleen dit wat in hoofsaak aandag verdien, te ondersoek, vertoef hy hierby en gaan opsetlik by sake verby wat die gewone verstand enigsins sou kon vermoei. Dan volg Bullinger wat ook self volgens sy verdienste groot lof ingeoes het; hy het immers aan sy geleerdheid bedrewenheid verbind waardeur hy hom in hoë mate bewys het. Ten slotte, Bucer, wat met die publiseer van sy werke wat hy by lamplig[1)] verrig het, as ’t ware die sluitsteen besorg het. Benewens groot geleerdheid en uitgebreide kennis van baie sake, en benewens skerpheid van insig en omvangryke belesenheid en menige ander deugde waarin hy deur niemand vandag oortref word nie, geëwenaar deur weiniges en verbygesteek deur nog minder, verdien hierdie man, soos jy weet, toepaslike lof omdat niemand na my kennis met meer nougesette ywer in die verklaring van die Skrif werksaam was nie.

Ek gee derhalwe toe dat om met sodanige manne te wil kompeteer alte veel lyk na onbehoorlike wedywering en so iets het nooit in my gedagte opgekom om hulle van die geringste deel van hul eer te ontroof nie. Laat dan die verering en gesag wat hulle volgens die oordeel van alle opregte mense verdien het, vir hulle ongeskonde bly. Tog moet daar teenoor my, so hoop ek, toegegee word dat niks onder mense ooit so absoluut was dat daar nie plek sou wees vir insette van opvolgers om te poleer of uit te brei

---

[1)] In die Editio Amstelodamensis wat as grondslag vir hierdie vertaling gebruik is, word die uitdrukking lucubrationibus suis emissis gebruik. Lucubratio beteken werk by lamplig verrig. In die Engelse vertaling van J Owen en die Nederlandse vertaling van DJ de Groot word hierdie uitdrukking glad nie vertaal nie. Owen vermeld nie sy bron nie; De Groot vermeld wel dat hy die uitgawe van Baum, Cunitz en Reuss gebruik het. In laasgenoemde uitgawe kom die vermelde uitdrukking wel voor. – die vertaler

of te illustreer nie. Oor myself waag ek nie om iets te sê nie behalwe dat ek geoordeel het dat hierdie werk nie sonder nut sal wees nie en dat geen ander oorweging my ooit daartoe sou gelei het om dit te onderneem nie behalwe die openbare heil van die kerk nie.

Ek het gehoop dat, om deur hierin ’n ander skryfwyse te volg, ek my aan geen kwaadwillige beskuldiging van wedywering sal onderwerp nie, waarop ek van die begin af bedug was. Immers, wat Philippus wou bereik het, was om die uiters noodsaaklike hoofpunte te skets. Deur hom met hierdie primêre sake besig te hou, het hy baie sake agterweë gelaat wat nie verwaarloos behoort te word nie, en hy wou nie ander in die weg gestaan het om dit ook te ondersoek nie. Bucer is te uitvoerig om gemaklik gelees te word deur mense wat in ander beroepsrigtings besig is, en ook te diepsinnig om deur alledaagse en minder opmerksame mense verstaan te word. Want by die behandeling van watter argument wat hy ook al aanpak, word soveel dinge aan sy vrugbare verstand gesuggereer, waarin hy uitblink, dat hy nie weet wanneer om op te hou nie. Aangesien eersgenoemde nie alles behandel het nie en laasgenoemde weer so uitvoerig dat dit nie in ’n kort tydsbestek gelees kan word nie, kan my werk nie die skyn van enige vorm van wedywering hê nie. Tog het ek ’n tyd lank getwyfel of dit beter sou wees om in navolging van hierdie en daardie skrywers ’n teksversameling te skep, waarin ek dit byeenbring waarmee ek geoordeel het om middelmatige geeste behulpsaam te wees, dan wel om ’n deurlopende kommentaar te lewer waarin baie noodwendig herhaal sal word van wat hulle almal of ten minste sommige vroeër gesê het. Aangesien hulle inderdaad dikwels onderling verskil, en so ’n groot probleem skep vir minder skerp lesers wat aarsel oor die uitspraak wat aanvaar behoort te word, het ek gedink dat dit geen vergeefse werk sou wees as ek deur te oordeel oor die beste verklaring hulle wat nie sterk genoeg is om self te oordeel nie, bevry van die las van beslissing; en besonderlik omdat ek besluit het om alles kortliks aan te raak sodat lesers sonder groot tydsverlies in my werk kan nagaan wat in ander werke bevat word. Ten laaste, ek het hierdie werk verrig sodat niemand met reg kan kla oor baie oorbodigheid nie.

Oor die nuttigheid hiervan sê ek niks nie; tog sal mense wat nie kwaadwillig is nie miskien wanneer hulle dit gelees het, erken dat hulle meer verkry het as wat ek in beskeidenheid waag om te beloof. Noudat ek soms nie met ander saamstem nie of tot ’n mate verskil, is dit net billik dat ek verskoon sal word. Soveel eerbied behoort daar by ons te wees vir die Woord van God dat dit nie deur ons met ’n verskeidenheid van verklaringe behoort verskeur te word nie; want ek weet nie hoeveel daar te kort gedoen word aan die heiligheid daarvan, besonderlik as dit nie met groot diskresie en groot toegepaste soberheid verrig word nie. Ewenwel, as dit as goddeloos geag word om enigiets wat aan God gewy is, te verag, kan hy

nie geduld word wat daardie saak wat op aarde die heiligste is, met besoedelde of ook nie reg bereide hande aanraak nie. En dit is derhalwe ’n vermetelheid grensende aan heiligskennis om blindelings die Skrif om te keer en soos in ’n sportspel die luste te laat botvier; en dit is vroeër deur baie gedoen.

Dit moet inderdaad gestel word dat selfs hulle wat nie in die nastreef van vroomheid te kort geskiet het nie en ook nie in eerbied en soberheid in die behandeling van die goddelike geheimenisse nie, nietemin nie altyd onder mekaar saamgestem het nie. Want God het nooit sy diensknegte met so ’n weldaad begiftig dat hulle met ’n volledige en perfekte kennis van alle sake toegerus is nie; en ongetwyfeld met die doel, ten eerste dat ons nederig sal wees en vervolgens broederlike gemeenskap sal nastreef. Aangesien dit in hierdie lewe nie verwag kan word nie, wat andersins uiters gewens sou wees, dat daar onder ons algehele eenstemmigheid sou wees oor die verstaan van elke plek in die Skrif, moet ons wanneer ons afwyk van die uitsprake van die voorgangers, deur geen drif na nuwigheid aangedryf word nie, en deur geen begeerte beweeg word om ander te beskimp nie en deur geen haat aangestig word nie en ook deur geen ambisie geprikkel word nie; maar alleen deur noodsaaklikheid gebind en met geen ander doel as om goed te doen nie; vervolgens, wanneer dít gedoen word in die verklaring van die Skrif sal daar minder vryheid geneem word in die dogmatiese beginsels van die godsdiens waarin God besonderlik wou hê dat die gedagtes van sy volgelinge eensgesind sal wees. Lesers sal maklik kan insien dat beide my doel was. Maar aangesien dit nie gepas is dat ek oor myself iets besluit of verklaar nie, laat ek die taak vrywilliglik aan jou, wie se oordeel, as dit deur almal tereg hoog geag word, ook deur my in ere behoort gehou te word, siende dat jy aan my goed bekend is deur intieme sosiale omgang; wat daartoe neig om die agting vir ander te verminder maar vir jou te verhoog wat bekend is by alle geleerdes. Sterkte.

Strassburg, 18 Oktober 1539

BEREDENERING VAN PAULUS IN DIE BRIEF AAN DIE ROMEINE

Ek weet nie of dit die moeite sou loon om lank by die uitnemende waarde van hierdie brief te verwyl nie; ek vrees naamlik dat dit nie anders as verduister sou word deur my lofredes wat sonder die minste twyfel ver benede die grootsheid daarvan sou wees nie. Buitendien, die brief self openbaar dadelik by die eerste aanblik veel meer en verduidelik deur ware voorstelling veel beter as wat deur enige woorde beskryf kan word. Daarom sal dit beter wees om dadelik tot die beredenering oor te gaan. Daaruit sal dadelik bo teenspraak vasstaan dat in hierdie brief benewens ander eienskappe, en dit wel uitnemend, hierdie een uitstaan, wat nooit genoegsaam na waarde geskat kan word nie, naamlik dit, as iemand ’n ware kennis daarvan verkry het, hy ’n geopende deur het tot die mees verborge skatte van die Bybel.

Die hele brief is so metodies dat ook die begin volgens kunsreëls saamgestel is. Kunsvaardigheid kom voor in baie dinge – wat op hul onderskeie plekke aangetoon sal word – maar in besonder in die wyse wat die hoofargument afgelei word. Hy begin immers met die bevestiging van sy apostelskap en vandaar kom hy by die aanbeveling van die evangelie. Aangesien dit noodwendig gepaard gaan met ’n bespreking aangaande die geloof, gaan hy daartoe oor, deur die samehang van woorde gelei asof deur ’n hand; en so betree hy die vernaamste vraagstuk van die hele brief, naamlik dat ons deur geloof geregverdig word, en met die behandeling hiervan bly hy besig tot aan die einde van die vyfde hoofstuk. Derhalwe kan die onderwerp in hierdie hoofstukke so gestel word; die enigste geregtigheid van mense is deur die genade van God in Christus, wat nadat dit deur die evangelie aangebied is, deur geloof aanvaar word. Maar aangesien mense in sondes insluimer en hulself vlei en mislei deur ’n vals idee van geregtigheid, sodat hulle nie dink dat hulle die geregtigheid van die geloof nodig het nie, indien hulle nie reeds van alle selfvertroue beroof is nie – omdat hulle dronk is vanweë die soetigheid van welluste en in diepe selfversekerdheid versonke is sodat hulle nie maklik opgewek word tot die soeke na geregtigheid – en indien hulle nie deur skrik vir die goddelike oordele bevange is nie, gaan hy (Paulus) oor om beide dinge te behandel sodat hy hulle kan oortuig van hul eie verdorwenheid en om, nadat hul oortuig is, die gevoelloosheid uit te dryf.

Eers veroordeel hy die ganse menslike geslag van die skepping van die wêreld af vir ondankbaarheid, omdat hulle nie die Skepper in sy

uitnemende skepping herken het nie. Inteendeel, wanneer hulle gedwing word om Hom te ken, vereer hulle sy majesteit nie met die eer wat hul betaam nie maar ontheilig en verkrag dit deur hul ydelheid. So word almal van goddeloosheid beskuldig, waarteenoor geen vergryp sterker verafsku moet word nie. En om dit duideliker in die lig te stel dat almal van God afvallig was, som hy die skandelike en verskriklike misdade op waaraan die mensheid sonder onderskeid skuldig is. En dit is ’n duidelike bewys dat hulle van God afvallig geword het aangesien daardie tekens van goddelike toorn slegs by die goddelose voorkom. Maar aangesien die Jode en sommige heidene, terwyl hulle hul innerlike verdorwenheid verberg agter ’n gordyn van uiterlike heiligheid, hoegenaamd nie aan hierdie misdrywe skuldig skyn te wees nie en daarom dink dat hulle van die algemene verdoemenis uitgesonder sou wees, rig die apostel sy pen teen hierdie gewaande heiligheid. En aangesien die masker van sodanige skynheiliges nie voor die mense afgeruk kan word nie, daag hy hulle voor die gerig van God wie se oë deur geen verborge begeerlikhede bedrieg word nie.

Vervolgens, nadat ’n verdeling gemaak is, stel hy Jode en heidene afsonderlik voor die gerig van God. Vir die heidene sny hy by voorbaat die verontskuldiging van onkunde af wat hulle as dekmantel gebruik; omdat die gewete vir hulle in die plek van die wet gekom het, waardeur hulle meer as voldoende aangekla is. Die Jode druk hy allermees in ’n hoek met die verdediging wat hulle uit die geskrewe wet gryp, want aangesien hulle as oortreders uitgewys is, kon hulle hul ongeregtigheid nie ontken nie omdat daar reeds deur die mond van God self ’n vonnis teen hulle uitgespreek is. Terselfdertyd weer hy die beswaar af wat skynbaar hieruit sou gemaak kon word, naamlik dat aan die verbond van God, wat vir hulle ’n teken van heiligmaking was, ’n onreg sou gedoen word indien hulle nie van ander onderskei sou word nie. Hier leer hy eers dat hulle kragtens die reg van die verbond geensins bo ander uitblink nie, want hulle het deur trouloosheid daarvan afgewyk. Vervolgens, sodat daar aan die durende belofte van God nie te kort gedoen word nie, stem hy toe dat daar wel enige voorrang vir hulle uit die verbond voortspruit, maar wat in die barmhartigheid van God en nie in hul eie verdienste geleë is nie; wat hul eie voortreflikhede aangaan, bly hulle gelyk aan die heidene. Dan verseker hy op gesag van die Skrif dat Jode en heidene almal sondaars is; en hy raak ook kortliks die gebruik van die wet aan.

Waar hy die menslike geslag geheel en al beroof het van hul vertroue in hul deug en hul roem op regverdigheid en hulle verskrik het met die strengheid van die goddelike oordeel, keer hy terug na dit wat hy reeds vooropgestel het, dat ons deur die geloof geregverdig word; en hy verduidelik wat hierdie

geloof is en hoe ons daardeur die geregtigheid van Christus verkry. Hierby voeg hy aan die einde van die derde hoofstuk ’n merkwaardige slotsom, wat bedoel is om die bandeloosheid van die hoogmoedige mens in toom te hou sodat hy nie sou waag om hom teen die genade van God te verhef nie. En sodat die Jode sodanige genade van God nie tot hul eie volk beperk nie, eis hy in die verbygaan dit ook vir die heidene.

In die vierde hoofstuk redeneer hy vanuit ’n voorbeeld wat hy as duidelik en derhalwe geensins onderworpe aan spitsvondighede, vooropstel – die voorbeeld naamlik van Abraham wat, aangesien hy die vader van die gelowiges is, geag behoort te word as ’n uiterlike rigsnoer en ’n algemene voorbeeld. Waar hy derhalwe bewys het dat hy deur die geloof geregverdig is, leer hy dat ons aan dieselfde weg moet vashou. En hierby voeg hy dat dit uit ’n vergelyking van teenoorgesteldes volg dat die geregtigheid van die werke verdwyn waar die geregtigheid deur die geloof ’n plek gegee word. Dit bevestig hy met ’n uitspraak van Dawid wat, waar hy die saligheid van die mens stel in die barmhartigheid van God, dit ontneem aan die werke om ’n mens salig te maak. Dan gaan hy uitvoeriger voort met dit wat hy vantevore kortliks aangeraak het, naamlik dat daar niks is waarom die Jode hulleself bo die heidene kan verhef nie; immers, hierdie heil kom in gelyke mate gemeenskaplik aan hulle toe, aangesien die Skrif verklaar dat Abraham die geregtigheid as onbesnedene verkry het. Op hierdie plek voeg hy in die verbygaan een en ander in oor die gebruik van die besnydenis. Daarna voeg hy daaraan toe dat die belofte van die saligheid alleen op die goedheid van God steun, want, indien dit op die wet sou steun, sou die vrede wat in die gewetens tot stand gebring moet word, nie verkry kon word nie, en dit sou ook nie tot selfvervulling kon kom nie. Derhalwe, dat dit vas en seker mag wees, moet ons by die aanvaarding daarvan slegs die waarheid van God voor oë hou, en nie onsself nie – en dit in navolging van Abraham, wat sy gedagte van homself afgewend het en op die krag van God gerig het. Teen die einde van die hoofstuk vergelyk hy dit wat na beide kante soortgelyk is, met die doel om die aangevoerde voorbeeld des te beter op ’n universele saak toe te pas.

Die vyfde hoofstuk word, nadat die vrug en die gevolg van die geregtigheid van die geloof aangeraak is, byna heeltemal in beslag geneem deur uitgebreide behandelinge om die saak beter te verduidelik. Want, nadat hy ’n beredenering ontleen het aan iets groter, toon hy ons hoeveel ons wat reeds verlos en met God versoen is, moet verwag van sy liefde, wat so oorvloedig is oor sondaars en verlorenes, dat Hy aan ons sy eniggebore en eniggeliefde Seun gegee het. Daarna maak hy vergelykinge tussen die sonde en vrygegewe geregtigheid, tussen Christus en Adam, tussen die

dood en die lewe, tussen die wet en die genade; waaruit vas staan dat ons misdade, hoewel reusagtig groot, deur die oneindige goedheid van God verslind word.

In die sesde hoofstuk kom hy tot die heiligmaking wat ons in Christus besit. Dit is immers ’n neiging van die vlees om sodra dit ’n geringe smaak van hierdie genade geproe het, stilweg weer aan sy gebreke en bose luste toe te gee, asof dit reeds volbring sou wees. Hierteenoor handhaaf Paulus dat ons nie die geregtigheid in Christus kan ontvang as ons nie terselfdertyd die heiligmaking aangryp nie. Hy redeneer vanuit die doop waardeur ons in die gemeenskap van Christus opgeneem word: daarin word ons met Christus begrawe sodat ons, van onsself afgesterf, deur sy lewe opgewek word tot ’n nuwe lewe. Dit volg derhalwe dat niemand sonder wedergeboorte homself met geregtigheid kan beklee nie. Vandaar ontleen hy aansporinge tot reinheid en heiligheid van die lewe, wat noodsaaklik te voorskyn behoort te kom by hulle wat uit die ryk van die sonde in die ryk van die geregtigheid oorgebring is, nadat hy die goddelose toegewing aan die vlees afgewys het, wat in Christus teuellose vryheid soek om te sondig. Hy voeg ook ’n kort vermelding in van die opheffing van die wet, wat in die Nuwe Testament helder aan die lig kom, waar met die vergewing van sondes die Heilige Gees beloof word.

In die sewende hoofstuk betree hy die formele bespreking van die gebruik van die wet, wat hy reeds vroeër asof met die vinger aangetoon het toe hy oor iets anders gehandel het; hy voer ’n rede aan waarom ons van die wet losgemaak is, aangesien dit in sigself tot niks anders in staat was as verdoemenis nie. Maar sodat dit nie tot veragting van die wet sou strek nie, spreek hy die wet uitdruklik van alle misleiding vry. Hy leer naamlik dat deur ons skuld dit wat tot die lewe gegee was, verval het in ’n saak van die dood. Hy sit terselfdertyd uiteen op watter wyse daardeur die sonde vermeerder word. Vandaar gaan hy oor tot ’n beskrywing van die stryd tussen die gees en die vlees, wat die kinders van God in hulself gevoel, solank hulle deur die kerker van die sterflike liggaam omsluit word; hulle dra immers die oorblyfsels van begeerlikheid waardeur hulle voortdurend van die onderhouding van die wet weerhou word.

Die agtste hoofstuk is vol van vertroostinge, sodat die reeds verskrikte gewetens van die gelowiges nie verbrysel word nadat hulle gehoor het van die ongehoorsaamheid, of liewer onvolmaakte gehoorsaamheid, wat hy (Paulus) reeds vroeër aan die lig gebring het nie. Maar sodat die goddelose nie hulself hiermee vlei nie, verklaar hy eers dat hierdie voorreg aan niemand anders toekom as aan die wedergeborenes in wie die Gees van

God lewe en van krag is nie. Derhalwe verduidelik hy twee sake: Almal wat deur sy Gees in die Here Christus ingelyf is, verkeer buite die gevaar en kans om verdoem te word, hoe hulle ook al tot nog toe gebuk sou gaan onder die sonde. Vervolgens, almal wat in die vlees bly, terwyl hulle geen deel het aan die Gees van heiligmaking nie, kan nimmer deelgenote van soveel goedheid wees nie. Dan verklaar hy daarna hoe groot die sekerheid van ons geloof is, aangesien die Gees van God deur sy getuienis alle twyfel en vreesbevangenheid verdryf. Hierby toon hy by vooruitskouing aan dat die sekerheid van die ewige lewe nie verstoor of in verwarring gebring kan word deur die teenwoordige ellendes, waaraan hierdie sterflike lewe ons onderworpe hou nie. Inteendeel, ons heil word deur sodanige beproewinge des te meer bevorder, en as al die huidige ellendes vergelyk word met die voortreflikheid daarvan, word dit as niks geag nie. Dit bevestig hy met die voorbeeld van Christus wat, aangesien Hy die eersgeborene is en in die huisgesin van God die eerste plek inneem, so die groot voorbeeld is waaraan ons almal behoort te voldoen. Daarom, asof dinge reeds verseker is, knoop hy daaraan ’n grootse lofbetuiging waardeur hy moedig met die mag en werkinge van Satan die spot dryf.

Aangesien die meeste mense ontsteld geraak het wanneer hulle sien hoe die Jode, wat die eerste bewakers en erfgename van die verbond is, ’n afsku aan Christus het, en daaruit naamlik tot die gevolgtrekking gekom het dat die verbond weggeneem is van die nageslag van Abraham wat die vervulling van die verbond versmaai het, of dat Hy wat vir die volk van Israel geen beter voorsiening gemaak het nie, die beloofde Verlosser nie is nie, begin hy (Paulus) om hierdie vraagstuk aan die begin van die negende hoofstuk aan te spreek. Vooraf verklaar hy sy liefde jeens sy eie volk, sodat dit nie mag lyk asof hy enigiets uit haat sê nie, en terselfdertyd, nadat hy op welwillende wyse die voortreflikhede waardeur hulle presteer het in herinnering gebring het, geleidelik oorgaan tot die wegneem van die hindernis wat uit hul blindheid ontstaan het. En hy verdeel die kinders van Abraham in twee soorte, sodat hy aantoon dat nie almal wat na die vlees uit hom afstam, getel kan word onder sy saad ter deelname aan die genade van die verbond nie. Inteendeel, vreemdelinge word tot kinders gereken as hulle deur die geloof ingelyf is. Hy hou Jakob en Esau voor as ’n voorbeeld van hierdie saak. Hier roep hy ons dus terug tot God se uitverkiesing, waaruit geoordeel moet word dat die hele saak noodsaaklikerwys afhang. Vervolgens, aangesien hierdie uitverkiesing alleen op die barmhartigheid van God steun, is dit vrugteloos om die oorsaak daarvan in die waardigheid van mense te soek. Aan die ander kant is daar verwerping; ofskoon die regverdigheid daarvan seker is, tree daar tog geen hoër oorsaak as die wil van God na vore nie. Teen die einde van

die hoofstuk toon hy aan dat sowel die verkiesing van die heidene as die verwerping van die Jode deur die voorspellinge van die profete betuig word.

In die tiende hoofstuk begin hy weereens met ’n betuiging van sy liefde jeens die Jode en toon aan dat ’n ydele vertroue op die werke die oorsaak is van hul verderf. En sodat hulle nie die wet sou voorhou nie, haas hy hom om aan te toon dat ook die wet ons asof met die hand lei tot die geregtigheid van die geloof. Hy voeg hieraan toe dat hierdie geregtigheid deur die goedheid van God aan alle nasies sonder onderskeid aangebied word, maar slegs aangegryp word deur hulle wat die Here deur besondere genade verlig het. Hy herinner egter daaraan dat meer uit die heidene as uit die Jode hierdie voorreg sal verkry, soos ook deur Moses en Jesaja voorspel is, aangesien die een oor die roeping van die heidene en die ander oor die verharding van die Jode onbewimpeld geprofeteer het.

Hieraan kleef nog hierdie vraagstuk vas, naamlik of daar uit die verbond van die Here enige onderskeid is tussen die saad van Abraham en die ander nasies. Om dit dan te wil oplos, waarsku hy eers dat die werk van God nie beperk word tot dit wat die oog sien nie, aangesien die uitverkorenes dikwels ons aandag ontwyk. Hoe het Elia hom vroeër vergis toe hy gemeen het dat die godsdiens onder die Israeliete uitgeroei was, terwyl daar toe nog sewe duisend oorgebly het; vervolgens dat ons nie in verwarring gebring moet word deur die menigte van ongelowiges wat, soos ons sien, ’n afsku aan die evangelie het nie. Eindelik voer hy in alle erns aan dat die verbond van die Here na die vlees ook by die nakomelingskap van Abraham bly bestaan, maar alleen by hulle wat die Here in sy vrye verkiesing daartoe voorbestem het. Dan rig hy ’n woord tot die heidene sodat hulle nie deur hul aanneming alte trots sou raak en dan spottend op ander (die Jode) sou neersien, aangesien hulle in niks anders uitblink as die vrye guns van die Here nie, wat vir hulle des te meer rede tot nederigheid behoort te wees. En dit het ook nie van die saad van Abraham gewyk nie, aangesien die Jode deur die geloof van die heidene tot jaloersheid geprikkel moet word, sodat die Here so die hele Israel byeenbring.

Die drie hoofstukke wat volg, is vermanend, maar tog verskillend. In die twaalfde onderrig hy met algemene voorskrifte vir die Christelike lewe. Die dertiende draai in hoofsaak om die reg van die owerheid. Hieruit kan ons sonder twyfel die vermoede aflei dat daar toe sekere onrustige siele was wat gedink het dat die Christelike vryheid nie kan bestaan nie behalwe deur omverwerping van die burgerlike mag. Dat dit waarlik nie mag lyk asof

Paulus pligte buiten dié van liefde aan die kerk oplê nie, dui hy aan dat ook hierdie gehoorsaamheid onder die liefde ingesluit is. Daarna voeg hy voorskrifte by wat hy nog nie vermeld het nie, en wel vir die inrigting van die lewe. In die volgende hoofstuk lê hy ’n vermaning neer wat in daardie eeu veral nodig was. Daar was toe diegene wat uit erg hardnekkige bygeloof aangedring het op die nakoming van die mosaïese wette en die verwaarlosing daarvan nie sonder die grootste ergernis kon verdra nie. Hulle wat die opheffing daarvan onderskryf het, het hul uiterste gedoen om deur minagting daarvoor die bygeloof uit te roei. Albei groepe het hulle aan ongematigheid skuldig gemaak. Want die bygelowiges het die ander veroordeel asof hulle veragters van die goddelike wet is; die ander het op hulle beurt voortdurend die spot gedryf met die eenvoud van die eerstes. Daarom wek die apostel beide groepe op tot gematigdheid; hy weerhou dan die een groep van hooghartigheid en neersiendheid en die ander groep van buitensporige liggeraaktheid. Tegelykertyd skryf hy ’n uitnemende reël van die Christelike vryheid voor, naamlik om binne die grense van die liefde en die onderlinge opbou te bly; en hy maak goeie voorsiening vir die swakkes wanneer hy hulle verbied om enigiets te beproef as dit stry met die gewete.

Die vyftiende hoofstuk begin met ’n herhaling van die algemene uitspraak, wat die hele slotsom van die uiteensetting is, naamlik dat die sterkeres hul kragte moet aanwend tot versterking van die swakkeres. Maar aangesien daar na aanleiding van die mosaïese seremonies voortdurende onmin voortbestaan het tussen die Jode en die heidene, lê hy alle naywer tussen hulle by deur die rede tot hoogmoed te onderdruk. Hy leer dus dat die saligheid vir beide alleen bestaan deur die barmhartigheid van God; wanneer hulle daarop staatmaak moet hulle alle hooghartigheid aflê; en, hierdeur saam verenig in die hoop op dieselfde erfenis, behoort hulle oor en weer mekaar te omhels. Ten slotte, terwyl hy sy apostelskap wil aanbeveel, wat in geen geringe opsig sy leer met gesag verenig het nie, neem hy die geleentheid tot verontskuldiging en ’n bede om vergifnis vir die stoutmoedigheid waarmee hy hom so vrymoedig onder hulle in die plek van leermeester gestel het. Verder gee hy hulle hoop dat hy na hulle toe sal kom, wat hy ook aan die begin vermeld het, ’n voorneme wat hy tot dusver vrugteloos begeer en nagestreef het. Hierby voeg hy die rede wat hom toe teruggehou het, naamlik omdat hy deur die gemeentes van Macedónië en Acháje met die opdrag belas was om liefdegawes na Jerusalem te neem ter ondersteuning van die gelowiges wat daar was om hul nooddruf te lenig. Die laaste hoofstuk word feitlik in geheel deur groeteboodskappe in beslag geneem, hoewel besprinkel met sekere nie te versmade voorskrifte nie, en word afgesluit met ’n voortreflike gebed.

KOMMENTAAR
OP DIE
BRIEF VAN PAULUS
AAN DIE ROMEINE
HOOFSTUK 1

1 PAULUS, ’n dienskneg van Jesus Christus, ’n geroepe apostel, afgesonder tot die evangelie van God –
2 wat Hy tevore beloof het deur sy profete in die heilige Skrifte,
3 aangaande sy Seun wat gebore is na die vlees uit die geslag van Dawid
4 en na die Gees van heiligheid met krag verklaar is as die Seun van God deur die opstanding uit die dode, Jesus Christus, onse Here,
5 deur wie ons genade en die apostelskap ontvang het om geloofsgehoorsaamheid te verkry onder al die heidene ter wille van sy Naam,
6 onder wie julle ook is, geroepenes van Jesus Christus –
7 aan al die geliefdes van God, geroepe heiliges wat in Rome is: Genade vir julle en vrede van God onse Vader en die Here Jesus Christus!

1 Paulus servus Iesu Christi, vocatus Apostolus, selectus in Evangelium Dei,

2 Quod ante promiserat per prophetas suos in Scripturis sanctis
3 De Filio suo, qui factus est e semine David secundum carnem,
4 Declaratus filius Dei in potentia, per Spiritum sanctificationis, ex resurrectione mortuorum, Iesu Christo domino nostro:

5 Per quem accepimus gratiam et Apostolatum in obedientiam fidei inter omnes Gentes, pro nomine ipsius,

6 Inter quas estis etiam vos, vocati Iesu Christi:
7 Omnibus qui Romae estis, delectis Deo, vocatis sanctis, gratia vobis, et pax a Deo Patre nostro, et Domino Iesu Christo.

1 *Paulus* ... Aangesien dit nie ’n saak van soveel belang is dat ons lank daarby behoort stil te staan nie, en daar niks bygevoeg kan word, wat nie by ander verklaarders by herhaling vermeld is nie, sou ek oor die naam van Paulus heeltemal geswyg het, as dit nie was dat met weinig moeite sekere mense bevredig kan word sonder aanstoot vir ander nie. Daarom sal hierdie vraag kortliks in die verbygaan aangeroer word. Sommiges meen dat die apostel hierdie naam aangeneem het as ’n soort oorwinningsteken omdat hy die goewerneur, Sergius (Paulus), aan Christus onderwerp het, wat deur Lukas self weerspreek word, omdat hy aantoon dat hy voor daardie tyd so genoem is. En dit lyk my nie waarskynlik dat dit aan hom gegee is toe hy hom aan Christus oorgegee het nie. Ek meen dat Augustinus deur hierdie naam behaag is, sodat hy ’n geleentheid tot vernuftige bespiegeling kon aangryp, wanneer hy betoog dat uit ’n

hoogmoedige Saulus ’n geringe[1)] dissipel gemaak is. Meer waarskynlik is die uitspraak van Origenes, wat aandui dat daar twee name was; dit is waarskynlik waar dat die geslagsnaam Saulus aan hom deur sy ouers gegee is om sy godsdiens en geslag aan te dui. Die ander naam Paulus, is bygevoeg om te getuig van die reg van Romeinse burgerskap; hulle wou naamlik nie dat hierdie eer, wat toe hoog geskat was, by hom verborge sou wees nie; tog het hulle dit nie so hoog geag dat die merkteken van die Israelitiese geslag verskuil sou gaan nie. In sy briewe het hy veelvuldig gebruik gemaak van die naam, Paulus, omdat by die gemeentes aan wie hy geskryf het, dit meer bekend en gebruiklik was, en in die Romeinse ryk meer geliefd, en in sy eie volk minder bekend. Immers, daardie sake moes nie verwaarloos word nie, sodat hy die onnodige suspisie en haat waaronder ’n Joodse naam by die Romeine en hul provinsies gebuk gegaan het, kon ontvlug. Hy moes ook oppas om hom te weerhou van alles wat die woede van sy eie mense kon laat ontvlam.

’n dienskneg van Jesus ... Hy dui homself met hierdie titels aan om gesag aan die leer te verleen. Dit doen hy op tweërlei maniere: Ten eerste om sy roeping tot die apostelskap te verklaar en daarna om te leer dat dit nie onbekend (vreemd) aan die gemeente van Rome is nie. Albei sake was van groot belang, dat hy aanvaar sou word as apostel deur die roeping van God en dat die gemeente van Rome sou weet dat hy ook vir hulle bestem was. Daarom sê hy dat hy ’n dienaar van Christus is en tot die amp van apostel geroep is, waarmee hy aandui dat hy nie blindweg hom daarin begeef het nie. Vervolgens sê hy dat hy verkies is, waarmee hy des te beter bevestig dat hy nie maar een uit die volk is nie, maar ’n afgesonderde apostel van die Here. So het hy vroeër in ’n sekere sin van die algemene soort na die besondere vorm van diens oorgegaan, aangesien die apostelskap ’n vorm van diens is. Want elkeen wat die amp om te leer beklee, word onder die dienaars van Christus getel, maar die apostels blink in die graad van eer by verre bo alle ander uit. Maar daardie verkiesing, waaraan hy vervolgens herinner, gee tegelykertyd uitdrukking aan die doel en die nut van die apostelskap. Hy wou naamlik kortliks aandui waarom hy tot hierdie bediening geroep is. Waar hy dus van homself verklaar dat hy ’n dienaar van Christus is, het hy dit in gemeen gehad met alle ander leraars. Deur homself die titel van apostel toe te eien plaas hy homself bo die ander; maar aangesien geen gesag verwerf word deur hom wat dit uit eie beweging aanmatig nie, wys hy daarop dat hy deur God ingestel is. Die sin daarvan was dit: dat Paulus ’n dienaar van Christus is, en nie sommer enige dienaar nie, maar ’n apostel en dit deur die roeping van God en nie deur ’n eie vermetele poging nie. Dan volg ’n duideliker uiteensetting van

---

[1)] Die Latynse woord *paulus* beteken klein of gering. – *die vertaler*

die amp van die apostels; dit is naamlik ingestel vir die verkondiging van die evangelie. Ek stem dus nie saam met hulle wat van mening is dat die roeping waaroor hy praat, verwys na die ewige uitverkiesing van God nie, en met hulle wat daaronder verstaan óf die afsondering van die skoot van sy moeder af, waarvan hy in die brief aan die Galásiërs melding maak (Gal. 1:15) óf die ander afsondering, waardeur hy vir die heidene bestem is, waarna Lukas verwys. Immers, hy beroem hom eenvoudig daarop dat hy sy gesag van God het, sodat iemand nie mag dink dat hy hierdie eer uit eie vermetelheid vir homself toegeëien het nie. Hier moet opgemerk word dat nie almal geskik is vir die bediening van die Woord nie; daarvoor word ’n besondere roeping vereis. Inteendeel, hulle wat self allermees geskik skyn te wees, moet sorg dra dat hulle nie sonder roeping hulle daarop toelê nie. Verder, van hoedanige aard die roeping van die apostels en die opsieners is, sal elders blyk. Maar dit moet opgemerk word dat die amp van apostel daargestel is om die evangelie te verkondig. Hieruit blyk hoe belaglik daardie stomme honde is, wat hulle self opsigtelik maak met myter, kromstaf en soortgelyke maskers, en tog dit uitgalm dat hulle die opvolgers van die apostels is. Die naam *dienskneg* beteken niks anders as bedienaar nie, want dit verwys na die amp. Ek sê dit om ’n einde te maak aan die drogbeeld van hulle wat sonder rede oor die woord *dienskneg* bespiegel, terwyl hulle meen dat ’n teenstelling tussen die diensbaarheid van Moses en Christus onderliggend is.

2 *wat Hy tevore beloof het* ... Aangesien heelwat (gesag) van ’n leer, wat verdink word van nuwigheid, verlore gaan, bevestig hy die geloofwaardigheid van die evangelie uit sy lang bestaan. So, asof hy wil sê dat Christus nie plotseling op die aarde neergeval het nie of ’n nuwe soort leer waarvan nie vroeër gehoor is nie, ingevoer het, aangesien Hy self met sy evangelie van die begin van die wêreld af beloof en altyd verwag was. Maar omdat die ver vervloë tyd dikwels fabelagtig is, voeg hy getuies by, en wel van die hoogste orde, naamlik Gods profete, om elke verdenking weg te neem. Derdens voeg hy by dat hulle getuienis na behore verseël is, te wete in die heilige Skrifte. Uit hierdie plek behoort besluit te word wat die evangelie is; hy leer naamlik dat dit nie deur die profete afgekondig is nie – dit is slegs beloof. Maar as die profete die evangelie beloof het, volg dit dat dit eers onweerlegbaar seker geword het nadat dit in die vlees van die Here geopenbaar is. Derhalwe dwaal hulle wat die beloftes met die evangelie verwar. Die evangelie is immers die eintlike plegtige verkondiging van die verskyning van Christus, in wie die beloftes self vervul word.

3 *aangaande sy Seun* ... Dit is ’n buitengewone plek, waarin ons geleer word dat die ganse evangelie in Christus ingesluit word sodat elkeen wat hom maar ’n enkele skrede van Christus afwend, homself aan die evangelie onttrek. Aangesien Hy self die lewende en uitgedrukte beeld van die Vader is, is dit geen wonder dat Hy alleen aan ons voorgehou word as die een tot wie ons hele geloof gerig is nie, en in wie dit rus vind. Dit is dus ’n sekere beskrywing van die evangelie, waarin Paulus aandui wat opsommend daaronder verstaan moet word. Ek het die woorde wat volg, naamlik *Jesus Christus, onse Here,* in dieselfde naamval weergegee, omdat dit vir my beter met die verband skyn ooreen te stem. Hieruit moet besluit word dat hy wat in die kennis van Christus behoorlik gevorder het, alles verkry het wat uit die evangelie geleer kan word. Aan die ander kant is dit so dat hulle wat buite Christus streef om wys te wees, nie alleen dwaas is nie, maar totaal kranksinnig.

... wat gebore is ... Twee dinge moet ons in Christus soek, waardeur ons die saligheid in Hom vind – die godheid en die mensheid. Die godheid omvat mag, geregtigheid en lewe, wat aan ons deur (sy) mensheid meegedeel is. Derhalwe het die apostel in die samevatting van die evangelie albei by name neergelê; dat Christus in die vlees verskyn het en dat Hy daarin self verklaar het dat Hy die Seun van God is, soos ook Johannes, nadat hy gesê het dat die Woord vlees geword het, daaraan toevoeg dat in daardie vlees self die heerlikheid as van die eniggebore Seun van God te voorskyn gekom het. Dat hy besonderlik die geslag en oorsprong van Christus vanuit die aartsvader Dawid vermeld, is nie oorbodig nie, want hierdie besonderheid roep ons terug na die belofte, sodat ons nie sal twyfel dat Hy die een is, wat sinds lange tyd belowe is nie. Die belofte aan Dawid was so goed bekend dat dit vasstaan dat daar onder die Jode die gewoonte was om die Messias die seun van Dawid te noem. Maar dat Christus van Dawid afstam, strek tot versekering van ons geloof. Hy voeg by: *na die vlees*, sodat ons sal verstaan dat Hy iets het wat die vlees te bowe gaan, wat Hy uit die hemel meegebring het en nie van Dawid aangeneem het nie, naamlik dit wat hy spoedig toevoeg oor die heerlikheid van (sy) godheid. Vervolgens skryf Paulus met hierdie woorde aan Christus nie alleen die ware wese van die vlees toe nie, maar hy onderskei in Hom ook duidelik die menslike van die goddelike natuur, en so weerlê hy die goddelose raserny van Servet, wat aan Christus ’n vlees toegedig het, saamgestel uit drie ongeskape elemente.

4 ... *verklaar is as die Seun van God* ... Of as u wil, *bepaal is* (*definitus*). Asof hy wil sê dat die krag van die opstanding iets soos ’n dekreet is, waardeur Hy as Seun van God plegtig uitgeroep is, soos Psalm 2:7 dit uitdruk: *... vandag het Ek self U gegenereer*. Hierdie verwekking verwys

naamlik na die bekendmaking. Sommiges aanvaar hier drie afsonderlike bewyse van die goddelikheid van Christus – onder *krag* verstaan hulle die wonders – vervolgens die getuienis van die Gees en laastens die opstanding uit die dood. Ek verkies liewer om dit saam te verbind en die drie sake na een te laat verwys, naamlik so dat Christus as die Seun van God verklaar is deur ’n werklike hemelse krag openlik uit te oefen uit die krag van dieselfde Gees, toe Hy uit die dood opgestaan het, maar om daardie krag te verstaan, moet dit in die harte deur dieselfde Gees verseël word. Die taal van die apostel stem goed ooreen met hierdie interpretasie; hy sê immers dat Hy verklaar was deur krag omdat die krag wat eie is aan God, in Hom uitgestraal het, en ontwyfelbaar bewys het dat Hy self God is. Dit kom skitterend aan die lig in sy opstanding. Paulus sê dieselfde op ’n ander plek, waar hy verklaar dat die swakheid van die vlees geblyk het in die dood om dan te roem in die krag van die Gees in die opstanding (II Kor. 13:4). Tog word hierdie heerlikheid nie aan ons bekend totdat dieselfde Gees dit in ons harte verseël het nie. Maar dat Paulus by die wonderbaarlike werking van die Gees, wat Christus deur die opstanding uit die dood bewys het, die getuienis byvoeg wat alle gelowiges in hul harte voel, blyk daaruit dat hy die heiligmaking uitdruklik vermeld. Hy wil as ’t ware sê dat die Gees, in soverre Hy heilig maak, die getuienis van sy krag, wat Hy eenmaal gegee het, bevestig en bekragtig. Want die Skrif is dikwels gewoond om die Gees van God met benaminge aan te dui wat met die huidige beredenering verband hou. So word Hy deur die Here die Gees van die waarheid genoem na aanleiding van die werksaamheid, waaroor Hy daar gepraat het (Joh. 14:17). Vervolgens word gesê dat die goddelike krag duidelik uitgestraal het uit die wederopstanding van Christus, omdat Hy uit eie krag opgestaan het, soos daar meer as een maal verklaar is: “Breek hierdie tempel af, en in drie dae sal Ek dit oprig” (Joh. 2:19). “Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit Myself af” (Joh. 10:18). Want die oorwinning oor die dood (waaraan Hy deur die swakheid van die vlees ten prooi geval het) het Hy nie verkry deur die hulp van ander nie, maar deur die werking van sy hemelse Gees.

5 *deur wie ons genade en die apostelskap ontvang het* ... Nadat hy die beskrywing van die evangelie voltooi het (wat hy ter aanbeveling van sy diens ingevoeg het), keer hy nou terug tot die verdediging van sy roeping, wat van uiterste belang was om aan die Romeine te bewys. Wanneer hy die genade en die apostelskap afsonderlik noem, is dit ’n *hypallage*[1)] vir vrygegewe apostelskap of die genade van die apostelskap. Hiermee dui hy aan dat hy in so ’n hoë amp opgeneem is, suiwer deur goddelike goedheid

[1)] *Hypallage* is ’n grammatikale figuur, waarin ’n woord in ’n ander vorm of naamval as die gebruiklike geplaas word. – *die vertaler*

en nie deur eie waardigheid nie. Hoewel dit in die oë van die wêreld niks anders met sig meebring as gevare, moeite, haat en eerloosheid nie, tog by God en sy heiliges geen gewone of geringe waarde het nie. Daarom word dit tereg as genade beskou. Indien jy sou wil sê: "Ek het genade ontvang om 'n apostel te wees," sal dit dieselfde wees. Dat gesê word "ter wille van sy Naam", het Ambrosius uitgelê om te beteken dat hy in die plek van Christus ingestel was om die evangelie bekend te maak, ooreenkomstig met wat elders gesê word: "Ons tree dan op as gesante om Christus wil ..." (II Kor. 5:20). Tog lyk die mening van hulle wat onder *Naam* kennis verstaan gesonder, omdat die evangelie gepredik word vir die doel dat ons mag glo in die Naam van die Seun van God (I Joh. 3:23). En Paulus self word 'n uitverkore werktuig genoem om die Naam van Christus uit te dra onder die heidene (Hand. 9:15)... . *ter wille van sy Naam*, het dieselfde waarde asof hy wou sê: sodat ek mag openbaar hoedanig Christus is.

... *om geloofsgehoorsaamheid te verkry* ... Dit is: ons het die opdrag ontvang om die evangelie na al die volke uit te dra sodat hulle deur die geloof daaraan gehoorsaam sal wees. Deur die doel van sy roeping (te vermeld) maan hy die Romeine op hulle beurt tot hul plig – so asof hy wil sê: Dit is my plig om die amp wat aan my opgedra is, te bedien, naamlik om die Woord te verkondig; maar dit is julle plig om die Woord in alle gehoorsaamheid aan te hoor, as julle nie die roeping wat die Here aan my opgelê het, ongeldig wil maak nie. Hieruit leer ons dat hulle wat die verkondiging van die evangelie, wat die doel het om ons tot gehoorsaamheid aan God te bring, oneerbiediglik en met minagting verwerp, (daarmee) die heerskappy van God halstarriglik weerstaan en sy ordening geheel en al omkeer. Hier moet ook gelet word op die aard van die geloof, wat daarom met die naam van gehoorsaamheid aangedui word, omdat die Here ons deur die evangelie roep en ons op die roepe antwoord deur die geloof. Net so is ongeloof die hoofoorsaak van alle weerspannigheid teen God. Ek het verkies om dit weer te gee as *tot gehoorsaamheid van die geloof (in obedientiam fidei)* eerder as *sodat die geloof gehoorsaam mag word (ad obediendum)* omdat laasgenoemde nie anders as oneintlik en figuurlik gesê kan word nie, hoewel dit een maal in Handelinge (6:7) voorkom. Dit is immers juis die geloof waardeur die evangelie gehoorsaam word.

... *onder al die heidene ter wille van sy Naam* ... Dit was nie genoegsaam om as apostel aangewys te wees nie, as sy bediening nie gerig was op leerlinge nie. Daarom voeg hy by dat sy apostelskap uitstrek tot alle volke. Vervolgens noem hy homself ronduit die apostel van die Romeine wanneer hy sê dat ook hulle inbegryp is in die getal van volke aan wie hy as

bedienaar gegee is. Verder, dat die apostels die gemeenskaplike opdrag het om die evangelie aan die hele wêreld te verkondig en nie soos die herders en opsieners oor sekere gemeentes gestel word nie. Maar bo en behalwe die algemene taak van die apostoliese bediening was Paulus kragtens besondere voorreg aangestel as bedienaar om die evangelie onder die heidene te verkondig. En dit is geen hindernis dat hy verbied was om deur Macedonië te gaan en die Woord in Misië te predik nie (Hand. 16:6-8), want dit is gedoen, nie om aan hom bepaalde grense te stel nie, maar omdat hy vir ’n tyd lank na elders moes haas; die oes was egter op daardie plek nog nie ryp nie.

6 ... *geroepenes van Jesus Christus* ... Hy wys ’n meer toepaslike rede aan, naamlik dat die Here aan hulle reeds ’n waarborg gegee het waardeur Hy verklaar het dat Hy hulle geroep het tot deelname aan die evangelie. Daaruit volg dat hulle, as hulle begeer dat hul roeping vas moet wees, die bediening van Paulus, wat deur dieselfde verkiesing van die Here aangeneem is, nie moet verwerp nie. Derhalwe neem ek die deel *geroepenes van Jesus Christus* op as ’n verduideliking, so asof hy die lesing *immers* ingevoeg het. Hy gee inderdaad te kenne dat hulle deur die roeping deelgenote van Christus is. Want hulle wat eenmaal erfgename van die ewige lewe sal wees, is ook deur die hemelse Vader uitverkies as kinders in Christus: en as uitverkorenes word hulle aan sy troue sorg, soos aan ’n herder toevertrou.

7 ... *geroepe heiliges wat in Rome is* ... In skone orde toon hy aan wat in ons prysenswaardig is. Eerstens, dat die Here ons deur sy goedheid in genade en liefde aangeneem het. Vervolgens, dat Hy ons geroep het. In die derde plek, dat Hy ons tot heiligheid geroep het: die lofprysing het slegs ’n plek as ons in ons roeping nie te kort skiet nie. Hier word inderdaad ’n ryk leerstuk aan ons aangebied, wat ek kortliks sal aanraak terwyl ek dit aan elkeen oorlaat om te oordink. Dit is seker dat Paulus nie die lof van ons saligheid aan onsself toeskryf nie, maar dit geheel en al aflei uit die bron van die onverdiende en vaderlike liefde van God jeens ons. Immers, hy maak dit die uitgangspunt dat God ons liefhet. En wat is die oorsaak van sy liefde anders as sy loutere goedheid? Hiervan is ook die roeping afhanklik, waardeur Hy op sy tyd sy aanneming verseël ten aansien van hulle wat Hy vantevore vryelik uitverkies het. Verder lei ons hieruit af dat niemand hulle self met reg tot die getal van gelowiges kan voeg nie, behalwe hulle wat met sekerheid vertrou dat die Here hulle goedgunstig gesind is, hoewel onwaardig en ellendige sondaars, en aangespoor deur sy goedheid streef na heiligheid. Want Hy het ons nie geroep tot onreinheid nie maar tot heiligheid, ens., (I Thess. 4:7). Omdat die Grieks met die tweede persoon

weergegee kan word, het ek geen rede gesien om die persoon te verander nie.

Genade vir julle en vrede ... Niks moet verkiesliker wees as dat ons ’n gunstig gesinde God het nie; dit word met *genade* aangedui. Vervolgens, dat die voorspoed en verloop van alle dinge uit Hom voortvloei, word met die woord *vrede* aangedui. Want hoe ook al alles ons skyn toe te lag, as God vertoornd is, word ook die seën self verander in ’n vloek. Daarom is die enigste grondslag van ons geluk die welwillendheid van God, waardeur ons ware en blywende geluk geniet en ons saligheid selfs ook deur teenspoede bevorder word. Daaruit dan, dat hy die vrede van die Here afbid, verstaan ons dat alle goeie dinge wat tot ons kom, vrug is van goddelike weldadigheid. En dit moet nie uit die oog verloor word nie dat hy terselfdertyd hierdie weldade ook van die Here Jesus afbid. Want hierdie eer word aan Hom volgens verdienste gegee omdat Hy nie alleen die bedienaar en uitdeler van die vaderlike goedgunstigheid jeens ons is nie, maar ook in die algemeen saam met Hom alle dinge bewerk. In die besonder wou die apostel noteer dat alle weldade van God deur Hom tot ons kom. Daar is diegene wat onder die woord *vrede* die rus van die gewete wil verstaan. Ek ontken nie dat hierdie betekenis soms gepas is nie. Maar aangesien dit seker is dat die apostel hier ’n kort samevatting van weldade wou gee, is die eerste verklaring wat deur Bucer voorgestel is, veel meer paslik. Terwyl hy dan aan die vromes die hoogste geluk toewens, wend hy hom, soos voorheen, tot die oorsprong self, naamlik die genade van God, wat nie alleen vir ons net die ewige geluksaligheid bring nie maar ook die oorsaak is van alle goeie dinge in hierdie lewe.

8 In die eerste plek dank ek my God deur Jesus Christus oor julle almal dat julle geloof verkondig word in die hele wêreld.
9 Want God, wat ek in my gees dien in die evangelie van sy Seun, is my getuie hoe ek onophoudelik aan julle dink
10 en altyd in my gebede smeek of ek tog eindelik ’n geleentheid sal vind deur die wil van God om na julle te kom;
11 want ek verlang om julle te sien, om julle een of ander genadegawe mee te deel, sodat julle versterk kan word;
12 dit is, dat ek saam bemoedig kan

8 Primum quidem gratias ago Deo meo per Iesum Christum super vobis omnibus, quia fides praedicatur in universo mundo.
9 Testis enim mihi est Deus, quem colo in spiritu meo in Evangelio filii ipsius, ut continenter memoriam vestri faciam,
10 Semper in orationibus meis, rogans, si quomodo prosperum iter aliquando mihi, obtingat per voluntatem Dei, veniendi ad vos.
11 Desidero enim videre, vos, ut aliquod impertiar vobis donum spirituale ad vos confirmandos;
12 Hoc est, ad cohortationem mutuo

word onder julle deur die gemeenskaplike geloof, van julle sowel as van my.	percipiendam in vobis per mutuam fidem, vestram atque meam.

8 *In die eerste plek* ... Hier begin ’n inleiding, uitermatig geskik vir die geleentheid, in soverre hy hulle betyds voorberei vir onderwysing vanweë redes wat sowel met sy eie persoon as dié van hulle verband hou. Die rede met betrekking tot hulle persoon is dat hy die roem van hulle geloof in herinnering roep. Hy gee immers die wenk dat siende dat hulle die openbare goedkeuring van die gemeentes wegdra, hulle nie ’n apostel van die Here kan verwerp nie, sonder om die aangenome opinie wat almal oor hulle hou teleur te stel, en so iets sou as onwellewend en in ’n sin as grensende aan trouelooshеid gehou word. Soos dan hierdie getuienis met reg die apostel daartoe moes gelei het om, nadat sekerheid oor hul gehoorsaamheid verkry is, kragtens sy amp die leer en onderrig van die Romeine op hom te neem, net so hou dit (die getuienis) die Romeine op hulle beurt gebonde om sy gesag nie te verag nie. Wat sy eie persoon betref, hy beweeg hulle tot leersaamheid deur die betuiging van sy opregte liefde. Maar daar is niks meer bevorderlik om vertroue vir ’n raadsman te skep nie as dat die mening aanvaar is dat hy geag word om aan ons met geesdrif aandag te gee en ons te versorg. Dit is oordenking werd dat as hy hulle geloof aanprys, hy tog aandui dat dit van God ontvang is. Daarmee word ons geleer dat die geloof ’n gawe van God is. Want as die handeling van danksegging ’n erkenning van die weldade is, erken hy wat daarvoor dank aan God toebring dat die geloof van God is. Maar wanneer ons sien dat die apostel altyd sy gelukwensinge met danksegginge laat begin, weet ons dat ons vermaan word dat al ons goeie weldade van God is. Inderdaad sou dit tot voordeel wees om aan sodanige wyse van spreke gewoond te raak, sodat ons daardeur ons altyd skerper prikkel om God as milde gewer van alle goeie dinge te erken, en om andere tot dieselfde gedagte op te wek. As dit paslik is om daarop ag te slaan by die geringste seëninge, hoeveel te meer by die geloof, wat geen middelmatige of alledaagse genadegawe van God is nie. Bowendien het ons hier ’n voorbeeld hoe dank (deur ons) betuig moet word aan Christus, ooreenkomstig die voorskrif van die apostel in Heb. 13:15, soos ons ook in sy Naam van die Vader barmhartigheid verlang en verkry. Ten slotte kondig hy Hom plegtig aan as *sy God*. Dit is ’n besondere voorreg van die gelowiges, wat die enigstes is aan wie God hierdie eer verleen. Hier immers is ’n wedersydse verhouding onderliggend, wat uitgedruk word in die belofte: *En julle sal vir My ’n volk wees, en Ek sal vir julle ’n God wees* (Jer. 30:22). Ek verkies nogtans om dit te beperk tot die status wat Paulus gehandhaaf het, naamlik as ’n goedkeuring van sy gehoorsaamheid wat hy aan God betoon in die

prediking van die evangelie. So noem Hiskia God *die God van Jesaja* wanneer hy getuienis wil lewer dat hy ’n ware en getroue profeet is (Jes. 37:4). So word Hy ook op ’n besondere manier *die God van Daniël* genoem aangesien Daniël sy suiwere diens gehandhaaf het.

... *in die hele wêreld* ... In die waardering van die geloof van die Romeine was die lof van deugdelike mense vir Paulus soveel werd as dié van die hele wêreld. Want die ongelowiges kon daaroor geen opregte en geloofwaardige getuienis gee nie, aangesien dit vir hulle eerder ’n vervloeking was. Ons verstaan dus dat die geloof van die Romeine verkondig is deur die mond van alle gelowiges wat daaroor met reg kon oordeel en dit kon bekend maak. Dat hierdie onbetekende en onaansienlike handjievol mense deur die ongelowiges te Rome nie opgemerk is nie, was van geen belang, aangesien Paulus na hul oordeel, as van geen belang, glad nie vertoef het nie.

9 *Want God* ... *is my getuie* ... Hy bewys sy liefde deur die gevolge. Want as hy hulle nie vuriglik liefgehad het nie, sou hy nie so ywerig hulle welsyn aan God opgedra het nie, en veral sou hy nie so brandend begeer het om deur sy werk dit te bevorder nie. Hierdie besorgdheid dan en hierdie verlange is sekere kentekens van liefde, want, tensy dit daaruit voortgevloei het, kan dit nie bestaan nie. Maar aangesien hy weet dat dit voordelig is vir die bestendiging van die geloof in sy prediking, as die Romeine ten volle van sy opregtheid oortuig is, het hy ’n eed toegevoeg – ’n noodsaaklike hulpmiddel so dikwels as dit die moeite werd is dat ’n woord wat vas en ontwyfelbaar moet wees, deur onsekerheid wankelbaar staan. Aangesien die eed niks anders is nie as die (inroep van die) getuienis van God om ons woord te bevestig, sou enigiemand met die grootste dwaasheid ontken dat die apostel ’n eed gesweer het. Tog het hy die verbod van Christus nie oortree nie. Hieruit staan dit vas dat dit nie Christus se bedoeling was om (soos die bygelowige Anabaptiste droom) ede geheel en al af te skaf nie, maar eerder om tot die ware nakoming van die wet terug te roep. Maar deur toelating van die eed veroordeel die wet slegs meineed en die onnodige eedswering. As ons derhalwe op die regte manier die eed wil aflê, laat ons in die eedswering soberheid en godsvrug navolg, soos dit by die apostels na vore kom. Maar sodat jy hierdie eedsformule verstaan, moet jy weet dat as God so as getuie aangeroep word Hy tegelykertyd as wreker ingeroep word indien ons bedrieglik handel. Op ’n ander plek druk Paulus dit uit met hierdie woorde: *Maar ek roep God as getuie aan oor my siel* ... (II Kor. 1:23).

... *wat ek in my gees dien* ... Aangesien dit vir goddelose mense wat met God die spot dryf, ’n gewoonte is om sy Naam nie minder ligvaardig as

blindweg te gebruik nie, beveel Paulus hier sy vroomheid aan om vertroue in homself te verwek. Want hulle by wie die vrees en verering van God lewenskragtig is, sal terug huiwer om vals te sweer. Vervolgens stel hy sy gees teenoor die uiterlike masker. Omdat baie hulself valslik voordoen as vereerders van God en uitwendig so voorkom, getuig hy van homself dat hy God van harte dien. Miskien het hy ook gesinspeel op die ou seremonies waarin alleen die Jode geglo het die dien van God bestaan. Hy gee derhalwe te kenne dat, hoewel hy daardie diensoefening nie onderhou nie, hy nietemin ’n regskape dienaar van God is, soos hy ook in Filippense 3:3 sê: *Want ons is die besnydenis, ons wat God in die Gees dien en in Christus Jesus roem en nie op die vlees vertrou nie*. So beroem hy hom daarop dat hy God met ’n opreg vrome gemoed dien, wat die ware godsdiens en wettige erediens is. Maar dit was van belang (soos ek vantevore gesê het) dat Paulus sy geloof in God betuig sodat die eed groter sekerheid mag hê. Vir die goddelose, immers, is meineed ’n spel, terwyl die vromes dit erger vrees as duisend dode. Dit is dan onmoontlik dat daar waar ernstige vrees van God is, daar nie in gelyke mate eerbied vir Sy Naam sal wees nie. Dit is dan dieselfde asof Paulus sou gesê het dat hy weet hoe groot die heiligheid en erns van die eed is en dat hy nie, soos die goddelose mense gewoond is, God ligvaardig as getuie inroep nie. En so leer hy met sy voorbeeld dat ons, so dikwels ons die eed neem, sodanige aanduiding van vroomheid moet gee dat die Naam van God, wat ons in ons verklaringe inlas, sy gewigtigheid behou. Vervolgens voer hy ’n bewys aan dat hy God nie in skyn dien nie, naamlik sy ampsbediening. Want dit was die oorvloedigste bewys dat hy ’n man was wat toegewy was aan die eer van God, toe hy homself nie gespaar het en nie geweifel het om elke moontlike beproewing soos beskimping, armoede, die dood en vyandelikhede te trotseer vir die bevordering van Gods koninkryk nie. Sommige neem hierdie deel op asof Paulus daardie diens waarmee hy vantevore gesê het hy God vereer, wou aanbeveel omdat dit aan die voorskrif van die evangelie beantwoord. Dit is wel seker dat in die evangelie aan ons ’n geestelike diens van God voorgeskryf word. Maar die vroeëre uitleg pas veel beter, naamlik dat hy sy gehoorsaamheid aan God bewys in die verkondiging van die evangelie. Tog maak hy terselfdertyd ’n onderskeid tussen homself en die huigelaars wat iets anders as om God te dien voor oë het. Ambisie of iets soortgelyks dryf die meeste mense, en dit is verre daarvandaan dat almal hulle van harte en getrou in daardie diens gedra. Hoofsaak is dat Paulus in die leeramp opreg optree; daarom pas hy dit wat hy oor sy vroomheid sê toe op hierdie onderwerp. Maar hier verkry ons ’n nuttige leerstuk, wat die bedienaars van die evangelie nie weinig behoort te bemoedig wanneer hulle verneem dat hulle deur die verkondiging van die evangelie aan God ’n aangename en kosbare diens bewys nie. Want wat is daar wat hulle verhinder om dit te beskou as ’n

uitnemende diens, wanneer hulle weet dat hul arbeid God behaag en goedgekeur word. Verder noem hy dit die evangelie van die Seun van God, waardeur Christus geopenbaar word, hierin aangewys deur die Vader, sodat Hy terwyl Hyself verheerlik word op sy beurt die Vader mag verheerlik.

... *hoe ek onophoudelik aan julle dink* ... Uit die voortdurendheid van sy gebed betuig hy ’n sterker intensheid van liefde. Dit was immers iets groots dat hy geen gebede tot die Here rig waar hy nie van hulle melding maak nie. Maar dat ons die betekenis duideliker mag verstaan, neem ek die woord πάντοτε (altyd) in die sin op asof gesê was: *In al my gebede*, of *so dikwels ek in die gebede God aanroep, voeg ek ’n vermelding van julle by.* Hy spreek egter nie van enige aanroeping van God nie, maar oor daardie gebede waartoe die heiliges, wanneer hulle hul daaraan wil wy, hul volle aandag rig, nadat hulle alle sorge ter syde gestel het. Want dikwels kon hy hierdie of daardie wens plotseling uitgespreek het, terwyl die Romeine tog nie in sy gedagte opgekom het nie. Maar so dikwels as wat hy ampshalwe en as ’t ware voorbereid God aangeroep het, het hy ook onder andere met hulle rekening gehou. Hy spreek dan besonderlik oor die gebede waarvoor die heiliges bewustelik hulself voorberei het, soos ons sien dat die Here self in sodanige gebede die afsondering gesoek het. Tog gee hy tegelykertyd te kenne hoe dikwels, of eerder hoe aanhoudend, hy daarmee besig was, wanneer hy sê dat hy sonder ophou gebid het.

10 *en altyd in my gebede smeek* ... Dit is onwaarskynlik dat ons van harte die welwese van iemand wil bevorder as ons nie ook bereid is om hom met ons kragte tot hulp te wees nie; daarom, nadat hy sy besorgdheid in die bevordering van hulle heil verklaar het, voeg hy nou by dat hy ook deur ’n ander bewys getuienis gee van sy liefde teenoor God, naamlik deur te bid dat hy van nut kan wees. Maar sodat jy die volle betekenis begryp, lees hierdie woorde asof die woord *ook* ingevoeg is: *en* ***ook*** *altyd in my gebede smeek,* ens. Maar waar hy sê: *’n goeie geleentheid ... deur die wil van God* ... , verklaar hy nie alleen dat hy deur die genade van die Here ’n voorspoedige reis verwag nie, maar ook dat hy die reis slegs voorspoedig ag as dit deur die Here goedgekeur is. Ooreenkomstig hierdie reël behoort die gebede van almal ingerig te word.

11 *want ek verlang om julle te sien* ... Hoewel afwesig, kon hy hulle geloof deur sy leer bevestig. Maar omdat raad beter aanvaar word van ’n teenwoordige persoon, het hy begeer om eerder by hulle te wees. Hy sit egter die doel van die gemeenskaplike beraadslaging uiteen om aan te dui dat hy nie in sy eie belang nie, maar in hulle belang die las van die reis wil onderneem. *Geestelike gawes* noem hy die gawes wat hy gehad het om te

leer of te vermaan of te profeteer, gawes wat hy geweet het dat dit deur Gods genade hom toegekom het. Met die woord *meedeel* het hy op treffende wyse die regte gebruik van daardie gawes aangedui. Daarom immers word hier besonderlik aan elkeen verskillende gawes toebedeel, sodat almal onder mekaar dit benut, en die een aan die ander oordra dit wat elkeen besit. (Sien hoofstuk 12:3 en I Kor. 12:11.)

... *sodat julle versterk kan word.* Hy versag dit wat hy oor mededeling gesê het sodat dit nie mag lyk asof hy hulle as sodaniges beskou wat nog in die eerste beginsels onderrig moet word nie, asof hulle nog nie in die diens van Christus ingelyf is nie. Derhalwe sê hy dat hy van sy kant begeer om hulle met sy arbeid van diens te wees waar hulle wat reeds baie ver gevorder het, nog gehelp moet word. Want aan bevestiging het ons almal ’n behoefte totdat Christus ten volle in ons tot wasdom gekom het (Ef. 4:13).

12 Nie tevrede met hierdie beskeidenheid nie, voeg hy bowendien ’n *epanorthosis*[1] of verbetering by waarmee hy aantoon dat hy die posisie van leraar nie so vir homself opeis dat hy nie begeer om wedersyds van hulle te leer nie, asof hy wil sê: “Ek beywer my so om julle te versterk ooreenkomstig die genade wat aan my verleen is, sodat ek uit julle voorbeeld ook versterking van die geloof verkry en dat ons so elkeen op sy eie wedersyds voordeel trek.” Sien tog aan hoeveel beskeidenheid die vrome gemoed sigself onderwerp, wat nie huiwer om versterking van die geloof van onervare beginners te vra nie. En tog spreek hy nie huigelagtig nie, want daar is niemand in die kerk van Christus so arm dat hy nie iets kan bydra tot ons voordeel nie. Maar ons word deur boosaardigheid en hoofvaardigheid verhinder om sodanige vrug die een van die ander te pluk. Dit is ons hoogmoed en daardie roes van ydele eer waardeur elkeen, terwyl hy ander verag en (net) sterk staan op (sy eie) bevele[2], beteken dat daar vir homself ruimskoots genoeg is. Ek verkies met Bucer (die woord) *opwekking* eerder as *vertroosting* omdat dit beter met die voorgaande verband hou.

13 Maar broeders, ek wil julle nie daarvan onkundig laat dat ek my dikwels voorgeneem het om na julle te kom nie – en ek is tot nog toe verhinder – sodat ek ook onder julle een of ander

13 Nolo vero vos ignorare, fratres, quod saepe proposui venire ad vos, et impeditus sum hactenus, ut fructum aliquem haberem in vobis, sicut et in reliquis gentibus.

---

[1] Calvyn verlatiniseer hier die Griekse woord ἐπάνορθοσις wat in die retoriek gebruik word om die verbetering van die voorgaande deur byvoeging van ’n sterker of passender uitdrukking, aan te dui. – *die vertaler*

[2] Dit is die letterlike vertaling van wat Calvyn sê. Ander vertalers gee dit weer met *en ander nie in ag neem nie*. Dit mag Calvyn se bedoeling wees, maar hy sê dit nie. – *die vertaler*

vrug kan insamel net soos onder die ander heidene.

14 Teenoor Grieke sowel as nie-Grieke, teenoor wyse en onverstandige mense is ek 'n skuldenaar.

15 Vandaar die verlange van my kant om ook aan julle wat in Rome is, die evangelie te verkondig.

14 Et Graecis et Barbaris[1)], et sapientibus et stultis debitor sum.

15 Itaque quantum in me est, paratus sum vobis quoque qui Romae estis Evangelizare.

13 *Maar, broeders, ek wil julle nie daarvan onkundig laat* ... Tot dusver het hy getuig dat hy voortdurend die Here gesmeek het dat hy toegelaat sou word om hulle te eniger tyd te besoek, (maar) aangesien dit ydel kon lyk as hy nie die aangebode geleentheid sou aangegryp het nie, bevestig hy nou sy geloofwaardigheid. Hy sê immers dat nie die poging nie maar die geleentheid ontbreek het, omdat hy verhinder was in 'n dikwels voorgenome besluit. Daaruit leer ons dat die Here meermale die planne van die heiliges verydel, waardeur Hy hulle verootmoedig en deur sodanige verootmoediging leer om op sy voorsienigheid te let en daarvan afhanklik te wees. Maar die heiliges wat niks sonder die wil van die Here beplan nie, word streng gesproke nie van hul voornemens weggedryf nie. Dit is immers daardie vermetelheid van ongeloof om met verbygaan van God die toekoms te bepaal, asof dit in ons mag sou wees: iets wat Jakobus 4:13 skerp bestraf. Dat hy sê dat hy *verhinder* is, moet jy nie anders opneem as dat die Here hom belas het met dringender sake, wat nie nagelaat kon word sonder skade vir die kerk nie. So verskil die hindernisse van die gelowiges en die ongelowiges: laasgenoemdes voel eers dan dat hulle verhinder is as hulle deur die gewelddadige hand van die Here in toom gehou is sodat hulle nie kan beweeg nie. Eersgenoemdes is tevrede met 'n wettige rede en sal hulleself nie vergun om iets aan te pak buite hul ampsplig of wat nie tot opbou sal strek nie.

... *sodat ek ook onder julle een of ander vrug kan insamel* ... Sonder twyfel praat hy oor daardie vrug waarvoor die Here hulle uitgestuur het om in te samel: *... maar Ek het julle uitverkies en julle aangestel om vrug te gaan dra en dat julle vrug kan bly ...* (Joh. 15:16). Hoewel hy dit nie vir homself nie maar vir die Here ingesamel het, noem hy dit tog syne, want vir die gelowiges is daar niks meer paslik as om die eer van die Here te bevorder nie, waarmee al hulle vreugde verbind is. Maar hy bring in herinnering dit wat hy onder ander nasies ervaar het, waardeur die Romeine die hoop

---

1) Die woord *barbarus* dui iemand aan wat nie Grieks is nie. In die Afrikaanse vertaling word dit weergegee met *nie-Griek.* Na my mening tereg, omdat *barbaar* in die meeste Westerse tale (Afrikaans ingesluit) *onbeskaafd* beteken. – *die vertaler*

koester dat sy koms, wat soveel nasies as vrugbaar ervaar het, vir hulle nie onverskillig sal wees nie.

14 *Teenoor Grieke sowel as nie-Grieke* ... Wat hy onder *Grieke en nie-Grieke* verstaan, toon hy aan met ’n nadere verklaring wanneer hy hulle met ’n ander benaming *wyses en onverstandiges* noem. Erasmus het dit nie onvanpas as *geleerdes en ongeleerdes* weergegee nie. Maar ek verkies om Paulus se eie woorde te behou. Hy argumenteer dan vanuit sy amp, dat dit nie aan aanmatiging toegeskryf moet word wanneer hy vertrou dat hy in staat is om die Romeine iets te leer nie, hoewel hulle in geleerdheid, wysheid en lewenservaring besonderlik uitblink, aangesien dit die Here behaag het dat hy ook teenoor die wyses onder verpligting is. Twee sake moet hier oorweeg word: (eerstens) dat die evangelie deur ’n hemelse opdrag vir die wyses bestem is en aangebied word, waardeur die Here alle wysheid van die wêreld aan Hom onderwerp en bewerk dat alle skerpsinnigheid en elke vorm van wetenskap en die verhewenheid van alle kunste voor hierdie eenvoudige leerstuk wyk. En te meer omdat hulle tot die orde van die ongeletterdes gedegradeer word en so gedweë gemaak word sodat hulle diegene wat hulle vantevore nie waardig beskou het om leerlinge te wees nie, as mededissipels onder Christus as meester aanvaar. Vervolgens, dat die ongeleerdes allermins uit hierdie skool weggedryf moet word of self wegvlug uit ongegronde vrees. Want as Paulus teenoor hulle iets verskuldig was, moet geglo word dat hy as ’n skuldenaar van die hoogste trou, dit wat hy skuld ongetwyfeld betaal het. Daarom sal hulle hier iets vind wat hulle kan geniet. Alle leraars het hier ook ’n reël wat hulle moet volg, naamlik dat hulle met beskeidenheid en vriendelik hulle ook teenoor die ongeleerdes en onwetendes moet skik. Hieruit volg dit dat hulle met ’n gelykmatige gemoed vele sotlikhede sal verdra en onnoembare smaadhede sal verduur, waaronder hulle andersins sou beswyk het. Tog moet hulle bedink dat hulle nie so deur die onverstandiges aan bande gelê word dat hulle hul dwaasheid met onbeperkte gelatenheid koester nie.

15 *Vandaar die verlange van my kant* ... Hy vat hier saam dit wat hy vantevore oor sy begeerte gesê het. Aangesien dit duidelik sy plig is om onder hulle die evangelie te versprei om vir die Here vrug te versamel, begeer hy om aan die roeping van God te voldoen sover dit deur die Here aan hom vergun word.

16 Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is ’n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek.

16 Non enim pudet me Evangelii Christi, quandoquidem potentia est Dei, in salutem omni credenti, Iudaeo primum, deinde Graeco

17 Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe.

17 Nam justitia Dei in eo revelatur ex fide in fidem, sicut scriptum est, Justus ex fide sua vivet.

16 *Want ek skaam my nie* ... Dit is ’n voorgevoel op grond waarvan hy by voorbaat sê dat die bespottinge van die goddelose hom nie sal teenhou nie, en daarin skep hy vir homself ’n deurweg tot die lof van die waardigheid van die evangelie sodat dit nie vir die Romeine veragtelik mag wees nie. Hy gee inderdaad te kenne dat dit vir die wêreld veragtelik is wanneer hy sê dat hy hom nie skaam nie. En so berei hy hulle reeds voor om die smaad van die kruis van Christus te dra sodat hulle die evangelie nie minder werd ag wanneer hulle sien dat dit blootgestel is aan die beskimpings en smaadredes van die goddelose nie. Maar hierteenoor toon hy aan hoeveel uitnemende waarde dit by gelowiges het. In die eerste plek, as die mag van God deur ons groot gemaak behoort te word, skitter dit in die evangelie. Indien die goedheid (van God) waardig is om afgebid en bemin te word, is die evangelie ’n instrument van Sy goedheid. Met reg moet dit daarom in ere gehou en geprys word, omdat aan die krag van God verering verskuldig is. In soverre dit inderdaad ons saligheid tot diens is, behoort dit by ons geliefd te wees.

Merk egter op hoeveel waarde Paulus aan die diens van die Woord toeken wanneer hy getuig dat God daarin sy vermoë om salig te maak, openbaar. Hy praat hier dus nie oor een of ander geheimsinnige openbaring nie, maar oor die mondelinge prediking. Hieruit volg dat hulle wat hulself van die hoor van die prediking onttrek, as ’t ware moeite doen om die krag van God te verwerp en om sy reddende hand ver van hulle af te stoot. Aangesien Hy nie in almal kragdadig werk nie, maar alleen daar waar die Gees as innerlike leermeester die harte verlig, voeg hy by: *vir elkeen wat glo*. Die evangelie word wel aan almal tot saligheid aangebied, maar die krag daarvan blyk nie orals nie. Dat dit vir die goddelose ’n reuk van die dood is, spruit nie voort uit die aard daarvan nie maar eerder uit hul boosaardigheid. Deur een (weg van) saligheid aan te toon, sny hy vooraf elke ander verwagting af. Wanneer hulle hul van dié enige saligheid afwend, het hulle in die evangelie ’n duidelike openbaring van hul ondergang. Aangesien die evangelie almal sonder onderskeid uitnooi, word dit tereg die leer van die saligheid genoem. Christus word immers daarin aangebied, wie se eintlike diens dit is om te red wat verlore was. Hulle wat egter weier om deur Hom gered te word, sal Hom as Regter ervaar. Verder word die woord *saligheid* orals in die Skrif gestel teenoor die verderf. Wanneer dit genoem word, moet derhalwe gekyk word oor watter saak gehandel word. Aangesien die

evangelie ons bevry van ondergang en die vervloeking van die ewige dood, is die heil daarvan die ewige lewe.

... *eerste vir die Jood en ook vir die Griek*. Onder die naam *Grieke* verstaan hy alle heidene, soos blyk uit die vergelyking waarin hy die hele mensdom wil indeel in twee groepe. Hy het waarskynlik juis hierdie volk by voorkeur uitgekies om ander nasies aan te dui, omdat hulle na die Jode die eerste was om toegelaat te word tot die gemeenskap van die verbond van die evangelie. Vervolgens, (ook) omdat die Grieke weens nabyheid en die alombekendheid van die taal by die Jode meer bekend was. Dit is derhalwe ’n *synecdoche* (samevatting) waarmee hy oor die algemeen die heidene met die Jode verbind in die deelname aan die evangelie. En tog ontneem hy die Jode nie hul plek en rangorde nie, aangesien hulle die eerstes was in die belofte en roeping. Daarom handhaaf hy vir hulle hul voorreg, maar voeg dadelik die heidene by as deelgenote, hoewel van ’n laer orde.

17 *Want die geregtigheid van God* ... Dit is ’n verklaring en bevestiging van die vorige uitspraak, naamlik dat die evangelie ’n krag van God tot saligheid is. As ons immers die saligheid soek, dit is die lewe by God, moet ons eers die geregtigheid soek, waardeur ons, nadat ons met Hom versoen is, die lewe wat in sy goedheid alleen bestaan, kragtens Sy guns verkry. Want wil ons deur God in liefde aanvaar word, is dit nodig dat ons eers regverdig is, omdat Hy ’n wrewel aan ongeregtigheid het. Hy dui dus aan dat ons die saligheid nie anders as uit die evangelie verkry nie, want nêrens anders openbaar God aan ons sy geregtigheid nie, wat uitsluitlik ons bevry van die verderf. Maar hierdie geregtigheid, wat die fondament van die saligheid is, word geopenbaar in die evangelie; daarom word die evangelie genoem ’n krag van God tot saligheid. So redeneer hy vanuit die oorsaak tot die gevolg. Merk weer op watter seldsame en kosbare skat die Here aan ons toebedeel in die evangelie, naamlik die gemeenskap van sy geregtigheid. Die geregtigheid van God neem ek op as iets wat voor die regterstoel van God goedgekeur is, net soos mense daarenteen gewoond is om menslike geregtigheid te noem waar dit volgens die mening van mense as geregtigheid aangeneem en waardeer word, hoewel dit slegs rook is. Tog twyfel ek nie daaraan nie dat Paulus sinspeel op die vele profesieë waarin die Gees deurgaans die geregtigheid van God in die toekomstige ryk van Christus bekend maak. Andere verduidelik dit as dit (die geregtigheid) wat aan ons deur God gegee word. En ek gee geredelik toe dat hierdie betekenis in die woorde mag wees, want God regverdig ons deur die evangelie en red ons gevolglik. Tog lyk die eerste opvatting vir my meer aanneemlik. Oor hierdie saak wil ek seer seker nie redekawel nie. Dit is van meer belang wat sommige dink dat hierdie geregtigheid nie net in die onverdiende vergewing van sondes geleë is nie maar deels ook in die

genadegawe van die wedergeboorte. Maar ek lê dit uit dat ons in die lewe herstel is aangesien God ons onverdiend met Hom versoen, soos wat ons later breër op sy plek sal bespreek. In die plek van wat hy vantevore gesê het (naamlik) *elkeen wat glo* sê hy nou *uit geloof*. Die geregtigheid word immers deur die evangelie aangebied en word deur die geloof ontvang. En hy voeg by *tot geloof*, omdat na die mate waarin ons geloof vorder en in hierdie kennis toeneem, groei die geregtigheid van God tegelykertyd in ons en die besit daarvan word as 't ware bevestig. Wanneer ons in die begin die evangelie proe, merk ons die vriendelike aangesig van God tot ons gerig, maar op 'n afstand. Hoe meer die kennis van vroomheid toeneem, aanskou ons die genade van God, so asof dit nader gekom het, duideliker en meer vertroulik. Baie meen dat 'n stilswyende vergelyking van die Ou en Nuwe Testament hier onderliggend is; dit is meer vernuftig as gegrond. Paulus vergelyk immers hier nie die vaders, wat uit die wet gelewe het, met ons nie, maar toon die daaglikse vordering by alle gelowiges aan.

... *soos geskrywe is* ... Op gesag van die profeet Hábakuk bewys hy hierdie geregtigheid van die geloof. Want waar hy (die profeet) oor die ondergang van die hovaardiges profeteer, voeg hy tegelykertyd by dat die lewe van die regverdiges in die geloof bestaan. Maar voor God lewe ons nie, behalwe deur geregtigheid. Derhalwe volg dit dat ook ons geregtigheid in die geloof geleë is. En die werkwoord in die toekomende tyd dui die vaste duursaamheid aan van daardie lewe waaroor hy praat, asof hy gesê het dat dit nie net 'n enkele oomblik nie maar vir ewig sal bly bestaan. Die goddelose is ook immers opgeblase met 'n valse voorstelling van die lewe; wanneer hulle sê: *Vrede en veiligheid*, is 'n skielike verderf naby (I Thess. 5:3). Daarom is dit 'n skaduwee wat slegs 'n oomblik duur. Maar dit is alleen die geloof wat ewigheid aan die lewe verleen. Waarvandaan dan anders as dat dit ons tot God lei en ons lewe in Hom laat rus? En Paulus sou immers hierdie getuienis nie met reg aangehaal het nie, indien dit nie die bedoeling van die profeet was nie dat ons slegs dan staan as ons deur geloof in God rus. En sekerlik het hy nie die lewe van die gelowiges toegeskryf aan die geloof nie, behalwe in soverre hulle die hovaardigheid van die wêreld veroordeel en hulleself plaas onder die beskerming van die enige God. Hy behandel hierdie saak nie openlik nie; gevolglik maak hy geen melding van onverdiende geregtigheid nie, maar uit die aard van die geloof staan dit genoegsaam vas dat hierdie getuienis met reg toegepas word op die huidige onderwerp. Bowendien lei ons noodsaaklikerwys uit hierdie redenasie af dat daar 'n onderlinge verhouding tussen geloof en die evangelie is. Omdat daar dus gesê word dat die regverdige deur die geloof sal lewe, lei hy daaruit af dat hierdie lewe deur die evangelie verkry word. Ons het nou die vernaamste stelling of die eintlike hart van hierdie eerste deel van die brief, naamlik dat ons geregverdig word alleen deur Gods

barmhartigheid deur die geloof. Tog kry ons dit nog nie uitdruklik in die woorde van Paulus vermeld nie, maar uit die verband sal later maklik duidelik word dat geregtigheid, wat gegrond is op die geloof, geheel en al steun op die barmhartigheid van God.

18 Want die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk,
19 omdat wat van God geken kan word, in hulle openbaar is, want God het dit aan hulle geopenbaar.
20 Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie;
21 omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister.
22 Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword
23 en die heerlikheid van die onverganklike God verander in die gelykvormigheid van die beeld van ’n verganklike mens en van voëls en viervoetige en kruipende diere.

18 Revelatur enim ira Dei e coelo, super omnem impietatem et injustitiatem hominum, veritatem Dei injuste continentium;
19 Quia quod cognoscitur de Deo manifestum est in ipsis: Deus enim illis manifestavit.
20 Si quidem invisibilia ipsius, ex creatione mundi operibus intelecta, conspiciuntur, aeterna quoque ejus potentia, et divinitas; ut sint inexcusabiles.
21 Quoniam quum Deum cognovissent, non tanquam Deo gloriam dederunt, aut grati fuerunt; exinaniti sunt in cogitationibus suis, et obtenebratum est stultum cor eorum.
22 Quum se putarent sapientes, stulti facti sunt,
23 Et mutaverunt gloriam incorruptibilis Dei similitudine imaginis corruptibilis hominis, et volucrum, et quadrupedum, et serpentum.

18 *Want die toorn van God word van die hemel af geopenbaar* ... Hy redeneer nou vanuit ’n vergelyking van teenoorgesteldes, waarmee hy wil bewys dat die geregtigheid nie anders as deur die evangelie verleen of verkry word nie. Want hy toon aan dat hiersonder almal verdoem is. Daarom sal die saligheid alleen daarin gevind word. En hy voer sekerlik die eerste bewys van die verdoemenis aan, naamlik dat, terwyl die struktuur van die wêreld en die mooiste samestelling van die elemente die mens moes aangespoor het tot die verheerliking van God, daar niemand is wat sy plig vervul nie. Vandaar staan dit vas dat almal skuldig is aan heiligskennis en goddelose en misdadige ondankbaarheid. Vir sommiges skyn dit die belangrikste onderwerp te wees dat Paulus sy betoog uit boetvaardigheid aanvoer. Maar ek meen dat die strydvoering hier begin en

dat die stand van sake reeds in die vorige stelling gestel was. Dit is immers die bedoeling van Paulus om te leer waar die saligheid gesoek moet word. Hy het reeds bekend gemaak dat ons dit nie anders as deur die evangelie kan verkry nie. Maar aangesien die vlees homself nie vrywillig sover verneder dat dit die roem van die saligheid aan God se genade alleen toeskryf nie, toon Paulus dat die hele wêreld die ewige dood skuldig is. Hieruit volg dat lewe op ’n ander wyse herstel moet word, aangesien ons almal in onsself verlore is. Verder sal die behoorlike weeg van die onderdele die hele bedoeling duidelik maak. Baie onderskei so tussen *goddeloosheid* en *ongeregtigheid* dat hulle meen dat met die eerste woord ’n vergryp aan die diens van God aangedui word en met die tweede ’n vergryp aan die gelykheid tussen mense. Maar aangesien die apostel dadelik dit verbind met die verwaarlosing van die godsdiens, sal ons dit so verklaar dat albei dui op dieselfde saak. Vervolgens, *alle goddeloosheid van mense* is ’n *hypallage*[1)] vir *die goddeloosheid van alle mense* of waaraan alle mense skuldig is. Hier word een saak met twee benamings aangedui, naamlik ondankbaarheid teen God, omdat op tweërlei maniere daarin gesondig word. Dit word ἀσέβεια (goddeloosheid) genoem as ’n ontering van God; en ἀδικια (ongeregtigheid) omdat die mens deur aan homself toe te bedeel wat aan God toegekom het, onregverdiglik die eer van God ontroof het. Toorn, na die gewoonte van die Skrif om op menslike wyse te spreek, word gebruik vir die wraak van God, aangesien God terwyl Hy straf, volgens ons mening die aangesig van ’n vertoornde mens het. Dit druk derhalwe geen gemoedsbeweging van God uit nie, maar het slegs betrekking op die gewaarwording van die sondaar wat gestraf word. Waar hy sê *vanaf die hemel geopenbaar*, word die deel *vanaf die hemel* deur sommige opgeneem as ’n byvoeglike naamwoord, asof gepraat word van die hemelse God. Ek meen dat daar meer krag in hierdie sin skuil: “Waar ook al ’n mens om hom kyk, hy sal geen heil vind nie, omdat die toorn van God so ver en so wyd as wat die hemel uitstrek, uitgestort word oor die hele wêreld”. ... *die waarheid (van God)* beteken die ware kennis van God. Om dit onder te hou is dieselfde as om te onderdruk of te verduister, vandaar word hulle eintlik van diefstal beskuldig. Waar ons vertaal met *onregverdiglik* het Paulus *in ongeregtigheid*; hierdie Hebreeuse frasering het dieselfde waarde maar ons streef na duidelikheid.

19 *omdat wat van God geken kan word* ... So noem hy dit wat toelaatbaar is om oor God te weet of wat nuttig is. Maar hy verstaan hieronder alles wat verband hou met die openbaring van die heerlikheid van God of (wat dieselfde is) alles wat ons moet beweeg of opwek tot die verheerliking van God. Met hierdie uitdrukking gee hy te kenne dat hoe groot God is,

---

[1)] Sien die voetnoot op bl. 16.

geensins met ons verstand begryp kan word nie, maar dat daar bepaalde grense is waarbinne mense hulself moet hou; naamlik soos wat God in alles wat Hy oor Homself getuig, Hom skik na ons beperkte vermoë. Derhalwe is hulle kranksinnig wat daarna streef om te weet wie God is: want die Gees, die leermeester van volkome wysheid, roep ons nie tevergeefs tot τὸ γνωστόν, dit is wat geken word of kenbaar is, nie. Maar op welke manier dit geken word, sal hy spoedig byvoeg. En om groter krag te verleen het hy eerder gesê *in hulle* as bloot *aan hulle.* Want alhoewel die apostel orals uitdrukkings van die Hebreeuse taal gebruik waarin die letter **ב (bet)** meer dikwels oortollig is, skyn dit tog hier ’n openbaring te wou aandui waardeur hulle onder soveel druk geplaas word dat hulle dit nie kan ontvlug nie; dit is ook seker dat elkeen van ons dit in sy hart gegrif aanvoel. Wanneer hy sê ... *want God het dit aan hulle geopenbaar* beteken dit dat die mens geskep is om ’n aanskouer van die geskape wêreld te wees en dat oë aan hom gegee is, sodat hy deur aanskouing van so ’n skone beeld na die Skepper self gelei word.

20 *Want sy onsigbare dinge* ... God is in Homself onsigbaar, maar aangesien sy majesteit in sy werke en in alle skepsels skitter, behoort die mense Hom daaruit te ken, omdat dit duidelik die Skepper openbaar. Om hierdie rede sê die apostel[1)] aan die Hebreërs (11:3) dat die wêreld ’n spieël of skouspel van onsigbare dinge is. Hy beoordeel egter nie afsonderlik alle besonderhede wat in God opgemerk kan word nie, maar leer dat gekom kan word tot die ewige mag en goddelikheid. Want Hy wat die Skepper van alle dinge is, moet sonder oorsprong en uit Homself wees. Wanneer daar sover gekom is, openbaar die Godheid sigself reeds, wat nie kan bestaan sonder die afsonderlike deugde van God nie, aangesien alles daaronder inbegrepe is.

... *sodat hulle geen verontskuldiging het nie*. Hieruit staan dit onteenseglik vas hoeveel dinge uit hierdie openbaring mense op loop jaag, naamlik dat hulle geen verdediging voor die gerig van God kan aanbied sonder dat hulle regtens veroordeeldes is nie. Daar is egter hierdie onderskeid: die openbaring van God waardeur Hy sy heerlikheid in die geskape dinge duidelik maak, is genoegsaam voor die hand liggend wat sy lig betref; wat ons blindheid betref, is dit egter onvoldoende. Vervolgens is ons nie so verblind dat ons onkunde kan voorhou om nie van bedorwenheid beskuldig te word nie. Ons begryp dat daar ’n Godheid is, en dan maak ons die gevolgtrekking dat Hy, wie Hy ook al is, vereer moet word. Maar hier skiet ons verstandelike vermoë te kort om vooraf te verstaan wie en hoedanig

---

1) Calvyn aanvaar nog dat Paulus die brief aan die Hebreërs geskryf het. Vandag word allerweë geglo dat nie Paulus nie, maar ’n ander onbekende skrywer vir hierdie brief verantwoordelik is. – *die vertaler*

God is. Daarom het die apostel aan die Hebreërs (11:3) daardie lig aan die geloof toegeskryf sodat dit in die skepping van die wêreld ons inderdaad tot diens is. En dit is nie sonder rede nie, want ons word deur die blindheid verhinder sodat ons nie die einddoel bereik nie. Ons sien wel so ver dat ons nie ’n uitvlug kan soek nie. Beide sake toon Paulus op elegante wyse aan in Handelinge 14:17 wanneer hy sê dat die Here in verbygaande eeue die heidene in onkunde gelaat het en Homself tog nie onbetuig (ἀμάρτυρον) gelaat het nie, aangesien Hy reën en vrugbaarheid uit die hemel gegee het. Maar hierdie kennis van God wat alleen dien om die verontskuldiging weg te neem, verskil grootliks van daardie saligmakende kennis wat Christus vermeld in Johannes 17:3 en waarin Jeremia 9:24 leer dat ons moet roem.

21 *omdat hulle, alhoewel hulle God geken het* ... Hier getuig hy openlik dat God die kennis van Homself in die verstand van almal ingeprent het. Dit is, dat Hy Hom deur sy werke so geopenbaar het dat hulle uit noodsaak opmerk wat hulle nie uit eie beweging kan soek nie, naamlik dat daar ’n God is, omdat die wêreld nie by toeval bestaan nie en nie uit sigself voortgekom het nie. Maar daar moet altyd gelet word op die graad van kennis waarop hulle bly staan, soos nou sal blyk uit wat volg.

... *Hom nie as God verheerlik of gedank het nie* ... God kan nie bedink word sonder sy ewigheid, krag, wysheid, goedheid, waarheid, regverdigheid en barmhartigheid nie. Sy ewigheid blyk daaruit dat Hy die Skepper van alles is. Sy krag dat Hy alles in sy hand hou en bewerk dat dit in Hom voortbestaan. Sy wysheid uit die buitengewoon reëlmatige ordening, sy goedheid, aangesien daar geen rede was waarom Hy alles sou geskep het nie en Hy deur geen ander rede beweeg kan word om dit in stand te hou nie, behalwe weens sy goedheid. Sy regverdigheid in sy uitoefening van beheer, want Hy straf die skuldiges en beskerm die onskuldiges. Sy barmhartigheid omdat Hy die verdorwenheid van mense met soveel geduld verduur. Sy waarheid daaruit dat Hy onveranderlik is. Derhalwe is hy wat die kennis van God ontvang het, verplig om aan Hom lof toe te bring oor sy ewigheid, wysheid, goedheid en geregtigheid. Aangesien die mense nie hierdie soort deugde in God herken het nie, maar van Hom gedroom het soos van ’n leë fantasiebeeld, word met reg gesê dat hulle op misdadige wyse Hom van sy heerlikheid beroof het. Nie sonder rede voeg hy by “*of gedank het nie*”, omdat daar niemand is wat nie teenoor sy oneindige weldade in skuld verkeer nie. Ja, Hy verbind ons aan Hom hierdeur meer as genoeg toe Hy Homself verwerdig het om Hom aan ons te openbaar.

... *maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge* ... Dit is, nadat hulle die waarheid van God verlaat het, het hulle hul gewend tot die ydelheid van hul

eie verstand, waarvan alle skerpsinnigheid leeg is en as ’t ware in rook opgaan. En so kan hul dwase gemoed, omhul deur duisternis, niks reg begryp nie, maar is deur allerlei maniere neergestort in dwalinge en leuens. Hierin bestaan daardie ongeregtigheid, naamlik dat hulle die saad van die ware kennis spoedig deur hul mismaaktheid versmoor nog voordat dit wasdom bereik het.

22 *Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is* ... Uit hierdie plek aanvaar baie die argument dat Paulus hier handel oor die wysgere wat hul besonderlik die eer van wysheid aangematig het. En hulle dink dat die redenering so voortgaan dat uit die neergeworpe verhewenheid van die grotes volg dat die breë massa van die volk in sigself ook nie enige lof verdien nie. Maar vir my lyk dit asof hulle deur ’n baie swak redenasie gelei is. Dat hulle sou meen dat hulle wys is in die kennis van God, is nie net van toepassing op die wysgere nie, maar is in gelyke mate gemeen aan alle volke en alle soorte mense. Want daar was niemand wat nie die majesteit van God onder sy eie begrip wou insluit nie en ’n sodanige God skep wat hy met sy verstand deurgrond. Hierdie vermetelheid, beweer ek, word nie in die skole aangeleer nie, maar is ingeskape en kom, as ek so mag sê, uit die moederskoot voort. Maar dit staan vas dat hierdie kwaad in alle eeue voortgeduur het, dat die mense hulself in die versinning van bygelowighede alles wou veroorloof het. Gevolglik word hierdie vermetelheid veroordeel, omdat hulle, terwyl hulle in hul nederigheid eer aan God verskuldig was, by hulle self wys wou wees en God wou neertrek na hul nederige staat. Paulus hou immers aan hierdie grondwaarheid vas, dat niemand van die diens van God vervreem is nie, behalwe deur eie skuld, asof hy wou sê: *Omdat hulle hul in hoogmoed verhef het, was hulle regverdiglik deur die wrekende oordeel van God verblind.* Daar is nog ’n vanselfsprekende rede wat teen hierdie uitleg, wat ek verwerp, pleit. Aangesien daardie dwaling om ’n beeld aan God toe te dig, nie sy oorsprong by die wysgere gehad het nie, het hulle self dit berekend goedgekeur nadat hulle dit van ander oorgeneem het.

23 *en die heerlikheid van die onverganklike God verander het* ... Nadat hulle so ’n God versin het wat hulle met hul vleeslike verstand kon begryp het, was dit verre daarvandaan dat hulle die ware God sou ken; maar hulle het ’n fiktiewe en nuwe god of liewer ’n skadubeeld in sy plek gefabriseer. Wat hy sê is dit, dat hulle die heerlikheid van die Here verander het, aangesien hulle net soos iemand wat ’n vreemde kind as plaasvervanger uitplaas, so van die ware God teruggewyk het. En hulle word nie verskoon deur die voorwendsel dat hulle nietemin glo dat God in die hemel woon en die houtbeeld nie as God beskou nie maar as ’n afbeelding (van Hom).

Want dit self is beledigend teenoor God dat hulle sy majesteit so grof voorstel dat hulle dit sou waag om ’n afbeelding aan Hom op te dring. En niemand kan van sodanige goddelose astrantheid verskoon word nie: nie priesters, nie wetgewers en nie wysgere nie, van wie die mees sobere, naamlik Plato, probeer het om ’n sigbare gelykenis in God op te spoor. Dit word derhalwe as kranksinnig aangedui dat alle mense vir hulself ’n God skep wat sekerlik duidelik die growwe en onsinnige fantasieë openbaar. En eerstens het hulle die majesteit van God besoedel deur ’n gelykenis van ’n *verderflike* mens. So egter verkies ek om dit saam met Erasmus te vertaal eerder as *sterflike* mens. Paulus stel hier immers nie alleen die onsterflikheid van God teenoor die sterflikheid van die mens nie, maar ook sy heerlikheid wat aan geen gebreke onderworpe is nie, teenoor die mees ellendige toestand van die mens. Vervolgens, nie tevrede met so ’n skanddaad nie, het hulle afgedaal tot diere en diere van die veragtelikste soort. Hieruit word hul stompsinnigheid nog duideliker. Oor hierdie gruwelikhede kan jy lees by Lactantius, Eusebius en Augustinus in sy boek *Die stad van God*.

24 Daarom het God hulle ook in die begeerlikhede van hul harte oorgegee aan onreinheid, om hulle liggame onder mekaar te onteer –

25 hulle wat die waarheid van God verruil het vir die leuen en die skepsel vereer en gedien het bo die Skepper wat geprys moet word tot in ewigheid. Amen.

26 Daarom het God hulle oorgegee aan skandelike hartstogte, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is;

27 en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand; manne het met manne skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang.

28 En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkentenis te hou nie, het God hulle oorgegee aan ’n slegte gesindheid, om te doen wat nie betaam nie;

29 hulle is vervul met allerhande ongeregtigheid, hoerery, boosheid, hebsug,

24 Propterea tradidit illos Deus in cupiditates cordium suorum in immunditiem: ut ignominia afficerent corpora sua in se ipsis:

25 Qui transmutarunt veritatem ejus in mendacium et coluerunt ac venerati sunt creaturam supra Creatorem, qui est benedictus in saecula: Amen.

26 Propterea, inquam, tradidit illos Deus in passiones ignominiosas: ac enim feminae ipsorum transmutarunt naturalem usum in eum qui est praeter naturam:

27 Similiter et viri quoque, amisso naturali usu feminae, exarserunt mutua libidine, alii in alios; masculi in masculis foeditatem perpetrantes et quam decebat erroris sui mercedem in seipsis recipientes.

28 Et quemadmodum non probaverunt Deum habere in notitia, tradidit illos Deus in reprobam mentem, ad facienda quae non decerent;

29 Ut essent pleni omni injustitia, nequitia, libidine, avaritia, malitia; referti invidia,

ondeug, vol nydigheid, moord, twis, bedrog, kwaadaardigheid;

30 nuusdraers, kwaadsprekers, haters van God, geweldenaars, trotsaards, grootpraters, uitvinders van slegte dinge, ongehoorsaam aan die ouers;

31 onverstandig, ontrou, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, onbarmhartig,

32 mense wat – al ken hulle die verordeninge van God goed, dat die wat sulke dinge doen, die dood verdien – dié dinge nie alleen self doen nie, maar ook hulle goedkeuring skenk aan die wat dit doen.

homicidio, contentione, dolo, perversitate; susurrones,

30 Obtrectatores, osores Dei, malefici, contumeliosi, fastiosi, repertores malorum, parentibus immorigeri,

31 Intelligentiae expertes, insociabiles, affectu humanitatis carentes, foedifragi, sine misericordiae sensu;

32 Qui, quum Dei judicium cognoverint, quod qui talia agunt, digni sunt morte, non tantum ea faciunt, sed assentiuntur facientibus.

24 *Daarom het God hulle ook in die begeerlikhede van hul harte oorgegee aan onreinheid* ... Aangesien goddeloosheid ’n verborge kwaad is en sodat hulle nie verder verskonings sou soek nie, toon hy met ’n krasser beskrywing aan dat hulle nie kan ontglip sonder om deur ’n regverdige veroordeling vasgegryp te word nie. Op hierdie goddeloosheid het immers vrugte gevolg waaruit dit moontlik is om die duidelike tekens van die toorn van die Here te bemerk. Indien die toorn van die Here altyd regverdig is, volg dit dat iets reeds moes voorgeval het wat hulle tot doemwaardiges sou maak. Deur hierdie tekens dryf hy gevolglik nou die afvalligheid en ontrouheid van mense in die noute, aangesien die Here Hom aan hulle wat hulself van sy goedheid vervreem het, op so ’n wyse wreek dat Hy hulle halsoorkop neerstort in veelvuldige verderf en ondergang. En deur die ooreenkoms van sondes, wat hulle bewerk het, te vergelyk met die goddeloosheid, waarvan hy hulle hierbo beskuldig het, toon hy so aan dat hulle straf afhang van die regverdige oordeel van God. Aangesien daar vir ons niks belangriker as ons eie eer is nie, is dit die toppunt van blindheid wanneer ons nie skroom om skande oor onsself te bring nie. Daarom is dit die mees geskikte straf vir die sonde gepleeg teen die goddelike Majesteit. Hierdie een saak behandel hy tot aan die einde van die hoofstuk, maar hy handel daarmee op verskeie maniere omdat die saak dit noodsaaklik gemaak het om breed uit te wei.

Wat hy derhalwe hier in hoofsaak betoog, is naamlik dat dit hier blyk dat die ondankbaarheid van die mense jeens God nie te verontskuldig is nie, want hulle kom met onfeilbare bewyse te voorskyn dat die toorn van God teen hulle woed. Hulle sou immers nooit, volgens die gewoonte van diere, in sodanige vuil begeertes rondgerol het, as hulle nie die almag van God as

vyand en teen hulself gehad het nie. Aangesien dit oral oorgeloop het van die slegste wandade, maak hy die gevolgtrekking dat daar by hulle getuienisse van die goddelike wraak te voorskyn tree. Maar as die toorn van God nooit blindelings en onredelik voortwoed nie, maar altyd binne die perke van billikheid bly, beweer hy dat daaruit vasstaan dat ’n sekere en nie minder regverdige verderf oor hulle hoof hang. Oor die manier waarop God die mens oorgee aan die sonde, is dit geensins noodsaaklik om op hierdie plek met ’n lang redenering uit te wei nie. Dit is wel seker dat Hy nie alleen deur dit te duld en toe te laat, die mense veroorloof om in sonde te val nie maar ook deur ’n regverdige oordeel dit so reël dat hulle deur hul eie begeerlikheid sowel as deur die duiwel tot hierdie raserny gelei en gedryf word. Daarom gebruik hy die woord *oorgegee* volgens die gebruiklike gewoonte van die Skrif; en hulle verdraai die woord alte gewelddadig wanneer hulle dink dat ons alleen deur die toelating van God in sonde gelei word. Die duiwel is immers ’n dienaar van die toorn van God en as ’t ware die skerpregter, en so word hy teen ons bewapen, nie deur oogluikende toelating nie maar in opdrag van die Regter. Tog is God daarom nie wreed of ons onskuldig nie, want Paulus toon aan dat ons op geen ander manier in sy mag oorgelewer word as dat ons sodanige straf verdien nie. Maar laat ons hierdie uitsondering maak, naamlik dat die oorsaak van die sonde nie uit God voortkom nie; die wortels daarvan bly voortdurend by die sondaar self. Want dit moet waar wees: *Dit is jou verderf, o Israel, dat jy teen My, jou helper, is* (Hos. 13:9). Wanneer hy die begeertes van die menslike hart verbind met onreinheid, gee hy stilswyend te kenne watter soort vrugte ons hart voortbring wanneer dit eenmaal aan onsself oorgelaat is. Die deel *onder mekaar* is nie sonder nadruk nie, want dit druk des te duideliker uit watter diepe en onuitwisbare tekens van skande in hul liggame ingebrand is.

25 *hulle wat die waarheid van God verruil het vir die leuen* ... Hoewel in ander woorde, herhaal hy die redenasie wat tog nie verskil van wat hierbo gesê is nie, maar waarmee hy dit beter in ons verstand inprent. Terwyl die waarheid van God in die leuen verander word, word sy heerlikheid aan vergetelheid oorgegee; daarom is dit ook regverdig dat hulle wat probeer het om God van sy eer te ontneem en beskimping op te lê, met allerlei soort skande bespat word.

... *en die skepsels vereer en gedien het* ... Om twee woorde in een sinsverband in te sluit, het ek so vertaal. Hy beskryf hier in die besonder die sonde van afgodery. Godsdienstige eer kan immers nie aan ’n skepsel gegee word sonder dat dit op onwaardige en heiligskendende wyse van God ontneem word nie, en dit is ’n vrugtelose verontskuldiging dat beelde ter wille van God vereer word, want God erken nie hierdie diens nie en

neem dit ook nie aan nie. En die ware God word dan hoegenaamd nie gedien nie maar ’n versinde God wat die vlees vir homself ingebeeld het. En dit wat daaraan toegevoeg word, naamlik *wat geprys moet word* meen ek is gesê tot groter skande van die afgodery en wel in hierdie sin: “Hom wat alleen vereer en aanbid moes word, en van wie dit nie geoorloof was om selfs die minste te ontneem nie.”

26 *Daarom het God hulle oorgegee ...* So asof hy die voorgaande tussen hakies geplaas het, keer hy terug na dit wat hy vroeër oor die wraak van God begin sê het. En hy voer as eerste voorbeeld aan die huiweringwekkende misdaad van teennatuurlike geslagsdrif; hieruit staan vas dat hulle nie net aan beesagtige luste prysgegee was nie, maar tot benede (die peil van) diere geval het, aangesien hulle die hele natuurlike orde omvergewerp het. Vervolgens vermenigvuldig hy ’n lang lys van sondes, wat in alle eeue bestaan het, maar toentertyd oral teuelloos geheers het. En dit is nie van belang dat nie alle mense met so ’n massa van sondes belas was nie, want vir die vasstelling van die algemene verdorwenheid van mense, is dit genoeg dat almal sonder uitsondering verplig word om een of ander bevlekking[1)] te erken. Daarom moet aangeneem word dat Paulus hier daardie skanddade teregwys wat algemeen in alle eeue voorgekom het en in daardie tyd by uitstek oral ooglopend was. Want daardie liederlikheid, waarvan selfs redelose diere ’n afsku het, was toe merkwaardig wyd verspreid, en sommige daarvan het selfs in die smaak geval. Vervolgens moet begryp word dat hy ’n lys van sondes opnoem, waarin die hele menslike geslag inbegrepe is. Want al is almal nie moordenaars of diewe of owerspeliges nie, is daar tog niemand wat nie met een of ander sonde besmet is nie. *Skandelike luste* noem hy dit wat ook in die opinie van mense beskamend is. Dit stem egter ooreen met die ontering van God.

27 ... *en in hulleself die noodwendige vergelding van hul dwaling ontvang.* Hulle verdien immers om met blindheid geslaan te word sodat hulle hulself vergeet en miskyk wat hul betaam. Dit is hulle wat deur hul boosheid die oë gesluit het vir Gods aangebode lig, sodat hulle sy heerlikheid nie raaksien nie. En hulle verdien om op die middag verblind te word, hulle wat hul nie geskaam het om die heerlikheid van God, wat ons alleen verlig, sover dit in hul vermoë was, uit te blus nie.

---

1) Die woord wat ek met *bevlekking* vertaal, beteken letterlik *moedersvlek*. Calvyn dui dus hier op die ingebore smet wat almal aankleef en nie op die klad wat na ’n oortreding aan iemand kleef nie. – *die vertaler*

28 *En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het* ... Daar moet gelet word op die woordspeling wat op elegante wyse die juiste verhouding tussen sonde en straf aandui. Aangesien hulle verkies het om nie te bly in die kennis van God, wat alleen ons verstand tot die ware wysheid lei nie, het die Here aan hulle ’n verdorwe verstand gegee wat niks meer kan beoordeel nie. Maar om te sê dat hulle nie verkies het nie, beteken soveel asof hy gesê het dat hulle nie na die kennis van God gestreef het met die ywer wat hulle verskuldig was nie, maar eerder hul gedagte opsetlik van God afgewend het. Derhalwe gee hy te kenne dat hulle deur ’n boosaardige keuse hul eie ydelhede bo God gestel het en so was dit ’n vrywillige dwaling waarmee hulle mislei is.

... *om te doen wat nie betaam nie* ... Omdat hy tot dusver daardie een gruwelike voorbeeld vermeld het, wat onder baie algemeen was maar tog nie by almal nie, begin hy om hier die sondes op te noem waarvoor niemand onvatbaar gevind word nie. Want hoewel dit nie alles by elkeen (soos gesê is) tegelyk voorkom nie, is almal tog bewus van iets daarvan in hulleself, sodat elkeen aangekla kan word van openlike verdorwenheid. *Onbetaamlik* noem hy dit aanvanklik; verstaan daaronder die dinge wat volgens die oordeel van alle redelike mense gruwelik is en vreemd is aan dit waartoe mense verplig is. Hy verwys immers na die tekens van ’n verwronge gees waardeur mense hulself sonder onderskeid verbind het tot daardie wandade wat na die algemene gevoel verag behoort te word. Verder is dit vergeefse moeite om ’n volgorde van sondes in verband te sien sodat die een uit die ander voortkom; want dit was nie Paulus se bedoeling nie, maar hy vat dit saam soos dit by hom opkom. Wat elkeen afsonderlik beteken, sal ons baie kortliks nagaan.

29 Verstaan onder *ongeregtigheid* die reg van menslikheid wat tussen mense verkrag word deur nie aan elkeen te laat toekom wat syne is nie. Πονηρία het ek ooreenkomstig die mening van Ammonius vertaal met *boosheid*. Want hy leer dat πονηρὸ̃ (die bose) δραστικὸ̃ κακοὺ (om aktief kwaad te doen) is. Derhalwe sal *boosheid* beteken *uitgeoefende slegtigheid*, of die *teuellose losbandigheid in die doen van kwaad*. *Slegtigheid* is daardie verdorwenheid en verwrongenheid van gemoed wat lei tot die benadeling van die naaste. Waar Paulus *πορνεία* gebruik, het ek met *onkuisheid* vertaal; tog het ek nie beswaar as iemand *hoerery* verkies nie, want dit dui sowel op die innerlike begeerte as die uitwendige handeling. Die woorde *gierigheid*, *nydigheid* en *moord* het ’n ontwyfelbare betekenis. Onder *twis* verstaan hy rusies, gevegte en oproerige bewegings. Κακοηθεία, wat ons met *kwaadaardigheid* vertaal het, is ’n ooglopende en berugte verdorwenheid, waar die mens uit gewoonte en slegte gedrag asof deur ’n eelt bedek, in die verdorwenheid van die sedes verhard geword het.

30 Θεοστυγεῖ is sonder twyfel *haters van God*. Want daar is geen rede om dit passief (gehaat deur God) op te neem nie, omdat Paulus hier uit voor die handliggende sondes die mense in ’n staat van beskuldiging stel. Derhalwe word hulle aangewys wat hul van God afwend en sien dat sy geregtigheid hulle ongeregtighede teenstaan. *Nuusdraers* en *kwaadsprekers* word so onderskei dat eersgenoemde deur heimlike beskuldigings die vriendskapsverhoudinge van goeie mense vernietig, die gemoedere in toorn laat ontvlam, onskuldiges beskimp, tweedrag saai, ens. en laasgenoemde deur ’n sekere ingebore boosaardigheid die goeie naam van niemand spaar nie, en asof deur ’n rasende lus vir kwaadspreek gedryf, hulle wat dit verdien sowel as hulle wat dit nie verdien nie, beskimp. Ὑβριστᾶ het ons vertaal met *boosdoeners* omdat die Latynse skrywers gewoond was om groot oortredinge soos roof, diefstal, brandstigting en gifmengery *maleficia* (misdade) te noem, en dit is wat Paulus wil aanwys. Ek het hulle *contumeliosi* (versmaders) genoem, wat Paulus as ὑπερφάνοῦ aandui, omdat die Griekse segging hieruit weerklink. Die benaming kom immers daarvandaan dat sodanige mense, asof in die hoogte verhewe, op almal as minderwaardig met veragting neersien en nie in staat is om hulle as gelykes te sien nie.

Trotsaards is hulle wat opgeblase is deur die ydele wind van selfgenoegsaamheid. *Ontroues* is hulle wat deur onbillikheid die samevoeging in die samelewing van mense uiteenjaag, of hulle in wie geen opregtheid en duursaamheid van trou is nie, wat jy verbondsverbrekers kan noem. *Sonder natuurlike liefde* is hulle wat selfs die eerste natuurlike gevoel jeens hul eie afgelê het. Aangesien hy die gebrek aan barmhartigheid plaas onder die tekens van die verdorwenheid van die menslike natuur, maak Augustinus die afleiding dat barmhartigheid ’n Christelike deug is.

32 ... *mense wat – al ken hulle die verordeninge van God goed* ... Hoewel hierdie plek op verskillende maniere verklaar word, lyk die volgende uiteensetting vir my die waarskynlikste: (naamlik) dat die mense niks versuim het om te doen in die teuellose losbandigheid van te sondig nie; hulle het die onderskeid tussen goed en kwaad opgehef en hulle het dit waarvan hulle weet dat dit God mishaag en deur Sy regverdige oordeel veroordeel word, sowel in hulleself as in andere aangeprys. Dit is immers die toppunt van booshede wanneer die sondaar alle skaamte soseer aflê dat hy in sy sondes behae skep en nie verdra dat dit gelaak word nie, terwyl hy in andere dieselfde deur instemming en goedkeuring begunstig. So word wanhopige boosheid in die Skrifte beskryf: *die wat hulle verheug in kwaaddoen, wat juig oor die vals streke van die slegte* (Spr. 2:14) en ook: ... *en jou skaamte aangebied het aan elkeen wat verbygaan, en jy het*

jou hoerery vermenigvuldig (Eseg. 16:25).[1] Maar hy wat hom skaam, is vatbaar vir verbetering. Wanneer egter sodanige onbeskaamdheid ontstaan uit ’n gewoonte om te sondig, sodat hulle behae skep in ondeugde in pleks van deugde en dit goedkeur, is daar geen verdere hoop op verbetering nie. Ek verklaar dit egter so omdat ek sien dat die apostel hier iets ernstiger en meer misdadig as die bedryf van sondes self wou berispe. Wat dit is, weet ek nie, behalwe dat ons verwys na daardie toppunt van slegtigheid wanneer die ellendige mense nadat hulle teen die geregtigheid van God alle skaamtegevoel afgewerp het, die beskerming van die sondes opgeneem het.

HOOFSTUK 2

1 DAAROM is jy, o mens wat oordeel, wie jy ook mag wees, sonder verontskuldiging; want waarin jy ’n ander oordeel, veroordeel jy jouself; want jy wat oordeel, doen dieselfde dinge.

1 Propterea inexcusabilis es, O homo, quicunque judicas: in quo enim judicas alterum, teipsum condemnas; eadem enim facis dum judicas.

2 En ons weet dat die oordeel van God na waarheid is oor die wat sulke dinge doen.

2 Novimus autem quod judicium Dei est secundum veritatem in eos qui talia agunt.

1 Hierdie verwyt word gerig teen die skynheiliges wat, terwyl hulle met diensbetonings van uitwendige heiligheid die oë van mense (op hulle) vestig, ook dink dat hulle sekerheid by God het asof hulle Hom volle genoegdoening verskaf het. Nadat Paulus dus die growwere sondes aangetoon het, val hy hierdie soort skynheiliges aan wat hy nie in die eerste lys kon opgeneem het nie, sodat daar niemand voor God as regverdig oorbly nie. Die afleiding is te duidelik en voor die hand liggend vir enigiemand om te mag wonder waar die apostel aan die redenasie kom. Want hy maak hulle onverskoonbaar omdat hulleself die oordeel van God ken en desnietemin die wet oortree. Dit asof hy wil sê: hoewel jy die sondes van ander nie goedkeur nie, en self uit oortuiging ’n vyand en wreker van sondes skyn te wees, jy tog nie daarvan vry is nie omdat, as jy jouself goed beskou, jy nie enige verdediging kan opper nie.

---

[1] Die teks wat Calvyn aanhaal sou vertaal kan word met: *Sy het haar bene uitgesprei, sy het haar beroem in haar verdorwenheid*. Calvyn verwys ook na Jeremia 11:15 wat in die 1933-1953 Afrikaanse vertaling lui: *Wat het my beminde in my huis te doen, dat sy daar haar listige planne uitvoer? Sal baie dinge en heilige vleis jou onheil van jou wegneem? Dan kan jy jubel*. – *die vertaler*

... *want waarin jy 'n ander oordeel, veroordeel jy jouself* ... Benewens die elegante woordspeling van die Griekse woorde κρίνειν καὶ κατακρίνειν (oordeel en veroordeel) moet die verswaring (van skuld) wat hy teen hulle gebruik, opgemerk word. Want sy spreke het dieselfde krag asof hy wil sê: jy is dubbel te veroordeel, omdat jy skuldig is aan dieselfde sondes wat jy in andere aangryp en waaroor jy andere aankla. Dit is immers 'n bekende gesegde dat hulle wat van 'n ander 'n sekere lewensreël vereis, vir hulself daarenteen die wet van onskuld, ingetoënheid en alle ander deugde toewys; en hulle verdien geen genade as hulle vir hulleself dieselfde toelaat wat hulle op hulle neem om in ander te bestraf nie.

... *want jy wat oordeel, doen dieselfde dinge.* So is dit letterlik. Maar die betekenis is: hoewel jy veroordeel, doen jy dit desnietemin. En hy sê dat hulle dieselfde dinge doen omdat hulle nie die regte gesindheid het nie, aangesien die sonde in die besonder in die gemoed lê. Derhalwe veroordeel hulle hulself, omdat wanneer hulle 'n dief of 'n owerspelige of 'n kwaadspreker met afkeur bejeën, hulle nie net die persone veroordeel nie, maar ook die sondes wat aan hul eie gebeentes vaskleef.

2 *En ons weet dat die oordeel van God na waarheid is* ... Die bedoeling van Paulus is om die selfvleiery van die skynheiliges af te skud sodat hulle nie mag dink dat hulle iets groots verkry het nie, as hulle deur die wêreld geprys word of hulleself vryspreek nie, aangesien daar in die hemel 'n heeltemal ander ondersoek vir hulle oorbly. Aangesien hy hulle egter beskuldig van inwendige onreinheid wat, omdat dit vir menslike oë verborge is, nie deur menslike getuienisse betwis en blootgelê kan word nie, daag hy hulle voor die gerig van God vir wie selfs die duisternis nie verborge is nie, en deur wie se oordeel die sondaars noodwendig getref moet word, of hulle wil of nie wil nie. Verder, hierdie waarheid van die oordeel bestaan uit twee sake: dat Hy sonder aansien van persone die oortreding sal straf in watter mens Hy dit ook al aantref; vervolgens, dat Hy by die uiterlike skyn nie vertoef nie en met die werk self nie tevrede is nie tensy dit voortkom uit 'n ware opregte gemoed. Hieruit volg dat die masker van geveinsde heiligheid nie verhinder dat Hy die verborge boosheid deur sy oordeel bestraf nie. Maar dit is 'n Hebreeuse uitdrukking, aangesien waarheid vir die Hebreërs dikwels beteken die innerlike opregtheid van die hart, en so nie alleen gestel word teenoor die growwe valshede nie maar ook teenoor die uitwendige skyn van goeie werke. Maar dan alleen word skynheiliges wakker geskud, wanneer gesê word dat God nie alleen die valse geregtigheid maar ook die verborge gesindhede sal oordeel.

3 En meen jy, o mens wat hulle oordeel wat 3 Existimas autem, O homo, qui judicias eos

sulke dinge doen, en dit self doen, dat jy die oordeel van God sal ontvlug?

qui talia faciunt, et eadem facis, quod ipse effugies judicium Dei?

4 Of verag jy die rykdom van sy goedertierenheid en verdraagsaamheid en lankmoedigheid, omdat jy nie besef dat die goedertierenheid van God jou tot bekering wil lei nie?

4 An divitias bonitatis ipsius tolerantiaeque, ac lenitatis contemnis; ignorans quod bonitas Dei te ad poenitentiam deducit?

5 Maar ooreenkomstig jou verhardheid en onbekeerlike hart vergader jy vir jou toorn as ’n skat in die dag van die toorn en die openbaring van die regverdige oordeel van God

5 Sed, juxta duritiam tuam, et cor poenitere nescium, thesaurizas tibi iram in diem irae et revelationis justi judicii Dei;

6 wat elkeen sal vergeld na sy werke;

6 Qui redditurus est unicuique secundam ipsius opera:

7 aan die wat deur volharding in goeie werke heerlikheid, eer en onverganklikheid soek – die ewige lewe;

7 Iis quidem, qui per boni operis perseverantiam, gloriam et honorem et immortalitatem quaerunt, vitam aeternam;

8 maar aan die wat eiesinnig en aan die waarheid ongehoorsaam, maar net aan die ongeregtigheid gehoorsaam is – grimmigheid en toorn;

8 Iis vero qui sunt contentiosi, ac veritati immorigeri, injustitiae autem obtemperant, excandescentia et ira.

9 verdrukking en benoudheid oor die siel van elke mens wat kwaad doen, oor die Jood eerste en ook oor die Griek;

9 Tribulatio et anxietas in omnem animam hominis perpertrantis malum, Iudaei primum simul et Graeci:

10 maar heerlikheid en eer en vrede vir elkeen wat goed doen, vir die Jood eerste en ook vir die Griek.

10 At gloria et honor et pax omni operanti bonum, Iudaeo primum simul et Graeco.

3 *En meen jy, o mens* ... Aangesien die meesters van die welsprekendheid voorskryf dat nie tot ’n felle verwyt oorgegaan moet word nie alvorens ’n misdaad bewys is, mag dit vir sommige lyk asof Paulus hier op ’n onwyse manier hom verhef, wanneer hy so skerp uitvaar terwyl hy nog nie die beskuldiging wat hy ingedien het, geformuleer het nie. Maar die saak staan anders: hy het tog met ’n genoegsame sterk bewys die beskuldigdes van sonde aangekla, omdat hy hulle nie voor mense beskuldig het nie maar dit voor die gerig van die gewete bewys het. Maar dit wat hy wou bewys, beskou hy as duidelik vasstaande, omdat, as hulle tot hulself inkeer en aan die ondersoek van die goddelike oordeel onderwerp, hulle nie hul verdorwenheid kan ontken nie. Wanneer hy met soveel gestrengheid en skerpheid daardie geveinsde heiligheid bestraf; doen hy dit met baie goeie rede. Hierdie soort mense sus immers hulself aan die slaap in ’n wonderbaarlike gerustheid indien hulle ydele vertroue nie afgeskud word nie. Laat ons derhalwe onthou dat die beste manier om skynheiligheid bloot

te lê, is om dit uit sy roes wakker te skud en in die lig van die goddelike oordeel te betrek.

... *dat jy die oordeel van God sal ontvlug?* Die beredenering word gevoer uit die mindere (tot die meerdere). Want as dit betaam dat skanddade onderworpe is aan die oordeel van mense, soveel te meer aan God wat die enigste Regter van alles is. Die mense word wel deur ’n goddelike ingewing daartoe gelei om misdade te veroordeel, maar dit is slegs ’n vae en swak aanduiding van sy oordeel. Derhalwe is hulle uiters dwaas wat meen dat hulle die oordeel van God kan ontvlug terwyl hulle andere nie toelaat om van hul eie oordeel te ontsnap nie. En dit is nie sonder betekenis dat hy weereens die woord *mens* uitdruklik gebruik nie, en wel om die mens met God te vergelyk.

4 *Of verag jy die rykdom van sy goedertierenheid* ... Dit lyk nie vir my, soos baie mense dink, dat hier ’n *dilemma* is nie, maar wel ’n *prolepsis*[1]. Aangesien die skynheiliges gewoonlik deur die voorspoedige afloop van sake opgeblaas word, asof hulle deur goeie werke die genade van die Here waardig sou wees en so des te meer in die veragting van God verhard, loop die apostel hul vermetelheid tegemoet. Hy wys deur ’n argument geneem uit ’n teenoorgestelde oorsaak aan dat hulle nie uit die uiterlike voorspoed moet aflei dat God hulle goedgesind is nie, aangesien daar ’n heeltemal ander rede vir sy weldade is, naamlik om sondaars tot Hom te bekeer. Daarom, waar die vrees van God nie heers nie, is gerustheid in voorspoed ’n veragting en bespotting van sy oneindige goedheid. Hieruit volg dat ’n hewiger vonnis kragtens die reg uitgemeet sal word vir hulle wat God in hierdie lewe begunstig het, aangesien dit by die orige verdorwenheid bygevoeg is dat hulle die vaderlike uitnodiging van God versmaai het. Maar al die weldade van God is net soveel getuienisse van sy goedheid; aangesien Hy tog dikwels ’n ander doel voor oë het, wens die goddelose, terwyl Hy hulle vriendelik en goedgunstig bevoordeel, hulleself verkeerdelik in vrolike voorspoed geluk asof hulle vir Hom dierbaar sou wees.

... *omdat jy nie besef dat die goedertierenheid van God jou tot bekering wil lei nie* ... Die Here toon immers deur sy lankmoedigheid aan ons dat dit Hy is tot wie ons ons moet bekeer indien ons begeer om dit goed te hê en terselfdertyd versterk Hy ons vertroue op die verwagte barmhartigheid. As ons die weldadigheid van God nie vir hierdie doel gebruik nie, misbruik ons dit. Nogtans moet dit nie altyd op een manier opgevat word nie. Want

---

[1] Die woord *dilemma* beteken ’n moeilike keuse tussen twee moontlikhede en *prolepsis* beteken *’n antisipasie* of *vooruitloping*. Calvyn bedoel klaarblyklik dat Paulus by voorbaat ’n teenargument, wat hy verwag geopper mag word, wil ontsenu. – *die vertaler*

wanneer die Here sy diensknegte toegeeflik behandel en met aardse seëninge begiftig, verklaar Hy met hierdie soort tekens sy welwillendheid en verplig Hy hulle om die beste van alle dinge in Hom alleen te soek. Wanneer Hy die oortreders van die wet met dieselfde toegeeflikheid behandel, wil Hy deur sy welwillendheid hul hardnekkigheid versag; tog getuig Hy nie daarmee dat Hy hulle reeds genadig is nie, maar roep hulle eerder tot inkeer. Maar as iemand teenwerp dat die Here vir die dowes sing solank Hy nie die harte innerlik beroer nie, moet geantwoord word dat niks hier beskuldig word nie behalwe ons verdorwenheid. Vervolgens verkies ek in die woorde van Paulus *gelei* eerder as *uitgenooi* omdat dit meer betekenisvol is. En tog neem ek dit nie op as *heendryf* nie maar as *met die hand lei*.

5 *Maar ooreenkomstig jou verhardheid* ... Waar ons ons teen die waarskuwings van die Here verhard, volg onboetvaardigheid, en hulle wat nie tot inkeer beweeg word nie, versoek die Here openlik. En dit is ’n merkwaardige plek (passasie): hieruit moet geleer word, wat ek vroeër aangeraak het, dat die goddelose nie alleen, solank hulle hier leef, daagliks ’n swaarder oordeel van God op hulleself laai nie, maar dat ook alle gawes van God wat hulle voortdurend geniet, tot hul veroordeling sal strek, want van alles sal rekenskap geëis word. Maar die misdaad wat met reg tot die uiterste toe aan hulle toegereken word, sal dan daarin gevind word dat hulle deur die goedgunstigheid van God slegter gemaak is, waardeur hulle ten minste verbeter moes word. Derhalwe moet gewaarsku word sodat ons nie deur onregmatige misbruik van die gawes hierdie ongelukkige skat op ons laai nie.

... *in die dag van toorn* ... So is dit letterlik, maar dit staan vir εἰς ἡμέραν (teen die dag). Want die goddeloses versamel nou die verontwaardiging van God teen hulself waarvan die geweld dan oor hul hoofde sal neerstort. Hulle stapel die verborge vernietiging opeen wat dan uit die skatte van God onttrek sal word. Die dag van die laaste oordeel word egter die dag van toorn genoem, wanneer die redevoering tot die goddelose gerig is; vir die gelowiges sal dit die dag van verlossing wees. So word allerlei ander besoekinge van die Here altyd teenoor die goddelose beskryf as huiweringwekkend en dreigend; vir die vromes as aangenaam en vreugdevol. Insgelyks, so dikwels die Skrif herinner aan die nabyheid van die Here, beveel dit die vromes om met blydskap te jubel, maar wanneer dit gerig word tot die verworpenes, hou dit niks anders as verskrikking en vrees in nie. *Die dag,* sê Sefánja, *is ’n dag van grimmigheid, ’n dag van benoudheid en angs, ’n dag van woestheid en verwoesting, ’n dag van duisternis en donkerheid, ’n dag van wolke en wolkenag ...* (Sef. 1:15). Soortgelyke uitdrukkings vind jy by Joël (Joël 2:2).

En Amos roep ook uit: *Wee die wat na die dag van die Here verlang! Wat sal tog die dag van die Here vir julle wees? Dit sal duisternis wees en geen lig nie* (Amos 5:18). Wanneer Paulus verder die woord *openbaring* byvoeg, gee hy te kenne wat die dag van toorn sal wees – naamlik dat die Here dan sy oordeel sal openbaar. Hy gee immers daagliks aanduidings hiervan, maar die duidelike en volle openbaring hiervan stel hy uit en hou dit terug tot op dié dag. Want die boeke sal dan oopgemaak word, dan sal die bokke van die skape geskei word en die koring van die onkruid gesuiwer word.

6 *wat elkeen sal vergeld na sy werke;* Omdat hy te doen het met blinde skynheiliges wat dink dat die verdorwenheid van die hart goed bedek is, indien dit met ek weet nie watter smeersels van ydele werke opgetooi is nie, stel hy die ware regverdigheid van die werke wat ’n plek sal hê voor God. Die skynheiliges moet gevolglik nie vertrou dat dit genoegsaam is om Hom te behaag as hulle woorde blote beuselagtighede en blare aandra nie. Verder is daar nie soveel moeilikheid in hierdie uitspraak as wat algemeen gedink word nie. Want as die Here die verdorwenheid van die verworpenes met regverdige wraak sal straf, betaal Hy hulle wat hulle verdien. Aangesien Hy aan die ander kant hulle heilig wat Hy tevore besluit het om te verheerlik, sal Hy ook in hulle die goeie werke bekroon, maar nie na verdienste nie. En die teendeel kan nie uit hierdie uitspraak bewys word nie, want hoewel dit voorspel dat daar loon vir goeie werke sal wees, toon dit geensins aan hoeveel dit werd is nie en watter prys aan hulle verskuldig is nie. Dit is egter ’n dwase gevolgtrekking om uit die loon die verdienste te bepaal.

7 *aan die wat deur volharding in goeie werke heerlikheid, eer en onverganklikheid soek* ... Letterlik is dit *geduld* (of *lydsaamheid*), waardeur die woord ietwat beter uitgedruk word. Volharding is egter daar waar iemand sonder om moeg te word, aanhoudend goed doen; maar in die heiliges word ook verdraagsaamheid vereis, waardeur hulle staande bly hoewel oorval deur allerlei versoekinge. Die Satan laat hulle immers nie toe om met ’n onbelemmerde gang na die Here te haas nie, maar hy doen sy bes om deur tallose hindernisse hulle terug te hou en van die regte pad af te wend. Maar wanneer hy sê dat die gelowiges deur te volhard in goeie werke soek na heerlikheid en eer, dui hy nie aan dat hulle iets anders nastrewe as die Here nie, of iets hoër en beter verwag nie. Maar hulle kan Homself nie soek sonder om tegelykertyd na die geluksaligheid van sy ryk te streef nie, waarvan ’n beskrywing onder die uitdrukking van hierdie woorde vervat is. Die betekenis is derhalwe dat die Here die ewige lewe sal skenk aan hulle wat deur die nakoming van goeie werke die onsterflikheid voor oë het.

8 *maar aan die wat eiesinnig* ... Die redevoering is (hier) enigsins verward. Eerstens, weens die onderbreking van die samehang, want die draad van die betoog vereis dat die tweede deel van die vergelyking met die voorgaande sal saamhang op hierdie wyse: die Here sal aan hulle wat deur te volhard met goeie werke, heerlikheid, eer en onsterflikheid soek, die ewige lewe skenk; maar aan die twisgieriges en ongehoorsames die ewige dood. Dan kan die gevolgtrekking toegevoeg word dat vir eersgenoemde heerlikheid, eer en onverderflikheid berei is, maar vir laasgenoemde toorn en ellende weggelê is. Vervolgens, omdat die woorde *grimmigheid, toorn, verdrukking en benoudheid* van toepassing is op twee dele van die betoog, versteur dit tog die bedoeling van die betoog heel weinig, waarmee ons in die apostoliese geskrifte tevrede is. Die welsprekendheid moet immers uit ander werke geleer word; hier moet die geestelike wysheid gesoek word onder ’n minder geagte nederigheid van woorde. *Twisgierigheid* word hier geplaas vir opstandigheid en hardnekkigheid, aangesien Paulus die stryd voer teen die skynheiliges wat met growwe en lakse verdraagsaamheid God bespot. Met die woord *waarheid* word eenvoudig aangedui die maatstaf van die goddelike wil, wat die enigste lig van die waarheid is. Want dit is aan alle goddeloses gemeenskaplik om altyd te verkies om hulleself in die slawerny van ongeregtigheid te begewe eerder as om die juk van God op te neem. En hoeveel gehoorsaamheid hulle ook al mag voorgee, sien hulle tog nie daarvan af om halsstarrig die Woord van God te weerstaan en daarteen te stry nie. Net soos hulle wat openlik skande bedryf hierdie waarheid bespot, so ontsien die skynheiliges nie om daarteen hul kunsmatige godsdiens te stel nie. Vervolgens voeg die apostel by dat hierdie soort halsstarriges die ongeregtigheid dien, aangesien daar geen middeweg is waardeur hulle wat nie wil onderwerp word aan die wet van die Here nie, spoedig in diens van die sonde verval nie. En hierin is ook ’n regverdige beloning vir die rasende ongebondenheid dat hulle wat gehoorsaamheid aan God weier, slawe is van die sonde.

... *grimmigheid en toorn* ... So verplig die aard van die woorde my om te vertaal. Die Griekse woord θύμο dui dit aan wat Cicero leer om in Latyn as *excandescentia* te noteer (Cicero: Tusculanae quaestiones IV*)* naamlik ’n plotselinge ontvlamming van toorn. In die ander (woorde) volg ek Erasmus. Maar let op dat van die vier dinge wat opgesom word die twee laasgenoemdes as ’t ware die gevolg is van die eersgenoemdes. Want hulle wat aanvoel dat God hulle teenstaan en vertoornd is, word terstond weer verbrysel. Verder, hoewel hy met twee woorde sowel die saligheid van die vromes as die ondergang van die verworpenes sou kon aandui, gebruik hy meerdere woorde om beide duideliker te maak, waardeur hy des te meer en kragtiger die mense skok deur vrees vir die toorn van God en die begeerte prikkel om die genade in Christus te verkry. Ons sal

immers nooit die oordeel van God genoegsaam vrees indien dit nie met ’n lewende beskrywing as ’t ware voor die oë gestel word nie. En ons sal nie brand met ’n ernstige begeerte na die toekomstige lewe nie, as dit nie deur vele waaiers aangewakker word nie.

9 *oor die Jood eerste en ook oor die Griek*; Dit ly by my geen twyfel nie dat hy eenvoudig die heidene teenoor die Jode stel. Want hulle wat hy nou Grieke noem, sal hy spoedig heidene noem. Maar die Jode geniet by die behandeling van hierdie saak voorrang, wat voor die ander die beloftes en bedreiginge van die wet gehad het, asof hy wil sê: dit is die algemene (universele) wet van die goddelike oordeel wat by die Jode sal begin en die hele wêreld sal omvat.

11 Want daar is geen aanneming van die persoon by God nie.
12 Want almal wat sonder wet gesondig het, sal sonder wet verlore gaan; en almal wat onder die wet gesondig het, sal deur die wet geoordeel word;
13 omdat nie die hoorders van die wet by God regverdig is nie, maar die daders van die wet geregverdig sal word.

11 Siquidem non est acceptio personarum apud Deum.
12 Quicunque enim sine Lege peccaverunt sine Lege etiam peribunt; quicunque vero in Lege peccaverunt, per Legem judicabantur,
13 Non enim Legis auditores justi sunt apud Deum, sed qui Legem faciunt justificabuntur.

11 *Want daar is geen aanneming van die persoon by God nie*. Hy het tot dusver oor die algemeen alle sterflinge as skuldig voor die gerig behandel. Maar nou begin hy om afsonderlik die Jode aan die een kant en die heidene aan die ander kant te beskuldig en terselfdertyd leer hy dat die verskil wat die een van die ander skei, nie verhinder dat albei eweseer aan die ewige dood onderworpe is nie. Die heidene het die verweer van onkunde aangegryp; die Jode het geroem op die tafel van die wet; eersgenoemde ontneem hy hul verontskuldiging en laasgenoemde ontsê hy die valse en ydele roem. Dus is daar ’n verdeling van die hele menslike geslag in twee groepe. Want God het die Jode afgesonder van die res, maar die posisie van al die heidene was dieselfde. Nou leer hy dat daardie onderskeid nie in die minste verhinder dat albei onder dieselfde skuldlas ingesluit word nie. Verder word *persoon* deur die Skrif gebruik vir al die uitwendige dinge wat gewoonlik as waardevol en eervol geskat word. Wanneer jy derhalwe lees dat God nie ’n aannemer van persone is nie, verstaan dit so dat Hy let op die suiwerheid van die hart en die innerlike onskuld, maar nie behae het in daardie dinge wat gewoonlik in die oordeel van mense opkom, naamlik afkoms, vaderland, waardigheid, rykdom en

dergelike nie. *Aanneming* moet hier opgevat word as die verkiesing en afskeiding tussen volk en volk. Maar as iemand hier die toespeling wil maak dat daar dus geen onverdiende verkiesing van God is nie, moet geantwoord word dat daar twee soorte aanneming by God is. Eerstens, waardeur Hy ons uit niks deur onverdiende goedheid as geroepenes aanneem, aangesien daar in ons natuur niks is wat goedgekeur kan word nie. Tweedens, deurdat Hy ons, nadat Hy ons (tot wedergeboorte) vernuwe het, ook met sy genadegawes omarm en terwyl Hy die beeltenis van sy Seun in ons herken, met sy guns tegemoet gaan.

12 *Want almal wat sonder wet gesondig het* ... Ooreenkomstig die vroeëre indeling wend hy hom tot die heidene; hoewel geen Moses aan hulle gegee was om die wet, afkomstig van God, aan hulle af te kondig en te heilig nie, tog ontken hy dat dit verhinder dat hulle nietemin deur te sondig, die regverdige oordeel van die dood op hulle haal, so asof hy wil sê dat die kennis van die geskrewe wet nie noodsaaklik is vir die regverdige veroordeling van die sondaar nie. Kyk derhalwe watter soort beskerming hulle vir hulle voorhou. Hulle wil deur misplaaste medelye die volke wat van die lig van die evangelie ontneem is, op grond van voorgegewe onwetendheid probeer vrystel van die oordeel van God.

... *en almal wat onder die wet gesondig het* ... Net soos die heidene, terwyl hul gedryf word deur die dwalinge van hul eie aanvoeling, hals oor kop in die kuil ingaan, so het die Jode voor alle oë die wet waardeur hulle veroordeel word. Die vonnis is immers reeds lank gelede bekend gemaak dat almal vervloek is wat nie gebly het in al die gebooie daarvan nie (Deut. 27:26). ’n Slegter toestand wag op die Joodse sondaars omdat hul veroordeling reeds in die wet geleë is.

13 *omdat nie die hoorders van die wet by God regverdig is nie* ... Hier is ’n antisipasie waardeur hy die verweer wat die Jode sou kon opwerp, vooraf onderskep. Aangesien hulle gehoor het dat die wet ’n reël van geregtigheid is, het hulle alleen met die kennis daarvan gepronk. Om hierdie droombeeld te weerlê, ontken hy dat die hoor of die verstaan van die wet enige gewig dra dat iemand daaruit die geregtigheid sou verkry, maar dat werke gedoen moet word ooreenkomstig die volgende: Hy wat hierdie dinge gedoen het, sal daardeur lewe (Deut. 4:1).[1)] Daarom het die huidige uitspraak die volgende betekenis: As geregtigheid uit die wet gesoek word, moet die wet volbring word, want die geregtigheid van die wet is geleë in die volmaaktheid van die werke. Hulle wat hierdie deel misbruik om die

---

[1)] In die Afrikaanse vertaling lui dit: *Luister dan nou, Israel, na die insettinge en die verordeninge wat ek julle leer om te doen, sodat julle mag lewe ... – die vertaler*

regverdigmaking van die werke op te rig, verdien ten seerste om selfs deur kinders uitgelag te word. Dit is daarom onvanpas en uit sy plek om lang redeneringe oor die regverdigmaking uit te stort om sodoende ’n onbeduidende spitsvondigheid te weerlê. Die apostel benadruk immers teenoor die Jode die oordeel van die wet, waaraan hy hulle reeds herinner het, dat hulle nie deur die wet geregverdig kan word nie tensy hulle die wet vervul het. As hulle oortree het, is die vervloeking terstond vir hulle berei. Tog ontken ons nie dat in die wet volstrekte geregtigheid voorgeskryf is nie, maar omdat almal aan oortreding skuldig bevind is, sê ons dat ’n ander geregtigheid gesoek moet word. Ja, uit hierdie deel kan geredeneer word dat niemand deur werke geregverdig word nie, want as alleen hulle wat die wet vervul, deur die wet geregverdig word, volg dit dat niemand geregverdig word nie, omdat daar niemand gevind word wat kan roem op die vervulling van die wet nie.

14 Want wanneer die heidene, wat geen wet het nie, van nature die dinge van die wet doen, is hulle vir hulleself ’n wet, al het hulle geen wet nie;
15 omdat hulle toon dat die werk van die wet in hulle harte geskrywe staan, terwyl hulle gewete saam getuienis gee en die gedagtes mekaar onderling beskuldig of ook verontskuldig,
16 en in die dag wanneer God die verborge dinge van die mense deur Jesus Christus sal oordeel, volgens my evangelie.

14 Quum enim Gentes, quae Legem non habent, natura quae Legis sunt faciant, ipsae, Legem non habentes, sibi ipsae sunt Lex:
15 Quae ostendunt opus Legis scriptum in cordibus suis, simul attestante ipsorum conscientia et cogitationibus inter se accusantibus aut etiam excusantibus,
16 In die qua judicabit Deus occulta hominum, secundum Evangelium meum, per Iesum Christum.

14 *Want wanneer die heidene, wat geen wet het nie* ... Hy herhaal nou die bewys van die vorige deel. Hy het immers nie genoeg daaraan om ons met die woord te veroordeel en die regverdige oordeel van God teen ons aan te kondig nie, maar hy streef daarna om ons te oortuig met redes waardeur hy ons opwek tot verlange na en groter liefde jeens Christus. Hy toon naamlik aan dat onkunde tevergeefs deur die heidene voorgehou word, aangesien hulle met hul dade verklaar het dat hulle tog ’n norm van geregtigheid besit het. Geen volk was immers ooit so afkerig van menslikheid dat hulle hul nie binne sekere wette gehou het nie. Wanneer alle volke uit hul eie en sonder raadgewer geneig was om vir hulself wette te stel, staan dit sonder twyfel vas dat sekere begrippe van geregtigheid en regskapenheid, wat die Grieke προλήψεῖ noem, natuurlikerwys in die siele van mense ingeskape is. Hulle het derhalwe ’n wet sonder die wet, want hoewel hulle nie die geskrewe wet van Moses het nie, ontbeer hulle tog weer geensins die

kennis van goed en kwaad nie. Andersins sou hulle nie kon onderskei het tussen misdaad en deug nie, waarvan hulle die een met strawwe beteuel en die tweede aanbeveel en deur hul oordeel die goedkeurende bevinding met belonings vereer. Hy het die natuur gestel teenoor die geskrewe wet terwyl hy dit so verstaan dat ’n natuurlike verligting van geregtigheid die heidene verlig en in die plek van die wet kom, waardeur die Jode geleer was, sodat hulle ’n wet vir hulself kan wees.

15 *omdat hulle toon dat die werk van die wet in hulle harte geskrywe staan* ... Dit is, hulle bewys dat daar in hul harte ’n onderskeiding en oordeel ingeskrywe is waardeur hulle verskil maak tussen goed en kwaad, en tussen eerbaar en skandelik. Maar hy verstaan dit nie so dat dit in hul wil gegraveer is, sodat hulle daarna reik en dit ywerig opvolg nie, maar dat hulle deur die krag van die waarheid oorwin word, sodat dit vir hulle onmoontlik is om dit nie goed te keur nie. Waarom stel hulle dan godsdienste in, behalwe omdat hulle oordeel dat God gedien moet word? Waarom beskaam dit hulle om te hoereer en diefstal te pleeg, behalwe omdat hulle beide as kwaad aanvoel? Derhalwe word die krag van ons wil verkeerdelik uit hierdie deel afgelei, so asof Paulus wou sê dat die nakoming van die wet onderworpe is aan ons vermoë, want hy praat nie oor die mag om die wet te vervul nie, maar oor die kennis daarvan. En die woord *hart* word nie opgevat as die setel van gevoelens nie maar bloot as die verstand, soos dit elders staan: *Maar die Here het julle nie ’n hart gegee om te verstaan ...* (Deut. 29:4) en net so: *O, onverstandiges, met harte wat traag is om te glo ...* (Luk. 24:25). Vervolgens moet hieruit nie afgelei word dat daar by mense ’n volledige kennis van die wet bestaan nie, maar dat daar slegs sekere sade van geregtigheid in hul wesensaard ingeplant is, soos die volgende: alle volke sonder onderskeid stel godsdienstige gebruike in en straf deur wette owerspel en diefstal en moord en hulle beveel die goeie trou aan in handelsbetrekkinge en in kontraktuele ooreenkomste. So getuig hulle inderdaad dat hulle nie onbekend daarmee is dat God gedien moet word nie; dat owerspel en diefstal en moord boos is en dat regskapenheid prysenswaardig is. En dit is nie van belang hoedanige god hulle versin nie, of hoeveel gode hulle ook al fabriseer nie. Dit is genoegsaam dat hulle weet dat daar ’n god is en dat hy geëer en gedien behoort te word. Dit is nie van belang of hulle die hunkering na ’n ander se vrou en besitting en watter saak ook al toelaat, of toorn en haat oogluikend oorsien nie. Want dit wat hulle weet boos is om te bedryf, sal ook nie reg wees om te begeer nie.

... *terwyl hulle gewete saam getuienis gee en die gedagtes mekaar onderling beskuldig* ... Hy kon hulle nie sterker vasgedruk het as deur die getuienis van hul eie gewete nie, wat so goed is as van duisend getuies.

Deur die gewete van goeie dinge te doen, onderskraag en vertroos mense hulself; hulle wat weet dat hulle kwaad bedryf het, word innerlik gekwel en gefolter. Vandaar daardie uitsprake van die heidene dat ’n goeie gewete soos ’n allerbeste skouspel is, maar dat ’n slegte gewete die slegste beul is wat die goddelose wreder vervolg as watter wraakgodinne ook al. Daar is immers ’n sekere natuurlike kennis van die wet wat voorskryf dat die een goed en begerenswaardig is, maar dat die ander verafsku moet word. Maar let daarop met hoeveel kundigheid hy die gewete omskryf wanneer hy sê dat redes tot ons gedagtes kom, waardeur ons verdedig wat goed gedoen is, en aan die ander kant ons van misdrywe beskuldig en verwyt. Maar hierdie oorweginge van beskuldiging of verdediging verplaas hy na die dag van die Here; nie dat dit dan eers te voorskyn sal tree nie, want nou reeds bloei dit voortdurend en vervul sy funksie, maar omdat dit ook dan in volle krag sal wees, sodat niemand dit verag as iets onbeduidend en verbygaande nie. Hy het *in die dag* gestel vir *teen die dag*, net soos vantevore.

16 *in die dag wanneer God die verborge dinge van die mense deur Jesus Christus sal oordeel* ... Die omskrywing van *oordeel* is uiters toepaslik in die huidige gedeelte. Sodat hulle wat hulle graag agter die duisternis van verdwasing terugtrek, sal weet dat daardie intieme gedagtes wat nou ook in die skuilplek van die hart geheel en al verborge is, dan in die lig te voorskyn gebring sal word. So sê hy ook elders (I Kor. 4:5). Wanneer hy aan die Korinthiërs wil aantoon hoe nikswerd menslike oordele is wat op die uiterlike skyn bly staan, beveel hy hulle om te wag totdat die Here gekom het, wat die verborgenhede van die duisternisse sal verlig en die geheime van die harte sal oopvlek. Wanneer ons dit hoor, laat dit by ons opkom om gewaarsku te wees dat as ons waarlik onsself by ons Regter wil aanbeveel, ons na hierdie opregtheid van gees moet streef. Hy voeg daarby: *volgens my evangelie* waarmee hy aandui dat hy ’n leerstuk bring, waarop die menslike gevoelens, wat natuurlikerwys ingebore is, moet antwoord. En hy noem dit sy evangelie op grond van sy bediening. Want die gesag om die evangelie uit te dra berus by God alleen; aan die apostels is alleen die bediening daarvan opgedra. Verder is dit geen wonder dat ’n deel van die evangelie die boodskapper en aankondiger van die toekomstige oordeel genoem word nie. Want as die uitvoering en voltooiing van die dinge, wat Hy beloof het, uitgestel word tot die volkome openbaring van die hemelse koninkryk, is dit nodig om dit met die laaste oordeel te verbind. Vervolgens kan Christus nie verkondig word behalwe vir sekeres tot wederopstanding en vir ander tot verderf nie, en in beide gevalle het dit betrekking op die dag van oordeel. Die gedeelte *deur Jesus Christus* pas ek tog toe op die oordeel, hoewel dit vir sekeres anders lyk, in die sin dat

die Here deur Christus Sy oordeel uitvoer. Hy is immers deur die Vader aangestel as Regter oor die lewendes en die dooies, wat die apostels altyd reken tot die vernaamste leerstukke van die evangelie. So sal die uitspraak ryker wees, wat andersins verkil sal wees.

17 Kyk, jy dra die naam van Jood en steun op die wet en beroem jou op God,
18 en jy ken sy wil en onderskei die dinge waarop dit aankom, omdat jy uit die wet onderrig word,
19 en jy is oortuig dat jy 'n leidsman is van blindes, 'n lig vir die wat in duisternis is,
20 'n opvoeder van onverstandiges, 'n leermeester van onervarenes, omdat jy die beliggaming van die kennis en die waarheid in die wet het –
21 jy dan, wat 'n ander leer, leer jy jouself nie? Jy wat preek dat 'n mens nie mag steel nie, steel jy?
22 Jy wat sê dat 'n mens nie owerspel mag pleeg nie, pleeg jy owerspel? Jy wat 'n afsku van die afgode het, pleeg jy tempelroof?
23 Jy wat jou op die wet beroem, onteer jy God deur die oortreding van die wet?
24 Want, soos geskrywe is, die Naam van God word om julle ontwil onder die heidene gelaster.

17 Ecce, tu Iudaeus cognominaris, et acquiescis in Lege, et gloriaris in Deo,
18 Et nosti voluntatem, et probas eximia institutus ex Lege;
19 Confidisque teipsum esse ducem caecorum, lumen eorum qui sunt in tenebris,
20 Eruditorem insipientium, doctorem imperitorum, habentem formam cognitionis ac veritatis in Lege:
21 Qui igitur doces alterum, teipsum non doces; qui concionaris, non furandum, furaris;
22 Qui dicis, non moechandum, moecharis; qui destaris idola, sacrilegium perpetras;
23 Qui de Lege gloriaris, Deum per Legis transgressionem dehonestas:
24 Nomen enim Dei propter vos probro afficitur inter gentes, quemadmodum scriptum est.

17 *Kyk, jy dra die naam van Jood en steun op die wet* ... In sommige ouer handskrifte word gelees εἰ δέ (hoewel inderdaad) wat, as dit so aanvaar sou gewees het, eerder deur my verkies sou word. Aangesien 'n groter getal handskrifte daarteen getuig en die betekenis andersins nie verswak kan wees nie, behou ek die gebruiklike lesing, veral omdat die belang van een letter onbenullig is. Na die behandeling van die geval van die heidene, keer hy nou egter terug na die Jode, en om al hul oppervlakkigheid kragtiger te weerlê, stem hy aan hulle alles toe waardeur hulle weggevoer en opgeblaas was. Vervolgens toon hy aan hoe ver dit van ware roem is; ja, hoe dit vir hulle in skande verander. Onder die naam van *Jood* vat hy alle voorregte van hierdie volk saam, wat hulle valslik voorgegee het dat hulle dit uit die wet en die profete verkry het, en so sluit hy alle Israeliete in, wat toe sonder uitsondering Jode genoem was. Dit is origens onseker op watter tydstip hierdie benaming vir die eerste keer begin gebruik is,

behalwe dat dit ongetwyfeld na die verstrooiing begin is. Josefus meen in die elfde boek van *Oudhede* dat dit geneem is van Judas Makkabeus, onder wie se leiding die vryheid en waardigheid van die volk, wat ’n tyd lank vervalle en byna begrawe was, herlewe het. Hoewel ek hierdie siening as waarskynlik beskou, maar daar tog diegene is wat nie daardeur tevrede gestel word nie, bied ek ook ’n ander veronderstelling van my eie aan. Dit lyk vir my inderdaad baie waarskynlik dat hulle toe deur soveel rampe verneder en uiteengedryf is dat hulle nie in staat was om ’n bepaalde onderskeid van die stamme te behou nie. ’n Volkstelling kon immers nie op sy bepaalde tyd gedoen word nie, en daar was ook nie ’n staatkundige struktuur staande wat noodsaaklik was vir die instandhouding van hierdie soort orde nie. Hulle het verspreid en ronddwalend gelewe, en uitgemergel deur teenspoede, was hulle ongetwyfeld minder noulettend in die registrasie van hul geslag. Indien jy werklik hierdie siening nie teenoor my toegee nie, sal jy tog nie ontken dat gevaar van hierdie aard uit soveel verwardheid van sake bly dreig het nie. Daarom dink ek dat hulle, óf omdat hulle in die toekoms wou inkyk, óf omdat hulle met die kwaad wat hulle reeds oorgekom het, wou saamleef, almal tesame die naam van daardie stam aanvaar het, waarin die suiwerheid van die godsdiens die langste staande gebly het, en wat kragtens ’n besonder voorreg bo al die ander uitgemunt het, en uit wie die Verlosser verwag was om te voorskyn te kom. In doodsgevare was dit immers hulle toevlug om deur die verwagting van die Messias vertroos te word. Hoe dit ook al mag wees, deur die naam van Jode het hulle hulself openlik as erfgename van die verbond verklaar wat die Here met Abraham en sy nageslag opgerig het.

... *en steun op die wet en beroem jou op God* ... Hy bedoel nie dat hulle rus gevind het in die bestudering van die wet asof hulle hul aandag op die nakoming daarvan gerig het nie. Hy verwyt hul eerder dat, terwyl hulle geen aandag gegee het aan die doel waarvoor die wet gegee is nie en die nakoming daarvan verwaarloos het, hulle opgeblase was met die een ding, naamlik omdat hulle oortuig was dat die openbaringe van God aan hulle toebehoort. Op dieselfde manier het hulle oor God geroem, nie soos die Here deur die profeet voorgeskryf het nie (Jer. 9:24) dat ons, in onsself vernederd, die roem in Hom alleen moet soek. Inteendeel, hulle het sonder enige kennis van Gods goedheid, Hom, van wie hulle innerlik verstoke was, met die oog op ydele vertoon by die mense besonderlik hul eie gemaak het, en met hulself te koop geloop het as sy volk. Dit immers is nie die roem van die hart nie, maar die bedrog van die tong.

18 ... *en jy ken sy wil en onderskei die dinge waar dit op aankom* ... Die kennis van die goddelike wil en die keuring van wat nuttig is, wat hulle uit die onderwysing van die wet verkry het, gee hy nou aan hulle toe. Maar

daar is ’n dubbele keuring: die een van verkiesing, wanneer ons dit wat ons as goed beproef het, omhels; die ander van oordeel waardeur ons ongetwyfeld onderskei tussen goed en kwaad maar die goeie met weinig strewe of verlange najaag. Derhalwe was die Jode wel so onderlê in die wet dat hulle die sensuur oor die sedes kon toepas, maar te weinig aangespoor om hierdie sensuur oor hul eie lewe uit te voer. Verder, wanneer Paulus hulle skynheiligheid bestraf, is dit toelaatbaar om aan die ander kant af te lei dat dan eers die dinge wat nuttig is na regte beproef word – op voorwaarde dat die oordeel voortkom uit ’n opregte gemoed – as na God geluister word. Want sy wil, soos dit in die wet geopenbaar is, word hier gestel as die leidsman en leermeester van die keuring.

19 ... *en jy is oortuig dat jy ’n leidsman is van blindes* ... Nog meer gee hy aan hulle toe: asof hulle nie alleen besit wat genoeg is vir hul eie gebruik nie, maar ook ander daaruit kan verryk. Hy gee toe, sê ek, dat hulle so ’n oorvloed van kennis voor hande het, dat dit ook na ander kan oorstroom.

20 Dit wat volg, naamlik *beliggaming van kennis* neem ek oorsaaklik op. Dit kan só verduidelik word: omdat jy die vorm van kennis het. Hulle gee hulself uit as leermeesters van ander, omdat dit lyk of hulle al die geheime van die wet in hul hart ronddra. Die woord *vorm*[1)] word nie gebruik as *toonbeeld* nie, aangesien Paulus μόρφωσῖ en nie τυπῶ gebruik nie[2)], maar ek dink dat hy die opvallende gepraal met die leer wou aanwys, wat gewoonlik uiterlike vertoon genoem word. En dit staan met sekerheid vas dat hulle sonder die kennis was wat hulle voorgegee het. Verder, terwyl hy sydelings die spot dryf met die verdorwe misbruik van die wet, dui Paulus aan die ander kant aan dat die regte kennis uit die wet gesoek moet word, sodat die waarheid vas mag staan.

21 ... *jy dan, wat ’n ander leer, leer jy jouself nie?* ... Hoewel dit wat hy tot dusver gestel het, sodanig tot lof van die Jode was dat hulle met reg hulself kon optooi, as die meer egte versiersels hulle nie ontbreek het nie; tog, aangesien dit middelmatige gawes vervat het, wat ook by die goddelose voorkom en deur ’n verwronge misbruik verdorwe kan word, is dit kwalik genoegsaam vir duursame roem. En Paulus is nie tevrede om die aanmatiging van hulle wat op hierdie dinge alleen vertrou, te weerlê en te bespot nie, maar hy ontbloot ook hul eerloosheid. Want hy wat die gawes van God, wat opsigself helder en voortreflik is, nie alleen nutteloos maak

---

1) Calvyn gebruik die Latyse woord *forma* wat beter vertaal kan word met *vorm* as met *beliggaming* soos die 1933-1953 Afrikaanse vertaling dit weergee. – *die vertaler*

2) Μορφωσῖ beteken *vorm* of *gedaante* en τυπῶ beteken *tipe*, *voorbeeld* of *toonbeeld*. – *die vertaler*

nie maar ook deur sy verdorwenheid skend en besoedel, verdien meer as gewone smaad. En dit is ’n slegte raadgewer, wat aan homself nie raad gee nie en alleen wys is tot voordeel van ander. Vandaar toon hy aan dat die lof wat hulle opeis, tot hul skaamte verander.

Jy wat preek dat ’n mens nie mag steel nie ... Dit lyk asof hy sinspeel op ’n plek in Psalm 50 (Ps. 50:16-18): *Maar aan die goddelose sê God: Wat vertel jy nog my insettinge en neem jy my verbond in jou mond – terwyl jy die tug haat en my woorde agter jou werp? As jy ’n dief sien, dan geval dit jou by hom, en jou deel is met die egbrekers.* Soos hierdie berisping vroeër van toepassing op die Jode was, wat vertrouend op die blote kennis van die wet, niks beter gelewe het as hulle wat die wet nie het nie, so moet ons oppas dat dit vandag nie teen ons gedraai word nie. En inderdaad is dit maar alte veel op baie van toepassing, wat, terwyl hulle roem op ’n sekere seldsame kennis van die evangelie, hulself oorgegee het aan allerlei soorte onreinheid asof die evangelie nie ’n lewensreël is nie. Sodat ons nie sorgeloos op hierdie wyse met die Here spot nie, laat ons onthou watter oordeel oor sodanige woordkunstenaars hang, wat die Woord van God uit blote praatsug ten toon stel.

22 ... *Jy wat ’n afsku van die afgode het* ... Op kundige wyse stel hy heiligskennis teenoor afgodsdiens, aangesien heiligskennis en afgodsdiens twee sake van dieselfde soort is. Heiligskennis is immers eenvoudig die ontwyding van die goddelike majesteit. Dit was ook nie onbekend aan heidense digters nie. Volgens hierdie norm het Ovidius in sy *Metamorphoses* boek 3 Lycurgus heiligskendend genoem weens die veragting van die dinge wat aan Bacchus gewy is, en in sy *Fasti* praat hy van heiligskendende hande wat die majesteit van Venus onteer het. Maar omdat die heidene die majesteit van hul gode verbind met afgode, het hulle eintlik dit net heiligskennis genoem wanneer iemand dit wat aan die tempels gewy was en waarin hulle geglo het die algehele godsdiens geleë is, geplunder het. So ook vandag, waar die bygeloof in die plek van Gods Woord regeer, ken hulle geen ander vorm van heiligskennis as die steel van rykdomme van die tempels[1)] nie. Daar is immers geen God nie, behalwe in afgodsbeelde en geen godsdiens behalwe in weelde en praalvertoon nie. Maar ons word ten eerste vermaan om geen behae in onsself te hê as ons een of ander deel van die wet nagekom het nie, terwyl ons neersien op ander. Vervolgens, dat ons nie sal roem in die verwydering van uitwendige afgodery onder ons nie, sodat ons intussen nie sorg dat die verskuilde goddeloosheid in ons gees beëindig en uitgewis word nie.

[1)] Calvyn gebruik die woord *templorum* (*van die tempels*), maar in die konteks van wat hy sê, sou dit miskien beter wees om dit met *kerkgeboue* te vertaal. – *die vertaler*

23 *Jy wat jou op die wet beroem, onteer jy God* ... Elke oortreder van die wet krenk God se eer – omdat almal gebore is met hierdie doel om deur geregtigheid en heiligheid Hom te dien, lê hy tog met reg in hierdie saak ’n besondere skuld op die Jode. Maar omdat hulle God as hul wetgewer verkondig het, dog nie die minste moeite gedoen het om hul lewe na sy reëling in te rig nie, het hulle verklaar dat hulle aan die majesteit van God nie veel erg het nie. Hulle het dit immers alte maklik verag. Op dieselfde manier onteer mense Christus vandag deur die oortreding van die evangelie, naamlik hulle wat ewe maklik babbel oor sy leer, maar dit intussen met ’n teuellose en losbandige lewenswyse vertrap.

24 ... *die Naam van God word om julle ontwil onder die heidene gelaster.* Ek dink dat hierdie getuienis eerder uit Eségiël 36:23 as uit Jesaja geneem is, want by Jesaja is daar geen verwyte teen die volk nie, terwyl die hele hoofstuk van Eségiël daarvan vol is. Maar sommige meen dat hier ’n beredenering van die mindere na die meerdere is, in hierdie sin: Indien die profeet in sy tyd nie sonder rede die Jode geroskam het nie, omdat weens hul ballingskap die roem en mag van God onder die heidene bespot is, so asof Hy nie in staat was om die volk wat Hy in sy beskerming geneem het, te bewaar nie, dan is julle te meer tot smaad en ontering van God, wie se diens, geoordeel na julle uiters verdorwe sedes, ’n slegte naam verkry. Hoewel ek hierdie uitspraak nie verwerp nie, verkies ek tog ’n eenvoudiger verklaring, asof gesê is: Ons sien dat alles wat tot afkeur van die volk Israel strek, terugval op die Naam van God; omdat hulle gehou word as die volk van God en so genoem word, dra (die volk) as ’t ware die Naam van God ingegrif in sy voorhoof. Hieruit volg noodwendig dat God, met wie se Naam hulle te koop loop, deur hul skandalige gedrag belaster word. Maar dit is hoogs onwaardig wanneer hulle wat hul roem aan God ontleen, die merkteken van skande op sy heilige Naam spat, want dit betaam hulle om Hom ten minste met ’n ander loon te betaal.

25 Want die besnydenis is wel nuttig as jy die wet onderhou; maar as jy ’n oortreder van die wet is, het jou besnydenis onbesnedenheid geword.

26 As die onbesnedene dan die verordeninge van die wet onderhou, sal sy onbesnedenheid dan nie as besnydenis gereken word nie?

27 En sal hy wat van nature onbesnede is en die wet volbring, jou nie oordeel wat ondanks letter en besnydenis ’n oortreder

25 Nam circumcisio quidem prodest, si Legem observes; quod si transgressor Legis fueris, circumcisio tua in praeputium versa est.

26 Si ergo praeputium justitias Legis servaverit, nonne praputium ejus pro circumcisione censebitur?

27 Et judicabit quod ex natura est praeputium (si Legem servaverit) te qui per literam et circumcisionem transgressor es

van die wet is nie?
28 Want nie hý is ’n Jood wat dit in die openbaar is nie, en nie dít is besnydenis wat dit in die openbaar in die vlees is nie;
29 maar hy is ’n Jood wat dit in die verborgene is, en besnydenis is dié van die hart, in die gees, nie na die letter nie. Sy lof is nie uit mense nie, maar uit God.

Legis?
28 Non enim qui est in aperto Iudaeus est; nec quae in aperto est circumcisio in carne ea est circumcisio:

29 Sed qui est in occulto Iudaeus; et circumcisio cordis in spiritu non litera; cujus laus non ex hominibus sed ex Deo.

25 *Want die besnydenis is wel nuttig as jy die wet onderhou* ... Deur antisipasie ontkrag hy dit wat die Jode weer kon teenwerp ter verdediging van hul saak. Want as die besnydenis ’n simbool was van die verbond van die Here, waardeur die Here Abraham en sy saad as sy eiendom uitverkies het, lyk dit of hulle nie tevergeefs roem nie. Maar omdat hulle die waarheidsin van die teken versaak het en aan die uitwendige vorm daarvan bly vaskleef het, antwoord hy dat daar nie rede is waarom hulle hulself op grond van ’n blote teken kan verhef nie. Die waarheid van die besnydenis was gesetel in die geestelike belofte, wat geloof vereis het. Die Jode het beide verwaarloos – sowel die belofte as die geloof. Derhalwe was hul vertroue dwaas. Hierom is dit so, dat hy hier die vernaamste gebruik van die besnydenis verbygaan, terwyl hy die vermaning rig tot hulle growwe dwaling, soos ook in die brief aan die Galásiërs. En hierop moet noukeurig gelet word. Want indien hy oor die hele aard en doel van die besnydenis sou gehandel het, sou dit ongerymd gewees het om geen melding te maak van die genade en die onverdiende belofte nie. Maar in beide plekke praat hy oor die omstandigheid wat verband hou met dit wat hy behandel. Daarom raak hy net daardie deel aan wat omstrede was. Hulle het gedink dat die besnydenis op sigself ’n werk is, wat voldoende is om geregtigheid te verwerf. Daarom, om in ooreenstemming met hul opvattings te praat, antwoord hy: Indien in die besnydenis die werk in aanmerking geneem word, is daar hierdie voorwaarde, dat hy wat besny is hom as ’n onberispelike vereerder teenoor God moet betoon, aangesien die werk van die besnydenis geleë is in volmaaktheid. Dieselfde behoort ook oor ons doop gesê te word: Indien iemand sou meen dat hy geregverdig is, terwyl hy alleen staatmaak op die vertroue in die water van die doop, so asof hy reeds heiligheid verkry het deur daardie handeling, moet die doel van die doop daarteenoor gestel word, naamlik dat die Here daardeur ons roep tot die heiligheid van die lewe. Hier sal die belofte en die genade, wat die doop aan ons betuig en verseël, verswyg word omdat ons te doen het met hulle wat, tevrede met die skaduwee van die doop, nie omgee vir die blywende daarin nie en daarvan nie rekenskap gee nie. En dit is juis wat jy opmerk by

Paulus: waar hy oor die tekens by die gelowiges praat en, sonder vittery, verbind hy dit met die uitwerking en vervulling van die beloftes, maar waar hy gesprek voer met die aweregse en onbedrewe uitlêers van die tekens, laat hy die vermelding van die eintlike en ware aard van die tekens na, maar rig die hele skrywe teen hulle verdorwe uitleg. Maar baie, omdat hulle sien dat Paulus die besnydenis eerder as enige ander werk van die wet aanvoer, meen dat hy alleen die geregtigheid aan die seremonies ontneem. Maar die saak staan heeltemal anders; want dit gebeur altyd dat hulle wat waag om hul eie verdienste teen die geregtigheid van God op te werp, meer roem op die uitwendige nalewinge as op die egte regskapenheid. Elkeen, immers, wat deur ’n ernstige vrees van God aangeraak en vervul is, sal nooit waag om die oë na die hemel te rig nie, want hoe meer hy streef na ware geregtigheid hoe duideliker bemerk hy watter afstand hy daarvandaan verwyder is. Maar van die Fariseërs wat tevrede is om met ’n uiterlike nabootsing heiligheid voor te gee, is dit geen wonder as hulle hulself so maklik vlei nie. So ontneem Paulus hulle nou ook daardie ydele masker, nadat hy aan die Jode niks oorgelaat het behalwe hierdie ellendige ontvlugting dat hulle hul beroem op regverdigmaking deur die besnydenis nie.

26 *As die onbesnedene dan die verordeninge van die wet onderhou* ... Dit is die sterkste argument. Elke saak is minder as sy doel en word daaraan ondergeskik gestel. Die besnydenis sien terug na die wet en behoort dus daaronder te staan. Derhalwe is dit belangriker om die wet te onderhou eerder as die besnydenis, wat ter wille daarvan ingestel is. Daaruit volg dat die onbesnedene wat slegs die wet onderhou, die Jood ver oortref, wat met sy verdorde en nuttelose besnydenis ’n oortreder van die wet is. En so sal hy, hoewel van nature besoedel, tog deur die onderhouding van die wet geheilig word, sodat die onbesnedenheid hom as besnydenis toegereken word. Die woord *onbesnedene* word op die tweede plek opgeneem in sy eintlike betekenis, en op die vroeëre plek in ’n oneintlike (figuurlike) betekenis vir die heiden; die saak vir die persoon. Verder behoort niemand hom te bekommer oor watter onderhouers van die wet Paulus hier praat nie, aangesien geen sodaniges gevind kan word nie. Hy het immers eenvoudig hierdie veronderstelling in gedagte gehad dat indien ’n heiden gevind word wat die wet sou onderhou, sy regverdigheid in die onbesnedenheid meer werd is as die besnydenis van ’n Jood sonder regverdigheid. Derhalwe betrek ek dit wat volg, naamlik ... *en sal hy wat van nature onbesnede is* ... *jou nie oordeel*, nie op persone nie maar op ’n voorbeeld. Net soos die woorde *die koningin van die Suide sal in die oordeel opstaan*, ens., en ook *die manne van Ninevé sal in die oordeel opstaan* (Matt. 12:41-42; Luk. 11:31-32). Immers, ook die woorde van

Paulus lei ons tot hierdie betekenis. Die heiden as onderhouer van die wet, sê hy, sal jou as oortreder oordeel, hoewel hy onbesnede is en jy met die letterlike besnydenis toegerus is.

27 ... *wat ondanks letter en besnydenis 'n oortreder van die wet is* ... Hier is 'n *hypallage*[1)] vir die letterlike besnydenis. Hy bedoel nie dat hulle die wet oortree het omdat hulle die letter van die besnydenis het nie, maar omdat hulle nie ophou om deur hul uitwendige seremonies die geestelike diens van God, naamlik vroomheid, geregtigheid, die oordeel en die waarheid, wat tog die vernaamste deel van die wet is, uit te wis nie.

28 *Want nie hý is 'n Jood wat dit in die openbaar is nie* ... Die betekenis is dat iemand nie as 'n ware Jood geag moet word op grond van óf afstamming van die vlees óf inskrywing in 'n register óf uitwendige teken nie: en dat die besnydenis wat iemand 'n Jood maak, nie alleen bestaan in die uiterlike teken nie, maar dat albei inwendig is. Maar dit wat hy oor die ware besnydenis byvoeg, is geneem uit verskeie dele van die Skrif, ja uit die gemeenskaplike leerreël, aangesien die volk oral beveel word om hul hart te besny en dit is wat die Here beloof om te doen. Die voorhuid is immers nie afgesny slegs as 'n klein verdorwenheid van 'n enkele deel nie maar (as 'n verdorwenheid) van die hele natuur. Derhalwe was die besnydenis 'n versterwing van die hele vlees.

29 Dit wat hy vervolgens toevoeg, naamlik *in die gees, nie na die letter nie*, neem dit so op: Die uitwendige nakoming sonder vroomheid noem hy die *letter*, en die doel van die seremonie noem hy *gees*, wat geestelik is. Want indien die hele waarde van die tekens en die godsdienstige gebruike afhang van die doel, bly daar, nadat die doel self onderdruk is, net die letter oor, wat in sigself nutteloos is. Die rede van hierdie spreke is – waar die stem van God weerklink, bly wat hy ook al beveel, as dit nie deur mense met 'n opregte gesindheid van die hart aanvaar word nie, net in die letter, dit is in die koue skriftuur: indien dit waarlik die gees deurdring, word dit op een of ander manier verander in gees. Maar daar is 'n sinspeling op die verskil tussen die Ou en Nuwe Testament wat Jeremia aanwys in hoofstuk 31:33 waar die Here aankondig dat sy verbond onveranderlik en standvastig sal wees, nadat dit in die binneste ingegraveer was. Paulus het ook op 'n ander plek dieselfde in gedagte gehad (II Kor. 3:6) waar hy die wet met die evangelie vergelyk en die wet die letter noem wat nie alleen dood is nie maar ook doodmaak, maar die evangelie met die titel van gees aandui. Verder was dit 'n uiterste stommiteit van hulle wat uit die letter 'n

---

[1)] Sien voetnoot op bl. 16.

dubbele betekenis gemaak het en uit die gees ’n sinnebeeldige voorstelling.

... *Sy lof is nie uit mense nie* ... Omdat die oë van mense gerig word op die dinge wat sigbaar is, ontken hy dat dit genoeg is wanneer iets prysenswaardig is volgens menslike oordeel, wat deur uitwendige glans dikwels mislei word, maar dat ons tevrede behoort te wees met die oë van God waardeur die diepste geheime van die hart nie verberg is nie. So daag hy weer die skynheiliges, wat hulself met vals inbeeldinge vlei, voor die regterstoel van God.

HOOFSTUK 3

1 WAT is dan die voordeel van die Jood? Of wat is die nut van die besnydenis?
2 Groot, in alle opsigte: ten eerste tog seker dat aan hulle die woorde van God toevertrou is.

1 Quae igitur praerogativa Iudaei, aut quae utilitas circumcisionis?

2 Multa per omnem modum; ac primum quidem, quod illis credita sunt oracula Dei.

Paulus het op voortreflike wyse uiteengesit dat die blote besnydenis vir die Jode niks teweegbring nie. Tog kon hy nie ontken dat daar tussen die heidene en die Jode ’n sekere verskil is wat in daardie sinnebeeld deur die Here beteken is nie, en omdat dit ongerymd was om ’n onderskeid waarvan God die outeur is as onbenullig en van geen waarde af te maak, het dit oorgebly om ook hierdie teenwerping te ontknoop. Dit het inderdaad vasgestaan dat dit ’n onsinnige roem was wat die Jode hieruit aangegryp het. Tog het tot dusver hierdie beswaar bly kleef, (naamlik) tot watter doel die besnydenis deur die Here ingestel is as dit nie met een of ander vrug aan te beveel is nie. Derhalwe vra hy deur ’n *anthypophora*[1)] wat die Jood bo die heiden laat uitstaan. En hy voeg die rede vir die vraag by deur ’n ander vraag (te stel) wanneer hy sê: *wat is die nut van die besnydenis?* Want dit onderskei die Jode van die gewone klas van mense, soos Paulus die seremonies ’n skeidsmuur noem wat die een van die ander geskei het (Ef. 2:14).

2 *Groot, in alle opsigte* ... Dit is veel in alle opsigte. Hier begin hy om aan die sakrament sy eie lof te gee; maar hy vergun die Jode nie om op die genade daarvan te roem nie. Maar wanneer hy leer dat hulle deur die

---

[1)] *Anthypophora* is in die logika die aanhaling van ’n bewysplek vir die teendeel van dit wat betoog word, met die bedoeling om dit te weerlê. – *die vertaler*

simbool van die besnydenis gekenmerk was, waardeur hulle as kinders van God gehou word, getuig hy nie dat hulle deur een of ander verdienste of deur hul eie waardigheid uitgeblink het nie, maar dat dit deur die weldade van God is. As daar dus op mense gelet word, toon hy aan dat hulle aan ander gelyk is, maar as die weldade van God in ag geneem word, leer hy dat hulle iets het waardeur hulle bo ander volke uitstaan.

... *ten eerste tog seker dat aan hulle die woorde van God toevertrou is*. Sommige meen dat hier 'n *anapodotum*[1)] is, aangesien hy meer vooropstel as wat hy later verduidelik. Maar vir my lyk dit of die woord(e) *ten eerste* nie 'n aanduiding van rangorde is nie, maar bloot beteken *vernaamlik* of *in die besonder*, in hierdie sin – ook as dit net hierdie een saak sou wees, dat hulle die openbaringe van God tot hul beskikking het, behoort dit genoegsaam krag te verleen aan hul waardigheid. Dit is werd om opgemerk te word dat die nut van die besnydenis nie geplaas word in die blote teken nie, maar dat die waarde uit die Woord bepaal word. Hier vra Paulus immers wat die sakrament vir die Jode meebring. Hy antwoord dat aangesien God by hulle die skat van hemelse wysheid in bewaring gegee het, daaruit volg dat as die Woord wegval, geen verdienste oorbly nie. Die openbaringe noem hy die verbond wat eers aan Abraham en sy nageslag deur God geopenbaar is en daarna deur die wet en die profete verseël en verklaar is. Maar die openbaringe is aan hulle toevertrou sodat hulle dit by hulle sou bewaar solank dit die Here behaag het om sy heerlikheid onder hulle te laat voortduur. Vervolgens sodat hulle in die tyd van hul rentmeesterskap dit deur die hele wêreld sou verkondig: eers as bewaarders, daarna as uitdelers. Maar as hierdie voorreg so hoog gewaardeer moet word, terwyl die Here een of ander volk die meedeling van sy Woord waardig keur, kan ons nooit genoeg ons ondankbaarheid verag nie, wat met soveel nalatigheid of traagheid, en ek wil sê minagting die Woord aanneem.

3 Want wat maak dit as sommige ontrou geword het? Sal hulle ontrou miskien die getrouheid van God vernietig?
4 Nee, stellig nie! Maar God moet waaragtig wees en elke mens leuenagtig, soos geskrywe is: Sodat U geregverdig kan word in u woorde en oorwin as U gerig hou.

3 Quid enim si quidem fuerunt increduli? Num incredulitas eorum fidem Dei faciet irritam?

4 Ne ita sit; quin sit Deus verax, omnis autem homo mendax; quemadmodum scriptum est, ut justificeris in sermonibus tuis, et vincas quum judicaris.

[1)] Calvyn verlatiniseer hier 'n Griekse woord wat dui op 'n redekunstige figuur waarby die teenstelling in die nasin ontbreek. – *die vertaler*

3 *Want wat maak dit as sommige ontrou geword het?* ... Soos wat hy vantevore, terwyl hy die Jode wat hulle beroem op die blote teken in oënskyn geneem het, hulle geen sprankie van roem veroorloof het nie, so betuig hy nou, terwyl hy die aard van die teken oorweeg, dat die krag daarvan ongetwyfeld nie deur hul leuenagtigheid opgehef is nie. Aangesien dit egter hierbo gelyk het of hy te kenne gegee het dat indien daar enige genade in die teken van die besnydenis sou wees, dit geheel en al deur die ondankbaarheid van die Jode vernietig was, vra hy nou weer deur 'n *anthypophora*[1)] wat hieroor gedink moet word. Maar hier is 'n soort verswyging, aangesien hy minder uitdruk as wat hy wil dat verstaan word. Want hy sou na waarheid kon gesê het dat 'n goeie deel van die volk die verbond verwerp het, maar omdat dit baie kwetsend vir die ore van die Jode sou wees, het hy slegs sommiges genoem om die skerpheid te versag.

Sal hulle ontrou miskien die getrouheid van God vernietig? Καταργεῖν beteken eintlik om nietig en sonder uitwerking te maak, welke betekenis uitnemend pas in die huidige uitspraak. Paulus behandel immers nie net die vraag of die ongeloof van die mense die waarheid van God teenstaan nie, waardeur dit op sigself minder vas en seker sal bly, maar ook of dit die uitwerking en volvoering onder mense self in die weg staan. Die betekenis is egter: word die verbond van God, aangesien menige Jode verbondsverbrekers is, so deur hul troueloosheid kragteloos gemaak dat dit onder hulle geen vrug voortbring nie? Hy antwoord dat dit nie kan gebeur dat die standvastigheid van die goddelike waarheid nie sou staande bly weens die verdorwenheid van mense nie. Hoewel die meerderheid dus van die verbond van God afvallig geword het en dit vertrap het, het dit nietemin sy uitwerking behou en sy krag uitgeoefen, al is dit nie in almal nie, dan ten minste in die volk self. Maar die krag is daarin dat die genade en seëning van die Here tot die ewige saligheid kragtig onder hulle bly. Dit kan egter nie gebeur nie tensy die belofte in geloof ontvang word en so die wederkerige verbond van beide kante bevestig word. Derhalwe dui hy aan dat daar altyd sommige in die volk oorgebly het wat, terwyl hulle in die geloof van die belofte standvastig was, nie van daardie voorreg afvallig was nie.

4 ... *Maar God moet waaragtig wees* ... Wat ander ook al mag dink, meen ek dat dit 'n redenering uit 'n noodsaaklike posisie van 'n teenstelling is, waardeur Paulus die voorgaande beswaar ontkrag. Want as hierdie twee sake tegelykertyd staande bly en selfs noodsaaklikerwys ooreenstem,

---

[1)] Sien voetnoot hierbo.

naamlik dat God waaragtig is en die mens leuenagtig, dan volg dit dat die waarheid van God nie deur die leuenagtigheid van mense verhinder word nie. Want as hy hierdie twee grondwaarhede nie teenoor mekaar sou gestel het nie, sou hy ’n bietjie later tevergeefs en sonder rede gesweet het om die ongerymdheid te weerlê, naamlik dat God regverdig sou wees, as Hy sy geregtigheid uit ons ongeregtigheid aanvaarbaar wil maak. Daarom is die betekenis geensins onduidelik nie. Dit is heeltemal onmoontlik dat die getrouheid van God deur die trouelooshеid en afvalligheid van mense omvergewerp sou word. Hy sê *God is waaragtig*, nie alleen omdat Hy bereid is om getrou by sy beloftes te staan nie, maar ook omdat Hy deur Sy werk vervul wat Hy sê; Hy spreek naamlik so sodat sy bevel tot uitwerking mag kom. Aan die ander kant: *die mens is leuenagtig*, nie alleen omdat hy dikwels die gegewe belofte verbreek nie, maar ook omdat hy van nature die leuenagtigheid nastreef en die waarheid ontvlug.

Die eerste deel bevat die vernaamste grondwaarheid van die ganse Christelike filosofie. Die tweede is geneem uit Psalm 116:11 waar Dawid getuig dat daar niks seker is uit en in die mens nie. Maar hier is ’n belangrike vers en dit bevat ’n baie noodsaaklik vertroosting; want die verdorwenheid van mense in die versmading en veragting van die Woord van God is sodanig dat die sekerheid van die Woord van God dikwels in twyfel sou gekom het as dit nie in die gedagte opgekom het dat die goddelike waarheid nie afhang van die menslike waarheid nie. Maar hoe kom dit ooreen met wat vroeër gesê is dat vir die werking van die goddelike belofte die geloof van mense wat dit aanneem, vereis word? Want die geloof is die teendeel van leuenagtigheid. Dit lyk inderdaad na ’n moeilike vraag, maar kan sonder groot moeite opgelos word, naamlik dat die Here deur leuens van mense, wat andersins hindernisse is vir sy waarheid, tog ’n weg langs ’n omweg na hulle vind, om as oorwinnaar te voorskyn te tree deur die ingebore ongelowigheid van ons natuur in sy uitverkorenes te verbeter en hulle wat ontembaar skyn te wees, aan sy diens te onderwerp. Origens word nou gehandel oor die verdorwenheid van die natuur, nie oor die genade van God nie, wat die geneesmiddel is vir die verdorwenhede.

Sodat U geregverdig kan word ... Die betekenis is dat dit so verre daarvandaan is dat die waarheid van God deur ons leuenagtigheid en ontrouheid vernietig word, dat dit eerder vandaar meer skitter en te voorskyn tree. So getuig Dawid dat, aangesien hy ’n sondaar is, God altyd ’n regverdige en opregte Regter sal wees, wat Hy ook al oor hom beslis en dat Hy al die valshede van die goddelose wat teen sy geregtigheid wil murmureer, sal oorwin. Onder die *woorde* van God verstaan Dawid die oordele wat Hy oor ons uitspreek, want dit is te gedwonge wanneer mense dit oor die algemeen betrek op die beloftes. Die woord *sodat* sien nie

soseer op die einde nie en dui nie op ’n vergesogte gevolg nie, maar beteken ’n gevolgtrekking in hierdie sin: Ek het teen U gesondig, daarom sal dit met reg geoorloof wees om aan my strawwe op te lê. Maar dat Paulus in eintlike en ware sin die passasie van Dawid aangehaal het, word dadelik bevestig deur die toegevoegde teenwerping: Hoe sal die regverdigheid van God ongeskonde bly as ons ongeregtigheid dit uitbeeld? Want tevergeefs en ontydig sou Paulus (soos ek vroeër opgemerk het) die lesers met hierdie probleem opgehou het, as Dawid nie bedoel het dat God deur sy merkwaardige voorsienigheid ook uit die sondes van mense die lof van sy geregtigheid te voorskyn bring nie. Die tweede deel in Hebreeus lui so: *En suiwer in U oordeel*. Hierdie spreke streef niks anders na as dat God in al sy oordele lof waardig is nie, hoeseer die goddelose daarteen skreeu en deur hul klagtes Sy roem op ’n haatlike manier probeer verduister. Maar Paulus het die Griekse vertaling gevolg, wat ook beter met die huidige onderwerp ooreenkom. Ons weet immers dat apostels in die aanhaling van woorde van die Skrif dikwels meer vryheid geneem het, omdat hulle dit as genoegsaam gehou het as hulle aanhaal wat betrekking het op die saak. Daarom was daar by hulle nie so ’n nougesetheid van woorde nie. Vandaar sal die toepassing van die huidige passasie die volgende wees: as alle moontlike sondes van sterflinge moet dien om die eer van die Here te verbeeld en Hyself egter in sy waarheid besonderlik verheerlik word, volg dit dat die ydelheid van mense meer dien om sy waarheid te bevestig as om dit te verdraai. Maar hoewel die woord κρίνεσθαι sowel aktief as passief opgevat kan word, twyfel ek tog nie daaraan dat die Griekse vertalers dit teen die bedoeling van die profeet passief vertaal het nie.

5 Maar as ons ongeregtigheid die geregtigheid van God bewys, wat sal ons sê? Is God wat die toorn oor ons bring, dan nie onregverdig nie? Ek spreek menslikerwys.
6 Nee, stellig nie! Want hoe sal God anders die wêreld oordeel?
7 Maar as die waarheid van God deur my leuen oorvloediger geword het tot sy heerlikheid, waarom word ek dan nog as sondaar geoordeel?
8 En moet ons nie liewer sê nie, soos ons belaster word en soos sommige beweer dat ons sê: Laat ons kwaad doen, sodat die goeie daaruit kan voortkom? Hulle veroordeling is regverdig.

5 Quod si injustitia nostra Dei justitiam commendat, quid dicemus? Num injustus est Deus qui infert iram? Secundum hominem dico.
6 Ne ita sit: nam quomodo judicabit Deus mundum?
7 Si enim veritas Dei per meum mendacium excelluit in ejus gloriam; quid etiamnum et ego velut peccator judicor;
8 Et non (quemadmodum exprobratur nobis, et quemadmodum aiunt quidam nos dicere) Faciamus mala, ut veniant bona? Quorum judicium justum est.

5 *Maar as ons ongeregtigheid* ... Hoewel hier ’n afdwaling weg van die hoofonderwerp is, was dit tog nodig vir die apostel om dit in te voeg, sodat dit nie mag lyk of hyself ’n geleentheid aan kwaadwilliges gegee het om kwaad te spreek nie, wat hy geweet het deur hulle uit eie beweging aangegryp sou word. Want aangesien hulle uitkyk na elke geleentheid om die evangelie te belaster, het hulle in die getuienis van Dawid iets gehad wat hulle aangegryp het om ’n vals aantyging op te bou, (naamlik so): indien God niks anders soek as om deur mense verheerlik te word nie, waarom straf Hy hulle wanneer hulle oortree, aangesien hulle deur te oortree Hom (tog) verheerlik? Verseker, sonder regverdiging voel Hy beledig, as Hy die oorsaak van sy toorn ontleen aan dit waardeur Hy verheerlik word.

En dit ly geen twyfel nie dat hierdie valse aantyging algemeen en orals toegepas was, soos spoedig weer vermeld sal word. Daarom mag Paulus dit nie ongemerk laat verbygaan nie. En sodat niemand sal dink dat hy ’n idee van sy eie gees voordra nie, verklaar hy dat hy homself stel in die plek (persoon) van die goddelose. Nogtans bestraf hy met een woord ernstiglik die menslike rede, waarvan hy te kenne gee dat dit die eienskap het om altyd teen die wysheid van God te grom. Want hy sê nie *volgens die goddelose* nie maar *volgens die mens* (menslikerwys). En dit is inderdaad so dat, omdat die geheimenisse van God vir die vlees teenstrydighede inhou, die mens soveel vermetelheid het dat hy nie skroom om daarteen in opstand te kom nie en dit wat hy nie verstaan nie, ligsinniglik te beskimp. Hierdeur word ons gewaarsku dat indien ons die geheimenisse van God wil deelagtig word, ons in die eerste plek moeite moet doen om van ons eie insig los te kom en ons geheel en al aan die gehoorsaamheid van die Woord oor te gee en ons daaraan te onderwerp. Die woord *toorn* word hier gebruik vir *oordeel* en verwys na straf; asof hy sou gesê het: Is God dan onregverdig, wat wraak neem teen die misdade, wat sy geregtigheid aantoon?

6 *Nee, stellig nie* ... By die beteueling van die godslastering antwoord hy nie direk op die beswaar nie, maar hy begin eers met die afsku daarvan, sodat dit nie mag lyk asof die Christelike godsdiens sodanige ongerymdhede omdra nie. En dit is seker sterker as wat hy ’n eenvoudige weerlegging sou gebruik het, want hy gee te kenne dat hierdie goddelose stem afsku en nie beluistering werd is nie. Hy voeg spoedig ’n weerlegging toe, maar indirek, soos mense dit noem, en hy weerlê nie die valsheid geheel en al nie, maar antwoord slegs dat dit wat teengewerp word, vals is. Vervolgens neem hy ’n argument van die diens van God self, waardeur hy bewys dat dit onmoontlik is – *God sal hierdie wêreld oordeel*, derhalwe is

dit onmoontlik dat Hy onregverdig is. Hierdie argument is nie (om so te sê) geneem uit die blote mag van God nie, maar uit sy daadwerklike mag wat in die algehele gang en ordening van sy werke uitstraal, asof die volgende gesê is: Dit is die werk van God om die wêreld te oordeel, dit is om deur sy geregtigheid die wêreld te vorm en in die beste orde te bring wat daarin onordelik is. Daarom kan Hy niks onregverdiglik bepaal nie. En dit lyk asof hy sinspeel op ’n passasie van Moses (Gen. 18:25), waar Abraham terwyl hy tot God bid dat Hy Sodom nie geheel en al aan die vernietiging moet oorgee nie, sê: *Dit is onbetaamlik dat U, wat die wêreld sal oordeel, die regverdige saam met die goddelose vernietig. En dit is waarlik nie U werk nie en kan by U nie plaasvind nie*. ’n Soortgelyke uitspraak word gevind by Job 34:17: *Sal hy, wat die oordeel haat, kan regeer?*[1)] Want hoewel daar by mense dikwels onregverdige regters gevind word, gebeur dit omdat hulle óf teen die reg en dit wat betaam die mag vir hulself aanmatig óf omdat hulle ligvaardig daartoe verhef word óf omdat hulle in sigself ontaard is. By God is daar niks van die aard nie. Omdat Hy van nature ’n regter is, moet Hy dus ook regverdig wees, aangesien Hy homself nie kan verloën nie. Paulus maak ’n slotsom uit die onmoontlike dat God valslik beskuldig word van onregverdigheid, want dit is eie aan Hom en behoort as ’t ware tot sy wese om die wêreld reg te regeer. Maar hoewel hierdie leer van Paulus betrekking het op die voortdurende regering van God, ontken ek tog nie dat die laaste oordeel besonderlik aangedui word nie, omdat Hy dan eers die herstel van die regte orde tot stand sal bring. Maar as jy ’n direkte weerlegging begeer waardeur godslasteringe van hierdie aard bedwing word, verstaan dit so: dit word nie deur die aard van die ongeregtigheid veroorsaak dat die geregtigheid van God des te meer helder skyn nie, maar deur die goedheid van God word ons boosheid oorwin, sodat dit omgekeer word tot ’n ander doel as wat dit najaag.

7 *Maar as die waarheid van God deur my leuen oorvloediger geword het* ... Ek twyfel nie daaraan nie dat ook hierdie beswaar in naam van die goddelose gevoer word. Dit is immers as ’t ware ’n verklaring van die voorgaande en sou daaraan geknoop moes wees, behalwe as die apostel, beweeg deur verontwaardiging, sy rede in die middel onderbreek het. Die betekenis is (naamlik): indien die waarheid van God deur ons valsheid meer opvallend word en op een of ander manier daardeur bevestig word, en gevolglik meer eer aan Hom toekom, is dit allermins billik dat hy wat ’n dienaar van Gods eer was, as ’n sondaar gestraf word.

[1)] In beide aangehaalde tekste lui die Afrikaanse vertaling van 1933-1953 effens anders, maar sê inhoudelik dieselfde.

8 *En moet ons nie liewer sê nie* ... Die redevoering is hier onvolledig, (en) ’n (ontbrekende) woord moet beluister word: dit sal volledig wees as jy dit so oplos: *En waarom word nie liewer gesê nie (soos ons belaster word en soos sommige beweer dat ons sê) dat die kwade gedoen moet word, sodat die goeie mag voortkom?* En inderdaad ag die apostel hierdie goddelose spottery nie ’n antwoord werd nie, hoewel dit tog met die sterkste argument teengestaan sal kan word. Die voorwendsel is naamlik dit: Indien God deur ons ongeregtigheid verheerlik word en niks in die lewe die mens meer betaam as om die eer van God te bevorder nie, dan moet gesondig word tot sy eer. Maar die weerlegging lê voor die hand: wat in sigself kwaad is, kan niks anders as kwaad voortbring nie. Maar dat die eer van God deur ons sonde geteken word, is nie die werk van die mens nie maar van God, wat as ’n wonderlike kunstenaar weet om ons boosheid te onderwerp en na elders te lei, sodat Hy dit buite ons mikpunt verander tot die vermeerdering van sy eer. God het aan ons ’n wyse voorgeskryf waarmee Hy deur ons wil verheerlik word, naamlik vroomheid, wat bestaan in gehoorsaamheid aan die Woord. Hy wat hierdie perke te buite gaan, strewe nie daarna om God te eer nie, maar veeleer om Hom smaad aan te doen. Dat dit anders uitval, moet toegeskryf word aan die voorsienigheid van God en nie aan die verdorwenheid van die mens nie, wat verhoed dat die majesteit van God omvergewerp word of geskend word.

... *soos ons belaster word* ... Aangesien Paulus so eerbiediglik praat oor die verborge oordele van God, is dit wonderbaarlik dat die vyande verval tot die onbeskaamdheid om hom te belaster. Maar geen eerbied of soberheid in die diensknegte van God was ooit so groot dat dit die onreine en giftige tonge in bedwang gehou het nie. Derhalwe is dit nie ’n nuwe verskynsel nie dat ook vandag die teenstanders ons leer (wat ons self weet volgens die suiwer evangelie van Christus is, en al die engele en gelowiges is ons getuies) met soveel valse beskuldigings belas en gehaat maak. Niks kan meer vreemdsoortig versin word nie as dit wat ons hier lees wat Paulus ten laste gelê word, waardeur sy prediking by die onervarenes met haat belas word. Laat ons dit dus verdra dat die goddelose die waarheid wat ons predik, deur lastering vervals. En laat ons daarom nie ophou om die eenvoudige belydenis daarvan standvastig te bewaar nie, aangesien dit genoeg krag het om hulle leuens te vernietig en uiteen te jaag. Laat ons verder, sover dit in ons is, na die voorbeeld van die apostel die bose luste weerstaan sodat die sondige en verdorwe mense nie ongestraf die Skepper belaster nie.

Hulle veroordeling is regverdig. Sommige neem dit in ’n aktiewe sin op, (naamlik) dat Paulus soveel aan hulle toegegee het dat dit wat hulle teenwerp ongerymd is, sodat nie gedink mag word dat die leer van die

evangelie met sodanige teenstrydighede verbind is nie. Maar vir my bevredig die passiewe betekenis beter. Dit sou immers nie bevredigend gewees het om so ’n verdorwenheid eenvoudig goed te keur nie. Dit verdien eerder om skerp veroordeel te word, en dit lyk vir my dat dit is wat Paulus doen. Maar die verdorwenheid was om twee redes verdoemlik: ten eerste omdat hierdie goddeloosheid in die gedagte kon opkom, soos deur hulself erken is; vervolgens omdat hulle gewaag het om uit die verkondigde evangelie laster op te bou.

9 Wat dan? Het ons enige voorrang? Hoegenaamd nie! Want ons het tevore al Jode sowel as Grieke beskuldig dat hulle almal onder die sonde is,

9 Quid ergo? Praecellimus? Nequaquam: ante enim constituimus tam Iudaeos quam Graecos, omnes sub peccato esse.

9 *Wat dan?* ... Uit die wegdwaling keer hy terug tot die onderwerp. En sodat die Jode nie sou aanvoer dat hulle van hul reg beroof is nie, gee hy, nadat hy die lofprysinge oor hul waardigheid vermeld het waardeur hulle hul bo die heidene verhef het, nou ’n oplossing op die vraag of hulle in enigiets bo die heidene uitblink. Maar hoewel dit lyk asof hierdie antwoord in voorkoms nie weinig stry met die voorgaande nie, (aangesien hy hulle nou van alle waardigheid ontneem, aan wie hy tevore baie waardigheid toegeskryf het) is daar tog niks teenstrydig nie. Want daardie voorregte waarmee hy erken het dat hulle hulself onderskei het, is buite hulle in die goedheid van God geleë en nie in hul eie verdienste nie. Maar hier stel hy die vraag na hul eie waardigheid, of hulle in hulself op enigiets kan roem. Derhalwe stem albei antwoorde so ooreen, dat die een uit die ander voortvloei. Want toe hy hulle voorregte aangeprys het, terwyl hy hulle insluit in die vrye weldade van God, toon hy aan dat hulle niks van hul eie het nie. Hieruit kon terstond afgelei word wat hy nou antwoord. Indien dit immers hul vernaamste verdienste is dat die openbaringe van God by hulle in bewaring gegee is, dan het hulle dit nie uit eie verdienste nie. Derhalwe bly daar niks vir hulle oor waardeur hulle hul voor die aangesig van God kan verhef nie. Maar let op die heilige kunsvaardigheid wat hy gebruik, want wanneer hy uitnemendheid aan hulle toeskryf, praat hy in die derde persoon. Nou, terwyl hy hulle alles wil ontneem, voeg hy homself by hulle, waardeur hy aanstoot vermy.

Want ons het tevore al Jode sowel as Grieke beskuldig ... Die Griekse woord αἰτιᾶσθαι wat Paulus hier gebruik, is eintlik ’n regsterm, en daarom pas dit om dit weer te gee met *beskuldig*. Dit word immers gesê dat ’n aanklaer in ’n regsgeding die misdaad ten laste lê as hy deur getuienisse en bewysvoeringe gereed is om andere te oortuig. Die apostel het egter die hele menslike geslag voor die gerig van God gedaag om almal onder een

algehele veroordeling in te sluit. En tevergeefs teken iemand beswaar aan dat die apostel hier nie net beskuldig nie maar veeleer bewys lewer, want ’n ware beskuldiging is slegs dit wat op vaste en grondige bewyse rus, soos ook Cicero êrens tussen beskuldiging en valse aantyging onderskei. Verder beteken *onder die sonde is* om regverdiglik voor God as sondaars veroordeel te word, of gehou te word onder die vervloeking wat aan sondes toekom. Want soos die geregtigheid vryspraak meebring, so volg veroordeling op die sondes.

10 soos geskrywe is: Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie.
11 Daar is niemand wat verstandig is, daar is niemand wat God soek nie.
12 Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie.
13 Hulle keel is ’n oop graf, met hul tonge pleeg hulle bedrog, die gif van adders is onder hulle lippe.
14 Hulle mond is vol vervloeking en bitterheid.
15 Haastig is hulle voete om bloed te vergiet.
16 Verwoesting en ellende is in hulle paaie,
17 en die weg van vrede ken hulle nie.
18 Daar is geen vrees van God voor hulle oë nie.

10 Sicut scriptum, Quod non est justus quisquam, ne unus quidem;
11 Non est intelligens, non est qui requirat Deum;
12 Omnes declinarunt, simul facti sunt inutiles; non est qui exerceat benignitatem, ne ad unum quidem:
13 Sepulchrum apertum guttur eorum; linguis dolose egerunt; venenum aspidum sub labiis eorum:
14 Quorum os execratione et amarulentia plenum:
15 Veloces pedes eorum ad effundendum sanguinem;
16 Contrititio et calamitas in viis eorum;
17 Et viam pacis non noverunt:
18 Non est timor Dei prae oculis eorum.

10 *soos geskrywe is* ... Tot dusver het hy redeneringe gebruik om mense te oortuig van hul boosheid. Nou begin hy te argumenteer vanuit gesag, wat by Christene die grondigste bron van bewys is as die gesag aan die enige God ontleen word, en hieruit leer die kerklike geleerdes hoedanig hul amp is. Want as Paulus hier geen leerstuk verklaar wat hy nie tegelykertyd met ’n sekere openbaring van die Skrif bevestig nie, dan moet dit allermins gewaag word deur hulle, aan wie niks anders opgedra is nie as om die evangelie te predik wat hulle deur die hand van Paulus en andere ontvang het.

Daar is niemand regverdig nie ... Aangesien die apostel vrylik die betekenis eerder as die volledige woorde weergee, lyk dit asof hy, voordat hy tot die (afsonderlike) dinge afdaal, eers in die algemeen die hoofsom weergee van die dinge wat die profeet meen in die mens is, naamlik dat niemand

regverdig is nie. Daarna som hy die vrugte van die ongeregtigheid self elkeen afsonderlik op.

11 Die eerste is dan dat niemand verstandig is nie. Die dwaasheid word spoedig daaruit bewys dat hulle nie na God soek nie. Want leeg is die mens in wie daar geen kennis van God is nie, met watter kennis hy ten slotte ook al bedeeld is. Ja, die wetenskappe en die kunsvaardighede self, wat op sigself goed is, word ydel gemaak as dit hierdie grondslag ontbeer.

12 Daar word toegevoeg *daar is niemand wat goed doen nie* waaronder verstaan word dat hulle alle menslike gevoel afgelê het. Immers, soos die sterkste onderlinge band tussen ons in die kennis van God geleë is (aangesien Hy vir almal ’n gemeenskaplike Vader is, verenig Hy ons ten beste, en buite Hom is daar waarlik net verstrooiing), net so volg onmenslikheid gewoonlik die onbekendheid met Hom, wanneer elkeen die ander verag en net homself liefhet en soek.

13 Hierteenoor word toegevoeg: *Hulle keel is ’n oop graf;* dit is ’n afgrond om mense te verslind. Dit is sterker as wanneer hy sou gesê het ἀνθρωποφάγοῦ (mensverslinders), aangesien dit buitengewoon onmenslik is as die keel van ’n mens so ’n maalstroom is dat dit genoegsaam is om mense in geheel te verslind en te verswelg. *Met hul tonge pleeg hulle bedrog* en *die gif van adders is onder hulle lippe* sien op dieselfde.

14 Daar word bygevoeg: *Hulle mond is vol vervloeking en bitterheid;* dit is ’n sonde in teenstelling met die vroeëre, maar dit beteken dat hulle in alle opsigte boosheid adem. Want as hulle vriendelik praat, bedrieg hulle en onder vleierye gee hulle gif te drinke, en as hulle te voorskyn bring wat in hul gees omgaan, stroom daaruit bitterheid en vervloeking voort.

16 Uiters treffend is die spreuk wat uit Jesaja ingevoeg word: *Verwoesting en ellende is in hulle paaie*. Dit is immers ’n voorbeeld van buitengewone barbaarse wreedheid, wat oral waar dit heengaan, deur alles te vernietig, eensaamheid en leegheid veroorsaak. Plinius beskryf Domitianus op dieselfde wyse.

17 Daarop volg *en die weg van vrede ken hulle nie*, aangesien hulle geheg aan rowerye, gewelddadighede, onregverdighede, wreedheid en onbeskaafdheid – niks vriendeliks en welwillend weet te doen nie.

18 Ten slotte herhaal hy in die laaste klousule in ander woorde wat ons aanvanklik gesê het, naamlik dat elke soort verdorwenheid voortvloei uit

die veragting van God. Aangesien tog die vrese van God die beginsel van die wysheid is, bly daar niks wat goed en opreg is oor as ons daarvan afwyk nie. Eindelik, as die teuel om ons verdorwenheid te bedwing, afwesig is, word ons losgelaat aan elke losbandigheid om te sondig. Maar sodat hierdie getuienis geensins gesien word as verwring op ’n onvanpaste wyse nie, laat ons elkeen in die verband oorweeg van die plek waaruit dit geneem is. Dawid sê in Psalm 14:3 dat die verdorwenheid in mense sodanig was dat God, toe Hy almal in volgorde deurskou het, nie ’n enkele regverdige kon vind nie. Derhalwe volg dit dat hierdie pes die ganse menslike geslag deurwaad het, aangesien niks vir die waarneming van God verborge is nie. Tog praat hy aan die end van die Psalm oor die verlossing van Israel; maar ons sal weldra aantoon hoe sommige geheilig word en sommige van hierdie staat uitgesluit word. In ander Psalms praat hy van die verdorwenheid van sy vyande, waar hy in homself en sy mense ’n tipe van die ryk van Christus afbeeld. Daarom word almal wat vreemd is aan Christus en nie deur sy Gees gelei word nie, vir ons as vyande voorgestel. Jesaja wys duidelik Israel aan; gevolglik is sy beskuldiging des te meer van toepassing op die heidene. Wat dan? Dit ly geen twyfel nie dat in hierdie uitsprake die natuur van mense beskryf word, sodat ons daaruit bemerk hoedanig die mens is wat aan homself oorgelaat is, aangesien die Skrif getuig dat almal wat nie deur die genade van God wedergebore is nie, in sodanige staat is.

Die gesteldheid van die heiliges sou geensins beter gewees het indien die verdorwenheid in hulle nie verbeter was nie. Maar sodat hulle tog sal onthou dat hulle in natuur niks van ander verskil nie; in die oorblyfsels van hul vlees (waarmee hulle altyd omring is) bemerk hulle die sade van daardie dinge wat onophoudelik vrugte sou voortgebring het indien die afsterwing wat hulle te danke het aan die barmhartigheid van God en nie aan hul eie natuur nie, dit nie verhinder het nie.

Dat vervolgens, nie al die sondes wat hier opgesom word in elke mens voorkom nie, verhinder geensins dat dit tereg en na waarheid aan die menslike natuur toegeskryf word, soos ons hierbo in hoofstuk 1:26 aangeteken het.

19 Nou weet ons dat alles wat die wet sê, hy dit sê vir die wat onder die wet is, sodat elke mond gestop en die hele wêreld voor God doemwaardig kan wees;
20 aangesien uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie, want deur die wet is die kennis van

19 Scimus autem quod quaecunque Lex dicit, iis qui in Lege sunt loquitur; ut omne os obstruatur, et obnoxius fiat omnis mundus Deo,

20 Quoniam ex operibus Legis non justificabitur omnis caro coram ipso; per

sonde. Legem enim agnitio pecati.

19 *Nou weet ons* ... Met weglating van die heidene pas hy hierdie uitsprake met name toe op die Jode, ten opsigte van wie daar veel meer inspanning (nodig) was om hulle te bedwing, omdat hulle, (hoewel) nie minder as die heidene verstoke is van die ware geregtigheid nie, hulself met die dekmantel van Gods verbond bedek, asof dit genoegsaam was vir heiligheid dat hulle deur die uitverkiesing van God van die res van die wêreld onderskei was. En hy vermeld inderdaad die uitvlugte wat hy goed geweet het dat dit deur die Jode na vore gebring word. Want wat ook al op onheilspellende wyse in die wet gesê word teen die ganse menslike geslag, was hulle gewoond om op die heidene toe te pas, asof hulleself van die algemene orde vrygestel is, en hulle sou dit sekerlik gewees het as hulle nie van hul staanplek getuimel het nie. Derhalwe, sodat enige valse inbeelding van hul eie waardigheid nie in hul weg staan nie en hulle alleen tot die heidene beperk dit wat sonder onderskeid op hulself betrekking het, loop Paulus hulle vooruit en toon uit die bedoeling van die Skrif aan dat hulle nie alleen vermeng is met die menigte nie maar dat hierdie oordeel besonderlik oor hulleself uitgespreek is. En ons sien inderdaad die ywer van die apostel in die weerlegging van die besware. Want vir wie anders as die Jode is die wet gegee en vir wie anders behoort dit tot onderrigting te dien? Wat dit (die wet) oor andere vermeld, is as 't ware bykomstig of soos hulle sê πάρεργον ('n toegif), maar hy pas sy leer besonderlik toe op sy eie leerlinge. Hy sê dat die Jode onder die wet is, vir wie die wet self bestem was. Vandaar volg dit dat dit eintlik op hulle betrekking het, en onder die naam van die wet verstaan hy ook die profete en die hele Ou Testament.

... *sodat elke mond gestop kan wees* ... Dit is, dat elke uitvlug vantevore afgesny word en die moontlikheid van verontskuldiging. Dit is 'n metafoor (beeldspraak) ontleen aan regsgedinge, waar die beskuldigde, as hy iets het tot regverdige verdediging, eis om op sy beurt iets te sê om homself te suiwer van wat hom ten laste gelê is; as hy inderdaad deur sy gewete belas word, bly hy stil en wag stilswyend sy veroordeling af, reeds deur sy stilswye veroordeel. Dieselfde betekenis het hierdie vorm van spreke in Job 39:37: *Ek lê my hand op my mond*[1)]. Hy sê immers dat, ook al sou enige vorm van verontskuldiging hom nie ontbreek nie, hy tog die inspanning tot verontskuldiging nalaat en hom sal neerlê by die uitspraak van God.

[1)] Die betrokke woorde wat Calvyn aanhaal, kom in die Afrikaanse vertaling van 1933-1953 voor in Job 39:37 en nie in Job 39:34 volgens Calvyn se verwysing nie. Waarskynlik het hy 'n teks gebruik met 'n verskillende vers-indeling. – *die vertaler*

Die volgende vers bevat die verklaring. Want die mond word gestop van daardie persoon wat so vasgevang gehou word deur die oordeel dat hy geensins kan ontvlug nie. Om te swyg voor die aangesig van die Here beteken in ’n ander opsig om bewend gemaak te word voor sy majesteit en te verstom asof verpletter deur sy glans.

20 ... *aangesien uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie* ... Wat onder *die werke van die wet* verstaan moet word, is ook onder die geleerdes onseker. Terwyl sommiges dit uitbrei tot die onderhouding van die ganse wet, beperk andere dit tot die seremonies alleen. Die byvoeging van die woord “wet” het Chrysostomus, Origenes en Hieronymus beweeg om die laaste[1)] opinie te steun. Hulle het immers gedink dat in hierdie invoeging ’n besondere aanduiding (geleë) is dat die uitdrukking nie verstaan moet word om alle soorte van werke in te sluit nie. Maar die oplossing van hierdie probleem is uiters maklik. Omdat naamlik die werke in soverre voor die Here geregverdig is as wat ons deur daardie werke daarna streef om diens en gehoorsaamheid te betoon, vermeld hy (Paulus), om meer uitdruklik die krag van regverdigmaking aan alle werke te ontneem, juis daardie werke wat allermees sou kon regverdig maak, indien daar enige sou wees. Dit is die wet wat naamlik beloftes bevat waarbuite daar vir ons werke geen beloning voor God is nie. Jy sien derhalwe om welke rede Paulus die werke van die wet genoem het, te wete omdat deur die wet ’n beloning vir die werke gestel word. En dit was inderdaad ook nie verborge vir die skolastici nie, by wie dit genoegsaam algemeen bekend en verbreid was dat die werke nie deur intrinsieke waardigheid nie maar kragtens ’n verbond verdienstelik is. Maar hoewel hulle hul vergis, omdat hulle nie insien nie dat die werke altyd besmet is met sondes, wat (alle) verdienste daaraan ontneem, is hierdie grondgedagte tog waar, dat die loon van die werke afhang van die vrywillige belofte van die wet. Paulus redeneer derhalwe verstandiglik en tereg nie oor die blote werke nie, maar plaas uitdruklik en by name die onderhouding van die wet in die midde, waaroor die vraagstuk na regte gehandel het. Maar dit wat deur ander geleerdes ter verdediging van hierdie bewering aangevoer word, is swakker as wat dit behoort te wees. Hulle dink dat met die vermelding van die besnydenis, hy (Paulus) ’n voorbeeld gestel het wat alleen op die seremonies betrekking het. Maar ons het reeds uiteengesit waarom Paulus die besnydenis genoem het. En niemand anders as die huigelaars is geswolle van vertroue in die werke nie. Ons weet egter dat hulle hul slegs beroem op uitwendige maskers. Vandaar dat die besnydenis volgens hul opinie ’n sekere inwyding in die

---

[1)] Die Latynse teks bevat die woord *priorem* wat *eerste* beteken, maar Calvyn se hele beredenering dui daarop dat dit *postiorem* (*laaste*) behoort te lees. – *die vertaler*

geregtigheid van die wet was. Derhalwe skyn dit tegelykertyd ’n werk van besondere waardigheid te wees, inderdaad asof dit die grondslag van die geregtigheid van die werke is. Maar dit wat hulle in die stryd werp uit die brief aan die Galásiërs, waar Paulus dieselfde saak behandel, en tog die pen rig op die seremonies alleen, is nie sterk genoeg vir dit wat hulle wens te bereik nie. Dit is seker dat Paulus in ’n stryd gewikkel was met hulle wat die volk met ’n valse vertroue op die seremonies geïnspireer het. Om hierdie saak te besleg bepaal hy hom nie tot die seremonies nie en bespreek hy nie besonderlik die waarde wat dit het nie, maar omvat hy die wet as geheel, soos blyk uit die plekke wat almal uit daardie bron voortspruit. Dit was ook die aard van die bespreking wat tussen die dissipels te Jerusalem gevoer is. Maar ons handhaaf, nie sonder rede nie, dat Paulus hier praat oor die hele wet. Want die gang van die redenering wat hy tot dusver gevolg het en ook verder volg, verleen oorvloedig steun aan ons en ’n magdom plekke laat ons nie toe om anders te dink nie. Dit is derhalwe ’n uitspraak van primêre vermeldenswaardigheid, dat niemand deur die onderhouding van die wet geregtigheid verkry nie. Hy het voorheen die rede aangedui en sal dit spoedig weer herhaal, naamlik dat alle mense, tot die laaste een toe, skuldig is aan oortreding en deur die wet van ongeregtigheid beskuldig word. Maar hierdie twee dinge, naamlik om deur die werke regverdig geag te word en skuldig aan oortreding te wees, is in stryd met mekaar (soos ons vervolgens uitvoeriger sal sien). Die woord *vlees* sonder enige spesiale aanduiding beteken *mense*, hoewel dit (soms) ’n ietwat meer algemene betekenis skyn te dra. Net so word dit sterker uitgedruk wanneer iemand sê *alle sterflinge* eerder as om *alle mense* te noem, soos jy by Gellius vind.

... *want deur die wet* ... Hy redeneer vanuit die teenoorgestelde, dat aan ons deur die wet geen geregtigheid gebring word nie, omdat dit ons oortuig van sonde en veroordeling, aangesien die lewe en die dood nie voortspruit uit dieselfde bron nie. Maar omdat hy vanuit die teenoorgestelde werking van die wet redeneer, dat geregtigheid nie daardeur aan ons bedeel kan word nie, so moet verstaan word dat die argument nie anders kan voortgaan tensy ons dit vashou as ’n onafskeidelike en voortdurende omstandigheid nie, dat terwyl die wet aan die mens sy sonde aantoon, dit die hoop op saligheid afsny. In sigself is dit ’n weg tot saligheid, omdat dit (ons) tot geregtigheid onderrig, maar ons verdorwenheid en korrupsie verhoed dat dit in hierdie opsig enige nut het. Dit is nou in die tweede plek nodig om by te voeg dat wie ook al as sondaar betrap word, van geregtigheid ontneem word. Dit is naamlik ligsinnig om saam met die sofiste ’n halwe (soort) geregtigheid te versin, te wete dat die werke gedeeltelik regverdig maak. Maar niks word hierdeur bereik nie weens die gebreke van die mens.

21 Maar nou is die geregtigheid van God geopenbaar sonder die wet, terwyl die wet en die profete daarvan getuig,
22 die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo, want daar is geen onderskeid nie;

21 Nunc autem sine Lege justitia Dei manifesta est, testimonio comprobata Legis et prophetarum;

22 Justitia, inquam, Dei per fidem Iesu Christi, in omnes et super omnes credentes.

21 *Maar nou is die geregtigheid van God* ... Dit is onseker om watter rede hy dit wat ons deur die geloof verkry, die geregtigheid van God noem. Is dit omdat alleen dit voor God kan bestaan of omdat die Here in sy barmhartigheid ons (daarmee) begiftig het? Aangesien albei interpretasies goed pas, stry ons met geen van beide nie. Hierdie geregtigheid dan, wat God ook aan die mens meedeel en as enigste aanvaar en tot geregtigheid reken, sê hy, is sonder die wet geopenbaar. Dit beteken sonder die hulp van die wet: en die wet moet verstaan word as die werke (van die wet). En dit is immers nie van pas om dit te betrek op die leer (van die wet) nie, aangesien hy spoedig dit as ’n getuie van die onverdiende genade aanvoer. Sommige beperk dit tot die seremonies, maar ek sal ’n weinig later aantoon dat dit ydel en sonder vuur is. Daar bly derhalwe oor dat ons verstaan dat die verdienste van die werke uitgesluit word. Vandaar sien ons ook dat hy nie die werke vermeng met die barmhartigheid van God nie, maar nadat elke vertroue op werke weggeneem en uitgeroei is, stel hy barmhartigheid alleen. En dit is waarlik nie aan my onbekend nie dat Augustinus dit anders uiteensit, want hy dink dat die geregtigheid van God die genade van wedergeboorte is, en hy openbaar hierdie genade as vrygegewe aangesien die Here ons wat niks verdien nie, met sy Gees vernuwe. Maar van hierdie genade sluit hy die werke van die wet uit; dit is die werke waarmee die mense uit hulleself buite om die vernuwing probeer om hul voor God verdienstelik te maak. Dit is ook aan my goed bekend dat sommige nuwe spekuleerders op trotse wyse hierdie leer voordra asof dit vandag aan hulle geopenbaar is. Maar dat die apostel alle werke sonder uitsondering insluit, ook dit wat die Here in sy eie (volk) teweeggebring het, blyk duidelik uit die verband. Abraham was immers sekerlik weergebore en gelei deur die Gees van God in die tyd waarin hy (Paulus) ontken dat hy (Abraham) deur die werke geregverdig was. Derhalwe sluit hy van die regverdigmaking van die mens nie alleen die werke uit, wat sedelikerwys goed is (soos hulle dit gewoonlik noem), en wat uit ingebore natuur voortkom, maar ook alle werke wat gelowiges kan bedryf. Vervolgens, as dit die omskrywing van die geregtigheid van die geloof is, naamlik

Welgeluksalig is hulle wie se ongeregtighede vergewe is (Ps. 32:1)[1)], kan nie geredeneer word oor hierdie of daardie soort van werke nie, maar word die vergewing van sondes as die enigste oorsaak van geregtigheid gestel, nadat met die verdienste van werke weggedoen is. Hulle dink dat hierdie twee dinge goed ooreenstem, dat die mens deur geloof deur die genade van Christus geregverdig word en tog deur die werke geregverdig word, wat uit die geestelike wedergeboorte voortkom omdat God ons onverdiend vernuwe en ons sy gawe deur die geloof aanneem. Maar Paulus neem ’n heeltemal ander beginsel in, naamlik dat ons gewetens nimmer gerus sal wees totdat dit steun op die barmhartigheid van God alleen nie. Daarom, nadat hy op ’n ander plek geleer het dat God in Christus is om mense te regverdig, sit hy die manier uiteen, naamlik deur die sondes nie aan hulle toe te reken nie. Op soortgelyke wyse plaas hy in Galásiërs (Gal. 3:12) die wet teenoor die geloof met betrekking tot regverdigmaking, aangesien die wet die lewe beloof aan hulle wat uitvoer wat hy beveel. En die wet beveel nie net die letterlike vorm van die werke nie maar die opregte liefde tot God. Derhalwe volg dit dat in die geregtigheid van die geloof geen verdienste van die werke toegelaat word nie. Hieruit staan dit vas dat dit ’n ydele spitsvondigheid is (om te beweer) dat ons in Christus geregverdig word omdat ons deur die Gees vernuwe word vir sover ons lede van Christus is. Ons word deur die geloof geregverdig, omdat ons deur die geloof in die liggaam van Christus ingelyf word; ons word vrylik geregverdig, omdat God in ons niks anders as sonde vind nie. Maar ons is *in Christus* omdat ons buite onsself is en geregverdig deur die *geloof* omdat dit noodsaaklik is dat ons alleen steun op die barmhartigheid van God en sy vrygegewe beloftes; en *vrylik* (*gratis*) omdat God ons met Hom versoen deur die sondes te begrawe. En dit kan waarlik nie beperk word tot die begin van die geregtigheid soos hierdie mense droom nie. Want hierdie omskrywing: *Welgeluksalig is hulle, wie se ongeregtighede vergewe is*, het betrekking op Dawid gehad toe hy hom reeds lank geoefen het in die diens van God; en Abraham het dertig jaar na sy roeping nie enige werke gehad waarop hy voor God kon roem nie, hoewel hy ’n seldsame voorbeeld van heiligheid was, maar omdat hy die beloftes geglo het, is dit aan hom tot geregtigheid gereken. En wanneer Paulus leer dat God die mense regverdig deur die sondes nie toe te reken nie, siteer hy ’n uitspraak wat daagliks in die kerk herhaal behoort te word. En daardie vrede van die gewete wat versteur word deur te let op die werke, is nie slegs vir een dag nie, maar behoort lewenslank te duur. Daaruit volg dat ons nie geregverdig is nie, selfs tot die dood, tensy ons terugsien op Christus, in wie God ons aangeneem het, en nou as aangenome beskou. Hiermee word ook die

---

[1)] In die Afrikaanse vertaling van 1933-1953 kom die hele sin in die enkelvoud voor. – *die vertaler*

spitsvondigheid weerlê van hulle wat ons van vervalsing beskuldig, aangesien ons beweer dat ons dit uit die Skrif put dat ons *alleen* deur die geloof geregverdig word, terwyl die alles uitsluitende woord *alleen* nêrens in die Skrif voorkom nie. Maar as die regverdigmaking sonder die wet en buite ons plaasvind, waarom sou dit nie aan die barmhartigheid alleen toegeskryf word nie? As dit aan die barmhartigheid alleen is, dan is dit ook aan die geloof alleen. Die woord *nou* kan bloot as ’n teenstelling opgevat word sodat dit nie na ’n tydsbepaling verwys nie, net soos ons dikwels *nou* sê in stede van *daarenteen*. As jy verkies om dit op tyd te betrek (wat ek vrylik aanvaar, sodat dit nie lyk of ek ’n uitvlug soek nie), moet dit nietemin nie verstaan word as die afskaffing van die seremonies nie, aangesien dit die bedoeling van die apostel was om deur ’n vergelyking die genade te teken waarin ons die vaders oortref. Daarom beteken dit dat, deur die verkondiging van die evangelie, nadat Christus in die vlees verskyn het, die geregtigheid van die geloof geopenbaar is. Hieruit volg tog nie dat dit voor die koms van Christus verborge was nie. ’n Tweërlei openbaring moet hier in ag geneem word, eerstens van die Ou Testament, wat deur die Woord en die sakramente is, die ander van die Nuwe Testament, wat behalwe die seremonies en beloftes ook die vervulling in Christus bevat, waaraan deur die evangelie ook groter duidelikheid toegevoeg word.

... *terwyl die wet en die profete daarvan getuig*. Hy voeg dit by, sodat dit nie mag lyk asof in die uitdeling van die vrygegewe genade die evangelie ’n stryd voer met die wet nie. Aangesien hy dus ontken het dat die geregtigheid van die geloof die ondersteuning van die wet nodig het, so verseker hy nou dat dit deur die getuienis daarvan bevestig word. Indien die wet die getuienis gee van die vrygegewe geregtigheid, is dit duidelik dat die wet nie om hierdie rede gegee is, naamlik om mense te leer om vir hulself geregtigheid deur werke te bewerkstellig nie. Derhalwe vernietig hulle dit wat hulle tot sodanige doel verdraai. Verder, as jy ’n bewys vir hierdie uitspraak verlang, ondersoek behoorlik die hoofsom van die leer van Moses en jy sal vind dat die mens aan die begin uit die koninkryk van God verdryf, geen ander (hoop op) herstel gehad het nie anders as in die evangeliese beloftes oor die geseënde saad, deur wie, soos voorspel, die kop van die slang vermorsel sal word en in wie die seëning van die nasies aangekondig word. Jy sal in die voorskrifte (van die wet) ’n aanwysing van jou eie ongeregtigheid vind: uit offerandes en offergawes sal jy leer dat daar genoegdoening en reiniging in Christus alleen is. As jy jou wend na die profete, sal jy die rykste beloftes van onverdiende barmhartigheid vind. Sien daaroor my *Institusie*.

22 *die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus* ... Met enkele woorde toon hy aan hoedanig hierdie regverdiging is, naamlik

dat dit in Christus geleë is en deur die geloof aangegryp word. Terwyl hy nietemin weer die Naam van God invoeg, lyk dit asof hy God die stigter (outeur) van die geregtigheid maak, waaroor dit hier gaan, en nie net die keurder nie, so asof hy wou sê dat dit uit Hom voortvloei, of dat die oorsprong daarvan uit die hemel is, maar in Christus aan ons geopenbaar word. Wanneer daar dus oor hierdie saak gehandel word, moet die volgende orde gevolg word: Eerstens, dat die saak van ons regverdigmaking nie na die oordeel van mense verwys word nie, maar na die regterstoel van God, waar niks tot geregtigheid gereken word nie, behalwe volmaakte en absolute gehoorsaamheid aan die wet, wat duidelik blyk uit die beloftes en bedreiginge. En as daar geen mens gevind is wat tot so ’n volkome heiligheid opgeklim het nie, volg dit dat almal in sigself die geregtigheid ontbeer. Tweedens, behoort Christus hierby te kom, wat die enigste regverdige is, sodat Hy ons regverdig maak deur sy geregtigheid aan ons oor te dra. Nou sien jy dat die geregtigheid van die geloof die geregtigheid van Christus is. Dat ons dus geregverdig is, daarvan is die barmhartigheid van God die werkende oorsaak, Christus, die grond en die Woord, tesame met die geloof, die middel. Daarom word gesê dat die geloof regverdig maak, aangesien dit die middel is om Christus te ontvang, in wie aan ons geregtigheid toebedeel word. Nadat ons deelgenote van Christus gemaak is, is ons nie alleen in sigself geregverdig nie, maar word ons werke geregverdig voor God geag. Daarom naamlik, omdat wat ook al daarin onvolkome is, deur die bloed van Christus uitgewis word. Die beloftes wat voorwaardelik was, word aan ons ook deur dieselfde genade vervul, aangesien God ons werke beloon asof hulle volmaak is, omdat die gebreke deur die onverdiende genade bedek word.

... *vir almal en oor almal wat glo* ... Vir groter nadruk herhaal hy dieselfde ding op verskillende maniere van spreke, waardeur hy uitvoeriger uiteensit wat ons reeds gehoor het, naamlik dat alleen geloof vereis word en dat die gelowiges nie deur uiterlike kentekens onderskei word nie en dat dit dus geen verskil maak of hulle heidene of Jode is nie.

[22b want daar is geen onderskeid nie;]
23 want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God,
24 en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Jesus Christus is.
25 Hom het God voorgestel in sy bloed as ’n versoening deur die geloof, om sy geregtigheid te bewys deurdat Hy die

[22b Non est sane distinction.]

23 Non est sane distinctio. Omnes enim peccaverunt, et destituuntur gloria Dei;
24 Justificati gratis ipsius gratia per redemtionem quae est in Christo Iesu:

25 Quem proposuit Deus propitiatorium per fidem in sanguine ipsius, in

sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God –

demonstrationem justitiae suae, propter remissionem delictorum

26 om sy geregtigheid te toon in die teenwoordige tyd, sodat Hy self regverdig kan wees en regverdig maak wie uit die geloof in Jesus is.

26 Quae prius extiterunt in tolerantia Dei; ad demonstrationem justitiae suae, in hoc tempore; ut sit ipse justus et justificans eum qui est ex fide Iesu.

[22b]... *want daar is geen onderskeid nie*. Hy verbind almal, sonder uitsondering, aan die noodsaaklikheid om die geregtigheid in Christus te soek, asof hy wou sê dat daar geen ander weg is om geregtigheid te verkry nie, en dat sommige nie op een manier en ander op ’n ander manier geregverdig kan word nie, maar dat hulle almal gelykerwys deur die geloof geregverdig word, omdat almal sondaars is en daarom niks het om by God te roem nie. Maar hy neem as algemeen aanvaar aan dat elkeen, wanneer hy tot die regterstoel van God kom, bewus is van sy eie sonde en beskaamd en verlore neerlê onder sy skande, sodat geen sondaar die aangesig van God kan verduur nie, soos ons byvoorbeeld by Adam sien. Hy redeneer weer vanuit ’n teenoorgestelde rede; daarom moet gelet word op dit wat volg. Omdat almal sondaars is, lei Paulus af dat almal verstoke of beroof is van die lof van geregtigheid. Derhalwe is daar, volgens sy leer, geen geregtigheid behalwe in die volmaakte en volstrekte (gehoorsaamheid) nie. As daar immers ’n halwe geregtigheid sou bestaan, sou dit nie gepas wees dat hy wat ’n sondaar is, terstond van alle roem beroof sou word nie. Hierdeur word die versinsel van gedeeltelike geregtigheid (soos hulle dit noem) genoegsaam weerlê. Want as dit waar sou wees dat ons deels deur die werke en deels deur die genade van God geregverdig word, sou hierdie argument van Paulus nie enige waarde gehad het nie, naamlik dat almal gestroop is van die heerlikheid van God, omdat hulle sondaars is. Dit is gevolglik seker, dat daar waar daar sonde is, geen geregtigheid bestaan nie, totdat Christus die vervloeking wegneem. En dit is wat gevind word by Galásiërs 3:10 dat almal wat onder die wet is, onderworpe is aan die vervloeking, maar dat ons hiervan bevry word deur die genadegawe van Christus. Die *heerlikheid van God* aanvaar hy as dit wat ’n ereplek by God het, soos (ons vind) by Johannes 12:43: *Want hulle het die eer van die mense meer liefgehad as die eer van God.* En so roep hy ons van die toejuiging in die menslike skouburg na die hemelse regterstoel.

24 *En hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig* ... Na die gebruiklike gewoonte van die Grieke word ’n deelwoord geplaas in die plek van ’n werkwoord. Die betekenis is dat, aangesien daar vir die mense self niks anders oorbly as om – getref deur die regverdige oordeel van God – te vergaan nie, hulle dus deur sy barmhartigheid sonder verdienste geregverdig word. Christus kom immers hierdie ellende te hulp en maak Homself aan die gelowiges bekend, sodat hulle in Hom alleen alles vind waaraan hulle gebrek het. Daar is waarskynlik in die ganse Skrif geen plek wat die krag van hierdie geregtigheid duideliker skets nie. Want dit toon aan dat die barmhartigheid van God die werkende oorsaak is, dat Christus met sy bloed die inhoudelike oorsaak is, dat die geloof, ontvang uit die Woord, die formele of instrumentele oorsaak is en dat, ten slotte, die heerlikheid van die goddelike geregtigheid en goedheid die uiterste (of hoogste) oorsaak is. Wat die werkende oorsaak betref, sê hy, dat ons geregverdig word sonder verdienste, naamlik deur sy genade. So het hy dit twee maal gestel dat alles van God is en niks van ons nie. Dit sou voldoende gewees het om die genade teenoor die verdienste te stel, maar sodat ons ons nie ’n soort halwe genade sou inbeeld nie, het hy deur die toevoeging van ’n herhaling duideliker gestel wat hy wou sê, en het hy vir die barmhartigheid van God alleen die volledige werking van die geregtigheid opgeëis, wat die sofiste in dele verdeel en vermink het, sodat hulle nie gedwing sou word om hul eie armoede te erken nie.

... *deur die verlossing wat in Jesus Christus is.* Dit is die grond van ons geregtigheid, dat Christus deur sy gehoorsaamheid aan die oordeel van die Vader voldoen het en, deur ons straf te dra, ons bevry het van die tirannie van die dood, waardeur ons gevange gehou was. Immers, deur die versoening van die offerande wat Hy gebring het, is ons skuld opgehef. Hierdeur word weereens op voortreflike wyse die versinsel van hulle wat wil hê dat geregtigheid ’n hoedanigheid is, weerlê. Want as ons voor God regverdig geag word, omdat ons deur ’n losprys vrygekoop is, het ons sekerlik van elders anders geleen wat nie in onsself is nie. En Paulus sit spoedig duideliker uiteen wat hierdie versoening is en waarop dit betrekking het, naamlik dat ons met God versoen word. Hy noem immers Christus ’n versoening, of (wat beter pas as ’n sinspeling op ’n ou sinnebeeld) ’n soenoffer. Maar dit wil niks anders sê nie as dat ons geregverdig is omdat Christus ons met die Vader versoen. Dit is egter nodig om die woorde te ondersoek.

25 *Hom het God voorgestel* ... Die Griekse werkwoord προτιθέναι beteken soms *om vooraf te bepaal*, en soms *om aan die lig te bring*. As die eerste betekenis aanvaar word, verwys Paulus na die onverdiende barmhartigheid van God, dat Christus aangestel is as Middelaar wat deur die offerande van

sy dood ons met die Vader versoen. En dit is immers geen gewone lof van die genade nie, naamlik dat God uit sy eie ’n rede gevind het waardeur ons vervloeking weggeneem sal word. En hierdie plek skyn sekerlik in ooreenstemming te wees met Johannes 3:16: *Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het* ... Nietemin, as ons die ander betekenis aanvaar, sal die redenering dieselfde bly, dat God op sy tyd Hom wat Hy self vantevore aangestel het, te voorskyn gebring het. In die woord ἱλαστηριον, soos ek gesê het, is daar ’n sinspeling op die ou soenoffer. Want hy leer dat dieselfde saak, wat in die soenoffer geteken word, in Christus vertoon word. (Aangesien tog die ander mening nie verkeerd bewys kan word nie, indien iemand dit eenvoudiger wil opvat, laat ek dit in die midde.) Dit wat Paulus hier besonderlik wil beklemtoon, is, soos uit sy woorde blyk, dat God sonder Christus altyd toornig teenoor ons is en dat ons deur Hom versoen word wanneer ons deur sy geregtigheid aanvaar word. God het immers nie in ons, as sy handewerk, ’n afsku nie. Ons is tog as mense geskape. Hy verafsku egter ons onreinheid wat die lig van sy beeltenis uitblus. Wanneer die afwassing van Christus dit uitgewis het, bemin en omhels Hy ons as sy eie reine handewerk.

... *in sy bloed as ’n versoening deur die geloof* ... Ek verkies om die woorde soos Paulus dit het, te behou. Want dit lyk vir my asof hy in een verband wou sê dat God ons goedgesind word sodra ons vertroue rus in die bloed van Christus, aangesien ons deur die geloof in besit kom van sy genadegawe. Maar deur die noem van die bloed alleen, wou hy nie die ander dele van die verlossing uitsluit nie, maar eerder onder een deel die geheel saamvat. Hy het juis die bloed genoem omdat ons daarin ons reinigingsbad het. So word deur ’n *synecdoche*[1)] die hele versoening aangedui. Waar hy naamlik onlangs gesê het dat God in Christus versoen is, voeg hy nou by dat dit deur die geloof bewerkstellig word, en terselfdertyd (sê hy) wat ons geloof vernaamlik in Christus behoort te bemerk.

... *om sy geregtigheid te bewys deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het* ... Die redegewende voorsetsel beteken soveel asof hy wou sê: ter wille van vergewing of met hierdie doel dat Hy die sondes sou wegneem. En hierdie omskrywing of verklaring bevestig weer wat ek reeds dikwels opgemerk het, dat die mense nie geregverdig word omdat hulle in werklikheid sodanig is nie, maar deur toerekening (word hulle geregverdig). Hy gebruik immers alleen dan die een, dan ’n ander woord, waardeur hy duideliker wil uitdruk dat daar in hierdie geregtigheid geen verdienste vir ons is nie. Want as ons dit verkry deur die vergewing van sondes, begryp

---

1) ’n Woordeverwisseling. – *die vertaler*

ons dat dit buite ons geskied. Vervolgens, as die vergewing self uit die ongemengde weldadigheid van God is, verval alle verdienste. Tog word gevra waarom hy die vergewing beperk tot die voorafgaande oortredinge. Hoewel hierdie plek verskillend uitgelê word, lyk dit vir my waarskynlik dat Paulus die wetlike soenoffers voor oë gehad het, wat inderdaad getuienisse was van ’n toekomstige voldoening, maar nie in die minste God kon versoen nie. Daar is ’n soortgelyke plek in Hebreërs 9:5 (waar gesê word) dat verlossing van sondes teweeggebring is deur Christus, naamlik van sondes wat onder die vorige verbond staande gebly het. Tog moet jy dit nie verstaan asof slegs oortredinge uit ’n vroeër tyd deur die dood van Christus versoen is nie. Dit is ’n waansinnige opvatting wat sommige fanatieke mense uit hierdie plek afgelei het nadat hulle dit op ’n belaglike manier verdraai het. Want Paulus leer alleen dit, dat daar tot aan die dood van Christus geen betaling was om God te behaag nie, en dat dit inderdaad nie deur die skadubeelde van die wet teweeggebring of vervul was nie, en dat die waarheid gevolglik tot aan die tyd van vervulling uitgestel was. Verder, dieselfde geld ten opsigte van daardie dinge wat ons daagliks in ’n staat van beskuldiging plaas, want daar is maar een enkele versoening vir almal. Sommige het, om daardie ongerymdheid te ontvlug, beweer dat die vroeëre oortredinge vergewe word sodat dit nie mag lyk asof daar vryheid gegee word om daarna te sondig nie. En dit is waar dat vergifnis nie gegee word nie behalwe vir gepleegde misdrywe. Maar die vrug van verlossing val nie terneer of gaan verlore as ons daarna in sonde val, soos Novatus[1)] saam met sy sekte gedroom het nie. Maar dit is die toebedeling van die evangelie dat dit die oordeel en toorn van God aan toekomstige sonde voorhou en barmhartigheid aan die sondaar. Origens is dit wat ek reeds aangevoer het, die eintlike betekenis. Dit wat hy byvoeg, naamlik dat hierdie vergewing *in verdraagsaamheid* (gegee) was, neem hulle eenvoudig op as sagmoedigheid, wat die oordeel van God as ’t ware teruggehou het en nie toegelaat het dat dit tot ons ondergang ontbrand nie, totdat Hy uiteindelik ons in genade aangeneem het. Maar dit lyk eerder na ’n stilswyende voorgevoel sodat iemand nie sou teenwerp dat hierdie genade eers nou ten laaste te voorskyn gekom het nie. Paulus leer ons dat dit ’n bewys van verdraagsaamheid is.

26 *om sy geregtigheid te toon* ... Die herhaling van hierdie deel is nie sonder nadruk nie en Paulus het dit met opset gedoen, aangesien dit baie noodsaaklik was. Want ’n mens word deur niks moeiliker oortuig as dat hy aan homself alles ontsê en erken dat dit van God ontvang is nie. Nietemin

---

[1)] Novatus (omstreeks 200-258 n.C.) het met ’n groep volgelinge van die kerk weggebreek. Hulle het geleer dat daar vir die gevallenes (*lapsi*), wat voor die aanslag van vervolging geswig en Christus verloën het, geen genade meer is nie. – *die vertaler*

maak hy opsetlik melding van hierdie nuwe betoning (van geregtigheid) sodat die Jode hul oë mag open om daarop te let.

... *in die teenwoordige tyd* ... Dit wat ten alle tye voortdurend was, pas hy toe op die dag van Christus se verskyning, en nie sonder rede nie. Want dit wat vroeër bedek onder omhulsels, slegs op duistere wyse bekend was, het God openlik in sy Seun geopenbaar. So was die koms van Christus die tyd van welbehae en die dag van saligheid. God het wel in alle eeue een of ander getuienis van sy geregtigheid gegee, maar toe die Son van geregtigheid geskyn het, het dit veel duideliker aan die lig gekom. Daar moet dus gelet word op die vergelyking tussen die Ou en Nuwe Testament, omdat die geregtigheid van God eers dan helder geopenbaar is, toe Christus verskyn het.

... *sodat Hy self regverdig kan wees* ... Dit is ’n omskrywing van daardie geregtigheid, waarvan hy gesê het dit geopenbaar is nadat Christus gegee is, soos hy (ook) in die eerste hoofstuk geleer het dat dit in die evangelie geopenbaar is. Maar hy bevestig dat dit uit twee dele bestaan. Die eerste is dat God regverdig is, en sekerlik nie as een uit vele nie maar as die een wat alle volheid van geregtigheid in Homself bevat. Want die onverdeelde en volkome roem, wat aan Hom toekom, word nie anders aan Hom verleen nie, behalwe wanneer Hy alleen die naam en eer van die geregtigheid verkry, terwyl die ganse menslike geslag as onregverdig veroordeel word. Die ander deel, vervolgens, stel hy onder die mededeling van die geregtigheid, terwyl God naamlik geensins sy skatte by Homself hou nie maar op die mense uitstort. Derhalwe weerkaats die geregtigheid van God in ons, vir sover Hy ons deur die geloof in Christus regverdig maak. Want tevergeefs sou Christus tot regverdigheid gegee gewees het, indien die genieting uit geloof nie bygekom het nie. Vandaar volg dit dat almal in sigself onregverdiges en verlorenes is, totdat die redmiddel uit die hemel gegee was.

27 Waar is dan die roem? Dit is uitgesluit. Deur watter wet? Van die werke? Nee, maar deur die wet van die geloof.
28 Ons neem dus aan dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die wet.

27 Ubi ergo gloriatio? Exclusa est. Per quam legem? Operum? Nequaquam; sed per legem fidei.

28 Constituimus ergo, fide justificari hominem sine operibus Legis.

27 *Waar is dan die roem?* Nadat die apostel met oorvloedig genoegsame redes die mense van hul vertroue op die werke afgewerp het, dryf hy nou die spot met hul ydelheid. Hierdie uitroep was inderdaad noodsaaklik; want tensy die Heilige Gees met groter hewigheid fulmineer (donder) om ons

hoogmoed neer te werp, is dit in hierdie saak nie genoeg om te onderwys nie. Maar hy sê dat die roem buite alle twyfel uitgesluit is, omdat ons niks van ons eie kan voortbring wat die goedkeuring en aanprysing van God waardig is nie. Indien die grond van te roem verdienste is, of jy dit nou so noem op grond van waardigheid of op grond van ooreenstemming, waardeur die mens homself voor God versoen, sien jy dat albei hierdie sieninge afgewys word.[1)] Dit handel hier immers nie oor vermindering of matiging nie, maar Paulus maak dat nie ’n druppel roem oorbly nie. Vervolgens, as die roemery in die werke deur die geloof weggeneem word, sodat die geloof nie suiwer verkondig kan word sonder dat alles aan die barmhartigheid van God toegeskryf word nie, dan beroof dit die mens van sy roem; en dit volg (dus) dat ons deur geen werke gehelp word in die verkryging van geregtigheid nie.

Van die werke? ... In watter sin ontken die apostel hier dat ons verdienstes deur die wet uitgesluit is, terwyl hy vantevore ons verdoemenis uit die wet aangetoon het? Want as dit (die wet) ons almal oorgee aan die dood, watter roem verkry ons daaruit? Is dit nie eerder so dat dit ons van alle roem beroof en met skande oordek nie? Maar hy het toe aangetoon dat ons sonde deur die oordeel van die wet geopenbaar word, omdat ons almal van die onderhouding daarvan afgewyk het. Hier egter bedoel hy dat as die geregtigheid in die wet van die werke geleë sou wees, ons roem nie uitgesluit sou wees nie; maar omdat dit aan die geloof alleen toekom, is daar niks wat vir onsself opgeëis kan word nie. Aangesien die geloof alles van God ontvang, bring dit niks anders as ’n ootmoedige belydenis van armoede nie. En daar moet besonderlik gelet word op die teenstelling van die geloof en die werke; werke word hier in die algemeen genoem sonder enige toevoeging. Hy bespreek derhalwe nie slegs die seremonies nie, en ook nie die uitwendige vorm van werke nie, maar hy omsluit alle verdienstelikhede van werke waaraan gedink kan word. Die naam *wet* word hier minder gepas aan die geloof toegeken, maar die bedoeling van die apostel is geensins onduidelik nie. Hy verstaan dit naamlik so dat, wanneer tot die reël van die geloof gekom word, alle roem in die werke neerstort, so asof hy wou sê dat die regverdigheid van die werke inderdaad in die wet

---

[1)] Hierdie sin is moeilik om te vertaal, deels omdat Calvyn homself uiters beknop uitdruk, deels omdat hy twee woorde, te wete *congruus* en *condignus*, in ’n ongewone sin gebruik. John Owen vertaal soos volg: *If the material of glorying be merit, whether you name it of congruity or of condignity, by which man would conciliate God, you see that both are annihilated. Congruity* word o.a. omskryf as *that worthiness of eternal life which a man may possess through good works performed*, en *condignity* beteken o.a. *self-accordance*, ook *the suitability of divine grace to the character and circumstances of a person called, to which some theologicans attribute its efficacy*. – *die vertaler*

aangeprys word, maar dat die geloof sy eie wet het, wat in die werke, hoedanig dit ook al mag wees, geen geregtigheid nalaat nie.

28 *Ons neem dus aan* ... Nou oordink hy die vernaamste tema asof dit reeds sonder twyfel is, en voeg ’n verklaring by. Die geregtigheid van die geloof kom immers duidelik aan die lig wanneer die werke by name uitgesluit word. Daarom arbei ons teenstanders vandag in geen saak harder as om die geloof met die verdienstelikhede van die werke te verstrengel nie. Hulle gee wel toe dat die mens deur die geloof geregverdig word, maar nie deur die geloof *alleen* nie. Ja, as dit op die saak self aankom, plaas hulle die krag van die regverdigmaking in die liefde, hoewel slegs met woorde wat hulle aan die geloof toeskryf. Maar Paulus verseker op hierdie plek dat dit (die regverdigmaking) so onverdiend is, dat hy openbaar maak dat dit op geen manier met enige waardigheid van die werke verbind kan wees nie. Waarom hy die werke van die wet noem, het ek hierbo verduidelik en tegelykertyd aangetoon dat hulle wat dit tot die seremonies beperk, belaglik is. Dit is ook ’n onbeduidende versinsel om die werke van die wet letterlik op te neem as werke wat sonder die Gees van Christus gedoen word. Hierdie bepaling het eerder soveel betekenis asof hy *verdienstelike werke* sou gesê het, omdat hy let op die loon wat in die wet beloof is. Dit wat by Jakobus gevind word, dat die mens nie alleen deur die geloof geregverdig word nie maar ook deur werke, stry geensins met die voorgaande uitspraak nie. Die versoening (van die twee sieninge) hang grotendeels af van die strekking van die argument waaroor Jakobus daar handel. Die vraag by hom is immers nie op watter manier mense vir hulself geregtigheid voor God verwerf nie, maar op watter manier hulle hul regverdigheid bewys. Hy weerlê dus die geveinsdes wat ydelik spog met die titel van geloof. Dit is derhalwe ’n ernstige denkfout om nie aandag daaraan te skenk nie dat die uitdrukking *om te regverdig* by Jakobus iets anders beteken as by Paulus, soos wat hulle ook oor verskillende sake handel. Die woord *geloof* kom ook sonder twyfel in verskillende betekenisse voor. Om ’n oordeel oor die saak te vel, moet die tweevoudige homoniem[1)] in ag geneem word. Uit die sinsverband moet afgelei word dat Jakobus niks anders wil sê nie as dat die mens nie deur ’n geveinsde of dooie geloof regverdig gemaak of regverdig bewys word nie, behalwe as hy sy geregtigheid deur werke bewys. Kyk hieroor my *Institusie*.

29 Of behoort God net aan die Jode, en nie ook aan die heidene nie? Ja, ook aan die

29 Num Iudaeorum Deus tantum?An non et Gentium? Certe et Gentium.

---

1) ’n *Homoniem* word omskryf as *’n woord wat dieselfde klank- en spellingvorm as ’n ander in dieselfde taal het, maar in betekenis en herkoms verskil*. – *die vertaler*

heidene,
30 aangesien dit inderdaad een God is wat die besnedenes sal regverdig uit die geloof en die onbesnedenes deur die geloof.

30 Quandoquidem unus Deus, qui justificabit circumcissionem ex fide, et praeputium per fidem.

29 *Of behoort God net aan die Jode* ... Die tweede stelling is dat hierdie geregtigheid nie meer aan die Jode as aan die heidene toekom nie. Dit was inderdaad baie nodig dat dit benadruk word, sodat daar deur die hele wêreld plek gemaak kan word vir die ryk van Christus. Daarom vra hy nie bloot of uitdruklik of God die Skepper van die heidene is nie, wat buite geskil bekend was, maar of Hy Homself ook aan hulle as Verlosser wil bekend maak. Nadat Hy immers die ganse menslike geslag gelyk gemaak het, het Hy hulle in dieselfde posisie geplaas. As daar enige verskil tussen hulle is, is dit uit God en nie uit hulself wat alle dinge onderling in gelyke mate besit nie. Indien dit waar is dat God alle volke van die wêreld deelgenote van sy barmhartigheid wil maak, dan word die saligheid en die geregtigheid wat vir die saligheid nodig is, tot almal uitgebrei. Daarom is daar hier in die naam *God* 'n aanwysing van 'n wederkerige verhouding, wat dikwels in die Skrif voorkom: *En julle sal vir My 'n volk wees, en Ek sal vir julle 'n God wees* (Jer. 30:22). Dat God vir 'n tyd lank vir Homself 'n bepaalde volk uitgekies het, hef nie die grondwaarheid van die natuur op nie, naamlik dat almal na die beeld van God gevorm is en in die wêreld opgevoed word in die hoop van die salige ewigheid.

30 ... *wat die besnedenes sal regverdig* ... Wanneer hy gesê het dat sommige *deur* die geloof en ander *uit* die geloof geregverdig word, lyk dit asof hy daar behae in het om deur verskeie maniere van spreke dieselfde saak aan te dui, met die doel om in die verbygang die dwaasheid van die Jode te berispe, wat tussen hulself en die heidene 'n onderskeid versin, terwyl hulle op die punt van regverdiging in niks verskil nie. Want as die mense alleen deur die geloof hierdie genade deelagtig word, en die geloof in albei dieselfde is, is dit belaglik om in so 'n groot gelykheid 'n verskil te maak. Daarom oordeel ek dat daar 'n ironie in die woorde verskuil is, asof hy wou sê dat as iemand 'n verskil tussen heidene en Jode wil maak, laat hy dit hierin vind, dat die een *deur* die geloof en die ander *uit* die geloof regverdiging verkry. Dit mag wees dat om soos volg te onderskei, beter in die smaak val, naamlik dat die Jode *uit* die geloof geregverdig word, aangesien hulle gebore word as erfgename van die genade, terwyl die reg van aanneming van die vaders na hulle oorgedra is, en dat die heidene *deur* die geloof geregverdig word, omdat vir hulle die verbond iets van buite is.

31 Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet.

31 Legum igitur irritam facimus per fidem? Ne ita sit: sed Legem stabilimus.

31 *Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet.* Waar die wet teenoor die geloof gestel word, gryp die vlees dadelik ’n suspisie van ’n teenstrydigheid aan, so asof die een teenoor die ander staan. Hierdie valse inbeelding kleef inderdaad maklik aan hulle wat deurdronge met ’n verkeerde begrip van die wet, niks anders daarin soek as die geregtigheid van die werke nie, terwyl hulle die beloftes agterweë laat. En op grond hiervan is nie alleen van Paulus maar ook van die Here self onder die Jode sleg gespreek, asof hy in al sy prediking die afskaffing van die wet wou bewerkstellig het. Vandaar hierdie verklaring: *Ek het nie gekom om (die wet) te ontbind nie, maar om te vervul* (Matt. 5:17). Maar hierdie suspisie het betrekking gehad op sowel die sedelike as die seremoniële wet. Omdat die evangelie ’n einde gemaak het aan die mosaïese seremonies, word gedink dat dit daarop gerig is om die diens van Moses af te breek. En verder, omdat dit alle geregtigheid van die werke uitwis, word geglo dat dit staan teenoor soveel getuienisse van die wet, waar die Here bevestig dat Hy die weg van geregtigheid en verlossing daarin voorgeskryf het. Daarom neem ek aan dat hierdie verontskuldiging van Paulus nie besonderlik betrekking het op die seremonies nie, en ook nie alleen op die sedelike voorskrifte (soos hulle dit noem), maar in die algemeen op die hele wet. Die sedelike wet word immers werklik bevestig en versterk deur die geloof in Christus; aangesien dit tog tot hierdie doel gegee is dat dit die mens, nadat aan hom sy ongeregtigheid geleer is, na Christus lei, sonder wie hyself (die mens) nie vervul word nie en sonder wie hy vrugteloos uitroep wat na regte gedoen moet word en sonder wie hy niks kan doen anders as om sy begeerlikheid verder te prikkel nie, en daardeur uiteindelik die verdoemenis oor die mens te vergroot. Maar wanneer tot Christus gekom is, word in Hom allereers die volkome geregtigheid gevind, wat deur toerekening ook aan ons toekom. Vervolgens is daar die heiligmaking, waardeur ons harte geformeer word om die wet te onderhou – ’n onderhouding, hoewel onvolmaak, maar wat na die doel gerig is. Soortgelyk is die redenering oor die seremonie wat met die koms van Christus wegval en verdwyn, maar waarlik deur Homself bevestig word. As dit immers op sigself beoordeel word, is dit ydele en skaduagtige beeltenisse, en dan eers word iets blywend verkry, as hulle na ’n beter doel uitsien. Derhalwe is die hoogste bevestiging van die dinge daarin geleë dat geleer word dat die waarheid in Christus volbring is. Daarom moet ons daarop bedag wees om die evangelie so te bedien dat deur ons manier van lering die wet bevestig word, maar met geen ander vastigheid as die geloof wat op Christus steun.

HOOFSTUK 4

1 WAT sal ons dan sê, het Abraham, ons vader na die vlees, verkry?

2 Want as Abraham uit die werke geregverdig is, het hy iets om op te roem, maar nie teenoor God nie.
3 Want wat sê die Skrif? Abraham het in God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken.

1 Quid ergo dicemus, invenisse Abraham patrem nostrum secundum carnem?
2 Si enim Abraham ex operibus justificatus est, habet quo glorietur, sed non apud Deum.
3 Quid enim Scriptura dicit? Credidit Abraham Deo, et imputatum est illi in justitiam.

1 *Wat sal ons dan sê* ... Dit is ’n bevestiging deur ’n voorbeeld en dit staan genoegsaam vas, omdat alle dinge gelyk is in sowel die saak as die persoon. Want hy is die vader van die gelowiges, aan wie almal gelyk behoort te word, en daar is vir almal maar een manier om geregtigheid te verkry en nie ’n verskeidenheid nie. In baie ander sake sou ’n voorbeeld nie genoegsaam gewees het as ’n algemene reël nie, maar aangesien daar in die persoon van Abraham ’n spieël en voorbeeld van geregtigheid gestel is, wat gemeenskaplik aan die hele kerk toekom, het Paulus tereg dit wat oor die een man geskryf is, toegepas op die hele liggaam van die kerk. Terselfdertyd hou hy ook die Jode in toom, vir wie niks meer voor die hand gelê het as om te roem dat hulle kinders van Abraham is nie. En hulle sou nooit gedurf het om aan hulleself meer heiligheid toe te skryf as aan die heilige aartsvader nie. Waar dit nou vasstaan dat hy uit genade geregverdig was, is dit noodsaaklik dat sy nakomelinge, wat hulself uit die wet ’n eie geregtigheid aanmatig, deur skaamte oorwin sal verstom.

... *na die vlees* ... Tussen hierdie sinsnede en die naam van vader Abraham word in die teks van Paulus die woord εὑρηκέναι ingevoeg, op hierdie manier: *Wat sal ons sê, dat Abraham, ons vader, gevind het na die vlees?* Daarom dink sommige uitleggers dat gevra word wat Abraham verkry het na die vlees. Indien hierdie uiteensetting aanvaar word, sal *na die vlees* soveel beteken as *natuurlikerwys* of *uit sigself*. Maar dit is waarskynlik dat dit as ’n nadere bepaling met *vader* verbind moet word. Bowendien, omdat ons gewoonlik meer getref word deur voorbeelde eie aan ons, word die waardigheid van die geslag, waarop die Jode al te veel geroem het, weer by name genoem. Sommige dink dat dit uit minagting bygevoeg is soos hulle elders vleeslike kinders van Abraham genoem word, wat nie geestelik is en ook nie wettig is nie. Maar ek dink dat dit wat eie aan die aard van die Jode was, hier uitgedruk is; want dit was

voortrefliker om uit natuurlike en vleeslike oorsprong eerder as uit blote aanneming kinders van Abraham te wees, indien die geloof terselfdertyd bykom. Hy gee derhalwe ’n besondere band van samebinding aan die Jode toe, maar dan alleen om hulle sterker aan te spoor om nie van die voorbeeld van hul stamvader af te wyk nie.

2 *Want as Abraham* ... Dit is ’n *epicherema*, dit wil sê ’n onvoltooide sluitrede, wat in hierdie vorm voltooi moet word: Indien Abraham uit die werke geregverdig is, kan hy roem op sy verdienste, maar hy het niks waarop hy voor God kan roem nie, dus is hy nie uit die werke geregverdig nie. Die woorde *maar nie teenoor God nie* is die neweskikkende stelling van die sluitrede. Hieraan moet die gevolgtrekking wat ek gestel het, toegevoeg word, hoewel dit nie deur Paulus geuiter is nie. Hy praat van roem, wanneer ons voorgee iets te hê waarvoor aan ons in die oordeel van God loon verskuldig is. Wanneer hy dit aan Abraham ontneem, wie van ons kan vir homself ’n druppel verdienste aanmatig?

Want wat sê die Skrif? ... Dit is die bewys van ’n neweskikkende stelling of te wel die *assumptio*[1)], waar hy ontken het dat daar ’n rede vir Abraham is om te roem. Want as Abraham daaruit geregverdig word dat hy deur die geloof die goedheid van God omhels het, volg daaruit dat hy geen roem het, aangesien hy niks van sy eie voortgebring het nie behalwe die kennis van ellende wat na barmhartigheid soek. Hy neem dit inderdaad as bewese aan, dat die geregtigheid van die geloof ’n hulpmiddel en as ’t ware ’n toevlugsoord vir die sondaar is, wat van die werke beroof is. Want as daar enige geregtigheid van die wet of die werke sou gewees het, sou dit in die mense self gesetel gewees het, maar deur die geloof leen hulle van elders, wat aan hulself ontbreek, en daarom word die geregtigheid heel gepas as toegerekend genoem. Vervolgens is die plek wat aangehaal word, uit Génesis 15:6 geneem, waar die woord *glo* nie beperk moet word tot een of ander bepaalde uitspraak nie, maar betrekking het op die hele heilsverbond en die genade van aanneming (tot kinders), waarvan gesê word dat Abraham dit deur die geloof aangegryp het. Inderdaad word daar verwys na die belofte van die toekomstige saad, maar dit was gegrond op die onverdiende aanneming. Daar moet daarop gelet word dat die saligheid nie beloof word sonder die genade van God nie, en ook nie die genade van God sonder die saligheid nie; en andermaal, dat ons nie geroep word tot die genade van God en ook nie tot die hoop van die saligheid sonder dat aan ons tegelykertyd die geregtigheid aangebied word nie. Met dit vasstaande, kan ons sien dat hulle wat dink dat die getuienis van Moses

---

1) Aanname.

deur Paulus gewelddadiglik verdraai word, nie aan die grondbeginsels van die teologie vashou nie. Maar aangesien die belofte daar ’n besondere aard het, verstaan hulle dit so dat Abraham goed en reg gehandel het in wat hy geglo het, en dat hy in soverre deur God goedgekeur is. Maar daarin dwaal hulle; eerstens omdat hulle nie daarop gelet het dat *om te glo* betrekking het op die hele inhoud (van die saligheid) en dat dit daarom nie beperk mag word tot een deel daarvan nie. Maar die vernaamste dwaling lê hierin dat hulle nie begin by die getuienis van die genade van God nie. En dit doen God sodat Abraham sekerheid verkry van sy aanneming sowel as van die vaderlike guns, waaronder die ewige saligheid deur Christus verstaan word. Daarom omhels Abraham deur te glo niks anders as die genade wat aan hom aangebied is, sodat dit nie tevergeefs mag wees nie. As dit hom tot geregtigheid gereken word, volg dit dat hy nie anders geregverdig is as deurdat hy vertrouend op die goedheid van God, gewaag het om van Hom alles te verwag nie. Moses verhaal immers nie daar wat die mense oor hom gedink het nie, maar hoedanig sy gesteldheid voor die regterstoel van God was. Abraham het derhalwe in die belofte die weldadigheid van God, wat hom aangebied is, aangegryp, waardeur hy geglo het dat die geregtigheid aan hom meegedeel is. Om die geregtigheid te verstaan, is dit noodsaaklik om hierdie verhouding tussen die belofte en die geloof te begryp; want daar is hier dieselfde verhouding tussen God en ons as wat daar by die regsgeleerdes tussen skenker en ontvanger is. En ons verkry die geregtigheid immers op geen ander manier as dat dit asof deur die belofte van die evangelie aan ons aangebied word nie, en so bemerk ons as ’t ware die besit daarvan deur die geloof. Op watter manier ons die plek uit Jakobus, wat enigsins teenstrydig lyk, hiermee in ooreenstemming kan bring, het ek hierbo verduidelik, en ek sal dit later uitvoeriger uiteensit, as die Here wil. Laat ons slegs dit opmerk, dat hulle aan wie die geregtigheid toegereken is, geregverdig word, want hierdie twee uitdrukkings word deur Paulus as gelyk in betekenis gestel. Daaruit neem ons aan dat daar nie bespreek word hoedanig mense in sigself is nie, maar op watter plek God in sy skatting hulle plaas; en nie omdat die suiwerheid van die gewete en die ongereptheid van die lewe geskei word van die onverdiende guns van God nie, maar omdat, waar die vraag gestel word, waarom God ons liefhet en as regverdig erken, dit noodsaaklik is dat Christus na vore kom, wat ons beklee met sy geregtigheid.

4 Maar aan hom wat werk, word die loon nie na guns toegereken nie, maar na verdienste;
5 aan hom egter wat nie werk nie, maar glo in Hom wat die goddelose regverdig,

4 Ei quidem qui operatur merces non imputatur secundum gratiam, sed secundum debitum:
5 Ei vero qui non operatur, credit autem in eum qui justificat impium, imputatur fides

word sy geloof tot geregtigheid gereken. sua in justitiam.

4 *Maar aan hom wat werk* ... As werker noem hy nie elkeen wat hom toespits op (die doen van) goeie werke nie – want hierdie ywer behoort in alle kinders van God kragtig te groei – maar hy noem as werker hom wat deur sy verdienstelikhede iets meen te verdien. Soortgelyk noem hy hom ’n nie-werker aan wie geen verdienste van die werke verskuldig is nie. En hy wil immers nie dat die gelowiges onwerksaam moet wees nie, maar hy verbied hulle om soos huurlinge te wees, wat die een of ander van God opeis asof dit regtens verskuldig is. Ons het ook reeds daaraan herinner dat hier nie gehandel word oor hoe ons ons lewe behoort in te rig nie, maar hier word gevra na die oorsaak van die saligheid. Hy redeneer egter uit ’n teenstelling, naamlik dat God nie aan ons die geregtigheid verleen as synde verskuldig nie, maar inteendeel as ’n geskenk. En ek stem saam met Bucer, wat aandui dat hierdie vorm van argumentasie nie ontleen is aan een woord nie, maar aan die hele uitspraak, op hierdie manier: “As daar iemand is wat enigiets deur sy werk verdien, word dit wat hy verdien het nie vrylik aan hom toegereken nie, maar omdat dit verskuldig is. Die geloof word tot geregtigheid toegereken, nie omdat dit enige verdienste van ons kant meebring nie, maar omdat dit die goedheid van God aangryp. Gevolglik is die geregtigheid nie aan ons verskuldig nie, maar word onverdiend geskenk.” Omdat Christus ons immers by wyse van guns deur die geloof regverdig, sien Paulus altyd die leegheid in dit wat van ons is. Wat glo ons dan anders as dat Christus ’n soenoffer is, sodat Hy ons met God mag versoen? Dieselfde word in ander woorde gevind by Galásiërs 3:11: *En dat niemand deur die wet geregverdig word nie, is duidelik; want die regverdige sal uit die geloof lewe. Maar die wet is nie uit die geloof nie, maar die mens wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe.* Aangesien die wet nou aan die werke ’n loon beloof, trek hy hieruit die gevolgtrekking dat die geregtigheid van die geloof, wat onverdiend is, nie ooreenkom met die regverdigheid deur die werke nie; dit (hierdie stelling) sal nie staande bly as die geloof met inagneming van die werke regverdig maak nie. Hierdie vergelykinge, waardeur alle verdienste heeltemal uitgewis word, moet ernstig betrag word.

5 ... *maar glo in Hom* ... Dit is ’n baie sterk uitdrukking, waardeur hy die wese en natuur van sowel die geloof as die geregtigheid beskryf. Want hy omskryf duidelik dat die geloof vir ons geregtigheid meebring, nie omdat dit ’n verdienstelike deug is nie, maar omdat dit die genade van God vir ons verkry. En hy verkondig immers nie alleen dat God die gewer van die geregtigheid is nie, maar hy veroordeel ons ongeregtigheid, sodat die goedheid van God ons armoede mag te hulp kom. Kort saamgevat,

niemand sal kom tot die geregtigheid van die geloof nie, behalwe hy wat in homself gebrekkig in vroomheid is. Immers, hierdie omskrywing moet toegepas word op die omstandigheid van hierdie passasie, naamlik dat die geloof ons toerus met ’n vreemde geregtigheid, wat dit van God afbedel. En dit word hier weer gesê dat God ons regverdig, terwyl Hy sondaars onverdiend vergewe, en hulle op wie Hy met reg toornig kon wees, sy liefde waardig ag, wanneer Hy naamlik deur sy barmhartigheid ons ongeregtigheid uitwis.

6 Soos Dawid ook die mens salig spreek aan wie God geregtigheid toereken sonder werke:
7 Welgeluksalig is hulle wie se ongeregtigheid vergewe en wie se sondes bedek is.
8 Welgeluksalig is die man aan wie die Here die sonde nie toereken nie.

6 Quemadmodum etiam David finit beatitudinem hominis, cui Deus imputat justitiam absque operibus.
7 Beati quorum remissae sunt iniquitates, et quorum tecta sunt peccata.
8 Beatus vir, cui non imputavit Dominus peccatum.

6 *Soos Dawid ook die mens salig spreek* ... Ons sien hier dat dit ’n blote spotterny van hulle is wat die werke van die wet beperk tot die seremonies, aangesien hy nou eenvoudig die werke sonder enige byvoeging noem. Vroeër het hy dit die werke van die wet genoem. As niemand kan ontken dat ’n eenvoudige en onbepaalde uitdrukking, soos dit nou voorkom, oor die algemeen van elke werk verstaan moet word nie, dan behoort dit deurlopend op die hele redenering van krag te wees. Wanneer Paulus die werke onbepaald uitsluit, is niks immers minder gepas as om alleen aan die seremonies die krag van die regverdiging te ontneem nie. Hier kom nog die teenoorgestelde deel by, dat God die mense regverdig deur die sonde nie toe te reken nie; met hierdie woorde word ons ook geleer dat die regverdigheid vir Paulus niks anders is as die vergewing van sondes nie. Ten slotte is hierdie vergewing ook onverdiend, aangesien dit sonder die werke toegereken word, wat die woord *vergewing* ook aandui. Want nie die skuldeiser aan wie betaling gemaak is, vergewe nie, maar wel hy wat uit eie blote goedgunstigheid die naam van die skuldenaar uitwis. Laat diegene nou maar kom wat leer dat die vergewing van sondes deur genoegdoeninge gekoop moet word; uit hierdie vergewing ontleen Paulus ’n argument om die onverdiende gawe van die geregtigheid te bewys. Hoe sal hulle siening dan ooreenstem met Paulus? Hulle sê dat aan die geregtigheid van God deur werke voldoening gegee moet word, waardeur ons vergewing van sondes mag verkry. Hierteenoor redeneer hy dat die geregtigheid van die geloof onverdiend is en sonder die werke, omdat dit afhanklik is van die vergewing van sondes. Hierdie redenering sou sekerlik

gebrekkig gewees het as die werke tussenbeide kom in die vergewing van sondes. En deur dieselfde woorde van die profeet word die onsinnighede van die skolastici oor die halwe vergewing nie minder afgewys nie. Hulle verkondig die onsin dat, nadat die skuld kwytgeskeld is, die straf deur God behou word; maar die profeet roep uit dat die sondes nie alleen bedek is nie, dit wil sê, onder die oë van God verwyder, maar hy voeg ook by dat dit nie toegereken word nie. Hoe sal dit dan klop, dat God straf opeis vir sondes wat hy nie toereken nie? Derhalwe bly hierdie allerskoonste uitspraak vir ons ongeskonde staan, dat hy deur die geloof geregverdig word, wat voor God gereinig is deur die onverdiende vergewing van sondes. Verder kan afgelei word dat die duur van hierdie onverdiende geregtigheid tydens die hele lewe onbepaald voortgaan. Wanneer Dawid immers, vermoeid deur die voortdurende kwelling van sy gewete, hierdie uitroep laat hoor, praat hy sekerlik oor sy eie ervaring, en hy het toe reeds God vir baie jare gedien. Hy het derhalwe, na groot vordering, eindelik ervaar dat alle mense wat voor die regterstoel van God geroep word, ellendig is, en daarom roep hy uit dat daar geen ander weg is om die saligheid te verkry nie as dat God ons in genade aanneem deur die sondes nie toe te reken nie. So word die versinsel afdoende weerlê, van hulle wat die onsin verkondig dat die geregtigheid van die geloof niks anders is as ’n beginpunt nie. Hulle meen verder dat die gelowiges deur die werke die besit van die geregtigheid sal verkry, wat hulle (aanvanklik) sonder verdienste ontvang het. Maar dat die werke somtyds gesê word om tot geregtigheid gereken te word, en dat daar ook ander salighede vermeld word, doen niks af aan die uitspraak van Paulus nie. In Psalm 106:31 word gesê dat dit Pinehas, die priester van die Here, tot geregtigheid gereken is, omdat hy die skande van Israel vergeld het deur die doodstraf te voltrek oor ’n hoereerder en ’n hoer. Ons hoor naamlik dat hierdie man ’n regverdige daad verrig het, maar ons weet dat ’n persoon nie deur een daad geregverdig word nie. Want wat vereis word, is ’n volmaakte gehoorsaamheid, verrig in die hele getal van werke, soos die belofte lui: *Hulle wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe* (Deut. 4:1).[1)] Op watter wyse dan word hierdie wraakoefening hom tot geregtigheid gereken? Dit is seker dat hy voorheen geregverdig moes gewees het deur die genade van God. Want hulle wat reeds met die geregtigheid van Christus beklee is, het ’n versoende God, nie alleen vir hul eie persoon nie maar ook vir hul werke, waarvan die vlekke en smette deur die reinheid van Christus bedek is, sodat dit nie in berekening kom nie. Vandaar word die werke as regverdig

---

[1)] Die teks lui in die 1933-1953-vertaling volledig soos volg: *Luister dan nou, Israel, na die insettinge en verordeninge wat ek julle leer om te doen, sodat julle mag lewe en inkom en die land wat die HERE, die God van julle vaders, aan julle sal gee, in besit mag neem. – die vertaler*

en met geen onreinheid besoedel, toegereken. Dit is ook duidelik dat geen enkele menslike werk God kan behaag nie behalwe deur (sy) toegeeflikheid. Maar as die geregtigheid van die geloof die enigste oorsaak is waarom die werke as regverdig gehou word, kyk dan hoe onsinnig hulle argumenteer (wat sê): "Aangesien geregtigheid aan werke toegeskryf word, is die geregtigheid nie alleen deur die geloof nie." Maar ek stel daarteenoor 'n onomstootlike argument: dat alle werke as ongeregtigheid veroordeel sal word as die mens nie deur die geloof alleen geregverdig word nie. Dieselfde geld oor die saligheid: hulle word salig verklaar wat die Here vrees, wat in sy weë wandel en wat sy wet betrag, dag en nag (Psalm 1:2 en 128:1). Maar omdat niemand dit verrig met die volkomenheid wat hom betaam sodat hy ten volle aan die opdrag van God beantwoord nie, is alle saligsprekinge van hierdie aard tevergeefs, totdat ons, gereinig en gewas deur die vergewing van sondes, salig gemaak word en dan so dat ons geskik gemaak word vir die saligheid wat die Here aan sy diensknegte belowe weens die onderhouding van die wet en weens goeie werke. Derhalwe is die geregtigheid van die werke die gevolg van die geregtigheid van die geloof, en die saligheid uit die werke is die gevolg van die saligheid wat geleë is in die vergewing van sondes. As die oorsaak nie van die gevolg behoort losgemaak te word en ook nie losgemaak kan word nie, sal hulle onsinnig handel wat hulle beywer om die geregtigheid van die geloof deur die werke omver te werp.

Maar waarom (sal iemand mag sê) is dit nie toelaatbaar om uit hierdie getuienisse te handhaaf dat die mens deur die werke geregverdig en salig gemaak word nie? Want die woorde van die Skrif, dat die mens deur die geloof geregverdig word en deur die barmhartigheid van God salig word, klink tog nie sterker as die woorde dat hy deur werke geregverdig word nie. Sekerlik omdat hier sowel die volgorde van oorsake as die uitdeling van die genade van God oorweeg moet word. Immers, omdat alles wat oor die geregtigheid van die werke of oor die saligheid verklaar is, geen plek het nie, behalwe as hierdie enige geregtigheid van die geloof dit voorafgegaan het en alleen alle dele (pligte) vervul het – en die een behoort opgerig en gehandhaaf te word, sodat die ander, soos die vrug uit die boom, daaruit gebore mag word en te voorskyn mag tree.

9 Hierdie saligspreking dan, sien dit op die besnedenes of ook op die onbesnedenes? Want ons sê: Aan Abraham is die geloof tot geregtigheid gereken.
10 Hoe is dit dan toegereken – toe hy besnede of onbesnede was? Nie as

9 Beatitudo ergo ista in circumcissionem modo, an in praeputium competit? Dicimus enim quod imputata fuit Abrahae fides in justitiam.
10 Quomodo igitur imputata fuit? In circumcissione quum esset, an in praeputio?

besnedene nie, maar as onbesnedene. Non in circumcissione, sed in praeputio.

Omdat hier net melding gemaak word van die besnedene en onbesnedene, lei baie onwyslik daaruit af dat hier niks anders ter sprake kom as dat die geregtigheid nie uit die wetlike seremonies verkry word nie. Maar dit moet in ag geneem word met watter soort mense Paulus redeneer. Ons weet immers dat die geveinsdes, terwyl hulle oor die algemeen op die verdienstelike werke roem, tog skuil agter uitwendige maskers. Ook was daar die besondere manier van die Jode, wat deur ’n growwe misbruik van die wet vervreemd geraak het van die ware en vasstaande geregtigheid. Paulus het gesê dat niemand salig is nie, tensy God hom deur onverdiende guns versoen het. Hieruit volg dat almal vervloek is wie se werke onder die oordeel kom. Hierdie hoofwaarheid moet vasgehou word, dat mense geregverdig word, nie deur eie waardigheid nie, maar deur die barmhartigheid van God. Maar dit is geensins genoeg, indien die vergewing van sondes nie al die werke voorafgaan nie, waarvan die besnydenis, wat die Joodse volk ingelei het in die gehoorsaamheid aan God, die eerste was. Hy gaan dus voort om dit ook aan te toon. Ons moet altyd onthou dat die besnydenis hier vermeld word as die aanvanklike werk (om so te sê) van die geregtigheid van die wet. En die Jode het immers nie daaroor geroem as ’n simbool van die genade van God nie, maar as ’n verdienstelike nakoming van die wet. Daarom het hulle hulself bo ander gestel, asof hulle voor God ’n groter uitnemendheid verwerf het. Ons sien nou dat hier nie ’n geskil gevoer word oor een godsdienstige gebruik nie, maar dat onder die een soort elke werk van die wet verstaan word, dit wil sê, elke werk waaraan loon verskuldig kan wees; maar die besnydenis word besonderlik genoem omdat dit die fondament van die geregtigheid van die wet was. Verder handhaaf hy die teenoorgestelde, naamlik as die geregtigheid van Abraham die vergewing van sondes was, (wat hy sonder vrees as bewese aanvaar), en Abraham dit voor die besnydenis verkry het, dan volg dit derhalwe dat die vergewing van sondes nie gegee is vir voorafgaande verdienstes nie. Jy sien dus dat die argument geleë is in die volgorde van oorsake en gevolge. Want die oorsaak is altyd voor die gevolg daarvan, en dat die geregtigheid veel eerder in Abraham as in die besnydenis was.

11 En hy het die teken van die besnydenis ontvang as ’n seël van die geregtigheid van die geloof toe hy nog nie besny was nie; dat hy die vader sou wees van almal wat glo terwyl hulle onbesnede is, sodat ook aan hulle die geregtigheid toegereken sou word;

11 Et signum accepit circumcissionis, sigillum justitiae fidei quae fuerat in praeputio; ut esset pater omnium credentium per praeputium, quo ipsis quoque imputetur justitia;

12 en ook ’n vader van die besnydenis vir die wat nie alleen uit die besnydenis is nie, maar ook wandel in die voetstappe van die geloof van ons vader Abraham toe hy onbesnede was.

12 Et pater circumcissionis, non iis qui sunt ex circumcissione tantum, sed qui insistunt vestigiis fidei, quae fuit in praeputio patris nostri Abrahae.

11 *En hy het die teken van die besnydenis ontvang* ... In afwagting van ’n beswaar toon hy aan dat die besnydenis tog nie ydel en oorbodig was nie, al het dit nie regverdig gemaak nie; maar dit het beslis ’n ander merkwaardige nut gehad, naamlik om die geregtigheid van die geloof te verseël en as ’t ware te bekragtig. En intussen gee hy uit die doel self te kenne dat dit nie die oorsaak van die geregtigheid is nie. Dit streef naamlik na die bevestiging van die geregtigheid van die geloof, en wel die geregtigheid van die geloof wat reeds in die onbesnedenheid verleen is. Daarom ontneem of onttrek hy niks daaraan nie. Verder het ons hier ’n merkwaardige passasie oor die algemene gebruik van die sakramente; want dit is seëls (volgens die getuienis van Paulus) waardeur sowel die beloftes van God, op een of ander manier, in ons harte ingeprent word en die sekerheid van die genade gewaarborg word. En hoewel dit (die sakramente) uit sigself niks help nie, het God, wat dit gewil het as middele van sy genade, tog deur die verborge genade van sy Gees bewerk dat die uitwerking daarvan in die uitverkorenes nie sal ontbreek nie. En hoewel dit vir die verworpenes slegs dooie en nuttelose simbole is, behou dit altyd hul krag en eie aard, want hoewel ons ongelowigheid ons beroof van die vrug daarvan, verswak of blus dit die waarheid van God tog nie uit nie. Dit bly dus vasstaan dat hierdie heilige simbole getuienisse is, waardeur God sy genade aan ons harte verseël. Oor die teken van die besnydenis moet besonderlik opgemerk word dat ’n tweevoudige genade daarin verteenwoordig was. God het aan Abraham die geseënde saad beloof, waaruit die saligheid deur die hele wêreld verwag was. Hiervan was daardie belofte afhanklik: *Ek sal vir jou ’n God wees* (Gen. 17:7). Daarom was die onverdiende versoening met God in daardie teken ingesluit. En die ooreenkomende saak het hierby gepas, dat die gelowiges sal uitsien na die beloofde saad. Aan die ander kant, vereis God ’n regskape en heilige lewe; Hy het deur die teken aangetoon op watter manier daartoe gekom word, naamlik dan wanneer in die mens besny word wat ook al in die vlees gebore word, aangesien sy hele natuur verdorwe is. Deur die uitwendige teken het Hy Abraham vermaan sodat hy die verdorwenheid van sy vlees geestelik sal besny, waarop ook Moses sinspeel in Deuteronómium 10:16. Om aan te dui dat dit nie die werk van ’n mens is nie, maar van God, wou Hy dat die tere suigelinge besny word, wat weens hul ouderdom nie die opdrag kon uitvoer nie. Want dat die geestelike besnydenis ’n werk van die

goddelike krag is, het Moses nie verswyg nie, soos jy dit vind in Deuteronómium 30:6: *En die Here jou God sal jou hart besny ...* Die profete het dieselfde later duideliker verklaar. Ten slotte, soos daar hedendaags in die doop twee dele is, was daar destyds in die besnydenis ook twee dele; daar word naamlik getuig oor die vernuwing van die lewe sowel as die vergewing van sondes. Dat in die persoon van Abraham die besnydenis na die geregtigheid gekom het, vind nie altyd plaas in die sakramente nie, soos blyk in die geval van Isak en sy nageslag. Maar God wou eens van die begin af sodanige teken gee, sodat niemand die saligheid aan uitwendige sake sal verbind nie.

... *dat hy die vader sou wees* ... Let op hoe die besnydenis van Abraham ons geloof oor die onverdiende geregtigheid bevestig; want dit is ’n verseëling van die geregtigheid van die geloof, sodat die geregtigheid ook aan ons wat glo, toegereken word. En met so ’n uitsonderlike behendigheid het Paulus teen die teenstanders dit omgedraai, wat hulle kon teenwerp. Indien immers die waarheid en krag self van die besnydenis in die onbesnedenheid geleë is, is daar geen rede waarom die Jode hulleself soseer bo die heidene sou verhef nie. Maar aangesien daar onsekerheid kan ontstaan of ons nie ook volgens die voorbeeld van Abraham dieselfde geregtigheid behoort te bevestig deur die seël van die besnydenis nie, waarom het die apostel dit verbygegaan? Naamlik omdat hy gedink het dat die vraagstuk genoegsaam uit sy woorde afgelei kan word. Waar daar immers aan hierdie stelling toegegee was, naamlik dat die besnydenis alleen dien tot verseëling van die genade van God, volg daaruit dat dit vir ons, wat ’n teken het wat deur God in die plek daarvan gestel is, vandag oorbodig is. Omdat daar dus, waar die doop is, vir die besnydenis geen nut oorbly nie, wou hy nie tevergeefs debatteer oor iets wat hoegenaamd nie twyfelagtig was nie, naamlik waarom die geregtigheid van die geloof nie in die heidene verseël word as hulle gelyk staan met Abraham nie. *Glo terwyl hulle onbesnede is* beteken dat die heidene, tevrede met hul lot, nie die teken van die besnydenis instel nie. En so word die voorsetsel διὰ (deur) in die plek gestel van ἐν (in).

12 ... *en ook ’n vader van die besnydenis vir die wat nie alleen uit die besnydenis is nie* ... *Is* word hier gebruik in die plek van *gereken word as*. Want hy handel hier oor die vleeslike kinders van Abraham, wat buite die uitwendige besnydenis niks het om met vertroue op te roem nie. Daardie ander saak, wat die vernaamste is, verwaarloos hulle, naamlik om die geloof van Abraham na te volg, waardeur alleen hy die saligheid verkry het. Hieruit blyk hoe sorgvuldig hy die geloof van die sakrament onderskei; nie alleen sodat niemand met die sakrament sonder die geloof tevrede sal wees nie, asof dit vir regverdigmaking genoegsaam is, maar ook sodat dit

(die geloof) alleen alle dele sal vervul. Want terwyl hy te kenne gee dat die Jode, wat besny is, geregverdig word, beperk hy dit uitdruklik tot hulle wat in die blote geloof die voorbeeld van Abraham navolg. Want wat bedoel hy met geloof in die onbesnedenheid anders as om daarmee aan te toon dat die geloof alleen genoegsaam is sonder hulp van elders? Pas derhalwe op dat niemand deur verdeling die twee oorsake van regverdigmaking sal vermeng nie. Die leerstuk van die skolastiek oor die onderskeid tussen die sakramente van die Ou en Nuwe Testament word deur dieselfde redenering weerlê; want hulle ontneem die krag van regverdigmaking aan die een (die Ou Testament) en skryf dit toe aan die ander (die Nuwe Testament). En as Paulus met reg redeneer dat Abraham deur die geloof geregverdig is, bewys hy dat die besnydenis uit sy eie nie kan regverdig nie. By ons geld ook dieselfde redenering, sodat ons sal ontken dat mense deur die doop geregverdig word, omdat hulle deur dieselfde geloof geregverdig word as Abraham.

13 Want die belofte dat hy erfgenaam van die wêreld sou wees, het Abraham of sy nageslag nie deur die wet verkry nie, maar deur die geregtigheid van die geloof.

13 Non enim per Legem promissio Abrahae et semini ejus data est, ut esset haeres mundi; sed per justitiam fidei.

13 *Want die belofte* ... Die teenstelling van die wet en die geloof, wat hy vroeër aangeraak het, herhaal hy nou duideliker en daar moet noukeurig daarop gelet word; want as die geloof niks om te regverdig ontleen aan die wet nie, weet ons daaruit dat dit op niks anders terugsien as die barmhartigheid van God nie. Verder kan die versinsel van hulle wat wil beweer dat dit van die seremonies gesê word, sonder moeite weerlê word. Want as die werke iets bydra tot die regverdigmaking, sou dit eerder gesê moes wees dat dit nie deur die geskrewe wet nie maar deur die wet van die natuur so is. Maar Paulus stel nie die geestelike heiligheid van die lewe teenoor die seremonies nie, maar die geloof en die geregtigheid daarvan. Die hoofsom is dus dat ’n erfenis aan Abraham beloof is, nie omdat hy dit deur die onderhouding van die wet verdien het nie, maar omdat hy deur die geloof geregtigheid verkry het. En sekerlik is dit (soos Paulus aanstons sal opmerk) dat die gewetens eers dan vaste vrede geniet wanneer dit aanvoel dat dit wat regtens nie verskuldig is nie, onverdiend gegee is. Hieruit volg ook dat dit ’n algemene voorreg is wat vir die heidene nie minder as vir die Jode geld nie, omdat die rede daarvan vir albei dieselfde is. Want as die saligheid van mense alleen op die goedheid van God gegrond is, verhinder en belemmer hulle wat die heidene daarvan uitsluit, die gang daarvan so ver dit in hul vermoë is.

... *dat hy erfgenaam van die wêreld sou wees* ... Aangesien daar nou gehandel word oor die ewige saligheid, lyk dit asof Paulus enigsins onvanpas die leser na die wêreld lei, maar hy verstaan oor die algemeen onder hierdie woord (*wêreld*) die heroprigting wat van Christus te wagte was. Die herstel van die lewe was inderdaad die vernaamste saak. Tog moet die vervalle staat van die hele wêreld herstel word. Daarom noem die apostel in Hebreërs 1:2 Christus die erfgenaam van al God se goedere, omdat die aanneming wat ons deur sy genade verkry het, vir ons die besit van die erfenis herstel wat ons in Adam verloor het. Aangesien onder die voorbeeld van die land Kanaän nie alleen die hoop op die hemelse lewe aan Abraham voorgehou was nie, maar ook die volle en ware seëning van God, leer die apostel met reg dat aan hom die heerskappy van die wêreld beloof was. Hiervan proe die gelowiges iets in die teenwoordige tyd, want hoeveel hulle ook al deur moeilikhede van armoede dikwels onder druk geplaas word, tog het hulle met ’n geruste gewete deel aan dit wat God vir hulle gebruik geskep het en geniet hulle deur sy genade en goeie wil die aardse voorregte nie anders as pandgawes en begingelde van die ewige lewe nie, en verhoed hul armoede hulle geensins om die hemel, die aarde en die see te erken as dit wat regtens aan hulle behoort nie. Hoewel die goddelose hulle ooreet aan die skatte van die wêreld, kan hulle niks hul eie noem nie; dit is eerder so dat hulle dit deur diefstal aangryp, aangesien hulle dit onder die vervloeking van God misbruik. Vir die gelowiges is dit in hul armoede ’n vertroosting dat in ’n karige bestaan, hulle tog niks van ’n ander steel nie, maar dat hulle uit die hand van die hemelse Vader ’n wettige toelaag ontvang, totdat hulle die volledige besit van hul erfenis ontvang, terwyl alle skepsels hulle eer sal dien. Want tot hierdie doel sal die aarde en die hemel vernuwe word, sodat elkeen op sy eie manier ’n deel mag bydra tot die uitbeelding van die koninkryk van God.

14 Want as hulle wat uit die wet is, erfgename is, dan het die geloof waardeloos geword en die belofte tot niet geraak.
15 Want die wet werk toorn; maar waar geen wet is nie, daar is ook geen oortreding nie.

14 Si enim ii qui sunt ex Lege haeredes sunt, exinanita est fides et abolita est promissio:

15 Nam Lex iram efficit; siquidem ubi non est Lex, neque etiam transgressio.

14 *Want as hulle wat uit die wet is* ... Hy redeneer hier vanuit die onmoontlike of ongerymde, dat die genade wat Abraham van God verkry het, nie aan hom belowe was uit ’n wetlike verbond of met inagneming van die werke nie omdat, as hierdie voorwaarde tussenbeide gekom het, dat God alleen hulle vir aanneming waardig ag wat dit verdien of wat die wet volbring het, dan sal niemand waag om te vertrou dat dit aan hom toekom

nie. Want wie is hom bewus van sodanige volmaaktheid dat hy kan sê dat die erfenis aan hom verskuldig is op grond van die geregtigheid van die wet? Die geloof sou dan geplunder gewees het, aangesien die onmoontlike voorwaarde nie alleen die gemoedere in spanning en angs sou hou nie maar ook vrees sou aanjaag. So sou die vrug van die beloftes verdwyn het, omdat dit geen nut het as dit nie deur geloof aanvaar word nie. Indien ons teenstanders ore gehad het om na hierdie een rede te luister, sou dit waardeur ons geskei word, sonder moeite besleg kon word.

Die apostel aanvaar dit as ’n ontwyfelbare saak dat die beloftes hoegenaamd geen uitwerking sou gehad het nie, tensy ons dit met ’n vaste vertroue van die Gees ontvang. Maar wat sal die toekoms inhou, as die saligheid van mense gegrond word op die onderhouding van die wet? Die gewetens sal geen sekerheid hê nie, maar gepla deur voortdurende onrus sal dit uiteindelik in wanhoop versink. Die belofte self sal sonder vrug verdwyn, omdat die vervulling daarvan afhanklik is van iets onmoontliks. Laat diegene nou maar kom wat die ellendige volk leer om vir hulleself deur die werke die saligheid te verwerf, aangesien Paulus duidelik verklaar dat die belofte opgehef is as dit op die werke steun. Maar dit is uiters noodsaaklik om te weet dat die geloof tot niks kom as dit deur die werke gesteun word nie. Want ons leer hieruit wat die geloof is en hoedanig die geregtigheid van die werke behoort te wees, as die mense met veiligheid daarop kon vertrou. Die apostel leer dat die geloof vergaan, tensy die siel veilige rus vind in die goedheid van God. Die geloof is derhalwe nie ’n blote kennis van God of sy waarheid nie, ook nie ’n eenvoudige oortuiging dat God bestaan en dat Sy Woord die waarheid is nie, maar ’n besliste kennis van die goddelike barmhartigheid ontvang uit die evangelie, wat rus en vrede aan die gewete by God verskaf. Die belangrikste is dan dat as die saligheid rus op die onderhouding van die wet, sou die gemoed geen vertroue ten opsigte daarvan kan hê nie; ja, dat al die beloftes wat deur God aan ons gedoen is, as kragteloos neerstort. So is ons dan beklaenswaardig en verlore as ons na die werke verwys word, wanneer gevra moet word na die oorsaak en sekerheid van die saligheid.

15 *Want die wet werk toorn* ... Dit is ’n bevestiging van die voorafgaande uitspraak, met die teenoorgestelde uitwerking van die wet. Aangesien die wet niks anders as wraak voortbring nie, kan dit nie genade bring nie. Aan die goeie en ongeskonde mense kan dit die weg van die lewe aanwys, maar aangesien dit aan die sondige en verdorwe mense voorskryf wat hulle behoort te doen, maar aan hulle nie die krag verleen om dit te volvoer nie, maak dit hulle aangeklaagdes voor die regterstoel van God. Die verdorwenheid van ons natuur is immers so, dat hoe meer ons geleer word wat reg en billik is, hoe meer word ons ongeregtigheid en bowe al ons

halsstarrigheid ontbloot, en op hierdie manier word ’n swaarder oordeel van God verkry. Verstaan onder *toorn* die oordeel van God, in welke betekenis dit orals voorkom. Hulle wat dit uitlê dat die toorn van die sondaar deur die wet ontsteek word, omdat hy die wetgewer haat en vervloek, van wie hy sien dat hy Hom teenstaan met sy begeertes, sê dit wel skerpsinnig, maar is op die huidige plek nie bepaald gepas nie. Want Paulus wou niks anders sê nie as dat uit die wet daar vir ons almal alleen veroordeling volg, wat duidelik is uit die gewone gebruik van die woord, sowel as die redenering wat hy terstond toevoeg.

... *maar waar geen wet is nie* ... Dit is ’n tweede bewysvoering waardeur dit wat hy reeds gesê het, bevestig word. Dit sal immers enigsins duister wees hoe die toorn van God deur die wet teen ons aangesteek word, tensy die rede duideliker gemaak word. Die rede is dat ons, nadat ons deur die wet die kennis van die geregtigheid van God ontvang het, swaarder teen God sondig, omdat daar minder verontskuldiging vir ons oorbly. Want met reg ondergaan hulle wat die geopenbaarde wil van God ken ’n swaarder straf as hulle wat deur onwetendheid voortdryf. Maar die apostel praat nie oor die eenvoudige afwyking van die geregtigheid waarvan niemand vrygestel is nie. Hy noem dit ’n oortreding wanneer die gees wat geleer het wat God behaag of nie behaag nie, die grense wat deur die stem van God gestel is, willens en wetens deurbreek. En ek sê dit in een woord: *oortreding* beteken hier nie ’n enkele sonde nie, maar ’n voorgenome halsstarrigheid om die geregtigheid geweld aan te doen. Die woord οὗ (waar) wat ek as ’n bywoord neem, vertaal andere met *van wie* asof dit ’n betreklike voornaamwoord is; die eerste lesing pas inderdaad beter en word ook algemeen aanvaar. Watter lesing jy ook al volg, die betekenis bly dieselfde, naamlik dat hy wat nie deur die geskrewe wet onderrig is nie, wanneer hy sondig, nie skuldig is aan so ’n groot oortreding nie as wat toegereken word aan hom wat die wet van God op halsstarrige wyse verbreek en vernietig.

16 Daarom is dit uit die geloof, sodat dit volgens genade kan wees en die belofte kan vasstaan vir die hele nageslag; nie alleen vir die wat uit die wet is nie, maar ook vir die wat uit die geloof van Abraham is, die vader van ons almal –
17 soos geskrywe is: Ek het jou ’n vader van baie nasies gemaak – voor die aangesig van God in wie hy geglo het, wat die dode lewend maak en die dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan.

16 Propterea ex fide, ut secundum gratiam, quo firma sit promissio universo semini non ei quod est ex Lege solum, sed quod est ex fide Abrahae, qui est pater omnium nostrum,

17 (Sicut scriptum est, Quod patrem multarum gentium posui te,) coram Deo, cui credidit, qui vivificat mortuos et vocat ea quae non sunt tanquam sint.

16 *Daarom is dit uit die geloof* ... Hier is die afsluiting van die argument wat jy in geheel kortliks so kan saamvat: as die erfenis van die saligheid na ons kom deur die werke, verdwyn die geloof daarin en word die belofte daarvan opgehef, maar elkeen behoort seker te wees. Derhalwe kom dit (die erfenis) ons ten deel deur die geloof, sodat die vastheid daarvan, gegrond op die goedheid van God alleen, met sekerheid vrug mag dra. Kyk hoe dat die apostel, terwyl hy die geloof uit ’n vaste en gegronde sekerheid waardeer, huiwering en vertwyfeling as ongeloof beskou, waardeur die geloof vernietig word en die belofte ontkrag word. En hierdie vertwyfeling, wat die skolastici ’n sedelike gissing noem, stel hulle, asof dit God behaag, in die plek van die geloof.

... *sodat dit volgens genade kan wees* ... Hier toon die apostel in die eerste plek aan dat aan die geloof niks anders as loutere genade voorgehou word nie, en dit, soos hulle gewoonlik sê, is die voorwerp daarvan. Want as dit (die genade) die verdienstes in aanmerking neem, sou Paulus ten onregte afgelei het dat wat ook al dit (die geloof) vir ons verkry, onverdiend is. Ek sal dit in ander woorde weereens herhaal: As alles wat ons deur die geloof verkry, genade is, stort elke in aanmerking neming van die werke ineen. Maar dit wat onmiddellik volg, neem alle dubbelsinnigheid duideliker weg, naamlik dat die belofte slegs dan vas staan, wanneer dit rus vind in die genade. Want met dié woord bevestig Paulus dat solank mense aandring op die werke, hulle in onsekerheid bly, aangesien hulle hulself van die vrugte van die beloftes beroof. Hieruit is dit ook maklik om af te lei dat die genade nie geneem moet word, soos sommige meen, as ’n geskenk van die wedergeboorte nie, maar as ’n onverdiende guns. Omdat die wedergeboorte nooit volkome is nie, is dit ook nooit genoegsaam om die gemoedere te bedaar en ook nie om in sigself die belofte seker te maak nie.

... *nie alleen vir die wat uit die wet is nie* ... Hoewel hierdie uitdrukking elders diegene aandui wat as verspotte yweraars van die wet hulself onder die juk daarvan laat bind en spog met hul vertroue daarop, beteken dit hier eenvoudig die Joodse volk, aan wie die wet van die Here gegee was. Paulus leer immers op ’n ander plek dat almal wat gebonde bly aan die heerskappy van die wet, aan die vervloeking onderworpe is. Daarom is dit seker dat hulle uitgesluit is van deel te hê aan die genade. Gevolglik dui hy nie hulle wat, terwyl hulle aan die geregtigheid van die wet vashou, Christus verwerp, as diensknegte van die wet aan nie, maar wel die Jode wat in die wet opgevoed is en die Naam van Christus bely. Om die uitspraak duideliker te maak, los dit so op: nie alleen vir hulle wat uit die

wet is nie, maar vir almal wat die geloof van Abraham navolg, ook al het hulle nie vroeër die wet gehad nie.

... *die vader van ons almal* ... Die betreklike voornaamwoord het hier dieselfde krag as die redegewende. Want hy wil daarmee bewys dat die heidene deelgenote van hierdie genade is, aangesien deur dieselfde Godspraak, waardeur aan Abraham en sy saad die erfenis toebedeel is, die heidene geroep is tot sy saad. Daar word immers gesê dat hy nie gestel is as die vader van een volk nie, maar van baie volke. Hierdeur is die toekomstige verbreiding van die genade voorafgeteken, maar wat toe binne die een volk – Israel – beperk was. As die beloofde seëning immers nie tot hulle (die heidene) uitgebrei word nie, kon hulle nie tot die nakomelinge van Abraham gereken word nie.

Die verlede tyd van die werkwoord dui volgens die gewone gebruik van die Skrif die sekerheid van die goddelike raadsbesluit aan. Want hoewel niks toe minder voor die hand liggend was nie, word tog tereg gesê dat hy gestel is as vader van baie volke, omdat die Here dit so verordineer het. Die getuienis van Moses moet tussen hakies geplaas word, sodat die uitspraak mag saamhang: *wat die vader van ons almal is voor die aangesig van God*, ens. Want dit was noodsaaklik om terselfdertyd te verklaar watter vorm van verwantskap dit was, sodat die Jode nie alte veel sou roem op die vleeslike afstamming nie. Derhalwe sê hy dat hy *vader voor die aangesig van God* is, wat dieselfde beteken asof hy hom geestelike vader genoem het. Want hy het hierdie reg nie uit sy eie vlees nie, maar uit die belofte van God.

17 ... *in wie hy geglo het, wat die dode lewend maak* ... In hierdie omskrywing word die presiese kern van Abraham se geloof verklaar, om na sy voorbeeld ook ’n oorgang na die heidene te bewerkstellig. Die weg wat hy moes volg na die belofte wat hy uit die mond van die Here gehoor het, was immers wonderlik, aangesien daar geen teken daarvan bestaan het nie. Die saad was aan hom beloof asof hy aktief en vol lewe was, en dit terwyl hyself verstorwe was. Derhalwe moes hy sy gedagte ophef tot die krag van God waardeur Hy die dooies lewend maak. Dan is dit ook niks vreemds as die heidene, wat origsins verdor en dood is, in die gemeenskap ingevoeg is nie. Diegene immers wat om hierdie rede ontken dat hulle geskik is vir genade, doen onreg aan Abraham, wie se geloof gesteun het op die gedagte dat dit nie van belang is of hy dood is nie, maar of hy tot die lewe geroep is deur die Here vir wie dit, as Hy spreek, maklik is om deur sy krag die dooies op te wek. Hier het ons buitendien ’n tipe en voorbeeld van ons algemene roeping, waarin ons oorsprong aan ons voor oë gestel word, nie met betrekking tot ons eerste geboorte nie, maar ten aansien van die

hoop op die toekomstige lewe: naamlik dat wanneer ons deur die Here geroep word, ons uit niks te voorskyn kom. Want wat ook al ons mag skyn te wees, ons besit geen sprankie van enigiets goeds wat ons vir die ryk van God geskik maak nie. Sodat ons immers meer geskik mag wees om na die stem van God te luister, moet ons geheel en al aan onsself afsterf. Dit is die aard van die roeping, dat hulle wat dood is, deur die Here (tot die lewe) opgewek word, en dat hulle wat niks is nie, deur sy krag begin om iets te wees. Die woord *roep* moet nie tot die prediking beperk word nie, maar volgens die gebruik in die Skrif word dit vir *opwek* opgevat, en dit om die krag van God sterker uit te druk, wat deur ’n blote knik oprig wie Hy wil.

18 Hy het teen hoop op hoop geglo dat hy vader sou word van baie volke volgens wat gesê was: So sal jou nageslag wees.

18 Qui praeter spem super spe credidit, ut esset pater multarum gentium, secundum quod dictum erat, sic erit semen tuum.

18 *Hy het teen hoop op hoop geglo* ... As ons dit so lees, sal dit beteken dat toe daar geen bewys voorgekom het nie, ja, toe alles daarmee in stryd was, het hy tog nie opgehou om te glo nie. En ongetwyfeld is daar niks wat ons geloof meer teenstaan nie, as wanneer ons die gedagtes knoop aan ons oë, om uit die aanskouing daarvan te soek na ’n rede vir hoop. Dit kan ook gelees word as *bo hoop*, en dit is miskien meer gepas, so asof hy (Abraham) gesê het dat hy deur sy geloof ver gestyg het bo enigiets wat hy hom kon voorstel. Want tensy die geloof met hemelse vlerke na bo vlieg, om vanuit ’n afstand neer te sien op al die besinninge van die vlees, sal dit altyd in die slyk van die aarde bly vassit. Maar wanneer Paulus in dieselfde sin die woord *hoop* twee maal gebruik, beteken dit in die eerste plek ’n rede vir hoop, soos wat afgelei kan word uit natuurlike en vleeslike redes; in die tweede plek dui dit die geloof aan wat deur God gegee is – in hierdie sin: hoewel daar nie rede was om te hoop nie, het hy tog in verwagting op die belofte van die Here staatgemaak, en hy het gedink daar is genoeg rede om te hoop omdat die Here dit beloof het, hoe ongelooflik die saak ook al mag gewees het.

... *volgens wat gesê was* ... Ek het verkies om dit so te vertaal, sodat verwys word na die tyd van Abraham. Want Paulus wil sê dat Abraham, toe menige versoekinge hom tot wanhoop gedryf het, sodat hy nie mag faal nie, sy gees gerig het tot dit wat aan hom beloof is: *Ek sal jou saad gelyk maak aan die sterre van die hemel en die sand van die see.* Met opset voer hy hier ’n verkorte getuienis aan waardeur hy ons opskerp tot die lees van die Skrif. Die apostels het ten alle tye in die aanhaling van die Skrif noulettend gesorg dat hulle ons prikkel tot die meer ywerige lees daarvan.

19 En sonder om te verswak in die geloof het hy, al was hy omtrent honderd jaar oud, nie gelet op sy eie liggaam wat alreeds verstorwe was, en op die verstorwe toestand van die moederskoot van Sara nie.
20 En hy het nie deur ongeloof aan die belofte van God getwyfel nie, maar hy is versterk deur die geloof en het aan God die eer gegee
21 en was ten volle oortuig dat Hy ook die mag het om te doen wat Hy beloof het.
22 Daarom is dit hom ook tot geregtigheid gereken.

19 Ac fide minime debilitatus, non consideravit suum ipsius corpus jam emortuum, centenarius quum fere esset, nec emortuam vulvam Sarae:

20 Nec vero in Dei promissionem per incredulitatem disquisivit; sed roboratus est fide, tribuens gloriam Deo;
21 Ac certe persuasus, quod ubi quid promisit, possit etiam praestare.

22 Ideo et imputatum illi est in justitiam.

19 *En sonder om te verswak in die geloof* ... As jy dit verkies, kan jy met weglating van die tweede ontkenning dit so weergee: En, nie verswak in die geloof, het hy sy eie liggaam in aanmerking geneem. Maar dit dra niks by tot die betekenis nie. Nou toon hy inderdaad duideliker aan wat Abraham kon verhinder het, ja, wat hom selfs kon wegkeer om die belofte te ontvang. Die saad is aan hom uit Sara belowe toe hyself van nature nie geskik was om te verwek en Sara om swanger te word nie. Alles wat hy in homself en rondom hom kon waarneem, het die vervulling van die belofte teengestaan. Derhalwe het hy, om plek te maak vir die goddelike waarheid, sy aandag afgewend van daardie dinge wat binne sig was, en as ’t ware homself vergeet. Tog moet jy nie dink dat hy in die geheel nie ag geslaan het op sy afgeleefde liggaam nie, aangesien die Skrif die teendeel getuig, naamlik dat hy so by homself geredeneer het: *Sal daar vir ’n man van honderd jaar oud ’n kind gebore word? En sal Sara, wat negentig jaar oud is, kan geboorte skenk?* Maar aangesien hy, nadat hy hierdie oorweging tersyde gestel het, teenoor die Here al sy gevoelens prysgegee het, sê die apostel dat hy nie daarop gelet het nie. En sekerlik was dit ’n teken van groter standvastigheid toe hy sy gedagte afgewend het van die saak wat vanself sy oë ontmoet het, as wat niks van die aard in die gemoed opgekom het nie. Verder, dat die liggaam van Abraham weens sy ouderdom uitgemergel was voor die seën van die Here, word hier en in Génesis 17 en 18 genoegsaam duidelik bewys, sodat die mening van Augustinus wat êrens dink dat die belemmering in Sara alleen geleë was, nie onderskryf moet word nie. En hierdie belaglike beswaar wat hom gedwing het om tot hierdie oplossing te vlug, behoort ons nie te beïnvloed nie. Hy dink dit is belaglik dat Abraham in sy honderdste jaar impotent genoem word, omdat hy ’n weinige tyd later verskeie kinders verwek het.

Want daardeur het God sy mag sigbaar gemaak, sodat hy wat vroeër soos ’n verwelkte en droë boomstomp was, toe hy deur die hemelse seën weer kragtig gemaak was, nie alleen Isak kon verwek nie, maar ook asof herstel in die fleur van sy lewe, daarna die kragte gehad het om ander kinders te verwek. En iemand mag beweer dat dit nie buite die gang van die natuur is dat ’n man van daardie ouderdom kinders verwek nie. Ek stem toe dat dit nie buitengewoon is nie, maar dit is tog nie ver verwyderd van ’n wonder nie. Bedink vervolgens deur hoeveel geswoeg, kwellinge, rondreise en moeilikhede hierdie heilige man gedurende sy hele lewe geoefen was; dan sal erken moet word dat hy nie minder gebroke deur ouderdom was as verslete en uitgeput deur die geswoeg van die lewe nie. Ten slotte, sy liggaam word nie eenvoudig maar by wyse van vergelyking onvrugbaar genoem nie. Want dit was nie waarskynlik dat hy, wat in die fleur en krag van die lewe nie kinders kon verwek nie, nou eers sou begin nadat hy van sy krag ontneem is.

Wanneer hy sê dat hy *sonder om te verswak in die geloof,* ens., neem dit so op: hy het nie geweifel nie en is nie rondgeslinger nie, soos ons gewoond is in twyfelagtige sake. Want daar is tweërlei soorte swakheid van die geloof – die een is dit wat ons, deur te swig voor teenspoedige versoekinge, uitsluit van die krag van God; die ander is dit wat, hoewel dit uit onvolmaaktheid voortspruit, tog die geloof self nie uitblus nie. Geen verstand is immers ooit so verlig dat daarin nie menige reste van onkunde oorbly nie, en die gees is nooit so standvastig dat daar nie baie vertwyfelinge aan kleef nie. Derhalwe is daar met hierdie gebreke van die vlees, te wete onkunde en twyfel, vir die gelowiges ’n voortdurende stryd waarin hul geloof dikwels swaar geskok word en in gevaar verkeer, maar uiteindelik oorwin dit, sodat gesê kan word dat hulle selfs in swakheid die sterkste is.

20 *En hy het nie deur ongeloof aan die belofte van God getwyfel nie* ... Hoewel ek nie die ouer uitlegger en Erasmus volg nie, is my weergawe nie sonder rede nie. Want dit lyk of die apostel wou sê dat Abraham nie met die weegskaal van ongelowigheid ondersoek het of die Here kon volvoer wat Hy beloof het nie. Om enigiets te ondersoek is dit van pas dat ons dit met wantroue noukeurig navors en nie wil toegee nie, behalwe as dit, nadat dit deeglik gesif is, geloofwaardig lyk. Hy het wel gevra op watter manier dit kan gebeur; maar dit was die ondervraging deur iemand wat verwonderd is, soos dit was met die maagd Maria, toe sy van die engel te wete wou kom op watter manier dit wat hy aangekondig het, volvoer sal word, en dergelike meer. Die heiliges dan, wanneer die boodskap oor die werke van God aan hulle oorgedra word, breek uit in verwondering vir dit wat in grootsheid hul begrip oortref, maar na die verwondering gaan hulle spoedig oor tot

erkenning van God se krag; maar die goddelose, wanneer hulle dit ondersoek, lag daarvoor en verwerp dit as fabelagtig. Jy sien dan hoe dit by die Jode gesteld was wanneer hulle Christus vra hoe Hy sy vlees te ete kan gee. Om hierdie rede word Abraham nie bestraf, omdat hy gelag het en gevra het hoe aan ’n man van honderd jaar en ’n vrou van negentig ’n seun gebore kan word nie, aangesien hy in sy verbystering nietemin plek gelaat het vir die krag van die goddelike Woord. By Sara, inteendeel, is ’n soortgelyke gelag en bevraagtekening nie sonder bestraffing nie, omdat sy die belofte van God van ydelheid beskuldig het. As dit toegepas word op die huidige saak, sal dit blyk dat die oorsprong van Abraham se regverdigmaking nie anders was as dié van die heidene nie. Daarom is die Jode beledigend teenoor hul stamvader as hulle skree teen die roeping van die heidene as ongerymd. Laat ons ook onthou dat die toestand van ons almal dieselfde is as wat die van Abraham was. Al die dinge rondom ons is in stryd met die beloftes van God. Onsterflikheid word beloof, maar ons word omring deur sterflikheid en verderflikheid. Hy verkondig dat Hy ons vir regverdig hou, maar ons is bedek met sondes. Hy getuig dat Hy versoenend en goedgesind jeens ons is, maar uitwendige tekens beloof sy toorn. Wat moet dan gedoen word? Ons moet by ons en alles van ons met geslote oë verbygaan, sodat niks ons in die weg staan of terughou om te glo dat God waaragtig is nie.

... *maar hy is versterk deur die geloof* ... Dit word gestel teenoor die vorige deel van die sin waar gesê is dat hy nie verswak het in die geloof nie, so asof hy (Abraham) gesê het dat hy deur die standvastigheid en vastheid van die geloof die ongelowigheid oorwin het. Want niemand sal uit hierdie worsteling as oorwinnaar te voorskyn kom nie, tensy hy die wapens en die sterkte aan die Woord van God ontleen. Dit wat hy byvoeg, *en het aan God die eer gegee*, daarin moet opgemerk word dat geen groter eer aan God gegee kan word nie as dat ons deur geloof sy waarheid verseël; net so kan geen groter smaadheid aan Hom gedoen word nie as dat die genade, wat Hy aangebied het, verag word of dat die gesag aan sy Woord ontsê word. In sy diens is dit daarom die hoofsaak dat sy beloftes gehoorsaam omhels word; en die ware godsdiens begin met geloof.

21 *en was ten volle oortuig dat Hy ook die mag het om te doen wat Hy beloof het.* Omdat alle mense die almag van God bely, lyk dit asof Paulus niks buitengewoons sê oor die geloof van Abraham nie; maar ervaring bewys dat niks seldsamer of moeiliker is as om aan die mag van God die eer te bewys wat dit toekom nie. Daar is naamlik geen hindernis so klein en onbeduidend of die vlees verbeel hom dat die hand van God daardeur verhinder word om te werk. Daarom gebeur dit dat in die geringste versoekinge die beloftes van God ons ontval. Waar daar geen stryd is nie,

is daar niemand (soos ek gesê het) wat ontken dat God alles kan vermag nie. Maar sodra enigiets in die weg gewerp word wat die gang van God se beloftes verhinder, werp ons die almag van God uit sy staanplek. Daarom, sodat sy reg en eer by ons behoue mag bly, is dit noodsaaklik om dit so te stel wanneer tot ’n vergelyking gekom word: Dit is nie minder noodsaaklik om die hindernisse van die wêreld te oorwin nie as wat die glans van die son kragtig is om die newels te verdryf. Ons is inderdaad gewoond om ons te verontskuldig dat ons niks wegneem van die almag van God nie, so dikwels ons huiwer oor sy beloftes, omdat die voorstelling (wat ’n valsheid en openlike godslastering teen God sal wees) geensins ’n rede verstrek vir die huiwering nie, die voorstelling naamlik dat God in die Woord meer beloof as wat Hy kan lewer, maar dat die rede vir ons huiwering die gebrek is wat ons in onsself aanvoel. En ons verhef nie die almag van God genoegsaam nie, tensy ons dink dat dit groter is as ons swakheid. Daarom moet die geloof nie let op ons eie swakheid, ellende en gebrek nie, maar dit moet met alle ywer let op die krag van God alleen. Indien dit (die geloof) op ons geregtigheid of waardigheid steun, sou dit nooit opstyg tot die oorweging van God se almag nie. En dit is ’n bewys van ongelowigheid, waaroor kort gelede gepraat is, wanneer ons die almag van God na ons maatstaf meet. Die geloof dink immers nie dat God kan doen wat Hy ook al wil, sodat dit Hom intussen in rus laat sit nie, maar plaas eerder sy krag in voortdurende aktiwiteit, en vernaamlik pas dit die uitwerking op die Woord toe, sodat die hand van God gereed mag wees om uit te voer wat Hy met die mond verklaar het. Ek wonder waarom Erasmus hier die manlike betreklike voornaamwoord verkies het. Die betekenis word nie as gevolg daarvan gewysig nie, maar dit sou verkieslik wees om tog nader aan die Griekse woorde van Paulus te bly. Ek weet dat die werkwoord passief is, maar deur ’n geringe afwyking kon die ruheid versag word.

22 *Daarom is dit hom ook tot geregtigheid gereken*. Hieruit staan dit nog duideliker, waarom en op watter manier sy geloof vir Abraham geregtigheid gebring het, naamlik omdat hy, terwyl hy gesteun het op die Woord van God, die beloofde genade nie verwerp het nie. En hierdie verhouding tussen die geloof en die Woord moet met sorg vasgehou word en in gedagtenis gehou word. Want die geloof kan aan ons niks meer bring as wat dit uit die Woord ontvang het nie. Daarom sal iemand nie onmiddellik geregverdig wees nie, wat op grond van ’n algemene en verwarde kennis besluit dat God waaragtig is, tensy hy rus vind in die belofte van die genade.

23 Maar dit is nie alleen om sy ontwil geskrywe dat dit hom toegereken is nie,

23 Non est autem scriptum propter ipsum tantum, imputatum fuisse illi;

24 maar ook om ons ontwil aan wie dit toegereken sal word, ons wat glo in Hom wat Jesus, onse Here, uit die dode opgewek het,
25 wat oorgelewer is ter wille van ons misdade en opgewek is ter wille van ons regverdigmaking.

24 Sed etiam propter nos, quibus imputabitur credentibus in eum, qui excitavit Iesum Dominum nostrum ex mortuis:
25 Qui traditus fuit propter delicta nostra, et excitatus propter nostram justificationam.

23 *Maar dit is nie alleen om sy ontwil geskrywe* ... Aangesien ’n bewys, gegrond op ’n voorbeeld, nie altyd stewig staan nie (waaraan ons hierbo herinner het), en sodat dit nie bevraagteken word nie, verklaar Paulus uitdruklik dat in die persoon van Abraham ’n voorbeeld gegee is van die gemeenskaplike geregtigheid wat in gelyke mate op almal betrekking het. Dit is ’n plek waar ons herinner word om die vrugte te pluk van die voorbeelde in die Skrif. Die heidene het tereg gesê dat die geskiedenis die meesteres van die lewe is, maar soos dit deur hulle oorgedra is, kan niemand daarin veilig vordering maak nie. Die Skrif alleen maak vir homself met reg aanspraak op sodanige amp. Want in die eerste plek skryf dit die algemene reëls voor, waardeur ons elke geskiedenis moet ondersoek, sodat dit tot ons voordeel mag dien. Vervolgens onderskei dit duidelik tussen dit wat nagevolg en wat vermy moet word. Die leer waarmee die Skrif hoofsaaklik besig is, het hierdie besondere eienskap dat dit die voorsienigheid van die Here, sy geregtigheid en goedheid teenoor sy eie en sy oordeel teen die verworpenes openbaar. Maar wat oor Abraham verhaal word, daarvan ontken Paulus dat dit net ter wille van hom geskryf is. Want dit is nie ’n saak wat betrekking het op die enkele roeping van een of ’n bepaalde persoon nie, maar die wyse van die verkryging van geregtigheid word beskryf, wat altyd een en dieselfde is vir almal, en dit sien op die gemeenskaplike vader van die gelowiges, op wie almal se oë gerig behoort te wees. As dit dan van pas is om die heilige geskiedenisse eg en vroom te gebruik, moet ons onthou om dit so te gebruik dat ons die vrug van ’n gevestigde leer daaruit wegdra. En dit leer ons deels hoe om die lewe in te rig, en deels dien dit tot bevestiging van die geloof en deels dien dit om die vrese van die Here op te skerp. Vir die inrigting van die lewe sal die navolging van die heiliges van waarde wees as ons van hulle soberheid, kuisheid, liefde, geduld, beskeidenheid, verloëning van die wêreld en ander deugde leer. Tot die bevestiging van die geloof sal die hulp van God, wat altyd by hulle teenwoordig was, bydra; die beskerming en vaderlike sorg wat Hy altyd oor hulle volvoer het, sal in teenspoede tot vertroosting dien. Die oordele en strafgerigte van God oor die boosdoeners sal ons help as dit by ons die vrees inboesem wat ons harte met eerbied en vroomheid vervul. Maar dit wat hy sê *nie alleen om sy ontwil*, lyk of hy daarmee ook aandui dat dit wel deels om sy ontwil geskryf is. Vandaar dink

sommige dat dit wat hy deur geloof verkry het, tot lof van Abraham in gedagte geroep word, omdat die Here wil dat sy diensknegte in ewige gedagtenis gehou word, soos Salomo sê (Spr. 10:7) dat hulle naam geseën sal wees. Maar wat as jy dit eenvoudiger opvat? Nie om sy ontwil alleen nie, asof dit ’n besondere voorreg was wat nie as voorbeeld geskik is nie, maar tog van toepassing is om ons te leer, wat op dieselfde manier geregverdig moet word. Hierdie betekenis sal sekerlik meer gepas wees.

24 ... *ons wat glo in Hom* ... Wat die waarde van hierdie omskrywings is, het ek hierbo aangedui. Paulus het naamlik dit ingevoeg sodat hulle, na gelang van die omstandighede, op verskillende maniere die wese van die geloof aandui, waarvan die opstanding van Christus, wat vir ons die waarborg van die toekomende lewe is, nie die laaste deel is nie. As hy eenvoudig sou gesê het dat ons in God glo, was dit nie so voor die hand liggend om te verstaan wat dit tot die verkryging van die geregtigheid bydra nie; maar wanneer Christus te voorskyn tree, en in sy opstanding ’n sekere pand van die lewe aanbied, staan dit duidelik vas uit watter bron die toerekening van die geregtigheid voortvloei.

25 *wat oorgelewer is* ... Dieselfde leer wat ek pas aangeroer het, ontwikkel hy verder en lig dit in meer besonderhede toe. Dit is vir ons immers van die uiterste belang dat nie alleen ons gedagtes tot Christus gerig word nie, maar dat aan ons ook uitdruklik getoon word op watter manier Hy vir ons die saligheid verkry het. Maar hoewel die Skrif, wanneer oor ons saligheid gehandel word, bly staan by die enige dood van Christus, gaan die apostel nou tog verder. Omdat dit sy bedoeling was om die oorsaak van die saligheid uitvoeriger te behandel, vermeld hy daarvan twee dele. En hy sê dan ten eerste dat deur die dood van Christus die sondes versoen is; vervolgens dat die geregtigheid vir ons verkry is deur sy opstanding. Maar die hoofsaak is, dat wanneer ons aan die vrug van Christus se dood en opstanding vashou, niks ontbreek aan die vervulling van alle dele van die geregtigheid nie. En dit ly immers geen twyfel nie dat hy, terwyl hy die dood en opstanding van mekaar skei, sy wyse van spreke aanpas by ons rou onkunde, want dit is ook waar dat ons geregtigheid verkry is deur die gehoorsaamheid van Christus, wat Hy in die dood betoon het, soos hy in die volgende hoofstuk sal leer. Maar aangesien Christus deur op te staan, openbaar gemaak het hoeveel Hy deur sy dood bewerk het, is hierdie onderskeiding ook geskik om ons te leer dat deur sy offerande, waardeur ons sondes versoen is, ons saligheid begin is, maar dat dit eers voltooi is met sy opstanding. Want die begin van die geregtigheid is dat ons met God versoen word; maar die vervulling daarvan lê daarin dat die lewe heerskappy voer deurdat die dood vernietig is. Derhalwe dui Paulus aan

dat genoegdoening vir ons sondes gegee is aan die kruis. Sodat Christus ons mag herstel in die genade van die Vader, was dit nodig dat ons skuld deur Hom weggeneem word, wat nie kon gebeur het nie tensy Hy die straf, waaraan ons nie kan voldoen nie, in ons plek ondergaan het. Die straf wat vir ons die vrede bring, was op Hom, sê Jesaja (53:5). Maar hy sê dat Hy *oorgelewer* is eerder as dat Hy gesterf het, omdat die versoening afhang van die ewige welbehae van God, wat op hierdie manier tevrede gestel wil word.

... *opgewek is ter wille van ons regverdigmaking.* Omdat dit nie genoegsaam sou gewees het dat Christus Hom aan die toorn en oordeel van God onderwerp het nie, en die verskuldigde vervloeking vir ons sondes verduur het nie, tensy Hy ook as oorwinnaar te voorskyn getree het en, ontvang in die hemelse heerlikheid, deur sy tussenkoms God teenoor ons versoen het, word die krag om regverdig te maak toegeskryf aan die wederopstanding waardeur die dood verslind is. Nie omdat die offerande van die kruis, waardeur ons met God versoen is, niks tot die regverdigheid bydra nie, maar omdat in die nuwe lewe die volkomenheid van hierdie genade duideliker te voorskyn tree. Verder kan ek nie saamstem met hulle wat hierdie tweede deel van die vers betrek op die nuutheid van die lewe nie, want die apostel het nog nie begin om daaroor te handel nie, en bowendien is dit seker dat albei die dele van die vers betrekking het op dieselfde saak. Immers, as regverdigmaking vernuwing beteken, sal dat Hy vir ons sondes gesterf het, in hierdie sin gestel moet word, naamlik dat Hy vir ons die genade verwerf het om die vlees te dood, en dit sal niemand toegee nie. Daarom, soos hy gesê het dat Hy gesterf het weens ons sondes, omdat Hy deur in die dood die straf van die sondes te betaal, ons van die onheil van die dood bevry het, so word nou gesê dat Hy opgewek is tot ons regverdigmaking, omdat Hy deur sy opstanding ten volle die lewe vir ons herstel het. Want eers is Hy deur die hand van God geslaan, sodat Hy in die gestalte van ’n sondaar die ellende van die sonde sou volbring. Daarna is Hy tot die ryk van die lewe verhoog, sodat Hy geregtigheid en die lewe aan sy eie sou skenk. Hy praat dus tot dusver oor toegerekende regverdigmaking en dit sal bevestig word deur dit wat terstond in die volgende hoofstuk volg.

HOOFSTUK 5

1 Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur ons Here Jesus Christus;
2 deur wie ons ook deur die geloof die

1 Justificatus ergo ex fide, pacem habemus apud Deum per Dominum nostrum Iesum Christum:
2 Per quem accessum habuimus fide in

toegang verkry het tot hierdie genade waarin ons staan; en ons roem in die hoop op die heerlikheid van God.

gratiam istam in qua stetimus, et gloriamur super spe gloriae Dei.

1 *Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is* ... Die apostel begin hier om dit wat hy tot dusver gesê het oor die geregtigheid van die geloof, uit die vrugte daarvan te verklaar. Derhalwe is hierdie hele hoofstuk gestel ter nadere verklaring, wat tog net soveel waarde het om te verduidelik as om te bevestig. Hy het immers vroeër gesê dat die geloof vernietig word as die geregtigheid in die werke gesoek word, omdat die voortdurende onrus die ellendige gemoedere wat geen vastigheid in sigself vind nie, sal verwar. Nou leer hy by wyse van teenstelling, dat die gemoedere stil en rustig gemaak word wanneer ons deur die geloof geregtigheid verkry.

... *het ons vrede* ... Dit is die besondere vrug van die geregtigheid van die geloof. Want as iemand ’n geruste gewete wil soek uit die werke (wat bemerk word by onheilige en redelose mense), sal hy dit tevergeefs beproef. Want die hart is óf aan die slaap gesus deur die minagting of onnadenkendheid ten aansien van die goddelike oordeel, óf dit is vervul met vrees en bewing totdat dit in Christus rus vind, want Hy alleen is ons vrede. Daarom beteken vrede die gerustheid van die gewete, wat daaruit voortspruit dat die gewete sigself met God versoend voel. En dit het die Fariseër wat geswolle is met ’n vals vertroue op die werke nie, ook nie die dwase sondaar wat, beskonke deur die soetigheid van sondes, nie verontrus raak nie. Hoewel geen van beide lyk of hulle ’n stryd te voer het nie, soos hy wat verslae is deur die besef van sonde, het hulle tog geen gevoel van eensgesindheid met God nie, omdat hulle tot sy oordeel nie in waarheid kom nie, want die verstarring van die gewete is as ’t ware ’n dwaling weg van God af. Daarom word die vrede met God gestel teenoor die bedwelmde sekerheid van die vlees, omdat die belangrikste saak is dat elkeen homself sal opwek om rekenskap te gee oor sy lewe. Maar niemand sal homself onbevrees voor God kan stel nie tensy hy vertrou op die onverdiende versoening, want solank God die regter is, moet almal bevrees en verskrik wees. Met hierdie kragtigste argument is dit so dat ons teenstanders, wat spog met die geregtigheid deur die werke, niks anders kan doen as om in die duister te babbel nie. Want hierdie gevolgtrekking van Paulus steun op hierdie grondwaarheid, dat die ellendige siele altyd aan die waggel is, tensy dit in die genade van Christus rus vind.

2 *deur wie ons ook deur die geloof die toegang verkry het* ... Ons versoening met God is immers deur Christus verseker. Want Hy alleen is die geliefde Seun, maar ons almal is van nature kinders van die toorn. Maar hierdie genade is aan ons deur die evangelie oorgedra, omdat dit die

bediening van die versoening is, en deur hierdie weldaad word ons in ’n sekere sin in die koninkryk van God binnegelei. Met reg stel Paulus in Christus vir ons ’n sekere pand van God se genade voor oë, om ons des te meer af te trek van die vertroue op die werke. En terwyl hy ons met die woord *toegang* leer dat die begin van die saligheid in Christus geleë is, sluit hy alle voorbereidsels uit, waardeur dwase mense dink dat hulle die barmhartigheid van God kan vooruit loop, so asof hy sou gesê het dat Christus geensins op grond van verdienstes iemand tegemoet kom en die hand reik nie. Daarna voeg hy by dat deur die voortdurende gang van dieselfde genade dit bewerk word dat die saligheid vir ons vas en seker bly, waardeur hy aandui dat die volharding nie in ons deug of ywer geleë is nie, maar dat dit in Christus begrond is. Wanneer hy terselfdertyd sê dat ons *staan*, dui hy aan dat die evangelie diep wortels moet hê in die harte van die vromes sodat dit, versterk met waarheid, staande bly teen al die liste van die duiwel en die vlees. En met hierdie woord dui hy ook aan dat die geloof nie veranderlik is nie of ’n oortuiging vir ’n enkele dag nie, maar dat dit vasstaande is en diep in die hart insink sodat dit die hele lewe voortduur. Daarom besit hy wat deur ’n plotselinge aandrif tot geloof gedryf word, nie die geloof sodat hy onder die gelowiges getel mag word nie, maar hy wat standvastig en (as ek dit so mag sê) met vaste voet bly in die staat waarin God hom gestel het, sodat hy Christus altyd mag aanhang.

... *en ons roem in die hoop* ... Hieruit kom ongetwyfeld die hoop op die toekomstige lewe voort en waag dit om te jubel dat ons soos op gelegde fondamente in God se genade gegrondves is. Die bedoeling van Paulus is immers dat, hoewel die gelowiges nou as vreemdelinge op die aarde wandel, hulle tog deur hul geloof die hemele bestyg, sodat hulle die toekomstige erfenis rustig in hul boesem kan geniet. En hier word twee van die mees verderflike leerstukke van die sofiste omvergewerp. Die eerste is die een waarin hulle Christene gebied om tevrede te wees met ’n sedelike gissing met betrekking tot hul gevoelens oor die genade van God jeens hulle. Die tweede is die een waarin hulle leer dat alle mense onseker is oor die uiteindelike volharding. Maar as daar nie in die teenwoordige tyd ’n sekere kennis en vir die toekomstige tyd ’n standvastige en onbetwyfelbare oortuiging is nie, wie sou kan waag om te roem? Die hoop van die heerlikheid van God skyn ons teen deur die evangelie, wat getuig dat ons deelgenote is van die goddelike natuur. Wanneer ons immers God van aangesig tot aangesig sal sien, sal ons aan Hom gelykvormig wees (II Pet. 1:4 en I Joh. 3:2).

3 En nie alleen dit nie, maar ons roem ook in die verdrukkinge, omdat ons weet dat

3 Neque id modo, sed gloriamur etiam in afflictionibus; scientes quod tribulatio

die verdrukking lydsaamheid werk,
4 en die lydsaamheid beproefdheid en die beproefdheid hoop;
5 en die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is.

patientiam efficiat;

4 Patientia vero probationem; probatio autem spem:
5 Porro spes non pudefacit, quoniam dilectio Dei diffusa est in cordibus nostris per Spiritum sanctum, qui datus est nobis.

3 *En nie alleen dit nie* ... Sodat niemand spottenderwys mag teenwerp dat Christene tog met al hul roem hier op allerlei maniere gekwel en gekleineer word, ’n toestand wat ver verwyderd is van geluk, voorkom hy hierdie teenwerping en verklaar hy dat die vromes nie alleen geensins deur rampe verhinder word om desnietemin salig te wees nie, maar dat hul roem ook daardeur bevorder word. Om dit te bewys redeneer hy vanuit die vrugte, en hy gebruik ’n skone volgorde waardeur hy uiteindelik tot die slotsom kom dat die ellendes wat ons ook al verduur, tot ons saligheid en welsyn bydra. Maar wanneer hy sê dat die heiliges roem in die verdrukking, moet dit nie so verstaan word asof hulle teenspoede nie sou vrees of vermy nie, of deur die bitterheid daarvan, wanneer dit gebeur, nie terneergedruk word nie – want lydsaamheid word nie daaruit gebore nie, tensy daar ’n gevoel van bitterheid is – maar omdat dit hulle in verdriet en sugte tog nie ontbreek aan vertroosting nie, omdat hulle dink dat wat hulle ook al verduur, deur die hand van ’n mees liefderyke Vader tot hul beswil beskik word, word met reg gesê dat hulle roem. Want oral waar die saligheid bevorder word, ontbreek dit nie aan ’n rede om te roem nie.

Hieruit word ons derhalwe geleer wat die doel van ons beproewinge is, as ons ten minste verkies om kinders van God te wees. Die beproewinge behoort ons daaraan gewoond te maak om lydsaam te wees, en wanneer die beproewinge dit nie doen nie, word die werk van die Here deur ons verdorwenheid verydel en vernietig. Waaruit anders bewys hy dan dat teenspoede nie die roem van die vromes in die weg staan nie as dat, terwyl hulle dit geduldiglik verduur, hulle die hulp van God aanvoel, wat hul hoop voed en bevestig? Hulle wat dus nie lydsaamheid leer nie, maak sekerlik geen goeie vordering nie. En dit staan nie in stryd met die feit dat daar in die Skrif enkele klagtes van heiliges voorkom, wat vol van wanhoop is nie. Die Here onderwerp immers sy kinders soms vir ’n tyd lank so aan verdrukking en benoudheid dat Hy hulle skaars toelaat om asem te haal of te dink aan vertroosting; maar in ’n oomblik lei Hy hulle terug tot die lewe, wat Hy byna in die duisternis van die dood versink het. So word daar in hulle altyd volvoer wat Paulus sê in II Korinthiërs 4:8: *In alles word ons verdruk, maar ons is nie terneergedruk nie; ons is verleë, maar nie*

radeloos nie; vervolg, maar nie verlate nie; neergewerp, maar nie vernietig nie.

... *dat die verdrukking lydsaamheid werk* ... Dit (lydsaamheid) spruit nie voort uit die aard van verdrukking nie, want ons sien dat die grootste deel mense daardeur geprikkel word om teen God te murmureer en ook te laster. Maar waar ’n innerlike sagmoedigheid, wat deur die Gees van God ingestort word, en vertroosting, wat deur dieselfde Gees voorsien word, in die plek van halsstarrigheid kom, daar word die verdrukkinge wat in die opstandiges niks anders as verontwaardiging en murmurering kan opwek nie, middels om lydsaamheid te verwek.

4 *en die lydsaamheid beproefdheid* ... Jakobus skyn in ’n soortgelyke rangskikking[1)] ’n verskillende orde te volg, aangesien hy sê dat lydsaamheid voortkom uit die beproefdheid. Maar die aanvaarding van verskillende betekenisse van die woord sal albei versoen. Paulus aanvaar immers *beproefdheid* as ondervinding, wat die gelowige verkry aangaande God se sekere beskerming, wanneer hulle vertrouend op sy hulp alle moeilikhede te bowe kom, naamlik terwyl hulle geduldig standvastig bly in lyding, ervaar hoeveel die krag van God kan verrig, wat Hy beloof het altyd teenwoordig sal wees vir sy kinders. Jakobus gebruik dieselfde woord vir die verdrukking self, ooreenkomstig die gewone gebruik van die Skrif, aangesien God hierdeur sy knegte beproef en ondersoek. Daarom word dit dikwels versoekinge genoem. Wat dus die huidige passasie betref, maak ons dan vordering in die lankmoedigheid, soos dit ons betaam, wanneer ons bedink dat dit deur die almag van God tot ons beskikking staan, en dat ons so die hoop op die toekoms kan koester dat die genade van God, wat ons altyd in die nood te hulp gekom het, ons nooit sal ontbreek nie. Daarom voeg hy by dat die hoop uit die beproefdheid voortkom, omdat ons ondankbaar is vir die weldade wat ons reeds ontvang het as ons nie deur die herinnering daaraan die hoop op latere tye bevestig nie.

5 *en die hoop beskaam nie* ... Dit beteken dat hy die uitkoms van die saligheid as baie versekerd het. Vandaar staan dit vas dat ons in teenspoede deur die Here tot hierdie doel geoefen word, dat deur hierdie stappe ons saligheid bevorder word. Daarom kan ellendes ons nie ellendig maak nie, omdat dit op hulle manier ons saligheid ondersteun. So is die

---

[1)] Die Latynse woord *gradatio* moet eintlik met *klimaks* vertaal word, maar *klimaks* beteken normaalweg *hoogtepunt*. Hier word dit in sy ongewone betekenis gebruik, naamlik as ’n stylfiguur waar die rangskikking van begrippe gedoen word in ’n stygende reeks wat krag en indrukwekkendheid betref. Ter wille van verstaanbaarheid, vertaal ek dit met *rangskikking*. – *die vertaler*

bewys gelewer vir dit wat hy gesê het, naamlik dat daar vir die vromes midde-in die verdrukkinge rede tot roem is.

... *omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is* ... Ek verwys nie net na ’n vorige woord nie, maar na die hele voorafgaande uitspraak; gevolglik sê ek dat deur verdrukkinge word ons geprikkel tot lydsaamheid, en die lydsaamheid is vir ons die ervaring van goddelike hulp, waardeur ons te meer tot hoop aangespoor word omdat, hoeseer ons ook al verdruk word en al lyk dit of ons enige oomblik vernietig sal word, ons tog nie ophou om die goddelike goedgunstigheid teenoor ons aan te voel nie, wat ’n aller oorvloedige vertroosting is, en veel meer omvangryk as wanneer alles voorspoedig verloop het. Want dit wat uiterlik lyk na vreugde, is inderdaad ellende wanneer God teen ons en toornig op ons is, so is dit ook seker dat wanneer hy ons genadig is, die rampe self op ’n voorspoedige en vreugdevolle uiteinde sal uitloop, siende dat alle dinge die oordeel van die Skepper moet dien, wat ooreenkomstig Sy vaderlike guns teenoor ons – soos Paulus weereens herhaal in hoofstuk 8 – alle kwellinge van die kruis tot ons saligheid versag het. Hierdie kennis van God se liefde teenoor ons is in ons harte ingeprent deur die Gees van God. Immers, die goeie dinge wat God vir sy diensknegte voorberei het, is verborge vir die ore en oë en harte van mense; dit is net die Gees wat dit openbaar kan maak. En die woord *uitgestort* het besondere nadruk, want dit dui aan dat die openbaring van die goddelike liefde teenoor ons so oorvloedig is dat dit ons harte vervul. Maar waar dit so versprei is oor al die dele, versag dit nie alleen die droefheid in teenspoede nie, maar maak ook, asof dit ’n soete spesery is, die verdrukkinge tot iets beminliks. Hy sê verder dat hierdie Gees *gegee is*, dit is, geskenk deur die onverdiende goedheid van God, maar nie as betaling vir ons verdienstes nie. Soos Augustinus tereg opgemerk het, wat, hoewel hy tog in die uiteensetting van die liefde van God gedroom het, dit so uitlê, dat ons standvastig die teenspoede verdra en op hierdie manier bevestig word in die hoop, aangesien ons, wedergebore deur die Gees, God liefhet. Hoewel dit ’n vroom uitspraak is, is dit geensins in ooreenstemming met Paulus se bedoeling nie. Want die liefde word hier nie aktief nie, maar passief opgevat, en dit is seker, dat niks anders deur Paulus geleer word nie as dat dit die ware bron van liefde is, dat die gelowiges oortuig is dat hulle deur God bemin word, en dat hulle nie ligweg deur hierdie oortuiging bestryk is nie, maar dat hul siele heeltemal daarmee deurdrenk is.

6 Want toe ons nog swak was, het Christus op die regte tyd vir die goddelose gesterwe.
7 Want nouliks sal iemand vir ’n regverdige

6 Christus enim, quum adhuc essemus infirmi secundum rationem temporis, pro impiis mortuus est:

sterwe – vir ’n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe –
8 maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.

9 Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn.

7 Vix sane pro justo quis moriatur; nam pro bono forsan aliquis etiam mori audeat.

8 Confirmat autem erga nos charitatem Deus quod peccatores quum adhuc essemus, Christus pro nobis mortuus est:
9 Multo igitur magis, justificati nunc per sanguinem ejus, servabimur per ipsum ab ira.

6 *Want toe ons nog swak was, het Christus* ... Ek het in my weergawe dit nie gewaag om myself te veroorloof om dit te vertaal met *ooreenkomstig die tyd waarin ons swak was* nie, hoewel hierdie sin my tog meer aangestaan het. Maar hy begin ’n argument vanuit die meerdere tot die mindere, wat hy later met baie woorde voortsit. Hoewel hy die draad van die redevoering nie so behoorlik verweef het nie, sal die onordelike struktuur van die redevoering die bedoeling geensins in verwarring bring nie. Indien Christus, sê hy, die goddelose met ontferming bejeën het, as Hy die vyande met die Vader versoen het, en as Hy dit bewerkstellig het deur die krag van sy dood, dan sal Hy nou baie makliker die regverdiges red en hulle wat in genade herstel is, in dieselfde staat behou, vernaamlik wanneer die uitwerking van sy lewe nou by sy dood naderkom. Onder die tyd van swakheid verstaan sommige die tyd waarin Christus vir die eerste keer begin openbaar is aan die wêreld, en hulle dink dat die mense swak genoem word, wat onder die lering van die wet soortgelyk aan kinders was. (Maar) ek pas dit toe op almal van ons, en ek sê dat hier die tyd aangewys word wat die versoening van elkeen met God voorafgaan. Net soos ons almal gebore word as kinders van die toorn, so word ons onder die vervloeking vasgehou, totdat ons deelgenote van Christus gemaak word. En hy noem hulle swak wat in hulself niks het behalwe dit wat gebrekkig is nie, want dieselfde mense noem hy onmiddellik hierna *goddelose*. Dit is waarlik nie iets nuuts om die woord *swak* in hierdie sin op te vat nie. So noem hy in I Korinthiërs 12:22 die dele van die liggaam, waarvoor geskaam moet word, swak; en noem hy die teenwoordigheid van die liggaam swak, omdat dit geen waardigheid het nie (II Kor. 10:10). En hierdie betekenis sal ’n weinig later meer dikwels voorkom. Toe ons derhalwe swak was, dit is, in geen opsig waardig of geskik dat God ons sou aansien nie, het Christus op daardie tyd vir die goddelose gesterwe, want die geloof is die begin van die vroomheid, waaraan almal vreemd was vir wie Hy gesterf het. Dit is ook van toepassing op die ou vaders wat voor sy dood die geregtigheid verkry het, want hulle het hierdie weldaad deur sy toekomstige dood gehad.

7 *Want nouliks sal iemand vir ’n regverdige sterwe* ... Die sinsverband het my gedwing om die woord γὰρ liewer in bevestigende of verklarende as in redegewende sin uit te lê. Die uitspraak beteken dan: die voorbeeld dat iemand vir ’n regverdige die dood ondergaan, is uiters seldsaam onder mense, hoewel dit somtyds kan gebeur. Maar dit toegegee, sal daar tog niemand gevind word wat vir ’n goddelose wil sterwe nie. Dit het Christus gedoen. So is daar ’n uitbreiding uit ’n vergelyking, aangesien so ’n voorbeeld van goedgunstigheid, wat Christus teenoor ons betoon het, nie onder die mense bestaan nie.

8 *maar God bewys sy liefde tot ons* ... Aangesien die werkwoord συνίστησι ’n onsekere betekenis het, is dit meer gepas om dit op die huidige plek as *bevestig* (bewys) op te vat. Want dit was nie die voorneme van die apostel om ons dankbaarheid aan te wakker nie, maar om die vertroue en sekerheid van ons siele te versterk. Hy bevestig dus die liefde, dit is hy verklaar dat sy liefde jeens ons meer as seker en standvastig is, omdat Hy ter wille van die goddelose sy Seun Christus nie gespaar het nie. Want hierin blyk sy liefde, dat Hy uit eie beweging ons eerste liefgehad het, sonder dat liefde van ons kant Hom aangespoor het, soos Johannes sê (Joh. 3:16). Hulle word sondaars genoem (soos op baie ander plekke), wat geheel en al verdorwe is en verslaaf is aan die sonde, soos in Johannes 9:31: *En ons weet dat God nie sondaars verhoor nie ...* ; dit is die bose en misdadige mense. Die getroude vrou wat ’n sondares was, was van onsedelike karakter (Luk. 7:37). En dit blyk duideliker uit die teenstelling wat spoedig hierna volg: *nou dat ons geregverdig is in sy bloed*. Wanneer hy immers hierdie twee teenoor mekaar stel en verklaar dat hulle wat bevry is van sondeskuld, geregverdig is, volg daaruit dat hulle sondaars is wat weens hul wandade veroordeel is. Die belangrike is dat, as Christus deur sy dood vir sondaars die geregtigheid verwerf het, Hy nou die geregverdigdes des te meer sal beskerm teen die verderf. En in die laaste gedeelte pas hy ’n vergelyking van die mindere en die meerdere toe op sy leer. Want dit sou nie genoegsaam gewees het dat die saligheid net een maal vir ons verkry is nie, as Christus dit nie tot die einde toe ongeskonde en standvastig bewaar nie. Maar dit is waarna die apostel streef, dat daar geensins gevrees moet word dat Christus die vloei van sy genade in die middel sal afbreek nie, want sedert Hy ons met die Vader versoen het, is ons omstandigheid sodanig dat Hy sy genade teenoor ons kragtiger wil uitbrei en daagliks wil vermeerder.

10 Want as ons, terwyl ons nog vyande was, met God versoen is deur die dood van sy Seun, veel meer sal ons deur sy lewe

10 Si enim quum inimici essemus, reconciliati sumus Deo per mortem Filii ejus; multo magis, reconciliati, servabimur per

gered word nou dat ons versoen is.

vitam ipsius.

Dit is ’n verklaring van die vorige uitspraak met ’n uitbreiding gegee na aanleiding van ’n vergelyking tussen lewe en dood. Hy sê dat ons vyande was toe Christus Homself gestel het as Middelaar om die Vader te versoen. Nou is ons vriende deur sy versoening. Indien Hy deur die dood dit kon bewerkstellig, sal sy lewe nog veel kragtiger en effektiewer wees. Ons het derhalwe oorvloedig bewyse wat die vertroue op die saligheid in ons harte bevestig. Dat ons deur die dood van Christus met God versoen was, verstaan hy so, dat dit ’n offerande van versoening was waardeur God teenoor die wêreld gunstig gestem is, soos ek geleer het in die vierde hoofstuk. Maar dit lyk asof die apostel hier met homself in stryd is, want as die dood van Christus die pand was vir die goddelike liefde teenoor ons, volg dit dat ons toe reeds vir Hom aanvaarbaar was. Maar nou sê hy dat ons vyande was; ek antwoord hierop, dat aangesien God die sonde haat, ons ook by Hom gehaat is, vir sover ons sondaars is, maar vir sover Hy ons deur sy verborge Raad in die liggaam van Christus ingelyf het, sien Hy af daarvan om ons te haat. Maar die herstel in die genade is aan ons onbekend totdat ons deur die geloof daartoe gekom het. Derhalwe, wat onsself betref, is ons altyd sondaars, totdat die dood van Christus tussenbeide tree tot versoening met God. En hierdie tweevoudige onderskeid moet in gedagte gehou word. Want ons verkry op geen ander manier kennis van die onverdiende barmhartigheid van God nie, behalwe as dit vas staan dat Hy sy eniggebore Seun nie gespaar het nie, omdat Hy ons liefgehad het in die tyd toe daar tussen Hom en ons tweespalt was. Hierteenoor voel ons nie genoegsaam watter weldaad deur die dood van Christus daar vir ons verwerf is nie, as dit vir ons nie die begin is van die versoening met God nie, sodat ons oortuig mag wees dat, nadat die versoening volvoer is, Hy wat vroeër vertoornd was, nou goedgesind teenoor ons is. Wanneer die aanneming in genade so aan die dood van Christus toegeskryf word, het dit die betekenis dat die skuld, waarmee ons andersins belas sou gewees het, dan weggeneem is.

11 En nie alleen dit nie, maar ons roem ook in God deur onse Here Jesus Christus, deur wie ons nou die versoening verkry het.

11 Non solum autem, sed etiam gloriamur in Deo per Dominum Iesum Christum, per quem nunc reconciliationem accepimus.

11 *En nie alleen dit nie* ... Hy bestyg nou die hoogste trap van roem. Want terwyl ons roem dat God ons God is, volg dit dat alle goeie dinge wat bedink of begeer kan word, uit hierdie bron voortvloei, want God is nie net die hoogste van alle goeie dinge nie, maar Hy bevat in Homself ook die geheel sowel as die afsonderlike dele daarvan, en Hy het ons s’n geword deur Christus. Ons kom dus hiertoe deur die weldaad van die geloof, sodat

niks ons aan vreugde sal ontbreek nie. En nie tevergeefs lê hy so dikwels klem op die versoening nie; ten eerste, sodat ons mag leer om ons oë op die dood van Christus te vestig, so dikwels as daar oor ons saligheid gehandel word; vervolgens, sodat ons mag weet dat die vertroue nêrens anders gestel moet word as in die versoening van sondes nie.

12 Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het –
13 want voor die wet was daar al sonde in die wêreld; maar sonde word nie toegereken as daar geen wet is nie.
14 Tog het die dood geheers van Adam af tot op Moses, ook oor hulle wat nie gesondig het in die gelykheid van die oortreding van Adam nie, wat 'n voorbeeld is van Hom wat sou kom.

12 Quamobrem sicut per unum hominem peccatum in mundum introiit, et per peccatum mors; atque ita in omnes homines mors pervagata est, quandoquidem omnes peccaverunt:
13 (Nam usque ad legem peccatum erat in mundo; peccatum autem non imputatur, quum non est lex.)
14 Sed regnavit mors ab Adam usque ad Mosen, etiam in eos qui non peccaverunt ad similitudinem praevaricationis Adam, qui est figura futuri.

12 *Daarom, soos deur een mens* ... Hy begin nou om dieselfde leer uit te brei deur 'n vergelyking van teenoorgesteldes. As Christus immers gekom het om ons te verlos van die ellende waarin Adam geval het en waarin hy saam met hom sy nageslag gestort het, kan ons nie duideliker insien wat ons in Christus besit nie, as wanneer aan ons getoon word wat ons in Adam verloor het, al is alles nie na beide kante eners nie. Daarom voeg Paulus ook 'n wysiging toe, wat op sy bepaalde plek onder oë geneem sal word, en ons sal bowendien as daar enige verskil is, daarop let. Die gebrekkige sinsbou maak die redevoering enigsins duister, aangesien die tweede deel wat antwoord op die eerste deel, nie in die vergelyking uitgedruk word nie. Maar ons sal poog om beide te verklaar wanneer tot daardie punt gekom word.

... *die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood* ... Let op die volgorde wat hy hier neerlê, want hy sê die sonde het voorafgegaan en daaruit het die dood gevolg. Daar is sommige wat beweer dat ons so deur die sonde van Adam sedelik verlore is dat ons deur geen eie skuld ten gronde gaan nie, so asof hy vir ons sou gesondig het. Maar Paulus gee uitdruklik die versekering dat die sonde verbrei is oor almal wat die straf daarvoor verduur. En later beklemtoon hy dit sterker, wanneer hy ietwat verder die rede aandui waarom die hele nageslag van Adam onderworpe is aan die heerskappy van die dood. Hy sê naamlik, omdat ons almal

gesondig het. Om te sondig beteken hier om verdorwe en boos te wees. Want hierdie natuurlike verdorwenheid wat ons uit die moederskoot meedra, bring wel nie so dadelik sy vrugte voort nie, maar dit is tog sonde voor God, en verdien sy vergelding. En dit is die sonde wat hulle die oorspronklike (erf)sonde noem. Soos Adam immers by sy eerste skepping vir homself, sowel as sy nageslag die gawes van die goddelike genade ontvang het, so het hy deur van die Here afvallig te word, in sigself ons natuur verderf, geskend, misvorm en vernietig, want toe hy van die beeltenis van God afstand gedoen het, kon hy nie ’n nakomeling anders as sy ewebeeld verwek nie. Ons het dus almal gesondig, omdat ons almal met die natuurlike verdorwenheid besmet is, en so is ons sondig en boos. Dit was immers ’n ligsinnige versinsel waarmee vroeër die Pelagiane die woorde van Paulus probeer ontduik het, (deur te sê) dat die sonde deur navolging vanaf Adam oor die ganse menslike geslag versprei het, omdat op hierdie manier Christus slegs ’n voorbeeld van die geregtigheid is, en nie die oorsaak daarvan nie. Bowendien, dit kan maklik afgelei word dat hier nie gehandel word oor die dadelike sonde nie, want as elkeen die skuld op homself bring, tot watter doel vergelyk Paulus Adam met Christus? Derhalwe volg dit dat ons aangebore en oorgeërfde verdorwenheid hier aangeteken word.

13 *want voor die wet* ... Hierdie tussensin bevat ’n antisipasie. Aangesien daar sonder ’n wet nie ’n oortreding skyn te wees nie, kon daar getwyfel word of daar voor die wet wel sonde was. Dat daar na die wet wel sonde was, was geensins onseker nie; die hele vraag het bly kleef aan die tyd wat die wet voorafgegaan het. Hy antwoord derhalwe dat, hoewel God nog nie in ’n geskrewe wet ’n oordeel gegee het nie, was die menslike geslag tog vervloek en dit wel van die moederskoot af, en dat hulle wat voor die afkondiging van die wet misdadig en skandelik gelewe het, glad nie van die veroordeling van die sonde vrygespreek word nie. Want God, aan wie verering verskuldig was, was altyd daar en daar was altyd een of ander reël van geregtigheid. Hierdie uitleg is so duidelik en deursigtig dat dit vanself enigiets tot die teendeel genoegsaam weerlê.

... *maar sonde word nie toegereken* ... Sonder die berisping van die wet sluimer ons as ’t ware in op ons sondes. En hoewel ons nie onkundig is dat ons kwaad doen nie, begrawe ons tog, soveel ons kan, die verkreë kennis van die kwaad, of vernietig dit ten minste deur dit gou te vergeet. Terwyl die wet ons aankla en berispe, wek dit ons op deur as ’t ware aan ons te pluk om onmiddellik terug te keer na die oordenking van God se oordeel. Daarom dui die apostel aan met hoeveel verdorwenheid mense belas is. Mense wat, toe hulle nie deur die wet aangespoor is nie, die onderskeid tussen goed en kwaad tot ’n groot mate opgehef het en rustig en gelate

hulself die vrye teuels gegee het asof daar geen oordeel van God is nie. Dat daar andersins aan die mense deur God straf opgelê is vir hul skanddade, is duidelik uit die getuienis van die straf van Kain, die sondvloed, waardeur die hele wêreld verswelg is, die vernietiging van Sodom en die strawwe wat aan Farao en Abimeleg opgelê was ter wille van Abraham, en ten slotte die plae waarmee die Egiptenare besoek was. Dat die mense ook mekaar oor en weer sonde toegereken het, is duidelik uit klagtes en verwyte waarmee die een die ander van ongeregtigheid beskuldig het, en aan die ander kant uit die verontskuldigings waarmee hulle naarstiglik hul eie dade vergoeilik het. Daar is ten slotte ’n magdom voorbeelde wat bewys dat hulle elkeen bewus was van goed en kwaad, maar in die meeste gevalle het hulle die oë gesluit vir hul wandade, sodat hulle niks as sonde vir hulself toegereken het nie, behalwe as hulle daartoe gedwing word. Wanneer hy (Paulus) dus ontken dat die sonde sonder die wet toegereken word, praat hy vergelykenderwys, want waar hulle deur geen aansporing van die wet geprikkel word nie, versink hulle hulself in sorgeloosheid. Hierdie uitspraak het Paulus vervolgens wyslik ingevoeg, sodat die Jode daaruit des te beter mag leer watter sware skuld hulle op hulself laai terwyl die wet hulle openlik veroordeel het. Indien immers hulle wat God nooit as beskuldigdes voor sy regterstoel gedaag het nie, nie van straf gevrywaar is nie, wat sal met die Jode gebeur, vir wie die wet soos ’n boodskapper hul skuld aangekondig het? Ja, oor wie dit ’n oordeel uitgespreek het?

Daar kan ook ’n ander rede aangevoer word waarom hy verklaar dat die sonde voor die wet geheers het, en tog nie toegereken was nie, naamlik sodat ons mag weet dat die oorsaak van die dood nie deur die wet voortgebring is nie, maar slegs daardeur aangewys word. Hy verklaar derhalwe dat almal sedert die val van Adam dadelik ellendiglik verlore was, hoewel die verderf eers deur die wet openbaar gemaak is. Die sin sou beter gevloei het as jy die teenstellende woord δέ met *hoewel* vertaal, want die betekenis sal dan wees: al is dit so dat die mense hulself vrye teuels gegee het, tog kon hulle die oordeel van God nie ontvlug nie, selfs terwyl die wet hulle nie aankla nie.

14 *Tog het die dood geheers van Adam af tot op Moses ...* Hier gee hy ’n duideliker verklaring dat dit die mense niks gebaat het dat hulle, vanaf Adam tot die afkondiging van die wet, losbandig en sorgeloos gelewe het nie, terwyl die verskil tussen goed en kwaad prysgegee is, en dat sonder die vermaning van die wet die herinnering aan die sonde begrawe was, aangesien die sonde nietemin die krag gehad het om te veroordeel. Omdat die blindheid en verharding van mense die oordeel van God nie kon onderdruk nie, het die dood toe ook geheers.

... *ook oor hulle wat nie gesondig het* ... Hoewel hierdie deel gewoonlik verstaan word om te verwys na suigelinge wat aan geen dadelike sonde skuldig is nie en wat weens die erfsonde vergaan, verkies ek tog dat dit oor die algemeen uitgelê word om te verwys na hulle wat sonder die wet gesondig het. Hierdie uitspraak moet immers verbind word aan die voorafgaande woorde, waar gesê is dat hulle wat die wet ontbeer het, die sonde nie aan hulleself toegereken het nie. Derhalwe het hulle nie gesondig in die gelykheid van die oortreding van Adam nie, omdat hulle nie soos hy, deur ’n sekere godspraak die geopenbaarde wil van God besit het nie. Die Here het naamlik Adam belet om die vrugte van die boom van kennis van goed en kwaad aan te raak, maar aan hulle het Hy geen opdrag gegee buite die getuienis van hul gewete nie. Gevolglik wou die apostel stilswyend te kenne gee dat met hierdie verskil tussen Adam en sy nageslag nie veroorsaak word dat hulle van veroordeling bevry word nie. Origens moet onder hierdie algemene kategorie ook die suigelinge verstaan word.

... *wat ’n voorbeeld is van Hom wat sou kom*. Hierdie deel is geplaas in die plek van ’n ander deel (van die sin). Ons sien immers dat een deel van die vergelyking uitgedruk is, en die ander deel is weggelaat deur ’n *anacoluthon*[1]. Jy moet dit dus opvat asof daar geskryf is: soos deur een mens die sonde in die hele wêreld ingekom het, en deur die sonde die dood, so het deur een mens die geregtigheid teruggekeer, en deur die geregtigheid die lewe. Maar dat hy sê dat Adam as ’n voorbeeld van Christus opgetree het, is geen wonder nie, want ook in sake wat totaal verskillend lyk, is daar altyd een of ander ooreenkoms. Omdat soos ons deur die sonde van Adam verlore is, en net so deur die geregtigheid van Christus herstel is, het hy Adam nie ontoepaslik ’n voorbeeld van Christus genoem nie. Let egter daarop dat Adam nie ’n voorbeeld van die sonde en Christus ook nie ’n voorbeeld van die geregtigheid genoem word nie, asof hulle ons net deur hul voorbeeld voorgegaan het nie, maar dat die een met die ander vergelyk word sodat jy nie saam met Origenes valslik droom en jou aan ’n verderflike dwaling oorgee nie; want hy redeneer filosofies en onheilig oor die verdorwenheid van die menslike geslag en hy ontkrag nie alleen die genade van Christus nie, maar hy wis dit byna totaal uit. Minder verskoonbaar is Erasmus wat moeite doen om so ’n kras waansinnige verontskuldiging te gee.

15 Maar dit is met die misdaad nie soos met 15 Sed non sicut delictum, ita et donum;

[1] Calvyn verlatiniseer hier ’n Griekse woord wat dui op ’n gebrekkige sinsbou waar ’n woord of ’n sinsnede, wat vereis word deur ’n vorige woord of sinsnede, weggelaat is. – *die vertaler*

die genadegawe nie; want as deur die misdaad van die één baie gesterf het, veel meer het die genade van God en die gawe deur die genade van een mens, Jesus Christus, vir baie oorvloedig geword.

nam si unius delicto multi mortui sunt, multo magis gratia Dei et donum Dei in gratia, quae fuit unius hominis Christi, in multos abundavit.

15 *Maar dit is met die misdaad nie soos met die genadegawe nie* ... Hier volg nou 'n *epanorthoseis*, dit is 'n verbetering van die vergelyking wat vroeër gemaak is. Die apostel ontleed hier tog nie so angsvallig die verskille tussen Christus en Adam nie, maar hy loop dwalinge tegemoet waarin andersins maklik verval kan word. Maar dit wat aan die verklaring ontbreek, sal ons byvoeg. Hoewel hy egter talle male die vermelding van 'n verskil herhaal, is daar tog geen herhaling waarin daar nie 'n ἀναντιπόδοτον[1)] of ten minste 'n woorduitlating is nie. Dit is inderdaad gebreke in die redevoering, maar daardeur word niks te kort gedoen aan die hemelse wysheid wat deur die apostel aan ons oorgedra word nie. Ja, dit het veel eerder deur die besondere voorsienigheid van God gebeur dat hierdie baie diep verborgenheid aan ons oorgedra is onder die veragtelike nederigheid van woorde, sodat ons geloof nie sal steun op die krag van menslike welsprekendheid nie, maar alleen op die werksaamheid van die Gees. Hy sit hier egter nog nie die rede vir daardie verbetering met name uiteen nie, maar leer eenvoudig dat daar 'n groter mate van genade deur Christus verkry is as wat daar veroordeling deur die eerste mens teweeggebring is. Ek weet hoegenaamd nie of dit by almal voldoende sal vasstaan dat die apostel hier, soos sommige dink, 'n bewys wil lewer nie. Daar kan seker nie onvanpas afgelei word dat, as die val van Adam soveel krag gehad het om baie in die verderf te stort, die genade veel meer die goeie vir baie teweeggebring het, aangesien dit erken word dat Christus ver meer het om te bewaar as wat Adam gehad het om te verderf. Maar aangesien hulle nie weerlê kan word nie, wat hierdie deel anders wil opvat, laat ek vry om enigeen van die twee uitsprake te kies. Hoewel dit wat direk hierop volg nie as 'n bewysvoering aanvaar kan word nie, is dit tog deel van dieselfde oorweging. Vandaar is dit waarskynlik dat Paulus eenvoudig dit wat hy gesê het oor die gelykenis tussen Christus en Adam, verbeter het of met 'n uitsondering gematig het. Maar let daarop dat hier nie baie met baie vergelyk word nie (want daar word nie oor 'n menigte van mense gehandel nie), maar hy redeneer dat as die sonde van Adam baie in die verderf gestort het, die geregtigheid van Christus nie minder betekenis sal hê om baie te bewaar nie. Wanneer hy sê dat *deur die misdaad van die één baie gesterf het*, neem ek in die sin op dat uit hom die verderf op ons oorgestort is; want ons gaan nie so weens sy skuld verlore nie, asof ons sonder skuld is, maar omdat sy sonde die oorsaak is van ons sonde, skryf

Paulus ons ondergang aan hom toe. Ek noem dit ons sonde, wat aan ons aangebore is en waarmee ons gebore word.

... *die genade van God en die gawe deur die genade van een mens, Jesus Christus* ... Die genade word tereg gestel teenoor die sonde, en die genadegawe wat uit die genade voortkom teenoor die dood. Derhalwe dui die genade die loutere goedheid van God aan of die onverdiende liefde, waarvan Hy ’n voorbeeld in Christus vertoon het, sodat Hy ons ellende sou tegemoet loop. Die genadegawe is egter die vrug van die barmhartigheid wat tot ons kom, naamlik die versoening waardeur ons die lewe en die saligheid verkry het, asook geregtigheid en die vernuwing van die lewe en alle soortgelyke weldade. Hieruit bemerk ons hoe onwetend die skolastici die genade omskryf, terwyl hulle niks anders daarin wil sien as ’n hoedanigheid wat in die harte van mense ingegee is nie, want genade is na regte in God en die uitwerking van die genade is in ons. Maar hy sê dat die genadegawe *van een mens, Christus* is, aangesien die Vader Hom gestel het as die bron uit wie se oorvloed almal sal put. En hy leer dan dat buiten Christus geen druppel van die lewe gevind kan word nie, en dat daar geen ander geneesmiddel vir ons armoede en gebrek is nie as dit wat Hy self uit sy oorvloed op ons uitstort.

16 En nie soos deur één wat gesondig het, is die gawe nie; want die oordeel was uit één tot veroordeling, maar die genadegawe is uit baie misdade tot vryspraak.

16 Et non sicut per unum qui peccaverat, ita donum; judicium enim ex uno in condemnationem, donum autem ex multis delictis in justificationem.

16 Hier is ’n besondere manier van verbetering – dat die skuld wat uit een sonde voortkom, gegeld het tot die veroordeling van almal, maar dat die genade, of liewer die onverdiende genadegawe, werksaam is in die regverdigmaking uit baie sondes. Dit is immers ’n verklaring van die voorafgaande uitspraak, omdat hy nog nie uitdrukking daaraan gegee het in watter opsig en hoedanig Christus Adam oortref het nie. Nadat hierdie onderskeid omskryf is, staan dit vas dat hulle ’n goddelose aanvoeling gehad het toe hulle gedink het dat ons in Christus niks anders terugontvang as om bevry te word van die erfsonde of die verdorwenheid wat ons van Adam verkry het. Voeg hier by dat hierdie menigte misdade, waarvan hy getuig dat ons deur die weldaad van Christus gesuiwer word, nie alleen verstaan moet word dié wat elkeen voor die doop gepleeg het nie, maar ook dié waarmee die heiliges daagliks nuwe skuld op hulle laai, en op grond waarvan hulle aan die verdoemenis onderworpe sou gewees het indien hierdie genade hulle nie tegemoet getree het nie. Wanneer hy die genadegawe stel teenoor die geregtigheid, beteken geregtigheid gestrengheid en die genadegawe onverdiende vergunning

(tegemoetkoming), want uit die gestrengheid volg veroordeling en uit die vergunning vrystelling, of (wat dieselfde beteken) as God met ons volgens reg handel, is ons almal verlore, maar Hy regverdig ons onverdiend in Christus.

17 Want as ten gevolge van die misdaad van die één die dood geheers het deur die één, veel meer sal hulle wat die oorvloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die Één, Jesus Christus.

17 Si enim unius delicto mors regnaverit per unum; multo magis, qui exuberantiam gratiae et doni justitiae acceperunt, in vita regnabunt per unum Iesum Christum.

17 *Want as ten gevolge van die misdaad van die één* ... Hy voeg weer ’n algemene verbetering toe waarop hy verder uitbrei, want dit was geensins sy bedoeling om die afsonderlike dele te verduidelik nie, maar om die belangrikste inhoud van die saak daar te stel. Vantevore het hy verklaar dat die krag van die genade sterker was as dié van die sonde; hier vertroos en versterk hy die gelowiges, en terselfdertyd wek hy hulle op en spoor hulle aan tot die oordenking van God se goedertierenheid. Dit is wat hy wil bereik met die angsvallige herhaling, sodat die genade van God na verdienste uiteengesit word, sodat die mense van hul vertroue op hulself na Christus gelei word en sodat, nadat hulle die genade verkry het, hulle volkome gerustheid mag geniet, waaruit uiteindelik die dankbaarheid gebore word. Maar die somtotaal kom hierop neer: omdat Christus Adam oortref het, oorwin die geregtigheid van die een die sonde van die ander, begrawe die genade van die een die vervloeking van die ander, en die dood wat van die een uitgegaan het, word verslind deur die lewe wat deur die ander verleen is. Origens kom die dele van hierdie vergelyking ook nie ooreen nie, want hy moes eintlik gesê het dat die weldaad van die lewe sterker heers en meer krag het deur die oorvloedigheid van die genade; in plaas daarvan sê hy dat die gelowiges sal heers, wat dieselfde beteken, omdat die heerskappy van die gelowiges in die lewe is en die heerskappy van die lewe in die gelowiges. Verder is dit belangrik dat twee verskille tussen Christus en Adam opgemerk word. Die apostel verswyg dit, nie omdat hy dit onbelangrik geag het nie, maar omdat niks van die huidige argument vereis het dat hy daardie sake opsom nie. Die eerste is dat deur die sonde van Adam ons nie net deur die toerekening (van die sonde) veroordeel word nie, asof aan ons die straf vir ’n ander se sonde opgelê word, maar ons dra sy straf omdat ons self skuldig is, aangesien ons natuur, wat deur hom verdorwe geraak het, teenoor God verantwoordelik gestel word weens die skuld van (ons eie) ongeregtigheid. En ons word deur die geregtigheid van Christus op ’n ander manier in die saligheid herstel. En dit word immers nie aangevoer dat dit vir ons aanvaar is omdat

dit in ons is nie, maar omdat ons Christus self met al sy goedere (seëninge) besit, wat aan ons geskenk is deur die mildheid van die Vader. Derhalwe is die gawe van geregtigheid nie ’n kwaliteit waarmee God ons vervul, soos sommige dit verkeerdelik verklaar nie, maar dit dui die onverdiende toerekening van geregtigheid aan. Die apostel sit immers uiteen wat hy onder die woord *genade* verstaan het. Die tweede verskil is dat die weldaad van Christus nie tot alle mense kom op dieselfde manier wat Adam sy hele geslag in die verdoemenis betrek het nie. En die rede is inderdaad duidelik, want aangesien die vloek wat ons van Adam verkry, in ons deur die natuur oorgedra is, is dit geen wonder dat dit die hele massa van mense omsluit nie. Maar sodat ons tot deelname aan die genade van Christus mag kom, moet ons deur die geloof in Hom ingelyf word. Derhalwe is dit om die ellendige erfenis van die sonde te besit, vir jou genoegsaam om ’n mens te wees, want dit is in vlees en bloed gesetel. Maar sodat jy die vrugte van die geregtigheid van Christus mag geniet, is dit noodsaaklik dat jy ’n gelowige is, omdat die deelname daaraan deur die geloof verkry word. Aan suigelinge word dit op ’n besondere manier oorgedra, want hulle het in die verbond die reg tot aanneming, waardeur hulle in die gemeenskap van Christus oorgaan. Ek praat van kinders van gelowiges tot wie die belofte van genade gerig word; die ander suigelinge word immers geensins van die algemene lot (van die mensdom) uitgesluit nie.

18 Daarom dan, net soos dit deur een misdaad vir alle mense tot veroordeling gekom het, so ook is dit deur een daad van geregtigheid vir alle mense tot regverdigmaking van die lewe.

18 Itaque quemadmodum per unius delictum, in omnes homines in condemnationem; sic et per unius justificationem, in omnes homines in justificationem vitae.

18 Die redevoering is hier gebrekkig; dit sal volledig wees as die woorde *veroordeling* en *regverdigmaking* in die eerste naamval gelees word, soos dit sekerlik gedoen moet word om die sin volkome te maak. Maar dit is die algemene slotsom van sy vergelyking wat voorafgegaan het; want, nadat hy die vermelding van die tussenkomende verbetering weggelaat het, voltooi hy nou daardie gelykenis. Net soos ons deur die misdaad van een tot sondaars gestel is, so is die geregtigheid van Christus werksaam tot ons regverdigmaking. Hy verwys nie na die δικαιοσύνην (geregtigheid) maar na die δικαίωμα (regverdiging) van Christus, om ons te herinner dat Hy nie as ’n enkeling net vir Homself regverdig was nie, maar dat die geregtigheid waarmee Hy bekleed was, wyer strek, sodat Hy deur sy gawe oor te dra, die gelowiges mag verryk. Hy maak die genade gemeenskaplik aan almal, omdat dit aan almal voorgelê is, maar nie omdat dit vanself tot

almal uitgebrei word nie; want hoewel Christus gely het vir die sondes van die hele wêreld en aan almal sonder uitsondering deur die barmhartigheid van God aangebied word, gryp almal Hom tog nie aan nie. Daardie twee woorde, naamlik *oordeel* en *genade*, wat kort gelede gebruik is, kan herhaal word in hierdie sin: net soos deur die oordeel van God teweeggebring is dat die sonde van een tot die veroordeling van baie bly staan, so sal die genade werksaam wees tot die regverdigmaking van baie. Die regverdigmaking van die lewe (volgens my oordeel) moet opgevat word as vergifnis, wat aan ons die lewe teruggee, asof hy gesê het dat dit lewendmakend is. Want daaruit kom die hoop op die saligheid voort, as God ons versoend gesind is; maar ons moet geregverdig wees sodat ons vir Hom aanvaarbaar mag wees. Derhalwe kom die lewe voort uit die regverdigmaking.

19 Want soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Één baie tot regverdiges gestel word.

19 Quemadmodum enim per disobedientiam unius hominis peccatores constituti sunt multi; sic et per obedientiam unius justi constituentur multi.

19 Dit is nie ’n onnodige herhaling nie, maar ’n noodsaaklike verklaring van die voorgaande uitspraak, want hy toon aan dat deur die skuld van een mens ons aangeklaagdes is, sodat ons nie onskuldig is nie. Vroeër het hy gesê dat ons verdoem is, maar sodat iemand nie sal roem op sy onskuld nie, wil hy ook byvoeg dat elkeen verdoem word omdat hy ’n sondaar is. Wanneer hy eindelik verklaar dat ons deur die gehoorsaamheid van Christus geregverdig is, lei ons hieruit af dat Christus, wat die Vader tevrede gestel het, daardeur die geregtigheid vir ons verwerf het. Vandaar volg dit dat die kwaliteit van geregtigheid in Christus geleë is, maar dat dit wat aan Hom eie is, deur ons ontvang moet word. Terselfdertyd lê hy uit hoedanig die geregtigheid van Christus is wanneer hy dit gehoorsaamheid noem. En ek vra jou, laat ons hier opmerk wat ons voor die aangesig van God behoort te bring, as ons op grond van die werke geregverdig wil wees, naamlik gehoorsaamheid aan die wet, nie net in een of ander deel nie, maar perfek in alle dele. As die regverdige immers tot ’n val kom, kom al die vorige gevalle van sy geregtigheid nie in herinnering nie. Hieruit moet ook geleer word hoe verdorwe die oorlegginge is, wat geneem word om God te behaag deur hulle wat by hulleself iets bedink wat hulle aan Hom kan opdring. Die regte manier om Hom te dien, is immers dit, dat ons opvolg wat Hy aan ons voorgeskryf het en gehoorsaamheid aan sy Woord betoon. Laat hulle nou maar kom, wat hulself met vertroue beroem op die geregtigheid van die werke, wat op geen ander manier vas staan, as dat daar ’n volkome en volmaakte onderhouding van die wet is nie. En dit is seker dat dit nêrens gevind kan word nie. Op soortgelyke manier leer ons

dat hulle onsinnig handel wat werke wat hulle self uitgedink het aan God wil smous, wat Hy as niks meer as uitwerpsel beskou nie. Gehoorsaamheid is immers beter as offerandes.

20 Maar die wet het daar bygekom, sodat die misdaad meer sou word; en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword;
21 sodat, soos die sonde geheers het in die dood, so ook die genade kan heers deur die geregtigheid tot die ewige lewe deur Jesus Christus, onse Here.

20 Lex vero intervenit, ut abundaret delictum; ubi vero abundavit delictum, superabundavit et gratia:

21 Quo, sicut regnavit peccatum per mortem, sic et gratia regnet per justitiam in vitam aeternam per Iesum Christum Dominum nostrum.

20 *Maar die wet het daar bygekom* ... Hierdie vraagstuk hang saam met dit wat hy vantevore gesê het, naamlik dat daar sonde was voor die openbare afkondiging van die wet. Nadat dit aangehoor is, volg die vraag: Vir watter doel is die wet dan ingestel? Daarom was dit noodsaaklik dat ook hierdie moeilikheid opgelos moes word, maar aangesien ’n breëre uitweiding toe nie wenslik was nie, het hy dit uitgestel tot hierdie plek. En nou sit hy ook in die verbygaan uiteen dat die wet daarby gekom het, sodat die sonde meer sou word. En hy behandel naamlik nie die hele funksie en gebruik van die wet nie, maar raak slegs een deel daarvan aan wat verband hou met die huidige doelstelling. Hy leer immers dat, om plek te maak vir die genade van God, dit nodig was dat hul verderf beter aan die mense openbaar gemaak word. Hulle was voor die wet inderdaad skipbreukelinge, maar aangesien dit vir hulle in hul verderf gelyk het of hulle swem, is hulle in die diepte ondergedompel, waardeur hul verlossing duideliker aan die lig tree wanneer hulle daaruit bo menslike verwagting na bowe kom. En dit was inderdaad nie ongerymd dat die wet gedeeltelik om hierdie rede ingestel is nie, sodat dit die mense wat eenmaal verdoem was, weer sal verdoem; want niks is meer regverdig as dat die mense op alle maniere daartoe gelei word, ja, daarheen gesleep word, sodat hulle as veroordeeldes van hul wandade bewus word.

... *sodat die misdaad meer sou word* ... Dit is bekend hoe sommige na Augustinus gewoond was om hierdie deel uit te lê, naamlik dat begeerlikheid des te meer geprikkel word wanneer dit deur die begrensing van die wet ingeperk word, omdat dit eie aan die aard van die mens is om te streef na wat verbode is. Maar ek dink dat hier geen ander vermeerdering aangedui word as dié van kennis en van hardnekkigheid nie. Die sonde word tog deur die wet onder die oë van die mens gestel

sodat hy voortdurend gedwing word om die verdoemenis wat vir hom berei is, te bemerk. So beswaar die verdoemenis die gewete, wat die mense andersins as agter die rug gewerp, sal veronagsaam. Verder, hy wat vroeër die grense van die geregtigheid eenvoudig oortree het, word nou – nadat die wet ingestel is – ’n veragter van die goddelike bevel; want uit die wet word die wil van God aan hom bekend gemaak en hy vertrap dit met sy begeerlikheid. Hieruit volg dan dat die sonde deur die wet vermeerder word, omdat die gesag van die wetgewer toe verag is en sy majesteit gekrenk is.

... *het die genade nog meer oorvloedig geword*. Nadat die sonde die mense ondergedompel gehou het, het die genade hulle te hulp gekom. Hy leer immers dat die grootsheid van die genade hierdeur beter aan die lig gestel word omdat, nadat die sonde oorvloei het, die genade sigself so oorvloedig uitstort dat dit die stortvloed van die sonde nie alleen oortref nie maar dit ook verslind. En hieruit moet geleer word dat die verdoemenis nie aan ons in die wet voorgehou word sodat ons daarin bly nie, maar sodat ons, nadat ons ons ellende na behore leer ken het, ons tot Christus sal verhef, wat gestuur is as ’n Heelmeester vir die siekes, as ’n Bevryder van die gevangenes, as ’n Trooster van die bedroefdes en as ’n Wreker van die onderdruktes (Jes. 61:1).

21 *sodat, soos die sonde geheers het in die dood* ... Soos die sonde die angel van die dood genoem word, omdat die dood teenoor die mens geen reg het anders as uit die oorsaak van die sonde nie; so laat die sonde sy krag geld deur die dood. Daarom word gesê dat dit sy heerskappy daardeur voer. In die laaste deel is die volgorde van woorde verstoor, maar dit is tog nie oorbodig nie. Die teenstelling sou eenvoudig gewees het as hy sou gesê het dat die geregtigheid deur Christus regeer. Maar Paulus, terwyl hy nie tevrede was om teenoorgesteldes teenoor mekaar te plaas nie, voeg die genade daarby, om daardeur sterker in die gedagtenis vas te lê dat die verdienste in geheel nie in ons geleë is nie, maar in die goddelike genadegawe. Hy het vroeër gesê dat die dood regeer het, nou skryf hy heerskappy toe aan die sonde, maar die uiteinde of gevolg daarvan is die dood. En hy sê, in die verlede tyd, dat dit regeer het; nie omdat dit opgehou regeer het oor hulle wat uit vlees en bloed gebore is nie, maar omdat hy so tussen Adam en Christus onderskei dat hy aan elkeen van hulle sy eie tyd mag toewys. Derhalwe, sodra die genade van Christus in enigiemand krag begin verkry, wyk die heerskappy van die sonde en die dood.

HOOFSTUK 6

HOOFSTUK 6

1 WAT sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word?
2 Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?

1 Quid ergo dicemus? Manebimus in peccato, ut gratia abundet?

2 Ne sit ita; qui mortui sumus peccato, quomodo adhuc vivemus in eo?

1 *Wat sal ons dan sê?* Die apostel betoog in die hele hoofstuk dat hulle wat versin dat die onverdiende geregtigheid deur Christus aan ons geskenk is sonder die vernuwing van die lewe, Hom op ’n vals manier uiteenruk. Maar hy gaan verder, terwyl hy na vore bring dat dit lyk asof daar dan plek gegee word aan die genade wanneer die mense vasgevang in die sonde, neergewerp lê. Ons weet naamlik dat daar niks is waartoe die vlees meer geneig is as om, onder watter voorwendsel ook al, sy luste te laat botvier nie. Vervolgens bedink die Satan allerlei lasterlikhede om daardeur die leerstuk van die genade in ’n swak lig te stel, wat vir hom nie so moeilik is nie. Aangesien immers alles wat oor Christus gepredik word vir die menslike gevoel iets paradoksaals is, behoort daarin niks nuuts gesien te word as die vlees, nadat dit gehoor het van die regverdigmaking deur die geloof, so dikwels as ’t ware teen verskeie struikelblokke bots nie. Tog moet daar voortgegaan word en Christus moet nie verberg word nie, omdat Hy vir baie ’n steen van aanstoot en ’n rotssteen van ergernis is. Want soos Hy vir die goddelose tot ’n ondergang is, net so sal Hy vir die opregtes omgekeerd tot die wederopstanding wees. Ons moet altyd onvanpaste vrae vermy, sodat die Christelike leer nie mag lyk asof dit iets ongerymds met hom meedra nie. Vervolgens behandel die apostel nou die mees voorkomende beswaar teen die prediking van die goddelike genade, naamlik dat, as dit waar is dat die genade van God des te milder en ryker tot ons hulp kom namate ons meer deur die las van die sonde oorweldig word, dan is daar niks wat vir ons meer voordelig is as om in die diepte van die sonde gedompel te wees en vervolgens deur nuwe misdade die toorn van God uit te lok nie; want dan sal ons die genade van God uiteindelik oorvloedig ervaar en ons kan niks beter begeer nie. Maar ons sal later sien op watter manier hy dit weerlê.

2 *Nee, stellig nie!* Vir sommige lyk dat asof die apostel op verontwaardigde wyse so ’n onbetaamlike gekheid wou bestraf. Maar dit is duidelik uit ander plekke hoe algemeen hierdie soort antwoord, selfs in ’n lang beredenering, by hom is, op welke wyse hy ook ’n bietjie later die aangevoerde laster met ywer sal bestry. Maar eers verwerp hy dit met ’n woord van afsku, waardeur hy lesers waarsku dat niks minder aanvaarbaar is as dat die genade van Christus, as hersteller van ons geregtigheid, ons sondes sou voed nie.

Ons wat die sonde afgesterf het ... Hier is ’n argument geneem uit ’n teenoorgestelde vasstelling. Want dit is seker dat hy wat sondig, in die sonde lewe; maar ons is dood in die sonde deur die genade van Christus en derhalwe is dit vals (om te beweer) dat dit (die genade) wat die sonde vernietig het, daaraan krag verleen. Die stand van die saak is immers so dat die gelowiges nooit sonder die gawe van die wedergeboorte met God versoen word nie; ja, ons word vir hierdie doel geregverdig, sodat ons daarna God met ’n rein lewe mag dien. En Christus was ons inderdaad nie met sy bloed, en Hy stem God nie goedgesind teenoor ons deur sy versoening nie, anders as dat Hy ons deelgenote maak van sy Gees wat ons tot ’n heilige lewe hernuwe. Dit sal derhalwe ’n uiters vreemde verdraaiing van die werk van God wees as die sonde krag sou versamel op grond van die genade wat aan ons in Christus aangebied word; want ’n geneesmiddel wat ’n siekte vernietig, is tog nie voedsel daarvoor nie. Vervolgens moet in gedagte gehou word wat ek vroeër aangeraak het, dat Paulus hier nie handel oor watter soort mense God ons vind wanneer Hy ons roep tot die gemeenskap van sy Seun nie, maar oor watter soort mense ons behoort te wees nadat Hy ons genadig was en onverdiend aangeneem het. Immers, deur ’n bywoord wat die toekomende tyd aandui, wys Hy watter soort verandering op die geregtigheid behoort te volg.

3 Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus gedoop is, in sy dood gedoop is nie?
4 Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in ’n nuwe lewe kan wandel.

3 Num ignoratis quod quicunque baptizati sumus in Christum, in mortem ejus baptizati sumus?
4 Consepulti ergo sumus ei per baptismum in mortem; ut quemadmodum suscitatus est Christus ex mortuis per gloriam Patris, sic et nos in novitate vitae ambulemus.

3 *Of weet julle nie* ... Die voorafgaande uitspraak, naamlik dat Christus in sy mense die sonde vernietig, bewys hy uit die vrug van die doop, waardeur ons in sy geloof ingelei word. Dit is immers buite twyfel dat ons in die doop ons met Christus beklee, en dat ons onder hierdie bepaling gedoop word dat ons een met Hom sal wees. Paulus stel nou ’n ander grondwaarheid, naamlik dat ons dan waarlik met die liggaam van Christus saamgroei as sy dood in ons sy vrug voortbring. Ja, hy leer dat hierdie gemeenskap van die dood besonderlik in die doop betrag moet word, want daarin word nie alleen die afwassing (van die sonde) nie, maar ook die afsterwing en uitwissing van die oue mens voorgestel. Hieruit word dit duidelik dat die uitwerking van sy dood onmiddellik na vore tree sodra ons

in die genade van Christus aangeneem is. Watter krag hierdie gemeenskap met die dood van Christus het, volg hierna.

4 *Ons is dus saam met Hom begrawe* ... Hy begin nou om aan te dui vir watter doel hy let op die feit dat ons in die dood van Christus gedoop word, hoewel hy dit nog nie volkome duidelik uiteensit nie; die doel is naamlik dat ons, gestorwe aan onsself, nuwe mense sal word. Hy maak tereg uit die gemeenskap van die dood ’n oorgang na die deelgenootskap van die lewe, omdat hierdie twee dinge deur ’n onverbreekbare band aan mekaar geheg is, dat die oue mens deur die dood van Christus tot niet gemaak is sodat sy opstanding die geregtigheid mag tot stand bring en ons tot nuwe skepsels daarstel. En sekerlik, aangesien Christus aan ons tot die lewe gegee is, vir watter doel sal ons saam met Hom sterwe as dit nie is om op te staan in ’n beter lewe nie? Derhalwe dood Hy in ons dit wat sterflik is, om geen ander rede nie as om ons waarlik lewend te maak. Vervolgens moet ons weet dat die apostel ons nie bloot aanspoor om Christus na te boots asof hy wou sê dat die dood van Christus soos ’n voorbeeld is wat alle Christene behoort na te volg nie. Hy klim inderdaad hoër aangesien hy ’n leerstuk aankondig waaruit hy later, soos duidelik blyk, ’n vermaning sal aflei. Hierdie leerstuk is egter dit: dat die dood van Christus werksaam is om die verdorwenheid van ons vlees te blus en te vernietig, en die opstanding om waarlik die vernuwing van ’n beter lewe te bewerkstellig, en dat ons deur die doop in die deelneming aan hierdie genade toegelaat word. Nadat hierdie fondament gelê is, kan Christene baie gepas vermaan word dat hulle moet strewe om aan hul roeping te beantwoord. En dit is nie ter sake dat hierdie krag nie in alle gedooptes aan die dag tree nie, want Paulus het volgens sy gewoonte, omdat hy met gelowiges praat, die wese en die vrug aan die uiterlike teken verbind. Ons weet immers dat wat ook al die Here deur sigbare tekens aanbied, deur hul geloof bevestig en bekragtig word. In kort, hy leer hoedanig die waarheid van die doop is, as dit op die regte wyse ontvang is. So getuig hy in Galásiërs dat almal wat in Christus gedoop is, hulle met Christus beklee het (Gal. 3:27). Ongetwyfeld moet so gespreek word so lank as die instelling van die Here en die geloof van die vromes ooreenstem; want ons het nooit blote en ydele tekens nie, behalwe waar ons ondankbaarheid en kwaadaardigheid die krag van die goddelike genadegawe verhinder.

... *deur die heerlikheid van die Vader* ... Dit is die uitnemende krag waardeur Hy Homself waarlik as heerlik geopenbaar het en as ’t ware die grootsheid van sy heerlikheid ten toon gestel het. So word die almag van God wat sigself in die wederopstanding van Christus geopenbaar het, dikwels in die Skrifte met een of ander buitengewone benaming aangedui, en dit nie tevergeefs nie. Dit is immers van besondere belang dat met so ’n

uitdrukking van die onvergelyklike almag van God nie alleen die geloof aan die uiteindelike opstanding, wat ver bo die begrip van die vlees uitstyg nie, maar ook die ander vrugte wat ons uit die opstanding van Christus verkry, by ons luisterryk geprys word.

5 Want as ons met Hom saamgegroei[1)] het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding;
6 aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie.

5 Nam si insiticii facti sumus similitudini mortis ejus, nimirum et resurrectionis participes erimus:

6 Illud scientes, quod vetus noster homo simul cum ipso crucifixus est, ut aboletur corpus peccati, ut non ultra serviamus peccato.

5 *Want as ons met Hom saamgegroei het* ... Die argument wat hy reeds gestel het, bevestig hy nou in duideliker woorde, want die gelykvormigheid waarna hy verwys, laat geen plek vir twyfel nie, aangesien die inplanting nie alleen 'n ooreenkoms met betrekking tot 'n voorbeeld, maar ook 'n verborge samevoeging aandui, waardeur ons met Hom saamgroei, naamlik so dat Hy, terwyl Hy ons deur sy Gees lewend maak, sy krag op ons oorstort. Derhalwe, soos 'n steggie met die boom waarop dit ingeplant is, deel het aan die toestand van lewe en dood daarvan, so is dit paslik dat ons nie minder deelgenote is aan die lewe van Christus as aan sy dood nie. As ons immers ingeplant is in die gelykvormigheid van Christus se dood, maar wat nie sonder die wederopstanding is nie, sal ons dood dus ook nie sonder die wederopstanding wees nie. Verder kan die woorde op tweërlei maniere uitgelê word: óf dat ons in Christus ingeplant is in die gelykvormigheid van sy dood, óf dat ons blootweg in die gelykvormigheid ingeplant is. Die eerste lesing sou vereis het dat die Griekse derde naamvalvorm ὁμοιώματι verstaan word as verwysende na die manier (van inplanting). En ek ontken nie dat dit 'n meer volledige sin het nie. Omdat die ander lesing egter beter pas by die eenvoudigheid van uitdrukking, lyk dit verkieslik. Tog is dit van weinig belang omdat beide op dieselfde neerkom. Chrysostomus oordeel dat Paulus gesê het *in die gelykvormigheid van die dood* in plaas van *in die dood*, soos hy ook elders sê: dat Hy aan mense gelyk geword het (Fil. 2:7). Maar dit lyk vir my of

[1)] Calvyn gebruik 'n woord wat *ingeplant* of *ingeënt* beteken. Die Engelse *Authorized Version* doen dieselfde. Die *saamgroei* waarna die Afrikaanse teks verwys, het betrekking op 'n saamgroei na 'n inplanting en nie op 'n saamgroei soos twee kinders uit een gesin byvoorbeeld saamgroei nie. – *die vertaler*

daar iets meer beduidend in die uitdrukking te bemerk is. Afgesien daarvan dat dit dien om die wederopstanding aan te dui, skyn dit die volgende in te hou – dat ons nie op dieselfde manier as Christus 'n natuurlike dood sterf nie[1)], maar dat daar tussen ons en sy dood hierdie ooreenkoms is, dat soos Hy die dood gesterf het in die vlees, wat Hy namens ons aangeneem het, so sterf ons in onsself sodat ons in Hom kan lewe. Derhalwe is dit nie dieselfde dood nie, maar 'n soortgelyke dood, omdat die ooreenkoms tussen die afsterwe van die teenwoordige lewe en die geestelike vernuwing in gedagte gehou moet word.

... *saamgegroei (ingeplant)* ... Daar is groot krag in hierdie woord, en dit dui duidelik aan dat die apostel nie alleen vermaan nie, maar eerder die genadegawe van Christus wil tuisbring. En hy vereis immers nie enigiets van ons wat deur ons inspanning en vlyt verrig moet word nie, maar hy vermeld die inplanting wat deur die hand van God gedoen is. Maar dit is nie waarom jy die beeld of die vergelyking op die afsonderlike dele sou probeer toepas nie, want tussen die inenting van bome en ons geestelike inplanting sal terstond 'n onderskeid na vore tree: in die eerste geval trek die (ingeënte) steggie voedsel uit die wortel, maar behou die aangebore natuur om vrugte voort te bring; in die tweede geval trek ons nie alleen die lewenskrag en lewensap uit Christus nie, maar ons verhuis uit ons eie natuur na syne. Die apostel wou inderdaad niks anders aandui as hierdie werksame krag van die dood van Christus wat te voorskyn tree in die afsterwe van ons vlees nie, soos ook die ander krag van die wederopstanding (dien) om in ons 'n beter geestelike natuur te vernuwe.

6 ... *dat ons oue mens* ... Die oue mens word op soortgelyke manier so genoem as die Ou Testament met betrekking tot die Nuwe Testament. Iemand begin immers oud te word wanneer hy deur die aanvang van die wedergeboorte langsamerhand tot niet gaan. Hy (Paulus) dui egter die ganse natuur aan, wat ons uit die moederskoot meedra, en wat in so 'n mate ontoereikend is vir die ryk van God dat ons moet sterwe in dieselfde mate as wat ons tot die ware lewe vernuwe word. Hy sê dat hierdie oue mens aan die kruis van Christus geheg is, omdat hy deur sy krag vernietig is. En hy sinspeel met name op die kruis waardeur hy meer uitdruklik wil aandui dat ons nie afgestorwe kan word nie anders as deur deel te hê aan sy dood. En ek stem naamlik nie saam met hulle wat aanvoer dat hy

---

[1)] Hierdie stelling van Calvyn kom erg vreemd voor. Medies en juridies gesproke kan 'n kruisdood nie as natuurlik beskryf word nie. Waarskynlik bedoel Calvyn dat die dood 'n natuurlike gevolg van 'n kruisiging is. Daar moet verder in ag geneem word dat dit in hierdie vergelyking nie gaan oor ons liggaamlike afsterwe nie, maar oor ons afsterwe van die sonde. – *die vertaler*

gekruisig eerder as *gesterwe* gebruik het nie, omdat Hy nou nog lewe en in sommige opsigte krag uitoefen. Dit is inderdaad ’n korrekte uitspraak, maar nie gepas by die huidige passasie nie. Die *liggaam van die sonde* wat hy ’n weinig later vermeld, dui nie vlees en beendere aan nie, maar die (mens in) geheel, want die mens wat aan sy eie natuur oorgelaat is, is ’n massa wat uit sonde saamgevoeg is. Die doel van die vernietiging toon hy aan wanneer hy sê: *en ons nie meer die sonde sou dien nie*. Hieruit volg dat ons, solank as wat ons kinders van Adam en niks anders as mense is nie, so deur die sonde uitverkoop is dat ons niks anders kan doen as om te sondig nie. Maar as ingeplant in Christus, word ons bevry van hierdie ellendige noodwendigheid, nie omdat ons dadelik in geheel ophou om te sondig nie, maar sodat ons uiteindelik oorwinnaars in die stryd sal wees.

7 Want hy wat gesterf het, is geregverdig van die sonde.
8 As ons dan saam met Christus gesterf het, glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe,
9 omdat ons weet dat Christus, nadat Hy opgewek is uit die dode, nie meer sterf nie. Die dood heers oor Hom nie meer nie.
10 Want die dood wat Hy gesterf het, het Hy vir die sonde eens en vir altyd gesterwe; maar die lewe wat Hy leef, leef Hy vir God.
11 So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here.

7 Qui enim mortuus est, justificatus est a peccato.
8 Si vero mortui sumus cum Christo, credimus quod et vivemus cum eo;
9 Scientes quid Christus suscitatus ex mortuis, amplius non moritur, mors illi amplius non dominatur:
10 Quid enim mortuus est, peccato mortuus est semel; quod autem vivit, vivit Deo.
11 Sic et ipsi aestimate vosmet esse mortuos quidem peccato, viventes autem Deo in Christo Iesu Domino nostro.

7 *Want hy wat gesterf het* ... Die beredenering is ontleen aan die eiesoortigheid of uitwerking van die dood. Want as die dood alle werkinge van die lewe vernietig, dan moet ons – wat dood is vir die sonde – van die werkinge daarvan afsien, welke werkinge dit (die sonde) solank sy lewe duur teweeggebring het. Aanvaar g*eregverdig* in volstrekte sin en as vrygemaak van die slawerny. Want net soos iemand wat deur die uitspraak van ’n regter vrygespreek is, bevry word van die band van beskuldiging, so bevry die dood ons van hierdie lewe deur ons los te maak van al die verpligtinge daarvan. Verder, aangesien daar onder mense nêrens so ’n voorbeeld te vinde is nie, tog is daar nie rede waarom jy óf sou dink dat wat hier gesê word, ydele spekulasie is nie, óf dat jy moed verloor omdat jy jou nie vind onder die getal van hulle wat hul vlees geheel en al gekruisig het nie. Hierdie werk van God word immers nie in ons volvoer op dieselfde dag

wat dit begin is nie, maar dit groei langsamerhand en deur daaglikse vorderinge word dit geleidelik tot voltooiing gebring. Neem dit derhalwe in hoofsaak so op: indien jy ’n Christen is, behoort in jou die teken van die gemeenskap met die dood van Christus te verskyn, waarvan die vrug is dat jou vlees met al sy begeerlikhede gekruisig word. Verder, as jy bemerk dat die oorblyfsels van die vlees nog in jou lewe, wil dit nie sê dat hierdie gemeenskap glad nie bestaan nie, maar die vermeerdering daarvan moet ywerig nagestreef word totdat die doel bereik is. Dit is immers goed as ons vlees voortdurend gedood word, en daar is geen geringe vooruitgang wanneer die heerskappy daarvan ontneem is en op die Heilige Gees oorgaan nie. Daar is ook ’n ander gemeenskap aan die dood van Christus, waaroor die apostel dikwels op ander plekke en ook in II Korinthiërs 4 praat, naamlik die dulding van die kruis waarop die gemeenskap aan die ewige lewe volg.

8 *As ons dan saam met Christus gesterf het* ... Hy herhaal hierdie stelling vir geen ander doel as om ’n verklaring, wat later volg, daaraan toe te voeg nie, naamlik dat die eenmaal opgewekte Christus nie meer sterf nie. Hiermee wil hy leer dat hierdie vernuwing van die lewe deur Christene hul lewe lank nagejaag moet word. Want as hulle die beeld van Christus in hulleself behoort om te dra deur die afsterwing van die vlees en deur die geestelike lewe, dan is dit nodig dat die eerste eens en vir altyd geskied en dat die ander vir ewig sal duur. Nie omdat die vlees in ons op een oomblik sterf nie – soos ons reeds gesê het – maar omdat daar in daardie afsterwing nie agteruitgegaan mag word nie. Want as ons weer rondrol in ons vuil, verloën ons Christus, wie se deelgenote ons nie kan wees nie behalwe deur die vernuwing van die lewe, soos Hyself ’n onverderflike lewe gevoer het.

9 *Die dood heers oor Hom nie meer nie*. Dit lyk of hy te kenne gee dat die dood eens oor Christus geheers het. En inderdaad, toe Hy Homself vir ons in die dood oorgegee het, het Hy dit in ’n sekere sin toegelaat en Hom aan die mag daarvan onderwerp, maar tog onder die voorwaarde dat dit onmoontlik sou wees dat Hy, terwyl Hy gebonde was aan die smarte daarvan, gevange gehou sou word, of sou ten onder gaan of verslind sou word. Dus het Hy deur Hom vir ’n oomblik aan die heerskappy daarvan te onderwerp, die dood vir ewig verslind. Tog kan dit eenvoudiger gestel word, naamlik dat die heerskappy van die dood verwys na die vrywillige (aanvaarde) staat van die dood, waaraan sy wederopstanding ’n einde bewerkstellig het. Kortliks dan, dat Christus – wat nou die gelowiges lewend maak deur sy Gees of in hulle deur ’n verborge krag uit die hemel sy lewe inblaas – van die heerskappy van die dood bevry is toe Hy

opgestaan het sodat Hy al sy volgelinge van dieselfde heerskappy sou bevry.

10 *Want die dood wat Hy gesterf het* ... Wat hy reeds gesê het, naamlik dat ons volgens die voorbeeld van Christus vir ewig van die juk van die sonde bevry is, pas hy nou toe op sy uitspraak dat ons nie langer aan die tirannie van die sonde onderworpe is nie, en dit toon hy aan uit die laaste oorsaak van die dood van Christus, aangesien Hy naamlik gesterf het sodat Hy die sonde sou uitblus. Verder moet dit wat toepaslik is op Christus, in hierdie vorm van spreke opgelet word. Daar word naamlik nie gesê dat Hy die sonde afgesterf het nie, sodat Hy sou ophou om te sondig – soos dit opgevat moet word wanneer daar oor ons gepraat word – maar omdat Hy gesterf het uit oorsaak van die sonde, sodat Hy deur Homself te stel as ’n ἀντίλυτρον (losprys) die krag en die reg van die sonde tot niet sou maak. Maar hy sê dat Hy dit eenmaal volvoer het (Heb. 10:14) nie alleen omdat Hy, nadat Hy ’n ewige verlossing deur een unieke offerande verkry het en die reiniging van die sonde deur sy bloed verrig het nie, die gelowiges tot in ewigheid geheilig het, maar ook, sodat ’n wedersydse gelykheid in ons mag weerklink (antwoord gee). Want hoewel die geestelike dood voortdurend in ons bly voortduur, word daar tog van ons gesê dat ons eintlik een maal sterf, wanneer Christus, terwyl Hy met sy bloed ons met die Vader versoen, terselfdertyd ons ook met die krag van sy Gees vernuwe.

... *maar die lewe wat Hy leef* ... Of jy dit nou stel as *by God* of *in God*, jy val terug op dieselfde betekenis. Hy dui immers aan dat Hy lewe in die onsterflike en onverdorwe ryk van God, onderworpe aan geen sterflikheid nie; van hierdie lewe moet die beeld te voorskyn tree in die wedergeboorte van die vromes. Hier moet die woord *gelykheid* in gedagte herhaal word. Want hy sê nie dat ons in die hemel sal lewe soos Christus daar lewe nie maar dat Hy die nuwe lewe, wat ons vanaf die wedergeboorte op aarde deurbring, gelykvormig maak aan Sy hemelse lewe. En wanneer hy leer dat ons na sy voorbeeld die sonde moet afsterwe, kan dit nie verstaan word as dieselfde soort dood nie, want ons sterf die sonde af wanneer die sonde in ons sterf. Dit is anders gesteld met Christus, wat deur te sterwe die sonde oorwin het. Maar dit wat hy reeds gesê het, naamlik dat ons glo dat daar vir ons ’n lewe gemeenskaplik met Hom sal wees, toon hy genoegsaam met die woord *glo* aan dat hy die genade van Christus te voorskyn roep. As hy naamlik slegs wil vermaan in verband met ons plig, sou sy wyse van spreke so gewees het: Net soos ons met Christus sterf, moet ons op soortgelyke manier met Hom lewe. Maar die woord *glo* dui hier aan dat die leerstuk van die genade behandel word, wat op die beloftes gegrond is, so asof gesê is: Die gelowiges moet verseker voel dat hulle deur die genadegawe van Christus in so ’n mate na die vlees gedood

is dat dieselfde Christus die nuutheid van die lewe tot aan die einde sal voortsit. Die toekomende tyd van die woord *lewe* het inderdaad nie betrekking op die uiteindelike wederopstanding nie, maar dui bloot die ewigdurende loop van die nuwe lewe aan, solank ons as vreemdelinge op aarde vertoef.

11 *So moet julle ook reken* ... Hier word nou die omskrywing van die vergelyking, wat ek aangeraak het, bygevoeg. Dat hy immers gesê het dat Christus een maal (as losprys) vir die sonde gesterf het en in ewigheid vir God lewe, pas hy albei op ons toe en herinner ons daaraan hoe ons nou sterwe terwyl ons lewe, naamlik as ons die sonde aflê. Maar hy laat ook nie daardie deel agterweë nie, dat as ons een maal die genade van Christus deur die geloof omhels het, al is dit so dat die afsterwing van die vlees in ons slegs begin het, hierdeur die lewe van die sonde tog uitgeblus word, sodat die geestelike vernuwing, wat goddelik is, voortaan in ewigheid sal duur. Want as Christus nie eens en vir altyd die sonde in ons doodgemaak het nie sou sy genade weinig vas en seker gewees het. Derhalwe is die betekenis van die woorde (die volgende): Bedink dat die saak met julle so staan dat, net soos Christus een maal gesterf het om die sonde te vernietig, julle een maal so moet sterf sodat julle in die vervolg ophou om te sondig; ja, julle moet daagliks voortgaan met die afsterwing wat in julle begin is, totdat die sonde geheel en al uitgeblus word. Soos Christus opgewek is tot ’n onverderflike lewe, so word julle deur die genade van God herbore, sodat julle jul ganse lewe in heiligheid en geregtigheid sal deurbring, aangesien die krag van die Heilige Gees, waardeur julle vernuwe is, ewigdurend is en altyd hier van krag sal bly. Verder verkies ek om die woorde van Paulus *in Christus Jesus* te behou eerder as om met Erasmus dit te vertaal met *deur Christus*, aangesien op hierdie manier daardie inplanting wat ons een met Christus maak, beter tot uitdrukking kom.

12 Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie.
13 En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtighede nie, maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God.

12 Ne ergo regnet peccatum in mortali vestro corpore, ut illi obediatis in cupiditatibus suis:

13 Neque exhibeatis membra vestra arma injustitiae peccato; sed exhibeatis vosmet ipsos Deo, tanquam ex mortuis viventes, et membra vestra arma justitiae Deo.

12 *Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers* ... Hy begin nou met ’n vermaning wat vanself volg uit daardie leerstuk wat hy aangaande ons gemeenskap met Christus gelewer het. Hoewel die sonde in ons oorbly, is dit tog ongerymd dat dit die krag het om sy heerskappy uit te oefen, omdat die krag van die heiligmaking daarbo behoort uit te styg, sodat ons lewe sal getuig dat ons waarlik lede van Christus is. Ek het kort vantevore die aandag daarop gevestig dat die woord *liggaam* nie moet opgevat word as vlees en huid en beendere nie, maar, om so te sê, as die hele mens. Dit kan nog duideliker afgelei word uit die huidige passasie, omdat die ander deel (van die sin), wat hy spoedig byvoeg aangaande die dele van die liggaam, ook uitstrek tot die siel. Maar so dui Paulus in krasse terme die aardse mens aan, want die verdorwenheid van ons natuur veroorsaak dat ons na niks streef wat ons oorsprong waardig is nie. So laat God, wanneer Hy in Génesis 6:3 kla dat die mens soos stomme diere vlees geword het, aan hulle niks anders oor as die aardse nie. Die verklaring van Christus sien op dieselfde (Joh. 3:6): *Wat uit die vlees gebore is, is vlees.* As iemand immers wil teenwerp dat die geval van die siel anders is, is die oplossing voor die hand: Soos ons nou ontaard is, is ons siele aan die aarde gebonde en so verslaaf aan ons liggame dat dit van hul bevoorregte posisie vervalle is. Ten slotte word die natuur van die mens liggaamlik genoem, omdat dit, nadat dit van die hemelse genade beroof is, niks meer is as ’n bedrieglike skaduwee of beeld nie. Voeg hierby dat Paulus by wyse van veragting die liggaam sterflik noem, sodat hy mag leer dat die hele natuur van die mens neig tot die dood en verderf. Hy noem inderdaad die sonde die eerste verdorwenheid wat in ons siele gesetel is, wat ons tot die sonde aandryf, en waaruit alle booshede en skanddade uitstroom. Tussen die sonde en ons plaas hy begeerlikhede, sodat die sonde in die plek van ’n koning gestel word en die begeerlikhede as ’t ware die verordeninge en bevele is.

13 *En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde* ... Waar die sonde eenmaal heerskappy oor die siel verkry het, word al ons dele (vermoëns) voortdurend daarop gerig om dit te dien. Daarom beskryf hy hier die heerskappy van die sonde uit die gevolge, sodat hy des te beter mag aantoon wat ons moet doen as ons die juk daarvan wil afskud. Maar hy ontleen ’n gelykenis aan die militêre lewe, wanneer hy ons lede wapens noem, asof hy wou sê: net soos ’n soldaat altyd sy wapens gereed het om te gebruik so dikwels as wat hy deur sy leier beveel word, maar dit nooit gebruik behalwe op sy bevel nie, so behoort Christene al hul vermoëns te ag as wapens van die geestelike krygsdiens. Maar as enige deel daarvan tot verdorwenheid misbruik word, dien dit die sonde. Hulle het egter aan God en Christus ’n krygseed gesweer en hieraan bly hulle gebonde.

Gevolglik betaam dit hulle om ver verwyderd te wees van elke verkeer met die leërkampe van die sonde. Laat hulle dan, wie se afsonderlike lede soos hoere van die Satan gereed staan om elke skandelikheid te bedryf, sien met watter reg die naam van Christene met trots gevoer word. Hy beveel nou die teenoorgestelde, dat ons ons geheel en al voor God moet stel, naamlik dat ons ons verstand en gemoed sal weerhou van elke afdwaling, waarin die begeerlikhede van die vlees ons aftrek, en op die gebod van die enige God sal ag slaan, daarop gerig sal wees om sy bevele te ontvang en aangegord sal wees om sy bevele uit te voer, en dat ons lede ook na sy wil gerig en daaraan gewy moet wees, sodat al ons vermoëns na gees en liggaam niks anders as sy eer sal adem nie. En die rede word bygevoeg – omdat die Here, nadat Hy die eerste lewe vernietig het, nie tevergeefs 'n ander lewe in ons geskep het wat die uitvoeringe moet vergesel nie.

14 Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade.

14 Peccatum enim vobis non dominabitur, non enim estis sub Lege, sed sub gratia.

15 Wat dan? Sal ons sonde doen, omdat ons nie onder die wet is nie maar onder die genade? Nee, stellig nie!

15 Quid ergo? Peccabimus, quia non sumus sub Lege, sed sub gratia? Absit:

16 Weet julle nie dat aan wie julle julself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie – of van die sonde tot die dood, of van die gehoorsaamheid tot geregtigheid?

16 Nescitis quod cui exhibuistis vos servos in obedientiam, ejus servi estis cui obeditis, sive peccati in mortem, sive obedientiae in justitiam?

17 Maar ons dank God dat julle wel diensknegte van die sonde was, maar van harte gehoorsaam geword het aan die voorbeeld van die leer wat aan julle oorgelewer is,

17 Gratia autem Deo, quod fuistis servi peccati, obedistis vero ex animo typo doctrinae in quem traducti estis:

18 en, vrygemaak van die sonde, het julle diensbaar geword aan die geregtigheid.

18 Manumissi vero peccato, servi facti estis justitiae.

14 *Want die sonde sal oor julle nie heers nie* ... Dit is nie nodig om te vertoef by die opsom en weerlegging van verklaringe wat geen of weinig skyn van waarheid het nie. Daar is wel een wat met meer waarskynlikheid as die ander gehandhaaf kan word, naamlik (die een) wat die lesing *onder die wet* aanneem vir *onderworpe aan die letter van die wet*, wat die hart nie vernuwe nie, en weer *onder die genade* sou beteken *die genade van die Gees wat ons bevry van die bose begeerlikhede*. Maar dit bevredig my eenvoudig nie. Want as ons dit in hierdie sin opvat, waartoe sal die vraag,

wat dadelik hierop volg, dan strek? *Sal ons sonde doen, omdat ons nie onder die wet is nie?* Die apostel sou sekerlik nooit sodanige vraag bygevoeg het as hy nie verstaan het dat ons van die gestrengheid van die wet bevry is nie, sodat God nie langer met ons handel volgens die uiterste reg nie. Daarom ly dit geen twyfel nie dat hy hier een of ander vrylating van die wet van die Here wou aandui. Maar ter vermyding van ’n twisgesprek, sit ek kortliks uiteen wat my gevoelens is. Dit lyk vir my of hier ’n vertroosting is waardeur die gelowiges versterk word, sodat hulle in die nastrewing van heiligheid nie te kort sal skiet weens ’n gevoel van eie swakheid nie. Hy het hulle aangespoor om al hulle vermoëns aan te wend in diens van geregtigheid. En omdat hulle die oorblyfsels van die vlees nog in hul omdra, is dit nodig om enigsins strompelend te beweeg. Gevolglik, sodat hulle nie gebroke deur die bewussyn van hul eie swakheid sou wanhoop nie, kom hy hulle op die regte tyd tegemoet deur ’n vertroosting in te voeg, wat daaraan ontleen is dat hul werke nou nie beoordeel word volgens die streng toets van die wet nie, maar dat God dit goedgunstiglik en verdraagsaam as aanvaarbaar hou, nadat Hy die onreinheid (daarvan) buite rekening gelaat het. Die juk van die wet kan nie gedra word sonder dat dit die draers verbrysel en vermorsel nie. Daar bly derhalwe slegs oor dat die gelowiges hul toevlug tot Christus neem en Hom smeek om borg vir hul vryheid te wees, en Hy betoon Hom as sodanige borg. Want daarom het Hy Hom onderwerp aan die diensbaarheid van die wet, waarteenoor Hy andersins nie ’n skuldenaar was nie, sodat Hy hulle, wat onder die wet was, sou verlos soos die apostel sê in Galásiërs 4:5.

Derhalwe beteken *om nie onder die wet te wees* nie net dat ons nie deur die dooie letter van die wet voorgeskryf word, wat ons in beskuldiging plaas nie, aangesien ons nie in staat is om dit te volbring nie. Dit beteken verder ook dat ons nie langer aan die wet onderworpe is nie, in soverre dit (die wet) ’n volkome geregtigheid vereis en die dood aankondig oor almal wat van enige deel daarvan afwyk. Onder die woord *genade* verstaan ons op soortgelyke wyse albei dele van die verlossing, naamlik die vergewing van sondes, waardeur God aan ons geregtigheid toereken, en die heiligmaking van die Gees, waardeur Hy ons hervorm tot die doen van goeie werke. Ek is van mening dat die teenstellende voegwoord *maar* hier geplaas is as redegewend, wat nie selde voorkom nie, so asof gesê is: Aangesien ons onder die genade is, daarom is ons nie onder die wet nie. Nou sal die betekenis wel duidelik wees. Want die apostel wil ons troos, sodat ons in ons gemoed nie vermoeid sal word in die ywer om die goeie te doen nie, hoewel ons tot nog toe menige tekortkominge in onsself gewaar. Hoe ons ook al immers deur die prikkels van die sonde gekwel word, kan dit ons tog nie onderwerp nie, aangesien ons deur die Gees van God as oorwinnaars gestel word en, eindelik in genade geplaas, is ons bevry van die strenge

eise van die wet. Voorts moet hier verstaan word wat die apostel as onweerlegbaar vermoed, dat almal wat die genade van God ontbeer, as vasgevang onder die juk van die wet, onder die verdoemenis gehou word. En daarom kan ons uit die teenoorgestelde redeneer dat mense, solank hulle onder die wet is, aan die heerskappy van die sonde onderworpe is.

15 *Wat dan?* ... Aangesien die wysheid van die vlees voortdurend teen die goddelike geheimenisse skree, het hy uit noodsaak hierdie ondervangende vraag[1)] bygevoeg. Want omdat die wet ’n reël is om goed te lewe, en gegee is om aan die mense perke te stel, dink ons dat, wanneer dit opgehef is, alle dissipline terstond verval, dat elke grensdraad verbreek word, en dat daar gevolglik geen keuse of onderskeid tussen goed en kwaad is nie. Maar ons dwaal wanneer ons dink dat deur die opheffing van die wet die geregtigheid wat God in die wet gebied het, tot niet gemaak word, aangesien hierdie opheffing geensins op die voorskrifte om reg te lewe toegepas moet word nie, wat Christus eerder bevestig en heilig as ophef. Daarom is die eintlike oplossing dat niks behalwe die vloek weggeneem word nie, waaraan buite die genade alle sterflinge gesamentlik onderworpe is. Maar hoewel Paulus dit nie onomwonde uitdruk nie, tog toon hy dit bedektelik aan.

16 *Nee, stellig nie*! *Weet julle nie* ... Dit is nie, soos sommige gemeen het, ’n blote verwerping nie, asof hy verkies om sodanige vraag eerder te verag as te weerlê. Hierop volg onmiddellik ’n weerlegging uit die aard van teenoorgesteldes, ongeveer in hierdie sin: Tussen die juk van Christus en dié van die sonde is die verskil te groot dat iemand albei tegelykertyd sou kan dra. As ons sondig, gee ons ons oor in diensbaarheid aan die sonde, en daarteenoor word die gelowiges verlos van die tirannie van die sonde, sodat hulle Christus sal dien. Derhalwe is dit onmoontlik dat hulle aan die sonde gebonde sou bly. Maar dit sal beter wees om die lyn van hierdie argument, soos dit deur Paulus gerangskik is, verder te ondersoek.

... *om hom gehoorsaam te wees* ... Die betreklike voornaamwoord het hier ’n redegewende betekenis, soos dit dikwels die geval is. So asof iemand sou gesê het: Daar is geen soort misdaad waarin ’n vadermoordenaar nie sal verval nie, wat nie gehuiwer het om die ergste van alle misdade te pleeg nie, en so onmenslik dat dit byna deur diere self verfoei word. Die redenering van Paulus is deels ontleen aan die gevolge, deels aan die aard van die wisselbetrekkinge (van dit wat vergelyk word). Want in die eerste plek, as hulle gehoorsaam, neem hy aan dat hulle diensknegte is,

---

[1)] Calvyn gebruik die woord *prolepsis* wat eintlik die vooruitloop van ’n moontlike teenwerping is. – *die vertaler*

aangesien die gehoorsaamheid getuig dat hy wat so iemand tot sy diens dwing, die reg het om voor te skryf. Hierdie rede is ontleen aan die gevolg van diensbaarheid, en hieruit spruit die ander een voort, naamlik as julle diensknegte is, is julle dus op julle beurt onderworpe aan gesag.

... *of van die gehoorsaamheid tot geregtigheid*. Dit is streng gesproke nie korrek gestel nie; want as hy wou gehad het dat die een deel aan die ander deel beantwoord, moes gesê gewees het: of van die geregtigheid tot die lewe. Maar omdat die omkeer van die woorde geensins die verstaan van die saak belemmer nie, het hy verkies om met die woord *gehoorsaamheid* uit te druk wat geregtigheid is. Hierin is tog 'n *metonimia*[1)] aangesien dit geneem word vir Gods gebooie self. Maar omdat hy hierdie woord sonder 'n byvoeging geplaas het, het hy aangedui dat dit slegs God is aan wie se heerskappy die gewetens onderworpe is. Daarom word met gehoorsaamheid, ook as die Naam van God verswyg word, nietemin na God verwys, omdat die gehoorsaamheid nie veelvuldig kan wees nie.

17 *Maar ons dank God* ... Dit is 'n toepassing van die gelykenis in die huidige onderwerp, waaraan hy 'n danksegging verbind, omdat hulle alleen vermaan moet word dat hulle nie meer slawe van die sonde is nie. Ten eerste om hulle daardeur te leer dat dit nie te danke is aan hul eie verdienste nie, maar aan die uitsonderlike barmhartigheid van God, en sodat hulle terselfdertyd uit die danksegging sal leer hoe groot die weldaad van God is, en des te meer opgewek sal word om die sonde te verfoei. Hy doen dit egter nie met die oog op die tyd waarin hulle slawe van die sonde was nie, maar ter wille van die verlossing wat gevolg het, toe hulle opgehou het om te wees wat hulle vroeër was. Inderdaad is hierdie stilswyende vergelyking van die vorige staat met die huidige baie welsprekend. Die apostel striem immers die lasteraars van die genade van Christus wanneer hy aantoon dat, wanneer dit (die genade) die wyk neem, die ganse menslike geslag onder die sonde gevange gehou word; maar sodra die genade te voorskyn tree, wyk die ryk van die sonde. Hieruit is dit geregverdig om af te lei dat ons nie daarom uit die slawerny van die sonde vrygelaat is sodat ons (weer) sal sondig nie, aangesien die wet sy heerskappy nie verloor voordat die genade van God ons tot Hom herstel nie sodat die geregtigheid in ons weer tot stand kom. Dit is gevolglik onmoontlik dat ons onder die sonde sal wees wanneer die genade van God in ons regeer. Ons het immers reeds vroeër gesê dat onder hierdie benaming die Gees van die wedergeboorte verstaan word.

... *maar van harte gehoorsaam geword het* ... Hier stel Paulus ook die

---

1) 'n Verandering van naam in 'n beeldspraak. – *die vertaler*

verborge krag van die Gees in teenstelling tot die uitwendige letter, so asof hy wou sê dat Christus inwendig ons siele beter omvorm as wanneer die wet deur te dreig en te verskrik daartoe dwing. Op hierdie manier word daardie laster besweer: As Christus ons van die onderwerping aan die wet bevry het, gee Hy die vryheid om te sondig. Hy laat inderdaad nie sy volgelinge teuellose losbandigheid toe om sonder ingetoënheid soos perde op die velde rond te huppel nie, maar Hy lei hulle na die lewenswyse wat aan die wet beantwoord. Hoewel Erasmus verkies het om in navolging van die ou vertaler dit met *vorm* te vertaal, het ek my gebonde gevoel om *typus* (tipe) te behou, welke woord Paulus gebruik het. Sommige mag moontlik *voorbeeld* verkies. Vir my lyk dit naamlik of hy ’n uitgedrukte beeld van die geregtigheid aandui, wat Christus in ons harte ingrif. Maar dit beantwoord aan die voorskrif van die wet, waarvolgens al ons handelinge gereël behoort te word sodat dit nóg na regs nóg na links afwyk.

18 *en, vrygemaak van die sonde* ... Die betekenis is dit: Dit is ongerymd dat iemand na sy vrylating in ’n staat van slawerny sal bly, want die staat van vryheid wat hy ontvang het, behoort hy te koester. Dit is derhalwe nie betaamlik dat julle teruggebring sal word onder die mag van die sonde, waarvan julle deur die vrylating van Christus bevry is nie. Dit is ’n argument wat uitgaan van die werkende oorsaak. Die ander argument wat ook hierop volg, gaan uit van die uiteindelike oorsaak (soos volg): Julle is daarom verlos van die slawerny van die sonde sodat julle oorgegaan het na die ryk van die geregtigheid, derhalwe betaam dit julle om geheel en al die sonde nie te gedenk nie en julle hele gemoed op die geregtigheid te rig, in wie se diens julle oorgebring is. Dit moet opgemerk word dat niemand die geregtigheid kan dien nie, tensy hy eers deur die krag en weldaad van God van die tirannie van die sonde bevry is. Christus self getuig so: *As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees* (Joh. 8:36). Wat sal dan ons voorbereidings kragtens die vrye wil wees as die beginsel van wat goed is, afkomstig is uit hierdie vrylating wat deur die genade van God alleen bewerkstellig word?

19 Ek spreek menslikerwys ter wille van die swakheid van julle vlees; want net soos julle jul lede diensbaar gestel het aan die onreinheid en wetteloosheid om wetteloos te wees, so moet julle nou jul lede diensbaar stel aan die geregtigheid tot heiligmaking.

19 Humanum dico propter infirmitatem carnis vestrae, quemadmodum exhibuistis membra vestra serva immunditiae et iniquitati in iniquitatem, sic et nunc exhibite membra vestra serva justitiae in sanctificationem.

19 *Ek spreek menslikerwys* ... Hy sê dat hy menslikerwys spreek, nie wat die wese nie maar wat die vorm betref, soos wat Christus in Johannes 3:12

sê dat Hy die aardse dinge voorgehou het, terwyl Hy tog die hemelse geheimenisse bespreek het[1)], maar nie op so 'n verhewe wyse as wat die waardigheid van die sake vereis het nie, omdat Hy Hom skik na die bevatlikheid van 'n onwetende en agterlike volk. Maar so spreek die apostel om daarmee des te duideliker aan te toon dat dit 'n growwe en onwaarskynlike laster is wanneer dit voorgestel word asof die vryheid wat deur Christus verwerf is, verlof verleen om te sondig. Terselfdertyd vermaan hy ook die gelowiges dat daar niks meer ongerymds of skandelik en veragtelik is as dat die geestelike genade van Christus by hulle minder werd is as die aardse vrylating nie. So asof hy wou sê: Ek sou uit die vergelyking van die geregtigheid en die sonde kon aantoon met hoeveel meer vuur julle die gehoorsaamheid aan die geregtigheid behoort aan te gryp as wat julle aan die sonde onderdanig is. Maar om enigsins aan jul swakheid toe te gee, laat ek 'n vergelyking van sodanige aard weg. Tog, om julle met die grootste toegeeflikheid te behandel, kan ek sekerlik met reg van julle eis om ten minste nie met meer koudheid en onagsaamheid die geregtigheid te dien as wat julle die sonde gehoorsaam het nie. Maar hieraan is 'n soort van terughoudendheid onderliggend, omdat ons iets meer wil verstaan as wat ons in woorde uitdruk. Hy moedig hulle immers nietemin aan tot die gehoorsaamheid aan die geregtigheid met soveel meer ywer as wat die geregtigheid waardiger is om gedien te word as die sonde, hoewel dit lyk of hy minder met sy woorde vereis.

... *want net soos julle jul lede diensbaar gestel het* ... Dit is: aangesien al jul lede tot nou toe gereed was om die sonde te dien, is dit geredelik daaruit duidelik hoe ellendiglik die verdorwenheid van julle vlees julle gebonde en verslaaf gehou het. Maar nou behoort julle in gelyke mate wakker en gereed te wees om die gesag van God aan te gryp, en laat die inspanning om goed te doen nou nie minder wees as wat dit vroeër was om te sondig nie. Hy handhaaf weliswaar nie die orde van die teenstelling deur die afsonderlike dele wedersyds aan te pas nie, soos wat hy in I Thessalonicense 4:7 die onreinheid stel teenoor die heiligheid. Die betekenis daarvan is nietemin duidelik. Eers noem hy twee soorte – onreinheid en ongeregtigheid Die eerste hiervan word gestel teenoor kuisheid en heiligheid en die ander sien op die ongeregtighede waardeur ons naastes benadeel word. Vervolgens herhaal hy die woord *ongeregtigheid* twee maal in verskillende betekenis. Op die eerste plek dui hy naamlik rowerye, bedrieglikhede, meinede en alle soorte ongeregtighede aan; op die tweede plek die algemene verdorwenheid van

---

[1)] Die woorde wat Calvyn hier besig, korrespondeer nie met Johannes 3:12 nie. Johannes 3:12 lui naamlik soos volg: *As Ek julle van die aardse dinge vertel en julle nie glo nie, hoe sal julle glo as Ek julle van die hemelse vertel? – die vertaler*

die lewe, so asof daar staan: Julle misbruik[1] jul lede om skandelike dade te bedryf, sodat die ryk van ongeregtigheid in julle sal bloei. Ek lê *geregtigheid* uit as geplaas in die plek van wet of reël om regverdig te lewe, waarvan die einddoel die heiligmaking is, sodat die gelowiges naamlik hulleself volkome aan die diens van God sal wy.

20 Want toe julle diensknegte was van die sonde, was julle vry van die geregtigheid.
21 Watter vrug dan het julle toe gehad van die dinge waaroor julle jul nou skaam? Want die uiteinde daarvan is die dood.
22 Maar nou dat julle vrygemaak is van die sonde en diensbaar geword het aan God, het julle jul vrug tot heiligmaking en uiteindelik die ewige lewe.
23 Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here.

20 Quando enim servi fuistis peccati, liberi fuistis justitiae.

21 Quem ergo fructum habuistis tunc in iis, de quibus nunc erubescitis? Siquidem finis eorum mors.

22 Nunc vero manumissi a peccato, Deo autem in servitutem addicti, habetis fructum vestrum in sanctificationem, finem vero vitam aeternam.
23 Stipendia enim peccati, mors; donum vero Dei, vita aeterna, in Christo Iesu Domino nostro.

20 *Want toe julle diensknegte was van die sonde* ... Hy herhaal steeds daardie onversoenlikheid tussen die juk van die geregtigheid en die juk van die sonde, waarvan hy vroeër melding gemaak het; want sonde en geregtigheid is sulke teenstrydige sake, dat wie ook al hom toewy aan die een, noodwendig hom onttrek aan die ander. Maar hy doen dit sodat, wanneer elkeen afsonderlik beskou word, dit duideliker sal blyk wat van elkeen verwag moet word. Die onderskeiding bring naamlik meer lig om die aard van elkeen afsonderlik te oorweeg. Derhalwe stel hy aan die een kant die sonde en aan die ander kant die geregtigheid. Met die vasstelling van die onderskeid dui hy aan wat elkeen tot gevolg het. Dus moet ons in gedagte hou dat die apostel nog uit die teenoorgestelde redeneer, op hierdie manier: Solank julle slawe van die sonde was, was julle vrygemaak van die geregtigheid, maar nou is dit gepas dat julle by wyse van ’n omgekeerde verhouding die geregtigheid dien, aangesien julle bevry is van die juk van die sonde. Vry van die geregtigheid noem hy hulle, wat deur geen teuel van dienstigheid vasgehou word aan die beoefening van geregtigheid nie. Dit is die bandeloosheid van die vlees wat ons so vrystel van onderwerping aan God dat dit ons oorgee aan die duiwel. Maar dit is ’n

[1] Om die verfoeilike aard van die misbruik aan te dui gebruik Calvyn ’n krasser woord, naamlik *prostituistis* (julle prostitueer julle lede). – *die vertaler*

ellendige en vervloekte vryheid, wat teuelloos of liewer met dolle vaart voortsnel na die verderf.

21 *Watter vrug dan het julle toe gehad* ... Hy kon nie dit wat hy wou sê, sterker uitgedruk het as om ’n beroep te doen op hulle gewete en as ’t ware skaamte in hul persoon te bely nie. Want sodra die vromes begin om verlig te word deur die Gees van Christus en die verkondiging van die evangelie, erken hulle vryelik dat hul hele verbygaande lewe, wat hulle buite Christus deurgebring het, verdoemenswaardig is, en so ver is dit daarvan dat hulle sal probeer om hulle te verontskuldig, dat dit hulle eerder in hulself beskaam. Ja, hulle roep ook voortdurend hierdie herinnering aan hul skande in hul gees terug, sodat hulle, also beskaam, hulle met meer opregtheid en toegeneëntheid teenoor die Here verootmoedig. En dit is ook nie onbeduidend dat hy sê *waaroor julle jul nou skaam* nie, want hy gee daarmee te kenne hoe ons gebuk gaan onder ons blinde liefde vir onsself, terwyl ons in die duisternis van die sonde gehul is en nie gedenk dat daar soveel vuilheid in ons is nie. Dit is alleen die lig van God wat ons oë kan open om die verborge afskuwelikheid in ons vlees te kan gewaar. Daarom is hy dan eers onderlê in die eerste beginsels van die Christelike wysbegeerte, wat goed geleer het om met erns ontevrede met homself te wees, en deur skaamte verward te wees oor sy ellende. Uiteindelik dui hy uit dit wat volg nog duideliker aan hoeveel hulle hul behoort te skaam wanneer hulle te wete kom dat hulle naby was aan die afgrond van die dood en die verderf; ja, dat hulle reeds die poorte van die dood sou betree het as hulle nie deur die barmhartigheid van God teruggehou is nie.

22 ... *het julle jul vrug tot heiligmaking* ... Op dieselfde manier wat hy voorheen ’n tweevoudige uiteinde van die sonde vermeld het, doen hy nou met betrekking tot die geregtigheid. Die sonde bring in hierdie lewe die kwellinge van ’n slegte gewete mee en daarna die ewige dood. Ons verkry as teenwoordige vrug van die geregtigheid, die heiligmaking en ons hoop op die ewige lewe in die toekoms. Hierdie dinge behoort, tensy ons bo mate afgestomp is, haat en afsku jeens die sonde, en liefde vir en verlange na die geregtigheid in ons gemoedere op te wek. Maar dat sommige τέλος (einde) vertaal met *vectigal* (vergoeding), stem, soos ek dink, nie ooreen met die apostel se bedoeling nie. Dit is wel waar dat ons die doodstraf vir die sonde betaal, maar hierdie woord is nie gepas by die ander deel (van die sin), waarop dit deur Paulus toegepas is nie, want van die lewe kan nie gesê word dat dit ’n vergoeding van die geregtigheid is nie.

23 *Want die loon van die sonde is die dood* ... Daar is sommige wat dink dat Paulus, wanneer hy die dood met (toelaes van) lewensmiddels

vergelyk, op neerhalende wyse aantoon watter armsalige loon aan sondaars betaal word, aangesien hierdie woord soms by die Grieke gebruik word vir militêre rantsoene. Dit lyk eerder of hy sydelings die blinde begeertes striem van hulle wat hulleself tot ondergang deur die aanloklikhede van die sonde laat verlei, soos visse deur die aas. Tog sal dit eenvoudiger wees om dit op te vat as *vergoeding*, want die dood is sekerlik ’n meer as genoegsame groot loon vir die verworpenes. Maar dit is ’n gevolgtrekking en as ’t ware ’n naberig van die voorgaande uitspraak. En dit is tog nie sonder rede dat hy dieselfde saak weer met ander woorde herhaal nie, want deur ’n dubbele vreesaanjaging wou hy die sonde meer afskuwelik voorstel.

... *maar die genadegawe van God* ... Diegene dwaal wat hierdie sinsdeel so vertaal: *Die ewige lewe is die genadegawe van God*, asof die ewige lewe hier die onderwerp is en die genadegawe van God die predikaat (gesegde), want hierdie sin het niks met die teenstelling te make nie. Maar soos hy reeds geleer het dat die sonde niks anders as die dood voortbring nie, so voeg hy nou daaraan toe dat hierdie genadegawe van God, naamlik ons regverdigmaking en heiligmaking, die saligheid van die ewige lewe vir ons toebring. Of as jy dit verkies, dat op dieselfde manier wat die sonde die oorsaak van die dood is, herstel die geregtigheid, wat deur Christus aan ons geskenk is, so die ewige lewe vir ons. Intussen kan tog met groot sekerheid afgelei word dat ons saligheid geheel en al van die genade en suiwere weldadigheid van God afhanklik is. Hy kon dit immers ook anders gesê het, naamlik dat die ewige lewe die loon van die geregtigheid is, sodat die een deel beantwoord aan die ander. Maar hy het gesien dat dit die genadegawe van God is waardeur ons dit verkry en nie ons verdienste nie, en ook dat dit nie ’n enkele of enkelvoudige gawe is nie want, beklee met die geregtigheid van die Seun, word ons met God versoen, en deur die krag van die Gees in heiligheid wedergebore gemaak. Derhalwe voeg hy by: *in Christus Jesus*, waardeur hy ons wegroep van elke inbeelding van eie waardigheid.

HOOFSTUK 7

1 OF weet julle nie, broeders – want ek spreek met mense wat die wet ken – dat die wet oor die mens heers so lank as hy lewe nie?

1 Num ignoratis fratres (scientibus enim Legem loquor) quod Lex dominatur homini quamdiu vivit?

2 Want die getroude vrou is deur die wet aan die lewende man gebonde; maar as die man sterwe, is sy ontslae van die wet van

2 Nam vero subjecta mulier, viventi viro alligata est per Legem; quod si mortuus fuerit vir, soluta a Lege viri.

die man.
3 Daarom dan, as sy 'n ander man s'n word terwyl haar man lewe, sal sy 'n egbreekster genoem word; maar as die man sterwe, is sy vry van die wet, sodat sy nie 'n egbreekster is as sy 'n ander man s'n word nie.
4 So, my broeders is julle dan ook ten opsigte van die wet dood deur die liggaam van Christus, om aan 'n ander te behoort, naamlik aan Hom wat uit die dode opgewek is sodat ons tot eer van God vrugte kan dra.

3 Proinde vivente marito, si alteri viro conjuncta fuerit, adultera vocabitur; quod si mortuus fuerit vir, liberata est a Lege ne amplius sit adultera si alteri nupserit.

4 Itaque fratres mei, vos quoque mortui estis Legi per corpus Christi, ut posthac alterius sitis, ejus qui ex mortuis suscitatus est, ut fructificemus Deo.

Hoewel hy die vraag oor die afskaffing van die wet genoegsaam, al is dit kortliks, opgelos het, en aangesien dit nietemin moeilik is, en daaruit baie ander vrae na vore geroep kon word, vervolg hy nou breedvoeriger as tot dusver om aan te toon op watter manier die wet vir ons afgeskaf is. Vervolgens toon hy hoe dit ons ten goede kom, omdat dit, terwyl dit ons buite Christus aan sigself onderwerp het, niks anders kan doen as om ons te verdoem nie. En sodat iemand nie die wet self sal beskuldig nie, ondervang en weerlê hy die besware van die vlees, waar hy 'n buitengewone passasie oor die gebruik van die wet op skone wyse behandel.

1 *Of weet julle nie* ... Laat dit as algemene waarheid aanvaar word dat die wet vir geen ander doel aan mense gegee is nie as om die teenwoordige lewe te orden; by die dooies bly daar daarvoor geen plek oor nie. Hy voeg later daaraan die stelling toe dat ons in die liggaam van Christus ten opsigte van die wet dood is. Sommige andere verstaan dit só, dat die heerskappy van die wet ons aan bande lê, solank as wat die gebruik daarvan van krag bly. Maar omdat hierdie stelling meer duister is, en nie so goed inpas by die stelling wat dadelik volg nie, verkies ek om hulle na te volg wat aanvaar dat die gesegde handel oor die lewe van die man en nie oor die lewe van die wet nie. En die vraag het meer krag om die sekerheid van dit wat gesê word te bevestig. Want hy toon aan dat dit vir niemand van hulle iets nuuts of onbekend is nie, maar dat dit by almal in gelyke mate vir onteenseglik aanvaar word.

... *want ek spreek met mense wat die wet ken* ... Hierdie tussensin moet betrek word op dieselfde saak as wat reeds uiteengesit is, so asof hy wou sê dat hy sekerheid het dat hulle nie so onbedrewe in die wet is dat hulle daaroor sou twyfel nie. Maar hoewel albei verstaan kan word as verwysende na alle wette, is dit tog beter om dit op te vat as verwysende

na die wet van God, waaroor die vraagstuk nou handel. Daar is sommige wat dink dat kennis van die wet aan die Romeine toegeskryf word omdat hulle die grootste deel van die wêreld deur hul gesag en reg regeer het; dit is egter kinderagtig, want hy praat deels met die Jode of ander vreemdelinge (in Rome), deels met mense van gewone en nederige stand. Ja, hy het veral die Jode op die oog, met wie hy oor die afskaffing van die wet te doen gehad het. Maar sodat hulle nie mag dink dat hy bedrieglik met hulle handel nie, toon hy aan dat hy ’n grondwaarheid aangryp wat aan almal bekend is, en waarmee hulle, wat van kindsbeen in die leer van die wet opgevoed was, geensins onbekend kan wees nie.

2 *Want die getroude vrou is deur die wet aan die lewende man gebonde* ... Hy gebruik ’n beeltenis waardeur hy bewys dat ons in so ’n mate bevry is van die wet dat dit uit eie gesag en reg nie langer enigiets oor ons behou nie. Maar hoewel hy dit met ander argumente kon bewys het, voeg hy in die plek van bevestigende getuienis ’n vergelyking in, aangesien die voorbeeld van die huwelik uitstekend gepas is om die saak te verduidelik. Sodat iemand voorts nie in verwarring gebring word nie, omdat die vergelykende dele nie geheel en al aan mekaar beantwoord nie, moet ons daaraan herinner word dat die apostel opsetlik deur ’n geringe verandering die misnoegdheid met ’n skerper woord wou afwentel. Om die gelykenis in die regte orde te stel, moes hy eintlik gesê het: Die getroude vrou is na die dood van die man bevry van die huweliksband. Die wet, wat teenoor ons die plek van die man beklee, is vir ons dood, derhalwe is ons van sy mag bevry. Maar sodat hy nie die Jode met ’n skerp woord aanstoot gee nie, as hy sou gesê het dat die wet dood is, gebruik hy ’n wysiging deur te sê dat ons vir die wet dood is. Vir sommige lyk dit of hy van die mindere na die meerdere redeneer, maar omdat ek vrees dat dit te gedwonge is, verleen ek eerder goedkeuring aan die eerste opvatting, wat eenvoudiger is. Die hele redenering moet dus in hierdie volgorde gestel word:

Die getroude vrou is kragtens die wet aan die lewende man onderworpe sodat sy nie na ’n ander kan oorgaan nie; na die dood van die man is sy losgemaak van die wetlike band, sodat sy vry is om wie sy wil as man te neem. Dan volg die toepassing:

- Die wet was soos ons man onder wie se juk ons gehou word totdat hy vir ons dood is.
- Na die dood van die wet het Christus ons toegeëien, dit is, nadat ons losgemaak is van die wet, het Hy ons aan Hom verbind.
- Derhalwe moet ons as verbind aan Christus, wat uit die dood opgestaan het, Hom alleen aanhang; en aangesien die lewe van Christus na sy wederopstanding ewig is, sal daar hierna geen verbreking van die huweliksband wees nie.

Voorts word die woord *wet* hier nie oral in dieselfde betekenis gebruik nie, dit beteken nou die wederkerige reg van huweliksgenote, dan weer die gesag van die man (oor die vrou) en derdens die leer van Moses. En dit moet in gedagte gehou word dat Paulus hier net daardie deel aanraak wat eie is aan die diens van Moses. Immers, vir sover God deur die Tien Gebooie geopenbaar het wat reg is, en wat Hy vir die reëling van ons lewe ingestel het, moet daar nie gedroom word van enige afskaffing van die wet ten opsigte van ons nie, omdat die wil van God altyd van krag moet bly. Daarom moet ons terdeë daarvan bewus wees dat hier nie ’n afskaffing van die geregtigheid wat in die wet geleer word, ter sprake is nie, maar ’n afskaffing van die streng eis (van die wet) en van dit wat daarop volg, naamlik die vervloeking. Die wet dus, as ’n reël om goed te lewe, word nie tersyde gestel nie, maar wel daardie hoedanigheid daarvan, wat staan teenoor die vryheid wat deur Christus verwerf is, naamlik in sover dit die hoogste volmaaktheid vereis. Maar omdat ons dit nie kan volbring nie, hou dit ons gebonde onder die oordeel van die ewige dood. En omdat hy hier origens nie wou besluit hoedanig die reg van huwelikgenote is nie, het hy geen poging aangewend om die oorsake, wat die vrou van die man vry maak, te vermeld nie. Derhalwe word hier tevergeefs na ’n bepaalde leerstuk gesoek.

4 ... *deur die liggaam van Christus* ... In die eerste plek het Christus deur die segeteken van die kruis op te rig, die sonde oorwin, en om dit te kon doen was dit nodig dat die handskrif waardeur ons gebonde gehou is, verskeur word. Hierdie handskrif is die wet wat, terwyl dit sy krag uitoefen, ons skuldig maak aan die sonde, en daarom word dit die krag van die sonde genoem. Derhalwe is ons deur die vernietiging van hierdie handskrif vrygemaak in die liggaam van Christus, wanneer dit aan die kruis vasgenael is. Maar die apostel gaan verder, naamlik deur te verklaar dat die band van die wet vernietig was, sodat ons nie na eie goeddunke sal lewe nie, soos wat ’n weduvrou onafhanklik[1)] is terwyl sy alleenlopend is, maar dat ons nou aan ’n ander man verbonde is; ja, dat ons (soos hulle sê) van die een hand na die ander, van die wet na Christus oorgegaan het. Intussen versag hy die hardheid van die uitspraak wanneer hy sê dat Christus, met die doel om ons by sy liggaam in te lyf, ons van die juk van die wet bevry het. Want hoewel Christus Homself uit eie beweging vir ’n tyd lank aan die wet onderwerp het, is dit nogtans nie reg om te sê dat die wet oor Hom heers nie. Verder dra Hy die vryheid, wat eie aan Homself is, ook aan sy lede oor. Dit is dus geen wonder, wanneer Hy hulle, wat Hy met ’n

---

[1)] Calvyn gebruik hier ’n term wat aan die Romeinse privaatreg ontleen is. *Sui juris* beteken letterlik *onderworpe aan eie reg*, teenoor *alieni juris* wat *onderworpe aan die reg (gesag) van ’n ander* beteken. – *die vertaler*

heilige band aan Hom verbind, om een liggaam met Hom te wees, van die juk van die wet vrystel nie.

... *naamlik aan Hom wat uit die dode opgewek is* ... Ons het reeds gesê dat Christus in die plek van die wet gestel is, sodat daar buite Hom nie enige vryheid versin word nie en sodat niemand dit sal waag om hom van die wet geskeie te maak nie, as dit (die wet) nog nie vir hom dood is nie. Maar hy gebruik hierdie omskrywing om die ewigheid van die lewe, wat Christus deur die wederopstanding verkry het, te beskryf, sodat Christene sal weet dat hierdie samevoeging ewigdurend sal wees. Oor die geestelike huweliksband van Christus met die gemeente spreek hy duideliker in Efésiërs 6.

... *sodat ons tot eer van God vrugte kan dra.* Hy voeg altyd die laaste grond daaraan toe sodat iemand nie enige vryheid van sy vlees en innerlike begeertes laat hoogty vier onder hierdie voorwendsel dat Christus ons van die slawerny van die wet bevry het nie; want Hy het ons saam met Hom as ’n offerande aan die Vader gegee, en Hy herskep ons met hierdie doel, dat ons in die nuutheid van die lewe teenoor God vrugte mag dra. Maar ons weet watter vrugte die hemelse Vader van ons eis, naamlik vrugte van heiligheid en geregtigheid. En daar word niks afgedoen aan ons vryheid as ons God dien nie. Inteendeel, as ons so ’n groot weldaad van Christus wil geniet, behoort ons voortaan aan niks anders te dink as om die eer van God te bevorder nie, ter wille waarvan Christus ons aangeneem het; anders bly ons slawe nie alleen van die wet nie, maar ook van die sonde en die dood.

5 Want toe ons in die vlees was, het die sondige hartstogte wat deur die wet kom, in ons lede gewerk om vir die dood vrugte te dra.
6 Maar nou is ons ontslae van die wet waardeur ons gebonde was, aangesien ons dit afgesterf het, sodat ons dien in die nuwigheid van die Gees en nie in die oudheid van die letter nie.

5 Quum enim essemus in carne, affectus peccatorum qui sunt per Legem, in membris nostris operabantur ad fructificandum morti:
6 Nunc vero soluti sumus a Lege, mortui ei in qua detinebamur; ut serviamus in novitate spiritus, et non in vetustate literae.

5 *Want toe ons in die vlees was* ... Uit die teenoorgestelde toon hy nog duideliker aan hoe verkeerdelik die yweraars van die wet die gelowiges tot dusver aan die gesag daarvan gebonde hou; want solank die leer van die letter van die wet sonder die Gees van Christus regeer en van krag is, word die losbandigheid van die vlees nie bedwing nie, maar kook eerder oor. Hieruit volg dat die ryk van die geregtigheid nie bestendig word nie, behalwe wanneer Christus ons van die wet bevry. Terselfdertyd herinner

Paulus aan die werke wat ons, wat van die wet vrygemaak is, betaam. Maar solank die mens deur die juk van die wet gevange gehou word, kan hy deur voortdurend te sondig niks anders as die dood vir homself verkry nie. As die diensbaarheid van die wet slegs die sonde voortbring, dan behoort die vrymaking, wat die teenoorgestelde (daarvan) is, na geregtigheid te neig; as die eersgenoemde na die dood lei, volg dit dat laasgenoemde na die lewe lei. Maar laat ons die presiese woorde van Paulus nagaan. Wanneer hy die toestand van daardie tyd, waarin ons aan die mag van die wet onderworpe was, wil beskryf, sê hy dat ons in die vlees was. Hieruit verstaan ons dat hulle almal, wat onder die wet is, niks anders daarvan verkry nie as dat hul ore deur die uitwendige klank daarvan getref word sonder enige vrugte of uitwerking, want hulle het innerlik ’n gemis aan die Gees van God. Daarom is dit noodwendig so, dat hulle geheel en al sondig en bedorwe bly, totdat daar ’n beter heelmiddel volg om die siekte te genees. En let op hierdie gebruiklike uitdrukking van die Skrif, *om in die vlees te wees*; dit beteken om slegs met die gawes van die natuur bedeeld te wees sonder die uitsonderlike genade waarmee God sy uitverkorenes verwerdig. Vervolgens, as hierdie hele toestand van die lewe in gebreke gestel word, blyk dit duidelik dat geen deel van ons siel van nature gesond is nie en dat die vrye wil geen ander krag het as om bose hartstogte soos pyle in alle rigtings af te skiet nie.

... *het die sondige hartstogte wat deur die wet kom* ... Dit is: Die wet het bose hartstogte in ons aangewakker, wat sy uitwerking in al ons lede openbaar, want daar was geen deel (van ons) wat nie die bose hartstogte gedien het nie. Dit is die werk van die wet (as die inwendige leermeester – die Gees – nie naderkom nie), om ons harte te ontbrand om in sodanige begeerlikhede oor te kook. Maar let daarop dat die wet hier vergelyk word met die sondige natuur van die mens, waarvan die verdorwenheid en hartstog te meer rasend uitbars namate dit deur die perke van die geregtigheid in bedwang gehou word. Hy voeg weer hierby dat solank die begeerlikhede van die vlees onder die wet gestaan het, dit vir die dood vrugte voortgebring het, om aan te toon dat die wet in sigself vernietigend is. Daaruit volg dat hulle dwaas is wat hierdie doodsveroorsakende slawerny in so ’n mate begeer.

6 *Maar nou is ons ontslae van die wet* ... Uit die teenoorgesteldes sit hy nou sy beredenering voort: As die band van die wet so weinig krag gehad het om die vlees te bedwing dat dit eerder die aanspoorder om te sondig geword het, is dit nodig dat ons vrygemaak word sodat ons sal ophou om te sondig. As ons dus van die slawerny van die wet bevry is, sodat ons God sal dien, handel hulle verkeerd wat daaruit ’n vergunning om te sondig aflei, en spreek hulle valslik wat leer dat op hierdie manier vrye teuels aan die

begeerlikhede gegee word. Let derhalwe op dat ons dan van die wet bevry word, wanneer God ons, nadat ons van die streng eis en vervloeking daarvan bevry is, met sy Gees vervul is sodat ons in sy weë sal wandel.

... *aangesien ons dit afgesterf het* ... Hier is ’n redegewende deel, of liewer ’n manier waarmee hy aandui hoe ons vrygemaak is, naamlik dat die wet in dié mate vir ons afgeskaf is dat ons nie deur die ondraaglike las daarvan terneergedruk word nie, of dat die onverbiddelike strengheid daarvan ons nie met vervloeking oorweldig nie.

... *sodat ons dien in die nuwigheid van die Gees* ... Hy stel die Gees teenoor die letter, omdat ons, voordat ons wil deur die Heilige Gees tot die wil van God omvorm is, in die wet niks anders het as die uitwendige letter nie, wat inderdaad ’n inperking (teuel) plaas op ons uiterlike handelinge, maar die verwoedheid van ons begeerlikhede geensins in toom hou nie. Maar hy skryf die nuutheid toe aan die Gees, omdat dit in die plek van die oue mens kom, net soos die letter, wat deur die wedergeboorte van die Gees vergaan, oud genoem word.

7 Wat sal ons dan sê? Is die wet sonde? Nee, stellig nie! Inteendeel, ek sou die sonde nie anders as deur die wet geken het nie; want ek sou ook die begeerlikheid nie geken het nie as die wet nie gesê het nie: Jy mag nie begeer nie.

7 Quid ergo dicemus? Lex peccatum est? Absit: sed peccatum non cognovi nisi per Legem: concupiscentiam enim non noveram, nisi Lex diceret: Non concupisces.

8 Maar die sonde het aanleiding gevind deur die gebod en in my allerhande begeerlikheid gewerk; want sonder die wet is die sonde dood.

8 Occasione autem sumpta, peccatum per mandatum effecit in me omnem concupiscentiam. Sine Lege enim peccatum est mortuum.

7 *Wat sal ons dan sê?* ... Aangesien daar gesê is dat ons van die wet bevry moet word sodat ons God in die nuutheid van die gees mag dien, wou dit lyk asof hierdie gebrek aan die wet kleef, dat dit (die wet) ons tot sonde aandryf. En omdat dit in die hoogste mate ongerymd sou wees, neem die apostel dit met reg op hom om dit te weerlê. Maar wanneer hy vra of die wet sonde is, verstaan hy dit so: of die wet in so ’n mate die sonde voortbring dat die skuld daarvoor aan die wet toegeskryf moet word.

... *ek sou die sonde nie anders as deur die wet geken het nie* ... Die sonde is dus in ons gesetel, en nie in die wet nie, want die oorsaak daarvan is geleë in die begeerlikheid van die vlees; ons kom inderdaad tot die kennis daarvan deur ’n begrip van die geregtigheid van God, wat vir ons in die wet uiteengesit word. Jy moet dit egter nie verstaan asof daar sonder die wet

geen onderskeid hoegenaamd tussen goed en kwaad bemerk kan word nie, maar dat ons in die raaksien van ons verdorwenheid al te veel afgestomp is, of, terwyl ons onsself vlei, geheel en al sonder verstand geword het, soos ook hierna sal volg.

... *want ek sou ook die begeerlikheid nie geken het nie* ... Dit is ’n verklaring van die vorige uitspraak, waarin hy die onkunde ten aansien van die sonde aantoon, waaroor hy (toe) gepraat het, en daarin geleë was dat hy sy begeerlikheid nie opgemerk het nie. Maar hy staan opsetlik stil by een soort sonde, waarin die geveinsdheid grootliks hoogty vier, en waaraan die sorgelose verdraagsaamheid en gerustheid altyd verbind is. Die mense is immers nooit so van hul oordeel beroof nie, of daar bly by hulle ’n onderskeid tussen die uitwendige werke; ja, hulle word gedwing om misdadige oorlegginge en soortgelyke pogings te veroordeel, en hulle kan dit nie doen sonder om aan die goeie wil sy lof toe te bring nie. Maar die smet van begeerlikheid is meer verborge en dieper verskuil waardeur veroorsaak word dat dit nooit, solank mense na eie goeddunke oordeel, in die gedagte opkom nie. En hy spog waarlik nie dat hy geen deel daaraan gehad het nie, maar hy het homself so gevlei dat hy nie gedink het dat hierdie sonde in sy hart skuil nie. Hoewel hy vir ’n tyd lank mislei was, omdat hy nie geglo het dat die geregtigheid deur die begeerlikheid in die weg gestaan word nie, het hy toe eers begryp dat hy ’n sondaar is toe hy gesien het dat die begeerlikheid, waarvan niemand vry is nie, deur die wet verbied word. Augustinus sê dat Paulus met hierdie woord die hele wet saamgevat het, en dit sal ook waar wees, mits dit reg verstaan word. Wanneer Moses immers aangetoon het teen watter dinge gewaarsku moet word, sodat ons die naaste nie aanstoot gee nie, voeg hy die verbod op begeerlikheid by, wat op al die gebooie betrek moet word. Dit ly geen twyfel nie dat hy met die voorafgaande gebooie alle moontlike verdorwenhede wat in ons gemoed opkom, veroordeel. Maar daar is ’n groot verskil tussen die voorgenome wil en die begeerte waardeur ons geprikkel word. Derhalwe eis God in hierdie laaste gebod van ons sodanige innerlike standvastigheid dat geen verdorwe begeerte ons verlei nie, ook al volg geen instemming nie. Daarom het ek gesê dat Paulus hier hoër gestyg het as wat die gewone bevatlikheid van mense hulle kan voer. Selfs die siviele wette verklaar dat dit die voornemens en nie die uitkoms straf nie.[1)] Ook die wysgere, in meerdere skerpsinnigheid, plaas sowel die deugde as ondeugde in die hart, maar God dring met hierdie gebod deur tot die

---

[1)] Hierdie stelling van Calvyn is lynreg in stryd met ’n eeue oue beginsel van die strafreg wat uitgedruk word met die woorde *cogitationis poenam nemo patitur* (gedagtes is strafvry). Waarskynlik het Calvyn die feit in gedagte dat ’n misdaad soos poging tot moord swaarder gestraf word as gewone aanranding, omdat die gesindheid meer verwytbaar is – *die vertaler*.

begeerlikheid, wat meer verborge is as die wil, en dus nie getel word onder die getal van sondes nie. En dit het nie alleen by die wysgere goedkeuring verkry nie, maar ook die papiste verklaar dit hedendaags nadruklik, dat in die wedergeborenes geen sonde is nie. Maar Paulus sê dat hy uit hierdie verskuilde krankheid sy skuld ontdek het. Vandaar volg dit, dat wie ook al daaronder gebuk gaan, nie in die minste verskoonbaar is nie, behalwe in soverre God die skuld vergewe. Hou dan daaraan vas dat daar ’n verskil is tussen die verdorwe begeertes, wat tot instemming lei, en die begeerlikheid, wat die harte so prikkel en beroer maar midde-in sy aanloop stilstaan.

8 *Maar die sonde het aanleiding gevind* ... Uit die sonde derhalwe, en uit die verdorwenheid van die vlees word alles wat kwaad is gebore; in die wet is net die aanleiding. Maar hoewel dit mag lyk of hy alleen praat oor die prikkeling waardeur ons begeerlikheid deur die wet aangestig word, sodat dit in groter waansin oorkook, betrek ek dit tog hoofsaaklik op die kennisneming, asof daar gesê was: Dit (die wet) het in my alle begeerlikheid ontbloot wat, toe dit verborge was, enigsins die skyn gehad het dat dit nie bestaan nie. En tog ontken ek nie dat die vlees deur die wet skerper geprikkel is tot begeerlikheid nie, en dat dit ook op hierdie manier aan die lig gekom het, wat ook by Paulus kon voorgekom het. Maar dit wat ek oor die openbaring gesê het, skyn beter met die sinsverband ooreen te stem, want hy voeg dadelik hierby:

... *want sonder die wet is die sonde dood*. Hier druk hy ten duidelikste uit watter betekenis die voorgaande woorde het. Want dit is dieselfde asof hy sou gesê het: Sonder die wet is die kennis van die sonde begrawe. Dit is ook ’n algemene uitspraak waaraan hy spoedig sy eie voorbeeld knoop. Daarom wonder ek wat in die gedagte van verklaardes opgekom het dat hulle dit in die onvoltooide verlede tyd vertaal het, asof Paulus oor homself gepraat het. Dit is immers maklik om in te sien dat hy met ’n algemene stelling wou begin om vervolgens die saak deur sy eie voorbeeld te verduidelik.

9 En sonder die wet het ek vroeër gelewe, maar toe die gebod kom, het die sonde weer opgelewe en het ek gesterwe.
10 En die gebod wat die lewe moes wees, die het vir my geblyk die dood te wees.
11 Want die sonde het aanleiding gevind deur die gebod en my verlei en daardeur gedood.
12 Dus is die wet heilig en die gebod is

9 Ego autem vivebam sine Lege aliquando; adveniente autem mandato, peccatum revixit.

10 Ego autem mortuus sum; et deprehensum est a me mandatum quod erat in vitam, cedere in mortem.
11 Peccatum enim, occasione sumpta per mandatum, abduxit me a via et per illud

heilig en regverdig en goed.

occidit.
12 Itaque Lex quidem sancta, et mandatum sanctum, et justum et bonum.

9 *En sonder die wet het ek vroeër gelewe* ... Hy wil te kenne gee dat daar ’n tyd was waarin die sonde vir hom of in hom dood was. En dit moet waarlik nie verstaan word asof hy te eniger tyd buite die wet gestaan het nie, maar die woord(e) *ek het gelewe* het ’n eiesoortige inhoudsbepaling: want die afwesigheid van die wet het veroorsaak dat hy gelewe het; dit is, hy het opgeblase deur die vertroue op sy geregtigheid homself die lewe toegeëien, terwyl hy inderdaad dood was. Om die uitspraak duideliker te stel, los dit so op: toe ek vroeër sonder die wet was, het ek gelewe. Maar ek het gesê dat hierdie uitdrukking ’n bepaald nadruklike betekenis het, want hy het, deur vir homself die geregtigheid in te beeld, ook die lewe vir homself aangematig. Die betekenis is dus: toe ek, terwyl kennis van die wet tersyde geplaas was, gesondig het, was die sonde, wat ek nie bemerk het nie, so aan die slaap gesus dat dit eintlik dood gelyk het. Ek was daarenteen, omdat ek nie vir myself as ’n sondaar voorgekom het nie, houtgerus in my gemoed, denkende dat die lewe by my ’n tuiste het. Die dood van die sonde is immers die lewe van die mens, net soos die lewe van die sonde die dood van die mens is. Dit kan met reg gevra word watter tyd dit was waarin hy deur onkunde van die wet of (soos hyself sê) deur afwesigheid van die wet homself met vertroue die lewe aangematig het. Want dit is seker dat hy van kindsbeen af in die leer van die wet onderwys was. Maar dit was die letterknegtelike teologie wat sy leerlinge nie tot ootmoed gebring het nie. So sê hy immers op ’n ander plek (II Kor. 3:14) dat daar ’n bedekking tussenin geskuif is sodat die Jode nie die lig van die lewe in die wet bemerk nie – soos hyself ook, terwyl hy van die Gees van Christus verstoke was, bedekte oë gehad het, en homself tevrede gestel het met die uiterlike masker van geregtigheid. Hy noem die wet afwesig omdat dit, hoewel dit met die oë waargeneem word, hom tog nie met ’n ernstige besef van die oordeel van die Here ontroer het nie. So is die oë van die geveinsdes met ’n sluier bedek sodat hulle nie sien hoeveel daardie gebod, waardeur ons verbied word om te begeer, vereis nie.

... *maar toe die gebod kom* ... So vermeld hy nou die koms van die wet, wat uit die bekering voortgespruit het en wat toe begin het om waarlik begryp te word. Die wet het dus die sonde asof uit die dood weer opgewek, omdat dit aan Paulus geopenbaar het met hoeveel innerlike verdorwenheid sy hart oorvloei is, en dat dit hom terselfdertyd doodgemaak het. Ons moet altyd onthou dat hy praat oor die bedwelmende vertroue waarin die geveinsdes versink het, wanneer hulle hulself vlei, omdat hulle vir hul sondes die oë toemaak.

10 *En die gebod wat die lewe moes wees* ... Twee dinge word hier gesê: dat die gebod aan ons die lewensweg in die geregtigheid van God aanwys, en dat dit gegee is sodat ons, deur die onderhouding van die wet van die Here, die ewige lewe mag verkry as ons volslae verdorwenheid dit nie in die weg staan nie. Verder, omdat daar niemand van ons is wat aan die wet gehoorsaam is nie, en ons eerder hals oor kop met hande en voete voortgerol word op daardie weg, waarvandaan dit ons teruggeroep het, kan dit (vir ons) niks anders as die dood voortbring nie. So moet onderskei word tussen die aard van die wet en ons gebrekkigheid. Daaruit volg dat dit iets bykomstig is, dat die wet aan ons ’n dodelike wond toebring net soos wat ’n ongeneeslike siekte deur ’n heilsame middel verskerp word. Ek stem wel toe dat die bykomstige onafskeibaar daarmee is, soos wat die wet op ’n ander plek in vergelyking met die evangelie, die bediening van die dood genoem word. Maar hier bly dit tog vas staan dat dit nie in sy eie aard vir ons skadelik is nie maar omdat ons verdorwenheid die vervloeking daarvan uitlok en aanbring.

11 *Want die sonde het aanleiding gevind deur die gebod en my verlei* ... Dit is seker waar dat, terwyl die wil van God vir ons verborge is en geen leer ons voorlig nie, die ganse lewe van die mensdom dwalend en vol foute is; ja, totdat die wet die weg om reg te lewe aanwys, kan ons nie anders as om te dwaal nie. Maar aangesien ons eers ons dwaling begin opmerk het toe die Here ons met ’n luide stem beskuldig het, sê Paulus tereg dat wanneer die sonde deur die wet ontdek word, ons van die weg afgelei word. Die woord ἐξαπατᾷν moet dus nie verklaar word ten opsigte van die saak self nie, maar ten opsigte van die kennis daarvan, omdat dit naamlik uit die wet duidelik gemaak word hoe ver ons van die regte weg afgewyk het. En daarom was dit noodsaaklik om dit te vertaal met *van die weg aflei*, omdat vir die sondaars wat voorheen sorgeloos voortgegaan het, hieruit walging en mishae in hulself oorbly wanneer hulle, nadat die vuilheid van die sonde deur die wet aan die lig gebring is, besef dat hulle na die dood voortgesnel het. Vervolgens voeg hy hier weer die woord *aanleiding* in, sodat ons mag weet dat die wet vanself nie doodsveroorsakend is nie, maar dat dit elders vandaan kom en dat dit as ’t ware van buite kom.

12 *Dus is die wet heilig* ... Sommige meen dat daar in die woord *wet* en *gebod* ’n verdubbeling is; ek stem dit in soverre toe dat ek dink dat daar heelwat krag daaraan onderliggend is. Dit wil sê, die wet self en wat ook al deur die wet voorgeskryf word, is volkome heilig, en moet daarom met die hoogste eerbied bejeën word; dit is regverdig, gevolglik moet dit van geen onregverdigheid beskuldig word nie; dit is goed, gevolglik is dit rein en vry van enige gebrek. So bevry hy die wet van alle beskuldiging, sodat

niemand sal waag om daaraan iets toe te dig wat strydig is met goedheid, geregtigheid en heiligheid nie.

13 Het die goeie dan vir my die dood geword? Nee, stellig nie! Maar wel die sonde, dat dit kon blyk sonde te wees, omdat dit deur die goeie vir my die dood bewerk, sodat die sonde deur die gebod uitermate sondig kon word.

13 Quod ergo bonum est, mihi in mortem cessit? Absit: imo peccatum, ut apparet peccatum, per bonum operatur mihi mortem,: ut fiat super modum peccans peccatum per mandatum.

13 *Het die goeie dan vir my die dood geword?* ... Hy het tot dusver die wet vrygespreek van alle lasterlikhede, maar tog so dat daar steeds twyfel oorgebly het of dit nie die oorsaak van die dood is nie. Ja, die verstand van mense bly in verwarring hierby stilstaan, hoe dit moontlik is dat uit ’n besondere weldaad van God ons niks anders as verderf verkry nie. Gevolglik antwoord hy nou op hierdie bedenking deur te ontken dat die dood daaruit volg, hoewel dit, na aanleiding van die wet, deur die sonde oor ons gebring word. Maar hoewel dit lyk of hierdie antwoord in voorkoms stry met dit wat hy vroeër gesê het, (naamlik) dat hy bevind het dat die gebod wat tot die lewe gegee was, tot die dood verval het – tog stry dit hoegenaamd nie. Hy het inderdaad vroeër te kenne gegee dat dit deur ons verdorwenheid veroorsaak is, dat ons die wet misbruik tot ons verderf, in stryd met die aard van die wet. Maar hier ontken hy dat dit die aanleiding van die dood is, (in dié mate) dat die dood daaraan toegeskryf moet word. In II Korinthiërs 3:7 spreek hy vryliker oor die wet, waar hy dit die bediening van die dood noem. Hy doen dit egter soos wat dit die gewoonte was in ’n dispuut, en dit sien nie op die aard van die wet nie, maar op die valse siening van teenstanders.

Maar wel die sonde ... Sonder om die vrede met ander te skend oordeel ek dat dit gelees moet word soos wat ek dit gestel het, om dan hierdie betekenis te hê: Die sonde word in ’n mate geregverdig voordat dit deur die wet ontdek is, maar wanneer dit deur die aanleiding van die wet openbaar gemaak is, ontvang dit waarlik die naam *sonde*, en daaruit kom dit te voorskyn as meer misdadig en (as ek so mag sê) meer sondig, omdat dit die algehele goedheid van die wet verander tot ons ondergang. Dit moet immers ’n erg verpestende saak wees wat veroorsaak dat dit wat andersins van nature heilsaam is, skadelik word. Die betekenis is dat die gruwelikheid van die sonde deur die wet blootgelê moes word, want as die sonde nie in ’n ontsaglike of (soos hulle sê) buitengewone uitbarsting losgebreek het nie, sou dit nie as sonde herken gewees het nie. Hierdie uitbarsting breek daardeur des te hewiger los wanneer dit die lewe in die dood verander. Gevolglik bly daar geen plek oor vir verontskuldiging nie.

14 Want ons weet dat die wet geestelik is, maar ek is vleeslik, verkoop onder die sonde.
15 Want wat ek doen, weet ek nie; want wat ek wil, dit doen ek nie, maar wat ek haat, dit doen ek.
16 En as ek doen wat ek nie wil nie, dan stem ek die wet toe dat dit goed is.
17 Maar nou is dit nie meer ek wat dit doen nie, maar die sonde wat in my woon.

14 Scimus enim quod Lex spiritualis est: ego autem carnalis sum, venditus sub peccato.
15 Quod enim operor, non intelligo; siquidem non quod volo, hoc ago: sed quod odi, hoc facio.
16 Si vero quod nolo, hoc facio, consentio Legi Dei quod sit bona.
17 Nunc vero jam illud operor ego, sed quod habitat in me peccatum.

14 *Want ons weet dat die wet geestelik is* ... Nou begin hy om die wet en die natuur van die mens nader met mekaar te vergelyk sodat dit duideliker verstaan kan word waar die gebrek van die dood vandaan kom. Vervolgens stel hy ’n voorbeeld van ’n wedergebore mens voor oë, in wie die oorblyfsels van die vlees so met die wet van die Here in stryd is dat die gees met graagte daaraan gehoorsaam is. Maar aanvanklik (soos ons gesê het) stel hy ’n blote vergelyking van die natuur en die wet. Aangesien daar in menslike aangeleenthede geen groter wanverhouding is as tussen gees en vlees nie, en die wet geestelik en die mens vleeslik is, watter ooreenkoms kan daar tog tussen die aard van die mens en die wet wees? Dieselfde immers as tussen lig en duisternis. Dat hy verder die wet *geestelik* noem, dui nie alleen daarop dat dit die innerlike toegeneentheid van die hart opeis, soos sommige dit verklaar nie, maar na die aard van die teenstelling het dit die teenoorgestelde betekenis van *vleeslik.* Vroeëre verklaarders lê dit so uit: Die wet is geestelik; dit is, dit bind nie alleen die hande en voete ten opsigte van die uitwendige werke nie, maar verplig tot toegeneenthede van die hart, en eis die opregte vrees van God. Maar hier word ’n teenstelling tussen gees en vlees uitgedruk. Dit sal verder genoegsaam uit die verband duidelik word, en dit was reeds vantevore gedeeltelik aangetoon dat onder *vlees* verstaan moet word: alles wat mense uit die moederskoot meebring. Die mense word *vlees* genoem na die staat waarin hulle gebore is, en solank hulle hul aangebore aard behou, omdat hulle so verdorwe is dat hulle in niks anders smaak het en niks anders adem as dit wat grof en aards is nie. Daarteenoor word die herstel van die verdorwe natuur *gees* genoem wanneer God ons na sy beeltenis hervorm. Maar hierdie wyse van spreke kom daarvandaan dat dit die genadegawe van die Gees is wat in ons die nuutheid weer tot stand bring. Daarom word die suiwerheid van die leer van die wet gestel teenoor die verdorwe natuur van die mens. Die betekenis is derhalwe: Die wet vereis ’n

sekere hemelse geregtigheid – soos van engele – waarin geen vlek verskyn nie, en aan wie se reinheid niks ontbreek nie. Maar ek, as ’n vleeslike mens, kan niks anders doen as om my daarteen te verset nie. Die uiteensetting van Origenes egter, wat tog voor die huidige tyd baie mense behaag het, is nie werd om weerlê te word nie. Hy sê dat die wet deur Paulus geestelik genoem word, omdat die Skrif nie letterlik verstaan moet word nie. Maar wat het dit met die huidige onderwerp te doen?

... *verkoop onder die sonde*. Met hierdie sinsdeel verklaar hy watter waarde die vlees in sigself het. Die mens is van nature nie minder ’n slaaf van die sonde nie as gekoopte lyfeienes, wie se eienaars hulle na willekeur misbruik soos osse en esels. Ons word so geheel en al gedryf deur die heerskappy van die sonde dat ons hele gemoed, ons hele hart en al ons handelinge tot die sonde neig. Ek sluit die dwang altyd uit, want ons sondig uit eie beweging, aangesien daar geen sonde is sonder vrywilligheid nie. Maar ons is so verslaaf aan die sonde dat ons uit eie beweging niks anders kan doen as om te sondig nie, omdat die boosheid wat oor ons heers, ons hierheen aandryf. Daarom eggo hierdie vergelyking nie (soos hulle sê) ’n gedwonge verbondenheid nie, maar ’n vrywillige gehoorsaamheid, waaraan ons ingebore slawerny ons oorgee.

15 *Want wat ek doen, weet ek nie* ... Nou kom hy tot die meer besondere voorbeeld van ’n mens wat reeds wedergebore is, in wie albei sake wat hy voor oë het, duideliker blyk, naamlik die groot wanverhouding tussen die wet van God en die natuur van die mens, en dat die wet uit sigself geensins op enige manier die dood voortbring nie. Aangesien die vleeslike mens immers met die algehele geneigdheid van sy siel instorm na die lus om te sondig, lyk dit asof hy so uit vrye keuse sondig dat dit in sy mag is om homself te bedwing. Hierdie mees verderflike mening het by byna almal ingang gevind, naamlik dat die mens uit natuurlike aanleg in staat is om sonder die hulp van die goddelike genade na beide kante te kies. Maar wanneer die wil van ’n gelowige mens deur die Gees van God tot die goeie gedryf word, openbaar dit duidelik die verdorwenheid van die natuur, wat met halsstarrigheid weerstand bied en streef na die teenoorgestelde. Daarom is daar in die wedergebore mens ’n uitstekende voorbeeld waaruit jy te wete kom hoe groot die wanverhouding tussen ons natuur en die geregtigheid van die wet is. Hieruit kan ook, meer toepaslik as uit die blote betragting van die menslike natuur, ’n bewys van die ander deel (van sy betoog) gevind word. Want die wet, aangesien dit in die innerlike vleeslike mens slegs die dood voortbring, word makliker dit ten laste gelê, omdat dit onseker is waar die bose vandaan kom. In die wedergebore mens bring dit heilsame vrugte mee, en daaruit blyk dat dit alleen deur die vlees verhinder word om enigsins lewend te maak; so ver is dit daarvandaan dat dit uit

sigself die dood sal voortbring. Om egter hierdie hele uiteensetting gelowiger en met meer sekerheid te verstaan, moet opgelet word dat hierdie stryd, waaroor die apostel praat, nie in die mens na vore tree voordat hy deur die Gees van God geheilig is nie. Want die mens wat aan sy natuur oorgelewer is, word sonder teenstand geheel en al voortgedryf na sy begeerlikhede. Hoewel die goddelose immers deur die prikkels van die gewete uiteen geskeur word, en hulleself nie so in hul booshede kan vlei dat hulle nie een of ander smaak van bitterheid gewaar nie, kan jy tog nie daaruit aflei dat die kwaad met afkeer bejeën word of dat die goeie bemin word nie. Alleen laat die Here toe dat hulle so gepynig word, sodat Hy aan hulle sy oordeel in ’n sekere mate openbaar, maar nie om hulle met liefde vir die geregtigheid of met haat vir die sonde te vervul nie. Daar is derhalwe tussen hulle en die gelowiges hierdie verskil; die goddelose is nooit so verblind en verhard in hul gemoed dat hulle, as hulle oor hul misdade aangespreek word, dit nie deur die oordeel van hul eie gewete verdoem nie. Die kennis is immers in hulle nie so volkome uitgeblus dat hulle geen begrip van reg en verkeerd het nie. Somtyds word hulle ook weens ’n besef van hul kwaad met verskrikking geskud sodat hulle in hierdie lewe reeds ’n soort verdoemenis saamdra. Nietemin, uit hul hele hart behaag die sonde hulle, en daarom gee hulle hul daaraan oor sonder ware verset van die gemoed. Immers, die angels van hul gewete, waardeur hulle geprik word, kom eerder voort uit verset teen oordeel as uit ’n neiging van die wil tot die teendeel. Die gelowiges daarenteen, in wie die wedergeboorte van God begin is, is so verdeeld dat hulle deur ’n besondere verlange van die hart na God smag, die hemelse geregtigheid verwag, die sonde haat maar deur die oorblyfsels van hul vlees weer tot die aarde teruggetrek word. Daarom, terwyl hulle so uiteengeskeur word, doen hulle hul eie natuur geweld aan, en voel dat hulle deur hul natuur geweld aangedoen word. En hulle veroordeel hul sondes, nie alleen gedwing deur die oordeel van hul verstand nie, maar omdat hulle dit met ’n ernstige gesindheid van die hart verafsku en daarin aan hulleself ’n mishae het. Dit is die Christelike stryd tussen die vlees en die gees, waaroor Paulus praat in Galásiërs 5:17. Dit is daarom tereg gesê dat die vleeslike mens met algehele instemming en samespanning van die gemoed in die sonde instorm, maar dat ’n verdeling dan eers terstond begin wanneer hy deur die Here geroep word en deur die Gees geheilig word. Want die wedergeboorte begin net in hierdie lewe; die orige deel van die vlees wat nog oorbly, volg altyd sy verdorwe neiginge en voer ’n stryd teen die Gees. Onervare mense, wat nie die onderwerp waarmee die apostel besig is, of ook die plan van optrede wat hy volg, in ag neem nie, dink dat die natuur van die mens hier beskryf word. En daar is inderdaad sodanige beskrywing van die menslike eie aard by die wysgere te vinde. Maar die Skrif redeneer veel dieper, want dit sien dat vanaf die tyd dat Adam van die beeld van

God beroof is, daar niks anders as verdorwenheid in die hart van die mens oorgebly het nie. So staan die sofiste by hierdie vers stil, wanneer hulle die vrye wil wens te omskryf of wil waardeer wat die krag van ons natuur kan vermag. Maar Paulus, soos ek reeds gesê het, behandel hier nie die natuur van die mens sonder meer nie, maar hy beskryf, na aanleiding van sy eie persoon, hoedanig en hoe groot die swakheid van gelowiges is. In hierdie algemene dwaling het ook Augustinus vir ’n tyd lank verkeer, maar nadat hy hierdie passasie noukeuriger ondersoek het, het hy nie alleen teruggetrek wat hy verkeerd geleer het nie, maar in sy eerste boek aan Bonifacius het hy met baie sterk redes aangevoer dat dit nie anders as van die wedergeborenes gesê kan word nie. En ons sal moeite doen om lesers duidelik te laat verstaan dat dit so is.

... *weet ek nie* ... Hy dui aan dat hy die werke wat hy uit die swakheid van die vlees verrig het, nie as sy eie erken nie, omdat hy dit verafsku. Daarom het Erasmus nie heeltemal ten onregte die woord *goedkeur* gebruik nie. Maar aangesien dit dubbelsinnig kon wees, het ek verkies om die woord *begryp*[1)] te behou. Hieruit lei ons af dat die leer van die wet so met die regte oordeel in ooreenstemming is, dat die gelowiges die oortreding van die wet as ’t ware as ’n onredelike saak afwys. Maar omdat dit lyk of Paulus erken dat hy anders leer as wat die wet voorskryf, was baie verklaarders mislei, wat gedink het dat hy die persoon van ’n ander aangeneem het. Hieruit spruit daardie algemene dwaling voort dat in hierdie hele hoofstuk die aard van die onwedergebore mens beskryf word. Maar Paulus verstaan onder die oortreding van die wet, al die misstappe van die vromes wat nie die vrees van God en ook nie die ywer om goed te doen van hulle afgeskud het nie. Derhalwe ontken hy dat hyself gedoen het wat die wet vereis, omdat hy dit nie in al sy dele volvoer nie, maar op een of ander manier in sy poging aan swakheid toegee het.

... *want wat ek wil, dit doen ek nie* ... Jy moet dit nie verstaan asof dit voortdurend in hom so was dat hy nooit enigiets goed kon doen nie, maar hy kla alleen dat hy dit wat hy graag wil, nie kan volvoer nie, sodat hy die goeie kan najaag met daardie gretigheid wat by hom pas, omdat hy op een of ander manier gebonde gehou word, en dat hy ook te kort skiet in dit waarin hy allermins wou te kort skiet, omdat hy deur die swakheid van die vlees gestrompel het. ’n Vrome hart doen derhalwe nie die goeie wat dit wil nie, omdat dit nie volhard met die gepaste inspanning nie. Dit doen die kwade, wat dit nie wil nie, omdat dit begeer om te staan, maar val of liewer struikel. Origens is dit gepas om daardie *wil* en *nie wil* toe te skryf aan die Gees wat in die gelowiges die eerste plek behoort te beklee. Die vlees het

---

[1)] Die 1933-1953-vertaling gebruik die woord *weet;* die 1983-vertaling gebruik soos Calvyn die woord *begryp*. – *die vertaler*

inderdaad sy eie wil, maar Paulus noem dit die wil wat hy met die vernaamste aandoening van die hart begeer; en dit wat daarteen stry, noem hy dit wat teen sy wil is. Hieruit behoort afgelei te word, soos ons gesê het, dat Paulus hier praat oor die gelowiges, in wie enige genade van die Gees floreer, wat die ooreenkoms van die gesonde verstand met die geregtigheid van die wet aan die lig bring, want die haat van die sonde rym nie met die vlees nie.

16 *En as ek doen wat ek nie wil nie, dan stem ek die wet toe dat dit goed is*. Dit is: wanneer my hart rus vind in die wet, en deur die geregtigheid daarvan vreugde verskaf word (wat sekerlik gebeur, wanneer dit ’n afsku het aan die oortreding van die wet), dan ervaar en erken dit die goedheid van die wet, sodat ons genoegsaam oortuig word, met ervaring as leermeester, dat aan die wet niks kwaads toegereken moet word nie; ja, dat dit vir mense heilsaam sal wees as dit opregte en suiwere harte aantref. Maar hierdie instemming moet nie opgevat word as dit wat ons by die goddelose beluister nie, wie se woorde (die volgende) is: Ek sien die beter dinge, en ek keur dit goed, (maar) ek volg die slegtere. So ook: Wat skadelik sal wees, dit sal ek volg; ek ontvlug dit wat ek glo voordelig sal wees. Hierdie mense handel immers gedwonge wanneer hulle die geregtigheid van God onderskryf, waarvan hulle wil andersins geheel en al vervreemd is. Maar die vroom mens stem daarin toe met ’n ernstige en aller bereidwillige verlange van die hart, omdat hy niks meer begeer nie as om te haas na die hemel.

17 *Maar nou is dit nie meer ek wat dit doen nie* ... Hierdie is nie ’n pleidooi ter selfverontskuldiging nie, asof hy sonder skuld is, soos wat baie praatjiesmakers dink dat hulle ’n geregverdigde verdediging het waarmee hulle hul skanddade kan bedek, wanneer hulle dit op die vlees afwentel. Dit is egter ’n getuienis van hoe hy in sy geestelike gevoelens verskil van sy vlees, want die gelowiges word met so ’n groot vurigheid van die Gees gedryf om God te gehoorsaam dat hulle hul eie vlees verloën. Verder oortuig hierdie vers duidelik dat Paulus handel oor niks anders as die vromes wat reeds wedergebore is nie. Solank die mens immers homself bly, word hy, hoe groot hy ook al is, tereg as verdorwe gereken. Maar Paulus ontken hier dat hy geheel en al deur die sonde in beslag geneem word; ja, hy verklaar homself vry van die slawerny daarvan; asof hy sou gesê het: dat die sonde slegs in ’n sekere deel van sy siel oorgebly het, terwyl hyself met ’n ernstige geneentheid van die hart rus vind in en streef na die geregtigheid van God, en saaklik bewys dat die wet van God in sy binneste gegraveer is.

18 Want ek weet dat in my, dit wil sê in my vlees, niks goeds woon nie; want om te wil is by my aanwesig, maar om goed te doen, dit vind ek nie.
19 Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek.
20 Maar as ek doen wat ek nie wil nie, dan doen ek dit nie meer nie, maar die sonde wat in my woon.

18 Novi enim quod non habitat in me (hoc est, in carne mea) bonum: siquidem velle adest mihi, sed ut perficiam bonum non reperio.
19 Non enim quod volo facio bonum; sed quod nolo malum, id ago.
20 Si vero quod nolo ego id facio, non jam ego operor illud, sed quod habitat in me peccatum.

18 *Want ek weet* ... Hy sê dat daar, vir sover dit sy natuur betref, niks goeds in hom woon nie. Dit het dus dieselfde betekenis asof hy sou gesê het: In my, in sover dit uit my is. In die eerste deel van die redevoering veroordeel hy homself as algeheel verdorwe, want hy erken dat daar niks goeds in hom woon nie. Vervolgens voeg hy ’n verbetering toe sodat hy die genade van God, wat ook in hom gewoon het maar geen deel van die vlees was, nie sou belaster nie. Maar hier bevestig hy weer dat hy nie praat oor die mens in die algemeen nie, maar alleen oor die gelowige mens, wat weens die oorblyfsels van die vlees en die genade van die Gees in homself verdeeld is. Tot watter doel sal hierdie verbetering dan dien, as ’n sekere deel nie vry van sonde is nie, en gevolglik nie vleeslik is nie? Onder die naam *vlees* verstaan hy altyd al die gawes van die menslike natuur en al wat ook al in die mens gesetel is, uitgesonderd die heiligmaking van die Gees. Net so dui hy onder die woord g*ees* – wat hy gewoonlik teenoor vlees stel – daardie deel van die siel aan wat die Gees van God so van die kwaad gereinig en hervorm het dat daarin die beeld van God skitter. Albei name dus, naamlik *vlees* sowel as g*ees* het betrekking op die siel; maar die een het betrekking op daardie deel wat wedergebore is, en die ander deel op daardie deel wat steeds sy natuurlike neiging behou.

... *want om te wil is by my aanwesig* ... Hiermee bedoel hy nie dat daar by hom niks anders as ’n onwerksame begeerte is nie, maar hy ontken dat die werksaamheid van die daad ooreenstem met sy wil, omdat die vlees ’n verhindering in die weg werp, sodat hy dit wat hy doen nie na behore doen nie. Neem ook dit wat volg so op: Ek doen die kwaad, wat ek nie wil nie, want die gelowiges word deur hul vlees nie alleen verhinder om met snelle skrede te beweeg nie, maar plaas ook vele hindernisse in die weg, waarteen hulle vasloop. Hulle doen dus nie die goeie nie, omdat hulle dit nie uitvoer met die gretigheid wat hulle betaam nie. Daarom is hierdie *wil*, waaraan hy herinner, die bereidwilligheid van die geloof, wanneer die Heilige Gees die vromes omvorm, dat hulle gereed staan en met al hul lede

streef om aan God gehoorsaamheid te betoon. Maar omdat hul vermoë nie ooreenstem met hul wil nie, sê Paulus dat hy in hulle nie gevind het, wat verwag moet word nie, naamlik die uitvoering van die goeie begeerte.

19 Die belydenis wat direk hierop volg, het betrekking op dieselfde saak, (naamlik) dat hy nie die goeie doen wat hy wil nie, maar eerder die kwaad wat hy nie wil nie, omdat die gelowiges naamlik, hoewel hulle die regte gesindheid het, tog, terwyl hulle bewus is van hul eie swakheid, aanvoel dat uit hulleself geen werk voortkom wat vry van skuld is nie. Waar Paulus hier immers nie handel oor enkele oortredinge van die vromes nie, maar oor die algemeen die algehele loop van hul lewe aandui, lei ons af dat hul beste werke altyd met een of ander smet van die sonde besoedel is, sodat geen loon verwag moet word nie, behalwe in soverre God aan hulle vergifnis skenk. Eindelik herhaal hy daardie uitspraak dat, vir sover hy met die hemelse lig toebedeel is, hy ’n getroue getuie en ondertekenaar van die geregtigheid van die wet is. Hieruit volg dat, as ’n suiwer ongerepte natuur by ons vasstaan, die wet nie doodsveroorsakend kan wees nie, en inderdaad in sigself nie vyandig gesind is teenoor die mens wat, toegerus met ’n gesonde verstand, die sonde verafsku nie. Maar die gesondheid is afkomstig van die hemelse Geneesheer.

21 Ek vind dus hierdie wet: as ek die goeie wil doen, is die kwaad by my aanwesig.
22 Want ek verlustig my in die wet van God na die innerlike mens;
23 maar ek sien ’n ander wet in my lede wat stryd voer teen die wet van my gemoed en my gevange neem onder die wet van die sonde wat in my lede is.

21 Reperio igitur Legem volenti mihi facere bonum quod mihi malum insideat.
22 Consentio enim Legi Dei secundum interiorem hominem.
23 Video autem alterum Legem in membris meis, repugnantem legi mentis meae, et captivum me reddentem legi peccati, quae est in membris meis.

21 *Ek vind dus* ... Hier stel Paulus vierderlei wet(te) aan die orde. Die wet van God, wat alleen met reg so genoem kan word, omdat dit die reël van geregtigheid is waardeur ons lewe reg gevorm word. Hieraan knoop hy die wet van die gemoed, soos wat hy die bereidwilligheid van die gelowige siel om die goddelike wet te gehoorsaam noem, omdat daar ’n bepaalde ooreenstemming van ons kant met die wet van God is. Hierteenoor stel hy die wet van die ongeregtigheid, en hy noem dit so met ’n bepaalde sinspeling op die heerskappy wat die ongeregtigheid het oor sowel die nog nie wedergebore mens as oor die vlees van die wedergebore mens. Want ook die wette van tiranne, hoe uiters onregverdig dit ook al mag wees, word tog, by wyse van misbruik, wette genoem. Om te antwoord op hierdie wet van die sonde, maak hy die wet van die lede, dit wil sê, die

begeerlikheid wat in die lede gesetel is, en dit vanweë die instemming wat dit met die ongeregtigheid het. Maar wat die eerste deel van die sin betref, aangesien baie verklaarders die woord *wet* in sy eintlike betekenis opneem, voeg hulle κατα of διά daaraan toe. En so vertaal Erasmus dit met *deur die wet*, asof Paulus sou gesê het dat hy met die wet as leermeester en leier sy ingebore sonde ontdek het. Maar as jy niks byvoeg nie, sal die sin goed vloei, (naamlik) dat die gelowiges, terwyl hulle na die goeie streef, in hulself ’n tirannieke wet vind, omdat ’n weerspannige en afstootlike sondigheid in hul merg en gebeente ingeplant is.

22 *Want ek verlustig my in die wet van God* ... Hier sien jy dus hoedanige tweespalt daar in die vrome siele is, waaruit daardie wedywering tussen vlees en Gees voortspruit, en wat Augustinus êrens op elegante wyse die Christelike stryd noem. Die wet van God roep die mens tot die regskapenheid van die geregtigheid; die ongeregtigheid, wat soos ’n tirannieke wet van Satan is, spoor hom aan tot boosheid. Die Gees lei hom tot die gehoorsaamheid aan die goddelike wet; die vlees trek hom terug na die teenoorgestelde. Die mens wat so deur verskillende begeertes uiteen getrek word, is nou as ’t ware ’n tweevoudige wese; maar omdat die Gees die vernaamste plek behoort te beklee, ag en beoordeel die mens homself om besonderlik tot daardie deel te behoort. Daarom sê Paulus dat hy as ’n gevangene deur sy vlees geboei is omdat, siende dat hy deur die bose begeerlikhede nog steeds geprikkel en meegesleur word, dit ten opsigte van die geestelike begeertes ’n dwang is wat hy geheel en al weerstaan. Verder moet sorgvuldig gelet word op die aanvaarde betekenis van die innerlike mens en sy lede omdat baie mense, wat dit verkeerd verstaan, teen hierdie rots vasgeloop het. Met die *innerlike mens* word nie bloot die siel bedoel nie, maar die geestelike deel daarvan wat deur God wedergebore gemaak is; die woord *lede* dui die ander oorblywende deel aan; want soos die siel die uitnemender deel van die mens is en die liggaam die mindere, so is die Gees verhewe bo die vlees. Om hierdie rede dus, omdat die gees in die mens die plek van die siel inneem, maar die vlees, dit is die verdorwe en geskonde siel, die plek van die liggaam, verkry eersgenoemde die naam van *innerlike mens* en laasgenoemde dié van *lede*. Die uiterlike mens word ongetwyfeld in II Korinthiërs 4:16 in ’n ander betekenis opgeneem. Maar die omstandigheid in die huidige vers vereis noodsaaklikerwys die verklaring wat ek gegee het. Innerlik word dit genoem by wyse van uitnemendheid, want dit neem die hart en verborge gevoelens in beslag, terwyl die begeertes van die vlees dwalend is en as ’t ware buite die mens is. Ongetwyfeld is dit dieselfde asof iemand die hemel en die aarde vergelyk. Paulus dui immers met veragting onder die benaming van *lede* al wat ook al in die mens voorkom aan, sodat hy des te

beter aantoon dat die verborge vernuwing vir ons waarneming verskuil is en dit ontvlug, tensy dit deur die geloof aangegryp word.

23 omdat die *wet van die gemoed* sonder twyfel die reg gevormde geneentheid aandui, is dit duidelik dat dit verkeerd is om hierdie vers te rig op die mense wat nog nie wedergebore is nie. Paulus leer immers dat sodanige mense van hul verstand beroof is, omdat hul siel van die gesonde rede ontaard het.

24 Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?
25 Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here!

26 So dien ek self dan wel met die gemoed die wet van God, maar met die vlees die wet van die sonde.

24 Miser ego homo! Quis me eripiet a corpore mortis hoc?

25 Gratias ago Deo per Iesum Christum Dominum nostrum: itaque idem ego mente servio Legi Dei, carne autem legi peccati.

24 *Ek, ellendige mens* ... Hy sluit die bespreking af met ’n uitroep vol van heftige aandoening, waardeur hy leer dat ons nie alleen moet stry teen ons vlees nie, maar met ’n voortdurende sug by onsself en voor God ons ongelukkige toestand moet beklaag. Hy vra egter nie deur wie hy verlos moet word nie, asof hy twyfel soos die ongelowiges wat nie besef dat daar maar een Verlosser is nie, maar dit is die stem van iemand wat na asem hyg en byna in ’n beswyming raak omdat hy nie die aanwesige hulp genoegsaam raaksien nie. Daarom het hy ook die woord *eripere*[1)] gebruik, waarmee hy uitdruk dat vir hierdie verlossing geen gewone mag van God nodig is nie. Die *liggaam van die dood* noem hy die massa van die sonde of ’n opstapeling waaruit die hele mens saamgestel is, behalwe dat daar in hom slegs oorblyfsels oorbly, in wie se boeie hy gevange gehou word. Die voornaamwoord τούτου (hierdie), wat ek saam met Erasmus by *liggaam* behou het, pas ook goed by *dood* en feitlik in dieselfde betekenis, omdat Paulus wil leer dat die oë van die kinders van God geopen mag wees sodat hulle die verdorwenheid van hul natuur en die dood, wat daaruit voortspruit, met wysheid uit die wet van God onderken. Origens het die benaming *liggaam* dieselfde betekenis as *uitwendige mens* en *lede*, omdat Paulus aandui dat dit die oorsprong van die sonde is dat die mens afgewyk het van die wet van sy skepping, en so vleeslik en aards geword het. Hoewel hy

---

[1)] *Eripere* beteken letterlik *om uit te ruk*. Die Afrikaanse vertaling gebruik die woord *verlos*. – *die vertaler*

immers nog bo die redelose diere uitstyg, is die ware voortreflikheid aan hom ontneem, en dit wat oorgebly het, is vol van ontelbare bedorwenhede, sodat daar met reg van sy siel, ontaard soos dit is, gesê word dat dit in die liggaam oorgegaan het. So sê God ook by Moses[1]: *My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie, omdat hy ook vlees is* (Gen. 6:3), waar Hy die mens van sy geestelike voortreflikheid beroof en hulle veragtelik vergelyk met beeste. Hierdie vers van Paulus is inderdaad uitnemend (geskik) om alle roem van die vlees teen te staan, want hy leer dat ook die allervolmaakste mense, solank hulle in hul vlees woon, blootgestel is aan ellende, omdat hulle aan die dood onderworpe is; ja, dat wanneer hulle hulself deeglik ondersoek, hulle in hul natuur niks anders as ellende teenkom nie. Verder, sodat hulle hul nie aan verslapping oorgee nie, wek Paulus deur sy eie voorbeeld hulle op tot kommervolle versugtinge en beveel hulle om solank hulle op aarde as vreemdelinge vertoef, die dood te begeer as die enigste geneesmiddel teen die kwaad. En dit is die gepaste rede om die dood te verlang. Wanhoop dryf immers dikwels die onheilige mense na dieselfde wens, maar hulle verlang die dood op ’n verkeerde manier, eerder uit teensin in die teenwoordige lewe as uit afsku oor hulle ongeregtigheid. Voeg daarby dat die gelowiges, hoewel hulle na die regte doel streef, tog nie deur ’n ongebreidelde drif aangedryf word om die dood te begeer nie, maar hulle onderwerp aan God se oordeel, vir wie ons behoort te lewe en te sterwe. Daarom murmureer hulle nie met verontwaardiging teen God nie, maar al smekende lê hulle hul bekommernisse in sy skoot, want hulle versink nie so in die bepeinsing van hul ellende nie, of hulle bly gedagtig aan die geskonke genade, en matig hulle smart met vreugde, soos wat hierna volg.

25 *Ek dank God* ... Hy voeg derhalwe hierdie danksegging dadelik toe sodat iemand nie mag dink dat hy in sy klagte hardnekkig teen God uitvaar nie. Ons weet immers hoe maklik dit is om, selfs in geregverdigde droefheid, te verval in murmurering of ongeduld. En hoewel Paulus ween oor sy lot en smag na die einde, bely hy tog dat hy hom berus in die genade van God. Dit betaam immers nie die gelowiges, wanneer hulle hul gebreke ondersoek, om te vergeet wat hulle reeds van God ontvang het nie. Verder is hierdie bepeinsing genoegsaam om die ongeduld te beteuel en die rustigheid te bevorder, omdat hulle opgeneem is in die sorg van God, sodat hulle nooit ten onder sal gaan nie, en omdat aan hulle reeds die eerstelinge van die Gees geskenk is, wat vir hulle die hoop op die ewige erfenis seker maak. Hoewel hulle nog nie die beloofde heerlikheid van die

---

[1] Omdat die eerste vyf boeke van die Bybel grotendeels deur Moses geskryf is, was dit in die tyd van Luther en Calvyn die gewoonte om na hierdie boeke te verwys as die Boeke van Moses. – *die vertaler*

hemele geniet nie, is hulle tog tevrede met die mate van dit wat hulle verkry het, en is nooit sonder rede tot blydskap nie.

26 *So dien ek self* ... Dit is 'n kort slotrede, waarin hy leer dat die gelowiges, solank hulle in hul vlees woon, nooit tot die einddoel van die geregtigheid kom nie, maar dat hulle (slegs) op pad is, totdat hulle die liggaam afgelê het. Onder *gemoed* bedoel hy weer nie die redelike deel van die siel, wat die wysgere aanprys nie, maar die deel wat deur die Gees van God verlig is om reg te beproef en die goeie te wil. Want melding word nie gemaak van die verstand alleen nie, maar die ernstige begeerte van die hart word daaraan toegevoeg. Met hierdie uitsondering bely hy verder dat hy so aan God toegewy is dat, terwyl hy op aarde rondkruip, hy met vele onreinhede besoedel word. Hierdie vers is vermeldenswaardig om daardie mees verderflike leer van die Kathare[1)], waarin sommige onrustige geeste vandag nog weer probeer om nuwe lewe in te blaas, te weerlê.

HOOFSTUK 8

1 DAAR is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.
2 Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood.
3 Want God het – wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees – deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees,
4 sodat die reg van die wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.

1 Nulla igitur condemnatio est iis qui sunt in Christo Iesu, qui non secundum carnem ambulant, sed secundum Spiritum.
2 Lex enim Spiritus vitae in Christo Iesu, liberum me reddidit a lege peccati et mortis.

3 Quod enim impossibile erat Legi, eo quod infirmabatur per carnem, misso Deus Filio suo in similitudine carnis peccati, etiam de peccato damnavit peccatum in carne;

4 Ut justificatio Legis impleretur in nobis qui non secundum carnem ambulamus, sed secundum Spiritum.

1 *Daar is dan nou geen veroordeling* ... Waar hy die stryd beskryf het wat die vromes voortdurend teen hul eie vlees het, keer hy terug na die vertroosting wat vir hulle baie noodsaaklik is, en waarvan hy vroeër melding gemaak het, naamlik dat hulle, hoewel hulle tot dusver deur die

---

1) 'n Sekte wat hoofsaaklik in Bulgarye in die elfde eeu sy verskyning gemaak het. Hulle het hulself die *Cathari* genoem, dit wil sê die *reines* of *gesuiwerdes*. Hulle was vervul met haat teen al wat kerklik was. – *die vertaler*

sonde beset gehou was, tog reeds van die mag van die sonde en elke vervloeking verlos is, op voorwaarde dat hulle nie na die vlees maar na die Gees lewe. Hy verbind immers drie dinge aan mekaar: die onvolmaaktheid waarmee die gelowiges altyd te kampe het, die goedgunstigheid van God in die kwytskelding en vergewing daarvan, en die wedergeboorte van die Gees; en hierdie laaste inderdaad, sodat niemand homself met ’n ydele waan sal vlei asof hy van die vervloeking bevry is, terwyl hy intussen ongestoord behae skep in sy vlees nie. Maar soos die vleeslike mens homself vrugteloos vlei as hy hom niks bekommer oor die verbetering van sy lewe nie, en aan homself onder die voorwendsel van hierdie genade straffeloosheid beloof, so het die beangste gewetens van die vromes ’n onoorwinlike vestingwerk omdat hulle weet dat hulle, terwyl hulle in Christus bly, buite alle gevaar van verdoemenis is. Dit is die moeite werd om nou die (verskillende) woorde te ondersoek.

Hy sê *om te wandel na die Gees* nie van hulle wat alle gevoelens van die vlees heeltemal afgelê het sodat hul hele lewe niks anders as die geur van hemelse volmaaktheid versprei nie, maar van hulle wat volhardende werksaam is om die vlees te onderdruk en dood te maak sodat dit duidelik blyk dat die verlange na vroomheid in hulle regeer. Hy ontken dat sodanige mense na die vlees wandel omdat, waar ook al die opregte vrees van God kragtig werksaam is, dit die heerskappy van die vlees vernietig, hoewel dit nie alle verdorwenhede wegneem nie.

2 *Want die wet van die Gees van die lewe* ... Dit is ’n bevestiging van die vorige uitspraak, en om dit te verstaan moet daar gelet word op die betekenis van die woorde. Hy noem die Gees van God op ongepaste wyse *die wet van die Gees*, wat ons siele met die bloed van Christus besprinkel, nie alleen om ons van die smet van die sonde te reinig vir sover dit ons skuld betref nie, maar ook om ons tot ware reinheid te heilig. Hy voeg daarby dat dit (die Gees) lewendmakend is (want die besitlike naamval word volgens Hebreeuse gebruik geneem as nadere verduideliking) en daaruit volg dat hulle wat die mens onder die letter van die wet gevange hou, self aan die dood onderworpe is. Die heerskappy van die vlees en die tirannie van die dood wat daaruit volg, noem hy daarenteen *die wet van die sonde en die dood*. Die wet van God word as ’t ware in die middel geplaas. Deur die geregtigheid te leer kan dit nie die geregtigheid toeken nie, maar bind ons eerder met sterker bande aan die slawerny van die sonde en die dood. Die bedoeling is gevolglik: Die wet van God veroordeel die mens, en dit gebeur omdat, solank hulle onder verpligting teenoor die wet bly, hulle geknel word deur die slawerny van die sonde, en so aan die dood blootgestel is. Maar terwyl die Gees van Christus die wet van die sonde in ons te niet maak deur die verwarde begeerlikhede van die vlees teen te

werk, bevry dit ons terselfdertyd van die skuldlas van die dood. As iemand wil aanvoer dat die vergifnis, waardeur ons oortreding begrawe word, dan van die wedergeboorte afhang, is die oplossing maklik: nie die oorsaak van ons skuld word deur Paulus aangewys nie, maar slegs die manier waarop ons van die skuld bevry word, word deur hom vermeld. Paulus ontken egter dat ons dit deur die uitwendige onderwysing van die wet verkry, maar dat ons, wanneer ons deur die Gees van God vernuwe word, terselfdertyd deur die onverdiende vergifnis geregverdig word, sodat die vervloeking van die sonde nie langer op ons lê nie. Hierdie uitspraak het dieselfde betekenis asof Paulus sou gesê het dat die genade van die wedergeboorte nooit losgemaak kan word van die toerekening van die geregtigheid nie. Ek waag dit nie om saam met ander *die wet van die sonde en die dood* op te vat as die wet van God nie, omdat hierdie uitdrukking alte skerp voorkom. Hoewel (die wet) immers, deur die sonde te vermeerder, die dood voortbring, het Paulus hierbo tog met opset hierdie misnoegdheid vermy. Nietemin stem ek geensins saam met die mening van hulle wat *die wet van die sonde* as die begeerlikhede van die vlees verduidelik nie, asof Paulus gesê het dat hy dit oorwin het. Dit sal immers (so dink ek) ’n weinig later duidelik blyk dat hy praat oor die onverdiende vryspraak, wat aan ons die ongestoorde vrede met God bring. Ek verkies om die woord *wet* te behou, eerder as om dit met Erasmus te vertaal met *reg* of *mag,* omdat Paulus nie sonder doel op die wet van God gesinspeel het nie.

3 *Want God het – wat vir die wet onmoontlik was* ... Nou volg die polering of afwerking van die bewysvoering, naamlik dat die Here ons deur Sy onverdiende barmhartigheid in Christus regverdig gemaak het – dit wat vir die wet onmoontlik was. Maar omdat dit ’n uiters belangrike uitspraak is, laat ons die afsonderlike dele daarvan ondersoek. Dat hier gehandel word oor die onverdiende regverdigmaking of oor die vergifnis waardeur God ons met Hom versoen, kan afgelei word uit die laaste sinsnede waar hy byvoeg: *wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees*. Want as Paulus wil leer dat ons deur die Gees van die wedergeboorte toegerus is om die sonde te oorwin, tot watter doel dien hierdie toevoeging? Maar nadat hy die onverdiende vergifnis aan die gelowiges beloof het, is dit uiters gepas dat hy hierdie onderwysing beperk tot hulle wat berouvolheid verbind aan die geloof, en nie die barmhartigheid van God misbruik tot losbandigheid van die vlees nie. Vervolgens moet gelet word op die aanwysing van die oorsaak. Die apostel leer immers op watter manier die genade van Christus ons van die skuld bevry. Wat nou die woorde τὸ ἀδύνατον (*die onmoontlikheid*) van die wet betref, dit moet sonder enige twyfel opgeneem word as gebrek of onmag, asof daar gesê is: ’n geneesmiddel is deur God gevind om ’n einde te maak aan dit wat vir die

wet ’n onmoontlikheid was. Die deeltjie ἐν ᾧ, wat Erasmus vertaal het met *in daardie dele waarin*, verkies ek om weer te gee met *omdat*, aangesien ek meen dat dit oorsaaklik is. Maar hoewel hierdie vorm van spreke by die bedrewe Griekse skrywers nie juis voorkom nie, behoort hierdie uitdrukking tog nie onvanpas voor te kom nie, omdat die apostels deurgaans Hebreeuse uitdrukkingswyses gebruik. Verstandige lesers sal sekerlik toegee dat hier die oorsaak van die gebrek weergegee is, soos wat ons ’n weinig later weereens sal aantoon. Hoewel Erasmus ’n belangrike woord byvoeg, lyk dit vir my of die sin daarsonder goed vloei. Die verbindingswoord καὶ (*en*) het Erasmus verlei om die woord *praestitit* (hy het verrig) in te voeg. Maar ek dink dit is ter wille van verduideliking gestel. Die afleiding van ’n Griekse verklaarder mag daarenteen deur iemand goedgekeur word, wat hierdie deel *ook van die sonde* met die voorafgaande verbind (naamlik so): God het sy Seun gestuur in die gelykheid van die vlees en vir die sonde. Tog het ek die mening gevolg wat ek gedink het die egte betekenis van Paulus (se woorde) is. Nou kom ek by die onderwerp self. Paulus bevestig duidelik dat die sondes deur die dood van Christus versoen is, omdat dit vir die wet onmoontlik was om die geregtigheid aan ons oor te dra. Hieruit volg dat daar in die wet meer voorgeskryf word as wat ons kan volbring; want as ons in staat was om die wet te volbring, sou dit oorbodig gewees het om ’n geneesmiddel elders te soek. Daarom is dit belaglik om menslike vermoëns te meet aan die voorskrifte van die wet, so asof God in die eis van wat regverdig is, sal let op hoedanig en van watter omvang ons vermoëns mag wees.

... *omdat dit kragteloos was deur die vlees* ... Sodat niemand mag dink dat die wet met te weinig eerbied van onmag beskuldig word nie, of dat Paulus die wet tot die seremonies wil beperk, verklaar hy by name dat hierdie gebrek nie in ’n fout van die wet geleë is nie, maar in die verdorwenheid van ons vlees. Dit moet immers erken word dat indien iemand volmaak voldoen aan die wet van God, hy voor God regverdig sal wees. Derhalwe ontken hy nie dat die wet genoegsaam is tot ons regverdigmaking vir sover dit die leer betref nie, aangesien dit die volmaakte reël van die geregtigheid bevat, maar, omdat ons vlees daardie geregtigheid nie kan bereik nie, verval of verdwyn die algehele krag van die wet. So word die dwaling, of liewer die waansin, weerlê van hulle wat dink dat alleen aan die seremonies die krag ontneem word om regverdig te maak omdat Paulus, terwyl hy uitdruklik die blaam op ons lê, verklaar dat hy in die leer (van die wet) geen fout vind nie. Verder, neem die kragteloosheid van die wet op in die sin wat die apostel gewoond is om die woord ἀσθενεία (*swakheid*) te gebruik, (naamlik) nie alleen as ’n geringe swakheid nie, maar as kragteloosheid, want hy dui aan dat die wet hoegenaamd nie enige krag het om die geregtigheid te verleen nie. Jy sien derhalwe dat ons heeltemal

uitgesluit word van die geregtigheid van die werke; en dat ons daarom die toevlug moet neem tot die geregtigheid van Christus, aangesien daar geen geregtigheid in ons kan wees nie. Om dit te weet is uiters noodsaaklik, omdat ons nooit met die geregtigheid van Christus beklee sal word nie, tensy ons met sekerheid weet dat ons geen eie geregtigheid het nie. Die woord *vlees* word altyd in dieselfde betekenis gebruik, naamlik *onsself*. Derhalwe maak die verdorwenheid van ons natuur die wet van God nutteloos omdat dit, hoewel dit die lewensweg aanwys, ons wat voortsnel na die dood nie van die afgrond kan teruglei nie.

... *deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur* ... Nou toon hy aan op watter manier die hemelse Vader deur die Seun die geregtigheid vir ons herstel het, naamlik omdat hy die sonde veroordeel het in Christus se eie vlees; dit is, Hy het as ’t ware deur die handskrif te vernietig, die skuld, wat ons teenoor God gebonde gehou het, weggeneem. Die veroordeling van die sonde het ons in geregtigheid vrygemaak, aangesien ons vrygespreek is deur die vernietiging van die skuld, sodat God ons as geregverdig reken. Maar hy verklaar ten eerste dat Christus gestuur is, sodat hy ons daaraan herinner dat daar in ons geensins enige geregtigheid woon nie, aangesien dit van Hom afgesmeek moet word. En dat die mense tevergeefs vertrou op hulle verdienstes, omdat hulle alleen by wyse van guns regverdig is, of dat die geregtigheid ontleen is aan die soenoffer wat Christus in sy vlees vervul het. Maar hy sê dat Hy gekom het *in die gelykheid van die sondige vlees*, omdat die vlees van Christus, hoewel dit deur geen smet besoedel was nie, tog volgens voorkoms na die sondige gelyk het, vir soverre dit die verdiende straf vir ons misdade gedra het. En die dood het ongetwyfeld al sy krag oor sy vlees uitgeoefen, asof dit aan hom onderworpe was. En omdat ons Hoëpriester uit eie ondervinding moes leer hoe om die swakkes te hulp te kom, wou Christus ons swakhede op Hom neem sodat Hy des te meer tot medelye geneë sou wees, en in hierdie opsig skyn daar ook ’n sekere gelykenis van die sondige natuur te wees.

... *en dit ter wille van die sonde* ... Ek het kort vantevore gesê dat dit deur sommige verklaar word as die oorsaak of doel waarom God sy Seun gestuur het, naamlik om vir die sonde genoegdoening te gee. Chrysostomus en baie na hom verstaan dit in ’n ietwat strenger sin, dat die sonde veroordeel is vanweë die sonde, omdat dit onregverdiglik en onverdiend Christus geweld aangedoen het. Ek erken wel dat, aangesien Hy as die regverdige en die onskuldige die straf vir sondaars ondergaan het, die prys vir die verlossing op hierdie manier betaal is, maar ek kan my nie laat oorreed dat die woord *sonde* hier in ’n ander betekenis gebruik word as ’n soenoffer, wat in Hebreeus אשם (*asjem*) genoem word nie, en

so dui die Grieke ’n offer waaraan ’n vervloeking gekoppel is, aan as ’n κἀθαρμα. So sê Paulus dieselfde in II Korinthiërs 5:21, (naamlik) dat Christus wat geen sonde geken het nie, vir ons sonde gemaak is, sodat ons die geregtigheid van God in Hom gemaak sou word. Maar die voorsetsel περὶ moet hier oorsaaklik opgevat word, asof hy sou gesê het: Op grond van daardie offerande, of weens die las van die sonde wat aan Christus opgelê is, is die sonde van sy reg beroof, sodat dit ons nie langer onderworpe aan sigself hou nie. Hy sê immers by wyse van beeldspraak dat die sonde veroordeel is, soos hulle wat in ’n hofgeding die onderspit delf, omdat God hulle vir wie vryspraak deur die offerande van Christus verkry is, nie langer as skuldig ag nie. Indien ons sê dat die heerskappy van die sonde, waardeur ons verdruk was, opgehef is, sal die redevoering dieselfde krag behou. Derhalwe het Christus dit wat ons s’n was, op Hom geneem, sodat Hy dit wat syne was, op ons sou uitstort. Want nadat Hy ons vervloeking op Hom geneem het, het Hy ons met sy seëning begiftig. Paulus voeg hierby *in die vlees*, sodat ons vertroue te meer seker sal wees wanneer ons sien dat die sonde in ons natuur self oorwin en vernietig is. So volg daaruit immers dat ons natuur waarlik ’n deelgenoot van sy oorwinning gemaak is, wat hy ook spoedig verklaar.

4 *sodat die reg van die wet vervul kon word* ... Hulle wat dink dat diegene wat deur die Gees van Christus vernuwe is, die wet volbring, kom na vore met ’n versinsel wat geheel en al vreemd is aan die bedoeling van Paulus; want die gelowiges maak, solank hulle op aarde as vreemdelinge vertoef, nooit soveel vordering dat die regverdigmaking van die wet in hulle volkome en ongeskonde is nie. Daarom is dit noodsaaklik om dit op die vergifnis toe te pas, want wanneer die gehoorsaamheid van Christus namens ons aanvaar word, word aan die wet voldoen, sodat ons as regverdig gereken word. Die volmaaktheid wat die wet immers vereis, was in die vlees (van Christus) geopenbaar, sodat die gestrengheid van die wet nie langer die krag het om ons te veroordeel nie. Maar omdat Christus sy geregtigheid aan niemand anders meedeel as aan hulle wat Hy deur die band van sy Gees aan Hom verbind het nie, word die wedergeboorte weereens bygevoeg, sodat daar nie gedink word dat Christus ’n dienaar van die sonde is nie; want dit is die neiging van baie om alles wat oor die vaderlike goedgunstigheid geleer word, aan te gryp vir losbandigheid van die vlees. Maar andere laster op kwaadaardige wyse hierdie leer, asof dit die begeerte om goed te lewe uitgeblus het.

5 Want die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge, maar die wat geestelik is, geestelike dinge.

5 Qui enim secundum carnem sunt, ea quae carnis sunt cogitant; qui vero secundum Spiritum, ea quae sunt Spiritus.

6 Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede,
7 omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie.
8 En die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie;

6 Cogitatio certe carnis, mors est; cogitatio autem Spiritus, vita et pax.

7 Quandoquidem cogitatio carnis, inimicitia est adversus Deum; nam Legi Dei non subjicitur, nec enim potest.
8 Qui ergo in carne sunt, Deo placere non possunt.

5 *Want die wat vleeslik is* ... Hy bring hierdie verskil tussen die vlees en die Gees na vore, nie alleen om dit wat hy vroeër gesê het te bevestig deur ’n bewysvoering wat hy ontleen aan die teenoorgestelde, (naamlik) dat die genade van Christus slegs toekom aan hulle wat, wedergebore deur die Gees, na regskapenheid streef nie, maar ook om die gelowiges met ’n gepaste vertroosting te onderskraag sodat hulle, bewus van hul baie swakhede, nie moed sal verloor nie. Aangesien hy immers niemand van die vervloeking uitgesonder het nie, behalwe hulle wat ’n geestelike lewe lei, kon dit die skyn hê dat hy vir alle sterflinge die hoop op die saligheid afsny. Want wie sal op aarde gevind word wat so toegerus is met die reinheid van engele dat hy niks met die vlees te doen wil hê nie? Dit was dus noodsaaklik om hierdie omskrywing van wat dit is *om in die vlees te wees* en *om in die vlees te wandel* by te voeg. En aanvanklik stel Paulus nie die onderskeid so skerp nie; maar tog is dit, soos ons al voortgaande sal sien, sy voorneme om aan die gelowiges goeie hoop te verskaf, hoewel hulle tot dusver aan hul vlees gebonde was. En laat hulle nie slegs vrye teuels gee aan hul begeerlikhede nie, maar laat hulle instem om regeer te word deur die Heilige Gees. Wanneer hy sê dat die vleeslike mense sorg dra vir dit wat vleeslik is, of dit wat vleeslik is, bedink, getuig hy dat hy nie hulle wat streef na die hemelse geregtigheid, as vleeslik beskou nie, maar hulle wat geheel en al aan die wêreld verslaaf is. Daarom het ek die werkwoord φρονειν vertaal met *bedink*, wat ’n wyer betekenis het, en waardeur lesers sal verstaan dat hulle wat hul gedagtes oorgee aan die verleidinge van die vlees en hul strewe op die verdorwe begeerlikhede rig, uitgesluit is van die kinders van God. In die tweede deel van die vers moedig hy die gelowiges aan om goeie hoop te koester, wanneer hulle aanvoel dat hulle deur die Gees na bowe gevoer word om die geregtigheid te bedink. Want oral waar die Gees regeer, is daar ’n teken van die saligmakende genade van God, net soos wat daar geen plek is vir die genade van God nie, waar die heerskappy van die vlees, nadat die Gees uitgeblus is, van krag bly. Verder wil ek kortliks herhaal wat ek voorheen in herinnering gebring het: *In die vlees* of *na die vlees* het dieselfde betekenis

as om sonder die gawe van die wedergeboorte te wees. Sodanige mense is almal wat (soos hulle gewoonlik sê) in ’n suiwer natuurlike staat bly.

6 *Want wat die vlees bedink, is die dood* ... Erasmus het hier vertaal met *geneentheid* en die ouer vertaler met *wysheid.* Omdat dit egter seker is dat τὸ φρόνημα vir Paulus dieselfde beteken as wat Moses die versinsels van die hart noem (Gen. 6:5), en dat onder hierdie woord al die vermoëns van die siel, van die rede, van die verstand en van die geneenthede verstaan word, lyk dit vir my of die woord *bedink* beter pas. Maar hoewel Paulus die redegewende voegwoord γάρ (*omdat*) gebruik, twyfel ek nie dat hy blootweg wil bevestig nie; want dit is ’n soort konsessie (toegewing) omdat hy, nadat hy kortliks omskryf het wat dit beteken om in die vlees te wees, nou daaraan toevoeg watter einde almal wat aan die vlees verslaaf is, te wagte is. So toon hy uit die teenoorgestelde aan dat wie ook al in die vlees bly, geen deelgenote van die genade van Christus is nie, omdat hulle met hul hele lewensloop na die dood neig en voortdryf. Maar hierdie vers is vermeldenswaardig, want ons leer daaruit dat ons deur die gang van die natuur hals oor kop na die dood voortsnel, aangesien ons niks anders uit onsself kan bedink as dit wat tot ondergang lei nie. Onmiddellik egter stel hy die teenoorgestelde deel, waarmee hy wil leer dat as enige deel van ons na die lewe gerig is, die Gees sy krag openbaar, omdat daar uit die vlees nie ’n enkele vonkie van lewe voortkom nie. Hy noem die oordenking van die Gees die lewe, omdat dit lewendmakend is of tot die lewe lei. Onder die woord *vrede* dui hy volgens Hebreeuse gewoonte, alle soorte geluk aan. Want wat ook al die Gees van God in ons bewerk, strek tot ons geluksaligheid. Tevergeefs sal iemand dus die saligheid aan die werke toeskryf. Hoewel God immers ons saligheid begin en ten laaste voltooi deur ons na sy beeld te hervorm, berus die enigste oorsaak daarvan tog in sy welbehae, waardeur Hy ons deelgenote van Christus maak.

7 *omdat wat die vlees bedink* ... Hy voeg nou ’n bewysvoering by dit wat hy reeds gestel het, naamlik dat niks uit die neiginge van ons vlees op iets anders as die dood uitloop nie, omdat dit op vyandige wyse teen die wil van God stryd voer. Die wil van God is naamlik die reël van geregtigheid, waaruit volg dat wat ook al daarvan afwyk, onregverdig is, en as dit onregverdig is, is dit terselfdertyd dood aanbringend. Iemand verwag nou tevergeefs die lewe, terwyl God (teen hom) gekant en vyandig is. Die dood volg immers noodwendig en terstond op sy toorn, omdat die dood die wraakneming van sy toorn is. En ons moet hier opmerk, dat die wil van mense in alles teen die wil van God gekant is. Soveel immers as wat die verdorwenheid verskil van die opregtheid, soveel behoort die verskil tussen ons en God te wees.

... *want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie* ... Dit is die verklaring van die voorgaande uitspraak. Hy spreek hom naamlik uit oor hoe al die oordenkinge van die vlees oorlog voer teen die wil van God, omdat die wil van God nêrens anders gesoek moet word as daar waar Hy dit openbaar nie. Want in die wet openbaar Hy dit wat Hom behaag. Laat hulle dan, wat behoorlik wil ondersoek hoe goed hulle met God in ooreenstemming is, al hul beraadslaginge en strewes aan hierdie rigsnoer toets. En hoewel daar inderdaad niks op aarde gebeur buite die leiding van die verborge voorsienigheid van God nie, is dit ’n onverdraaglike godslastering om met hierdie voorwendsel te sê dat daar dan niks gebeur buite sy goedkeuring nie, soos sommige kranksinniges vandag spottenderwys beweer. Om die onderskeid tussen goed en kwaad, wat die wet duidelik en onomwonde voor ons oë stel, te soek in ’n diep doolhof – watter sotheid is dit? Die Here het inderdaad (soos ek gesê het) sy verborge raad, waardeur Hy alle dinge volgens sy welbehae bestuur, maar omdat dit vir ons onbegryplik is, moet ons weet om ons te weerhou van ’n alte nuuskierige ondersoek daarvan. Intussen bly dit ’n vasstaande feit dat niks anders as geregtigheid Hom tevrede stel nie, en dat ’n oordeel oor ons werke nie na behore gedoen kan word behalwe uit die wet nie, waarin Hy onomwonde getuig het wat Hom behaag en wat Hom mishaag.

... *want dit kan ook nie*. Sien daar die vermoë van die vrye wil, wat die sofiste nie hoog genoeg kan verhef nie. Dit is seker dat Paulus hier met duidelike woorde bevestig wat hulle sonder aarseling (met volle mond) verwerp, naamlik dat dit vir ons onmoontlik is om ons geneenthede aan die gehoorsaamheid van die wet te onderwerp. Hulle spog daarmee dat die hart na beide kante kan neig, indien dit deur die aandrywing van die Gees gehelp word en dat die vrye keuse tussen goed en kwaad by ons berus, sodat die Gees slegs hulp aandra, maar dat ons kan kies of verwerp. Hulle versin ook goeie gewaarwordinge, waardeur ons uit eie beweging voorberei word; Paulus, daarenteen, verklaar dat ons hart opgeblaas is met hardheid en ongetemde halsstarrigheid, sodat dit van nature nooit gerig word om hom aan die juk van God te onderwerp nie. En hy redeneer nie oor hierdie of daardie geneentheid nie, maar terwyl hy in die algemeen praat, werp hy alle gemoedsbeweginge wat uit ons voortspruit, in hierdie bondel. Hierdie heidense leer aangaande die vrye wil is derhalwe ver verwyderd van die Christelike hart. Laat elkeen erken dat hy ’n slaaf van die sonde is, soos wat hy inderdaad is, sodat hy, vrygelaat deur die genade van Christus, verlos word. Om te roem in enige ander vryheid is geheel en al dwaas.

8 *En die wat in die vlees is* ... Ek het die teenstellende voegwoord δὲ nie sonder rede weergegee met die redegewende nie, want die apostel lei af

uit dit wat vantevore gesê is, dat hulle wat hulle oorgee om gelei te word deur die luste van die vlees, almal vir God verfoeilik is. En hy het tot dusver hierdie uitspraak bevestig dat almal wat nie na die Gees wandel nie, van Christus vervreem is omdat hulle van die hemelse lewe verstoke is.

9 julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon. Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, die behoort nie aan Hom nie.
10 Maar as Christus in julle is, dan is die liggaam dood vanweë die sonde, maar die gees is lewe vanweë die geregtigheid.
11 En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dood opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.

9 Vos autem non estis in carne, sed in Spiritu, siquidem Spiritus Dei habitat in vobis: si quis vero Spiritum Christi non habet, hic non est ejus.
10 Si vero Christus in vobis est, corpus quidem mortuum est propter peccatum, Spiritus autem vita est propter justitiam.
11 Si inquam Spiritus ejus qui suscitavit Iesum ex mortuis, habitat in vobis, qui suscitavit Christum ex mortuis, vivificabit et mortalia corpora propter Spiritum suum in vobis habitantem.

9 *Julle is egter nie in die vlees nie* ... Hy pas hier, by wyse van ’n veronderstelling, die algemene uitspraak toe op hulle aan wie hy geskryf het. En terwyl hy sy redevoering tot hulle persoonlik rig, doen hy dit nie alleen om hulle kragvoller te beïnvloed nie, maar ook sodat hulle met sekerheid uit die omskrywing wat hy tevore gestel het, kan aflei dat hulle behoort tot die getal van diegene van wie Christus die vervloeking van die wet weggeneem het. Deur tog te verduidelik hoeveel krag die Gees van God in die uitverkorenes het en watter vrugte dit voortbring, spoor hy hulle aan tot die nuutheid van die lewe.

... *as naamlik die Gees van God in julle woon*. Hierdie beperking, waardeur hulle aangemoedig word om hulleself behoorlik te ondersoek, is heel gepas bygevoeg sodat hulle nie die Naam van Christus ydellik voorwend nie. Maar dit is die sekerste merkteken waardeur die kinders van God onderskei word van die kinders van die wêreld: as hulle deur die Gees van God wedergebore is tot onskuld en tot heiligheid. Terselfdertyd lyk dit of dit nie soseer sy voorneme was om die geveinsdes tereg te wys nie, as om redes te suggereer om te roem teen die verkeerde yweraars van die wet, vir wie die dooie letter belangriker is as die inwendige krag van die Gees, wat die wet lewend maak. Verder leer hierdie vers dat Paulus tot dusver onder die naam van die Gees nie die gemoed of die verstand aangedui het nie (wat deur die beskermhere van die vrye wil as die meer verhewe deel van die siel genoem word), maar hy het dit aangedui as die hemelse

genadegawe. Hy verklaar immers dat hulle geestelik is, oor wie God deur sy Gees regeer en nie hulle wat uit eie beweging aan die verstand gehoorsaam is nie. En tog word nie gesê dat hulle na die Gees is omdat hulle vervul is met die Gees van God nie (wat tot dusver aan niemand toegekom het nie), maar omdat hulle die Gees blywend in hulleself het, selfs as hulle aanvoel dat daar nog iets van die vlees in hulle oorgebly het; maar die Gees kan nie inwoon nie of dit beheers die meer verhewe dele. Dit moet immers opgelet word dat die mens volgens sy vernaamste eienskap genoem word.

Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie ... Dit voeg hy by om aan te toon hoe noodsaaklik die verloëning van die vlees vir Christene is. Die heerskappy van die Gees beteken die vernietiging van die vlees. Hulle in wie die Gees nie regeer nie, behoort nie tot Christus nie; derhalwe is hulle wat die vlees dien, nie Christene nie. Hulle wat Christus van sy Gees afskei, maak Hom gelyk aan ’n lewelose beeld of ’n lyk. En daar moet altyd vasgehou word aan daardie gedagte van die apostel, (naamlik) dat die onverdiende vergifnis van sondes nie geskei kan word van die Gees van die wedergeboorte nie, omdat dit as ’t ware beteken om Christus uitmekaar te skeur. As dit waar is, is dit vreemd dat ons deur die vyande van die evangelie beskuldig word van hoogmoedigheid, omdat ons dit waag om te bely dat die Gees van Christus in ons woon. Want ons moet óf Christus verloën óf bely dat ons deur sy Gees Christene is. Dit is werklik verskriklik om te hoor dat mense so van die Woord van die Here afgewyk het dat hulle nie alleen daarop roem dat hulle Christene is sonder die Gees van God nie, maar ook met die geloof van andere die spot dryf; en dit is die wysbegeerte van die papiste. Laat lesers nou daarop let dat die Gees sonder onderskeid soms die Gees van God en soms die Gees van Christus genoem word, nie alleen omdat in Christus, as ons Middelaar en Hoof, die algehele volheid van God uitgestort is nie, sodat uit Hom ons deel sal voortvloei, maar ook omdat dieselfde Gees gemeenskaplik is aan die Vader en die Seun, wat een in wese is en dieselfde ewige godheid deelagtig is. Omdat daar inderdaad geen gemeenskap tussen ons en God is behalwe deur Christus nie, is die apostel verstandig om neer te daal van die Vader – wat veel verder skyn te wees – na Christus.

10 *Maar as Christus in julle is* ... Wat hy vroeër van die Gees gesê het, sê hy nou van Christus. Daardeur word die wyse waarop Christus in ons woon, aangedui, want soos Hy ons deur die Gees tot tempels in Homself heilig, so woon Hy deur dieselfde Gees in ons. Maar dit wat ons vroeër aangeraak het, verduidelik hy nou breedvoeriger, naamlik dat die kinders van God nie geestelik geag word op grond van ’n volkome en volledige volmaaktheid nie, maar alleen omdat die nuutheid van die lewe in hulle

begin het. Hier is egter ’n antisipasie, waardeur hy die twyfel ondervang wat ons andersins kon gekwel het; want hoewel die Gees een deel van ons in beslag geneem het, sien ons tog dat die ander deel tot dusver deur die dood beset word. Gevolglik antwoord hy, dat die krag om lewend te maak in die Gees van Christus geleë is, wat die krag het om ons sterflikheid te absorbeer. Vandaar gee hy te kenne dat geduldig gewag moet word totdat die oorblyfsels van die sonde geheel en al vernietig word. Vervolgens is lesers vantevore gemaan om nie onder die woord *gees* ons siel te verstaan nie, maar die Gees van die wedergeboorte. Paulus noem dit die lewe, nie alleen omdat Hy in ons lewe en kragvol werksaam is nie, maar ook omdat Hy ons deur sy krag lewend maak, totdat Hy, nadat die sterflike vlees volkome uitgewis is, ons uiteindelik vernuwe. So dui hy aan die ander kant die woord *liggaam* aan as daardie growwe massa, wat nog nie deur die Gees van God gesuiwer is van die aardse vuilhede nie en wat in niks anders as die onsmaaklike behae het nie; want anders sou dit ongerymd wees om die skuld van die sonde aan die liggaam toe te skryf. Bowendien is die siel so min die lewe (self) dat dit self nie eens lewe nie. Die bedoeling van Paulus is derhalwe dat, hoewel die sonde ons ter dood veroordeel, in soverre in ons nog die verdorwenheid van ons eerste natuur oorbly, die Gees van God tog die oorwinnaar is, en dit is geen struikelblok dat ons slegs met die eerstelinge (van die Gees) begiftig is nie, want selfs ’n enkele vonk van die Gees is die kiemsel van die lewe.

11 *En as die Gees van Hom* ... Dit is ’n bevestiging van die voorgaande uitspraak, en is ontleen aan die werkende oorsaak, op hierdie manier: As Christus deur die krag van die Gees van God opgewek is, en die Gees ewig sy krag behou, sal Hy ook in ons dieselfde krag uitoefen. Maar hy aanvaar dit as vasstaande dat daar in die persoon van Christus ’n voorbeeld van die krag geopenbaar is wat aan die hele liggaam van die kerk toekom. Aangesien hy egter God die bewerker van die wederopstanding maak, skryf hy die lewendmakende Gees aan Hom toe.

... *wat Jesus uit die dood opgewek het* ... Hy verwys na God by wyse van ’n omskrywing, wat in die huidige onderwerp meer toepaslik is as wanneer hy Hom eenvoudig by sy naam sou genoem het. Om dieselfde rede skryf hy die eer vir die opwekking van Christus aan die Vader toe, want dit was meer effektief om te bewys wat hy in gedagte gehad het as wanneer hy dit aan Christus self toegereken het. Dit kon immers teengewerp word, dat Christus by magte was om Homself op te wek deur daardie vermoë waarvan alle mense ver verwyderd is. Wanneer hy dus sê dat God Christus deur sy Gees opgewek het, wat Hy ook aan julle meegedeel het, kan daar niks daarteen aangevoer word nie, omdat hy op hierdie manier die hoop op die wederopstanding vir ons ’n sekerheid gemaak het. En dit doen

hoegenaamd niks af aan die ander uitspraak in Johannes 10:18 nie: *Ek het mag om dit af te lê en Ek het mag om dit weer te neem.* Dit is ongetwyfeld so dat Christus uit Homself en uit eie krag opgestaan het, maar soos wat Christus gewoond was om enige goddelike krag wat in Homself geleë is, aan die Vader toe te skryf, net so het die apostel dit ook nie onvanpas aan die Vader oorgedra, wat in Christus besonderlik ’n eie werk van sy goddelikheid was nie. Verder noem hy *sterflike liggame*, dit wat nog steeds in ons onderworpe bly aan die dood, volgens sy gewoonte om die growwere deel van ons met hierdie benaming aan te dui. Hieruit moet ons aflei dat nie gepraat word oor die uiteindelike wederopstanding, wat in ’n oogwenk sal gebeur nie, maar (dat gepraat word) oor die voortdurende werking van die Gees, waardeur Hy langsamerhand die oorblyfsels van die vlees doodmaak en die hemelse lewe in ons vernuwe.

12 Daarom dan, broeders, is ons skuldenaars, nie aan die vlees om na die vlees te lewe nie;
13 want as julle na die vlees lewe, sal julle sterwe, maar as julle deur die Gees die werke van die liggaam doodmaak, sal julle lewe.
14 Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God.

12 Itaque fratres, debitores sumus, non carni, ut secundum carnem vivamus.
13 Si enim secundum carnem vixeritis, moriemini: si vero Spiritu facta carnis mortificaveritis, vivetis.

14 Quicunque enim Spiritu Dei aguntur, ii filii Dei sunt.

12 *Daarom dan, broeders, is ons skuldenaars* ... Dit is ’n gevolgtrekking uit die voorgaande; want as die vlees afgelê moet word, behoort ons niks daarmee te doen hê nie. En aan die ander kant, as die Gees in ons behoort te regeer, is dit ongerymd om nie te steun op sy wil nie. Die redevoering van Paulus is hier gebrekkig, omdat hy die ander deel van die teenstelling weglaat, naamlik dat ons skuldenaars teenoor die Gees is. Die ware betekenis blyk egter nie onduidelik nie. Maar hierdie gevolgtrekking het die krag van ’n aansporing, soos wat hy altyd gewoond is om uit die leer ’n aansporing af te lei, so vermaan hy op ’n ander plek (Ef. 4:30) om die Gees van God, waardeur ons verseël is tot op die dag van die wederopstanding, nie te bedroef nie. So ook in Galásiërs 5:25: *As ons deur die Gees lewe, laat ons ook deur die Gees wandel.* Maar dit gebeur, wanneer ons die begeerlikhede van die vlees verloën, sodat ons ons as ’t ware toewy in diensbaarheid aan die geregtigheid van God. So moet inderdaad geredeneer word, en nie soos sommige godslasteraars gewoond is om te doen, deur te babbel dat ons ledig moet wees omdat ons tot niks in staat is nie. En dit is asof daar teen God oorlog gevoer word wanneer ons sy aangebode genade met minagting en onverskilligheid uitblus.

13 *want as julle na die vlees lewe* ... Hy voeg ’n bedreiging by, waardeur hy des te skerper al hul geesverdowing uitskud, en waarmee hulle wat roem op die regverdigmaking van die geloof sonder die Gees van Christus behoorlik weerlê word, hoewel hulle meer as genoegsaam deur hul eie gewete weerlê word, omdat daar geen vertroue op God is waar daar nie ook liefde vir die geregtigheid is nie. Dit is seker waar dat ons alleen deur die barmhartigheid van God in Christus geregverdig word, maar dit is in gelyke mate waar en seker dat almal wat geregverdig word, deur die Here geroep word om waardig aan sy roeping te lewe. Laat die gelowiges dus leer om Hom nie alleen in die geregtigheid nie, maar ook in die heiligmaking te omhels, soos wat Hy aan ons vir beide doeleindes gegee is, sodat hulle Hom nie deur hul verminkte geloof uiteen sal skeur nie.

... *maar as julle deur die Gees die werke van die liggaam doodmaak* ... Op hierdie manier matig hy die uitspraak, sodat hy nie die geestesgesteldheid van die vromes wat tot dusver van hul baie swakhede bewus was, terneerdruk nie. Hoewel ons immers nog steeds aan die sonde onderworpe is, beloof hy tog nietemin aan ons die lewe, indien ons die strewe om die vlees te dood, voortsit. Hy vereis streng gesproke immers nie die vernietiging van die vlees nie, maar hy beveel ons om te stry om die bose luste daarvan te bedwing.

14 *Want almal wat deur die Gees van God gelei word* ... Dit is die bewyslewering van dit wat direk voorafgegaan het. Want hy leer dat alleen hulle as kinders van God geag word, wat deur sy Gees regeer word, omdat God met hierdie merkteken hulle as sy eie erken. So word die ydele roem ontneem van die geveinsdes, wat hulle sonder rede die titel (van kinders van God) aanmatig, en die gelowiges word begeester tot ontwyfelbare vertroue op hul saligheid. In hoofsaak kom dit hierop neer: Wie ook al gelei word deur die Gees van God, is kinders van God – alle kinders van God is erfgename van die ewige lewe – gevolglik behoort almal wat deur die Gees van God gelei word, seker te wees aangaande die ewige lewe. Die middelste stelling, of *assumptio* (veronderstelling) is egter weggelaat, omdat dit vanselfsprekend was. Verder behoort opgemerk te word dat die werking van die Gees veelvuldig is. Daar is immers ’n universele werking, waardeur alle geskapenes onderhou en beweeg word; daar is ook ’n besondere werking in die mense, en dié is verskeie. Hier bedoel hy egter die heiligmaking, waarmee die Here alleen sy uitverkorenes begunstig, wanneer Hy hulle tot sy kinders afsonder.

15 Want julle het nie ontvang ’n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle

15 Et enim non accepistis spiritum servitutis iterum in terrorem: sed accepistis Spiritum

het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba Vader!
16 Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is;
17 en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede-erfgename van Christus, as ons naamlik met Hom ly, sodat ons ook dan met Hom verheerlik kan word.
18 Want ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie.

adoptionis, per quem clamamus, Abba, Pater.
16 Ipse enim Spiritus simul testificatur spiritui nostro quod sumus filii Dei:
17 Si vero filii, etiam haeredes; haeredes quidem Dei, cohaeredes autem Christi: siquidem compatimur, ut et una glorificemur.
18 Existimo certe non esse pares afflictiones hujus temporis ad futuram gloriam quae revelabitur erga nos.

15 Hy bevestig nou die sekerheid van die geloof, waarin hy die gelowiges voorheen beveel het om te rus, en dit doen hy deur te wys op die besondere werking van die Gees. Want Hy is nie aan ons gegee om ons met siddering neer te werp of met angsvalligheid te folter nie, maar eerder om, nadat alle onrus gestil is en terwyl ons gemoedere in ’n staat van gerusstelling gebring is, ons op te wek om God met vertroue en vrymoedigheid aan te roep. Hy vervolg dus nie alleen die beredenering wat hy vantevore aangeraak het nie, maar staan uitvoeriger stil by die ander deel wat hy daaraan verbind het, naamlik die vaderlike verdraagsaamheid van God, waardeur Hy sy kinders die swakheid van die vlees en die gebreke waarmee hulle steeds worstel, vergewe. Hy leer dat die geloof in hierdie opsig vir ons seker gemaak word deur die Gees van aanneming, wat aan ons die vertroue om te bid slegs kan ingee deur die onverdiende vergifnis te verseël. En om dit des te beter te verduidelik, vermeld hy tweërlei gees; die een noem hy die gees van slawerny, wat ons uit die wet kan te voorskyn roep, en die ander die Gees van aanneming, wat uit die evangelie te voorskyn kom. Van die eerste sê hy dat dit vroeër tot vrees gegee was en dat die tweede vandag tot gerusstelling gegee word. Uit sodanige vergelyking van teenoorgesteldes word (soos jy sien) die sekerheid van ons saligheid, wat hy wil bevestig, duidelik. Van dieselfde vergelyking maak die skrywer van die brief aan die Hebreërs gebruik, wanneer hy sê dat ons nie by die berg Sinai gekom het waar alles so skrikwekkend was dat die volk as ’t ware verbysterd deur die onmiddellike aankondiging van die dood, gesmeek het dat die woord nie met hulle sal gebeur nie, en Moses self bely het dat hy verskrik was (Heb. 12:18); maar dat ons gekom het by Sion, die berg van die Here, en by sy stad, die hemelse Jerusalem, waar Jesus die Middelaar van die Nuwe Testament is, ens., (Heb. 12:22-24). Uit die bywoord *weer* lei ons af dat die wet hier met die evangelie vergelyk word, omdat die Seun van God deur sy koms aan

ons ’n onskatbare voorreg toebedeel het, sodat die slaafse voorwaarde van die wet ons nie langer bind nie. Tog moet jy nie hieruit aflei dat niemand voor die koms van Christus met die Gees van aanneming bedeeld was nie, of dat almal wat die wet ontvang het, slawe was en nie kinders nie. Hy vergelyk naamlik eerder die diens van die wet met die bedeling van die evangelie, as wat hy persone met persone vergelyk. Ek erken wel dat die gelowiges hier daaraan herinner word hoeveel meer milddadig God nou met hulle handel as voorheen met die vaders onder die Ou Testament. Hy neem die uitwendige bedeling in ag, ten opsigte waarvan ons alleen bo hulle uitstyg; want hoewel die geloof van Abraham, Moses en Dawid uitnemender was as ons s’n, het hulle, vir soverre God hulle blykbaar onder ’n tugmeester gehou het, nog nie gevorder tot die vryheid wat aan ons geopenbaar is nie. Terselfdertyd moet egter opgemerk word dat hy opsetlik, vanweë die vals apostels, die teenstelling maak tussen die letterlike dissipels van die wet en die gelowiges, vir wie Christus nie alleen as hemelse leermeester met die stem van sy mond aanspreek nie, maar ook innerlik deur sy Gees doeltreffend onderrig. En hoewel die verbond van genade in die wet vervat is, verwyder hy tog dit daaruit, omdat hy, wanneer hy die evangelie daarteen stel, niks anders in ag neem as dit wat eie aan die wet is nie, naamlik om te gebied en te verbied, en oortreders deur die aankondiging van die dood in bedwang te hou. En so beklee hy die wet met sy eie hoedanigheid, waarin dit van die evangelie verskil. Of as iemand dit so verkies: hy stel die wet alleen in soverre God daarin met ons ’n verbond oprig met in aanmerkingneming van die werke. Wat persone betref moet derhalwe aanvaar word dat toe die wet afgekondig is en ook na die afkondiging, daar in die Joodse volk vromes was wat met dieselfde Gees van die geloof bedeeld was, en dat die hoop op die ewige erfenis gevolglik in hul harte verseël was, waarvan die Gees die onderpand en seël is. Die enigste verskil is dat die Gees in die ryk van Christus meer weldadig en met kwistiger hand uitgestort is. En as jy op die uitdeling van die leer self let, sal dit blyk dat die saligheid eers toe met sekerheid geopenbaar is toe Christus in die vlees verskyn het. Alles was onder die Ou Testament gehul in soveel duisternis, as wat dit glashelder in die evangelie is. Vervolgens, indien die wet op sigself beskou word, kan dit die mense wat verslaaf is aan die ellendige slawerny, ook met niks anders as die verskrikking van die dood vasklem nie, omdat dit niks goeds beloof, behalwe onder ’n voorwaarde nie, maar inderdaad die dood aankondig oor alle oortreders. Daarom, soos wat daar onder die wet die Gees van diensbaarheid was, wat die gewete met vrees benou het, net so is daar onder die evangelie die Gees van aanneming, wat ons gemoedere met die getuienis van ons saligheid tot vrolikheid stem. Let egter op dat die verskrikking aan die diensbaarheid verbind word, omdat daar niks anders kan gebeur as dat die wet, solank dit sy heerskappy uitoefen, die siele pynig en kruisig met ’n

ellendige ongerustheid nie. Daarom is daar geen ander heelmiddel om hulle tot rus te bring nie as wanneer God, deur ons misdade te vergewe, verdraagsaam is soos ’n vader teenoor kinders.

... *deur wie ons roep* ... Hy verander hier die persoon, sodat hy uitdrukking mag gee aan die gemeenskaplike stand van alle gelowiges, asof hy wou gesê het: Julle het die Gees ontvang, deur wie julle uitroep, net soos ons en die res van die gelowiges. En die uitdrukking het geen geringe krag tot navolging nie, omdat hy in die persoon van die gelowiges die naam *Vader* uitspreek. Die verdubbeling van die benaming in verskillende tale, bevat ’n uitbreiding, want Paulus dui so aan dat die barmhartigheid van God nou verkondig is oor die hele aarde, sodat Hy sonder onderskeid in alle tale aangeroep word, soos ook deur Augustinus opgemerk. Dus wou hy die ooreenstemming onder alle volke uitdruk. Hieruit volg dat daar nou geen verskil is tussen Griek en Jood nie, wat met mekaar saamgegroei het. Die profeet Jesaja spreek anders (Jes. 19:18), wanneer hy sê dat die taal van Kanaän gemeenskaplik aan almal sal wees. Tog is die betekenis dieselfde omdat hy nie let op die uitwendige taal nie, maar op die eensgesindheid van die hart in die diens van God, en op dieselfde ongeveinsde strewe om hulle te stel in sy ware en suiwere diens. Die woord *roep* het hy gebruik om aan die vertroue uitdrukking te gee, asof hy wou gesê het: Ons bid nie twyfelend nie, maar verhef onbeskroomd ’n helder stem tot die hemel. Die gelowiges het inderdaad ook onder die wet God Vader genoem, maar tog nie met so ’n vrymoedige vertroue nie, omdat die voorhangsel hulle ver gehou het van die heiligdom. Maar nou, waar die toegang vir ons geopen is deur die bloed van Christus, behoort ons met vrymoedigheid en as ’t ware met volle mond te roem dat ons kinders van God is; vandaar word hierdie uitroep gebore. Uiteindelik word die profesie van Hoséa (Hos. 2:22) so vervul: *Ek sal aan julle sê: Julle is my volk, en julle sal van julle kant antwoord: U is ons God*.[1)] Hoe duideliker die belofte immers is, hoe groter is die vrymoedigheid om te bid.

16 *Die Gees self getuig* ... Hy sê nie blootweg dat die Gees van God vir ons gees ’n getuie is nie, maar hy gebruik ’n samegestelde werkwoord, wat ons kon vertaal het met *contestatur*, as dit nie was dat *contestatio* in Latyn

---

[1)] Calvyn verwys na Hoséa 2:23, maar hier is waarskynlik weer ’n geval van tekste met verskillende vers-indelings. In die 1933-1953-vertaling kom die woorde, enigsins anders gefraseer, in Hoséa 2:22 voor. Volledig lui dit soos volg: *En Ek sal haar vir my saai in die land en My oor Lo-Rugáma ontferm, en aan Lo-Ammi sê: Jy is my volk; en hy sal sê: My God! – die vertaler*

iets anders beteken nie[1]. Paulus bedoel egter dat die Gees van God sodanige getuienis aan ons gee, dat met Hom as leier en leermeester, ons gees aanvaar dat die aanneming van God vasstaande is. En ons gemoed sal immers nie uit eie beweging hierdie geloof aan ons dikteer nie, behalwe deur die voorafgaande getuienis van die Gees. Verder is dit die verklaring van die voorgaande uitspraak, want wanneer die Gees teenoor ons getuig dat ons kinders van God is, stort Hy terselfdertyd hierdie vertroue in ons harte dat ons dit waag om God as Vader aan te roep. En sekerlik, aangesien die vertroue van die hart alleen ons mond open, sal ons tonge stom wees in die uiter van gebede as die Gees nie getuienis van die vaderlike liefde van God in ons harte lê nie. Daar moet immers altyd vasgehou word aan hierdie grondwaarheid: naamlik dat ons alleen op die regte manier tot God bid, as ons nie slegs met die mond Hom Vader noem nie, maar ook in ons harte oortuig is dat Hy dit vir seker is. Hieraan beantwoord ook ’n ander grondwaarheid, dat ons geloof alleen beproef (bewys) word deur die aanroeping van God. Derhalwe is dit nie sonder rede nie dat Paulus, wanneer hy ons oproep tot hierdie ondersoek, aantoon dat dit dan eers vasstaande is hoe ernstig elkeen glo wanneer hulle wat die belofte van die genade omhels het, hulself oefen in gebede. En hier word ook daardie onbenullighede van die sofiste oor die sedelike[2] gissing uitnemend weerlê, wat niks anders is as onsekerheid en beangstheid van die hart, ja, eerder ’n wankeling en ’n drogbeeld. Terselfdertyd word op hul beswaar geantwoord. Hulle vra op watter manier kan ’n mens ’n begrip hê van die wil van God. En hierdie sekerheid val nie binne die menslike bevatlikheidsvermoë nie, maar dit is ’n getuienis van die Gees van God, soos wat hy dit breedvoeriger behandel in die eerste brief aan die Korinthiërs, waarvandaan ’n vollediger uiteensetting van hierdie vers gesoek moet word. Derhalwe staan die uitspraak vas dat niemand ’n kind van God genoem kan word wat homself nie as sodanig erken nie. Hierdie erkenning word deur Johannes *wetenskap* genoem om die sekerheid daarvan aan te dui (I Joh. 5:19, 20).

---

[1] Calvyn het waarskynlik hier die terminologie van die Romeinse prosesreg in die oog. Nadat gedingspartye hul pleitstukke opgestel het, het ’n fase gevolg wat *litis contestatio* genoem is. Die woord *contestatio* dui hier op die inroep van getuies. Logies sou ’n mens verwag het dat *contestari* sal beteken *om saam te getuig*, want die voorsetsel *con* het meestal die betekenis van *saam*, en *testari* beteken *om te getuig*. Taal is egter nie altyd logies nie. – *die vertaler*

[2] Die grondteks waaruit vertaal word, bevat die woorde *de mortali coniectura* (aangaande die dodelike gissing). Maar omdat Calvyn reeds vantevore verwys het na die beskouing van die sofiste oor die sedelike gissing (*de morali coniectura*), moet aanvaar word dat ons hier met ’n oorskryffout te make het – *mortali* in plaas van *morali*. – *die vertaler*

17 *en as ons kinders is* ... Hy lewer ’n bewys deur ’n argument geneem uit aanverwante en verbandhoudende sake, waarin hy die saligheid as vasstaande stel as ons God as Vader het. Die erfenis is vir die kinders bestem; wanneer God ons dus as kinders aangeneem het, bestem Hy terselfdertyd ook die erfenis vir ons. Vervolgens voeg hy daaraan toe hoedanig die erfenis is, naamlik ’n hemelse erfenis, dit wil sê onverdorwe en ewig, en wat in Christus geopenbaar is. Deur hierdie openbaring word ook alle onsekerheid weggeneem en die uitnemendheid van die erfenis aangeprys, wat ons gemeenskaplik met die Eniggebore Seun van God self deel. Maar dit is die voorneme van Paulus, soos aanstons beter sal blyk, om die beloofde erfenis aan ons in heldere lig te stel sodat ons, daarmee tevrede, die versoekinge van die wêreld manmoedig kan aflê en geduldig al die moeilikhede verdra wat ons hier op aarde verdruk.

... *as ons naamlik met Hom ly* ... Daar is verskillende verklaringe van hierdie woorde, maar die opvatting wat bo al die ander my goedkeuring wegdra, is die volgende: Ons is mede-erfgename van Christus, mits ons in die aanvaarding van die erfenis, dieselfde weg volg as waarop Hy voorgegaan het. En hy het so melding gemaak van Christus omdat hy daarmee as ’t ware trapsgewys ’n oorgang wou maak na hierdie aanmoediging: die erfenis van God is ons s’n, aangesien ons deur sy genade tot sy kinders aangeneem is. En dat dit nie aan twyfel onderhewig mag wees nie, is die besit daarvan reeds aan Christus verleen, wie se deelgenote ons gemaak is. Maar Christus het dit deur die kruis verkry; derhalwe kan dit ook op daardie manier tot ons kom. En daar moet nie besorgdheid wees dat Paulus, soos sommige vrees, op hierdie manier die oorsaak van die ewige heerlikheid toeskryf aan ons werke nie; want hierdie manier van praat is nie ongewoon aan die Skrif nie. Hy dui egter die volgorde aan wat die Here volg in die toedeling van die saligheid aan ons, eerder as die oorsaak daarvan. Hy het immers voorheen die onverdiende barmhartigheid van God voldoende verdedig teenoor die verdienste van die werke. Nou, terwyl hy ons aanspoor tot lydsaamheid, redeneer hy nie oor die vraag waarvandaan ons saligheid kom nie, maar op watter manier God sy kinders regeer.

18 *Want ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd* ... Hoewel hulle wat dit aanvaar in die sin van ’n verbetering, nie heeltemal onvanpas handel nie, verkies ek tog om dit te beskou as ’n antisipasie om die aansporing te versterk, sodat dit die volgende betekenis het: En dit behoort inderdaad vir ons nie ’n kwelling te wees as daar langs die weg van verskeie beproewinge heen na die hemelse heerlikheid voortgegaan moet word nie, omdat die beproewinge van baie weinig belang is as dit met die grootsheid van hierdie heerlikheid vergelyk word. Hy het die toekomende

heerlikheid vermeld in die plek van die ewige heerlikheid, om so aan te dui dat die beproewinge van die wêreld spoedig verbygaan. Hieruit blyk dit dat hierdie deel uiters sleg deur die skolastici verstaan is, want hulle het hieruit hul eie oppervlakkige onderskeid onttrek, naamlik tussen verdienste wat berus op 'n verdrag van God met die mens, en die verdienste wat voortspruit uit die werke[1]. En die apostel vergelyk immers nie die waardigheid van albei (soorte verdienste) nie, maar hy verlig slegs die sware gewig van die kruis deur 'n vergelyking met die grootsheid van die heerlikheid, en hy doen dit om die harte van die gelowiges tot lydsaamheid te bevestig.

19 Want die skepping wag met reikhalsende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God.
20 Want die skepping is aan die nietigheid onderworpe – nie gewillig nie, maar ter wille van hom wat dit onderwerp het –
21 in die hoop dat ook die skepping self vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlikheid van die kinders van God.
22 Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe.

19 Siquidem intenta expectatio creaturae, revelationem filiorum Dei expectat:

20 Vanitati enim creatura subjecta est non volens, sed propter eum qui subjecit ipsam in spe;

21Quoniam ipsa quoque creatura asseretur a servitute corruptionis in libertatem gloriae filiorum Dei.

22 Novimus enim quod creatura universa congemiscit, et ad hunc diem parturit.

19 *Want die skepping wag met reikhalsende verlange* ... Hy leer dat daar selfs in stomme skepsels 'n voorbeeld vir ons voor hande is van daardie lydsaamheid waartoe ons aangespoor is; want so aanvaar ek hierdie vers, terwyl ander beskouinge buite rekening gelaat word. Daar is geen element of deel van die wêreld wat, as 't ware aangeraak deur die erkenning van die teenwoordige ellende, nie die hoop op die wederopstanding rig nie. Hy bring inderdaad twee sake na vore: dat alle skepsels in nood verkeer, maar tog deur hoop staande gehou word. Hieruit blyk ook hoe geweldig groot die prys van die ewige heerlikheid is – dat dit alle dinge kan opwek en meesleur tot die verlange daarna. Verder, die uitdrukking *exspectatio*

[1] Calvyn gebruik hier weer die twee moeilik vertaalbare woorde *congruus* en *condignus*. Kyk die voetnoot op bl. 85. – *die vertaler*

exspectat (*die verwagting* of *verlang verwag*)[1], hoewel enigsins ongebruiklik, het tog ’n uiters gepaste betekenis, want hy wil aandui dat die skepsels wat deur groot beangstheid aangegryp word en deur ’n sterk verlange in spanning gehou word, uitsien na daardie dag wat die heerlikheid van die kinders van God duidelik sal openbaar. Hy noem die openbaarmaking van die kinders van God, omdat ons aan God gelykvormig sal wees, ooreenkomstig dit wat Johannes sê: *Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is* (I Joh. 3:2). Ek het egter die woorde van Paulus behou, omdat die vertaling van Erasmus, naamlik *totdat die kinders van God geopenbaar sal word*, vir my meer gewaagd as gepas lyk, en dit tog nie voldoende die bedoeling van die apostel uitdruk nie. Hy bedoel immers nie dat die kinders van God op die laaste dag geopenbaar sal word nie, maar dat dan geopenbaar sal word hoe begerenswaardig en geluksalig hul toestand sal wees wanneer hulle, ontdaan van hul verdorwenheid, hulle met die hemelse heerlikheid sal beklee. Hy skryf immers hoop toe aan die (redelose) skepsels, en dit met hierdie doel – dat die gelowiges hul oë sal open om die onsigbare lewe te aanskou, hoewel dit tot nou toe bedek is onder ’n wanstaltige bekleding.

20 *Want die skepping is aan die nietigheid onderworpe* ... Hy verklaar die doel van die verwagting uit die teenoorgestelde; want aangesien die skepsels, wat nou aan die verdorwenheid onderworpe is, nie vernuwe kan word voordat die kinders van God in volkomenheid herstel is nie, rig hulle, terwyl hulle die vernuwing verwag, hul oë op die openbaring van die hemelse koninkryk. Hy sê dat hulle aan die nietigheid onderworpe is omdat hulle nie in ’n vaste en duursame staat verkeer nie, maar as ’t ware verdwynend en fladderend in ’n snelle loop voortgaan. En dat hy die nietigheid stel teenoor die ongeskonde natuur, ly geen twyfel nie.

... *nie gewillig nie* ... Omdat sodanige skepsels geen verstand het nie, moet die wil sekerlik opgevat word as ’n natuurlike neiging, waarvolgens die hele natuur van dinge gedryf word na sy instandhouding en vervolmaking. Terwyl die natuur weerspannig en afstootlik is, verduur alle dinge, wat onder verdorwenheid geknel gaan, gevolglik gewelddadigheid. Maar hy stel

---

[1] Dit wil voorkom asof die 1933-1953-vertaling doelbewus hierdie toutologiese manier van uitdrukking vermy het – en dit op ’n heel behendige wyse, sonder om die inhoud skade aan te doen. Vergelyk hiermee die weergawe van die *Authorized Version* wat soos volg lui: *For the earnest expectation of the creature waiteth for the manifestation of the sons of God. – die vertaler*

deur die figuur van προσωποποίᾳ[1]), die afsonderlike dele van die wêreld voor as bedeeld met verstand, waardeur hy des te meer ons wil beskaam ten opsigte van ons ongevoeligheid, as die onstandvastige weifeling van die wêreld, wat ons bemerk, ons nie hoër opvoer nie.

... *maar ter wille van hom* ... Hy stel nou aan ons die gehoorsaamheid van alle skepsels voor as ’n voorbeeld, en hy voeg daaraan toe dat dit uit hoop gebore word, omdat die bereidvaardigheid van die son, die maan en die sterre in hul vasgestelde gang hiervandaan kom; hiervandaan ook die ywer tot gehoorsaamheid van die aarde om vrugte voort te bring; hiervandaan is die onvermoeide beweging van die lug; hiervandaan is die krag van die water wat gereed staan om te vloei, omdat God aan elkeen sy taak opgelê het. En Hy het nie slegs deur ’n noukeurige bevel voorgeskryf wat Hy wil dat sal gebeur nie, maar Hy het tegelykertyd ook inwendig die hoop op die vernuwing ingeplant. In die droewige wanorde wat op die val van Adam gevolg het, sou die hele kunswerk van die wêreld byna terstond versmelt het, en al die dele daarvan sou uitmekaar geval het as daar nie ’n verborge standvastigheid van elders hierdie skeppingselemente ondersteun het nie. Dit sal uitermate skandelik wees as die onderpand van die Gees minder krag in die kinders van God het as wat die verborge aansporing in die sterflike skepsels het. Derhalwe, hoe ook al skepsels natuurlikerwys geneig is tot iets anders, gehoorsaam hulle sy bevel, omdat dit tog God behaag het om hulle te onderwerp aan die nietighede. En omdat Hy die verwagting op ’n beter toestand vir hulle geskep het, hou hulle hulself hiermee staande, terwyl hulle hul begeerte opskort, totdat die beloofde onverdorwenheid aan hulle geopenbaar word. Dit is weer ’n προσωποποίᾳ (*personifikasie*) wat die verwagting aan hulle toeskryf soos wat hy vroeër om te wil of nie te wil nie aan hulle toegeskryf het.

21 *in die hoop dat ook die skepping self vrygemaak sal word* ... Hy toon aan op watter manier die skepsel in sy hoop aan die nietigheid onderworpe is, omdat dit naamlik te eniger tyd sal gebeur dat hulle verlos word, soos Jesaja getuig en Petrus dit ook duideliker bevestig. Hieruit is dit paslik om te bedink watter skrikwekkende vervloeking ons verdien, omdat alle skepsels van die aarde af tot aan die hemel die straf vir ons sondes verduur, want dit is deur ons skuld veroorsaak dat hulle onder verdorwenheid gebuk gaan. So is die veroordeling van die menslike geslag soos ’n stempel afgedruk op die hemel, die aarde en alle geskape dinge. Hieruit blyk aan die ander kant ook tot watter uitnemende heerlikheid die kinders van God verhef sal word, want alle skepsels sal vernuwe word om

---

[1]) Personifikasie, dit wil sê ’n voorstelling van iets onpersoonliks as ’n persoon. – *die vertaler*

dit te vermeerder en luisterryk te maak. Verder bedoel hy nie dat die skepsels, saam met die kinders van God, deelgenote van dieselfde heerlikheid sal wees nie, maar dat hulle op hul eie manier deel sal hê aan ’n beter toestand, omdat God terselfdertyd die tans ineengestorte wêreld saam met die menslike geslag in ongeskondenheid sal herstel. Maar hoedanig daardie ongeskondenheid in die diere, sowel as in die plante en elemente sal wees, is nie gepas en ook nie reg om nuuskierig te ondersoek nie, omdat die dood die vernaamste deel van die bedorwenheid is. Spitsvondige mense, maar wat weinig sober denkend is, vra of die hele dierlike geslag onsterflik sal wees. As aan hierdie spekulasies die vrye teuels gegee word, waarheen sal dit ons uiteindelik lei? Laat ons derhalwe tevrede wees met hierdie eenvoudige leerstelling dat daar sodanige harmonie en so ’n goeie orde sal wees dat daar niks wanstaltig of kwynend sal wees nie.

22 *Want ons weet dat die hele skepping* ... Hy herhaal weer dieselfde uitspraak, waardeur hy ’n oorgang na ons bewerkstellig, hoewel dit wat nou gesê word die krag en die vorm van ’n gevolgtrekking het. Hieruit naamlik, dat die skepsels onderworpe is aan die verdorwenheid, en dit nie volgens natuurlike geneigdheid nie, maar kragtens ’n ordening van God dat hulle gevolglik die verwagting koester om eenmaal verlos te word van die verderf, volg daaruit dat hulle versugtinge uiter soos ’n vrou in barensnood totdat hulle bevry word. Hierdie vergelyking is egter uitnemend gepas sodat ons sal besef dat hierdie versugting, waaroor hy praat, nie ydel en ook nie uitsigloos is nie omdat dit uiteindelik ’n blye en gelukkige vrug sal baar. In kort beteken dit dat die skepsels nóg met hul teenwoordige toestand tevrede is en nóg tog so ly dat hulle sonder ’n heelmiddel te gronde gaan, maar dat hulle in barensnood is omdat ’n herstel in ’n beter toestand hulle te wagte is. Maar wanneer hy sê dat hulle saam ’n versugting uiter, bedoel hy nie dat hulle wedersyds deur gemeenskaplike beangstheid geknel word nie, maar hy voeg hulle as metgeselle by ons. Die woorde *tot nou toe*, of *tot op hierdie dag*, dien om die afkeer in die langdurige uitputting te verlig. As die skepsels immers soveel eeue gewag het in hul versugting, hoe onverskoonbaar sal ons weekheid of traagheid dan wees as ons te kort skiet in die verloop van ’n kort skaduagtige lewe?

23 En nie alleen dit nie, maar ons self ook wat die eerstelinge van die Gees het, ons sug ook in onsself in afwagting van die aanneming tot kinders, *naamlik* die verlossing van ons liggaam.

23 Non solum autem, sed ipsi quoque qui primordia Spiritus habemus; nos inquam ipsi in nobis ipsis gemimus,adoptionem expectantes, redemptionem corporis nostri.

24 Want ons is gered in hoop; maar die

24 Spe enim salvi facti sumus; spes vero

hoop wat gesien word, is geen hoop nie; want wat iemand sien, waarom hoop hy dit nog?
25 Maar as ons hoop wat ons nie sien nie, dan wag ons daarop met volharding.

quae conspicitur, non est spes,; quod enim conspicit quis, quomodo etiam speret?
25 Si ergo quod non conspicimus, speramus, per patientiam expectamus.

23 *En nie alleen dit nie* ... Daar is diegene wat dink dat die apostel hier die waardigheid van ons toekomstige saligheid wou verhoog, omdat alle dinge dit met brandende verlange verwag, en nie alleen die redelose skepsels nie, maar ook ons wat deur die Gees van God vernuwe is. Hierdie uitspraak kan wel verdedig word maar dit lyk tog vir my asof dit ’n vergelyking van die meerdere en die mindere is, asof hy wou gesê het: So groot is die uitnemendheid van ons toekomstige heerlikheid vir selfs die elemente wat sonder gevoel en rede is, dat hulle met brandende verwagting daarna aangevuur word; hoeveel te meer betaam dit ons, wat deur die Gees van God verlig is om, met die vastigheid van die verwagting en met die vuur van ywer, te streef en te stry na so ’n grootsheid van dit wat goed is. Maar hy vereis ’n tweevoudige gevoel in die gelowiges, naamlik om met ’n swaar gemoed oor die teenwoordige ellende te sug, en nietemin met lydsaamheid die verlossing te verwag. Hy wil immers dat hulle, opgehef deur die verwagting van die toekomstige saligheid en met verhewenheid van gemoed, al die teenwoordige ellendes te bowe kom sodat hulle nie sal dink hoedanig hulle nou is nie, maar hoedanig hulle in die toekoms sal wees.

... *maar ons self ook wat die eerstelinge van die Gees het* ... Wat sommige vertaal met *eerstelinge,* as ’n seldsame en uitnemende voortreflikheid, behaag my in geen opsig nie. Gevolglik, om dubbelsinnigheid te vermy, het ek verkies om te vertaal met *primordia* (*aanvangstadia*), want ek aanvaar hierdie uitspraak nie, soos hulle, as verwysende na die apostel alleen nie, maar as verwysende na die gelowiges in geheel, wat op hierdie aarde slegs met druppeltjies van die Gees besprinkel is of, as hulle die grootste vordering gemaak het, met ’n sekere mate van die Gees bedeeld is maar tog van die vervulling ver verwyderd is. Dit dan is vir die apostel die beginne of eerstelinge, waarteenoor die volkome oes gestel word. Aangesien ons immers nog nie met ’n oorvloed (van die Gees) begiftig is nie, is dit geen wonder dat ons tot onrustigheid beweeg word nie. Maar dat hy die woorde *ons self* herhaal en daaraan toevoeg *in ons self,* dit doen hy as beklemtoning om daardeur die verwagting vuriger uit te druk. Hy noem dit nie alleen verwagting nie, maar ook versugting, omdat daar waar ’n gevoel van ellende is, ook ’n versugting aanwesig is.

... *in afwagting van die aanneming tot kinders* ... Inderdaad ontoepaslik, maar tog nie sonder die beste rede nie, word die aanneming hier genoem om die voordeel van die erfenis, waartoe ons aangeneem is, aan te dui. Paulus dui immers aan dat die ewige dekreet van God, waardeur ons voor die grondlegging van die wêreld tot sy kinders uitverkies is, en waaroor deur die evangelie aan ons getuig word, en waarvan Hy die geloof deur die Gees in ons harte verseël, tevergeefs sou gewees het as daar nie ’n sekere belofte van die wederopstanding was, wat die vrug daarvan is nie. Want waartoe is God vir ons ’n Vader anders as dat ons, nadat ons die aardse rondswerwing beëindig het, die hemelse erfenis ontvang? Dit wat hy spoedig toevoeg, naamlik *die verlossing van die liggaam* sien op dieselfde. Die prys vir ons verlossing was immers op so ’n manier deur Christus betaal, dat die dood ons nietemin steeds met sy bande gebonde hou, ja, dat ons die dood in ons binneste ronddra. Hieruit volg dat die offerande van Christus se dood ydel en onvrugbaar sou wees, tensy die vrugte daarvan blyk in die hemelse vernuwing.

24 *Want ons is gered in hoop* ... Met ’n ander argument bevestig Paulus sy aansporing, omdat ons saligheid naamlik nie geskei kan word van die verskyning van die dood nie, en dit bewys hy uit die aard van die hoop. Want omdat die hoop sig uitstrek tot dinge wat nog nie verkry is nie, en aan ons gedagtes oor sake ’n beeld voorhou wat verborge is of ten minste ver verwyderd, kan daar nie gehoop word op dit wat ook al openlik waargeneem word of in die hand gehou word nie. En Paulus stel dit as onaanvegbaar, wat nie ontken kan word nie, dat solank ons op aarde verkeer, ons saligheid in hoop geleë is. Hieruit volg dat dit by God weggelê is, ver bo ons waarneming. Dat hy sê dat die hoop nie geleë is in dit wat gesien word nie, is ’n krasse uitdrukking, maar dit verduister nie die betekenis nie. Hy wil immers eenvoudig leer dat, aangesien die hoop op die goeie in die toekoms en nie op die hede gerig is nie, dit nooit verbind is met wat ons openlik besit nie. Derhalwe, indien dit vir sommige swaar geval om te sug, dan is dit noodsaaklik dat hulle die orde wat deur God gestel is, omkeer, omdat Hy sy kinders nie tot die oorwinning roep voordat Hy hulle geoefen het in die stryddiens van die lydsaamheid nie. En aangesien dit God behaag het om ons saligheid as ’t ware in sy beslote boesem te bewaar, is dit vir ons voordelig om op aarde te swoeg, verdruk te word, te treur en in die ongeluk gestort te word, ja, om neergeslaan te lê soos halfdooies of soortgelyk aan dooies. Hulle wat immers ’n sigbare saligheid verlang, doen daarvan afstand, aangesien hulle die hoop verloën wat deur God as bewaarder daarvan verordineer is.

25 *Maar as ons hoop wat ons nie sien nie* ... Dit is ’n beredenering uit die voorgaande (as oorgang) na die volgende, want die lydsaamheid volg noodwendig op die hoop. As dit immers swaar is om die goeie wat jy begeer te ontbeer, moet jy in wanhoop versink, behalwe as jy jouself deur die lydsaamheid onderskraag en vertroos. Want die hoop dra altyd die lydsaamheid met hom mee. So is dit ’n uiters gepaste gevolgtrekking, dat wat ook al die evangelie beloof aangaande die heerlikheid van die wederopstanding, verdwyn as ons nie die teenwoordige lewe deurbring deur geduldig die kruis en beproewinge te dra nie. Want as die lewe onsigbaar is, moet ons die dood voor oë hê; as die heerlikheid onsigbaar is, is eerloosheid gevolglik teenwoordig. As jy hierdie passasie in weinig woorde wil saamvat, sal jy die argumente van Paulus in hiedie vorm rangskik: Vir al die vromes lê die saligheid in die hoop; dit is eie aan die hoop om gerig te wees op toekomstige en afwesige dinge; gevolglik is die saligheid van die gelowiges verborge. Die hoop word nou nie anders as deur lydsaamheid onderskraag nie; gevolglik word die saligheid van die gelowiges nie anders as deur lydsaamheid voltooi nie. Origens het ons hier ’n merkwaardige passasie, waaruit blyk dat die lydsaamheid die onafskeidbare metgesel van die geloof is. Die rede hiervoor is duidelik: omdat ons onsself in die hoop van ’n beter toestand vertroos, word die gewaarwording van die teenwoordige ellendes versag en getemper sodat dit nie te moeilik is om te verduur nie.

26 En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge.

27 En Hy wat die harte deursoek, weet wat die bedoeling van die Gees is, omdat Hy ooreenkomstig die wil van God vir die heiliges intree.

26 Similiter vero Spiritus etiam coopitulatur infirmitatibus nostris; non enim quid oraturi sumus quemadmodum oportet, novimus; verum Spiritus ipse intercedit pro nobis gemitibus inenarrabilibus.

27 Qui vero scrutatur corda, novit cogitationem Spiritus, quod secundum Deum intercedit pro sanctis.

26 *En net so kom ook die Gees* ... Sodat gelowiges nie as verskoning aanvoer dat hulle te swak is om soveel en so sware laste te kan dra nie, stel hy die hulp van die Gees aan hulle, wat oorvloedig genoegsaam is om alle moeilikhede te bowe te kom. Daar is dus nie ’n rede waarom enigiemand sal kla dat die verdra van die kruis sy kragte te bowe gaan nie, aangesien ons deur hemelse krag versterk word. En daar is groot krag geleë in die Griekse werkwoord συναντιλαμβάνεσθαι, wat naamlik aandui dat die Gees ’n deel van die las, waardeur ons swakheid beswaar word, op Homself neem, sodat Hy nie alleen ons ondersteun en te hulp kom nie,

maar ons tot so ’n mate ophef asof Hy saam met ons onder die las gebuk gaan. Die meervoud in die woord *swakhede* bevat ’n αὔξησιν (*versterking*). Aangesien ondervinding immers aantoon dat daar voortdurend ontelbare onheile op ons rus, tensy ons deur die hand van God ondersteun word, vermaan Paulus hier dat, hoewel ons ten alle dele swak is, en verskillende swakhede dreig om ons tot ’n val te bring, daar genoegsame hulp in die Gees van God is, sodat ons nooit tot wankeling gebring sal word nie of enige menigte van euwels ons sal oorweldig nie. Verder leer hierdie hulp van die Gees ons des te seker dat dit deur die ordening van God so gebeur dat ons deur sugte en steune ons verlossing nastreef.

... *want ons weet nie reg wat ons moet bid nie* ... Hierbo het hy gehandel oor die getuienis van die Gees, waardeur ons weet dat God ons Vader is en waardeur ons, aldus versterk, dit waag om Hom as Vader aan te roep. Nou herhaal hy weer daardie tweede deel van die aanroeping en sê dat ons deur dieselfde Gees geleer word hoe gebid moet word en wat in ons gebede van God gevra moet word. En uiters gepas verbind hy die gebede aan die kommervolle verlangens van die vromes, omdat God hulle nie op grond daarvan met ellendes tref sodat hulle innerlik sal teer op die verborge smart nie, maar sodat hulle deur te bid hulleself daarvan sal ontlas en so hulle geloof sal beoefen. Maar hoewel ek weet dat daar verskillende verklarings van hierdie deel gegee word, lyk dit tog vir my of Paulus hier eenvoudig wil aandui dat ons blind is in ons aanroeping van God, want hoewel ons die euwels in ons aanvoel, tog is ons gemoedere te verontrus en te verward om reg te kies wat paslik of nuttig is. As iemand sou teenwerp dat die reël daarvoor in die Woord van God voorgeskryf word, antwoord ek dat ons neiginge desondanks in duisternis opgesluit bly totdat die Gees dit deur sy lig voortlei.

... *maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge*. Hoewel dit uit die saak self en ook uit die gevolg nog nie blyk dat ons gebede deur God verhoor is nie, neem Paulus tog aan dat in die ywer om te bid self reeds die teenwoordigheid van die hemelse genade deurskyn, omdat niemand uit eie beweging heilige en vroom gebede kan uitspreek nie. Die ongelowiges rammel wel hul gebede af, maar met blote bespotting van God, omdat daar in hulle niks is wat opreg of ernstig of reg saamgestel is nie. Daarom is dit noodsaaklik dat die manier om reg te bid deur die Gees aan ons voorgesê word; gevolglik noem hy dit onuitspreeklike sugtinge, waarin ons uitbreek onder aandrywing van die Gees, omdat dit die bevatlikheid van ons verstand ver te bowe gaan. Maar daar word gesê dat die Gees van God vir ons intree, nie omdat Hy inderdaad Homself verneder om op smekende toon te bid of te sug nie, maar omdat Hy in ons

gemoedere daardie gebede verwek, waarmee ons aangevuur moet word. Vervolgens raak Hy ons harte so aan dat ons gebede met hul vurige verlange tot aan die hemel deurdring. En Paulus het dit so gestel om duideliker dit in geheel aan die Gees van genade toe te skryf. Ons word inderdaad beveel om te klop, maar niemand kan uit eie beweging selfs een lettergreep bedink as God ons nie deur die verborge ingewing van sy Gees beroer en so ons harte vir Hom open nie.

27 *En Hy wat die harte deursoek* ... Dat ons deur God verhoor word, wanneer ons deur sy Gees bid, is ’n uitnemende grond om in ons die vertroue te bevestig. Want Hy ken ons begeertes wel deeglik, siende dat dit deur sy Gees bedink is. En hier moet die eie aard van die woord *weet* aangemerk word, want dit dui aan dat God die aandoeninge van die Gees nie as nuwe of vreemde verskynsels beskou nie, of dit as ongerymd verwerp nie, maar dit aanvaar en tegelykertyd dit welwillend aanneem as deur Hom goedgekeur en beproef. Soos Paulus dus vroeër getuig het, dat God ons dan te hulp kom wanneer Hy ons as ’t ware in sy boesem intrek, so voeg hy nou ’n ander vertroosting by, naamlik dat ons gebede, waarvan Hyself die keurder is, nie in die minste vrugteloos sal wees nie. Die rede word ook dadelik bygevoeg, en wel omdat Hy ons so tot sy wil omvorm. Hieruit volg dat dit wat met sy wil in ooreenstemming is, nie tevergeefs kan wees nie omdat alle dinge daardeur regeer word. Laat ons ook hieruit leer dat dit wat die vernaamste plek in die gebed het, in ooreenstemming met die wil van Here moet wees, vir wie ons begeertes geensins gebonde hou nie. Daarom, as ons wens dat ons gebede deur God aangeneem word, moet ons Homself vra om dit te reël volgens sy wil.

28 En ons weet dat vir hulle vir wie God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is.

28 Novimus autem quod iis qui diligunt Deum omnia cooperantur in bonum, iis scilicet qui secundum propositum vocati sunt sancti.

29 Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders;

29 Quoniam quos praecognavit etiam praefinivit conformes imaginis Filii sui, ut sit ipse primogenitus inter multos fratres:

30 en die wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig; en die wat Hy geregverdig het, dié het Hy ook verheerlik.

30 Quos vero praefinivit, eos et vocavit; et quos vocavit, eos etiam justificavit; et quos justificavit, eos etiam glorificavit

HOOFSTUK 8

28 *En ons weet dat ...* Uit dit wat hierbo gesê is, maak hy nou die gevolgtrekking dat dit so ver daarvandaan is dat die kwellinge van hierdie lewe ons saligheid sou teenhou, dat dit eerder steunpilare[1)] daarvan is. En dit is geen hindernis dat hy ’n redegewende woord gebruik nie, omdat dit vir hom nie iets nuuts is om bywoorde op so ’n manier deurmekaar te meng nie, hoewel hierdie gevolgtrekking terselfdertyd ’n antisipasie bevat. Die mening van die vlees roep immers uit dat dit allermins blyk dat God ons gebede verhoor as ons beproewinge altyd met dieselfde gang voortduur. Derhalwe antisipeer die apostel dit (en sê): Hoewel God nie dadelik sy kinders te hulp kom nie, verlaat Hy hulle tog nie omdat Hy deur ’n wonderbaarlike kunsgreep dit wat skadelike dinge skyn te wees, omskep tot hulle saligheid. Indien iemand verkies om hierdie uitspraak op sigself te lees, naamlik dat Paulus met ’n nuwe argument aanvoer dat die teenspoede wat ons saligheid bevorder, nie met pynvolle gedagtes en teensin gedra moet word nie, staan ek dit nie teen nie. Intussen is die bedoeling van Paulus nie onduidelik nie: Die uitverkorenes en die verworpenes is weliswaar in gelyke mate aan dieselfde euwels onderworpe, maar tog is daar ’n groot verskil omdat God, terwyl Hy die gelowiges deur die aanvegtinge onderrig, hulle saligheid bevorder. Maar daar moet in gedagte gehou word dat Paulus slegs praat oor teëspoede asof hy wou gesê het: Alle dinge wat die heiliges ondervind, word so deur God getemper dat dit wat die wêreld as skadelik beskou, die uitkoms aantoon om nuttig te wees. Want hoewel dit waar is wat Augustinus sê, dat selfs hul sondes, deur die voorsienige bestel van God, die heiliges nie skade aandoen nie, maar dat dit veeleer dien tot hul saligheid, het dit tog nie betrekking op hierdie gedeelte wat oor die kruis handel nie. Daar moet opgemerk word dat hy die vernaamste deel van vroomheid onder die liefde van God saamvat sodat inderdaad alle strewe na geregtigheid daarvan afhang.

... *vir hulle wat na sy voorneme geroep is*. Dit lyk asof hierdie sinsnede ingevoeg is as ’n soort verduideliking, sodat iemand nie sou meen dat die gelowiges, omdat hulle God liefhet, soveel deur hul verdienste verkry dat hulle uit die teenspoede vrugte inoes nie. Ons weet immers dat, wanneer oor die saligheid gehandel word, die mense graag by hulleself begin en voorbereidings versin waarmee hulle die genade van God wil vooruitloop. Dus leer Paulus dat hulle wat hy dienare van God genoem het, vantevore deur Hom uitverkies is. Dit is immers seker dat orde so aangetoon word sodat ons mag weet dat dit in die eerste plek op die onverdiende

---

[1)] Die woord wat hier, by gebrek aan beter, met *steunpilare* vertaal word, dui eintlik op die soort steunmiddels wat ons in ’n wingerd aantref om die wingerdstokke orent te hou en die rigting van groei te bepaal. – *die vertaler*

aanneming van God berus – dat alles vir die heiliges op die saligheid uitloop. Ja, Paulus toon aan dat gelowiges God nie liefhet voordat hulle deur Homself geroep is nie. So herinner hy op ’n ander plek dat die Galásiërs deur God geken was voordat hulle Hom geken het (Gal. 4:9). Dit is seker waar wat Paulus hier sê, dat die beproewinge vir niemand anders as hulle wat vir God lief is, tot voordeel strek nie, maar die ander stelling van Johannes is ewe waar, naamlik dat Hy dan eers begin om deur ons bemin te word as Hy ons met sy onverdiende liefde vooruitgeloop het. Vervolgens strek die roeping waaroor Paulus hier praat, baie ver, want dit moet nie beperk word tot die openbaring van die uitverkiesing waarvan ’n weinig later melding gemaak sal word nie, maar dit word bloot gestel teenoor die menslike lewensloop, asof Paulus sou gesê het: Die gelowiges verkry nie vir hulleself uit eie beweging die vroomheid nie, maar word eerder deur die hand van God daartoe gelei, omdat Hy hulle as sy besitting[1)] uitverkies het. Die woord *voorneme* sluit uitdruklik alles uit wat versin word gemeenskaplik van mense afkomstig te wees, so asof Paulus wou ontken dat die oorsake van ons uitverkiesing op ’n ander plek gesoek moet word as in die verborge welbehae van God, soos duideliker blyk uit die eerste hoofstuk van die brief aan die Efésiërs, en dieselfde (tref ons aan) in II Timótheüs hoofstuk een, waar die teenstelling tussen hierdie voorneme en die menslike geregtigheid onomwonde uitgedruk word. Tog is daar geen twyfel nie dat Paulus hier by name gesê het dat ons saligheid gegrondves is op die uitverkiesing van God, om daarvandaan ’n oorgang te maak na daardie saak, wat hy onmiddellik toevoeg, naamlik dat die beproewinge, wat ons gelykvormig aan Christus maak, deur dieselfde hemelse besluit vir ons bestem is sodat Hy ons saligheid soos met ’n noodsaaklike band verbind aan die verduur van die kruis.

29 *Want die wat Hy vantevore geken het ...* Hy toon dus uit die orde van die uitverkiesing self aan dat alle beproewinge van die gelowiges niks anders inhou as die wyse waarop ons met Christus gelykvormig gemaak word nie; en dat dit noodsaaklik is, het hy vantevore getuig. Daar is daarom niks wat ons verdriet besorg, of bitter en swaar stem om verdruk te word nie, as ons nie die uitverkiesing van die Here, waardeur ons tot die lewe voorverordineer is, met verontwaardiging afkeur nie, en dit nie swaar vind

---

[1)] Calvyn gebruik die woord *peculium* wat hy ontleen aan die Romeinse reg. ’n *Peculium* is ’n bate, gewoonlik ’n geldbedrag, wat ’n heer aan sy slaaf by vrylating, of wat ’n vader aan sy seun by ontslag uit die vaderlike gesag, gee. Die slaaf of seun verkry nie eiendomsreg daarop nie, maar besit dit met die doel om daarmee te woeker. Mooi voorbeelde van so ’n toedrag van sake vind ons in die gelykenis van die talente en ook in die gelykenis van die verlore seun. Beide John Owen en DJ de Groot vertaal dit met *volk* – waarskynlik omdat hulle die woord *peculium* as enigsins onvanpas beskou het. – *die vertaler*

dat die beeld van die Seun van God, waardeur ons tot die hemelse heerlikheid voorberei word, in ons voorgestel word nie. Maar die voorkennis van God, waaraan Paulus hier herinner, is nie ’n blote vooraf wete soos sommige onwyse mense in dwaasheid versin nie, maar die aanneming, waardeur Hy altyd sy kinders van die verworpenes onderskei het. In dieselfde sin sê Petrus dat die gelowiges ooreenkomstig die voorkennis van God uitverkies is tot die heiligmaking van die Gees. Daarom het hulle, van wie ek gepraat het, op geklike manier afgelei dat God niemand anders uitverkies het nie as hulle wat Hy vooruit gesien het dat hulle sy genade waardig sou wees. Want ook Petrus vlei nie die gelowiges asof elkeen volgens sy eie verdienste uitverkies sou word nie; maar terwyl hy hulle terugroep na die ewige raadsplan van God, ontsê hy hulle direk alle waardigheid. In hierdie vers herhaal Paulus ook weer in ander woorde wat hy vroeër aangaande die voorneme aangeraak het. Hieruit volg dat hierdie kennis afhanklik is van die welbehae van God, omdat God niks buite Homself vooraf geweet het, terwyl Hy hulle wat Hy wou, aangeneem het nie, maar slegs aangedui het wie Hy wil verkies. Die werkwoord προορίζειν, wat sommige vertaal met *praedestinare* (*predestineer* of *voorbeskik*), moet verstaan word ooreenkomstig die verband van hierdie vers, omdat Paulus slegs bedoel dat God dit so bepaal het dat almal wat Hy aangeneem het, die beeld van Christus sou dra. En hy het nie blootweg gesê dat hulle gelykvormig aan Christus sal wees nie, maar (gelykvormig) *aan die beeld van Christus*, om te mag leer dat daar in Christus ’n lewende en opvallende voorbeeld bestaan, wat vir alle kinders van God ter navolging gestel word. Vervolgens is die hoofsaak die volgende: Die onverdiende aanneming waarin ons saligheid bestaan, is onafskeidbaar van daardie ander besluit wat voorgeskryf het dat ons die kruis moet dra, omdat niemand ’n erfgenaam van die hemele kan wees wat nie vantevore gelykvormig aan die Eniggebore Seun van God gewees het nie.

... *sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders*. Of *kon gewees het*, want die Griekse werkwoordvorm εἶναι kan op beide maniere vertaal word; tog geval die eerste weergawe my meer. Vervolgens, in die eersgeboorte van Christus wou Paulus alleen maar aanteken dat Christus, as Hy onder al die kinders van God die bevoorregte plek inneem, tereg vir ons as ’n voorbeeld gegee is, sodat ons ons nie aan iets onttrek wat Hy waardig geag het om te ondergaan nie. Derhalwe wil die hemelse Vader, deur op alle maniere getuienis te gee oor die reg en die waardigheid wat Hy aan sy Seun verleen het, dat almal wat Hy in die erfenis van sy koninkryk aanneem, gelykvormig sal word aan sy voorbeeld. Want hoewel die toestand van die vromes in voorkoms verskillend is, net soos wat daar tussen die verskillende dele van die menslike liggaam ’n verskeidenheid is,

tog is daar ’n uitsonderlike verbintenis met hul Hoof. Net soos die eersgeborene dus die familienaam in stand hou, so word Christus op ’n verhewe trap geplaas, om nie alleen onder die gelowiges uit te blink in eer nie, maar ook om almal onder Hom deur die kenteken van die gemeenskaplike broederskap verenig te hou.

30 *en die wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep ...* Om nou deur ’n duideliker bewysvoering die waarheid te bevestig, dat die gelykvormigheid aan die vernedering van Christus tot ons saligheid dien, gebruik hy ’n rangskikkingsorde waarin hy leer dat die gemeenskap van die kruis so met ons roeping, met ons regverdigmaking en uiteindelik met ons heerlikheid verband hou dat dit op geen manier van mekaar geskei kan word nie. Maar sodat lesers die bedoeling van die apostel beter sal verstaan, moet dit waarop ek vroeër gewys het, in die gedagte teruggeroep word, dat die werkwoord *verordineer* nie die uitverkiesing aandui nie, maar daardie voorneme of besluit van God waardeur Hy sy kinders tot die dra van die kruis verordineer het. En terwyl hy nou leer dat hulle geroep is, dui hy aan dat God dit wat Hy oor hulle besluit het, nie by Homself verborge hou nie, maar dat Hy dit geopenbaar het, sodat hulle die wet wat aan hulle opgelê is met ’n gelykmatige en vreedsame gemoed sal aanvaar. Roeping word hier as die mindere onderskei van die verborge uitverkiesing. So dat iemand nie sal teenwerp dat die lot wat God aan elkeen toebedeel het vir hom geensins vasstaan nie, sê die apostel dat God deur sy roeping openlik getuig aangaande sy verborge raadsbesluit. Hierdie getuienis bestaan egter nie alleen in die uitwendige verkondiging nie, maar het ook ’n verbintenis met die werking van die Gees, omdat daar gehandel word oor die uitverkorenes tot wie God nie alleen met die Woord spreek nie, maar ook innerlik nadertrek. Die regverdiging sou nie onvanpas uitgebrei kan word tot die voortdurende voortgang van die goddelike genade vanaf die roeping tot aan die dood nie. Maar omdat Paulus in die hele brief die woord *regverdiging* (of *regverdigmaking*) gebruik in die sin van die toerekening van onverdiende regverdigheid, is daar geen noodsaaklikheid wat ons dwing om van hierdie betekenis af te wyk nie. Die bedoeling van Paulus is immers dat aan ons ’n te kosbare skadeloosstelling gegee word, dat ons die beproewinge sou wou ontvlug. Maar wat is meer begerenswaardig as om met God versoen te word, sodat ons ellendes nie langer merktekens van die vervloeking is nie, en nie tot die verderf strek nie? Daarom voeg hy dadelik daaraan toe dat hulle, wat nou deur die kruis benou word, verheerlik word, sodat hul ellende en skandes geen verlies meebring nie. Hoewel die verheerliking nog nie anders as in ons Hoof geopenbaar is nie, omdat ons tog in Hom enigermate die erfenis van die ewige lewe aanskou, bring sy heerlikheid vir ons soveel sekerheid oor ons heerlikheid, dat ons

hoop tereg gelykgestel word aan die teenwoordige besit (daarvan). Voeg daarby dat Paulus, ooreenkomstig die uitdrukkingstyl van die Hebreeuse taal, in werkwoorde die verlede tyd gebruik in die plek van die teenwoordige tyd. Daar is sekerlik nie die minste twyfel nie, dat ’n voortdurende handeling in hierdie sin aangedui word: Hulle vir wie God nou ooreenkomstig sy raadsplan onder die kruis beproef, roep Hy terselfdertyd en regverdig hulle in die hoop op die saligheid, sodat dit niks wegneem van hul heerlikheid wanneer hulle verneder word nie; want al is dit so dat die teenwoordige ellendes dit ontsier in die oë van die wêreld, skitter dit tog altyd glansryk voor die oë van God en die engele. Paulus wou met hierdie rangskikkingsorde sê: die beproewinge van die gelowiges, waardeur hulle nou verneder word, het op niks ander betrekking as dat, terwyl hulle die heerlikheid van die hemelse koninkryk deelagtig geword het, hulle kom tot die heerlikheid van die wederopstanding van Christus, saam met wie hulle nou gekruisig word.

31 Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vir ons is, wie kan teen ons wees?
32 Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?
33 Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? God is dit wat regverdig maak.
34 Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree.

31 Quid ergo dicemus ad haec? Si deus pro nobis, quis contra nos?

32 Qui proprio Filio non pepercit, sed pro nobis omnibus tradidit, quomodo non etiam cum eo donaret nobis omnia?

33 Quis intendabit crimina adversus electos Dei? Deus est qui justificat.

34 Quis ille qui condemnet? Christus est qui mortuus est, quin potius etiam suscitatus, qui et in dextera Patris est, qui et intercedit pro nobis.

31 *Wat sal ons dan van hierdie dinge sê?* Nadat die saak reeds deeglik bewys is, breek hy uit in uitroepe, waarin hy tot uitdrukking bring met hoeveel grootsheid van gees die gelowiges toegerus behoort te wees wanneer teenspoede hulle tot wanhoop aandryf. Hy leer egter met hierdie woorde, dat daar ’n onoorwinlike krag bestaan in die vaderlike guns van God, wat oor alle versoekinge seëvier. Ons weet immers dat die oordeel oor die liefde of haat van God gewoonlik nie anders gevorm word as deur die aanvoeling van die teenwoordige toestand nie. Waar sake derhalwe ongelukkig uitval, neem verdriet besit van ons gemoedere en verdryf alle vertroue en vertroosting. Maar Paulus roep uit dat die grondwaarheid hoër gesoek moet word, en dat hulle wat bly staan by die droewige skouspel van

ons stryd, gevolglik verkeerdelik redeneer. Ek gee inderdaad toe dat die sweepslae van God op sigself as tekens van sy toorn beskou word, maar omdat hulle in Christus geseën word, beveel Paulus dat die vaderlike liefde van God voor alle dinge deur die heiliges aangegryp moet word sodat hulle, met hierdie skild toegerus, met sekerheid alle onheile met spot bejeën. Want dit is vir ons ’n onwrikbare muur dat ons, met die goedgunstigheid van God, teen alle gevare veilig sal wees. En tog bedoel hy nie dat daar vir ons geen teenspoed sal wees nie, maar hy beloof die oorwinning oor alle soorte vyande.

... *As God vir ons is ...* Dit is die vernaamste en enigste steunpilaar wat ons in elke versoeking staande hou. Want as ons God nie goedgunstig teenoor ons het nie, kan geen sekere vertroue verkry word nie, selfs as alles ons toelag. Maar daarenteen, sy guns alleen is ’n genoegsame groot vertroosting vir alle droefheid, en bied ’n sterk genoeg skans teen alle storms van teenspoede. En soveel getuienisse van die Skrif het hierop betrekking, waarin die heiliges, vertrouend op die krag van God alleen, dit waag om alles wat op aarde teen hulle is, te minag: *Al gaan ek ook in ’n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie, want U is met my ...* en: *Ek vertrou op God, ek vrees nie; wat kan ’n mens my doen?* en: *Ek sal nie vrees vir tienduisende van mense wat rondom teen my gereed staan nie* (Ps. 23:4; 56:12; 3:7). Daar is immers geen mag onder die hemel of bo die hemel, wat die arm van God kan weerstaan nie. Derhalwe moet daar, met Hom as beskermer, geen onheil gevrees word nie. Vandaar kom dit dat iemand eers dan ’n ware vertroue in God het, wat, omdat hy tevrede is met sy beskerming, niks so vrees dat sy gees in wanhoop versink nie. Gelowiges word sekerlik menigmaal geskud, maar nooit heeltemal neergevel nie. Die bedoeling van die apostel kom in hoofsaak hierop neer: ’n Vroom gemoed moet vasstaan in die inwendige getuienis van die Heilige Gees, maar moet nie afhanklik wees van die uitwendige dinge nie.

32 *Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie ...* Omdat dit vir ons van die grootste belang is dat ons so innerlik oortuig is van die vaderlike liefde van God dat ons in hierdie jubeling onverskrokke sal staan, stel Paulus die prys van ons versoening in die midde, waarmee hy bevestig dat God ons begunstig. En dit is sekerlik ’n merkwaardige en opvallende bewys van die onskatbare liefde, dat die Vader nie geaarsel het om sy Seun vir ons saligheid te skenk nie. Hieruit voer Paulus derhalwe ’n beredenering vanuit die meerdere na die mindere; omdat Hy niks gehad het wat dierbaarder of kosbaarder of uitnemender was nie, sal Hy niks verwaarloos wat Hy vantevore gesien het dat dit vir ons nuttig sal wees nie. Hierdie vers moet ons vermaan en opwek om te bedink wat Christus met homself vir ons bring, en om sy rykdom te aanskou; want soos Hy ’n pand van die

onmeetlike liefde van God jeens ons is, so is Hy nie naak of ledig na ons gestuur nie, maar vervul met al die hemelse skatte, sodat hulle wat Hom besit nie die volkome geluksaligheid ontbeer nie. *Oorgegee* beteken hier *aan die dood oorgelewer*.

33 *Wie sal beskuldiging inbring ...* Die eerste en vernaamste vertroosting van die vromes in teenspoede is daarin geleë dat hulle verseker oortuig is aangaande die vaderlike goedgunstigheid van God, want hieruit kom sowel die sekerheid oor die saligheid as die kalme rustigheid van die gemoed, waardeur veroorsaak word dat die teenspoede versoet word of die bitterheid van droefheid versag word. Derhalwe kan die aanmoediging tot lydsaamheid nouliks meer gepas aangevoer word as dat ons weet dat God ons goedgesind is. Daarom maak Paulus hierdie vertroue die grondslag van die vertroosting, en dit betaam die gelowiges om daardeur teen alle teenspoede versterk te word. Maar omdat die saligheid van ’n mens eers deur beskuldiging aangeval word en vervolgens deur veroordeling ondergrawe word, wend hy in die eerste plek die gevaar om beskuldig te word, af. Daar is immers maar een God, voor wie se regterstoel ons te staan moet kom. Daar is dan geen plek vir beskuldiging, wanneer Hy ons regverdig gemaak het nie. Dit lyk wel of die dele van die teenstelling nie noukeurig saamgestel is nie; want hy moes eerder hierdie twee dele teenoor mekaar geplaas het: *Wie sal beskuldiging inbring?* en *Christus is dit, wat vir ons intree.* Vervolgens sou die ander twee aan mekaar verbonde, toegevoeg kan word, naamlik *Wie is dit wat veroordeel?* en *God is dit wat regverdig maak”.* Die vryspraak staan immers teenoor die veroordeling en die tussenkoms van Christus teenoor die beskuldiging. Maar Paulus het nie sonder rede dit op ’n ander manier gestel nie. Hy wou (soos hulle sê) die kinders van God van kop tot voet met vertroue toerus, wat die bekommernisse en vrese grootliks buite hou. Maar omdat hy sê dat die kinders van God nie onderworpe is aan beskuldiging nie, omdat God hulle regverdig maak, beklemtoon hy dit sterker as wanneer hy sou gesê het dat Christus hul voorspraak is. As die regter immers aankondig dat hy hulle, wat die aanklaer ter strafsitting wou verwys, van alle skuld vryspreek, druk dit veel beter uit dat die weg tot veroordeling volkome afgesluit is. By die tweede teenstelling bestaan ’n soortgelyke rede, want hy toon aan dat die gelowiges ver verwyderd is van die gevaar om die verdoemenis te ondergaan omdat Christus, deur die sondes te versoen, die oordeel van God voorkom het, en met sy tussenkoms nie alleen die dood vernietig het nie, maar ook ons sondes in die vergetelheid oordek het sodat dit nie in berekening kom nie. Die hoofsom is die volgende: dat ons, wanneer tot die regterstoel van God gekom is, nie alleen deur die teenwoordige redmiddels van die verskrikking bevry word nie, maar dat God ons van veraf tegemoet

tree sodat Hy des te beter ons vertroue mag voorsien. Verder moet in gedagte gehou word, waaraan ons deurgaans tot dusver herinner het, dat vir Paulus *om geregverdig gemaak te word* niks anders beteken as om van die oordeel van God vrygespreek te wees en dus vir regverdig gehou te word nie. En dit is inderdaad nie moeilik om dit uit die teenwoordige vers te bewys nie, waarin hy redeneer uit een saak tot die verwerping van die teenoorgestelde, omdat *vryspreek* en *skuldig verklaar* teenoorgesteldes is. God sal dus geen beskuldiging teen ons toelaat nie, aangesien Hy ons van alle skuld vryspreek. Die duiwel is immers verseker die aanklaer van alle vromes; die wet van God self, en ook hul eie gewete veroordeel hulle, maar by die Regter, wat hulle regverdig, maak niks van dit alles enige vordering nie. Derhalwe kan geen vyand ons saligheid aan die wankel bring of selfs verswak nie. Verder spreek hy so oor die uitverkorenes, dat daar by hom geen twyfel is dat hyself tot hulle getal behoort nie. En dit nie kragtens ’n besondere openbaring nie (soos sommige sofiste valslik beweer), maar kragtens die gemeenskaplike oortuiging van alle vromes. Maar wat hier oor die uitverkorenes gesê word, mag elke vrome na die voorbeeld van Paulus op homself betrek. Andersins sou dit nie alleen ’n koue leerstuk gewees het nie, maar dit sou geheel en al dood neergelê het as hy die verkiesing in die verborge raad van God begrawe het. Maar omdat ons weet dat hier opsetlik na vore gebring word wat elke vrome op homself behoort toe te pas, is daar geen twyfel nie dat ons almal ’n ondersoek moet doen na ons roeping sodat ons kan vasstel dat ons kinders van God is.

34 *Wie is dit wat veroordeel?* ... Soos wat niemand iets kan bereik deur aan te kla waar die regter vrygespreek het nie, net so bly daar geen veroordeling oor waar daar aan die wette voldoen is en die straf reeds uitgedien is nie. Maar dit is Christus wat die straf, wat ons verdien het, eenmaal ten volle betaal het, en op grond daarvan verklaar dat Hy ons lot ondergaan het sodat Hy ons sou bevry. Hy wat ons hierna wil veroordeel, moet Christus self in die dood terugroep. Hy het inderdaad nie alleen gesterf nie, maar het deur die wederopstanding as oorwinnaar oor die dood te voorskyn gekom en getriomfeer oor die mag daarvan. En hieraan voeg hy meer toe, naamlik dat Hy nou sit aan die regterhand van die Vader, waardeur aangedui word dat Hyself die heerskappy oor die hemel en die aarde verkry het, en ook die volle mag en beheer oor alle dinge. So word dit ook gevind in Efésiërs 1:20. Ten slotte leer hy dat Hy so (aan die regterhand van die Vader) gesetel is dat Hy in die verdediging van ons saligheid voortdurend as pleitbesorger en voorspraak sal dien. Hieruit volg dat as iemand ons wil veroordeel, hy nie alleen die dood van Christus ongeldig maak nie, maar ook die stryd aansê teen sy onvergelyklike mag waarmee die Vader Hom toegerus het toe Hy aan Hom die hoogste

heerskappy met soveel mag oorhandig het. Hierdie grootse gemoedsrus, wat dit waag om die duiwel, die dood, die sonde en die poorte van die hel te oorwin, moet gesetel wees in die harte van alle vromes, omdat ons geloof niks inhou as ons nie met sekerheid oortuig word dat Christus aan ons behoort en dat die Vader in Hom ons goedgesind is nie. Daarom is daar niks meer verderflik, en kan daar niks versin word wat meer dodelik is, as die skolastiese leer oor die onsekerheid van die saligheid nie.

... *wat ook vir ons intree*. Dit was noodsaaklik om dit uitdruklik in te voeg, sodat die goddelike majesteit van Christus ons nie sal verskrik nie. Hoewel Hy alles vanaf sy verhewe troon aan sy voete onderworpe hou, beklee Paulus Hom tog met die identiteit van ’n Middelaar. En dit sal ongerymd wees dat sy verskyning ons verskrik, aangesien Hy nie alleen ons vriendelik tot Hom uitnooi nie, maar ook vir ons by die Vader as voorbidder verskyn. Verder moet ons hierdie tussenkoms nie meet met ’n vleeslike siening nie, want Hy moet nie ingedink word as ’n smekeling wat met geboë knieë en uitgebreide hande tot die Vader bid nie, maar aangesien Hy voortdurend verskyn soos een wat gesterf en weer opgestaan het, en dit in die plek kom van ’n ewige tussenkoms, en die kragtige werking van ’n lewende gebed het, sodat dit die Vader met ons versoen, en Hom tot gebedsverhoring beweeg, word met reg gesê dat Hy vir ons intree.

35 Wie sal ons skei van die liefde van Christus – verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard?
36 Soos geskrywe is: Om U ontwil word ons die hele dag gedood, ons is gereken as slagskape.

37 Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het.

35 Quis nos dirimet a dilectione Christi? Tribulatio, an angustia, an persequutio, an fames, an nuditas, an periculum, an gladius?
36 Quemadmodum scriptum est, Quod propter te morimur quotidie, reputati sumus tanquam oves mactationi destinatae;
37 Sed in iis omnibus supervincimus per eum qui dilexit nos.

35 *Wie sal ons skei van die liefde van Christus ...* Nou word daardie gemoedsrus uitgebrei tot die minder belangrike dinge. Want hy wat oortuig geword het aangaande die goddelike goedgunstigheid jeens hom, is in staat om staande te bly onder die swaarste beproewinge wat die mense gewoonlik tot so ’n mate kwel dat hulle óf nie bedink dat die voorsienigheid van God hulle aanraak nie, óf omdat hulle dit interpreteer as tekens van God se toorn, óf omdat hulle dink dat hulle van God verlate is, óf dat hulle geen uitkoms verwag nie, óf hulle nie ’n beter lewe kan indink nie, óf

soortgelyke ander redes. Maar die gemoed wat van hierdie soort dwalinge gesuiwer is, sal maklik ’n staanplek vind en tot rus kom. Verder is die betekenis van hierdie woorde die volgende: Wat ook al gebeur, moet in die geloof standvastig gebly word, en dat God wat ons eenmaal deur sy liefde omhels het, nooit ophou om vir ons te sorg nie. Want hy sê nie blootweg dat daar niks is wat God met geweld van sy liefde vir ons skei nie, maar hy wil ook dat die kennis en lewende gevoel van liefde, waaroor hy aan ons getuienis gee, so in ons harte sal gedy dat dit in die duisternis van die beproewinge altyd lig sal gee. Want net soos die wolke, hoewel hulle die heldere voorkoms van die son verduister, maar tog ons nie geheel en al van die glans daarvan beroof nie, so stuur God in teenspoede deur die mistigheid heen strale van sy genade, sodat versoeking ons nie onder wanhoop sal begrawe nie. Ja, ons geloof, ondersteun deur die beloftes van God soos deur vleuels, behoort omhoog deur die hindernisse heen tot die hemel deur te dring. Dit is gewis waar dat die teenspoede tekens is van God se toorn, as dit op sigself beskou word. Maar waar vergifnis en versoening dit voorafgegaan het, moet dit onomstootlik aanvaar word dat God, hoewel Hy ons kasty, tog nooit sy barmhartigheid vergeet nie. Hy herinner ons wel aan wat ons verdien, maar hy getuig nietemin dat Hy sorg vir ons saligheid wanneer Hy ons tot berou opwek. Maar hy noem die *liefde van Christus*, aangesien die Vader in Hom as ’t ware sy binneste vir ons oopgemaak het. Omdat die liefde van God nie buite Christus gesoek moet word nie, vestig Paulus tereg ons aandag op Hom sodat ons geloof in die strale van Christus se genade die vriendelike aangesig van God mag aanskou. Die hoofsom is die volgende: dat hierdie geloof deur geen teenspoede verswak moet word nie, naamlik dat as God ons goedgesind is, niks teen ons kan wees nie. Sommige vat die liefde van God in ’n passiewe sin op, naamlik dat Hy deur ons bemin word, asof Paulus ons bewapen met onoorwinlike krag; maar hierdie versinsel kan sonder moeite weerlê word deur die hele verband van Paulus se redenering, en Paulus self sal ook weldra elke beswaar wegneem wanneer hy hierdie liefde duideliker omskryf.

... *verdrukking of benoudheid of vervolging ...* Die manlike voornaamwoord wat hy aan die begin van die vers gebruik het, bevat in sigself ’n stilswyende beklemtoning. Want hy kon in die onsydige vorm gesê het: Wat sal ons skei? Hy het egter verkies om persoonlikheid toe te skryf aan die lewelose dinge, sodat hy saam met ons soveel kampvegters stuur in die stryd as wat daar soorte van versoekinge is om ons geloof aan die wankel te bring. Verder bestaan daar tussen hierdie drie dinge (wat hy noem) hierdie verskil: *verdrukking* sluit in alle soorte van ergernis of las; *benoudheid* is egter ’n innerlike gevoel wanneer moeilikhede ons tot radeloosheid van denke dryf. Sodanig was die benoudheid van Abraham

en Lot, toe die een gedwing was om sy vrou en die ander om sy dogter aan ontug oor te gee omdat hulle in ontsteltenis en verslaenheid geen uitkoms kon vind nie. *Vervolging* dui eintlik tirannieke geweld aan, waardeur die kinders van God onverdiend deur die goddelose gekwel word. Maar hoewel Paulus in II Korinthiërs 4:8 ontken dat die kinders van God στενοχωρεῖσθαι, of in die engte gedryf word[1)], is hy tog nie met homself in stryd nie omdat hy nie blootweg hulle vry verklaar van angstige besorgdheid nie, maar bedoel dat hulle bevry is, net soos ook die voorbeelde van Abraham en Lot getuig.

36 *Soos geskrywe is ...* Hierdie getuienis dra geen geringe gewig by tot die onderwerp nie. Want hy gee daarmee te kenne dat (omdat) dit soverre daarvandaan is dat ons ons van die vrese vir die dood kan afsny, hierdie lot byna altyd die diensknegte van God beskore is om die dood as 't ware voor hul oë teenwoordig te hê[2)]. Dit is waarskynlik dat in daardie Psalm (Ps. 44:23) die ellendige verdrukking van die volk onder die tirannie van Antiochus beskryf word, want dit word onomwonde verklaar dat die dienaars van God wreed behandel is, vir geen ander rede as haat teenoor die ware vroomheid nie. Daar word ook 'n baie duidelike versekering toegevoeg dat hulle nie van die verbond van God afvallig was nie, en ek dink dit is wat deur Paulus in die eerste plek opgemerk is. En dit is geen hindernis dat die heiliges daar kla oor die rampspoed wat hulle toe meer as gewoonlik verdruk het nie, want wanneer hulle aantoon dat hulle deur sovele onheile belas word, nadat hulle voorheen hul onskuld betuig het, kan daaruit heel gepas 'n gevolgtrekking gemaak word dat dit nie iets nuuts is dat die heiliges buite verdienste deur die Here toegelaat word om onderworpe te wees aan die wreedheid van die goddelose nie. Dit staan egter vas dat dit nie anders as tot hul voordeel gebeur nie, omdat die Skrif leer dat dit aan die geregtigheid van God vreemd is om die regverdige saam met die goddelose te vernietig (Gén. 18:23), maar dat dit eerder met sy geregtigheid ooreenkom, om hulle wat verdruk, met verdrukking te vergeld, en aan hulle wat verdruk word, verligting te gee (II Thess. 1:6). Vervolgens bevestig hulle dat hulle vir die Here ly. Maar Christus verklaar hulle salig wat ter wille van die geregtigheid ly. En dat hy sê dat hulle die

---

1) Die 1933-1953-vertaling druk dit minder sterk uit met: *maar ons is nie terneergedruk nie*. – *die vertaler*

2) Die grondteks bevat 'n *non sequitur*, met ander woorde daar is nie 'n logiese samehang tussen die twee dele van die sin nie. Dit wek verbasing dat ander vertalers dit heelhuids sluk, en die ongerymdheid sonder kommentaar vertaal. Om sin aan die woorde van Calvyn te gee, is die vryheid geneem om die woord *omdat* in te voeg, hoewel die grondteks dit nie bevat nie. – *die vertaler*

hele dag gedood word, daarmee gee hulle te kenne dat die dood so oor hulle hang dat daar tussen so ’n lewe en die dood byna geen verskil is nie.

37 *Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars ...* Dit beteken: Ons voer altyd die stryd en kom dit te bowe. Maar ek het die woord wat Paulus gebruik, behou, hoewel dit in Latyn minder gebruiklik is. Dit gebeur inderdaad somtyds dat die gelowiges lyk of hulle swig en uitgeput neerlê, tog beproef die Here hulle nie alleen nie, maar verneder hulle ook. Tog is die uitkoms altyd dat die oorwinning verkry word. Sodat hulle tog sal onthou waarvandaan hierdie onoorwinlike krag kom, herhaal hy weer wat hy (vroeër) gesê het: want hy leer nie alleen dat God, aangesien Hy ons liefhet, sy hand na ons uitstrek om ons te ondersteun nie, maar bevestig ook dieselfde uitspraak aangaande die liefde van Christus. En hierdie een woord verklaar meer as voldoende dat die apostel nie praat van die vurige liefde waardeur ons tot God getrek word nie, maar van die vaderlike goedgunstigheid van God of Christus teenoor ons, waarvan die oortuiging diep in ons harte ingeprent is en ons altyd ophef vanuit die hel tot die lig van die lewe, en genoeg krag sal hê vir ons toekoms.

38 Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge

39 of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.

38 Persuasus enim sum, quod neque mors, neque vita, neque angeli, neque principatus, neque virtutes, neque praesentia, neque futura,

39 Neque altitudo, neque profunditas, neque ulla creatura, poterit nos dirimere a charitate Dei, quae est in Christo Iesu

Nou word hy meegevoer tot buitengewone sterk uitdrukkings, sodat hy ons des te meer kan bevestig in daardie dinge wat aangevoel word. Hy sê dat wat ook al in die lewe geleë is, of ook in die dood, wat lyk asof dit ons van God kan skei, niks sal uitrig nie. Ja, selfs die engele self, indien hulle sou probeer om hierdie fondament om te keer, sal aan ons geen skade berokken nie. En dit maak nie saak dat die engele dienstige geeste is en bestem is tot die saligheid van die uitverkorenes nie (Heb. 1:14). Paulus redeneer hier immers vanuit die onmoontlike, net soos in Galásiërs 1:8. Hierin kan opgemerk word dat voor die heerlikheid van God alle dinge vir ons niks werd moet wees, omdat dit geoorloofd is om die engele self te gebruik om die waarheid te bevestig. Ook met die woorde *owerhede* en *magte* word engele aangedui, en hulle word so genoem, omdat hulle die vernaamste werktuie van die goddelike mag is. Hierdie twee woorde is egter bygevoeg, sodat, as die naam *engele* te nederig klink, hiermee iets

sterker uitgedruk mag word. Maar jy mag dit dalk só verkies: *Nog engele, en watter ander verhewe magte daar ook al mag wees*, wat ’n wyse van spreke is, wanneer dit gaan oor dinge wat aan ons onbekend is, en ons begripsvermoë oorskry.

38 ... *of teenwoordige of toekomende dinge*. Hoewel hy in buitengewone sterk taal praat, verseker hy tog deur die saak self, dat geen langdurigheid van tyd dit kan bewerkstellig, dat ons geskei word van die genade van die Here nie. En dit was nodig om dit by te voeg, aangesien ons stryd nie alleen is teen die smart wat ons op grond van die teenwoordige teenspoede ervaar nie, maar ook teen die vrees en besorgdheid, waarmee die gevare wat voor hande is, ons benou. Die betekenis is derhalwe dat daar nie gevrees moet word dat die voortdurende teenspoede, hoe lank dit ook al duur, die geloof van die aanneming sal vernietig nie. Hy weerlê dus in geen onduidelike taal daardie skolastici wat die onsin verkondig dat niemand seker kan wees van die uiteindelike volharding nie, behalwe alleen deur die weldaad van ’n besondere openbaring, wat hulle as uiters seldsaam voorhou. Deur hierdie leer word die geloof in geheel vernietig, wat sekerlik geen geloof is as dit nie tot die dood en ook na die dood uitgestrek word nie. Maar ons, daarenteen, behoort te vertrou dat Hy, wat die goeie werk in ons begin het, dit ook sal voltooi tot die dag van die Here Jesus.

39 ... *wat daar in Christus Jesus, onse Here, is ...* Dit beteken: waarvan Christus die sekerheidsband is. Want Hy is die geliefde Seun, in wie die Vader ’n welbehae het (Matt. 3:17). Indien ons daarom deur Hom aan God verbonde is, is ons seker van die onveranderlike en onfeilbare goedgunstigheid van God jeens ons. Hier praat hy dan verder meer direk as vantevore, wanneer hy die bron van die liefde in die Vader stel, maar verder getuig dat dit van Christus na ons vloei.[1)]

[1)] Totius het Romeine 8:33-39 op so ’n voortreflike wyse in berymde vorm gegiet, dat dit seker nie onvanpas is om dit hier aan te haal nie. Dit lui soos volg:

1 Wie kan ons voor die regter daag?
Gods uitverkore kind verklaag?
Waar is die mond wat durf verdoem
as God sy kind regverdig noem?

2 Dis Christus wat die kruis wou dra,
die dood vir ons gesterf het, ja,
wat, opgewek, in glorie sit
en altyddeur vir ons wil bid,

4 Of honger, naaktheid of gevaar?
Die swaard van die geweldenaar?
(As skape word ons nou geag,
klaar vir die mes wat ons wil slag!)

5 Maar nee, ons sal oorwinnaars bly
deur Hom vir wie ons leef en ly.
Ja ’k weet gewis, geen lewe◌ͫof dood,
geen eng’lemag, bomenslik groot,

HOOFSTUK 9

1 EK spreek die waarheid in Christus, ek lieg nie – my gewete getuig saam met my in die Heilige Gees –

2 dat dit vir my 'n groot droefheid is en 'n onophoudelike smart vir my hart.
3 Want ek sou self kon wens om ter wille van my broers, my stamgenote na die vlees, 'n vervloeking te wees, wég van Christus af.
4 Hulle is Israeliete aan wie die aanneming tot kinders behoort en die heerlikheid en die verbonde en die wetgewing en die erediens en die beloftes;
5 aan wie die vaders behoort en uit wie die Christus is na die vlees – Hy wat oor alles is, God, lofwaardig tot in ewigheid! Amen.

1 Veritatem dico in Christo, non mentior, testimonium simul mihi reddente mea conscientia cum Spiritu sancto,
2 Quod dolor sit mihi magnus, et assiduus cruciatus cordi meo:
3 Optarim enim ego ipse anathema esse a Christo pro fratribus meis, cognatis inquam meis secundum carnem;
4 Qui sunt Israelitae, quorum est adoptio, et gloria, et testamenta, et legislatio, et cultus, et promissiones;

5 Quorum sunt Patres, et ex quibus est Christus secundum carnem, qui est super omnia Deus benedictus in secula. Amen.

In hierdie hoofstuk begin hy om hom te rig teen die ergernisse wat die gemoedere van mense kon afwend van Christus, want die Jode, vir wie Hy kragtens die verbond van die wet bestem was, het Hom nie alleen verwerp of verag nie, maar ook grotendeels verafsku. Maar hieruit lyk dit of een van die twee na vore tree: óf dat die waarheid van die goddelike belofte nie vasstaan nie, óf dat Jesus, wat Paulus predik, nie die Here Christus is wat besonderlik aan die Jode belowe was nie. Paulus los in dit wat volg hierdie dubbele knoop op voortreflike wyse op. Tog behandel hy hierdie onderwerp so dat hy hom weerhou van alle bitterheid teen die Jode, sodat hy hul gemoedere nie erger nie, en tog gee hy aan hulle niks toe tot nadeel van die evangelie nie. Hy wys aan hulle immers op so 'n manier hul voorregte toe dat hy aan Christus heeltemal niks ontneem nie. Verder gaan hy as 't ware plotseling oor tot die vermelding van hierdie saak, sodat dit lyk of daar geen verband is in die redevoering nie, en tog betree hy 'n nuwe onderwerp op so 'n manier asof hy dit reeds vroeër aangeraak het. Hy

---

3 Wie sal ons, van die skuldstraf vry,
van Christus en sy liefde skei?
Verdrukking, of vervolgingsnag?
Benoudheid wat ons hier nog wa

6 geen skepsel in die skepping wyd,
geen ding in tyd of ewigheid –
niks kan ons van Gods liefde skei
wat ewig-vas in Christus bly.

doen dit so omdat hy, nadat hy die behandeling van die leer afgehandel het, sy aandag rig op die Jode, so geskok is deur hul ongelowigheid asof dit iets monsteragtigs is, dat hy uitbreek in ’n plotselinge ontboeseming, asof hy die saak vroeër behandel het. Daar was immers niemand by wie hierdie gedagte nie vanself onmiddellik sou opgekom het nie. As dit dan die leer van die wet en die profete is, hoe kom dit dat die Jode dit so hardnekkig verwerp? Voeg daarby dat dit algemeen bekend was dat alles wat hy oor die wet van Moses en die genade van Christus gesê het, by die Jode meer gehaat was as dat die geloof van die heidene deur hul instemming aangehelp sou word. Daarom was dit noodsaaklik om hierdie hindernis uit die weg te ruim, sodat die gang van die evangelie nie onderbreek word nie.

1 *Ek spreek die waarheid in Christus ...* Omdat daar by baie die mening bestaan het dat Paulus ’n geswore vyand van sy volk was, en omdat dit ook enigermate by die huisgenote van die geloof te wagte was dat hy ’n afwyking van Moses sou leer, het hy, voordat hy die voorgenome saak bespreek, gebruik gemaak van ’n inleiding om die gemoedere van sy lesers voor te berei, en hy bevry homself van die valse mening dat hy kwade gevoelens teen die Jode het. En omdat die saak ’n eed waardig was, en hy voorsien het dat teen hierdie vooroordeel, wat hulle alreeds gevorm het, sy bevestiging kwalik andersins geloofwaardig sou wees, bevestig hy met ’n eed dat hy die waarheid praat. Deur hierdie en soortgelyke voorbeelde (soos ek in die eerste hoofstuk gewaarsku het) moet ons leer wat geoorloofde eedsverklaringe is, naamlik dié wat geloof aan die waarheid verleen, en wat nuttig is dat dit, wat andersins nie geglo sal word nie, bekend sal wees. Die uitdrukking *in Christus* beteken dieselfde as *ooreenkomstig Christus*. En dat hy toevoeg *ek lieg nie*, dui hy daarmee aan dat hy sonder inbeelding of misleiding praat.

... my gewete getuig saam met my ... Met hierdie woorde roep hy sy gewete voor die oordeel van God, omdat hy die Gees inroep as getuie van sy gevoelens. Hy het die naam van die Gees tussenin gevoeg met die doel om des te beter te getuig dat hy vry en rein van alle misvormde naywer is en met die Gees van God as leier en bewaker die saak van Christus volvoer. Dit gebeur dikwels dat iemand, verblind deur die drifte van die vlees willens en wetens (hoewel nie om te bedrieg nie), die lig van die waarheid verduister. En om by die Naam van God te sweer is eintlik om Hom as getuie in te roep om in twyfelagtige sake by te dra tot die geloof daarin, en terselfdertyd ons te bind aan sy oordeel indien ons lieg.

2 *dat dit vir my ’n groot droefheid is ...* Dit ontbreek hom nie aan behendigheid wanneer hy so sy redevoering onderbreek, terwyl hy nog nie

te kenne gee waaroor hy gaan praat nie, want dit was nog nie ’n geskikte geleentheid om openlik die ondergang van die Jode te vermeld nie. Voeg hierby dat hy so sterker hewigheid van smarte uitdruk omdat onvolledige uitsprake baie meer hartstogtelik is. Maar aanstons sal hy die oorsaak van sy droefheid verklaar wanneer hy die geloof in sy opregtheid bevestig het. Verder, die ondergang van die Jode het Paulus so smart aangedoen, hoewel hy geweet het dat dit ooreenkomstig God se wil en volgens sy beskikking plaasgevind het. Hieruit word ons geleer dat die gehoorsaamheid, wat ons aan die voorsienigheid van God bewys het, nie in die weg staan dat ons sug oor die ondergang van verloregaande mense nie, hoewel ons tog weet dat dit bestem is deur die regverdige oordeel van God. Dieselfde gemoed kan immers tweërlei gevoelens opneem sodat dit, wanneer dit op God sien, graag verdra dat hulle, wat Hy besluit het om te vernietig, verlore gaan, maar wanneer dit die gedagte op mense rig, medelye met hulle verdorwenhede het. Daarom word hulle erg mislei wat ἀπάθειαν καὶ ἀναλγησίαν (*lusteloosheid* en *ongevoeligheid*) in die vroom mense vereis, sodat hulle die ordening van God nie teenstaan nie.

3 *Want ek sou self kon wens ...* Hy kon geen gloedvoller liefde uitgedruk het as met hierdie getuienis nie, want dit is eers dan ’n volmaakte liefde, wat vir die saligheid van ’n vriend selfs die dood nie sal ontvlug nie. Maar die woord wat toegevoeg is, dui nie alleen ’n tydelike verderf aan nie, maar die ewige dood. En wanneer hy gesê het *weg van Christus* af, maak hy ’n toespeling op die woord *anathema* (*banvloek*), want dit beteken *om afgesonder te wees*. Maar wat beteken dit om van Christus afgesonder te wees anders as om uitgesluit te word van alle hoop op die saligheid? Dit was derhalwe ’n bewys van uiters gloedvolle liefde dat Paulus nie geaarsel het om vir homself die verdoemenis, wat hy gesien het vir die Jode te wagte was, toe te wens nie, sodat hy hulle daarvan mag verlos. En dit maak nie saak nie dat hy geweet het dat sy saligheid op die verkiesing van God gegrondves is, wat op geen manier ongedaan gemaak kan word nie. Want soos daardie heftige aandoeninge ons oorhaastig voortdryf, so sien en oorweeg dit niks anders as dit waarop dit gerig is nie. Paulus het dus nie die uitverkiesing van God verbind aan sy wens nie, maar hy het die gedagte daaraan eenkant geskuif en sy aandag geheel en al gevestig op die saligheid van die Jode. Maar die feit dat baie mense twyfel of hierdie begeerte veroorloof was, kan so verduidelik word: dat die ewige grens van die liefde uitstrek tot sover as wat die gewetens toelaat[1)]. Indien ons in God

---

[1)] Die grondteks bevat die uitdrukking *ad aras usque procedat* (*uitstrek sover as die altare*). Vir ’n 21ste-eeuse leser sal dit geen sin maak nie. Dit verwys volgens John Owen na die feit dat by eedswering dit die gewoonte was om die horings van die altaar vas te klem om sodoende die gewete te bind. – *die vertaler*

en nie buite God liefhet, sal ons liefde nooit te groot wees nie. So was inderdaad die liefde van Paulus, want toe hy gesien het met hoeveel genadegawes van God sy volk geseën is, het hy die gawes van God in hulle en hulleself ook weens die gawes van God met liefde omhels. Hy kon ook nie verdra dat die gawes op uiters skandelike manier tot niet gaan nie. Daarom het dit gebeur dat hy met ’n oorweldigde gemoed in hierdie uiterste wens uitgebreek het. So aanvaar ek nie die mening van hulle wat dink dat Paulus dit gesê het met verwysing na God alleen, en na die mense nie; en ek stem ook nie saam met die andere wat beweer dat hy sonder inagneming van God hom oorgegee het aan liefde vir die mense alleen nie, maar ek verbind sy liefde vir mense met sy ywer vir die eer van God. Tog het ek nog nie die belangrikste saak verduidelik nie, naamlik dat hy die Jode hier sien as toegerus met hul besondere merktekens, waardeur hulle van die menslike geslag afgesonder was. God het hulle immers deur sy verbond tot so ’n hoë posisie verhef dat deur hulle val die waarheid en die geloof in God self dreig om hier op aarde ineen te stort. Die verbond sou immers ydel gewees het, waarvan gesê word dat sy standvastigheid ewigdurend sal wees solank as wat die son en die maan in die hemelruim skyn (Ps. 72:5). So sou dit meer ongerymd wees indien die verbond vernietig word, as wanneer die hele wêreld deur ’n droewige en afgryslike verwarring omvergewerp word. Daarom is dit nie ’n blote en eenvoudige inagneming van mense nie, want hoewel dit beter sal wees dat een lid vergaan as die hele liggaam, slaan Paulus tog die Jode so hoog aan omdat hy aan hulle die karakter en (soos hulle gewoonlik sê) die hoedanigheid van die uitverkore volk toegeken het. Dit sal ook uit die verband beter blyk, soos ons spoedig op sy bepaalde plek sal sien.

Die woorde, *my stamgenote na die vlees*, hoewel dit niks nuuts aandui nie, verleen tog besondere krag tot versterking (van sy uitspraak). Want eerstens, sodat niemand sal dink dat hy met graagte en uit eie beweging ’n rede vir onenigheid met die Jode soek nie, dui hy aan dat hy nie so van menslike gevoel beroof is dat hy nie ontroer word deur hierdie verskriklike ondergang van sy eie vlees nie. Vervolgens, omdat dit nodig was dat die evangelie, waarvan hy die verkondiger was, sou uitgaan van Sion, beklemtoon hy nie sonder rede die voortreflikheid van sy geslag met soveel woorde nie. Die beperkende bepaling *na die vlees* word naamlik, volgens my oordeel, nie soos elders bygevoeg ter versagting van sy uitspraak nie, maar eerder om sy geloof uit te druk. Want hoewel die Jode Paulus uitgeban het, verberg hy tog nie die feit dat hy voortkom uit hierdie geslag in wie se wortel die verkiesing tot nou toe sy krag uitgeoefen het, hoewel die takke verdor het. Wat Budaeus meedeel oor die woord *anathema*, bots met die mening van Chrysostomus, wat ἀνάθεμα (*banvloek*; *vervloeking*) verwar met ἀνάθημα (*dankoffer*).

4 *Hulle is Israeliete ...* Hier word die rede nou openlik gegee waarom die vernietiging van sy volk hom soveel verdriet besorg dat hy bereid was om hulle deur sy eie ondergang te bevry, naamlik omdat hulle Israeliete is. Die betreklike voornaamwoord neem immers hier die plek in van ’n redegewende bywoord. So was Moses ook gepynig deur hierdie benouende gedagte toe hy begeer het om uit die lewensboek uitgedelg te word, sodat die heilige en uitverkore geslag van Abraham nie tot niks gedegradeer word nie (Ex. 32:32). Daarom vermeld hy benewens menslike gevoel ook ander en meer gewigtige redes wat die Jode met hom behoort te versoen, naamlik omdat die Here hulle as ’t ware deur bevoorregting so verhef het dat hulle van die algemene klas van mense afgesonder is. En hierdie lofprysinge van hul waardigheid is getuienisse van sy liefde, want ons is nie gewoond om so vriendelik oor mense te praat as ons hulle nie liefhet nie. Maar hoewel hulle, wat hulself deur ondankbaarheid onwaardig maak om geag te word volgens hierdie gawes van God, het hy tog nie opgehou om hulle tereg hoog te ag nie. Hierdeur leer hy dat die goddelose die goeie gawes van God nie so kan verontreinig dat dit nie verdien om altyd geprys en bewonder te word nie, hoewel daar aan hulle wat dit misbruik, niks anders as groter skande kleef nie. Maar soos wat daar nie opgetree moet word op so ’n manier dat ons uit afkeer van die goddelose die gawes van God verag nie, so moet aan die ander kant wysheid beoefen word sodat ons nie deur welwillende waardering en agting hulle opgeblase maak nie, en nog te meer dat ons lofprysinge nie die skyn van vleiery dra nie. Maar laat ons Paulus nadoen, wat aan die Jode so hulle eretitels gegun het dat hy later verklaar dat dit alles sonder Christus geen waarde het nie. Maar dit is nie sonder rede dat hy hier onder die lofprysinge vermeld dat hulle Israeliete was nie, want Jakob het hiervoor gebid as ’n uitsonderlike seëning, dat sy naam oor hulle genoem sou word (Gen. 48:16).

... *aan wie die aanneming tot kinders behoort ...* Paulus se hele redevoering is op hierdie doel gerig – dat hoewel die Jode deur hul afvalligheid ’n goddelose skeiding met God bewerkstellig het, was die lig van God se genade tog nie in hulle geheel en al uitgeblus nie, soos hy ook in hoofstuk 3 vers 3 gesê het. Hoewel hulle ongelowiges en verbondsverbrekers was, is die trou van God nietemin nie deur hul ontrou tot niet gemaak nie. En dit nie alleen omdat Hy uit so ’n groot menigte ’n oorblywende saad vir Homself bewaar het nie, maar ook omdat Hy kragtens die erflike reg die naam van die kerk tot nou toe in hulle behou het. Maar hoewel hulle hulself reeds van al hierdie onderskeidingstekens gestroop het, sodat dit hulle nie baat om kinders van Abraham genoem te word nie, neem Paulus nie dit wat hulle verdien in ag nie, omdat die gevaar tog bestaan het dat die majesteit van die evangelie deur hulle skuld by die

heidene veragtelik sou word, maar hy oordek hulle afskuwelikheid en skande deur vele bedekkinge oor hulle te sprei, totdat die heidene oortuig word dat die evangelie uit die hemelse bron, uit die heiligdom van God en uit die uitverkore volk na hulle deurgevloei het. Die Here het immers met verbygaan van al die ander volkere, hulle as sy besitting uitgekies, en as kinders aangeneem, soos wat daar dikwels deur Moses en die profete getuig is. En Hy is nie tevrede om hulle bloot kinders te noem nie, maar noem hulle soms eersgeborenes en soms geliefdes. So sê die Here in Exodus 4:22: *My eersgebore seun is Israel ... Laat my seun trek, dat hy My kan dien.* En in Jeremia 31:9: *Ek is vir Israel 'n Vader, en Efraim is my eersgeborene.* En net so in Jeremia 31:20: *Is Efraim vir My 'n dierbare seun of 'n troetelkind? ... daarom is my ingewande oor hom in beroering; Ek sal My sekerlik oor hom ontferm ...* Met hierdie woorde wil Hy nie alleen sy verdraagsaamheid teenoor Israel uitdruk nie, maar wil Hy eerder die krag van die aanneming aantoon, waarin die belofte van die hemelse erfenis vervat is.

Die woord *heerlikheid* dui die uitnemendheid aan waartoe die Here hierdie volk bo die res van al die volkere verhef het, en dit op baie en verskeie maniere, maar veral omdat Hy in hul midde gewoon het. Want buiten vele tekens van sy teenwoordigheid het Hy 'n besondere bewys daarvan vertoon in die ark, waaruit Hy antwoorde verskaf en sy volk aangehoor het sodat Hy, deur hulle te hulp te kom, sy almag sou betoon. Om hierdie rede word die ark die heerlikheid van God genoem (I Sam. 4:22). Aangesien hy hier *verbonde* onderskei het van *beloftes*, laat ons hierdie verskil in oënskyn neem, naamlik dat 'n verbond vir ons iets is wat met duidelike en plegtige woorde geformuleer word, en dit het 'n wedersydse verpligting, soos die verbond wat met Abraham gesluit is. Beloftes is egter iets wat oral in die Skrif voorkom. Toe God naamlik eenmaal 'n verbond met die volk uit vervloë tyd gesluit het, het Hy nie opgehou om vervolgens deur nuwe beloftes sy genade aan te bied nie. Hieruit volg dat die beloftes tot die verbond, asof tot die enige hoofbron, teruggevoer moet word, net soos die besondere hulpverleninge van God, waardeur God sy guns teenoor die gelowiges betuig, uit die enige bron van die uitverkiesing voortvloei. Maar aangesien die wet niks anders was as 'n hernuwing van daardie verbond, wat die herinnering daaraan des te beter bevestig het, lyk dit asof hierdie wetgewing bepaaldelik tot die oordele beperk moet word. Dit is immers ook nie 'n gewone eer vir die Joodse volk dat hulle God as wetgewer het nie. Want as andere roem op die Solons en Lycurgusse[1)], hoeveel meer geregverdig is dit om oor die Here te roem? Hieroor word ook gehandel in

[1)] Solon was 'n Atheense wetgewer uit die 6de eeu v.C. en Lycurgus 'n Spartaanse wetgewer uit vermoedelik die 8ste eeu v.C. – *die vertaler*

Deuteronómium 4:32. Onder *erediens* verstaan hy daardie deel van die wet waarin die regte manier om God te dien voorgeskryf word, soos die seremonies en heilige gebruike. Want dit behoort as wettig beskou te word op grond van die voorskrif van God waarsonder alles wat mense probeer verkry, blote ontheiliging van die godsdiens is.

5 *aan wie die vaders behoort ...* Dit is immers van enige belang om ’n herkoms terug te voer na heilige en deur God geliefde manne, omdat God aan die vroom vaders sy barmhartigheid beloof het ten opsigte van die kinders tot in duisend geslagte, en vernaamlik in soveel woorde aan Abraham, Isak en Jakob (Gen. 17:4 en elders). En dit maak nie saak dat hierdie belofte in sigself ydel en nutteloos is as dit van die vrees van God en die heiligheid van die lewe losgemaak word nie. Dit sien ons immers ook met betrekking tot die *erediens* en die *heerlikheid*, soos wat orals blyk by die profete, maar in die besonder in Jesaja 1:11 en 60:1. Dieselfde vind ons by Jeremia 7:4. Maar aangesien God hierdie dinge, as dit gepaard gaan met die ywer van vroomheid, ’n sekere mate van eer waardig ag, het Paulus dit tereg getel onder die voorregte van die Jode. Hulle word immers erfgename van die beloftes genoem, omdat hulle van die aartsvaders afstam (Hand. 3).

... *en uit wie die Christus is* ... Hulle wat hierdie deel op die aartsvaders toepas, asof Paulus wou sê dat Christus uit die aartsvaders afstam, doen dit sonder enige rede. Want hy wou die uitnemendheid van die Joodse volk saamvat met hierdie lofrede, dat Christus uit hulle voortgekom het. En dit moet naamlik nie as iets van geen waarde geag word dat hulle deur vleeslike verwantskap met die Verlosser van die wêreld verbind is nie; want as Hy die ganse menslike geslag so geëer het dat Hy Homself aan ons verbind het met ’n natuurlike gemeenskaplikheid, soveel te meer het Hy hulle geëer met wie Hy ’n noue band van gemeenskap wou hê. Dit moet egter altyd so opgevat word dat, as hierdie genade van verwantskap van die vroomheid geskei word, dit nie alleen geen voordele inhou nie, maar eerder in groter veroordeling verval. Verder het ons hier ’n merkwaardige uitspraak, omdat twee nature in Christus so onderskei word dat dit tegelyk in die persoon van Christus self verenig word. Deur immers te sê dat Christus uit die Jode afgestam het, verklaar hy Sy ware menslikheid. Die woorde *na die vlees*, wat bygevoeg is, dui aan dat Hy iets gehad het wat die vlees te bowe gaan, en hier word ’n duidelike verskil tussen die menslike en goddelike natuur gehandhaaf. Maar ten slotte verbind hy albei aan mekaar wanneer hy sê dat dieselfde Christus, wat na die vlees uit die Jode gebore is, die geprese God in ewigheid is. Verder moet opgemerk word dat hierdie lofprysing alleen toekom aan die enige en ewige God. Op ’n ander plek (I Tim. 1:17) predik hy naamlik een God, aan wie alle eer en

heerlikheid behoort toe te kom. Hulle wat hierdie gedeelte losskeur van die orige sinsverband, sodat hulle Christus van soveel luisterryke getuienis van goddelikheid beroof, poog om alte onbeskaamd duisternis in die helder lig te bring. Die woorde is immers meer as duidelik *en uit wie die Christus is na die vlees – Hy wat oor alles is, God, lofwaardig tot in ewigheid!* En ek twyfel nie daaraan nie dat Paulus, vir wie die stryd met die dringende verwyt (teen hom) moeilik was, sy gedagte met opset na die ewige heerlikheid van Christus verhef het. En dit nie soseer ter wille van homself nie, maar eerder met die bedoeling om deur sy voorbeeld ander aan te moedig om hul gedagtes te verhef.

6 Maar ek sê dit nie asof die woord van God verval het nie; want hulle is nie almal Israel wat uit Israel is nie.
7 Ook nie omdat hulle Abraham se nageslag is, is hulle almal kinders nie; maar in Isak sal jou nageslag genoem word.
8 Dit wil sê, nie hulle is kinders van God wat die kinders van die vlees is nie, maar die kinders van die belofte word gereken as die nageslag.
9 Want dit is die woord van die belofte: Omtrent hierdie tyd sal Ek kom, en Sara sal ’n seun hê.

6 Neque tamen, quasi exciderit verbum Dei: non enim omnes qui sunt ex Israeli sunt Israelitae:
7 Nec qui sunt semen Abrahae, ideo omnes filii, sed in Isaac vocabitur tibi semen:
8 Hoc est, non qui sunt filii carnis, ii filii sunt Dei; sed qui sunt filii prommissionis, censebuntur in semen:
9 Prommissionis enim verbum hoc est, Secundum hoc tempus veniam, et erit Sarae filius.

6 *Maar ek sê dit nie ...* Omdat Paulus deur sy brandende verlange as ’t ware in ’n ekstase gevoer was, bring hy nou, terwyl hy wil terugkeer na sy leertaak, ’n soort verbetering aan, so asof hy homself na die matelose marteling wil kalmeer. En aangesien uit die feit dat hy die ondergang van sy volk betreur, hierdie ongerymdheid skyn te volg, naamlik dat die verbond van God met die saad van Abraham verval het (want die genade van God kon nie by die Israeliete weggeval het nie, tensy die verbond vernietig word), voorkom hy hierdie ongerymdheid betyds, en toon aan op watter manier die genade van God, ondanks so ’n groot blindheid by die Jode, desnietemin in daardie volk bestendig gebly het, waardeur die waarheid van die verbond bly staan het. Sommige lees hier: *Maar dit is nie moontlik nie*, asof daar in die Grieks staan οἷόν τε, maar omdat ek hierdie lesing in geen handskrif vind nie, verkies ek die gebruiklike lesing, naamlik: *nie dat dit verval het nie*, in die volgende sin: Dat ek die ondergang van my volk so betreur, is nie daaraan te wyte dat ek dink dat die belofte van God, wat eenmaal aan Abraham gegee is, nou ongeldig en vernietig is nie.

... *want hulle is nie almal Israel* ... Hier is vooropgestel dat die belofte op so 'n manier aan Abraham en sy saad gegee is dat hierdie erfenis nie betrekking het op elke nakomeling sonder meer nie. Hieruit volg dat die afvalligheid van sommige nie verhoed dat die verbond nietemin vas en onwankelbaar bly nie. Maar sodat dit beter mag blyk op watter voorwaarde die Here die nageslag van Abraham vir Hom as ’n besondere volk aangeneem het, moet hier twee sake in aanmerking geneem word: (eerstens) dat die belofte van die saligheid, wat aan Abraham gegee is, uitstrek tot almal wat hul vleeslike herkoms na hom terugvoer, omdat dit aan almal sonder uitsondering aangebied is; en dat hulle om hierdie rede met reg erfgename en opvolgers van die verbond genoem word, wat met Abraham gesluit is, of (soos die Skrif sê) dat hulle kinders van die belofte is. Want dat die Here wou dat sy verbond in Ismael en Esau net soos in Isak en Jakob verseël word, blyk daaruit dat hulle nie geheel en al van Hom vervreem was nie, behalwe wanneer jy die besnydenis wat aan hulle deur die bevel van God opgedra is, vir nikswerd hou nie, en dit kan nie gesê word sonder om God te belaster nie. Maar dit was so, soos die apostel vantevore gesê het (hoofstuk 3:3), dat die verbonde aan hulle behoort, hoewel hulle ongelowiges mag wees. En in Handelinge 3 word hulle kinders van die verbonde genoem omdat hulle die nakomelinge van die profete was. Die tweede saak is naamlik dat hulle in eintlike sin die kinders van die belofte genoem word, in wie die krag en uitwerking van die belofte sigbaar is. Om daardie rede ontken Paulus hier dat al die kinders van Abraham kinders van God is, hoewel daar deur die Here ’n verbond met hulle gesluit is. Die rede is dat weiniges in die geloof standvastig gebly het, hoewel God self in Eségiël hoofstuk 16 getuig het dat hulle almal as sy kinders beskou word. In kort, wanneer die ganse volk die erfenis en besitting van God genoem word, word aangedui dat hulle deur die Here aangeneem is, nadat die belofte van die saligheid aangebied is en dit deur die sinnebeeld van die besnydenis bevestig is. Maar omdat baie deur hul ondankbaarheid hierdie aanneming verwerp het, en daarom die weldaad daarvan nie geniet nie, kom daar wanneer die vervulling van die belofte beskou word, tussen hulle ’n ander verskil na vore. Dat dit nie vir enigiemand vreemd mag voorkom dat hierdie vervulling by vele Jode nie te voorskyn tree nie, ontken Paulus dat hulle ingesluit was in die ware uitverkiesing van God. Indien iemand dit in ander woorde verkies, die algemene verkiesing van die Israelitiese volk verhinder nie dat God uit hulle, kragtens sy verborge raad, sou uitkies wie Hy aangesien het nie. Dit is inderdaad ’n spieëlbeeld van die besondere onverdiende barmhartigheid, wanneer God Hom verwaardig het om met een volk ’n verbond van die lewe op te rig. Maar die verborge genade in die tweede verkiesing, wat tot ’n deel alleen beperk word, styg ver hierbo uit. Dat hy ontken dat almal wat uit Israel is, Israeliete is, en dat almal wat uit die saad van Abraham is,

kinders is, is ’n soort παρωνομασία [1]. In die eerste deel sluit hy die hele nageslag in, en in die tweede deel verwys hy slegs na die egte kinders, naamlik dié wat nie ontaard het nie.

7 ... *maar in Isak sal jou nageslag genoem word*. Paulus vertoef hierby om aan te toon dat die verborge uitverkiesing van God heerskappy voer oor die uitwendige roeping, en tog is dit geensins daarmee in stryd nie, maar dien eerder as bevestiging en aanvulling daarvan. Om derhalwe albei behoorlik te bewys neem hy in die eerste plek aan dat God se uitverkiesing nie gebonde is aan die vleeslike nakomelinge van Abraham nie en dat dit inderdaad ook nie vervat is in die voorwaardes van die verbond nie – en hy bevestig dit nou met ’n uiters geskikte voorbeeld. Want as daar enige natuurlike nageslag moes gewees het, wat nie van die verbond afvallig sou wees nie, dan moes dit by uitstek plaasgevind het by hulle wat die eerste graad van verwantskap ingeneem het. Maar wanneer ons sien dat van die eerste seuns van Abraham, die een nog tydens sy lewe deur ’n nuwere belofte van die saad afgesonder is, hoeveel te meer kon dit gebeur in die verder verwyderde nageslag? Hierdie Godspraak is egter geneem uit Génesis 17, waar die Here aan Abraham antwoord dat sy gebed met betrekking tot Ismael verhoor is, maar dat daar ’n ander een sal wees op wie die beloofde seën sal rus. Hieruit volg dat sekere mense uit die uitverkore volk kragtens ’n besondere voorreg uitverkies word, in wie die algemene aanneming werksaam en vasstaande sal wees.

8 *Dit wil sê, nie hulle is kinders van God ...* Nou neem hy ’n stelling uit die uitspraak van God, waardeur sy hele standpunt saamgevat word. Want as in Isak, en nie in Ismael nie, die saad genoem word, en die een nie minder as die ander een ’n seun van Abraham is nie, dan moet nie alle vleeslike seuns as saad gereken word nie. Die belofte word dus besonderlik vervul in sommige, en dit kom nie gemeenskaplik en in gelyke mate aan almal toe nie. Hy noem hulle kinders van die vlees, wat niks meer uitnemend het as die vleeslike afstamming nie. Net so noem hy hulle kinders van die belofte, wat besonderlik deur die Here aangewys is.

9 *Want dit is die woord van die belofte ...* Hy voeg ’n ander goddelike uitspraak by, en in die toepassing daarvan is te sien met hoeveel nougesetheid en vernuftigheid hy die Skrif behandel. Wanneer hy sê dat die Here gesê het dat Hy sou kom en dat vir Abraham uit Sara ’n seun gebore sou word, het hy daarmee te kenne gegee dat sy seëning nog nie

---

[1] *Paronomasia*, ’n soort woordspeling waar byna gelykluidende woorde tog verskillende betekenisse het. – *die vertaler*

sigbaar was nie, maar toe reeds te wagte was. Toe dit gesê is, was Ismael reeds gebore; derhalwe het die seën van God nie betrekking gehad op Ismael nie. Laat ons terloops ook daarop let met hoeveel versigtigheid hy hier voortgaan, sodat hy die Jode nie verbitter nie. Daarom dui hy eerstens die saak aan, met verswyging van die oorsaak, en vervolgens ontbloot hy die oorsprong.

10 En nie alleen dit nie, maar ook Rebekka was swanger uit een, naamlik Isak, ons vader.
11 Want toe die kinders nog nie gebore was en nog geen goed of kwaad gedoen het nie – dat die voorneme van God volgens die verkiesing kon bly staan, nie uit die werke nie, maar uit Hom wat roep –
12 is vir haar gesê: die oudste sal die jongste dien.
13 Soos geskrywe is: Jakob het Ek liefgehad en Esau het Ek gehaat.

10 Non solum autem hic, sed et Rebecca, quae ex uno conceperat, patre nostro Isaac:
11 Quum enim nondum nati essent pueri, nec quidpiam boni aut mali egissent, ut secundum electionem propositum Dei maneret,
12 Non ex operibus, sed ex vocante, dictum est ei, Major serviet minori;
13 Quemadmodum scriptum est, Jacob dilexi, Esau autem odio habui.

10 *En nie alleen dit nie ...* In hierdie hoofstuk is daar ’n aantal afgebroke sinne – so ook hier: *maar ook Rebekka was swanger uit een, naamlik Isak, ons vader*, want hy hou in die middel daarvan op, voordat hy by die vernaamste werkwoord kom. Tog is die betekenis dat hierdie verskil met betrekking tot die erfenis van die belofte nie alleen opgemerk kan word in die seuns van Abraham nie, maar dat daar ’n baie duideliker bewys te sien is in Jakob en Esau. Iemand sou immers in die geval van die eersgenoemdes ’n ongelyke omstandigheid kan aanvoer, omdat die een die seun van ’n slavin was, maar die laasgenoemdes was kinders van dieselfde moeder en inderdaad ’n tweeling. Tog word die een verwerp en die ander deur die Here aangeneem. Hieruit is dit seker dat die vervulling van die belofte nie vir alle kinders van die vlees sonder onderskeid vasstaan nie. Maar omdat Paulus sy oë rig op persone, aan wie God sy Raad bekend gemaak het, verkies ek om die manlike voornaamwoord daaronder te verstaan, eerder as die onsydige voornaamwoord, soos wat Erasmus gedoen het. Want dit is die bedoeling, dat die besondere uitverkiesing nie alleen aan Abraham geopenbaar was nie, maar ook daarna aan Rebekka, toe sy die tweelingbroers in die moederskoot gedra het.

11 *Want toe die kinders nog nie gebore was ...* Hy begin nou om hoër te styg, naamlik tot die aanduiding van die rede vir hierdie verskil, en hy leer

dat dit in niks anders geleë is as die uitverkiesing van God nie. Tot dusver het hy immers in enkele woorde aangedui dat daar ’n onderskeid tussen die vleeslike kinders van Abraham is, naamlik, hoewel almal deur die besnydenis in die gemeenskap van die verbond aangeneem is, die genade van God tog nie in almal werksaam is nie, en dat hulle wat derhalwe die genadegawe van God geniet, kinders van die belofte is. Maar waarvandaan dit kom, daaroor het hy óf geswyg óf met ’n sekere vaagheid daarop gesinspeel. Nou egter reken hy openlik die hele oorsaak toe aan die uitverkiesing van God, en dit onverdiend en hoegenaamd nie van mense afhanklik nie, sodat in die saligheid van die vromes niks hoër gesoek sal word as die goedheid van God nie, en in die ondergang van die goddelose niks hoër as sy regverdige gestrengheid nie. Dus is die stelling hier: Op dieselfde manier as wat die genadegawe van die verbond die Israelitiese volk skei van al die orige volke, onderskei die uitverkiesing van God ook tussen die mense van hierdie volk, wanneer Hy sommige vir die saligheid en ander vir die ewige oordeel bestem het. Die tweede stelling is: Die grondslag van hierdie uitverkiesing is slegs geleë in die loutere goedheid van God en ook in sy barmhartigheid na die val van Adam, wat met hoegenaamd geen inagneming van die werke nie, hulle na sy welgevalle omhels. Ten derde: Die Here is in sy onverdiende verkiesing vry en ongebonde deur die noodsaaklikheid om in gelyke mate dieselfde genade aan almal te verleen. Of liewer, Hy gaan verby wie Hy wil en Hy neem aan wie Hy wil. Al hierdie dinge vat Paulus kortliks saam in een sin, en vervolg dan met die orige sake.

Vervolgens, met hierdie woorde – *want toe die kinders nog nie gebore was en nog geen goed of kwaad gedoen het nie* – dui hy aan dat God met die vasstelling van die onderskeid nie die werke in ag kon neem nie, omdat dit nog nie bestaan het nie. Maar hulle wat hierteenoor redeneer dat dit geen beletsel is waarom die uitverkiesing van God nie tussen mense kan onderskei volgens die verdienste van die werke nie, omdat God in die toekomstige werke vooruit kan sien watter werke sy genade waardig of onwaardig sal wees, is nie skerpsinniger as Paulus nie, maar bots met ’n grondwaarheid van die teologie, wat by alle Christene bekend behoort te wees, naamlik dat God in die verdorwe natuur van die mens soos wat dit in Esau en Jakob was, niks kon waarneem waardeur Hy tot die verlening van ’n weldaad beweeg sou word nie. Maar wanneer hy sê dat albei toe nog nie iets goeds of kwaads gedoen het nie, moet terselfdertyd dit wat hyself veronderstel, bygevoeg word, naamlik dat elkeen van hulle ’n seun van Adam is, van nature ’n sondaar, met geen krummel van geregtigheid begiftig nie. En ek verwyl nie by die verduideliking van hierdie dinge omdat die bedoeling van die apostel onduidelik is nie, maar omdat die sofiste wat nie tevrede is met sy eenvoudige uitspraak nie, probeer om deur

kinderagtige onderskeidinge hieruit te ontkom, wou ek aantoon dat Paulus hoegenaamd nie onbekend was met dit wat hulle aanvoer nie, maar dat hulle eerder verblind is ten aansien van die eerste beginsels van die geloof. Verder, hoewel die verdorwenheid alleen, wat oor die ganse menslike geslag uitgesprei is, voordat dit in dade (soos hulle sê) uitgebreek het, genoegsaam grond vir veroordeling is, volg hieruit dat Esau met reg verwerp is, omdat hy van nature ’n seun van die toorn was. Tog was dit nuttig dat die sondes nie minder as die deugde uitgesluit word nie, sodat niemand tog sal twyfel nie, asof sy omstandigheid versleg het deur enige skuld of verdorwenheid. Dit is wel waar dat die naaste oorsaak van die verwerping daarin lê dat ons almal in Adam vervloek is. Maar sodat ons mag leer om in die blote en eenvoudige welbehae van God te berus, wil Paulus ons intussen van hierdie oorweging weglei, totdat hy hierdie leerstuk, dat God in sy oordeel genoegsame regverdige rede het om te verkies en te verwerp, vasgestel het.

... *dat die voorneme van God volgens die verkiesing kon bly staan ...* In byna elke woord beklemtoon hy die onverdiende uitverkiesing van God, want as die werke ’n plek gehad het, moes gesê word dat die vergoeding vir die werke vasstaan. Maar hyself stel daarteenoor die voorneme van God, wat (soos ek gesê het) vervat is in sy welbehae alleen. En sodat geen strydpunt aangaande hierdie saak oorbly nie, het hy alle twyfel weggeneem deur die byvoeging van die ander woorde – *volgens die verkiesing* – en dan ten derde – *nie uit die werke nie, maar uit Hom wat roep*. Laat ons derhalwe nou ons aandag bepaal op die verband van die woorde. As die voorneme van God volgens die verkiesing vasgestel is daarin dat voordat die broers gebore is, en voordat hulle enige goed of kwaad verrig het, die een verwerp is en die ander een aangeneem is, dan ondergrawe enigiemand so die voorneme van God as hy die oorsaak van die onderskeid wil toeskryf aan hul werke. Dit wat hy nou byvoeg – *nie uit die werke nie, maar uit Hom wat roep* – beteken nie deels uit die werke nie, maar alleen uit die roeping, want hy wil elke oorweging van die werke uitsluit. Ons het dus die sekerheid dat die algehele vastigheid van ons uitverkiesing in die voorneme van God beslote is, en dat verdienstes geen waarde het nie, aangesien dit tot niks anders as die dood kan lei nie; dat geen waardigheid in ag geneem word nie, omdat daar geen waardigheid is nie, maar dat die goedheid van God alleen regeer. Gevolglik is dit ’n valse leer wat strydig is met die Woord van God, dat God verkies of verwerp soos wat Hy vooruit sien elkeen sy genade waardig of onwaardig is.

12 ... *die oudste sal die jongste dien.* Kyk hoe die Here ’n onderskeid maak tussen die seuns van Isak toe hulle nog in die skoot van die moeder verborge was. Hy gee immers hierdie goddelike uitspraak as antwoord aan

hom, en daaruit volg dat God aan die jongere ’n besondere guns wil bewys, wat Hy aan die ouere weier. Maar hoewel dit betrekking gehad het op die reg van die eersgeboorte, tog word hierin, as ’n voorbeeld van ’n groter saak, die wil van God geopenbaar, en dat dit maklik te sien is, as ons bedink hoe weinig voordeel na die vlees daar vir Jakob uit die eersgeboortereg toegekom het. Want hy was op grond hiervan aan groot gevaar onderworpe, en om die gevaar te ontwyk was hy gedwing om huis en vaderland te verlaat, en in sy ballingskap is hy uiters onmenslik behandel, en wanneer hy terugkeer, werp hy homself beangs en twyfelend oor sy lewe aan die voete van sy broer neer, en smeek hom nederig om vergifnis vir sy oortreding, en bly lewe by die genade van sy broer. Waar dan is die heerskappy oor sy broer, van wie hy gedwing word om by wyse van guns sy lewe te vra? Dit was dus iets groter as die eersgeboortereg wat die Here deur sy Godspraak beloof het.

13 *Soos geskrywe is: Jakob het Ek liefgehad ...* Met sekerder getuienis as tot dusver bevestig hy hoeveel die Godspraak wat aan Rebekka gegee is, bydra tot die saak wat te berde is, naamlik dat met die heerskappy van Jakob en die diensbaarheid van Esau daar getuienis gegee is oor die geestelike toestand van albei. Vervolgens, dat Jakob hierdie genade verkry het kragtens die goedheid van God en nie na sy verdienste nie. Daarom toon hierdie getuienis van die profeet die oorsaak aan waarom die Here aan Jakob die eersgeboortereg verleen het. Dit is egter geneem uit die eerste hoofstuk van Maleági, waar die Here eers sy goedheid teenoor die Jode vermeld, terwyl Hy hulle hul ondankbaarheid verwyt. *Ek het julle liefgehad* sê Hy. En Hy voeg by, waarvandaan die oorsprong van Sy liefde kom: *Is Esau nie die broer van Jakob nie?* asof Hy sou gesê het: Watter voorreg het hy gehad waarom hy deur My bo sy broer verkies sou word? Niks hoegenaamd. Want dit was ’n gelyke reg, behalwe dat volgens die wet van die natuur, hy wat die jongere was, onderworpe behoort te gewees het aan die ouere. Maar Ek het die een aangeneem en die ander een verwerp, daartoe beweeg deur my barmhartigheid alleen en deur geen waardigheid van die werke nie. En nou het Ek julle as ’n volk aangeneem om teenoor die saad van Jakob dieselfde goedheid te bewys; maar die Edomiete, die nasate van Esau, het Ek verwerp. Daarom is julle des te slegter, omdat die herinnering aan soveel verdraagsaamheid julle nie kon aanspoor tot die verering van my majesteit nie. Hoewel aardse seëninge wat God aan die Israeliete bewys het, hier in herinnering gebring word, is dit tog nie vanpas om dit anders as ’n simbool van sy welwillendheid te aanvaar nie; want waar die toorn van God is, daar volg die dood; waar sy liefde is, volg die lewe.

14 Wat sal ons dan sê? Is daar miskien onreg by God? Nee, stellig nie!
15 Want aan Moses sê Hy: Ek sal barmhartig wees oor wie Ek barmhartig wil wees en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm.
16 So hang dit dan nie af van die een wat wil of van die een wat loop nie, maar van God wat barmhartig is.
17 Want die Skrif sê aan Farao: Juis hiervoor het Ek jou laat optree, dat Ek in jou my krag kan toon en dat my Naam verkondig kan word op die hele aarde.
18 So is Hy dan barmhartig oor wie Hy wil en Hy verhard wie Hy wil.

14 Quid ergo dicemus? Num injustitia est apud Deum? Absit:

15 Mosi enim dicit, Miserebor cujus miserebor, et miserabor quem miseratus fuero.

16 Ergo non volentis neque currentis, sed miserentis est Dei.

17 Dicit enim Scriptura Pharaoni, In hoc ipsum excitavi te, ut ostendam in te potentiam meam, et ut praedicetur nomen meum in universa terra.

18 Ergo cujus vult miseretur, et quem vult indurat.

14 *Wat sal ons dan sê? ...* Die vlees kan hierdie wysheid van God nie aanhoor nie of dit word dadelik ontstel deur ’n magdom vrae, en probeer om op een of ander manier God tot verantwoording te roep. Ons sien dus dat die apostel, so dikwels as wat hy een of ander verhewe geheimenis behandel, die menigte ongerymdhede, waarvan hy geweet het dat dit die gedagtes van mense in beslag sou neem, tegemoetloop. Maar in die besonder wanneer mense hoor wat die Skrif oor die voorbeskikking sê, word hulle verstrik deur ’n menigte probleme. Die voorbeskikking van God is immers na waarheid ’n doolhof waaruit die verstand van die mens hom op geen manier kan loswikkel nie. Maar die nuuskierigheid van die mens is so onbeskaamd, dat hoe gevaarliker ’n ondersoek van enige saak is, hoe meer vermetel dring hy voort, so dat wanneer ’n bespreking oor die voorbeskikking gehou word, hy dadelik deur sy roekeloosheid ten onder gaan asof in ’n diepe see, omdat hy nie aan homself perke kan oplê nie. Wat sal dan die oplossing vir die vromes wees? Sal hulle elke gedagte aan die voorbeskikking wil ontvlug? Geensins – want aangesien die Heilige Gees ons niks geleer het wat nie vir ons van belang is om te weet nie, sal die kennis hiervan ongetwyfeld nuttig wees, wanneer dit sigself hou binne die perke van die Woord van God. Laat dit dan vir ons die heilige reël wees om nie oor hierdie saak iets te probeer te wete te kom nie, behalwe wat die Skrif ons leer. Waar die Here sy heilige mond dighou, laat ons ook vir ons verstand die weg om verder te gaan, sluit. Maar omdat ons mense is vir wie hierdie dwase vrae in die gedagte opkom, laat ons van Paulus verneem op watter manier dit tegemoet getree moet word.

HOOFSTUK 9

... *Is daar miskien onreg by God?* ... Werklik wonderbaarlik is die raserny van die menslike verstand wat eerder God van ongeregtigheid beskuldig as om homself aan te kla weens verblindheid. Paulus wou naamlik nie dinge van ver af insleep waarmee hy die leser sou ontstel nie, maar hy het as 't ware uit ons midde 'n goddelose twyfel opgeneem, wat dadelik baie mense oorval het wanneer hulle hoor dat God aangaande elkeen volgens sy oordeel beskik. Dit is voorts 'n soort ongeregtigheid wat die vlees sigself inbeeld, dat God die een verbygaan en die ander aansien. Om hierdie probleem op te los, verdeel Paulus die hele onderwerp in twee dele; in die eerste deel daarvan handel hy oor die uitverkorenes en in die ander deel oor die verworpenes. En hy wil dat ons in die eerste die barmhartigheid van God sal oordink, maar dat ons in die tweede sy regverdige oordeel sal bemerk. In die eerste plek antwoord hy dus dat hierdie gedagte, dat geglo word dat daar by God ongeregtigheid is, 'n vervloeking verdien. Vervolgens verklaar hy met betrekking tot sowel die uitverkorenes as die verworpenes, dat daar op geen manier ongeregtigheid kan wees nie. Maar voordat ons verder gaan, laat ons opmerk dat hierdie einste beswaar duidelik getuig dat, aangesien God sommige uitverkies en ander verwerp, die oorsaak nêrens anders gesoek moet word as in sy voorneme nie. As die onderskeid immers gegrond moet wees op die inagneming van die werke, sou Paulus onnodiglik die vraag oor die onregverdigheid van God aangeroer het, want daar kan geen vermoede van onregverdigheid wees as God elkeen volgens verdienste behandel nie. In die tweede plek is dit die moeite werd om aan te merk dat, hoewel hy gesien het dat hierdie deel van die leer nie aangeraak kan word sonder om dadelik oproerige stemme en ook skrikwekkende godslasteringe daarteen na die oppervlak te bring nie, het hy dit tog vryelik en openlik na vore gebring. Ja, hy verberg nie hoeveel aanleiding om te kla en in oproer te kom dit aan ons gee nie, wanneer ons hoor dat, voordat mense gebore word, aan elkeen sy lot deur die verborge oordeel van God toebedeel word. Hy gaan nietemin voort en verkondig sonder uitvlugte dit wat hy geleer het van die Heilige Gees. Hieruit volg dat die sinnighede van hulle wat, in die wegneem en versagting van oortredinge, daarna streef om wyser as die Heilige Gees voor te kom, geensins geduld kan word nie. En sodat God nie aangekla word nie, is dit vir hulle 'n heilige plig om eenvoudig te bely dat die saligheid of die verderf afhang van sy vrye verkiesing. Indien hulle hul gedagtes sou weerhou van bose nuuskierigheid, sou hulle ook hul tonge weerhou van losbandige onbeskaamdheid – dan sou hul beskeidenheid en soberheid goedkeuring verdien. Maar om 'n muilband vir die Heilige Gees en vir Paulus aan te sit, watter vermetelheid is dit? Mag hierdie grootmoedigheid in die kerk van God heers, sodat vrome leraars nie skaam mag wees om, deur 'n eenvoudige belydenis van die ware leer, alle moontlike lastering van die goddelose te weerlê, hoe gehaat dit ook al mag wees nie.

15 *Want aan Moses sê Hy ...* Wat die uitverkorenes betref, kan God nie enige onregverdigheid toegereken word nie, want Hy het hulle na sy welbehae barmhartigheid waardig geag. En tog vind die vlees ook hier iets om te murmureer, omdat dit nie teenoor God kan toegee dat die een bo die ander sy guns waardig geag word nie, tensy die oorsaak in die midde gestel word. Maar aangesien dit ongerymd lyk dat die een bo die ander verkies word sonder inagneming van die verdienste, dreig die onbeskaamdheid van die mense God met ’n geding, so asof Hy aan die persone meer as wat billik is, toebedeel het. Nou moet gesien word op watter manier Paulus die geregtigheid van God verdedig. In die eerste plek verbloem en bedek hy sekerlik nie dit wat hy gesien het haatlik is nie, maar gaan met onbuigsame standvastigheid voort om dit te bevestig. Vervolgens doen hy in die navrae na die redes geen moeite om die hardheid daarvan te versag nie, maar stel homself tevrede met die getuienisse van die Skrif om die onrein geblaf aan bande te lê. Weliswaar kan dit lyk of dit ’n koue verontskuldiging is, dat God nie onregverdig is nie, omdat Hy barmhartig is teenoor wie Hy wil. Maar omdat sy enige gesag vir God voldoende en meer as voldoende is, sodat Hy die beskerming van niemand nodig het nie, was dit vir Paulus voldoende om Hom te stel as die verdediger van sy reg. Paulus bring hier die antwoord wat Moses van die Here ontvang het, na vore, toe hy gebid het vir die redding van die ganse volk. *Ek sal genadig wees,* antwoord God, *“vir wie Ek genadig wil wees, en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm* (Ex. 33:19). Met hierdie uitspraak het die Here egter verklaar dat Hy teenoor geen sterfling ’n skuldenaar is nie, en dat wat Hy ook al aan hulle toebedeel ’n onverdiende weldaad is. Gevolglik is dit ’n vrye weldaad, sodat Hy dit kan gee aan wie Hy wil. Ten slotte, dat geen beter oorsaak as sy wil bedink kan word waarom Hy sekere mense en nie alle mense nie, weldadig is en ook goedgunstig wil wees. Die woorde lui naamlik asof daar gesê was: Ek sal van hom, oor wie Ek eenmaal besluit het om My te ontferm, nooit my barmhartigheid wegneem nie, en Ek sal hom teenoor wie Ek besluit het om weldadig te wees, met ewige welwillendheid volg. So het Hy dan die hoogste grond van die vergunde genade aangetoon, naamlik sy vrywillige besluit, en Hy het terselfdertyd te kenne gegee dat Hy sy barmhartigheid bepaaldelik bestem het vir sommige. Hierdie presiese manier van uitdrukking sluit alle buitestaande oorsake uit, net soos ons ook, wanneer ons die vrye mag om te handel wil handhaaf, sê: Ek doen wat ek wil doen. En die betreklike voornaamwoord druk onomwonde uit dat die barmhartigheid nie aan almal sonder onderskeid sal toekom nie. Hierdie vryheid word aan God ontruk, wanneer die uitverkiesing aan uitwendige oorsake verbind word. In die twee woorde wat Moses gebruik, word die enigste oorsaak van die saligheid uitgedruk: חנן wat beteken om uit genade en mildelik guns te bewys of ’n weldaad te

doen, en רטם beteken om deur barmhartigheid beweeg te word. So word bevestig wat Paulus voor oë het, naamlik dat die barmhartigheid van God, omdat dit onverdiend is, nie gebonde is nie maar neig na waar dit verkies.

16 *So hang dit dan nie af van die een wat wil ...* Uit daardie getuienis lei hy ’n gevolgtrekking af, wat buite teenspraak volg, naamlik dat ons uitverkiesing nóg aan ons ywer, nóg aan ons strewe, nóg aan ons pogings toegeskryf moet word, maar geheel en al na die Raad van God teruggevoer moet word. Maar sodat niemand mag dink dat hulle wat uitverkies is, uitverkies word omdat hulle dit verdien het nie, of op een of ander manier vir hulself die guns van God verwerf het nie of, in kort, dat daar in hulle enige greintjie waardigheid is waardeur God beweeg mag word nie, aanvaar eenvoudig dat die verkiesing nie geleë is in ons wil, ook nie in ons pogings, dat ons gereken word onder die uitverkorenes nie (hy het die woord *loop* immers gestel in die plek van *strewe* of *probeer*), maar dat dit uitsluitlik geleë is in die goddelike goedheid wat uit eie beweging mense aanvaar, nie omdat hulle wil of strewe of enigiets bedink nie. Hulle wat egter uit hierdie vers redeneer dat daar in ons enige krag is om te strewe, maar dat dit uit sigself niks teweegbring tensy dit deur die barmhartigheid van God ondersteun word nie, doen dit dwaaslik. Die apostel toon immers nie aan wat daar in ons is nie, maar hy sluit al ons poginge uit. Dit wat hulle aflei, naamlik dat ons wil en dat ons loop, is derhalwe blote spitsvondigheid, omdat Paulus ontken dat dit afhang van hulle wat wil of hulle wat loop, aangesien hy niks anders bedoel as dat die wil en die loop niks vermag nie. Tog moet hulle weerlê word wat al gapend en neerliggend bly om plek te gee aan die genade van God, want hoewel daar deur ons eie ywer niks verrig word nie, is die ywer wat deur God geïnspireer word, tog nie sonder uitwerking nie. Hierdie dinge word dus nie gesê, sodat ons die Gees van God sal uitdoof, terwyl ons vonke in ons ontbrand deur ons moedswilligheid of lusteloosheid nie, maar sodat ons sal verstaan dat wat ons ook al het, van Hom afkomstig is. En dat ons verder sal leer om van Hom alle dinge te vra en te verwag en om Hom te dank vir alles wat ons ontvang, terwyl ons met vrees en bewing ons saligheid nastrewe.

Pelagius het probeer om met ’n ander sofistiese en waardelose spitsvondigheid die uitspraak van Paulus te ontduik, naamlik dat dit nie alleen afhang van hom wat wil en hom wat loop nie, omdat die barmhartigheid van God hom te hulp kom. Augustinus het hom nie minder grondig as skerpsinnig weerlê nie: “Aangesien daar ontken word dat die wil van die mens die oorsaak van die uitverkiesing is, omdat dit nie die enigste rede is nie, maar net ten dele die rede is, kan daar ook aan die ander kant

gesê word dat dit nie afhang van die barmhartigheid nie, maar van hom wat wil en van hom wat loop. Want waar daar wedersydse samewerking sal wees, sal daar ook wederkerige lof wees. Maar dit is onteenseglik so dat hierdie laaste uitspraak weens sy belaglikheid ineenstort." Laat ons derhalwe konstateer dat die saligheid van hulle, vir wie dit God behaag om te behou, op so 'n wyse toegeskryf word aan die barmhartigheid van God dat daar niks oorbly van die werksaamheid van die mens nie. En die feit dat sommige wil dat hierdie deel in sy samehang gelees word asof dit gesê is in die persoon van die goddelose, het nie veel meer glans nie; want op watter manier sal hy plekke uit die Skrif verdraai, wat duidelik die geregtigheid van God handhaaf, om Hom te beskuldig van tirannie? En vervolgens, hoe is dit te rym dat Paulus, terwyl die weerlegging voor die hand en maklik is, stilswyend geduld het dat die Skrif behandel word met growwe bespotting? Maar hulle wat hierdie onvergelyklike geheimenis verkeerdelik na hul eie smaak beoordeel het, het hierdie uitvlug aangegryp (d.i. die leer van samewerking, sinergisme). Hierdie leerstuk was vir hulle deftige en teergevoelige ore te kras om te dink dat dit die apostel waardig is. Maar dit betaam hulle eerder om hul eie weerspannigheid om te buig tot gehoorsaamheid aan die Gees, sodat hulle nie vasgevang mag wees in hul growwe versinsels nie.

17 *Want die Skrif sê ...* Nou kom hy tot die tweede deel, naamlik die verwerping van die goddelose. Aangesien dit lyk of daarin nog iets meer ongerymds is, probeer hy om dit duideliker te maak, hoe God, deur te verwerp wie Hy wil, nie alleen in sy wysheid en billikheid blaamloos is nie, maar ook bewonderenswaardig. Daarom gebruik hy 'n getuienis uit Exodus 9:16, waar die Here verklaar dat dit Hyself was wat Farao aangespoor het tot hierdie doel, dat terwyl hy hardnekkig probeer het om die goddelike mag te weerstaan, hy as oorwonne en onderworpe, 'n bewys mag wees hoe onoorwinlik die krag van God se arm is, sodat geen menslike krag dit kan verduur, en nog minder dit kan verbreek nie. Kyk daar – 'n voorbeeld wat die Here in Farao wou voorstel. Verder moet twee sake hier in aanmerking geneem word. Die eerste is die voorbeskikking van Farao tot die verderf, wat verwys moet word na die regverdige maar ook verborge Raad van God en vervolgens die doel hiervan, wat daarin bestaan dat die Naam van God verkondig mag word, en hierop lê Paulus besonderlik die nadruk. As hierdie verharding immers van sodanige aard is dat die Naam van God hieroor verdien om verkondig te word, dan is dit goddeloos om Hom van enige onregverdigheid te beskuldig, ooreenkomstig getuienis uit die teenoorgestelde dinge. Maar omdat baie verklaarders hierdie vers, terwyl hulle probeer om dit te versag, inderdaad verdraai, moet ten eerste opgelet word dat in die Hebreeus in die plek van

die woord *excitavi* (*ek het opgewek*; *ek het aangespoor*) staan: *ek het jou gestel*[1]. Hiermee wil God aantoon dat die hardnekkigheid van Farao vir Hom geen struikelblok sal wees om sy volk desondanks te verlos nie en Hy bevestig verder dat sy woede nie alleen deur Hom voorsien is en dat Hy maatreëls voorberei het om dit in bedwang te hou nie, maar dat Hy opsetlik dit so verordineer het en wel met die doel om dit te stel as ’n luisterryker bewys van sy almag. Derhalwe vertaal hulle verkeerd (wat sê) dat Farao vir ’n tyd lank in stand gehou is, want daar word eerder gehandel oor die begin. Aangesien baie dinge mense van elders teenkom, wat hul besluite vertraag en die gang van hul handelinge in die weg staan, sê God dat Farao uit Hom voortgekom het, en dat Hy aan hom hierdie rol toebedeel het, en aan hierdie siening beantwoord die woorde *ek het opgewek* (of *ek het aangespoor*). Vervolgens, sodat iemand nie sal dink dat Farao deur een of ander algemene en ongeordende dryfveer, afkomstig van God, aangedryf was om in daardie woede voort te snel nie, word ’n besondere oorsaak of doel aangedui, asof daar gesê is: God het geweet wat Farao sou doen, maar met opset hom verorden het om hom hiervoor te gebruik. Hieruit volg dat dit tevergeefs is om met Hom te twis, asof Hy verplig is om ’n rede te verskaf, aangesien Hy uit eie beweging te voorskyn tree en hierdie beswaar vooruitloop deur te verklaar dat die verworpenes, in wie Hy wil dat sy Naam geloof word, voortkom uit die verborge fontein van sy voorsienigheid.

18 *So is Hy dan barmhartig oor wie Hy wil*... . Uit albei dele (wat behandel is) volg nou die gevolgtrekking wat op geen manier aanvaar kan word dat dit van iemand anders as die apostel afkomstig is nie, omdat hy terstond gesprek met ’n teenstander aanknoop, wanneer hy begin om die sake na vore te bring wat vanuit die teenoorgestelde standpunt teengewerp kan word. Dus is daar nie die minste twyfel nie dat Paulus hier, soos ons kort gelede vermeld het, sy eie mening uitspreek, naamlik dat God ooreenkomstig sy oordeel hulle wat hy aangesien het, met barmhartigheid verwaardig en aan wie Hy ook al wil die gestrengheid van sy oordeel voltrek. Sodat ons verstand tevrede sal wees met die verskil wat na vore tree tussen die uitverkorenes en die verworpenes, en sodat ons verstand na geen hoër oorsaak as sy wil sal vra nie, wil hy by ons tuisbring dat dit deur God voorsien was om sommige te verlig tot die saligheid en ander te verblind tot die dood. Ons moet naamlik aandring op hierdie woorde *oor wie Hy wil* en *wie Hy wil* – om verder as dit te gaan, laat Hy ons nie toe nie.

---

[1] Die verskillende vertalings gee dit nie eenvormig weer nie. Calvyn vertaal dit met *opgewek* – die *Authorized Version* met *I have raised thee*, en die 1933-1953 Afrikaanse vertaling met *Ek het jou laat optree*. In Exodus 9:16 lui die Afrikaanse vertaling egter *Ek het jou laat bestaan. – die vertaler*

Verder, die woord *verhard*, wanneer dit in die Skrif aan God toegeskryf word, beteken nie alleen toelating nie (soos sommige redenaars dit wil versag), maar ook die uitvoering van die goddelike toorn; want al die uiterlike sake wat die verblinding van die verworpenes veroorsaak, is werktuie van sy toorn. Maar Satan self, wat inwendig kragtig werksaam is, is in so ’n mate sy dienskneg dat hy niks doen behalwe op God se bevel nie. Daarom stort daardie ydele uitvlug wat die skolastici oor die voorsienigheid handhaaf, terneer. En Paulus sê immers nie dat die ondergang van die goddelose deur die Here vooruit gesien is nie, maar dat dit deur sy raad en wil verorden is. Ook Salomo leer dieselfde, naamlik dat die verderf van die goddelose nie alleen voorsien was nie, maar dat hulle self geskape is met die doel om ten onder te gaan.

19 Jy sal dan vir my sê: Waarom verwyt Hy dan nog, want wie het sy wil weerstaan?
20 Maar tog, o mens, wie is jy wat teen God antwoord? Die maaksel kan tog nie vir die maker sê: Waarom het u my so gemaak nie?
21 Of het die pottebakker nie mag oor die klei, om uit dieselfde klomp die een voorwerp tot eer en die ander tot oneer te maak nie?

9 Dices itaque mihi, Quid adhuc conqueritur,? Voluntati ejus quis restitit?
20 Atqui, O homo, tu quis es qui contendas judicio cum Deo? num dicet fictile figulo, cur me sic fecisti?
21 An non habet potestatem figulus luti ex eadem massa, faciendi, aliud quidem vas in honorem, aliud in contumeliam?

19 *Jy sal dan vir my sê ...* Hier is die vlees inderdaad besonderlik in verwarring, wanneer hy hoor dat dit aan die oordeel van God toegeskryf word dat hulle wat verlore gaan, bestem was vir die dood. Daarom gaan die apostel weer oor tot die teenwerpinge, want hy het gesien dat die monde van die goddelose nie in toom gehou kan word om met volle mond uit te vaar teen die geregtigheid van God nie. En hy gee op voortreflike wyse hulle gevoelens weer; want terwyl hulle nie tevrede is met hul eie verdediging nie, plaas hulle in hul eie plek God in ’n staat van beskuldiging, en nadat hulle die skuld vir hulle verdoemenis op Hom afgewentel het, is hulle verontwaardig teen sy grote mag. Hulle word wel gedwing om oor te gee, maar hulle doen dit murmurerend, omdat hulle nie weerstand kan bied nie, en terwyl hulle wel sy heerskappy erken, beskuldig hulle Hom tog op een of ander manier van tirannie. Net so babbel die sofiste in hul skole oor sy absolute regverdigheid (soos hulle dit noem) asof Hy, vergetende van sy geregtigheid, die krag van sy heerskappy wil beproef om alles op ’n onredelike manier deurmekaar te meng. So praat ook die goddelose in hierdie vers: watter rede het Hy om vir ons kwaad te wees? Hy het ons immers so geformeer; Hy dryf ons volgens sy wil waarheen Hy verkies; wat

doen Hy dan anders as om sy eie werk in ons te straf wanneer Hy ons vernietig? Ons is tog nie in staat om met Hom ’n stryd te voer nie; al verset ons ons tot die uiterste, Hy sal tog as oorwinnaar te voorskyn tree. Daarom, as Hy ons vernietig, sal sy oordeel onregverdig wees, en dit is ’n ongebreidelde mag wat Hy teen ons gebruik. Maar wat sê Paulus hierteenoor?

20 *Maar tog, o mens, wie is jy ...* Omdat in die Grieks hier ’n deelwoord gebruik word, kan dit ook in die teenwoordige tyd soos volg gelees word: Jy wat bestry, of twis of as teenstander ’n geding voer; want dit is wat met die Griekse woord uitgedruk word in die volgende sin: Jy, wie is jy wat ’n woordestryd met God aanknoop? Maar dit maak nie veel verskil aan die betekenis nie. Met hierdie eerste antwoord stuit hy niks anders nie as hul goddelose lastering, met ’n argument wat hy ontleen aan die toestand van die mens. Weldra sal hy ’n ander argument byvoeg, waarmee hy die geregtigheid van God van alle blaam sal onthef. Dit is inderdaad duidelik dat daar geen oorsaak hoër as die wilsoordeel van God aangevoer word nie. Aangesien die oplossing dat die verskil gegrond is op regverdige redes, voor hande was, waarom het Paulus hierdie kort antwoord nie gebruik nie, maar die wil van God op die hoogste vlak geplaas, sodat dit alleen van alle oorsake vir ons genoegsaam sal wees? Indien dit ’n valse beswaar sou wees dat God ooreenkomstig sy oordeel hulle verwerp wat Hy nie sy guns waardig ag nie, of hulle uitverkies wat Hy, sonder dat hulle dit verdien, liefhet, sou ’n weerlegging sekerlik nie deur Paulus nagelaat gewees het nie. Die goddelose teken beswaar aan (deur te sê) dat mense onthef word van skuld as in hulle saligheid of verderf die wil van God die eerste plek beklee. Ontken Paulus dit? Inteendeel, met sy antwoord bevestig hy dat God aangaande die mense bepaal wat Hy goed dink, en dat mense tevergeefs en met waansin na vore kom om teen Hom ’n geding te voer, omdat God kragtens sy eie reg aan sy skepsele die lot wat Hy ook al wou, toebedeel. Maar hulle wat beweer dat Paulus by gebrek aan rede sy toevlug tot ’n verwyt geneem het, werp ’n ernstige lastering op die Heilige Gees. Hy was immers onwillig om in die begin die sake wat sou dien om die geregtigheid van God te bevestig en wat ter beskikking was, na vore te bring omdat dit nie begryp sou kon word nie. Ja, hy sal ook die tweede rede so temper, dat hy nie die volledige verdediging onderneem nie, maar op so ’n manier dat hy die geregtigheid van God (genoegsaam) aantoon, as dit deur ons met vrome nederigheid en eerbied beoordeel word. Daarom was dit by uitstek gepas dat hy die mens herinner aan sy toestand, asof hy wou sê: omdat jy ’n mens is, behoort jy te erken dat jy stof en as is; waarom stry jy dan met die Here oor ’n saak, wat jy geensins kan verstaan nie? Kortliks dan, die apostel voer nie aan wat gesê kon word

nie, maar wat nuttig is vir ons ongeslypte verstand. Hoogmoedige mense kla omdat Paulus, terwyl hy nie ontken dat mense ooreenkomstig die verborge raad van God verwerp of uitverkies word nie, geen oorsaak aanvoer nie, asof die Gees van God by gebrek aan ’n rede stomgeslaan is. Hy waarsku ons eerder deur sy stilswye dat die geheimenis, wat ons verstand nie kan bevat nie, met eerbied aanbid moet word en dat Hy so die brutaliteit van die menslike nuuskierigheid in toom hou. Laat ons derhalwe besef dat God met geen ander doel Hom weerhou van spreke, as dat Hy sien dat sy onpeilbare wysheid nie deur ons maatstaf begryp kan word nie, en terwyl Hy ons swakheid spaar, ons uitnodig tot beskeidenheid en soberheid.

... *Die maaksel kan tog nie vir die maker sê ...* Ons sien dat Paulus steeds volhou dat die wil van God as regverdig gehou moet word, hoewel die rede daarvoor vir ons verberg is. Hy toon immers aan dat Hy van sy reg beroof word, as Hy nie vry is om oor sy maaksels te besluit wat Hy goed dink nie. Dit lyk hard vir die ore van baie mense. Daar is ook mense wat voorgee dat God aan groot smaad blootgestel word, as sodanige oordeel aan Hom toegeskryf word, asof hulle met hul kieskeurigheid beter teoloë as Paulus is wat hierdie ootmoedigheid as reël vir die gelowiges stel, dat hulle die almag van God sal bewonder en nie na hul eie maatstaf sal meet nie. Hy bestraf egter hierdie aanmatiging om met God ’n geding te voer deur ’n uiters gepaste vergelyking, waarin dit lyk of hy eerder gesinspeel het op Jesaja 45:9 as op Jeremia 18:6. By Jeremia word immers niks anders geleer as dat Israel in die hand van die Here is nie, sodat Hy hulle geheel en al kan stukkend maal weens hul misdade, soos ’n pottebakker met ’n erdekruik. Maar Jesaja mik hoër, en sê: *Wee hom wat met sy Formeerder twis – ’n potskerf by potskerwe! Sal dan die klei sê aan die wat dit vorm: Wat maak jy? ...* En daar is sekerlik geen rede waarom ’n sterflike mens homself sal verhef bo ’n erdekruik, wanneer hy homself met God vergelyk nie. Tog moet daar nie te veel moeite gedoen word om hierdie getuienis toe te pas op die huidige onderwerp nie, want Paulus wou slegs op die woorde van die profeet sinspeel sodat die vergelyking meer gewig sal dra.

21 *Of het die pottebakker nie mag oor die klei ...* Die rede waarom die maaksel nie met sy maker moet twis nie, is naamlik dat die maker niks anders doen as dit waarop hy geregtig is nie. Onder die woord *mag* bedoel hy nie dat daar vir die pottebakker die mag voor hande is om na willekeur te handel nie, maar dat hierdie bevoegdheid met die grootste reg aan hom toekom. En hy wil immers nie aan God enige wanordelike mag toeskryf nie, maar ’n mag wat tereg aan Hom toegereken moet word. Verder moet by die toepassing van hierdie vergelyking in aanmerking geneem word dat, net soos die pottebakker, hoewel hy aan die klei vorm gee, daaraan niks

ontneem nie, God ook aan die mens niks ontneem nie, in welke toestand Hy hom ook al geskape het. Slegs dit moet in gedagte gehou word dat God van ’n deel van sy eer beroof word as daar nie aan Hom sodanige mag oor die mense toegelaat word dat Hy sal beslis oor lewe en dood nie.

22 En as God, al wil Hy sy toorn bewys en sy mag bekend maak, tog met groot lankmoedigheid die voorwerpe van toorn wat vir die verderf toeberei is, verdra het,
23 juis om bekend te maak die rykdom van sy heerlikheid oor die voorwerpe van barmhartigheid wat Hy voorberei het tot heerlikheid,

22 Quid autem si Deus volens demonstrare iram, et notam facere potentiam suam, sustinuit in multa patientia vasa irae, in iteritum apparata:
23 Ut notas quoque faceret divitias gloriae suae in vasa misericordiae, quae preparavit in gloriam?

22 *En as God ...* Dit is die tweede antwoord, waarin hy kortliks aantoon dat, hoewel die raad van God in hierdie deel onbegryplik is, sy onberispelike geregtigheid tog skitter in sowel die verderf van die verworpenes as in die saligheid van die uitverkorenes. Hy gee inderdaad nie ’n rede vir die goddelike uitverkiesing, sodat hy ’n oorsaak sou aandui waarom die een uitverkies word en die ander verwerp sou word nie. Dit was immers nie vanpas dat die dinge wat in die verborge raad van God beslote is, onder die oordeel van die mens sou kom nie, en hierdie geheimenis sou (in elk geval) onverklaarbaar gewees het. Hy weerhou ons derhalwe daarvan om op nuuskierige manier daardie dinge wat die menslike begripsvermoë ontvlug, te ondersoek. Intussen toon hy aan dat in soverre die voorbeskikking van God sigself bekend maak, daarin suiwer geregtigheid te voorskyn kom. Die deelwoorde εἰ δέ wat Paulus gebruik het, neem ek op asof daar gesê is: *Maar wat as?* – sodat die hele sin ’n vragende karakter dra. So sal die betekenis immers duideliker vasstaan, en daar sal ’n soort stiltetyd wees, waarin die volgende fyn beluister moet word: Wie kan Hom op hierdie grond van ongeregtigheid beskuldig, of voor die gereg daag? Want hier kom niks anders na vore as die mees volkome reël van die geregtigheid nie. As ons waarlik die gedagtegang van Paulus wil volg, moet elke enkele woord behoorlik beskou word – want hy redeneer so: Hulle is voorwerpe wat vir vernietiging voorberei is, dit wil sê, hulle is oorgegee aan en bestem vir vernietiging; net so is hulle voorwerpe van die toorn, dit wil sê, hiertoe vervaardig en geformeer, sodat hulle bewyse mag wees van die wraak en toorn van God. As die Here dan hierdie dinge vir ’n tyd lank geduldig verdra, terwyl Hy hulle ook nie dadelik vernietig nie, maar die voorbereide oordeel uitstel, en Hy dit doen om die besluite van sy gestrengheid te vertoon, sodat andere verskrik mag word deur hierdie huiweringwekkende voorbeelde, en om ook sy almag, waaraan Hy op baie

maniere hulle diensbaar maak, ten toon te stel en vervolgens, sodat die grootheid van sy barmhartigheid oor die uitverkorenes daaruit meer bekend gemaak mag word en duideliker mag skitter, wat is daar dan in hierdie toebedeling wat ’n verwyt verdien? Dat hy verder die stilswye bewaar oor die vraag waarom hulle voorwerpe is wat vir die verderf voorberei is, is geen wonder nie, want hy aanvaar uit dit wat vroeër gesê is, dat die oorsaak verborge is in die ewige en ondeurgrondelike raad van God, waarvan die regverdigheid eerder bewonder as ondersoek moet word. Die woord *voorwerpe* het hy egter gebruik in die algemene betekenis van werktuie, aangesien elke werksaamheid in alle maaksels as ’t ware in diens staan van die goddelike almag. Met die beste rede word ons gelowiges derhalwe voorwerpe van barmhartigheid genoem, omdat die Here ons gebruik as werktuie om sy barmhartigheid te openbaar. Maar die verworpenes is voorwerpe van toorn, omdat hulle dien om die oordele van God aan die lig te bring.

23 *Juis om bekend te maak die rykdom van sy heerlikheid ...* Ek twyfel nie daaraan nie dat in die twee deelwoorde – καὶ ἵνα – ’n konstruksie skuil waar die eerste woord laaste geplaas word (ὕστερον πρότερον). Sodat hierdie deel beter mag saamhang met die voorgaande, het ek dit vertaal met *sodat Hy ook sou bekend maak,* ens. Dit is dan die tweede rede wat die heerlikheid van God openbaar in die vernietiging van die verworpenes, om daardeur die grootheid van die goddelike goedheid jeens die uitverkorenes met groter helderheid te bevestig. Want hoe verskil sommige van andere anders as daarin dat sommige deur die Here vanuit dieselfde afgrond verlos is? En dit nie op grond van enige eie verdienste nie, maar op grond van sy onverdiende goedheid. Daarom kan dit nie anders wees nie as dat die oneindige genade van God teenoor die uitverkorenes al meer en meer geprys moet word, wanneer ons sien hoe ellendig almal is wat nie sy toorn ontvlug nie. Die woord *heerlikheid*, wat hier twee maal voorkom, lê ek uit asof dit by wyse van ’n *metonimia* (verwisseling) gestel is vir die barmhartigheid van God, omdat sy roem veral geleë is in sy weldade. So ook in Efésiërs 1:13: Nadat hy geleer het dat ons deur God aangeneem is tot lof van die heerlikheid van sy genade, voeg hy ’n weinig later by dat ons verseël is deur die Gees van die erfenis tot lof van die heerlikheid van sy genade – dit alles met weglating van die woord *genade*. Hy wou dus te kenne gee dat die uitverkorenes werktuie of organe is, waardeur God sy barmhartigheid uitoefen, sodat sy Naam in hulle verheerlik word. Maar hoewel hy in die tweede deel meer uitdruklik aanvoer dat dit God is wat sy uitverkorenes tot heerlikheid voorberei, terwyl hy vroeër eenvoudig gesê het dat die verworpenes voorwerpe is wat vir die verderf voorberei is, is daar tog geen twyfel dat albei die voorbereidsels rus op die verborge raad

van God nie. Andersins sou Paulus gesê het dat die verworpenes hulself oorgee aan die verderf of hulself daarin stort. Nou dui hy inderdaad aan dat voordat hulle gebore is, hul lotsbestemming reeds aangewys is.

24 ons naamlik wat Hy geroep het, nie alleen uit die Jode nie, maar ook uit die heidene?
25 Soos Hy ook in Hoséa sê: Ek sal die wat nie my volk is nie, my volk noem; en haar wat nie bemin is nie, beminde;
26 en in die plek waar aan hulle gesê is: Julle is nie my volk nie! – daar sal hulle genoem word kinders van die lewende God.
27 En Jesaja roep oor Israel uit: Al is die getal van die kinders van Israel soos die sand van die see, net die oorblyfsel sal gered word;
28 want Hy volbring 'n saak en verkort dit in geregtigheid, omdat die Here 'n saak wat verkort is, op die aarde sal doen.
29 En soos Jesaja tevore gesê het: As die Here van die leërskare vir ons nie 'n nageslag oorgelaat het nie, soos Sodom sou ons geword het en aan Gomorra gelyk gewees het.

24 Quos etiam vocavit, nimirum nos, non solum ex Iudaeis, sed etiam ex Gentibus:
25 Quemadmodum et in Osee dicit, Vocabo populum meum eum non est populus, et dilectam eam quae non est dilecta:
26 Et erit in loco ubi dictum est eis, Non populus meus vos, illic vocabuntur filii Dei viventis.
27 Iesaias autem clamat super Israel, Si fuerit numerus filiorum Israel ut arena maris, reliquiae servabuntur:
28 Sermonem enim consummans et abbrevians, quoniam sermonem abbreviatum faciet Dominus in terra:
29 Et quemadmodum prius dixerat Iesaias, Nisi Dominus Sabbaoth reliquisset nobis semen, instar Sodomae facti essemus, et Gommorhae essemus assimilati

24 *ons naamlik wat Hy geroep het ...* Uit die redenering wat hy tot dusver oor die vryheid van die goddelike uitverkiesing gevoer het, volg twee dinge, naamlik dat die genade van God nie so inbeslote is in die Joodse volk dat dit nie ook na ander volke deurvloei en sigself oor die hele wêreld kan uitstort nie. En vervolgens, dat dit selfs nie so aan die Jode verbonde is dat alle kinders na die vlees sonder uitsondering kinders van Abraham is nie. As die uitverkiesing van God immers alleen in sy welbehae gegrond is, is daar oral in gelyke mate vir die uitverkiesing plek, waarheen ook al sy wil sigself mag wend. Maar nadat die uitverkiesing vasgestel is, is die weg reeds enigsins gebaan vir dit wat hy besluit het om te sê oor die verkiesing van die heidene en die verwerping van die Jode. Die eerste hiervan lyk weens die nuutheid na iets ongerymds en die tweede na iets heeltemal onvanpas. Aangesien die laaste tog meer aanstoot gegee het, behandel hy in die eerste plek dit wat minder gehaat is. Hy sê dus dat die voorwerpe van God se barmhartigheid, wat Hyself tot eer van sy Naam verkies het, van orals af aangeneem word, in dieselfde mate uit die heidene as uit die

Jode. Verder, in die betreklike voornaamwoord *wat*, hoewel die reël van die grammatika nie deur Paulus ten volle nagekom is nie, wou hy tog as 't ware, deur 'n oorgang te maak, byvoeg dat ons die voorwerpe van die eer van God is; ons, naamlik, wat deels uit die Jode en deels uit die heidene aangeneem is. Uit die roeping van God bewys hy dat daar in die uitverkiesing geen onderskeid tussen die volkere is nie. Want as (ons) oorsprong uit die heidene nie 'n struikelblok was dat God ons nietemin ook roep nie, staan dit vas dat die heidene nie in die minste weerhou word van die ryk van God en van die verbond van die ewige saligheid nie.

25 *Soos Hy ook in Hoséa sê ...* Nou toon hy aan dat hierdie roeping van die heidene nie behoort te lyk na 'n nuwigheid nie, aangesien dit reeds lank tevore deur die voorspelling van die profeet getuig is. Die betekenis is duidelik, maar in die toepassing van die getuienis is daar probleme. Niemand sou kon ontken dat die profeet daar praat oor die Israeliete nie. Die Here wat immers deur hul wandade beledig was, het verklaar dat hulle voortaan nie meer sy volk sal wees nie. Hy voeg later 'n vertroosting by, en Hy maak bemindes uit hulle wat nie bemindes is nie, en 'n volk uit wie nie 'n volk is nie. Maar Paulus probeer om dit wat by name betrekking het op die Israeliete, toe te pas op die heidene. Hulle wat tot dusver die beste hierdie knoop deurgehak het, het gedink dat Paulus soos volg wou redeneer: Dit wat vir die heidene na 'n struikelblok kon gelyk het om deelgenote van die saligheid te word, het ook bestaan in die volk Israel. Op dieselfde manier wat God dus voorheen die Jode, wat Hy verwerp en uitgewis het, goedgunstiglik weer in genade aangeneem het, beoefen Hy nou dieselfde goedgunstigheid teenoor die heidene. Aangesien hierdie uitleg, hoewel dit gehandhaaf kan word, tog vir my lyk of dit inderdaad iets gedwonge het, laat lesers oorweeg of dit nie meer gepas sal wees as ons aanneem dat hierdie vertroosting van die profeet nie alleen aan die Jode nie, maar ook aan die heidene gegee is. Want vir die profete is dit nie iets nuuts of ongewoons nie om, nadat hulle aan die Jode weens hul skanddade die wraak van God aangekondig het, hul aandag te rig op die ryk van Christus, wat oor die ganse aarde verkondig moet word, en dit nie sonder rede nie. Want aangesien die Jode deur hul sondes die toorn van God op so 'n manier uitgelok het dat hulle verdien het om deur Hom verstoot te word, bly daar geen hoop op die saligheid oor nie, tensy hulle hul tot Christus wend, deur wie die verbond van genade opgerig word, en soos wat dit in Hom gegrondves is, so word dit nou vernuwe waar dit verlore gegaan het. En omdat Christus in wanhopige omstandighede ongetwyfeld die enigste toevlug is, kon geen blywende vertroosting gebring word aan ellendige sondaars wat bemerk dat die toorn van God hulle bedreig, tensy Christus voor oë gestel word nie. Ja, dit is, soos ons gesê

het, die gewoonte van die profete om die volk tot Christus terug te roep as die enigste toevlugsoord in wanhoop, nadat hulle hul verneder het, wat deur die bedreiging van die goddelike wraak ter neer geslaan is. Maar waar die ryk van Christus opgerig is, daar word tegelykertyd die hemelse Jerusalem tot stand gebring, waarin burgers uit alle dele van die wêreld vergader word. Dit is besonderlik van waarde in die onderhawige profesie, want wanneer die Jode uit die huisgenote van God verban is, word hulle daardeur tot die gewone orde van mense verlaag en gelyk gemaak met die heidene. Nadat die verskil opgehef is, het die barmhartigheid van God sonder onderskeid ’n plek onder al die heidene. Hieruit lei ons af dat die voorspelling van die profeet tereg op die huidige onderwerp toegepas word. Hierin verklaar God, nadat Hy die Jode aan die heidene gelyk gemaak het, dat Hy vir Homself ’n gemeente uit die vreemdelinge sal vergader, sodat dié wat nie ’n volk was nie, sal begin om sy volk te wees.

Ek sal die wat nie my volk is nie, my volk noem ... Dit word gesê ten opsigte van die skeiding wat God reeds met sy volk bewerkstellig het deur hulle alle waardigheid te ontneem, sodat hulle nie bo die ander volke sou uitmunt nie. Maar hoewel hulle wat God deur sy ewige raad tot sy kinders bestem het, ook altyd sy kinders is, reken die Skrif tog dikwels hulle nie tot kinders van God, van wie die verkiesing nie deur die roeping bevestig is nie. Hiermee leer hy ons ook om nie te oordeel oor, en nog minder besluite te neem oor die uitverkiesing van God nie, behalwe in soverre dit sigself deur eie kentekens openbaar. So verklaar Paulus ’n weinig later, nadat hy aan die Efésiërs aangetoon het dat hul uitverkiesing en aanneming voor die grondlegging van die wêreld by God bepaal was, dat hulle voorheen van God vervreem was (Ef. 2:1). Ongetwyfeld het hy daardie tyd in gedagte toe die Here nog nie sy liefde teenoor hulle betoon het nie, hoewel Hy hulle in sy ewige barmhartigheid omhels het. Derhalwe word hulle aan wie God sy toorn eerder as sy liefde betuig het, op hierdie plek nie-bemindes genoem. Verder weet ons dat sy toorn op die ganse menslike geslag rus, totdat die aanneming die mense met God versoen het. Die vroulike geslag van die deelwoord hang saam met die verband waarin die profeet dit gebruik, want hy het gesê dat vir hom ’n dogter gebore is, aan wie hy die naam Nie-bemind (Lo-Rugama) gegee het, sodat die volk uit hierdie voorbeeld mag te wete kom dat hulle deur God gehaat was. Net soos die verwerping nou oorsaak van die haat was, so leer die profeet dat die begin van die liefde daar is, waar God hulle aanneem wat vir ’n tyd lank vreemdelinge was.

27 *En Jesaja roep oor Israel uit ...* Nou gaan hy oor tot die tweede deel, waarmee hy nie wou begin het nie, sodat hy hul gemoedere nie alte veel sou omkrap nie. En dit is nie sonder ’n sekere behendigheid dat hy Jesaja laat uitroep en nie laat spreek nie. Daarmee lok hy naamlik groter

opmerksaamheid uit. Verder is dit duidelik dat die woorde van die profeet daarop gerig is om die Jode daarvan te weerhou om alte veel in die vlees te roem. Want dit is skrikwekkend om te hoor dat uit ’n ontelbare skare slegs ’n geringe getal die saligheid sal bekom. En as die profeet immers, nadat hy die verdelging van die volk beskryf het, enige hoop van genade laat oorbly, sodat die gelowiges nie mag dink dat die verbond van God heeltemal uitgewis is nie, beperk hy dit tog tot weiniges. Maar omdat die profeet dit aangaande sy eie tyd voorspel het, moet daar gelet word op hoe Paulus dit tereg toepas op sy doelstelling. Dit behoort dus so opgevat te word: Toe die Here sy volk uit die Babiloniese ballingskap wou bevry, wou Hy uit daardie ontsaglike skare die weldaad van hul bevryding slegs laat toekom aan baie weiniges, wat met reg die oorblyfsels van die verdelging genoem kan word, in vergelyking met daardie talrykes uit die volk wat Hy toegelaat het om in die ballingskap om te kom. Daardie herstel van die vlees het die ware instelling van die gemeente van God afgebeeld, wat in Christus volvoer word; ja, dit was as ’t ware die begin daarvan gewees. Dus moet dit wat toe gebeur het, nou veel sekerder vervul word in die voortgang en voltooiing van daardie bevryding.

28 *want Hy volbring ’n saak en verkort dit in geregtigheid ...* Met weglating van die verskeidenheid verklaringe (van hierdie deel) lyk dit vir my of die volgende die eintlike betekenis is: Die Here sal sy volk so inkort en afsny dat dit wat oorblywend sal wees, sal kan lyk of dit as ’t ware verslind is; dit wil sê, dit sal die aangesig en beeld van ’n ontsaglike bouval hê. Tog sal hierdie armoedigheid wat uit die verdelging oorbly, die werk van God se geregtigheid wees of, wat meer aanvaarbaar is, dit sal oor die ganse aarde dien as getuienis van God se geregtigheid. Omdat *woord* in die Skrif oor die algemeen ’n saak aandui, word *voleindigde woord* gebruik in die plek van *voleinding*. Baie verklaarders was hier erg in die war deurdat hulle alte skerpsinnig wou redeneer. Hulle het hulle immers verbeel dat die leer van die evangelie so genoem word omdat dit, nadat die seremonies afgeskaf is, ’n kort samevatting van die wet is, omdat dit meer gepas sou wees om die woord *vernietiging* te gebruik. Ook is daar nie alleen hier ’n fout begaan deur die vertaler nie, maar ook in Jesaja 10:22 en 23; Jesaja 28:22, en Eségiël 11:13 waar gesê word: *Ag, ag, Here God, wil U ’n einde maak aan die oorblyfsel van Israel?*[1)] Die profeet wou sê: Wil U die oorblyfsel tot die uiterste vernietiging ten gronde rig? En dit het gebeur weens die dubbelsinnigheid van die Hebreeuse woord. Omdat die woord כלה immers sowel *om te beëindig* en *om te voltooi* as *om te vernietig* beteken, is hierdie

[1)] Calvyn verwys hier kennelik na die Griekse vertaling in die Septuagint. Indien sy kritiek geregverdig is, moet dit ook geld vir die 1933-1953 Afrikaanse vertaling wat soos volg lui: *Ag, Here HERE, wil U ’n einde maak aan die oorblyfsel van Israel? – die vertaler*

verskil op die aangehaalde plekke nie genoegsaam in ag geneem nie. En Jesaja het ook nie woordeliks so gesê nie, maar hy het twee selfstandige naamwoorde gebruik, naamlik *vernietiging* en *bepaling* of *beskikking*, sodat die gekunsteldheid van die Hebreeuse taaleie in die Griekse vertaling buitengewoon onvanpas is. Tot watter nut was dit om ’n uitspraak wat op sigself duidelik is, te betrek in ’n duistere manier van uitdrukking? Voeg daarby dat Jesaja hier by wyse van oordrywing praat, wanneer hy ’n vermindering ’n verdelging noem, soos wat gewoonlik deur een of ander onheil gebeur.

29 *En soos Jesaja tevore gesê het ...* Uit die eerste hoofstuk voer hy ’n ander getuienis aan, waar die profeet die verdelging van Israel in sy eie tyd betreur. Waar dit egter reeds een maal gebeur het, is dit nie ’n nuwe verskynsel nie. Die volk Israel het immers geen ander voorreg as dié wat hulle van die voorvaders verkry het nie. Hulle (die voorvaders) was egter op so ’n manier behandel dat die profeet kla dat hulle so geslaan was, dat hulle ’n weinig verwyderd was van die vernietiging van Sodom en Gomorra. Tog was daar hierdie verskil, dat enkeles bewaar gebly het as ’n saad om die Naam te verhef, sodat dit nie geheel en al ten onder sal gaan en tot ewige vergetelheid verdelg word nie. Want dit was gepas dat God altyd gedagtig sal wees aan sy belofte, sodat Hy onder die swaarste strawwe plek sal gee aan sy barmhartigheid.

30 Wat sal ons dan sê? Dat die heidene, wat die geregtigheid nie nagejaag het nie, die geregtigheid verkry het, naamlik die geregtigheid wat uit die geloof is;

30 Quid ergo dicemus? Quod gentes quae non sectabantur justitiam, adeptae sunt justitiam, justitiam autem ex fide:

31 terwyl Israel, wat die wet van die geregtigheid nagejaag het, die wet van die geregtigheid nie bereik het nie.

31 Israel autem sectando legem justitiae, ad legem justitiae non pervenit.

32 Waarom? Omdat dit nie uit die geloof was nie, maar net asof dit uit die werke van die wet was; want hulle het hul gestamp teen die steen van aanstoot.

32 Quare? Quia non ex fide, sed quasi ex operibus; offenderunt enim ad lapidem offensionis:

33 Soos geskrywe is: Kyk, Ek lê in Sion ’n steen van aanstoot en ’n rots van struikeling; en elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie.

33 Quemadmodum scriptum est, Ecce pono in Sion lapidem offensionis et petram offendiculi, et omnis qui crediderit in eum non pudefiet.

30 *Wat sal ons dan sê? ...* Om elke geleentheid om teenoor God te murmureer vir die Jode af te sny, begin hy nou om redes wat vir die

menslike bevatlikheid verstaanbaar is, aan te toon waarom die Joodse volk so verworpe was. Maar hulle handel verkeerd en keer die orde onderstebo, wat hierdie redes probeer stel en verhef bo die verborge voorbeskikking van God, waarvan hy vroeër geleer het dat dit as die belangrikste rede gehou moet word. Maar omdat dit belangriker as alle ander redes is, so gee ook die verdorwenheid en boosheid van die goddelose ’n plek en geleentheid vir die oordele van God. Maar aangesien hy ’n moeilike onderwerp behandel, gebruik hy ’n vraag[1)] asof hy in twyfel verkeer, en vra wat hier gesê kan word.

Dat die heidene, wat die geregtigheid nie nagejaag het nie ... Niks lyk meer ongerymd en minder vanpas nie as dat die heidene, wat geen sorge het oor die geregtigheid nie, en rondrol in die welluste van hul vlees, geroep word om deelgenootskap in die saligheid te hê en die geregtigheid te verkry. En aan die ander kant, dat die Jode wat met ywer hulle toelê op die werke van die wet, van die voordeel van die geregtigheid uitgesluit word. Dit wat ’n wonderbaarlike paradoks is, bring Paulus in sodanige ronde woorde na vore dat hy, deur ’n rede by te voeg, enige hardheid wat daarin was, versag, naamlik dat die geregtigheid wat die heidene verkry het, bestaan deur die geloof; dat dit dus afhanklik is van barmhartigheid van die Here, en nie van die eie verdienste van die mens nie. Maar daardie ywer waardeur die Jode beheers was, was verkeerd, omdat hulle deur die werke geywer het om geregverdig te word, en so na iets gestreef het wat geen mens kan bereik nie. Hulle het eerder hulle aan Christus geërger, deur wie alleen ’n weg oop is tot die verkryging van geregtigheid. Verder was dit die voorneme van die apostel om in hierdie vorige gedeelte bloot die genade van God te verhef, sodat geen ander rede gesoek word vir die roeping van die heidene nie as dat onwaardige mense deur sy guns waardig geag is om omhels te word. Hy praat met name oor die geregtigheid, waarsonder die saligheid nie verwerf kan word nie, maar hy dui aan dat die geregtigheid van die heidene geleë is in die onverdiende versoening, terwyl hy sê dat dit uit die geloof voortvloei. As iemand immers voorgee dat hulle geregverdig is omdat hulle deur die geloof die Gees van die wedergeboorte verkry het, sou hy ver afwyk van die bedoeling van Paulus. Dit sou naamlik nie waar wees dat hulle verkry het wat hulle nie gesoek het nie, indien God hulle nie, terwyl hulle aan die swerf en ronddwaal was, onverdiend omhels het en die geregtigheid aan hulle aangebied het nie. Na die geregtigheid kon hulle nie gestreef het nie, omdat dit aan hulle onbekend was. Ja, dit

---

[1)] Calvyn gebruik die woord *communicatio* (*mededeling*), wat in hierdie sinsverband dui op ’n redekunstige figuur, waarmee die spreker hom tot die toehoorders wend en hulle om raad vra. Eintlik is dit ’n retoriese vraag, omdat die spreker die antwoord ken en dus nie ’n antwoord verwag nie. – *die vertaler*

moet ook opgelet word dat die heidene nie die geregtigheid deur die geloof kon verkry het, anders as dat God hulle geloof deur sy genade vooruitgeloop het nie. Indien hulle eers deur die geloof gestreef het na die geregtigheid, sou dit reeds ’n navolging gewees het. So was die geloof self ’n deel van die genade.

31 *terwyl Israel, wat die wet van die geregtigheid nagejaag het*... Dit wat ongelooflik was om te sê bring Paulus vrylik na vore, naamlik dat dit geen wonder is as die Jode niks bereik het deur met inspanning die geregtigheid na te jaag nie, omdat hulle deur buite die weg te loop, hulle tevergeefs vermoei het. Maar in die eerste plek kom dit vir my voor asof hy *die wet van die geregtigheid* by wyse van ’n *hypallage*[1)] gebruik het in die plek van die geregtigheid van die wet. In die herhaling van die uitdrukking *die wet van die geregtigheid* in die tweede deel van die vers, word dit in ’n ander betekenis gebruik, naamlik as die vorm of reël van die geregtigheid. In hoofsaak dus – dat Israel, terwyl hulle aangedring het op die geregtigheid van die wet, nie vasgehou het aan die ware reël van die regverdigmaking wat in die wet voorgeskryf is nie. Hier is egter ’n elegante woordspeling, wanneer hy leer dat die wettiese geregtigheid die oorsaak was dat hulle van die geregtigheid van die wet afvallig geword het.

32 *Waarom? Omdat dit nie uit die geloof was nie, maar net asof dit uit die werke van die wet was ...* Omdat ’n valse ywer oor die algemeen lyk of dit ’n geregverdigde verontskuldiging is, toon Paulus aan dat hulle tereg verwerp word wat, sover hulle kan, probeer om die saligheid te verkry deur ’n vertroue op die werke omdat hulle die geloof verwerp, waarsonder daar geen hoop op die saligheid is nie. Derhalwe, as hulle hul wens sou verkry, sou sodanige sukses die vernietiging van die ware geregtigheid wees. Verder sien jy dat die geloof en die verdienste van die werke vergelyk word as heeltemal teenstrydige sake. Aangesien die vertroue op die werke dus die grootste struikelblok is waardeur die weg na die verkryging van die geregtigheid vir ons afgesny word, is dit nodig dat ons dit vaarwel toeroep om alleen rus te vind in die goedheid van God. Die voorbeeld van die Jode behoort immers met reg almal wat daarna streef om deur die werke die koninkryk van God te verwerf, af te skrik, want soos hierbo aangetoon is, noem hy die werke van die wet nie die nakoming van die seremonies nie, maar die verdienste van die werke, waarteenoor die geloof gestel word, wat (as ek so mag sê) met albei oë alleen op die barmhartigheid van God let, sonder enige gedagte aan eie waardigheid.

[1)] *Hypallage* is ’n grammatikale figuur, waarin ’n woord in ’n ander vorm of naamval as die gebruiklike geplaas word. – *die vertaler*

... *want hulle het hul gestamp teen die steen van aanstoot ...* Met die sterkste argument bevestig hy die vorige uitspraak. Want niks is meer ongerymd as dat hulle wat die geregtigheid probeer verwerp, dit deelagtig word nie. Christus is aan ons gegee tot geregtigheid, en elkeen wat die geregtigheid van die werke aan God opdring, probeer om Hom van sy amp te beroof. Hieruit is dit duidelik dat, so dikwels as mense rus vind in die vertroue op die werke, hulle onder die ydele voorwendsel van ’n ywer vir die geregtigheid in waansinnige dwaasheid oorlog teen God voer. Verder is dit nie moeilik om te begryp hoe hulle wat steun op die vertroue in die werke, hulle vasloop teen Christus nie. Want as ons nie bely dat ons sondaars is wat arm in en verstoke van die ware geregtigheid is nie, verduister ons die waardigheid van Christus, wat hierin geleë is dat Hy vir ons almal die lig, die saligheid, die lewe, die wederopstanding, die geregtigheid en die geneesmiddel is. Maar waartoe dien al hierdie dinge, behalwe dat Hy die blindes die lig laat sien, die verlorenes herstel, die dooies lewend maak, hulle wat tot niks verlaag is, weer ophef, hulle wat vol besoedeling is, reinig, en hulle wat met siektes geteister is, versorg en genees? Ja, as ons ons iets van die geregtigheid aanmatig, worstel ons in ’n sekere opsig met die krag van Christus, aangesien dit tot sy amp behoort om net soseer elke aanmatiging van die vlees te vernietig as om hulle wat swoeg en onder die las daarvan vermoeid is, op te rig en te vertroos. Die getuienis is egter gepas aangehaal, want God kondig daarin aan dat Hy vir die volk Juda en Israel ’n aanstoot sal wees, waarteen hulle al stampende sal neerval. Omdat Christus self die God is wat deur die profeet gespreek het, is dit geen wonder dat dit ook nou in Hom vervul word nie. En wanneer hy Christus ’n steen van aanstoot noem, herinner hy daaraan dat dit geen wonder is dat hulle, wat deur hul kwaadwillige hardnekkigheid hulle teen die struikelblok vasgeloop het, op die weg van geregtigheid nie gevorder het nie, terwyl God ’n gemaklike weg aangewys het. Dit moet egter opgemerk word, dat dit (naamlik om ’n steen van aanstoot te wees) nie na regte aan Christus vanself toekom nie, maar eerder bykomstig toegevoeg word op grond van die mense se boosaardigheid, soos aanstons volg.

33 ... *en elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie*. Hy voeg hierdie getuienis, geneem uit ’n ander deel, by as vertroosting vir die gelowiges, asof hy wou gesê het: Dat Christus ’n steen van aanstoot genoem word, word nie gedoen omdat ons van Hom moet terugskrik nie of, in plaas van vertroue, vrees moet koester nie. Hoewel Hy vir die ongelowiges gestel is tot ’n val, is Hy egter vir die gelowiges gestel tot die lewe en die wederopstanding. Net soos derhalwe daardie voorspelling oor die aanstoot en die ergernis vervul word in die opstandiges en ongelowiges, so is daar ’n ander voorspelling wat tot die gelowiges gerig word, naamlik dat Hy ’n

sterk en kosbare steen is, ’n hoeksteen, wat baie vas gegrond is, en dat elkeen wat daarop bou, nie sal val nie. Maar dat hy in plaas van *sal nie haastig wees nie* of *sal nie val nie* die uitdrukking *sal nie beskaam word nie* gebruik, dit het hy geneem uit die Griekse vertaling (van Jes. 28:16). Dit is inderdaad seker dat die Here daar die hoop van sy volk wou versterk. Wanneer die Here ons egter beveel om goeie hoop te koester, volg daaruit dat ons nie beskaam sal word nie. Kyk I Petrus 2:10 wat aan hierdie vers soortgelyk is.

HOOFSTUK 10

1 BROEDERS, die verlange van my hart en die gebed wat ek tot God vir Israel doen, is tot hulle redding.
2 Want ek getuig van hulle dat hulle ’n ywer vir God het, maar sonder kennis.
3 Want omdat hulle die geregtigheid van God nie ken nie en hulle eie geregtigheid probeer oprig, het hulle hul aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie.
4 Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo.

1 Fratres, benevolentia certe cordis mei, et deprecatio ad Deum super Israel, est in salutem.
2 Testimonium enim reddo, illis, quod zelum Dei habent, sed non secundum scientiam.
3 Ignorantes enim Dei justitiam, et propiam justitiam quaerentes statuere, justitiae Dei subjecti non fuerunt;
4 Finis enim Legis Christus in justitiam omni credenti

Hier sien ons met hoeveel bekommernis die heilige man die aanstootlikhede voorkom. Om enige bitterheid wat daar was in die uiteensetting oor die verwerping van die Jode te versag, gee hy nog steeds soos vroeër getuienis van sy welwillendheid teenoor hulle, en hy bewys dit uit die feit dat hy voor die aangesig van die Here besorgd is oor hulle saligheid, want hierdie geneentheid word slegs gebore uit opregte liefde. Ook om ’n ander rede was hy aangespoor om sy liefde teenoor die volk, waaruit hy afkomstig was, te betuig; want sy leer sou nooit deur die Jode aanvaar geword het nie, as hulle gedink het dat hy openlik vyandig teenoor hulle is, en vir die heidene sou sy afvalligheid ook verdag gewees het omdat hulle, soos ons in die vorige hoofstuk aangetoon het, sou gedink het dat hy uit haat teenoor die mense afvallig was van die wet.

2 *Want ek getuig van hulle ...* Hierdie deel was bedoel om sekerheid te verleen aan sy liefde, want daar was gegronde rede waarom hy hulle eerder met barmhartigheid as met haat moes bejeën, omdat hy bemerk het dat hulle weens onkunde en nie weens die boosheid van die gemoed afvallig was nie; ja, hy het gesien dat hulle deur niks anders beweeg is om

die ryk van Christus te vervolg as deur ’n sekere geneentheid teenoor God nie. Laat ons verder hieruit leer waarheen ons goeie bedoelings ons weglei, as ons daaraan toegee. Dit word algemeen aanvaar dat dit ’n uitnemende en geldige verskoning is as iemand wat aangekla word, aanvoer dat hy dit nie met ’n kwade bedoeling gedoen het nie. En dit is vandag nog die voorwendsel wat tallose mense daarvan weerhou om hul ywer te rig op die ondersoek van God se waarheid, want hulle dink dat alles wat hulle uit onkunde, sonder voorbedagte kwaadwilligheid, ja, selfs met ’n goeie bedoeling misdryf het, verskoonbaar sal wees. En daar is niemand van ons wat sal verdra dat die Jode hul verontskuldig oor die feit dat hulle Christus gekruisig het, dat hulle wreed gewoed het teen die apostels, en dat hulle probeer het om die evangelie te vernietig en uit te blus, terwyl dieselfde verdediging tog vir hulle voor hande was, as dit waarop ons so selfversekerd ons beroem. Laat daardie ydele uitvlugte met betrekking tot die goeie bedoeling die wyk neem. Laat ons, as ons God van harte soek, daardie enigste weg volg waarlangs ons tot Hom kan kom. Dit is immers beter om op die weg te struikel as om buite die weg met inspanning voort te loop, soos Augustinus sê. As ons godvresend wil wees, laat ons in gedagte hou dat dit waar is wat Lactantius leer, naamlik dat dit alleen die ware godsdiens is wat verbind is met die Woord van God. Wanneer ons aan die ander kant sien dat hulle wat met goeie voornemens in die duisternis dwaal, tog verlore gaan, moet ons bedink dat ons duisend dode verdien as ons, nadat ons deur God verlig is, willens en wetens van sy weg afdwaal.

3 *Want omdat hulle die geregtigheid van God nie ken nie ...* Kyk hoe hulle in onbesonne ywer afgedwaal het! Hulle wou naamlik ’n eie geregtigheid oprig, en hierdie dwase vertroue kom voort uit onkunde met betrekking tot die goddelike geregtigheid. Let op die teenstelling tussen die geregtigheid van God en die geregtigheid van mense. In die eerste plek sien ons dat dit sake is wat onderling teenoor mekaar staan, en nie saam kan bestaan nie. Hieruit volg dat die geregtigheid van God omvergewerp word sodra mense hul eie geregtigheid oprig. En verder, omdat teenoorgestelde sake onderling moet korrespondeer, ly dit geen twyfel dat die geregtigheid van God, wat ’n gawe van Hom is, hier genoem word nie. Net so word die geregtigheid van die mense aan die ander kant vermeld, wat hulle uit hul eie vir hulself opeis, of glo dat hulle dit aan God kan aanbied. Daarom onderwerp iemand wat in homself geregverdig wil word, hom nie aan die geregtigheid van God nie, aangesien die begin van die verkryging van die geregtigheid van God daarin geleë is dat die eie geregtigheid afgesweer word. Want waartoe dien dit om die geregtigheid elders te soek, anders as omdat ons armoede ons daartoe dwing? Maar ons het elders gesê hoe

mense deur die geloof die geregtigheid van God soos ’n kleed aantrek, naamlik omdat die geregtigheid van Christus aan hulle toegereken word. Verder bring Paulus ’n skerp beskuldiging in teen die verwaandheid waarmee die geveinsdes opgeblase is, al word dit ook met ’n mooi voorwendsel van ywer oordek, wanneer hy sê dat hulle almal, nadat hulle as ’t ware die juk afgewerp het, teenoor die geregtigheid van God teenstanders en oproeriges is.

4 *Want Christus is die einde van die wet ...* Vir my lyk dit of die woord *voltooiing* hier nie sleg sal pas nie, soos ook Erasmus dit met *vervolmaking* vertaal het. Maar omdat die ander lesing deur byna almal aanvaar word, en dit self ook nie onvanpas is nie, sal lesers wat my betref vry wees om dit te behou. Met hierdie redenering neutraliseer die apostel die beswaar wat hierteen gebring kon word. Want die Jode kon die skyn verwek het dat hulle aan die regte weg vasgehou het, omdat hulle staatgemaak het op die geregtigheid van die wet. Dit was nodig om hierdie valse mening te weerlê, en dit doen hy hier. Hy toon immers aan dat iemand wat daarna streef om deur sy werke geregverdig te word, ’n valse uitlegger van die wet is, omdat die wet hiertoe gegee is, sodat dit ons asof deur ’n hand lei na ’n ander geregtigheid. Ja, wat ook al die wet leer, wat dit ook al voorskryf, en wat dit ook al beloof, dit het altyd Christus tot doel – daarom moet alle dele van die wet op Hom gerig word. Maar dit kan nie gebeur nie, tensy ons, nadat ons gestroop is van alle eie geregtigheid en ontstel is deur die kennis van die sonde, van Hom alleen die onverdiende geregtigheid begeer. Hieruit volg dat die sondige misbruik van die wet tereg die Jode, wat uit ’n hulpmiddel vir hulleself ’n struikelblok gemaak het, verwyt word. Ja, dit blyk duidelik dat hulle die wet van God skandelik vermink het, deurdat hulle die siel daarvan verwerp het en die dooie liggaam van die letter van die wet aangegryp het. Hoewel die immers loon beloof aan hulle wat die geregtigheid van die wet onderhou, plaas dit tog, nadat dit almal aan skuld onderwerp het, ’n nuwe geregtigheid in Christus in die plek daarvan, wat nie verkry word deur die verdienste van die werke nie, maar ontvang word deur die geloof as ’n vrygegewe geskenk. So ontvang die geregtigheid van die geloof ’n getuienis uit die wet (soos ons gesien het in die eerste hoofstuk). Maar ons het hier ’n belangrike vers, omdat die wet in al sy dele sien op Christus. Derhalwe kan niemand wat nie voortdurend na hierdie doel streef die regte insig daarvan hê nie.

5 Want Moses beskrywe die geregtigheid wat uit die wet is: Die mens wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe.
6 Maar die geregtigheid wat uit die geloof is,

5 Moses enim describit justitiam quae est ex Lege, Quod qui fecerit ea homo vivet in ipsis.

sê dit: Moenie in jou hart sê nie: Wie sal in die hemel opvaar, naamlik om Christus af te bring;
7 of: Wie sal in die afgrond neerdaal, naamlik om Christus uit die dode op te bring?
8 Maar wat sê dit? Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart. Dit is die woord van die geloof wat ons verkondig:
9 As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word;
10 want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding.

6 Quae vero est ex fide justitia sic dicit, Ne dixeris in corde tuo, Quis ascendet in coelum? Hoc est Christum deducere:
7 Aut, Quis descendet in abyssum? Hoc est Christum ex mortuis reducere:
8 Sed quid dicit? Prope est verbum, in ore tuo et in corde tuo; hoc est verbum fidei quod predicamus,
9 Quod si confessus fueris in ore tuo Dominum Jesum, et credideris in corde tuo quod Deus suscitavit illum ex mortuis, salvus eris;
10 Corde enim creditur in justitiam, ore fit confessio in salutem.

5 *Want Moses beskrywe ...* Sodat dit duidelik mag blyk hoeveel die geregtigheid van die geloof en die geregtigheid van die werke onderling ’n stryd voer, vergelyk hy nou die twee teenoor mekaar – want deur ’n vergelyking tree botsende sake beter aan die lig. Hy handel egter nie oor die profesieë van die profete nie, maar oor die getuienis van Moses self, met die enkele doel dat die Jode sal verstaan dat die wet nie deur Moses gegee is om hulle gevange te hou in die vertroue op die werke nie, maar eerder om hulle na Christus te lei. Want hoewel hy na die profete kon verwys het as getuies van sy uitspraak, sou daar tog hierdie probleem daaraan gekleef het, naamlik waarom die wet ’n ander vorm van geregtigheid voorgeskryf het. Daarom ruim hy dit op voortreflike wyse uit die weg, wanneer hy uit die leer van die wet self die geregtigheid van die geloof bevestig.

Verder moet die rede verstaan word waarom Paulus die wet in ooreenstemming bring met die geloof. Die woord *wet* word in tweërlei betekenisse opgevat: soms dui dit naamlik die hele leer aan wat deur Moses gegee is, en soms net daardie deel wat eie was aan sy bediening, en wat naamlik in die voorskrifte, beloninge en strawwe vervat was. Maar Moses het hierdie algemene ampsplig gehad – om die volk te onderrig aangaande die ware reël van vroomheid. As dit waar is, dan was dit gepas dat hy boetvaardigheid en geloof sou predik. Maar die geloof word nie geleer as die beloftes van die goddelike barmhartigheid nie gegee is nie, en wel onverdiend. Derhalwe moes hy die verkondiger van die evangelie wees, en dat hy dit met getrouheid verrig het, blyk duidelik uit baie plekke. Om die volk te onderrig in die boetvaardigheid, moes hy hulle leer wat die

lewensreël is wat deur God aanvaar word; en dit het hy saamgevat in die voorskrifte van die wet. Om ook die liefde vir die geregtigheid by die gemoedere van die volk in te prent, en die haat vir die sonde in te plant, was daar beloftes en bedreiginge toegevoeg, wat aangekondig het dat daar beloninge aan die regverdiges weggelê is, maar aan die sondaars huiweringwekkende strawwe. Dit was nou die plig van die volk om te bedink op hoeveel maniere hulle vervloek was en hoe ver hulle daarvandaan was om deur die werke iets by God te kon verdien, en om, nadat hulle gelei is om te wanhoop aan hul eie geregtigheid, hul toevlug te neem tot die hawe van die goddelike goedheid en uiteindelik tot Christus self. Dit was die doel van die mosaïese bediening.

Maar aangesien die beloftes van die evangelie inderdaad verspreid by Moses te lees is, en dit ook enigsins duister, en omdat die voorskrifte en beloninge, wat daargestel is vir die onderhouers van die wet, herhaaldelik voorkom, word dit tereg aan Moses toegereken as sy eie en bepaalde bediening om te leer wat die ware geregtigheid van die werke is, en om vervolgens aan te toon hoedanig die beloning vir die nakoming daarvan is, en hoedanig die straf vir die oortreding daarvan is. Om hierdie rede word Moses deur Johannes met Christus vergelyk (Joh. 1:17) waar gesê word: *Want die wet is deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom.* En so dikwels as wat die woord *wet* so beperkend gebruik word, word Moses stilswyend teenoor Christus gestel, en derhalwe moet opgelet word wat die wet behels, nadat dit van die evangelie geskei is. Wat dus hier oor die geregtigheid van die wet gesê word, behoort nie betrek te word op die ganse bediening van Moses nie, maar slegs op daardie deel wat bepaaldelik in ’n sekere sin aan hom opgedra was. Nou kom ek by die woorde self.

Want Moses beskrywe ... Paulus gebruik hier die woord γράφει*;* maar dit is ’n *aphaeresis*[1)] vir *om te beskrywe*. Die aanhaling is egter uit Levítikus 18:5 waar die Here die ewige lewe belowe aan hulle wat sy wet sal onderhou. Soos jy sien, het Paulus dit in hierdie sin opgevat, en nie net met betrekking tot die tydelike lewe, soos sommige dink nie. Paulus redeneer dan soos volg: aangesien niemand die geregtigheid wat deur die wet voorgeskryf is, kan verkry nie, tensy hy al die dele daarvan stiptelik volbring het, en omdat alle mense altyd ver verwyderd is van daardie volmaaktheid, is dit tevergeefs dat iemand langs hierdie weg sal streef na die saligheid. Daarom het Israel dwaas gehandel toe hulle gehoop het om die geregtigheid van die wet, waarvan ons almal uitgesluit is, vir hulself te kon verkry. Let op hoe hy uit die belofte self bewys dat dit vir ons geen voordeel

---

1) ’n Afsnyding: die verkorting van ’n woord deur weglating van ’n voorsetsel**.** – *die vertaler*

bring nie, naamlik omdat die voorwaarde onmoontlik is. Wat ’n nuttelose slimmigheid is dit dan om die wetlike beloftes aan te haal om die geregtigheid van die werke daar te stel? Daarmee bly daar vir ons ’n sekere vervloeking; so ver is dit daarvandaan dat die saligheid daaruit tot ons sal kom. Te meer verfoeilik is die dwaasheid van die papiste, vir wie dit genoegsaam is om blote beloftes aan te gryp as bewys van verdienstes. Dit is nie tevergeefs, sê hulle, dat God aan hulle wat Hom dien, die lewe beloof het nie. Maar intussen sien hulle nie dat dit beloof was sodat ’n bewustheid van hul oortredinge almal sal slaan met die verskrikking van die dood nie en, gedwing deur hul eie gebreke, hulle so sal leer om tot Christus die toevlug te neem.

6 *Maar die geregtigheid wat uit die geloof is ...* Hierdie vers is van so ’n aard dat dit die leser nie weinig in verwarring kan bring nie; en dit om twee redes. Dit lyk immers of dit deur Paulus op ’n onvanpaste manier toegepas is en dat die woorde self ’n ander betekenis gegee is. Ons sal egter die woorde later bekyk; eers rig ons die aandag op die toepassing. Dit is naamlik ’n vers uit Deuteronómium 30:12 waar Moses (net soos in die vorige uitspraak) praat oor die leer van die wet. Maar Paulus betrek dit op die beloftes van die evangelie. Hierdie knoop kan so ontknoop word: Moses toon daar aan dat die weg na die lewe maklik gemaak is, omdat die wil van God nie meer vir die Jode verborge was nie, en ook nie ver verwyderd was nie, maar voor hul oë gestel was. As die bespreking alleen oor die wet gehandel het, sou die beredenering oppervlakkig gewees het, omdat die wet van God in geen opsig makliker volvoer word as dit voor die oë geplaas is, as wanneer dit afgeleë is nie. Gevolglik het hy nie die wet alleen voor oë nie, maar oor die algemeen die ganse leer van God, wat ook die evangelie daaronder insluit. Want die woord van die wet is nooit vanself in ons hart, selfs nie die kleinste letter daarvan nie, solank dit nie deur die geloof van die evangelie daarin geplant is nie. En vervolgens kan ook nie na regte gesê word dat die woord van die wet na die wedergeboorte in ons hart verblyf nie, omdat dit volmaaktheid vereis, waarvan ook die gelowiges self ver verwyderd is. En die woord van die evangelie het ’n setel in die hart, hoewel dit die hart nie vervul nie, want dit bied vergifnis aan vir onvolmaaktheid en gebrekkigheid. En Moses het in daardie hele hoofstuk (soos ook in die vierde hoofstuk) probeer om die besondere goedgunstigheid van God by die volk aan te prys, daaruit dat Hy hulle betrek het by sy opvoeding en onderwys, en die aanprysing kon nie slegs aan die wet ontleen word nie. Dit maak ook nie saak dat Moses daar praat oor die inrigting van die lewe ooreenkomstig die norm van die wet nie, want die Gees van die wedergeboorte is verbind met die onverdiende geregtigheid van die geloof. Derhalwe lei hy die een af uit die ander, omdat

die nakoming van die wet voortspruit uit die geloof in Christus. En dit ly geen twyfel nie dat hierdie uitspraak berus op die volgende grondwaarheid, wat hy kort vantevore in dieselfde hoofstuk gestel het: *En die HERE jou God sal jou hart besny* (Deut. 30:6). Daarom vereis dit geen moeite om hulle, wat beweer dat Moses daar oor die goeie werke handel, te weerlê nie. Ek gee wel toe dat dit waar is, maar ek ontken dat dit ongerymd is om die onderhouding van die wet af te lei uit sy eie bron; dit is uit die geregtigheid van die geloof. Nou moet die verduideliking van die woorde ondersoek word.

Moenie in jou hart sê nie: Wie sal in die hemel opvaar ... Moses noem die hemel en die see as plekke wat afgeleë en vir die mens moeilik bereikbaar is. Maar Paulus pas met hierdie woorde dit toe op die dood en die wederopstanding van Christus, so asof daar iets van die geestelike verborgenheid daarin verskuil was. Indien enigiemand sou beweer dat hierdie uitleg enigsins gedwonge en spitsvondig is, laat hom verstaan dat dit nie die voorneme van die apostel was om die uitspraak van Moses met streng korrektheid te behandel nie, maar slegs om dit toe te pas op die behandeling van die huidige onderwerp. Hy ondersoek dus nie wat by Moses staan, woordeliks nie, maar gebruik ’n aanpassing, waardeur hy die getuienis van Moses beter by sy doel laat aanpas. Hy het gepraat oor ontoeganklike plekke; Paulus vermeld daardie plekke, wat vanuit ons oogpunt die meeste van alles verborge is, maar wat tog vir ons geloof sigbaar moet wees. As jy hierdie woorde dus opneem as ’n uitbreiding of ’n aanpassing, sal jy nie kan nie sê dat Paulus die woorde van Moses gewelddadiglik of op ’n ongepaste manier verdraai het nie, maar jy sal eerder toestem dat hy sonder om enige betekenis prys te gee, op ’n elegante manier op die woorde *hemel* en *see* gesinspeel het.

Laat ons daarom nou eenvoudig die woorde van Paulus verduidelik. Aangesien die sekerheid van ons saligheid op twee fondamente berus, wanneer ons verstaan dat die lewe vir ons verkry is en dat die dood oorwin is, leer hy dat die geloof deur die Woord van die evangelie ondersteun word deur beide hierdie feite; want Christus het deur Sy sterwe die dood verslind en deur Sy opstanding die lewe in Sy mag gekry. Deur die evangelie word die seën van Christus se dood en opstanding aan ons meegedeel. Daarom is dit nie nodig dat ons in enige opsig na iets hoër soek nie. Sodat dit dus vas mag staan dat die geregtigheid van die geloof ruimskoots genoeg is vir die saligheid, leer hy dat daaronder daardie twee dele vervat is wat alleen vir die saligheid vereis word.

Wie sal in die hemel opvaar ... Dit het dieselfde betekenis asof jy wou sê: Wie weet of die erfenis van die ewige en hemelse lewe op ons wag? *Wie sal in die afgrond neerdaal* ... het weer dieselfde betekenis asof jy wou sê:

Wie weet of die ewigdurende verderf van die siel ook volg op die liggaamlike dood? Hy leer dat albei die onsekerhede deur die geregtigheid van die geloof opgehef is, want die een sou Christus uit die hemel neerhaal en die ander sou Hom uit die dood terugbring. Die hemelvaart van Christus behoort immers ons geloof in die ewige lewe so te versterk dat iemand wat twyfel of die erfenis van die hemel voorberei is vir die gelowiges, in wie se naam en vir wie Hy daar binnegegaan het, so te sê Christus self die besit van die hemele ontneem. Omdat Hy op gelyke wyse die verskrikkinge van die hel ondergaan het, sodat Hy ons daarvan bevry het, bring twyfel mee of die gelowiges nog steeds aan hierdie ellende onderworpe is, dat Sy dood nutteloos gemaak word en as ’t ware verloën word.

8 *Maar wat sê dit?* ... Om die struikelblokke wat die geloof in die weg staan te verwyder, het hy tot dusver in ’n negatiewe sin gepraat; nou bly dit oor om die manier waarop die geregtigheid verkry word, bekend te maak, en vir hierdie doel voeg hy ’n bevestigende sin by. Maar hoewel alles tegelyk in een sin gesê kan word, word ’n vraag tussenin gevoeg, en dit wel om die aandag op te wek. Terselfdertyd wou hy ook leer hoe groot die verskil is tussen die geregtigheid van die wet en dié van die evangelie; want die eerste vertoon sigself van veraf en verhoed alle sterwelinge om nader te kom, maar die laaste bied sigself van naby aan en nooi ons vriendelik om sy vrugte te geniet.

Naby jou is die woord ... In die eerste plek moet opgelet word dat die grense van die Woord, waarbinne mense hulself moet hou, voorgeskryf word sodat hul gedagtes nie deur te dwaal van die saligheid sal afwyk nie. Dit is immers asof hy beveel het dat hulle met die Woord alleen tevrede moet wees, en hulle vermaan het om in hierdie spieëlbeeld die verborgenhede van die hemele te bedink, wat deur sy glans die sig van die oë sal verblind, die ore verstom en die gedagtes sinloos sal maak. Die gelowige siele verkry derhalwe uit hierdie vers ’n uitsonderlike vertroosting aangaande die sekerheid van die Woord; dit naamlik, dat hulle nie minder in geheel daarop kan berus as op die mees onmiddellike aanskouing van dinge nie. Vervolgens moet daarop gelet word, dat ’n woord deur Moses gebruik is waarin vir ons die vaste en stil vertroue op die saligheid rus.

Dit is die woord van die geloof ... Tereg neem Paulus hierdie waarheid ter hand, want die leer van die wet verskaf aan die gewete allermins vrede en rus, en voorsien nie daaraan dit waarmee dit tevrede behoort te wees nie. Intussen sluit hy tog nie die oorblywende dele van die Woord uit nie, ook nie die voorskrifte van die wet nie, maar hy wil die vergewing van sondes stel in die plek van die geregtigheid, ook afgesien van die strikte gehoorsaamheid wat die wet vereis. Die Woord van die evangelie is dus

genoegsaam om aan die gemoedere vrede te gee en aan die saligheid van die mense ’n vastigheid. Daarmee word ons nie beveel om die geregtigheid deur die werke te verdien nie, maar om dit deur die geloof te omhels, nadat dit onverdiend aangebied is. Maar *die woord van die geloof* is hier by wyse van ’n μετωνυμικῶς[1]) vir *die woord van die belofte* gebruik, dit is vir die evangelie self, omdat dit in verhouding staan met die geloof. Die teenstelling, waardeur die wet van die evangelie onderskei word, moet hier naamlik fyn beluister word; en uit die opmerk van hierdie onderskeid lei ons af dat, net soos die wet werke vereis, die evangelie niks anders vra nie as dat mense geloof saambring om die genade van God te ontvang. Die woorde *wat ons verkondig* is bygevoeg, sodat niemand sal vermoed dat Paulus van Moses verskil nie; want hy getuig dat daar in sy bediening van die evangelie en dié van Moses die grootste ooreenstemming is, omdat ook Moses ons geluksaligheid nêrens anders geplaas het as in die onverdiende belofte van die goddelike genade nie.

9 *As jy met jou mond die Here Jesus bely ...* Hier is ook eerder ’n sinspeling as ’n gepaste en egte uitleg, want dit is uiters waarskynlik dat Moses by wyse van ’n *synecdoche* (woordverwisseling) die woord *mond* gebruik het vir *aangesig* of *uitkyk*. En dit is nie ongepas dat die apostel hier sinspeel op die woord *mond* nie, en wel op die volgende manier: aangesien die Here sy Woord voor ons mond plaas, ly dit geen twyfel dat Hy ons roep om dit te bely nie. Want waar ook al die Woord van die Here te vinde is, daar behoort vrugte voort te kom; en die belydenis is die vrug van die mond. Maar dat hy die belydenis voor die geloof plaas, is ’n *anastrophe* (’n verwisseling van die volgorde) wat dikwels in die Skrif gebeur. Dit sou immers ’n beter volgorde gewees het as die vertroue van die hart vooropgestel was, en die belydenis van die mond, wat daaruit voortspruit, daaraan toegevoeg sou gewees het. Maar hy wat aan die Here Jesus die eer van sy eie krag gee en erken dat Hy die een is, wat deur die Vader gegee is en wat in die evangelie beskryf word, bely Hom soos dit behoort. Maar dat hy uitdruklik alleen melding maak van die wederopstanding, behoort nie so opgevat te word asof sy dood geen betekenis het nie; maar wel dat Christus deur op te staan alle dele van ons saligheid volvoer het. Want hoewel die verlossing en voldoening deur die dood volbring is, waarmee ons met God versoen is, was die oorwinning oor die sonde, die dood en Satan tog verwerf deur die wederopstanding. Hieruit het ook die geregtigheid, die nuutheid van die lewe en die hoop op die salige onsterflikheid voortgekom. En so word die wederopstanding alleen dikwels aan ons voorgehou as die vertroue op die saligheid, nie om ons aandag

---

[1]) Metonimia, dit wil sê ’n stylfiguur waarby ’n begrip nie regstreeks genoem word nie, maar aangedui word deur iets wat daarop betrekking het. – *die vertaler*

van die dood af te lei nie, maar omdat dit getuig van die uitwerking en vrug van die dood; ten slotte, die wederopstanding vervat in sigself die dood. Ons het hierdie saak kortliks aangeraak in die sesde hoofstuk.

Voeg hier ook by dat Paulus nie alleen ’n historiese geloof vereis nie, maar hy omsluit die doel van die geloof in die wederopstanding self. Dit moet immers begryp word waarom Christus opgestaan het, naamlik omdat dit die besluit van God die Vader was om in sy opwekking ons almal in die lewe te herstel; want hoewel Christus die mag gehad het om uit Homself sy siel terug te ontvang, skryf die Skrif hierdie werk tog meestal toe aan God die Vader.

10 *Want met die hart glo ons tot geregtigheid ...* Hierdie vers kan ons behulpsaam wees om die regverdigmaking deur die geloof te verstaan, want dit toon aan ons dat die geregtigheid aan ons daaruit toeval, dat ons die goedheid van God, wat in die evangelie aangebied is, omhels. Ons is derhalwe regverdig omdat ons glo dat God in Christus ons goedgesind is. Maar laat ons opmerk dat die setel van die geloof nie in die verstand geleë is nie, maar in die hart. En ek sou tog nie ’n stryd voer oor die vraag in watter deel van die liggaam die geloof nestel nie, maar omdat die woord *hart* gewoonlik gebruik word om ’n ernstige en opregte gesindheid aan te dui, sê ek dat die geloof ’n vaste en werksame vertroue is, en nie slegs ’n blote denkbeeld nie.

... *en met die mond bely ons tot redding*. Dit kan vreemd voorkom dat hy nou (net) ’n deel van ons saligheid aan die geloof toeskryf, aangesien hy so dikwels vantevore getuig het dat ons alleen deur die geloof gered word. Maar hieruit behoort nie afgelei te word dat die belydenis die oorsaak van ons saligheid is nie. Hy wou alleen aandui op watter manier God ons saligheid volbring, naamlik dat Hy die geloof, wat Hy in ons harte ingeplant het, deur die belydenis laat te voorskyn tree. Ja, hy wou eenvoudig aandui wat die ware geloof is, waaruit hierdie vrug na vore kom, sodat niemand ’n ydele titel van geloof daarvoor sal voorgee nie, want die hart behoort so te ontbrand met ywer vir die eer van God dat dit sy vlam na buite laat uitbring. En sekerlik, hy wat geregverdig is, het reeds die saligheid verkry; daarom word daar net soveel met die hart tot saligheid geglo, as wat daar met die mond ’n belydenis daaroor gemaak word. Jy sien dus dat hy hierdie onderskeid gemaak het, dat hy die oorsaak van die regverdigmaking tot die geloof herlei en vervolgens aantoon wat noodsaaklik is om die saligheid te voltooi. Want niemand kan met die hart glo sonder om met die mond te bely nie. En die noodsaaklikheid van ’n voortdurende gevolg is inderdaad aanwesig, maar nie so dat dit die saligheid aan die belydenis toeskryf nie. Verder, laat hulle kyk wat hulle aan Paulus kan antwoord, hulle wat vandag

teenoor ons ewe verwaand spog met een of ander ingebeelde geloof, wat tevrede is met die geheime van die hart, en die belydenis van die mond as oorbodig en ydel agterweë laat. Dit is immers uiters onbeduidend om te beweer dat daar vuur is waar daar geen vlam of warmte is nie.

11 Want die Skrif sê: Elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie.
12 Want daar is geen onderskeid tussen Jood en Griek nie; dieselfde Here tog is Here van almal en is ryk oor almal wat Hom aanroep.
13 Want: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.

11 Dicit enim scriptura, omnis qui credit in eum non pudefiet:
12 Non enim est distinctio Iudaei et Graeci; unus enim Dominus omnium, dives in omnes qui invocant eum;
13 Quisquis enim invocaverit nomen Domini salvus erit.

11 *Want die Skrif sê ...* Nadat hy die redes aangedui het waarom God tereg die Jode verwerp het, keer hy terug tot die behandeling van die roeping van die heidene, wat die ander deel uitmaak van die vraag wat hy nou bespreek. Aangesien hy dan die weg aangewys het waarlangs die mense tot die saligheid kom, en dit sekerlik vir die heidene nie minder as vir die Jode gemeenskaplik en oop is nie, strek hy nou, nadat ’n algemene teken eers gegee is, dit uitdruklik na die heidene uit; vervolgens roep hy ook die heidene by name daartoe. Hy herhaal egter die getuienis wat hy reeds uit Jesaja aangevoer het, sodat die uitspraak meer gesag mag hê, en terselfdertyd sodat dit mag blyk hoe goed die profesieë wat gegee is met die wet ooreenstem.

12 *Want daar is geen onderskeid ...* As die geloof alleen vereis word, waar dit ook al gevind word, daar sal die goedgunstigheid van God op sy beurt sigself tot saligheid openbaar. Hier sal derhalwe geen onderskeid van volk of afkoms wees nie. En hy voeg die allersterkste rede by: want as Hy wat die Skepper en Boumeester van die ganse wêreld is en die God van alle mense is, dan sal Hy Hom goedgunstig betoon aan almal deur wie Hy as God erken en aanbid is. Omdat sy barmhartigheid immers onmeetlik groot is, kan dit nie gebeur dat sy barmhartigheid sigself nie sal uitstort oor almal deur wie dit begeer word nie.

Ryk word hier in ’n aktiewe sin aanvaar, in die plek van goedgunstig en welwillend. Hier moet opgemerk word dat die rykdom van ons Vader nie deur sy weldadigheid verminder word nie, en dat dit vir ons geensins afneem nie, al verryk Hy andere ook met die oorvloed van sy menigvuldige genade. Daar is dus vir die een geen rede waarom hy andere enige gawes sou beny nie, so asof hy self daarom enigiets sal verloor nie.

Hoewel hierdie rede sterk genoeg was, bevestig hy dit tog met ’n uitspraak van die profeet Joël wat, ooreenkomstig ’n algemene woorduitdrukking, almal in gelyke mate insluit. Maar lesers kan uit die verband baie beter bemerk dat wat Joël verkondig, met die huidige gedeelte ooreenstem, want hy profeteer daar aangaande die ryk van Christus, en vervolgens ook omdat hy, nadat hy voorspel het dat die toorn van God op ’n verskriklike manier sal ontbrand, midde-in die gloed van die toorn die saligheid beloof aan almal wat die Naam van die Here sal aanroep. Hieruit volg dat die genade van God tot die afgrond van die dood deurdring, as dit ten minste daar begeer word, sodat dit geensins van die heidene weerhou moet word nie.

14 Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek?
15 En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie? Soos geskrywe is: Hoe lieflik is die voete van die wat die evangelie van vrede verkondig, van die wat die evangelie van die goeie verkondig!
16 Maar hulle was nie almal gehoorsaam aan die evangelie nie; want Jesaja sê: Here, wie het ons prediking geglo?
17 Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God.

14 Quomodo ergo invocabunt eum in quem non crediderint? Quomodo vero in eum credent de quo non audiverint? Quomodo autem audient absque praedicante?
15 Quomodo autem praedicabunt nisi mittantur? Quemadmodum scriptum est, Quam pulchri pedes annuntiantium pacem, annuntiantium bona!

16 Sed non omnes obedierunt evangelio; Iesaias enim dicit, Domine, quis credidit sermoni nostro?

17 Ergo fides ex auditu, auditus autem per verbum Dei.

Ek sal die leser nie hier lank ophou met die meedeling en weerlegging van die opvattings van ander nie. Laat elkeen sy eie oordeel behou, maar laat dit my ook vry staan om dit wat ek dink, na vore te bring. Sodat jy derhalwe mag verstaan waartoe hierdie rangskikking dien, neem in die eerste plek in ag dat daar ’n wedersydse verband was tussen die roeping van die heidene en die bediening van Paulus, waarmee hy onder hulle werksaam was, sodat die erkenning van die een afhanklik is van die erkenning van die ander. Dit was nou vir Paulus noodsaaklik om die roeping van die heidene bo twyfel te stel, en om terselfdertyd die rede vir sy bediening weer te gee, sodat dit nie sal lyk asof hy die genade van God op ’n verkeerde manier uitdeel, en dat hy brood wat vir die kinders van God bestem is, van hulle onthou en dit voor die honde werp nie. Hy doen dus albei dinge tegelyk. Maar hoe die draad van die redevoering saamhang, kan nie goed begryp word, solank die afsonderlike dele nie in volgorde bespreek word nie.

Hierdie voortgang het dieselfde waarde asof hy wou sê: Sowel die Jode as die heidene verklaar deur die Naam van God aan te roep, dat hulle in Hom glo, want daar kan nie ’n ware aanroeping van die Naam van God bestaan as die regte kennis van Hom dit nie voorafgegaan het nie. Verder spruit die geloof uit die Woord van God, omdat die Woord van God nêrens anders gepredik word as alleen deur God se besondere voorsienigheid en ordening nie. Dus, waar daar ’n aanroeping van God is, daar is die geloof; waar die geloof is, daar het die saad van die Woord voorafgegaan; waar die prediking is, daar is die roeping van God. Waar die roeping nou so werksaam en vrugbaar is, daar is ’n duidelike en ontwyfelbare teken van die goddelike goedgunstigheid. Hieruit sal dit uiteindelik vasstaan dat die heidene, wat God in die gemeenskap van die saligheid toegelaat het, nie uitgesluit is van die ryk van God nie. Want soos die prediking van die evangelie by hulle die oorsaak van die geloof is, so is die sending van God die oorsaak van die prediking, waardeur Hy op hierdie manier vir hul saligheid wou voorsien. Nou sal ons die oorblywende dele afsonderlik oorweeg.

14 *Hoe kan hulle Hom dan aanroep ...* Paulus wil hier die gebed verbind met die geloof omdat dit sake is wat ten nouste met mekaar verband hou. Want hy wat God aanroep, neem as ’t ware homself tot die enigste ware hawe van die saligheid – en wat die veiligste skuilplek is – net soos ’n seun wat homself toevertrou aan die boesem van die beste en liefderykste vader om deur sy sorg beskerm te word, deur sy verdraagsaamheid en liefde vertroetel te word, deur sy goedgunstigheid ondersteun te word en deur sy krag versterk te word. Dit sou niemand kon doen wat nie vantevore in sy hart so oortuig is van die vaderlike goedgunstigheid van God teenoor hom nie, dat hy waag om alle dinge van Hom te verwag. Daarom is dit noodsaaklik dat hy, wat God aanroep, vertrou dat daar vir hom in God beskerming weggelê is. Paulus praat hier naamlik oor die aanroeping wat deur God goedgekeur word. Die geveinsdes bid immers ook, maar nie tot saligheid nie, omdat hulle dit doen sonder enige gevoel van geloof. Hieruit blyk hoe volslae onwetend al die skolastici is, wat al twyfelend tot God kom, terwyl hulle deur geen vertroue ondersteun word nie. Paulus oordeel heeltemal anders, want hy aanvaar dit as ’n erkende grondwaarheid dat ons nie na behore kan bid as ons nie oortuig is van die gunstige uitkoms daarvan nie. En hy verwys hier immers nie na ’n verwarde geloof nie, maar na daardie sekerheid wat ons harte koester oor sy vaderlike goedgunstigheid, wanneer Hy ons deur die evangelie versoen en as kinders aanneem. Deur hierdie vertroue alleen open Hy vir ons die toegang na Hom, soos ook geleer word in Efésiërs 3. Aan die ander kant, leer hieruit dat dit eers dan ’n ware geloof is, as die aanroeping van God daaruit

gebore word; want dit kan nie gebeur dat hy, wat die goedheid van God gesmaak het, nie ook met al sy gebede daarna streef nie.

En hoe kan hulle in Hom glo ... In kort beteken dit dat ons in ’n seker sin stom is totdat die belofte van God ons monde open om te bid. Dieselfde volgorde wys hy ook by die profeet aan in Sagaría 13:9 met hierdie woorde: *Ek sê: Dit is my volk! En hulle sal sê: Die HERE, my God!* Dit is immers nie aan ons toegestaan om na goeddunke ’n God in te beeld nie. Daarom moet die kennis van Hom, wat in sy Woord voorgehou word, as die regte kennis aanvaar word. Maar as iemand uit eie aanvoeling ’n goeie God inbeeld, sal dit nie ’n sekere en vaste geloof wees nie, maar ’n onvaste en vloeibare inbeelding. Daarom word sy Woord vereis vir die regte kennis van God. Hy het hier geen ander Woord vermeld as die Woord wat gepredik word nie, omdat dit die gewone manier is wat die Here vir die verspreiding daarvan ingestel het. Maar as iemand op grond daarvan aanvoer dat God aan die mense die kennis oor Homself nie anders kan oordra as deur die middel van die prediking nie, sal ons ontken dat dit uit die bedoeling van die apostel geblyk het, want hy het slegs die gewone beskikking van God voor oë gehad, en wou nie die wet aan sy genade voorgeskryf het nie.

15 *En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie? ...* Hy gee te kenne dat dit ’n bewys en pand van die goddelike liefde is wanneer Hy enige volk met die prediking van die evangelie begunstig, en dat daar nie enige verkondiger daarvan is wat Hy nie deur sy besondere voorsienigheid verwek het nie. Daarom ly dit geen twyfel nie, dat God daardie volk besoek in wie se midde die evangelie verkondig word. Maar omdat Paulus hier geensins handel oor die wettige roeping van enigeen nie, sal dit oorbodig wees om hier ’n meer uitvoerige uiteensetting daaroor te hê. Laat dit genoegsaam wees om dit in gedagte te hou, dat die evangelie nie by toeval uit die wolke neerval nie, maar dat dit deur die hand van mense gebring word na waar dit van Godsweë gestuur is.

Soos geskrywe is: Hoe lieflik is die voete ... Hierdie getuienis behoort op die huidige saak soos volg toegepas te word: Wanneer die Here aan sy volk die hoop op verlossing wil gee, prys Hy met ’n merkwaardige lofbetuiging die koms van hulle wat die blye tyding hiervan gebring het. Daarom het hy daardeur verklaar dat die bediening van die apostels, waardeur die boodskap van die ewige lewe na ons gebring word, nie minder hoog geskat moet word nie. Maar hieruit volg dit dat die bediening van God afkomstig is, omdat daar niks begerenswaardigs en lofwaardigs op aarde is, wat nie uit sy hand voort kom nie.

Verder leer ons ook hier in watter mate die prediking van die evangelie, wat deur die mond van die Here aanbeveel word, ’n saak is wat deur alle goeie mense begeer moet word en hoe hoog dit geag moet word. Dit ly immers geen twyfel nie, dat God met so hoë lof praat oor die onvergelyklike waarde van hierdie skat, om die gemoedere van almal op te wek om met verlange daarna uit te sien. Neem die woord *voete* by wyse van ’n *metonimia*[1)] op vir *koms*.

16 *Maar hulle was nie almal gehoorsaam aan die evangelie nie ...* Hierdie gedeelte behoort hoegenaamd nie tuis by die beredenering wat Paulus in hierdie rangskikking wou volg nie. En in die gevolgtrekking wat spoedig hierop volg, herhaal hy nie iets dergeliks nie. Dit was egter vir Paulus lonend om dit in te voeg om ’n beswaar te ondervang, sodat iemand nie uit dit wat gesê was – naamlik dat die Woord in volgorde altyd die geloof voorafgaan, net soos die saad voor die koring kom – ’n terugwaartse argument sou opbou en sou beweer dat die geloof oral op die Woord volg; want dan sou Israel, wat nooit sonder die Woord was nie, op so ’n manier kon roem. Derhalwe was dit gepas dat hy dit in die verbygaan aandui, dat baie geroep word wat nogtans nie uitverkies word nie. Hy haal egter ’n gedeelte aan uit Jesaja 53:1 waar die profeet, wanneer hy op die punt staan om die merkwaardige voorspelling oor die dood en ryk van Christus aan te kondig, met verbasing praat oor die geringheid van die getal gelowiges, wat aan hom in die Gees geblyk het so min te wees dat hy gedwing was om uit te roep: *Wie het geglo wat aan ons verkondig is?* Want hoewel die woord שמועה in Hebreeus die passiewe betekenis van *woord* het, het die Grieke dit met ἀκοήν vertaal en is dit in Latyn met *auditum* (*gehoor*) weergegee, en dit enigsins onvanpas, maar die betekenis is nietemin nie dubbelsinnig nie.

Ons sien nou waarom hierdie uitsondering in die verbygang tussenin gevoeg was, naamlik sodat iemand nie sal dink dat die geloof noodsaaklikerwys volg waar die prediking van krag is nie. Tog dui hy die rede later aan wanneer hy byvoeg: *Aan wie is die arm van die Here geopenbaar?* Hy gee naamlik te kenne dat die Woord dan alleen voordeel inhou wanneer God deur die lig van sy Gees skitter. So word die inwendige roeping, wat alleen kragdadig werksaam is en slegs aan die uitverkorenes toekom, onderskei van die uitwendige stem van die mens. Hieruit is dit duidelik hoe dwaas sommige redeneer, dat almal sonder uitsondering uitverkorenes is, omdat die leer van die saligheid algemeen geldend is, en God almal sonder uitsondering tot Hom uitnooi. Die algemeenheid van die

---

[1)] Metonimia, dit wil sê ’n stylfiguur waarby ’n begrip nie regstreeks genoem word nie, maar aangedui word deur iets wat daarop betrekking het. – *die vertaler*

beloftes maak immers nie alleen en vanself die saligheid algemeen vir almal nie. Daardie besondere openbaring, waarvan die profeet melding gemaak het, beperk eerder sigself tot die uitverkorenes.

17 *Die geloof is dus uit die gehoor ...* Uit hierdie gevolgtrekking sien ons wat Paulus beoog het met die maak van hierdie rangskikking, naamlik om aan te toon dat God oral waar die geloof is, reeds vantevore ’n teken van sy uitverkiesing gegee het. Vervolgens, dat Hy sy seën uitgegiet het deur die bediening van die evangelie, sodat Hy die gedagtes van mense met geloof verlig het en hulle daardeur gelei het tot die aan roeping van sy Naam, waarin aan almal die saligheid beloof word. Op hierdie manier is getuienis gegee dat die heidene deur Hom toegelaat is om deel te hê aan die ewige erfenis.

Dit is egter ’n merkwaardige vers oor die uitwerking van die prediking; want hy getuig dat die geloof daaruit gebore word. Hy het inderdaad vantevore erken dat die prediking vanself niks uitrig nie, maar wanneer dit God behaag om te werk, is dit ’n werktuig van sy mag. En dit is sekerlik só dat die stem van ’n mens nooit uit eie krag kan deurdring tot die siel nie; en die sterflike mens sou te hoog verhef word as gesê word dat hy die krag het om ons wedergebore te laat word. Selfs ook die lig van die geloof is meer verhewe as om deur iets mensliks oorgedra te kan word. Al hierdie dinge is egter geen struikelblok daarvoor dat God deur die stem van ’n mens doeltreffend kan werk om deur sy bediening in ons die geloof te skep nie.

Dit moet verder opgemerk word dat die geloof op niks anders as die leer van God gegrondves is nie. Want Paulus leer ons nie dat die geloof uit een of ander leer voortspruit nie, maar beperk dit met name tot die Woord van God. En hierdie beperking sou ongerymd gewees het indien die geloof kon berus het op die leerstellinge van mense. Daarom moet alle versinsels van mense die wyk neem wanneer daar gehandel word oor die sekerheid van die geloof. Op hierdie manier stort ook die pouslike inbeelding van ’n blinde geloof in duie, omdat dit die geloof losskeur van die Woord; en veel meer verfoeilik is daardie godslastering dat die waarheid van die Woord opgeskort bly totdat die gesag van die kerk dit bekragtig.

18 Maar ek sê: Het hulle miskien nie gehoor nie? Ja, seker! Oor die hele aarde het hulle stem uitgegaan en tot by die eindes van die wêreld hulle woorde.

18 Sed dico, Nunquid non audierunt? Quinimo, In omnem terram exivit sonus eorum, et in fines orbis verba eorum.

19 Maar ek vra: Het Israel dit miskien nie verstaan nie? Ten eerste sê Moses: Ek sal julle jaloers maak op dié wat geen volk is

19 Sed dico, Nunquid non cognovit Israel? Primus Moses dicit, Ego ad aemulationem provocabo vos in eo qui non est populus, et

nie, en Ek sal julle toorn opwek teen ’n onverstandige volk.
20 En Jesaja durf selfs sê: Ek het My laat vind deur die wat My nie gesoek het nie; Ek het verskyn aan die wat na My nie gevra het nie.
21 Maar van Israel sê Hy: Die hele dag het Ek my hande uitgebrei na ’n ongehoorsame en teësprekende volk.

in gente stulta irritabo vos.
20 Iesaias autem audet et dicit, Inventus sum a non quaerentibus me, conspicuus factus sum iis qui me non interrogabant.
21 De Israele autem dicit, Quotidie expandi manus meas ad populum contumacem (*vel non credentem*) et contradicentem.

18 *Maar ek sê: Het julle miskien nie gehoor nie*? ... Aangesien die harte van mense deur die prediking vervul word met die kennis van God, wat uit sigself die aanroeping van dieselfde God voortbring, het hierdie vraag oorgebly, naamlik of die waarheid van God dan nie aan die heidene verkondig was nie; want dat Paulus hom plotseling tot die heidene gewend het, was in die nuutheid daarvan in geen geringe mate ’n ergerlikheid nie. Hy vra daarom of God nie ooit vantevore sy stem tot die heidene gerig het en die amp van leermeester teenoor die hele wêreld vervul het nie. Verder voer hy die getuienis van die profeet aan uit Psalm 19:5, om te leer dat die skool, waarin God vir Hom leerlinge van oraloor vergader het, vir almal gemeenskaplik toeganklik is – hierdie getuienis lyk egter hier slegs weinig toepaslik. Die profeet praat immers daar nie oor die apostels nie, maar oor die sigbare (stomme) werke van God, waarin hy sê dat die eer van God so duidelik skitter dat gesê kan word dat dit ’n soort tong het om die deugde van God te verklaar. Hierdie uitspraak van Paulus het veroorsaak dat die ouer verklaarders die hele Psalm as ’n sinnebeeldige voorstelling uitgelê het; en die nageslag het dit ook nagevolg; naamlik so, dat die son, wat soos ’n bruidegom uit sy kamer kom, ongetwyfeld Christus is, en dat die hemele die apostels is. Hulle wat deur nougesette pligsbetragting vasgegryp is, en wat hulself meer beskeie toegelê het op die verklaring van die Skrif, het gedink dat Paulus dit wat eintlik oor die argitektuur van die hemel gesê is, by wyse van ’n sinspeling op die apostels oorgebring het. Aangesien ek egter meen dat die diensknegte van die Here die Skrifte oral met groter eerbied behandel het, en dat hulle nie so willekeurig hierheen en daarheen gedraai het nie, kan ek nie oortuig word dat Paulus hierdie Skrifgedeelte so misbruik het nie. Ek vat derhalwe die aanhaling op in die eintlike en egte bedoeling van die profeet, sodat die redenering soos volg sal wees: God het reeds vanaf die begin van die wêreld sy godheid aan die heidene geopenbaar, al is dit nie deur die prediking van mense nie, dan tog deur die getuienis van sy skeppingswerke. Want hoewel die evangelie toe onder hulle stil was, het die hele bouwerk van die hemel en die aarde nietemin gespreek en deur sy verkondiging die Skepper daarvan geloof. Dit blyk derhalwe dat die Here ook in daardie tyd, waarin die genade van sy

verbond tot Israel beperk was, nie die kennis aangaande Hom so van die heidene weerhou het dat Hy by hulle nie altyd ’n vonk daarvan aangesteek het nie. Hy het wel toe Homself meer van naby aan die uitverkore volk geopenbaar, sodat die Jode tereg vergelyk kon word met toehoorders wat tot sy huis behoort, en aan wie Hy met sy heilige mond vertroulik onderrig gegee het. Omdat Hy die heidene tog ook van ’n afstand met ’n stem uit die hemel aangespreek het, het Hy deur hierdie voorspel aangetoon dat Hy ook aan hulle Homself wil bekend maak. Ek weet verder nie waarom die Griekse vertaler die Hebreeuse woord קוּשׁ met φθόγγον[1)] weergegee het nie, want dit dui ’n rigsnoer aan – soms in ’n bouwerk, soms in ’n geskrif. Aangesien dit seker is dat dieselfde saak in hierdie gedeelte twee maal vermeld word, lyk dit vir my waarskynlik dat die hemele so voorgestel word dat dit die almag van God aan die ganse menslike geslag vermeld deur geskrif sowel as deur die stem. Met die woord *uitgegaan* herinner die profeet daaraan dat hierdie leer, waarvan die hemele die verkondigers is, nie opgesluit is in die eng grense van ’n enkele land nie, maar dat dit weerklink tot aan die uiterste uiteindes van die wêreld.

19 *Maar ek vra: Het Israel dit miskien nie verstaan nie*? ... Hierdie beswaar van ’n opponerende party is ontleen aan ’n vergelyking van die mindere met die meerdere. Paulus het geredeneer dat die heidene van die kennis van God nie uitgesluit moet word nie, omdat God van die begin af Hom aan hulle geopenbaar het, hoewel enigsins duister en omhul deur skaduwees, of omdat Hy aan hulle ten minste ’n smaak van Sy waarheid gegee het. Wat sal dan van Israel gesê moet word, wat by verre deur ’n ander lig van die waarheid omstraal was? Hoe gebeur dit dan dat vreemdelinge en oningewydes heenloop na die lig wat van ver aan hulle getoon is, maar dat die heilige geslag van Abraham, wat dit van naby ken, dit verwerp? Hierdie onderskeid moet altyd in gedagte gehou word: *Want watter groot nasie het gode wat vir hulle so naby is soos die HERE onse God, so dikwels as ons Hom aanroep?* (Deut. 4:7). Dit is daarom tereg gevra waarom die leer van die wet, waarmee Israel deurdrenk was, nie gevolg is deur kennis nie.

Ten eerste sê Moses ... Hy bewys met ’n getuienis van Moses dat daar niks ongerymds in is indien God die heidene bo die Jode verkies nie. Die Skrifgedeelte is geneem uit die beroemde lied waar God, terwyl Hy die Jode hul ontrou verwyt, aankondig dat Hy op hierdie manier Hom op hulle sal wreek, dat Hy naamlik hulle tot jaloersheid sal uitlok deur die heidene in die verbond op te neem, omdat hulle afgeval het tot gode wat hulleself versin het. Hy sê: *Julle het, deurdat julle My versmaad en verwerp het, My*

[1)] Die Griekse woord beteken *stem* of *geluid*. – *die vertaler*

reg en My eer aan die afgode oorgedra; om hierdie onreg te wreek, sal Ek op My beurt die heidene in julle plek stel, en wat Ek tot nou toe aan julle gegee het, dit sal Ek aan hulle oordra (Deut. 32:21).[1] Maar dit kon nie gebeur sonder die verwerping van die Joodse volk nie. Want die jaloersheid waarvan Moses melding maak, kom daarvandaan dat God vir Homself 'n volk daargestel het uit dit wat geen volk was nie, en uit niks 'n nuwe volk opgewek het, wat die plek sal beset waaruit die Jode weggedryf is, net soos hulle hulself deur verlating van die ware God, aan die afgode oorgegee[2] het. Maar dat die Jode by die koms van Christus nie verval het tot daardie growwe en uitwendige afgodery nie, dien glad nie tot hul verontskuldiging nie, aangesien hulle die hele diens van God deur hul versinsels ontheilig het; ja, uiteindelik God die Vader, wat Hom in Christus, die eniggebore Seun, geopenbaar het, verloën het, en dit is die ergste soort goddeloosheid.

Let daarop dat *dwase volk* en *nie-volk* dieselfde beteken, omdat daar buite die hoop op die hemelse lewe vir mense geen bestaan oorbly nie. Verder kom die begin en die oorsprong van die lewe voort uit die lig van die geloof. Die geestelike bestaan vloei daarom voort uit die nuwe skepping; en volgens hierdie siening noem Paulus die gelowiges die werk van God, omdat hulle deur Sy Gees wedergebore is en na Sy beeld vernuwe is. Onder die woord *dwase* verstaan ons nou dat alles wat mense as wysheid aanvoer, sonder die Woord van God blote ydelheid is.

20 *En Jesaja durf selfs sê ...* Aangesien hierdie profesie enigsins duideliker is, verklaar hy, om meer aandag te prikkel, dat dit met vol vertroue gedoen is, asof hy wou sê: die profeet het nie in beeldspraak en in wartaal gepraat nie, maar in duidelike en deursigtige woorde die roeping van die heidene verklaar. Maar dit wat Paulus hier, deur enkele woorde tussenin te plaas, van mekaar geskei het, het in hoofstuk 65:1 by die profeet in een sinsverband voorgekom, waar die Here aankondig dat die tyd sal kom, waarin Hy sy genade tot die heidene sal wend, en hy voeg dadelik die rede by, naamlik dat Hy 'n walging het aan die hardnekkigheid van Israel, wat deur die besondere langdurigheid daarvan vir Hom ondraaglik geword het. Hy spreek dan soos volg: *Hulle wat vroeër nie na My gevra het nie, en My Naam verontagsaam het, het My nou gesoek* (die verlede tyd is gebruik in die plek van die toekomende tyd om die sekerheid van die profesie aan te

---

[1] Die Afrikaanse vertaling van 1933-1953 verskil heelwat. Dit lui**:** *Hulle het my ywer gewek deur wat nie-God is, My geterg deur hulle nietige afgode. Ek sal dan hulle ywer wek deur die wat 'n nie-volk is, deur 'n dwase nasie sal Ek hulle terg. – die vertaler*

[2] Soos voorheen, gebruik Calvyn hier 'n krasser woord, naamlik *prostituerant* (*hulle het prostitusie gepleeg*). *– die vertaler*

dui). *Hulle wat My nie gesoek het nie, het My gevind, sonder dat hulle dit gehoop en gewens het* (Jes. 65:1).[1)]

Ek weet dat hierdie hele Skrifgedeelte deur sommige rabbyne verdraai is, asof God beloof het dat Hy dit sal bewerkstellig dat die Jode hulle van hul afvalligheid sal bekeer. Maar niks is duideliker as dat die uitspraak oor vreemdelinge handel nie, omdat in dieselfde sinsverband volg: *Aan 'n nasie wat na My Naam nie genoem is nie, het Ek gesê: Hier is Ek, hier is Ek.* Sonder enige twyfel kondig die profeet dus aan dat dit sal plaasvind, dat hulle wat vroeër vreemdelinge was, deur 'n nuwe aanneming in die huisgesin van God opgeneem sal word. Dit is derhalwe die roeping van die heidene, waarin tog 'n algemene voorbeeld van die roeping van alle gelowiges duidelik gemaak word. Daar is gevolglik niemand wat die Here vooruitloop nie, maar ons word almal, sonder uitsondering, deur sy onverdiende genade weggeruk uit die diepste afgrond van die dood, waar geen kennis van Hom, geen ywer om Hom te dien en geen begrip van sy waarheid ten slotte bestaan nie.

21 *Maar van Israel sê Hy ...* 'n Rede word toegevoeg waarom God na die heidene oorgaan, naamlik omdat Hy sien dat sy genade onder die Jode 'n spottery is. Maar sodat die lesers beter sal verstaan dat in die tweede gedeelte die verblindheid van die volk aangedui word, waarsku Paulus uitdruklik dat die uitverkore volk hul boosheid verwyt word. Letterlik lui dit: *Hy sê tot Israel*; maar Paulus volg hier die Hebreeuse spreekwyse na, aangesien לְ dikwels vir מִן opgevat word. Hy sê egter dat Hy die hande uitgestrek het tot Israel, wat Hy deur die Woord voortdurend tot Hom uitgenooi het, en dat Hy nie opgehou het om hulle met allerlei soorte van welwillendheid nader te lok nie. Hy gebruik immers twee maniere om mense te roep, omdat Hy so sy welwillendheid aan hulle openbaar. Hy het vernaamlik gekla oor die veragting van sy leer, wat te meer verfoeilik is, namate God op 'n meer besondere manier sy vaderlike besorgdheid betoon het deur mense deur sy Woord tot Hom uit te nooi. En dit is met sterk nadruk dat gesê word dat Hy sy hande uitgestrek het, want omdat Hy deur die dienaars van sy Woord ons saligheid besorg, strek Hy sy hande na ons uit net soos 'n vader ook die arms uitbrei wanneer hy bereid is om sy seun vriendelik in sy boesem te ontvang.

Die hele dag sê hy egter, sodat dit vir niemand wonderlik mag lyk, as Hy moeg geword het weens die weldade aan hulle nie, aangesien Hy deur sy

---

[1)] Weereens verskil die Afrikaanse vertaling van Calvyn se weergawe. Eersgenoemde lui soos volg: *Ek het my laat raadpleeg deur wie na My nie gevra het nie; Ek het My laat vind deur die wat My nie gesoek het nie; aan 'n nasie wat na My Naam nie genoem is nie, het Ek gesê: Hier is Ek, hier is Ek. – die vertaler*

volharding niks bereik het nie. Dit is dieselfde voorstelling wat gevind word by Jeremia 7:13 en 11:7 waar hy sê dat hy vroeg opgestaan het om hulle te waarsku.

Verder word die ongelowigheid aangedui deur twee uiters gepaste woorde. Hoewel dit verkieslik is om die deelwoord ἀπειθοῦντα te vertaal met *weerspannig* of *opstandig*, is die vertaling van Erasmus en die ouer vertaler, wat ek in ’n kanttekening geplaas het, tog nie af te keur nie. Maar aangesien die profeet die volk van halsstarrigheid beskuldig het, en daarby voeg dat hulle dwaal op weë wat nie goed is nie, twyfel ek nie dat die Griekse vertaler die Hebreeuse woord סורר deur twee woorde wou weergee nie, terwyl hy eers *ongehoorsaam* of *opstandig* en daarna *teensprekend* noem; want daarin het die halsstarrigheid sigself vertoon, dat die volk in ongebreidelde hoogmoed en verbitterdheid die heilige vermaninge van die profete hardnekkig verwerp het.

HOOFSTUK 11

1 EK vra dan: Het God miskien sy volk verstoot? Nee, stellig nie! Want ek is ook ’n Israeliet uit die nageslag van Abraham, van die stam van Benjamin.
2 God het sy volk wat Hy vantevore geken het, nie verstoot nie. Of weet julle nie wat die Skrif in die gedeelte oor Elia sê nie? – hoe hy by God optree teen Israel en sê:
3 Here, hulle het u profete gedood en u altare het hulle afgebreek en ek het alleen oorgebly, en hulle soek my lewe!
4 Maar wat sê die Godspraak aan hom? Ek het vir Myself seweduisend manne laat oorbly wat die knie voor Baäl nie gebuig het nie.
5 Net so is daar dan ook in die teenwoordige tyd ’n oorblyfsel, ooreenkomstig die verkiesing van die genade.
6 En as dit deur genade is, dan is dit nie meer uit die werke nie; anders is die genade geen genade meer nie. En as dit uit die werke is, dan is dit nie meer genade nie; anders is die werk geen werk meer nie.

1 Dico igitur, Num abjecit Deus populum suum? Absit: etenim ego Israelita sum, ex genere Abrahae, tribu Benjamin.
2 Non abjecit Deus populum suum praecognovit. An nescitis in Elia quid scriptura dicat? Quomodo appellet Deum adversus Israel, dicens,

3 Domine, Prophetas tuas occiderunt, et altaria tua diruerunt, et ego relictus sum solus, et quaerunt animam meam.
4 Sed quid dicit ei oraculum? Reservavi mihi ipsi septem milia virorum, qui non flexerunt genu imagini Baal.
5 Sic ergo et hoc tempore, reliquiae secundum electionem gratiae supersunt.

6 Quod si per gratiam, jam non ex operibus; alioqui gratia, jam non est gratia: si vero ex operibus, jam non est gratia; alioqui opus, jam non est opus.

1 *Ek vra dan ...* Wat hy tot dusver gesê het oor die verblindheid en hardnekkigheid van die Jode, kon die skyn verwek het asof Christus met sy koms die beloftes van God aan ander oorgedra het, en dat die Jode van alle verwagting op die saligheid ontneem was. Dus voorkom hy in hierdie gedeelte daardie beswaar, en versag dit wat hy vroeër oor die verwerping van die Jode gesê het, sodat niemand sal dink dat die verbond wat eens met Abraham gesluit is, nou afgeskaf is nie; of dat die herinnering daaraan by God in so ’n mate weggeval het sodat die Jode nou geheel en al van sy ryk vervreem is, soos dit die geval was met die heidene voor die koms van Christus. Dit ontken hy inderdaad, en hy sal aanstons aantoon dat dit sekerlik ’n valsheid is. En die vraag draai in hierdie gedeelte waarlik nie daar om of God tereg of ten onregte die volk verwerp het nie. In die vorige hoofstuk is immers bewys dat God, toe die volk met ’n vals ywer sy geregtigheid verwerp het, hulle hoogmoed met regverdige strawwe besoek het, dat hulle met reg verblind is en uiteindelik uit die verbond uitgesny is. Die rede vir die verwerping kom derhalwe nie nou ter sprake nie, maar ’n stryd het oor ’n ander saak ontstaan, naamlik – hoewel hulle sodanige straf van God verdien het – of die verbond wat God voorheen met die vaders gesluit het, weggeval het, omdat dit ongerymd sou wees dat dit deur enige trouloosheid van mense aan die wankel gebring sou word. Paulus hou immers vas aan hierdie grondwaarheid dat die aanneming onverdiend is en in God alleen en nie in mense gegrondves is nie, dat dit vas en onskendbaar staan, op watter manier ook al die ongelowigheid van mense daarna streef om dit te vernietig. Hierdie knoop moet ontrafel word, sodat dit nie geglo sal word dat die waarheid en die verkiesing van God afhang van die waardigheid van mense nie.

Want ek is ook ’n Israeliet ... Voordat hy tot die onderwerp kom, bewys hy in die verbygang deur sy eie voorbeeld hoe onsinnig dit is om te dink dat daardie volk deur God verlaat is. Want hy was self van die eerste oorsprong af ’n Israeliet, nie ’n proseliet (nuutbekeerde) of iemand wat onlangs in die politieke bestel van Israel opgeneem is nie. Aangesien hy dus gereken was tot die mees uitgelese diensknegte van God, was dit ’n bewys dat die genade van God op Israel rus. Hy aanvaar derhalwe dit as so te sê ’n bewese gevolgtrekking, wat hy hierna tog met ’n aanvaarbare behandeling sal verduidelik. Dat hy behalwe die titel van Israeliet homself ook die saad van Abraham noem, en selfs sy stam vermeld, het daarop betrekking dat hy aanvaar moet word as ’n egte Israeliet. So doen hy ook in Filippense 3:4. Dat sommige immers dink dit strek tot aanprysing van God se barmhartigheid dat Paulus afkomstig was uit daardie stam, wat byna uitgewis was, lyk geforseerd en vergesog.

2 *God het sy volk wat Hy vantevore geken het, nie verstoot nie ...* Dit is ’n negatiewe antwoord met ’n voorbehoud. Die apostel sou immers met homself in stryd gewees het deur sonder voorbehoud te ontken dat die volk verwerp was. Deurdat hy ’n voorbehoud byvoeg, leer hy dat dit so ’n soort verwerping is dat die belofte van God nie daardeur ongeldig gemaak word nie. So word die antwoord in twee dele verdeel, dat God nooit in stryd met die trou van sy verbond die hele nageslag van Abraham verwerp het nie, en dat die uitwerking van die aanneming tog nie in al die kinders van die vlees bestaan nie, omdat die verborge uitverkiesing daaraan voorafgaan. So kon die algemene verwerping nie bewerkstellig dat geen saad behoue oorgebly het nie; want die sigbare liggaam van die volk was op so ’n manier verwerp dat geen deel van die geestelike liggaam van Christus weggesny is nie. As iemand sou vra of die besnydenis nie vir alle Jode ’n gemeenskaplike teken van God se genade was nie, sodat hulle tot sy volk gereken moes word, is die voor die hand liggende antwoord dat, omdat die uitwendige roeping in sigself sonder die geloof onwerksaam is, die eer, wat die ongelowiges versmaad het, tereg aan hulle ontneem word. So bly daar ’n besondere volk oor, in wie God ’n voorbeeld van sy standvastigheid vertoon; Paulus lei egter die oorsprong van die vastigheid af van die verborge uitverkiesing. Hier word immers nie gesê dat God die geloof in ag neem nie, maar dat Hy standvastig bly in sy voorneme om nie die volk wat Hy vantevore geken het, te verwerp nie. En hier moet weer gelet word op dit waaraan ek voorheen herinner het, dat onder die woorde *vantevore geken het* nie ’n vooruitsien van ek weet nie wat, verstaan moet word nie, waardeur God vooruit geweet het watter soort mens elkeen sal wees, maar dat daaronder verstaan moet word die welbehae waardeur Hy vir Hom mense as kinders uitgekies het, wat nie sy genade kon verkry het nie omdat hulle nog nie gebore was nie. So sê hy ook aan die Galásiërs (Gal. 4:9) dat hulle deur God geken was, omdat Hy hulle met sy guns vooruitgeloop het om hulle te roep tot die kennis van Christus. Nou hou ons daaraan vas dat, alhoewel die algemene roeping nie vrugte voortbring nie, die trou van God tog nie verlore gaan nie, aangesien Hy altyd ’n kerk bewaar solank daar uitverkorenes oorbly; want alhoewel God die hele volk sonder uitsondering tot Hom uitnooi, trek Hy nietemin alleen hulle innerlik tot Hom wat Hy weet dat hulle syne is en wat Hy aan die Seun gegee het, en wat Hy ook tot aan die einde trou sal bewaar.

Of weet julle nie ... Omdat die getal van die Jode wat in Christus geglo het, so gering was, kon dit nouliks anders gebeur as dat mense op grond van die geringheid in getal sal aflei dat die hele geslag van Abraham verwerp is, en hierdie gedagte sou kon insluip dat in so ’n vervalle puinhoop daar geen teken van God se genade oorgebly het nie. Omdat die aanneming immers ’n heilige band was, waaronder die kinders van Abraham onder die

trou van God as eenheid bewaar was, was dit op geen manier waarskynlik dat die volk op ’n ellendige en ongelukkige wyse verstrooi sou word nie, tensy hulle weggesmelt het. Om hierdie ergernis af te weer gebruik Paulus ’n uiters gepaste voorbeeld. Want hy herinner daaraan dat in die tyd van Elia daar so ’n verwoesting was dat dit gelyk het of daar niks van die kerk oorgebly het nie; en hoewel daar van die genade van God geen teken oorgebly het nie, die kerk van God tog so as ’t ware in die graf verborge gehou was dat hulle op wonderbaarlike wyse bewaar gebly het. Dit volg derhalwe dat hulle wat die kerk beoordeel vanuit hul eie siening, fouteer. En gewis, as daardie uitsonderlike profeet, wat met so ’n skitterende gees begaafd was, so mislei is toe hy volgens eie oordeel die volk van God wou bepaal, wat sal dan die geval met ons wees, wie se hoogste skerpsinnigheid blote stompsinnigheid is, as ons met hom vergelyk word? Laat ons daarom hier nie blindweg besluit nie, maar laat dit eerder in ons harte gegrif wees dat die kerk deur die verborge voorsienigheid van God in stand gehou word, hoewel dit nie vir ons oë sigbaar is nie. Laat ons terselfdertyd in gedagte hou dat hulle wat die skatting van die getal uitverkorenes volgens hul eie maatstaf bepaal, dwaas en hoogmoedig handel. God het immers ’n werkswyse wat vir Hom nie moeilik is nie maar wat vir ons verborge is, waardeur Hy sy uitverkorenes wonderbaarlik bewaar, selfs waar alles verlore lyk.

Lesers moet egter daarop let dat wanneer Paulus hier en elders die toestand van sy eie tyd noukeurig vergelyk met die toestand van die kerk in die verre verlede, dit in geen geringe mate bydra tot die versterking van die geloof nie, terwyl ons ons daarvan rekenskap gee dat ons vandag niks ervaar wat die heilige vaders nie eertyds ondervind het nie. Ons weet immers hoe ’n gewigtige werktuig die nuwigheid is om swakke gemoedere in beroering te bring. Wat die woorde *in Elia* betref, het ek die frasering van Paulus behou, omdat dit ook kan beteken *in die geskiedenis van Elia* of *in die dade deur Elia verrig*. Tog lyk dit vir my meer waarskynlik dat Paulus die Hebreeuse manier van uitdrukking gebruik, omdat בְּ, wat met die Griekse ἐν ooreenstem, dikwels aanvaar word vir *van* of *oor*[1].

... *hoe hy by God optree teen Israel ...* Dit is sekerlik ’n bewys van hoe Elia die Here vereer het. Hy het naamlik nie geaarsel om ter wille van sy eer homself te stel as ’n teenstander van sy eie volk en te bid vir hul uiteindelike verdelging nie, omdat hy gedink het dat die diens en verering van God by hulle tot niet gegaan het. Maar hy het hom daarin vergis dat hy die hele volk, homself uitgesonderd, beskuldig het van goddeloosheid, wat hy so streng gestraf wou laat word. Verder is daar in die deel wat Paulus

[1] Die Afrikaanse vertaling gebruik dan ook inderdaad die uitdrukking *oor Elia*. – *die vertaler*

aanhaal, geen verwensing nie, maar ’n blote klagte. Omdat hy egter so gekla het dat hy oor die hele volk gewanhoop het, ly dit geen twyfel dat hy hulle aan die verderf oorgegee het nie. Laat ons dus kennis neem van wat hy oor Elia bekend gemaak het, naamlik dat, toe goddeloosheid oral van krag geword het en bykans die hele land oorvloei het, hy die enigste was wat oorgebly het.

Ek het vir Myself seweduisend manne laat oorbly... Hoewel jy die bepaalde getal mag opvat as ’n onbepaalde getal, ly dit geen twyfel nie dat die Here ’n groot menigte wou aandui. Aangesien die genade van God dan in so uiters jammerlike toestande in stand bly, laat ons dan nie ligtelik almal wie se vroomheid vir ons nie duidelik blyk nie, aan die duiwel toewys nie. Terselfdertyd behoort dit ook diep by ons ingeprent te wees dat die saligheid van baie tog onder die seël van God ingeslote bly, hoewel die goddeloosheid oral voortgaan en met huiweringwekkende verwarring sigself na alle kante versprei. Verder moet, sodat niemand met hierdie voorwendsel sy traagheid sal koester nie, soos wat baie vir hul ondeugde skuilplekke soek in die verborge sorg van God, aan die ander kant in ag geneem word dat hulle wat rein en onbevlek bly in die geloof van God, behoue genoem word. Die omstandigheid van die oordeel moet ook in aanmerking geneem word, naamlik dat alleen hulle ongeskonde staande gebly het, wat nie deur ’n uiterlike skyn hul liggaam aan die diens van die afgode geprostitueer het nie; want aan hulle reken hy nie alleen die suiwerheid van gees toe nie, maar ook dit, dat hulle hul liggaam onbesoedeld bewaar het van alle besmetting van bygeloof.

5 *Net so is daar dan ook in die teenwoordige tyd* ... Hy pas die voorbeeld nou toe op sy eie tyd en om die ooreenstemming algeheel te maak, noem hy hulle ’n oorblyfsel, naamlik in vergelyking met daardie groot getal van wie die goddeloosheid ooglopend was. Terwyl hy terselfdertyd sinspeel op daardie voorspelling van Jesaja, wat hy voorheen aangehaal het, toon hy aan dat in die treurige en verwarde verlatenheid die getrouheid van God nogtans bly skitter het, omdat daar darem ’n oorblyfsel aanwesig was. Om dit met groter sekerheid te bevestig noem hy hulle uitdruklik ’n oorblyfsel, wat deur God se genade oorgebly het om te getuig dat die uitverkiesing van God onveranderlik is. Op dieselfde manier het die Here aan Elia gesê dat Hy vir Homself, toe die ganse volk in afgodery verval het, seweduisend bewaar het. Hieruit word afgelei dat hulle deur sy weldaad van die verderf bevry was. En hy praat nie eenvoudig van genade nie, maar roep ons ook nou terug tot die uitverkiesing, sodat ons mag leer om met eerbied staat te maak op die verborge raad van God. Die een stelling word derhalwe neergelê, naamlik dat weiniges behoue bly teenoor die groot menigte van hulle wat die naam van God se volk vir hulself toeëien. Die ander stelling is

dat hulle wat Hy sonder inagneming van verdienste uitverkies het, deur die krag van God bewaar word. Die *verkiesing van genade* is immers ’n Hebreeuse spreekwyse vir onverdiende genade.

6 *En as dit deur genade is*, *dan is dit nie meer uit die werke nie*... Hierdie uitbreiding is ontleen aan ’n vergelyking van teenoorgestelde sake; want so is die verhouding tussen die genade van God en die verdienste van die werke dat hy wat die een aanhang die ander omverwerp. Verder, as geen oorweging van die werke in die uitverkiesing toegelaat kan word sonder om die onverdiende goedheid van God, wat Hy daarin aan ons tot so ’n mate wou aanbeveel, te verduister nie, moet onsinnige mense maar toesien wat hulle aan Paulus sal antwoord – hulle wat naamlik ’n waardigheid wat God in ons vooruitgesien het, die oorsaak van die uitverkiesing maak. Want of jy nou aan die toekomstige of aan die reeds verrigte werke enige plek wil gee, sal hierdie uitspraak van Paulus, wat sê dat die genade vir die werke niks oorlaat om te doen nie, jou altyd teenspreek. Paulus praat hier nie alleen oor ons versoening met God nie, en ook nie oor die middele of onmiddellike oorsake van ons saligheid nie, maar hy streef hoër en vra waarom God voor die grondlegging van die wêreld alleen sommige uitverkies het en ander verbygegaan het. Hy ontken dat God deur iets anders as suiwer sy welbehae tot hierdie onderskeid gelei is; want hy voer aan dat as enige plek aan die werke gegee sou word, soveel aan die genade ontneem word.

Hieruit volg dat die voorkennis van die werke verkeerdelik met die uitverkiesing verwar word. As God immers sommige uitverkies en ander verwerp, namate Hy vooraf geweet het dat hulle die saligheid waardig of onwaardig sou wees, dan sal, omdat ’n loon vir die werke gestel is, die genade van God nie uitsluitlik kan regeer nie, maar sal slegs vir ’n deel oorsaak van die uitverkiesing wees. Soos Paulus immers vantevore oor die regverdigmaking van Abraham gesê het dat waar loon betaal word, die genade nie vryelik verleen word nie, so lei hy nou uit dieselfde bron ’n argument af dat, as die werke in berekening kom wanneer God ’n sekere aantal mense tot saligheid aanneem, daar loon verskuldig is, en dat dit dus nie ’n vrygegewe voordeel kan wees nie.

Maar hoewel hier oor die uitverkiesing gepraat word, behoort dit tot die hele rede van ons saligheid uitgebrei te word, omdat Paulus tog ’n algemene redenasie gebruik sodat ons sal begryp dat so dikwels as wat saligheid aan God se genade toegeskryf word, so dikwels word aangekondig dat daar geen verdienste van die werke is nie; of liewer, sodat ons sal glo dat so dikwels as wat die genade genoem word, so dikwels word die geregtigheid van die werke tot niks verlaag.

7 Wat dan? Wat Israel soek, dit het hy nie verkry nie; maar die uitverkorenes het dit verkry en die ander is verhard.

8 Soos geskrywe is: God het hulle gegee 'n gees van diepe slaap, oë om nie te sien nie en ore om nie te hoor nie, tot vandag toe.
9 En Dawid sê: Laat hulle tafel vir hulle wees 'n vangnet en 'n strik en 'n struikelblok en 'n vergelding.
10 Laat hulle oë duister word om nie te sien nie, en buig hulle rug vir altyd krom.

7 Quid ergo? Quod quaerit Israel, non est assequutus; electio autem assequuta est, reliqui vero excaecati fuerunt;
8 Quemadmodum scriptum est, Dedit illis Deus spiritum compunctionis, oculos ut non videant, et aures ut non audiant, usque ad hodiernum diem.
9 Et David dicit, Fiat mensa eorum in laqueum et in captionem et in offendiculum et in retributionem ipsis;
10 Obscurentur oculi eorum ne videant, et dorsum eorum semper incurva.

7 *Wat dan? Wat Israel soek ...* Omdat hy hom hier begewe in 'n moeilike vraagstuk, stel hy 'n vraag, asof hy in twyfel verkeer. Tog wou hy met hierdie vertwyfeling aan die antwoord wat spoedig volg, groter sekerheid gee; want hy gee te kenne dat geen ander antwoord gegee kan word nie. Maar die antwoord lê daarin dat Israel hulle tevergeefs vermoei het in die soeke na die saligheid, omdat dit gegrond was op 'n onvanpaste ywer. Hoewel hy hier geen melding maak van die oorsake nie, wou hy sekerlik dat dit ook hier in ag geneem word, omdat hy dit voorheen vermeld het. Sy woorde het dus die betekenis asof hy wou gesê het dat dit tog nie wonderlik behoort te lyk dat Israel geen voordeel getrek het deur te streef na die geregtigheid nie. Hieruit vloei egter voort wat hy onmiddellik byvoeg oor die uitverkiesing. As Israel immers niks deur verdienste verkry het nie, wat het ander, wie se saak of toestand niks beter was nie, dan verkry? Van waar so 'n onderskeid tussen gelykes? Wie sien dan nie hier dat dit uitsluitlik die uitverkiesing is wat die verskil maak nie?

Dit is egter onseker wat die betekenis van die woord verkiesing[1)] hier is. Sommige skyn te aanvaar dat dit 'n kollektiewe woord vir die uitverkorenes self is, sodat die teenstellende dele onderling aan mekaar sal beantwoord. Die mening van hierdie mense word nie deur my verwerp nie, op voorwaarde dat hulle aan my toegee dat daar iets meer in hierdie woord steek as wanneer hy sou gesê het *uitverkorenes*, naamlik dat hy te kenne

[1)] Die 1933-1953 Afrikaanse vertaling verskil van beide dié van Calvyn en van die Engelse *Authorized Version*. Albei laasgenoemde vertalings bevat die woord (uit)*verkiesing* terwyl die Afrikaanse vertaling die woord *uitverkorenes* gebruik. Vir Afrikaanse lesers mag dit dus voorkom asof Calvyn se kommentaar hier nie van toepassing is nie, of dat die Afrikaanse vertaling deur Calvyn as foutief beoordeel sou word indien hy dit sou gelees het. – *die vertaler*

wou gee dat daar geen ander oorsaak van die verkryging van die saligheid is as die uitverkiesing nie, net so asof hy wou sê: Nie hulle wat daarna streef met ’n vertroue op die verdienstes nie, maar hulle wie se saligheid rus op die onverdiende genade van God. Hy vergelyk immers uitdruklik die oorblyfsel wat deur God se genade behoue gebly het, met die ganse Israel of die liggaam van die volk. Hieruit volg dat die oorsaak van die saligheid nie in mense geleë is nie, maar suiwer berus op God se welbehae.

... *en die ander is verhard* [1]. Op dieselfde manier as wat die uitverkorenes alleen deur God se genade van die verderf bevry word, net so bly hulle wat nie uitverkore is nie, noodwendig verblind. Paulus wil immers hier, vir sover hy op die verworpenes die oog het, aantoon dat die oorsprong van hul ondergang en veroordeling daarin lê dat hulle deur God verlaat is. Hoewel getuienisse wat hy aanvoer eerder uit verskillende plekke van die Skrif versamel is as wat dit uit een plek geneem is, skyn dit tog almal vreemd te wees aan sy betoog, as jy die omstandighede in hul verband opweeg. Oral sien jy naamlik dat verblinding of verharding vermeld word as besoekinge van God, waardeur Hy die reeds begane misdade van die goddelose straf. Paulus streef egter hier daarna om te bewys dat nie hulle wat weens hul misdade dit verdien het, verblind word nie, maar hulle wat voor die skepping van die wêreld deur God verwerp is.

Jy kan hierdie knoop kortliks soos volg ontrafel, naamlik dat die oorsprong van die goddeloosheid, wat die toorn van God verwek, die verdorwenheid van die deur God verlate natuur is. Daarom het Paulus oor die ewige verwerping met goeie rede daardie dinge aangehaal, wat daaruit voortkom soos die vrugte uit die boom en die rivier uit die fontein. Die goddelose word inderdaad weens hul misdade deur die regverdige oordeel van God gestraf met blindheid, maar as ons soek na die bron van hul ondergang, sal daartoe gekom moet word dat hulle as vervloek deur God, met al hul dade, woorde en oorlegginge niks anders as vervloeking kan verwerf en ophoop nie. Ja, die oorsaak van die ewige verwerping is so verborge dat daar niks anders vir ons oorbly as om die onbegryplike raad van God te bewonder nie, soos wat dit ten slotte in die einde geopenbaar sal word. Maar hulle handel dwaas wat, so dikwels as wat ’n woord gesê word oor die naaste oorsake, onder die voorwendsel daarvan hierdie eerste oorsaak, wat vir ons waarneming verborge is, probeer bedek; asof God nie voor die val van Adam vrylik oor die ganse menslike geslag sou besluit het, wat Hy goed dink nie – omdat Hy hulle sondige en verdorwe saad veroordeel, en verder

---

[1] Weereens verskil die Afrikaanse lesing van beide dié van Calvyn en van die Engelse *Authorized Version*. Laasgenoemde twee vertalings gebruik *verblind* in die plek van *verhard*. – *die vertaler*

omdat Hy bepaaldelik aan enkelinge die loon vergeld wat hulle vir hul misdade verdien het.

8 *God het hulle gegee 'n gees van diepe slaap ...* By my is daar geen twyfel nie dat die gedeelte uit Jesaja hier aangehaal word en waarna Lukas in Handelinge verwys dat dit deur hom (Paulus) aangehaal is, hoewel die woorde 'n weinig verander is. Hy haal inderdaad nie die woorde aan wat by die profeet gevind word nie, maar lei die uitspraak af dat hulle van Godsweë vervul was met 'n gees van verbittering, sodat hulle stompsinnig in sien en hoor gebly het. Die profeet word wel beveel om die hart van die volk te verhard, maar Paulus dring deur tot die bron self, naamlik dat nadat die mense aan hierdie waansin oorgegee is, 'n onmenslike stompsinnigheid al die sinne vasgevang het, sodat hulle hulself aanhits met venynige prikkels teen die waarheid. En hy noem dit nie die gees van duiseling nie, maar van wroeging, waar naamlik die bitterheid van gal sigself openbaar; ja, ook 'n drif om die waarheid te verwerp. Maar hy verklaar dat die goddelose so deur die verborge oordeel van God kranksinnig gemaak word dat hulle, terwyl hulle stomgeslaan is, oor niks verder kan oordeel nie. Want wanneer daar gesê word dat, terwyl hulle sien, hulle niks sien nie, word daarmee die afstomping van alle sinne aangedui.

Paulus voeg uit sy eie by *tot vandag toe*, sodat niemand beswaar sal aanteken en sê dat daardie voorspelling vroeër vervul is en dat dit gevolglik verkeerd is om dit te betrek op die tyd toe die evangelie bekend gemaak is nie. Hy verhoed hierdie beswaar deur by te voeg dat die verblinding wat hier beskryf word, nie 'n verblinding van een dag alleen was nie, maar dat dit met die ongeneeslike hardnekkigheid van die volk tot op die koms van Christus geduur het.

9 *En Dawid sê ...* Ook in hierdie getuienis van Dawid is daar 'n verandering van woorde aangebring, maar dit doen nie die betekenis daarvan geweld aan nie. Hy praat immers aldus: *Laat hul tafel voor hulle 'n vangnet wees en vir hulle wat sorgeloos is, 'n strik* (Ps. 69:23). Van vergelding is daar geen melding nie, maar oor die hoofsaak is daar genoeg ooreenstemming. Aan die goddelose wens die profeet daar toe dat wat ook al in hul lewe wenslik en gelukkig is, vir hulle 'n ondergang en verderf mag wees; dit is wat hy met tafel en sorgeloosheid aandui. Vervolgens gee hy hulle oor aan blindheid van gees en verswakking van kragte, waarvan hy die een met die verduistering van die oë en die ander met die verkromming van die rug aandui. Verder is dit nie te verwonder dat dit uitgebrei word na byna die ganse volk nie, want ons weet dat nie alleen die owerstes teenoor Dawid vyandiggesind was nie, maar dat ook die gewone volk oor die algemeen

teen hom gekant was. Daaruit blyk duidelik dat dit wat hier gelees kan word, nie net op weiniges betrekking het nie, maar op ’n menigte. Ja, as ons oordink van wie Dawid ’n tipe was, sal dit ook maklik wees om dit op sy vyand te betrek.

Omdat hierdie vervloeking derhalwe vir alle teenstanders van Christus bly staan, naamlik dat hul spyse in vergif verander sal word (net soos ons sien dat die evangelie vir hulle ’n reuk van die dood tot die dood is), laat ons dan die genade van God met ootmoed en bewing omhels. Voeg hierby dat aangesien Dawid oor die Israeliete praat, wat na die vlees van Abraham afgestam het, en wat toe die vernaamste plek in die koninkryk beklee het, Paulus sy getuienis hier tereg toepas, sodat dit nie mag lyk of die verblinding van ’n groot deel van die volk iets nuuts of seldsaam is nie.

11 Ek vra dan: Het hulle miskien gestruikel om te val? Nee, stellig nie! Maar deur hulle val het die saligheid tot die heidene gekom om hulle jaloers te maak.
12 En as hulle val die rykdom van die wêreld is en hulle tekort die rykdom van die heidene, hoeveel te meer sal hulle volheid dit nie wees nie!
13 Want aan julle heidene sê ek: Vir sover as ek ’n apostel van die heidene is, verheerlik ek my bediening –
14 as ek tog maar net my eie volk jaloers kan maak en sommige uit hulle kan red?
15 Want as hulle verwerping die versoening van die wêreld is, wat sal hulle aanneming anders wees as lewe uit die dode?

11 Dico igitur, Num impegerunt ut corruerent? Absit: sed eorum lapsu salus contigit gentibus in hoc, ut ipsi ad emulationem provocarentur.

12 Si vero eorum lapsus divitiae sunt mundi, et imminutio eorum divitiae gentium, quanto magis complementum ipsorum?
13 Vobis enim dico gentibus, quatenus certe ego gentium sum Apostolus, ministerium meum illustro,
14 Si quomodo ad aemulationem provocavero carnem meam, et aliquos ex ea salvos fecero:
15 Si enim rejectio eorum, recociliatio est mundi, quid assumptio nisi vita ex mortuis?

11 *Het hulle miskien gestruikel om te val?* ... In hierdie bespreking sal jy jou erg verstrik, as jy nie in ag neem dat hy soms oor die hele Joodse volk praat en soms oor afsonderlike mense nie. Hierdie verskeidenheid kom naamlik daarvandaan dat hy op die een oomblik sê dat die Jode uit die koninkryk van God verban is, van die boom afgekap en deur die oordeel van God in die verderf gestort is, en dan weer ontken dat hulle van die genade afgesny is, maar inteendeel in besit van die verbond gebly het, en ’n plek het in die kerk van God.

Hy praat derhalwe nou ooreenkomstig hierdie onderskeid. Want aangesien die Jode hulle grotendeels teen Christus gekeer het, sodat hierdie verdorwenheid byna die hele volk in beslag geneem het, en weinig onder

hulle die skyn van gesonde verstand vertoon het, vra hy of die Joodse volk hulle so teen Christus gestoot het dat dit met hulle geheel en al verby is en daar geen hoop op bekering oorgebly het nie. Hier ontken hy tereg dat die saligheid van die Jode as verlore beskou moet word of dat hulle so deur God verwerp is dat daar geen herstel te wagte sal wees nie, of dat die verbond van genade, wat Hy eenmaal met hulle gesluit het, geheel en al uitgeblus is, omdat die saad van seëning altyd in die volk staande gebly het. Dat sy bedoeling so verstaan moet word, staan daaruit vas dat hy voorheen ’n sekere ondergang aan die verblindheid verbind het, maar nou die hoop op die wederopstanding skep. Hierdie twee dinge sou geensins met mekaar (kon) ooreenstem nie. Hulle wat derhalwe hardnekkig teen Christus indryf, is vervalle en in die verderf gestort. Tog het die volk self nie ten gronde gegaan, sodat elkeen wat ’n Jood is noodwendig verlore of van God vervreemd is nie.

Maar deur hulle val het die saligheid tot die heidene gekom ... Die apostel sê twee dinge in hierdie gedeelte: dat die val van die Jode inderdaad die saligheid aan die heidene laat toeval het, maar tot hierdie doel dat hulle deur ’n sekere jaloesie aangevuur sal word en so sal dink aan bekering. Hy het sekerlik teruggekyk na die getuienis van Moses wat hy reeds aangehaal het, (naamlik) waar die Here Israel dreig dat Hy, net soos wat Hy uitgelok was tot jaloersheid op die valse gode, volgens die reg van vergelding hulle ook sal uitlok tot jaloersheid op ’n dwase volk. Die woord wat hier gebruik is (παραζηλῶσαι), dui die gemoedsbeweging van jaloersheid en ywersug aan, waarmee ons aangevuur word wanneer ons sien dat ander bo ons verkies word. As dit dus die besluit van die Here is dat Israel tot jaloersheid uitgelok sal word, val dit nie so uit dat hulle in ewige ondergang gedompel word nie, maar dat God se seëning, wat deur hulle verwerp is, na die heidene oorgaan, sodat hulle (die Jode) uiteindelik ook beweeg mag word om die Here, van wie hulle afvallig was, te soek.

Verder is daar geen rede waarom lesers hulle grootliks hoef moeg te maak met die toepassing van die getuienis nie. Paulus dring immers nie aan op die eintlike betekenis van die woord nie, maar sinspeel slegs op ’n algemene en welbekende gewoonte. Want net soos jaloersheid ’n vrou, wat deur haar eie skuld deur haar man verstoot is, aanspoor om te streef om haar met hom te versoen, so sê hy nou dat dit kan gebeur dat die Jode, wanneer hulle sien dat die heidene in hulle plek gestel is, aangeraak deur droefheid oor hul verwerping, sal streef na versoening.

12 *En as hulle val ...* Aangesien hy geleer het dat nadat die Jode verwerp was, die heidene in hulle plek gekom het, en sodat hy die saligheid van die Jode nie vir die heidene aanstootlik sou maak asof hul heil gegrond sou

wees op die verderf van die Jode nie, antisipeer hy hierdie valse mening en stel ’n teenoorgestelde uitspraak daarteenoor, (naamlik) dat niks meer kan bydra tot die bevordering van die heidene se saligheid nie as dat die genade van God by die Jode ten volle bloei en kragtig werksaam is nie. Om dit te bewys gebruik hy ’n argument van die mindere (tot die meerdere): indien die val van die Jode die heidene kon aanspoor en hul vermindering hulle kon verryk, hoeveel meer sal hul volheid verrig? Die eerste is immers teen die natuur gedoen en die laaste sal volgens die orde van die natuur plaasvind. En dit staan ook nie hierdie redenering in die weg dat die Woord van God na die heidene deurgevloei het nie, nadat die Jode, deur dit te verwerp, dit as ’t ware uitgebraak het. As hulle dit immers sou aangeneem het, sou hul geloof baie meer vrugte gedra het as wat hul ongelowigheid by hierdie geleentheid bygedra het. Die waarheid van God sou naamlik daardeur bevestig gewees het, omdat dit sou geblyk het dat dit in hulle vervul was, en hulle sou deur hulle leer baie mense gelei het, wat hulle deur hul hardnekkigheid eerder tersyde gelaat het. Maar hy sou dit veel meer gepas uitgedruk het as hy die opwekking teenoor die val gestel het. Ek herinner hieraan, sodat niemand hier ’n opgesmukte manier van praat verwag, of deur hierdie eenvoudige spreekwyse aanstoot gegee word nie. Want hierdie dinge is geskryf om die hart en nie die tong te formeer nie.

13 *Want aan julle heidene sê ek ...* Met die beste rede bevestig hy dat die heidene niks sal verloor as die Jode weer na God in genade terugkeer nie. Hy toon immers aan dat die saligheid van albei so verbind is dat dit deur dieselfde arbeid bevorder kan word. Hy spreek die heidene naamlik so aan: Hoewel ek besonderlik vir julle as apostel bestem is, en daarom behoort ek julle saligheid, wat aan my opgedra is, met besondere ywer te behartig, en as ’t ware alle ander sake ter syde te stel om dié een saak te verrig. Tog sal ek my amp getrou uitvoer as ek mense uit my volk vir Christus sou gewen het, en dit sal dien tot roem van my bediening, en so tot julle heil. Want alles wat gedien het om luisterrykheid aan Paulus se bediening te verleen, was tot voordeel vir die heidene, wie se saligheid die doel daarvan was. Maar hy gebruik ook hier die woord παραζηλῶσαι, sodat die heidene, wanneer hulle ingesien het dat dit tot hul voordeel strek, die vervulling van die profesie van Moses, soos hy beskryf het, sal begeer.

14 *As ek tog maar net my eie volk jaloers kan maak ...* Merk hier op dat van die dienaar van die Woord gesê word dat hy op sy manier hulle, wat hy lei na gehoorsaamheid van die geloof, bewaar. So inderdaad behoort die bediening van ons saligheid beperk te word, sodat ons mag weet dat die hele krag en uitwerking daarvan by God berus, en dat ons aan Hom die

verskuldigde lof sal toebring. Tog moet ons begryp dat die prediking ’n middel is om die saligheid van die gelowiges te bewerkstellig. En hoewel dit sonder die Gees van God niks kan bereik nie, bereik dit tog deur die inwendige werking op die sterkste manier sy doelstelling.

15 *Want as hulle verwerping ...* Hierdie vers, wat menigeen as duister beskou en sommige op die slegste manier vermink, moet volgens my oordeel so verstaan word, (naamlik) dat hier ’n ander argument is, ontleen uit ’n vergelyking van die mindere en die meerdere, in hierdie sin: As die verwerping van die Jode soveel kon vermag dat dit aanleiding gegee het tot die versoening van die heidene, hoeveel sterker sal dan hul aanneming wees? Of sal dit hulle nie uit die dood moet opwek nie? Paulus dring steeds daarop aan dat daar vir die heidene geen rede tot afguns is nie, asof hul toestand agteruit sou gegaan het as die Jode in genade ontvang word. Aangesien God derhalwe op wonderbaarlike wyse lewe uit die dood en lig uit die duisternis voortgebring het, redeneer hy dat daar veel meer gehoop moet word dat die wederopstanding van ’n volk wat as ’t ware dood was, die heidene lewend sal maak. En dit wat sommige aanvoer is geen hindernis nie, naamlik dat die versoening nie van die wederopstanding verskil nie, soos wat ons inderdaad die wederopstanding in die huidige geval verstaan, naamlik as dit waardeur ons uit die ryk van die dood oorgeplaas word na die ryk van die lewe. Want hoewel dit dieselfde saak betref, is daar tog meer gewig in een woord en minder in ’n ander; dit is genoegsaam om die argument te besleg.

16 En as die eerstelinge heilig is, dan die deeg ook; en as die wortel heilig is, dan die takke ook.
17 En as sommige van die takke afgebreek is, en jy wat ’n wilde olyfboom was, onder hulle ingeënt is en deel gekry het aan die wortel en die vettigheid van die olyfboom,
18 moet dan nie teen die takke roem nie; en as jy roem – dit is nie jy wat die wortel dra nie, maar die wortel vir jou.
19 Jy sal dan sê: Die takke is afgebreek, sodat ek ingeënt kon word.
20 Goed! Deur ongeloof is hulle afgebreek, maar jy staan deur die geloof. Moenie hoogmoedig wees nie, maar vrees.
21 Want as God die natuurlike takke nie gespaar het nie, sal Hy miskien jou ook nie

16 Quod si primitiae sanctae, etiam conspersio; et si radix sancta etiam rami:
17 Si vero ex ramis quidam defracti sunt, tu vero oleaster quum esses, insitus es pro ipsis, et particeps factus es radicis et pinguedinis oleae;

18 Ne contra ramos glorieris: quod si gloriaris, non tu radicem portas; sed radix te.
19 Dices ergo, Defracti sunt rami, ut ego insererer.
20 Bene; propter incredulitatem defracti sunt, tu vero fide stabilitus es; Ne animo efferaris, sed timeas.

21 Si enim Deus naturalibus ramis non perpercit, vide ne qua fit, ut et tibi non

spaar nie. parcat.

16 *En as die eerstelinge heilig is ...* Deur ’n vergelyking van die waardigheid van die Jode en die heidene ontneem hy nou die heidene hul hoogmoed en stel hy, sover hy kan, die Jode tevrede. Want hy toon aan dat die heidene, as hulle enige eie bevoorregting in eer na vore bring, in geen opsig bo die Jode uitblink nie; ja, dat hulle, as dit op ’n wedywering sou aangekom het, ver agter gelaat sou gewees het. Laat ons in hierdie vergelyking onthou dat hier nie mens teenoor mens vergelyk word nie, maar volk teenoor volk. Wanneer hulle dus met mekaar vergelyk word, word hulle hierin gelykes bevind dat beide in gelyke mate kinders van Adam is. Daar is slegs hierdie verskil, dat die Jode van die heidene geskei is om vir die Here ’n eie besitting te wees.

Hulle was dus deur die heilige verbond geheilig en deur ’n besondere adel onderskei, iets wat God die heidene vir ’n tyd lank nie waardig geag het nie. Maar omdat die krag van die verbond toe slegs in geringe mate na vore getree het, beveel hy ons om te let op Abraham en die aartsvaders, by wie die seën van God sekerlik nie ydel of onwerksaam was nie. Hieruit lei hy derhalwe af dat die heilige erfenis op al die nakomelinge oorgegaan het. Hierdie gevolgtrekking sou nie van krag gewees het as daar slegs oor persone gehandel was en nie eerder rekening met die belofte gehou is nie. Want wanneer ’n vader regverdig is, dra hy nie voortdurend sy regskapenheid oor op sy seun nie. Maar omdat die Here Abraham met hierdie eienskap vir Homself geheilig het, sodat ook sy eie saad geheilig sou wees, en aangesien Hy so heiligheid nie alleen aan sy persoon oorgedra het nie, maar ook aan die hele nageslag, redeneer die apostel nie ten onregte daaruit, dat al die Jode in hul vader Abraham geheilig is.

Om dit te bevestig bring hy verder twee ooreenkomste na vore: die eerste ontleen aan die seremonies en die ander geneem uit die natuur. Die eerstelinge wat (ten offer) aangebied word, heilig immers die hele gesaaide oes. Net so word die heilsaamheid van die sap uit die wortel na die takke versprei. En die nageslag het dieselfde verhouding met die ouers, waaruit hulle hul oorsprong het, as wat die oes met die eerstelinge en wat die takke met die boom het. Dit is dus geen wonder dat die Jode in hul vader geheilig is nie.

Hier sal geen probleem wees as jy verstaan dat die heiliging niks anders is as die geestelike adel van die geslag nie, en dat dit nie eie aan die natuur is nie, maar dat dit uit die verbond voortgevloei het. Ek stem toe dat dit inderdaad gesê kan word dat die Jode natuurlikerwys geheilig is, omdat hul aanneming kragtens erfopvolging was – maar ek praat nou oor die eerste natuur, waarvolgens ons almal weet dat ons in Adam vervloek is. Daarom

is die waardigheid van die volk, om na regte te praat, ’n bonatuurlike voorreg.

17 *En as sommige van die takke afgebreek is ...* Nou hou hy hom besig met die teenwoordige waardigheid van die heidene, wat niks anders is as dié van die takke nie, as dit van elders genome op een of ander edele boom ingeënt sou word; want die herkoms van die heidene was as ’t ware uit ’n wilde en onvrugbare olyfboom, aangesien hulle niks anders as ’n vervloeking in hul hele geslag aantref nie. Alle roem wat hulle derhalwe het, is geleë in die nuwe enting en nie in die ou loot nie. Daar is gevolglik geen rede waarom die heidene oor een of ander eie waardigheid teenoor die Jode sou roem nie. Voeg hierby dat Paulus op ’n verstandige manier die hardheid versag deur nie te sê dat die hele stam van die boom afgekap is nie, maar slegs dat sommige takke afgebreek is, en op soortgelyke manier sê hy dat God sommige uit die heidene hiervandaan en daarvandaan byeengebring het om hulle op die heilige en geseënde stam in te ent.

18 *en as jy roem – dit is nie jy wat die wortel dra nie ...* Die heidene kan nie oor die voortreflikheid van hulle geslag met die Jode wedywer nie, of hulle moet die stryd aanbind met Abraham self. Dit sou uiters onvanpas wees omdat hy ’n beeltenis van die wortel is wat hulle dra en voed. Net so ongerymd as wat dit was dat die takke spog teenoor die wortels, net so ongerymd sal dit wees as die heidene roem teenoor die Jode, naamlik vir sover dit die voortreflikheid van hul geslag betref. Paulus wou immers altyd dat oorweeg word waarvandaan die oorsprong van die saligheid is. Maar ons weet dat, nadat Christus deur sy koms die skeidsmuur afgebreek het, die hele wêreld oorvloei is deur die genade wat God vantevore aan die uitverkore volk in bewaring gegee het. Hieruit volg dat die roeping van die heidene soos ’n inenting is, en dat hulle nie anders met die volk van God saamgegroei het, as om in die loot van Abraham wortel te skiet nie.

19 *Jy sal dan sê ...* In die persoon van die heidene bring hy na vore wat hulle ook al vir hulleself kon voorgee; maar dit was sodanig dat dit hulle nie tot hoogmoed moes aanvuur nie, maar eerder ’n rede tot nederigheid sou gee. Want as die afsnyding van die Jode weens ongelowigheid gedoen is, en die inplanting van die heidene deur die geloof, wat bly daar oor behalwe om die genade van God te erken, en hieruit tot beskeidenheid en nederigheid omvorm te word? Omdat dit uit die natuur van die geloof voortkom, en eie daaraan is, moet dit ons tot nederigheid en vrees verwek. Maar verstaan *vrees* as iets wat geensins met die sekerheid van die geloof stry nie; want Paulus wou nie dat ons geloof sou wankel of deur een of

ander twyfel sou aarsel nie, en dit is ook verre daarvandaan dat hy ons wil laat verstrooid raak of laat bewe van vrees.

Watter soort vrees is dit dan? Ongetwyfeld, soos wat die Here ons beveel om met die oorweging van twee sake besig te wees, so is dit noodsaaklik dat twee soorte gemoedsbeweginge daardeur voortgebring word. Want Hy wou dat ons voortdurend die ellendige toestand van ons natuur bedink, en dit kan niks anders as verskrikking, walging, angs en wanhoop voortbring nie. En dit is inderdaad voordelig dat ons so geheel en al ten gronde gewerp en verkrummel word, om uiteindelik teenoor Hom ons sugte te laat hoor. Verder verhinder hierdie verskrikking, wat uit die kennis van onsself voortkom, hoegenaamd nie dat ons gemoed wat staatmaak op sy goedheid, rustig bly nie. Hierdie walging verhinder ons ewemin om volkome vertroosting in Hom te geniet. Ook kan geen angs en geen wanhoop verhinder dat ons ware vreugde en hoop in Hom verkry nie. Gevolglik stel hy hierdie vrees, waaroor hy praat, as ’n middel teen die hoogmoedige veragting, want as iemand homself meer aanmatig as wat gebillik is, is hy alte versekerd en verhef hom uiteindelik teenoor andere. Daarom moet daar in so ’n mate gevrees word dat ons hart nie, opgeblase deur hoogmoed, sigself sal verhef nie.

Maar dit lyk of hy twyfel werp op die saligheid, wanneer hy waarsku om op te pas dat hulle ook nie gespaar sal word nie. Ek antwoord hierop – omdat hierdie aanmoediging betrekking het op die onderwerping van die vlees, wat selfs in die kinders van God altyd tot hoogmoed lei, neem dit niks weg van die sekerheid van die geloof nie. Maar daar moet besonderlik opgemerk en in gedagte gehou word, dit wat ek vroeër gesê het, naamlik dat die redevoering van Paulus nie soseer tot enkele mense as tot die (hele) liggaam van die heidene gerig is nie, onder wie daar baie kon wees wat sonder rede opgeblase was, terwyl hulle meer geloof bely as wat hulle het. Op grond van hierdie dinge dreig Paulus nie sonder rede die heidene met afsnyding nie, soos ons later weereens sal sien.

21 *Want as God die natuurlike takke nie gespaar het nie ...* Dit is ’n allersterkste rede om alle selfvertroue terug te dwing, want die verwerping van die Jode behoort nooit in gedagte te kom sonder dat dit ons met verskrikking slaan en skud nie. Wat anders het hulle immers ten gronde gerig as dat hulle uit sorgelose sekerheid in die waardigheid wat hulle verkry het, verwikkel geraak het in die veragting van God se oordele? Hulle is nie gespaar nie, hoewel hulle die natuurlike takke was; wat sal dan gebeur met ons, wat wilde en vreemde takke is, as ons ons buite mate in hoogmoed verhef? Maar soos hierdie gedagte ons daartoe bring om

onsself te wantrou, veroorsaak dit ook dat ons sterker en met meer volharding aan die goedheid van God sal vaskleef.

En hier blyk weereens duideliker dat sy redevoering oor die algemeen gerig is tot die hele liggaam van die heidene, omdat die afsnyding, waaroor gepraat word, nie betrekking het op enkelinge wie se verkiesing onveranderlik is nie, naamlik omdat hul verkiesing in die ewige voorneme van God gegrond is. Derhalwe verkondig Paulus aan die heidene dat, as hulle die Jode beledig, die loon vir hul hoogmoed voorberei sal word, aangesien God daardie eerste volk, met wie Hy ’n skeiding bewerkstellig het, weer met Homself sal versoen.

22 Let dan op die goedertierenheid en die gestrengheid van God: gestrengheid oor die wat geval het maar goedertierenheid oor jou as jy in die goedertierenheid bly; anders sal jy ook afgekap word.
23 Maar ook hulle sal, as hulle nie in die ongeloof bly nie, ingeënt word, want God is magtig om hulle weer in te ent.
24 Want as jy afgekap is van die olyfboom wat van nature wild was, en teen die natuur op die mak olyfboom ingeënt kan word, hoeveel te meer kan hulle dan wat dit van nature is, op hul eie olyfboom ingeënt word?

22 Vide igitur lenitatem et severitatem Dei; in eos quidem qui ceciderunt, severitatem; in te vero lenitatem, si permanseris in lenitate; alioqui tu quoque excideris:

23 Et illi, si non perstiterint in incredulitate, inserentur; potens enim est Deus rursum inserere ipsos.

24 Si enim tu ex oleastro, quae tibi nativa erat, exectus es, et praeter naturam insitus es in veram oleam,; multo magis hi secundum naturam propiae oleae inserentur.

22 *Let dan op die goedertierenheid ...* Deur die saak self voor oë te stel, bevestig hy nou ook duideliker en meer volledig dat daar vir die heidene geen rede is om hovaardig te wees nie. Hulle sien in die Jode ’n voorbeeld van die goddelike gestrengheid, wat hulleself behoort te verskrik; in hulleself het hulle egter ’n bewys van genade en goedheid, waardeur hulle aangespoor behoort te word tot enkel dankbaarheid, en om God te prys en nie hulleself nie. Hierdie woorde het egter dieselfde betekenis asof hy wou sê: As jy met hulle ellende die spot dryf, bedink dan wat jy was, want dieselfde gestrengheid van God sou jou bedreig het as jy nie deur sy onverdiende mildheid (goedertierenheid) gered is nie. Bedink verder ook wat jy nou is; want daar sal op geen ander manier heil vir jou oorbly as om die barmhartigheid van God in nederigheid te erken nie, want as jy jouself vergeet en trots verhef, wag dieselfde ondergang waarin hulle verval het op jou. Dit is immers nie genoeg dat die genade van God eenmaal omhels was as jy nie voortdurend tydens die gang van jou lewe sy roeping navolg

nie. Want hulle wat deur die Here verlig was, moet altyd oor die volharding nadink, omdat hulle geensins die goedheid van God deelagtig bly nie – hulle naamlik wat, nadat hulle vir ’n tyd lank op die roeping van God geantwoord het, uiteindelik begin om die koninkryk van die hemele met afkeer te bejeën, en so deur hul ondankbaarheid verdien om weer verblind te word.

Verder (soos ons vantevore gesê het) rig hy hom nie tot elkeen van die vromes afsonderlik nie, maar hy vergelyk die heidene met die Jode. Dit is inderdaad waar dat die enkelinge uit die Jode die loon vir hul ongelowigheid weggedra het toe hulle uit die koninkryk van God verban is, en dat wie ook al uit die heidene geroep is, voorwerpe was van God se barmhartigheid. Intussen moet daar egter aan die bedoeling van Paulus vasgehou word. Want hy wou dat die heidene steun op die ewige verbond van God, sodat hulle hul eie saligheid sal verbind aan dié van die uitverkore volk. En vervolgens, sodat die verwerping van die Jode nie aanstootlik mag lyk nie, asof die ou aanneming kragteloos sou wees, wou hy hulle deur die voorbeeld van hulle straf verskrik maak sodat hulle die oordeel van God eerbiediglik mag betrag. Waarvandaan kom soveel onbeskaamdheid in nuuskierige vrae anders as dat ons dit wat ons tereg tot ootmoed moes onderrig het, byna verwaarloos het?

Maar aangesien hy nie oor die individuele uitverkorenes praat nie maar oor die hele liggaam, word ’n voorwaarde bygevoeg, naamlik *as jy in die goedertierenheid bly*. Ek gee wel toe dat, sodra enigiemand die goedheid van God misbruik, hy verdien om van die genade wat aan hom aangebied is, beroof te word. Maar dit sou onvanpas wees om van enigeen van die vromes in die besonder te sê dat God Hom oor hom ontferm het, toe Hy hom uitverkies het, as hy in die barmhartigheid sou gebly het; want die volharding van die geloof, wat die werking van God se genade in ons voltooi, vloei voort uit die uitverkiesing self. Paulus leer dus dat die heidene in die hoop op die ewige lewe aangeneem is, op voorwaarde dat hulle die besit daarvan deur hul dankbaarheid sal behou. En die verskriklike afvalligheid wat daarna die hele wêreld beroer het, en wat sekerlik nie ’n onnodige waarskuwing was nie, getuig voortreflik daarvan; want wanneer God byna in ’n oomblik dit oor die lengte en breedte met sy genade bevogtig het, sodat die godsdiens oral sal bloei, het die waarheid van die evangelie ’n weinig later verdwyn en was die skat van die saligheid weggeneem. Maar waarvandaan kom so ’n skielike verandering anders as dat die heidene van hul roeping afvallig was?

... *anders sal jy ook afgekap word ...* Nou verstaan ons in watter sin Paulus hulle hier dreig met afsnyding – hulle naamlik van wie hy reeds vroeër erken het dat hulle deur die uitverkiesing van God in die hoop van die lewe

ingeënt is. Want in die eerste plek, hoewel dit die uitverkorenes nie kan oorkom nie, het hulle tog behoefte aan sodanige aanmoediging om die hoogmoed van die vlees te bedwing, wat inderdaad teen hul saligheid inwerk, en dus tereg met die vrees vir die verdoemenis verskrik moet word. Maar in soverre Christene deur die geloof verlig is, hoor hulle tot hul sekerheid dat die roeping van God onberoulik is; maar in soverre hulle die vlees omdra, wat op losbandige wyse die genade van God teenstaan, word hulle deur hierdie woord tot nederigheid onderrig: *Pasop dat jy nie afgekap word nie*. Verder moet die oplossing, wat ek aangevoer het, in gedagte gehou word, naamlik dat Paulus hier nie oor die besondere uitverkiesing van elkeen handel nie, maar die Jode teenoor die heidene stel, en dat hy met hierdie woorde nie soseer die uitverkorenes aanspreek nie as wel diegene wat hulleself valslik daarop beroem het dat hulle die plek van die Jode ingeneem het. Ja, hy rig sy woorde tot die heidene in die algemeen en doen ’n beroep op die hele liggaam gemeenskaplik, waaronder daar baie was wat alleen maar vir sover dit die naam betref, gelowiges en lidmate van Christus was.

Maar as oor die afsonderlike mense gevra word hoe iemand van die inenting afgesny kan word, en hoe hy na die afsnyding weer ingeënt kan word, stel dit voor oë dat daar drieërlei vorme van inenting en tweërlei vorme van afsnyding is. Die kinders van gelowiges word immers ingeënt, aan wie die belofte kragtens die verbond wat met vaders gesluit is, toebehoort; ook hulle word ingeënt wat die saad van die evangelie in hulself ontvang het, maar dit skiet nie wortel nie of word versmoor voordat dit vrugte voortbring; in die derde plek word die uitverkorenes ingeënt, wat naamlik deur die onveranderlike voorneme van God verlig is tot die ewige lewe. Die eerstes word afgekap wanneer hulle die belofte wat aan die vaders gegee was, versmaai, of andersins deur hul ondankbaarheid dit nie ontvang nie. Die tweede groep word afgekap, wanneer die saad verdor en vernietig word. En omdat die gevaar hiervan almal bedreig, vir sover dit op hul natuur betrekking het, moet toegegee word dat hierdie waarskuwing wat Paulus aanwend, op ’n sekere manier van toepassing is op die gelowiges, sodat hulle nie hulself sal oorgee aan die traagheid van die vlees nie. Maar wat die huidige vers betref, behoort ons tevrede te wees dat dieselfde straf wat God op die Jode uitgevoer het, aan die heidene aangekondig sal word as hulle net soos die Jode sou word.

23 ... *want God is magtig ...* By die goddelose mense sal hierdie argument onbeduidend wees; want hoewel hulle aan God mag toereken, beroof hulle grotendeels die uitwerking daarvan, omdat hulle dit van veraf beskou asof dit in die hemel opgesluit is. Aangesien die gelowiges egter, so dikwels as wat hulle hoor dat die mag van God genoem word, hierop sien as ’n

teenwoordige werking, het hy gedink dat hierdie rede voldoende was om hul gedagtes te tref. Voeg hierby dat hy dit as ’n onomstootlike grondwaarheid aanvaar dat God die ongelowigheid van die volk so gestraf het, dat Hy tog sy genade nie vergeet het nie, net soos wat Hy dikwels by ander geleenthede hulle weer herstel het, nadat Hy hulle, soos dit gelyk het, uit sy koninkryk verban het. En met die vergelyking toon hy terselfdertyd aan hoeveel makliker dit sou wees om die huidige stand van sake om te keer, as om dit tot stand te gebring het. Dit is naamlik, hoeveel makliker is dit vir die natuurlike takke, as hulle teruggeplaas word op die plek waarvandaan hulle afgekap is, om lewensmiddels te trek uit hul wortel, as vir die wilde en onvrugbare takke uit ’n vreemde wortel. En dit was immers die verhouding tussen die Jode en die heidene.

25 Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het;
26 en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom en sal die goddelooshede van Jakob afwend;
27 en dit is van my kant die verbond met hulle as Ek hulle sondes wegneem.

25 Nolo enim vos ignorare, fratres, mysterium hoc, ut ne apud vosmetipsos superbiatis, quod caecitas ex parte Israeli contigit, donec plenitudo gentium ingrediatur:
26 Atque ita universus Israel salvus fiet; quemadmodum scriptum est, Veniet ex Sion is qui liberat, et avertet impietates a Iacob:
27 Et hoc illis a me testamentum, quum abstulero peccata eorum.

25 *Want ek wil nie hê ...* Hy wek hier sy toehoorders op tot groter aandag wanneer hy getuig dat hy ’n saak na vore sal bring wat andersins verborge sou wees. En hy doen dit nie sonder rede nie, want hy wou met hierdie kort en duidelike uitspraak ’n uiters ingewikkelde vraagstuk afsluit; en nogtans verkondig hy wat niemand ooit sou verwag het nie. Maar die oorsaaklike gedeelte – *sodat julle nie eiewys mag wees nie* – toon aan wat die doel is van sy voorneme, naamlik om die hoogmoed van die heidene te bedwing, sodat hulle hul nie teenoor die Jode sal verhef nie. Verder was hierdie waarskuwing in geen geringe mate noodsaaklik nie, sodat die afvalligheid van die volk nie die swakkes uitermatig sal verontrus nie, asof dit vir ewig afgedaan was met die saligheid van almal. Dieselfde waarskuwing is nietemin vir ons vandag nie minder tot nut nie, sodat ons mag weet dat die saligheid van die oorblywende getal, wat die Here uiteindelik tot Hom vergader het, verborge is asof dit deur ’n seëlring verseël is. Maar so dikwels as wat die lang uitstel by ons wanhoop veroorsaak, kom die woord *verborgenheid* in die gedagte op, waarin Paulus duidelik waarsku dat die

wyse van bekering nie alledaags of gebruiklik sal wees nie; gevolglik handel hulle verkeerd wat dit volgens eie siening probeer meet. Want wat is meer verdraaid as om dit wat van ons waarneming verwyderd is, as ongelooflik te beskou? Dit word ’n verborgenheid genoem, omdat dit onverstaanbaar is tot op die tyd van openbaring. Verder is dit aan ons, net soos aan die Romeine, geopenbaar sodat ons geloof tevrede sal wees met die Woord, en dit ons deur die verwagting sal ondersteun, totdat die vervulling daarvan self aan die lig kom.

... *dat die verharding*[1] *ten dele oor Israel gekom het ...* Ek dink dat die uitdrukking *ten dele* nie blootweg sien op die tyd nie en ook nie op die menigte nie, maar ek lê dit uit as gestel in die plek van *in ’n sekere sin*. Dit lyk vir my asof hy met hierdie uitdrukking ’n woord wat andersins in sigself alte hard sou wees, versag. En *totdat* dui nie die voortgang van tyd of die tydsorde aan nie, maar het eerder dieselfde betekenis asof hy sou gesê het: sodat die volheid van die heidene, ens. Die betekenis sal dan wees: God het in ’n sekere sin Israel so verblind dat, terwyl hulle die lig van die evangelie versmaai het, dit op die heidene oorgedra is, en dat die heidene dit in beslag geneem het as ’n besitting wat geen eienaar het nie. So dien hierdie verblindheid die voorsienigheid van God in die bevordering van die heidene se saligheid, wat Hy voorbestem het. En *die volheid van die heidene* word aanvaar as ’n groot menigte; want toe het hulle hul nie, soos wat voorheen gebeur het, as enkele nuutbekeerdes by die Jode aangesluit nie, maar daar was sodanige verandering, dat die heidene byna die hele liggaam van die kerk uitgemaak het.

26 *En so sal die hele Israel gered word ...* Baie mense verstaan dit van die Joodse volk, asof Paulus gesê het dat die godsdiens weer soos vroeër in hulle herstel moet word, maar ek brei die naam *Israel* uit tot die hele volk van God, in hierdie sin: Wanneer die heidene sou ingegaan het, sal die Jode ook terselfdertyd uit die afvalligheid tot geloofsgehoorsaamheid terugkeer. En so sal die saligheid van God se hele Israel, wat uit albei groepe versamel moet word, voltooi word; maar op so ’n manier dat die Jode die eerste plek verkry, omdat hulle in die huisgesin van God as ’t ware die eersgeborenes is. Hierdie interpretasie lyk vir my meer passend, omdat Paulus hier die voleinding van die ryk van Christus wou aandui, wat geensins tot die Jode beperk word nie, maar die hele wêreld omvat. In die brief aan die Galásiërs (Gal. 6:1) noem hy in dieselfde sin die kerk die Israel van God, wat in gelyke mate uit Jode en heidene saamgestel is, en

---

[1] Waar die Afrikaanse vertaling *verharding* het, het Calvyn met *verblinding* vertaal. Die Engelse *Authorized Version* stem met Calvyn se lesing ooreen. – *die vertaler*

so stel hy die volk wat uit die verstrooiing versamel is teenoor die vleeslike kinders van Abraham, wat van sy geloof afgewyk het.

... *soos geskrywe is* ... Met hierdie getuienis van Jesaja bevestig hy nie die hele uitspraak nie, maar slegs ’n deel daarvan, naamlik dat die kinders van Abraham deelgenote is van die verlossing. Maar as iemand sou teenwerp dat Christus aan hulle beloof en aangebied was, maar omdat hulle Hom verwerp het, was hulle van sy genade beroof, (moet gesê word) dat die woorde van die profeet iets meer uitdruk, naamlik dat daar ’n sekere oorblywende getal sal wees wat, nadat hulle hul bekeer het, die genade van verlossing sal geniet. En Paulus haal nie woordeliks aan wat by Jesaja gelees kan word nie. So sê hy: *Maar vir Sion kom Hy as Verlosser en vir dié wat in Jakob hulle bekeer van oortreding, spreek die HERE* (Jes. 59:20). Maar dit betaam ons nie om in hierdie saak meer as gebillik besorgd te wees nie. Dit moet immers in ag geneem word op watter gepaste manier die apostels al die bewysvoering wat hulle uit die Ou Testament aanvoer, toepas op hul onderrig, omdat hulleself niks anders wou doen nie as om die plekke met die vinger aan te wys sodat hulle die lesers na die bron self sal lei.

Verder, hoewel die verlossing aan die geestelike volk van God in hierdie profesie beloof word (maar omdat hy die Jode ook in die verbygaan wou leer, wat hulle van hul Messias behoort te verwag, en hy reeds uit die woorde van Jesaja een van sy ampte gestel het, naamlik om die ongeregtigheid te vernietig, voeg hy enkele woorde by, wat lyk of hy dit uit Jeremia geneem het en handel oor die vergewing van sondes. Want die koninkryk van Christus bevat hierdie twee dele. Hy kom immers om ons deur die onverdiende vergewing van sondes met die Vader te versoen en om ons deur sy Gees te wederbaar tot ’n nuwe lewe)[1)], waaronder ook die heidene ingesluit is, maar aangesien die Jode tog die eersgeborenes is, moet dit wat die profeet aankondig, by uitstek in hulle vervul word. Dat die Skrif die hele volk van God Israeliete noem, moet toegeskryf word aan die uitnemendheid van daardie volk, wat God bo alle ander verkies het. Verder sê hy met name dat, met inagneming van die ou verbond, Hy wat hulle sal verlos, na Sion sal kom. Hy voeg ook daarby dat daar verlossing in Jakob

---

[1)] Hierdie woorde wat tussen hakies geplaas is, kom nie voor in die grondteks wat ek tot my beskikking het nie. In die grondteks wat in die *Corpus Reformatorum* opgeneem is, kom dit wel voor, maar blykens ’n voetnoot deur die versorger van die teks is dit onseker of dit wel Calvyn se bedoeling was om dit te handhaaf. Die betrokke voetnoot lui soos volg: “Hierdie woorde is reeds in die uitgawe van 1556, waarvan ons twee eksemplare besit, op ’n verskuilde manier op papier geplaas of dit is met swart vloeistof en water uitgewis. Dit wil naamlik voorkom asof Calvyn self dit uitgewis het, hoewel dit vroeër in die uitgawe van 1551 in die slot van die paragraaf verskyn het.” – *die vertaler*

sal kom vir hulle wat hul van oortreding bekeer het. Deur hierdie woorde eis God uitdruklik vir Hom ’n sekere saad, sodat die verlossing in die uitverkore en eie geslag van krag mag wees. Hoewel die uitdrukking wat die profeet gebruik, naamlik *sal na Sion kom* beter pas by sy voorlegging, was daar tog vir Paulus geen beswaar gewees om die algemeen aanvaarde vertaling te volg nie, waar naamlik gesê word dat die Verlosser vanaf die berg Sion sal kom. Dieselfde redenering kom voor in die tweede deel, *en sal die goddelooshede van Jakob afwend*, want Paulus het dit voldoende geag om net hierop te let dat, omdat dit die besondere amp van Christus is om ’n afvallige en verbondsbrekende volk met God te versoen, sekerlik ’n soort bekering verwag moet word sodat nie almal tegelyk verlore sou gaan nie.

27 *En dit is van my kant die verbond met hulle ...* Hoewel Paulus in die voorgaande profesie van Jesaja kortliks geraak het aan die amp van die Messias, om die Jode te vermaan wat hulle allermees van Hom sou moet verwag, voeg hy opsetlik met dieselfde doel hierdie paar woorde uit Jeremia daaraan toe. Dit wat hieraan toevoeg word, word immers nie gelees in die vorige gedeelte nie. Ook hierdie woorde dra by tot die bevestiging van die saak wat hy behandel. Wat hy oor die bekering van die volk gesê het, kon in so ’n verstokte hardnekkigheid ongelooflik voorgekom het. Daarom verwyder hy hierdie struikelblok, terwyl hy verklaar dat die nuwe verbond berus op ’n onverdiende vergewing van sondes. Uit die woorde van die profeet word immers afgelei dat God niks verder met ’n afvallige volk te doen wou hê nie, as in soverre Hy die misdaad van ontrou sowel as die ander booshede sal vergewe.

28 Wat die evangelie betref, is hulle wel vyande ter wille van julle; maar wat die uitverkiesing betref, bemindes ter wille van die vaders.
29 Want die genadegawes en die roeping van God is onberoulik.
30 Want soos julle ook vroeër aan God ongehoorsaam was, maar nou barmhartigheid ontvang het deur hulle ongehoorsaamheid,
31 so het hulle ook nou ongehoorsaam geword deur die barmhartigheid aan julle, sodat hulle ook barmhartigheid kan ontvang.
32 Want God het hulle almal in die ongehoorsaamheid ingesluit om vir almal barmhartig te kan wees.

28 Secundum Evangelium quidem inimici propter vos; secundum electionem vero dilecti propter Patres:
29 Sine penitentia enim sunt dona et vocatio Dei.
30 Quemadmodum enim vos quoque increduli fuistis Deo, nunc autem misericordiam estis consequuti istorum incredulitate:
31 Sic et ii nunc increduli facti sunt, eo quod adepti estis misericordiam, ut ipsi quoque misericordiam consequantur.
32 Concludit enim Deus omne sub incredulitate, ut omnium misereatur.

28 *Wat die evangelie betref ...* Hy toon aan dat dit wat in die Jode die allerergste was, nie daartoe moet neig dat hulle om daardie rede deur die heidene verag sal wees nie. Die grootste sonde in hulle was hulle ongelowigheid. Maar Paulus leer dat hulle deur die voorsienigheid van God so verblind was, sodat daar vir die evangelie ’n weg na die heidene gebaan mag word, maar dat hulle nie vir ewig van die genade van God uitgesluit was nie. Derhalwe erken hy dat hulle op grond van die evangelie in die teenwoordige tyd van God vervreem is, sodat die saligheid, wat voorheen by hulle in bewaring was, op hierdie wyse na die heidene sal kom; en dat God tog sy verbond, wat Hy met die vaders gesluit het en waarin Hy getuig het dat Hy daardie volk deur ’n ewige raadsbesluit met liefde omhels het, nie vergeet het nie. En hy bevestig dit met ’n merkwaardige uitspraak, dat hierdie genade van die goddelike roeping nie ongeldig gemaak kan word nie. Want dit is die betekenis van hierdie woorde:

29 *Want die genadegawes en die roeping van God is onberoulik*. By wyse van ’n *hypallage*[1)] het hy die weldaad van die roeping vermeld as *genadegawes en roeping.* En dit behoort nie verstaan te word as enige soort roeping nie, maar as daardie roeping waardeur God die nageslag van Abraham in die verbond opgeneem het, want die betoog wat hy gevoer het, gaan besonderlik hieroor. Net so het hy kort vantevore onder die woord *uitverkiesing* die verborge raad van God, waardeur die Jode vroeër van die heidene onderskei was, aangedui. Dit moet naamlik in aanmerking geneem word dat hier nie nou gehandel word oor die besondere uitverkiesing van elke persoon nie, maar oor die gemeenskaplike aanneming van die ganse volk wat vir ’n tyd lank na die uiterlike voorkoms as vervalle kon voorkom, maar wat tog nie van die wortel afgesny was nie. Aangesien die Jode geval het uit hul bevoorregte stand en die saligheid wat aan hul beloof is, maar sodat daar tog enige hoop vir die oorblyfsel oorbly, voer Paulus aan dat die raad van God vas en onveranderlik staan, waardeur Hy hulle eenmaal werd geag het om hulle as ’n besondere volk te verkies. As dit derhalwe op geen manier kan gebeur dat die Here sou afwyk van sy verbond, wat Hy met Abraham gemaak het nie: *Ek sal die God van jou nageslag wees* (Gen. 17:7), dan het Hy sy goedgunstigheid nie geheel en al van die Joodse volk afgewend nie.

Hy stel nie die evangelie teenoor die uitverkiesing, asof hulle onderling verskil nie, want God roep hulle wat Hy uitverkies het. Maar omdat die evangelie skielik teen die verwagting van die wêreld aan die heidene

---

[1)] *Hypallage* is ’n grammatikale figuur, waarin ’n woord in ’n ander vorm of naamval as die gebruiklike geplaas word. – *die vertaler*

bekend gemaak is, vergelyk hy tereg hierdie genade met die ou verkiesing van die Jode, wat soveel eeue vantevore geopenbaar is. Dus word die uitverkiesing ontleen aan die oudheid, omdat God in die verbygegane eeue van die wêreld een volk vir Hom afgesonder het.

Ter wille van die vaders sê hy, nie omdat hulle rede tot liefde gegee het nie, maar omdat die genade van God vanuit hulle tot die nageslag uitgebrei was, ooreenkomstig die bepaling van die verbond: *Jou God en die God van jou nageslag.* Hoe die heidene barmhartigheid verkry het deur die ongelowigheid van die Jode, is reeds vantevore vermeld. God het naamlik, vertoornd teen die Jode weens hul ontrouheid, sy goedgunstigheid tot die heidene gewend. Dit wat onmiddellik hierna byvoeg word, naamlik dat hulle ongelowiges gemaak was deur die barmhartigheid wat aan die heidene bewys is, is enigsins hard; maar dit bevat tog geen ongerymdheid nie, aangesien Paulus nie die oorsaak van die verblinding aandui nie, maar alleen te kenne gee dat God dit wat die Jode ontneem was, aan die heidene oorgedra het. En verder word hier slegs melding van barmhartigheid gemaak, sodat die heidene nie sou dink dat hulle uit die verdienste van hul geloof verkry het wat die Jode deur hul ongelowigheid verloor het nie. Derhalwe is die hoofsom: Aangesien God die heidene barmhartig wou wees, is die Jode op grond hiervan van die lig van die geloof beroof.

32 *Want God het hulle almal in die ongehoorsaamheid ingesluit ...* 'n Allermooiste gevolgtrekking, waarmee hy aantoon dat hulle wat enige hoop op die saligheid het, geen rede het om oor ander te wanhoop nie, want wat hulle ook al nou mag wees, was hulle net soos al die ander. As hulle alleen deur God se barmhartigheid uit die ongelowigheid[1)] na bowe gekom het, behoort hulle ook aan ander plek oor te laat. Hy stel die Jode immers in gelyke mate in skuld met die heidene, sodat albei sal begryp dat die toegang tot die saligheid vir die ander nie minder oopstaan as vir hulleself nie. Want dit is alleen die barmhartigheid van God wat hulle bewaar; en dit kan sigself aan albei aanbied. Hierdie uitspraak kom dus ooreen met die getuienis van Hoséa wat hy hierbo (hoofstuk 9:25) aangehaal het: *Ek sal hulle wat nie My volk is nie, My volk noem.* Verder bedoel hy nie dat God op so 'n manier alle mense verblind, dat hulle ongelowigheid aan Hom toegeskryf moet word nie, maar wel op so 'n manier dat Hy dit deur sy voorsienigheid so beskik het dat almal skuldig sou wees aan

---

[1)] In verse 30, 31 en 32 het Calvyn *ongelowig* en *ongelowigheid*, waar die Afrikaanse vertaling respektiewelik *ongehoorsaam* en *ongehoorsaamheid* bevat. Weereens stem die *Authorized Version* ooreen met Calvyn se weergawe. Die klaarblyklike rede moet gesoek word in verskille in die gebruikte grondtekste. – *die vertaler*

ongelowigheid, sodat Hy hulle onderworpe hou aan sy oordeel, en wel met hierdie doel, dat die saligheid alleen sal wees uit sy goedheid, nadat elke verdienste begrawe is.

Paulus wil dus twee sake na vore bring, naamlik dat daar niks in enige mens is waarom hy weens verdienste voorkeur sou geniet, behalwe uit God se loutere genade nie; en dat God in die toebedeling van sy genade nie verhinder word dat Hy aan wie Hy wou, in oorvloed gee nie. Daar is sterk nadruk op die woord(e) *barmhartig wees*. Want dit dui aan dat God aan niemand gebonde is nie, en dat Hy almal daarom vrylik bewaar, aangesien hulle in dieselfde mate verlore is. Verder, hulle wat hieruit aflei dat almal sal salig word, maak hul skuldig aan uiters krasse raserny. Paulus bedoel immers eenvoudig dat die Jode sowel as die heidene die saligheid nêrens anders kry as uit die barmhartigheid van God nie, sodat aan niemand ’n rede gelaat word om te kla nie. Dit is wel seker dat hierdie barmhartigheid aan almal sonder onderskeid voor oë gestel is, maar elkeen moet dit deur die geloof soek.

33 o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!
34 Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees?
35 Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word?
36 Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

33 O profunditatem divitiarum et sapientiae et cognitionis Dei! Quam incompehensibilia sunt judicia ejus et impervestigabiles viae ipsius!
34 Quis enim cognovit mentem Domini? Aut quis illi a consiliis fuit?
35 Aut quis prior dedit ei et retribuetur illi?
36 Quoniam ex illo et per illum et in illum sunt omnia; Ipsi gloria in secula. Amen.

33 *o Diepte van die rykdom ...* Hier breek die apostel eers uit in ’n uitroep, wat uit die vroom oordenking van God se werke by gelowiges van self te voorskyn tree. Daarna beteuel hy in die verbygang die vermetelheid van die goddelose wat gewoond is om teen die oordele van God te lawaai. Wanneer ons dus hierdie *o Diepte* hoor, kan dit nie uiting gee aan hoeveel hierdie bewondering behoort by te dra tot die terugdring van die vermetelheid van die vlees nie. Want nadat hy uit die Woord en die Gees van die Here betoog het, kan hy op laas, oorweldig deur die verhewenheid van soveel verborgenheid, niks anders doen as om in verwondering te wees en uit te roep dat hierdie rykdom van God se wysheid dieper is as waartoe ons rede kan deurdring nie. As ons dus ’n bespreking van God se ewige raadsbesluite betree, laat ons aan ons gedagte en tong ’n teuel

aansit sodat, wanneer ons met ingetoënheid en binne die perke van God se Woord gespreek het, ons bespreking uiteindelik mag uitloop in bewondering. En dit behoort ons immers nie te beskaam as ons nie wyser as hy (Paulus) is nie wat, toe hy tot in die derde hemel opgetrek was, die geheimenisse wat vir die mens onuitspreeklik is, gesien het, en hier tog geen ander slotrede kon vind as om homself te verneder nie.

Dat sommige die woorde van Paulus aldus uitlê: *O diepe rykdom en wysheid en kennis van God!* asof die woord βάθῆ in die plek van die gewone byvoeglike naamwoord geplaas is, en dat die rykdom vrygewigheid uitdruk, lyk vir my gedwonge. Derhalwe twyfel ek nie dat hy die diep rykdom van die wysheid en kennis in God aanprys nie.

Hoe ondeurgrondelik is sy oordele ... By wyse van herhaling wat in Hebreeus gebruiklik is, druk hy dieselfde saak deur middel van verskeie woorde uit. Want terwyl hy praat oor die *oordele*, voeg hy die woord *weë* daaraan toe, waarmee hy ordening of handelswyse of regeringswyse bedoel. Maar hy hou steeds vol met sy uitroep, en hoe meer hy die diepte van die goddelike verborgenheid verhef, te meer weerhou hy ons van die nuuskierigheid om dit te ondersoek. Laat ons derhalwe leer om oor die Here geen ondersoek te doen nie, behalwe vir soverre as wat Hy dit deur die Skrif geopenbaar het; want anders betree ons ’n doolhof, waaruit die terugkeer nie maklik sal wees nie. Dit moet immers in ag geneem word dat hier nie gehandel word oor elke denkbare verborgenheid van God nie, maar alleen dié wat God wil dat dit by Homself verborge sal wees om deur ons bewonder en aanbid te word.

34 *Want wie het die gedagte van die Here geken ...* Hier begin hy om die vermetelheid van die mense as ’t ware deur ’n uitgestrekte hand te beteuel, sodat hulle nie teen die oordele van God sal murmureer nie. Maar hy doen dit om twee redes. Die eerste is naamlik dat alle sterwelinge te blind is om die voorbeskikking van God met hul eie verstand te oordink, en dat daar oor ’n onbekende saak nie anders as ydel en verkeerd geredeneer kan word nie. Die ander rede is dat daar geen rede vir ons is om oor God te kla nie, aangesien daar niemand onder die sterwelinge is wat kan spog dat Hy ’n skuldenaar teenoor hom is nie; inteendeel, almal is onder verpligting teenoor sy weldadigheid. Laat elkeen dan onthou om sy gedagte binne hierdie grense te beperk sodat dit in die ondersoek van die voorbeskikking nie bo die openbaring van God verhef word nie. Ons hoor immers dat ’n mens niks meer kan onderskei as ’n blinde in die duisternis nie. Maar dit bring geensins teweeg dat die sekerheid van die geloof verswak word wat nie uit die skerpsinnigheid van die menslike verstand voortkom nie, maar alleen uit die verligting van die Gees. Nadat Paulus getuig het dat al die

verborgenhede van God die begripsvermoë van ons verstand ver oorskry, voeg hy tog terstond daarby dat die gelowiges die gedagte van God verstaan omdat hulle nie die gees van hierdie wêreld ontvang het nie, maar die Gees wat deur God aan hulle gegee is, deur wie hulle onderwys word oor sy goedheid wat andersins onbegryplik sou wees.

Net soos ons geensins met ons vermoëns kan kom tot die ondersoek van die verborgenhede van God nie, net so word ons deur die genade van die Heilige Gees toegang gegee tot ’n sekere en helder kennis daarvan. As die Gees wat ons voorgaan, gevolg behoort te word, moet gestop word en as ’t ware die treë ingehou word waar Hy ons verlaat het. Indien iemand soek om meer te wete te kom as wat Hy geopenbaar het, sal hy neergewerp word deur die onmeetlike helderheid van sy ontoeganklike lig. Die onderskeid – wat ek vantevore vermeld het – tussen die verborge raad van God en die wil wat in die Skrif geopenbaar is, moet in aanmerking geneem word. Want hoewel die ganse leer van die Skrif in hoogte die insig van die mens in verre mate te bowe gaan, word die toegang daartoe tog nie gesluit vir die gelowiges wat eerbiedig en met ingetoënheid die leiding van die Gees volg nie. Maar met die verborge raad is die saak anders. Daarvan kan die diepte en hoogte nie deur enige ondersoek gepeil word nie.

35 *Of wie het eers iets aan Hom gegee ...* Dit is ’n ander redevoering, waardeur die geregtigheid van God ten sterkste teen al die beskuldigings van die goddelose verdedig word. Want as niemand deur sy verdienste God teenoor homself verplig (kan) hou nie, kan niemand ook met reg van Hom iets eis omdat hy geen beloning ontvang nie. Enigeen wat immers ’n ander wil dwing om aan hom ’n weldaad te bewys, moet noodsaaklikerwys sy dienste na vore bring, waarvolgens hy ’n beloning verdien. Daarom is daar in die woorde van Paulus hierdie betekenis: God kan nie anders van ongeregtigheid beskuldig word as dat beweer kan word dat Hy nie aan elkeen gegee het wat hom toekom nie. Maar dit staan vas, dat niemand deur Hom in sy reg bedrieg word nie, omdat Hy aan niemand gebonde is nie; want wie kan roem op enige werk van sy eie, waardeur hy sy genade verdien het?

Dit is egter ’n merkwaardige vers, want ons word daarin geleer dat dit nie in ons vermoë is om God deur ons goeie dade te beweeg om aan ons die saligheid toe te bedeel nie, maar dat Hy die onverdienstelikes deur onverdiende goedheid vooruitloop. Hy toon immers nie alleen aan wat die mense gewoond is om te doen nie, maar ook wat hulle algeheel in staat is om te doen. Indien ons onsself behoorlik wil ondersoek, sal ons nie alleen vind dat God in geen opsig teenoor ons ’n skuldenaar is nie, maar dat ons almal, tot die laaste een, aan sy oordeel onderworpe is, en nie alleen dat

ons van Hom geen genade verdien nie, maar dat ons die ewige dood meer as waardig is. En nie alleen op grond van ons verdorwe en sondige natuur lei Paulus af dat God aan ons niks verskuldig is nie, maar hy ontken ook dat die mens, as hy sondeloos sou wees, tog enigiets voor God kan aanbied waardeur hy vir homself genade sou verwerf nie. Sodra die mens immers begin om te bestaan, is hy reeds so deur die reg van die skepping afhanklik gemaak van sy Skepper, dat hy niks van sy eie het nie. Daarom sal ons tevergeefs probeer om Hom sy reg te ontneem om vrylik, soos Hy goed dink, oor sy skepsels te besluit, asof daar wedersyds ’n rekening van ontvangstes en uitgawes was.

36 *Want uit Hom en deur Hom en tot Hom ...* Dit is ’n bevestiging van die voorgaande uitspraak. Want hy toon aan dat dit baie ver daarvandaan is dat ons in staat sou wees om met enige goed van ons eie teenoor God te roem, omdat ons self deur Hom uit niks geskape is en ons bestaan nou in Hom berus. Hieruit lei hy af dat dit betaamlik is dat ons bestaan op sy eer gerig word. Hoe ongerymd sou dit immers wees dat skepsels wat Hyself in aansyn geroep het, en wat Hy bewaar, hulle op iets anders rig as om sy eer bekend te maak! Dit ontgaan my nie dat die uitdrukking εἰς αὐτον (*aan Hom*) soms vir ἐν αὐτῷ (*in* of *deur Hom*) aanvaar word nie, maar onvanpas. Maar omdat die eintlike betekenis beter pas by die huidige onderwerp, is dit verkieslik om dit te behou eerder as om die toevlug te neem tot die onvanpaste. Die hoofsom is dat die hele orde van die natuur in sy teendeel omgekeer sou word, as God wat die oorsprong van alle dinge is, nie gelykerwys die einde daarvan sal wees nie.

Syne is die heerlikheid ... Nadat die stelling as ’t ware bewys is, neem hy dit nou met vertroue as ontwyfelbaar aan, dat vir die Here sy heerlikheid oral onveranderlik moet bly. Want dit sal ’n kille uitspraak wees as jy dit in ’n algemene sin opvat. Die beklemtoning hang egter af van die verband van die plek, naamlik dat God vir Homself met reg aanspraak maak op die volle heerskappy en dat daar in die bestaan van die menslike geslag en van die hele wêreld buite sy eer niks gesoek moet word nie. Hieruit volg dat alle oorweginge wat daartoe neig om sy heerlikheid te verminder, onvanpas en onredelik, ja, selfs kranksinnig is.[1)]

[1)] Ook hierdie slotverse is deur Totius op ’n voortreflike wyse berym. Dit lui soos volg:

HOOFSTUK 12

1 EK vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as ’n lewende, heilige en aan God welgevallige offer – dit is julle redelike godsdiens.
2 En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.

1 Obsecro itaque vos fratres, per miserationes Dei, ut sistatis corpora vestra hostiam vivam, sanctam acceptam Deo, rationabilem cultum vestrum.
2 Et ne conformetis vos huic mundo, sed transfiguremini renovatione mentis vestrae, ut probetis quae sit voluntas Dei bona et placita et perfecta.

Nadat Paulus daardie dinge behandel het, wat noodsaaklik was om te begin met die oprigting van God se koninkryk – naamlik dat die geregtigheid by God alleen gesoek moet word, dat die saligheid alleen in Sy barmhartigheid gesoek moet word en dat die somtotaal van alle goeie dinge in Christus alleen weggelê is en daagliks aan ons aangebied word – gaan hy nou, deur die beste orde te volg, oor tot die reëling van die sedes. As die siel inderdaad deur hierdie saligmakende kennis van God en

---

1 O dieptes vol geheimenis
wat vir ons oog onpeilbaar is!
O wysheidsbron en kennis wat
die som van alle dinge͡omvat!
Nog dieper as die hemelrond
is God se oordeel, sonder grond.
En dieper as die diepste seë,
so onnaspeurlik is sy weë.

2 Het ooit ’n mens of hemeling
in Gods gedagtes deurgedring?
Of wie is daar so groot van gees,
dat hy sý raadsman ooit kan wees?
Wie’t eers aan God so͡’n guns bewys
dat hy van Hom vergelding eis?
Wat is by God, so onvolprese,
die mens dan in sy waarde͡en wese?

3 Uit Hom – die Bron van alle goed;
deur Hom – wat alles dra en voed;
tot Hom – die eind van al wat streef,
wat is en word, wat roer en sweef,
tot Hom is alle dinge wat
Hy met een wilsgreep gans omvat.
Aan Hom, die God wat ewig lewe,
sy ewig lof en eer gegewe.

HOOFSTUK 12

Christus as ’t ware tot ’n hemelse lewe vernuwe word, en die lewe self deur heilige vermaninge en voorskrifte op een of ander manier geformeer en daargestel word, is dit tevergeefs dat jy ’n ywer aan die dag lê om die lewe te orden, tensy jy eers aangetoon het dat die oorsprong van alle geregtigheid vir mense in God en Christus geleë is, want dit is om hulle uit die dood op te wek.

En dit is die vernaamste verskil tussen die evangelie en die filosofie: Want hoewel die filosowe op skitterende wyse en met groot loflike skerpsinnigheid debatteer oor die sedes, is al die opsmuk wat in hul voorskrifte weerkaats, tog soveel as ’n pragtig opgerigte gebou sonder fondament, omdat hulle met weglating van die beginsels ’n verminkte leer voordra, wat niks anders is as ’n liggaam met die kop afgekap nie. En die leermetode is by die pousdom nie veel anders nie, want hoewel hulle in die verbygaan woorde besig oor die geloof in Christus en oor die genade van die Heilige Gees, blyk dit egter nietemin duidelik hoeveel nader hulle aan die heidense filosowe kom as aan Christus en sy apostels.

Net soos die filosowe egter voordat hulle wette oor die sedes neerlê, redeneer oor die doel van die goeie en ’n ondersoek instel na die bronne van die deugdelike, waaruit hulle daarna alle verpligtinge delf en aflei, so stel hy (Paulus) hier die grondwaarheid vas, waaruit alle dele van die heiligheid voortvloei, en dat ons naamlik deur God verlos is met hierdie doel, dat ons onsself en al ons lede aan Hom sal toewy. Maar dit mag die moeite werd wees om die afsonderlike woorde te oorweeg.

1 *Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God ...* Ons weet dat daar onreine mense is wat alles wat in die Skrif voorgedra word oor die onmeetlike goedheid van God aangryp met ’n begeerte na die losbandigheid van die vlees. Ook die geveinsdes verduister, sover hulle kan, die kennis van Hom op ’n boosaardige wyse, asof die genade van God die ywer om vroom te lewe uitblus en ’n deur oopmaak vir die vermetelheid om te sondig. Maar hierdie smeekbede leer ons dat mense, totdat hulle goed besef hoeveel hulle aan die barmhartigheid van God verskuldig is, Hom nooit met ’n ernstige gemoed dien en ook nie genoegsaam skerp geprikkel word om Hom te vrees en te gehoorsaam nie. Vir die papiste is dit genoegsaam as hulle, ek weet nie watter gedwonge gehoorsaamheid nie, afpers deur skrik aan te jaag. Maar Paulus lok ons deur die soetheid van Sy genade, waarin ons saligheid vervat is, en sodat hy ons aan God verbind nie deur ’n slaafse vrees nie, maar deur ’n vrywillige en vreugdevolle liefde vir die geregtigheid, en terselfdertyd verwyt hy ons ons ondankbaarheid as ons nie, nadat ons ’n welwillende en

vrygewige Vader ervaar het, op ons beurt geheel en al streef om ons aan Hom toe te wy nie.

En terwyl Paulus ons so aanspoor, sit daar meer krag in, omdat hy alle ander mense by verre oortref wanneer hy die genade van God in die lig stel. Want dit moet ’n hart wees wat harder as yster is wat deur daardie leer wat hy hierbo gestel het, nie aangevuur word tot liefde teenoor God nie, wie se goedgunstigheid die hart in sigself in soveel oorvloed bemerk. Waar is hulle dan wat dink dat alle aansporings tot ’n opregte lewe ontkrag is, indien die saligheid van mense geplaas word in die genade van God alleen, omdat die vroom gemoed deur geen voorskrifte en deur geen strafbepalinge so geformeer word tot gehoorsaamheid aan God as deur die ernstige oordenking van die goddelike goedheid in sigself nie? Terselfdertyd is die sagmoedigheid van die apostel se gees hier te sien, omdat hy teenoor die gelowiges wil optree met vermaninge en vriendelike aanmoediginge, eerder as streng bevele, aangesien hy geweet het dat hy langs hierdie weg hulle wat onderwys wil word, eerder sal bereik.

... *dat julle jul liggame stel ...* Dit is dus die begin van die regte weg tot die goeie werke, as ons weet dat ons aan die Here gewy is. Want hieruit volg dat ons ophou om vir onsself te lewe, sodat ons al die handelinge van die lewe sal bestem tot gehoorsaamheid aan Hom.

Hier is derhalwe twee dinge wat oorweeg moet word. Die eerste is dat ons aan die Here toebehoort; vervolgens, dat ons om daardie rede heilig behoort te wees, omdat dit aan die heiligheid van God onwaardig is dat enigiets aan Hom aangebied word wat nie vooraf geheilig is nie. Nadat dit vasgestel is, volg tegelykertyd daaruit dat die heiligheid gedurende die hele lewe oordink moet word, en dat as ons terugval in onreinheid, ons nie vry te pleit is van ’n sekere heiligskennis nie, omdat dit niks anders is as om ’n saak wat geheilig is, te ontheilig nie.

Maar oral word ’n beduidende toepaslikheid van woorde in stand gehou. In die eerste plek sê hy dat ons liggaam as ’n offer aan God aangebied behoort te word, waarmee hy te kenne gee dat ons nie steeds onafhanklik is nie, maar dat ons geheel en al in die mag van God oorgegaan het. Dit kan nie anders gebeur as dat ons van onsself afsien en onsself verloën nie. Deur die byvoeging van byvoeglike naamwoorde verklaar hy vervolgens hoedanig hierdie opoffering moet wees. Want terwyl hy dit *lewend* noem, dui hy aan dat ons aan die Here geoffer word kragtens hierdie voorwaarde, dat ons vroeëre lewe in ons gedood word en ons tot ’n nuwe lewe opgewek word. In die woord *heilig* druk hy dit uit waarvan ons gesê het dat dit eie is aan ’n offerande; dit is dan eers ’n geldige offerande waar die heiliging dit voorafgegaan het. Die derde byvoeglike naamwoord herinner daaraan dat

die lewe reg ingerig is wanneer ons hierdie offerande van onsself daarop rig om die Here te behaag. Hierin word ook aan ons ’n buitengewone troos gebied, omdat dit ons leer dat ons inspanning vir God behaaglik en aanvaarbaar is wanneer ons onsself aan onskuld en heiligheid wy. Maar die liggame word nie genoem slegs as gebeente en vel nie, maar as die totale massa waaruit ons bestaan; en deur hierdie benaming te gebruik, om by wyse van ’n *synecdoche*[1)] al wat ons is, beter te kan aandui. Want die dele van die liggaam is werktuie om handelinge te verrig. Hy vereis andersins van ons nie alleen reinheid van die liggaam nie, maar ook van die siel en die gees, soos in I Thessalonicense 5:23. Dat hy ons beveel om ons liggame *te stel*, ens., daarin is ’n sekere sinspeling op die mosaïese offerandes, wat op die altaar as ’t ware voor die aangesig van God ten toon gestel is. Maar tog toon hy op elegante wyse aan hoeveel bereidwilligheid ons aan die dag moet lê om die bevele van God te ontvang, sodat ons daaraan sonder versuim sal gehoorsaam.

Hieruit lei ons af dat alle sterflinge, wat nie die voorneme het om God te dien nie, niks anders doen as om op ’n ellendige manier te dwaal en rond te dool nie. Ons vind ook nou watter offerandes Paulus aan die Christelike kerk aanbeveel; want nadat ons met God versoen is deur die enige offerande van Christus, word ons almal deur sy genade priesters gemaak om onsself en al wat aan ons behoort, aan die eer van God toe te wy. Geen offerande van versoening word meer vereis nie, en so ’n offerande kan nie opgerig word sonder groot smaad aan die kruis van Christus nie.

... *dit is julle redelike godsdiens ...* Ek dink dat hierdie deel toegevoeg is om die voorafgaande beter te verduidelik en te bevestig, asof gesê is: Bied julleself as ’n offerande aan God aan, as julle God van harte wil dien; want dit is die regte manier om God te dien en hulle wat daarvan afwyk, is valse vereerders. Indien God dan alleen reg gedien word, as ons al ons handelinge ooreenkomstig sy voorskrif volvoer, laat alle ingebeelde godsdiens wat Hyself tereg met afsku bejeën die wyk neem, aangesien gehoorsaamheid vir Hom beter is as slagoffers. Hul eie uitvindsels behaag wel die mense, en dit vertoon ’n ydele vorm van wysheid – soos Paulus elders sê. Maar ons hoor wat die hemelse Regter deur die mond van Paulus hierteenoor aankondig. Deur immers die diens wat Hyself ingestel het, ’n redelike godsdiens te noem, verwerp Hy al die dinge wat ons buite die reëling van sy Woord onderneem as dwaas, onverstandig en met onverskilligheid aangeneem.

---

1) ’n Woordeverwisseling. – *die vertaler*

2 *En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie ...* Die woord *wêreld* het vele betekenisse; hier word dit opgevat as die ingesteldheid en sedes van mense, en nie sonder rede verbied hy ons om daaraan gelykvormig te word nie. Want omdat die hele wêreld in boosheid lê, betaam dit ons om ons te ontdoen van wat ook al ons van die mens (in ons) het, as ons waarlik ons met Christus wil beklee. En sodat dit nie betwyfel sal word nie, sit hy die teenoorgestelde uiteen, wanneer hy beveel dat ons verander moet word tot nuutheid van verstand. Hierdie teenstellings waardeur ’n saak duideliker uiteengesit word, is immers gebruiklik in die Skrif.

Maar let hier op watter vernuwing van ons vereis word: naamlik nie ’n vernuwing van die vlees alleen nie – soos wat die skool van die Sorbonne hierdie woord uitlê nie, naamlik as die laere deel van die siel – maar van die verstand, wat die mees voortreflike deel van ons is, en waaraan die filosowe die eerste plek toeken. Hulle noem dit immers ἡγεμονικὸν (*die heersende mag*), terwyl die verstand voorgestel word as ’n uiters wyse koningin. Maar Paulus trek haar neer van haar troon en reduseer haar tot niks, wanneer hy leer dat ons verstandelik vernuwe moet word. Want hoeveel ons ook al onsself vlei, is daardie uitspraak van Christus tog waar, naamlik dat die hele mens wat in die koninkryk van God wil ingaan, wedergebore moet word, omdat ons in ons verstand sowel as in ons hart geheel en al vreemd is aan die geregtigheid van God.

... sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is ... Hier het jy die doel waarom ons ’n nuwe verstand moet aanklee, naamlik dat ons, nadat ons vaarwel gesê het aan ons eie beraadslagings en begeertes, en dié van alle mense, ons alleen sal rig op die enige wil van God, omdat die verstaan hiervan die ware wysheid is. En as die vernuwing van ons verstand hiervoor noodsaaklik is, om te beproef wat die wil van God is, dan blyk daaruit in watter mate dit teen God gerig was.

Die byvoeglike naamwoorde wat bygevoeg is, is bedoel om die wil van God aan te prys, sodat ons met groter ywer daarna sal streef. En sekerlik, om ons hardnekkigheid te bedwing, is dit noodsaaklik dat die volle eer van geregtigheid en volmaaktheid aan die wil van God toegeskryf word. Die wêreld oortuig sigself dat die werke wat dit gefabriseer het, goed is; Paulus roep uit dat volgens die gebooie van God bepaal moet word wat goed en reg is. Die wêreld swaai sigself lof toe oor sy versinsels en skep daar behae in; maar Paulus bevestig dat niks anders God behaag as dit wat Hy beveel het nie. Die wêreld, om volmaaktheid te vind, verval van God se Woord tot nuwe uitvindings; Paulus, terwyl hy die volmaaktheid in die wil van God stel, toon aan dat as iemand hierdie grens oorskry, hy deur ’n vals inbeelding mislei word.

3 Want deur die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen wat onder julle is, dat hy nie van homself meer moet dink as wat 'n mens behoort te dink nie; maar dat hy daaraan moet dink om besadig te wees na die maat van die geloof soos God dit aan elkeen toebedeel het.

3 Dico enim per gratiam, quae data est mihi, cuilibet vestrum, ne supra modum sapiat praeter id quod oportet sapere, sed sapiat ad sobrietatem, sicuti unicuique distribuit Deus mensuram fidei.

3 *Want deur die genade wat aan my gegee is, sê ek ...* As jy dink dat die redegewende voegwoord nie oortollig is nie, sal hierdie uitspraak nie slegs met die voorgaande saamhang nie. Want omdat hy eers wou te kenne gee dat ons strewe ingespan sou word in die ondersoek na God se wil, was die volgende saak dat dit ons sal afwend van ydele nuuskierigheid. Maar omdat die redegewende voegwoord by Paulus dikwels oortollig gebruik word, kan jy dit ook opvat as 'n eenvoudige bevestiging; want ook so sal die betekenis vasstaan.

Voordat hy verder voorskrifte gee, herinner hy aan die gesag wat aan hom gegee is, sodat hulle nie anders na sy stem as na die stem van God self sal luister nie. Sy woorde het dieselfde betekenis asof hy sou gesê het: Ek praat nie uit myself nie, maar as gesant van God bring ek na julle die bevele wat Hy aan my toevertrou het. Hy noem die apostelskap – soos vroeër – *genade*, om daardeur die goedheid van God in homself aan te prys, en hy gee tegelykertyd te kenne dat hy nie kragtens eie oormoed ingesluip het nie, maar dat hy kragtens die roeping van God gekies is. Terwyl hy dus deur hierdie inleiding aan homself gesag verseker, verbind hy die Romeine om noodsaaklikerwys te gehoorsaam, as hulle God nie in die persoon van sy bediening wil verag nie. Daarna volg 'n voorskrif, waarmee hy ons ook weerhou van 'n ondersoek van daardie sake wat niks anders as kwellinge aan die gemoedere kan besorg nie, en inderdaad geen opbou nie. En hy verbied elkeen om meer op homself te neem as wat sy begripsvermoë en roeping kan dra, en terselfdertyd vermaan hy dat ons daardie dinge moet bedink en bepeins wat ons ingetoë en gematig kan maak. Ek verkies naamlik om dit so te verstaan in die sin soos Erasmus dit vertaal: *Sodat niemand hoogmoedig van homself dink nie*, aangesien hierdie betekenis enigsins verder verwyderd is van die woorde en die ander beter pas by die verband van die betoog. Hierdie gedeelte – *as wat 'n mens behoort te dink nie* – verklaar wat hy met die voorafgaande woord ὑπερφρονεῖν wou sê, naamlik dat ons die grens van wys te wees oorskry as ons ons besig hou met daardie dinge waaroor dit nie betaamlik is om verontrus te wees nie. *Dat hy daaraan moet dink om besadig te wees*

beteken om bedag te wees op daardie dinge waardeur jy aanvoel dat jy tot besadigheid opgevoed en onderwys word.

... *soos God dit aan elkeen toebedeel het ...* Hier is ’n *anastrophe* of ’n omkeer van woorde vir *wat God ook al aan elkeen toebedeel het*. Hier word dus die rede van die besadigde wysheid waaraan hy herinner, uitgedruk. Omdat die uitdeling van die genadegawes immers verskillend is, stel elkeen homself op die beste maat van wysheid, wanneer hy hom hou binne die grense van die genade van die geloof, wat deur God verleen is. Derhalwe is daar ’n oormatige begeerte na wysheid, nie alleen in oorbodige dinge en dinge wat nutteloos is om te weet nie, maar ook in daardie dinge waarvan die kennis andersins nuttig is, wanneer ons nie ag slaan op dit wat aan ons gegee is nie, maar ligsinnig en astrant die maat van ons bevatlikheidsvermoë oorskry; en God duld nie dat so ’n onbeskaamdheid ongestraf bly nie. Dit is immers dikwels te sien met watter kranksinnighede mense meegevoer word, wat deur dwase eersug hulle self begeef buite die grense wat aan hulle gestel is.

Die hoofsaak is dat hierdie ’n deel van ons redelike offerande is, dat elkeen homself met ’n sagmoedige en onderdanige gees oorgee om deur God geregeer en gelei te word. Verder, wanneer hy die geloof stel teenoor die menslike oordeel, weerhou hy ons van ons eie opvattinge, en hy voeg terselfdertyd opsetlik die maat daarvan by, sodat die gelowiges ook in dit wat hulle ontbreek, hulleself met nederigheid sal gedra.

4 Want soos ons in een liggaam baie lede het en die lede nie almal dieselfde werking het nie,

5 so is ons almal saam een liggaam in Christus en elkeen afsonderlik lede van mekaar.
6 En ons besit genadegawes wat verskil volgens die genade wat aan ons gegee is:

7 is dit profesie, na die maat van die geloof; of bediening, in die werk van bediening; of wie leer, in die lering;
8 of wie vermaan, in die vermaning; wie uitdeel, in opregtheid; wie ’n voorganger is, met ywer; wie barmhartigheid bewys, met blymoedigheid.

4 Quemadmodum enim in uno corpore membra multa habemus, membra vero omnia non eandem habent actionem;
5 Sic multi unum sumus corpus in Christo membra mutuo alter alterius.

6 Habentes autem dona secundum gratiam nobis datam differentia; sive prophetiam, secundum analogiam fidei;

7 Sive ministerium, in ministerio; sive qui docet, in doctrina;

8 Sive qui exhortatur, in exhortatione; sive qui largitur, in simplicitate; sive qui praeest, in studio; sive qui miseretur, in hilaritate.

4 *Want soos ons in een liggaam ...* Presies dieselfde wat hy reeds gestel het, naamlik dat die wysheid van elkeen beperk moet word ooreenkomstig die maat van die geloof, bevestig hy nou met verwysing na die roeping van al die gelowiges. Want ons is onder hierdie voorwaarde geroep, dat ons as ’t ware in een liggaam sal saamgroei, omdat Christus tussen al sy gelowiges so ’n gemeenskap en verbondenheid ingestel het as wat daar tussen die dele van die menslike liggaam bestaan; en aangesien die mense uit hulself nie in staat was om in so ’n eenheid te verenig nie, het Hy self die band van daardie verbondenheid geword. Omdat die verhouding wat in die menslike liggaam gesien word, dus ook in die gemeenskap van die gelowiges teenwoordig behoort te wees bewys hy, deur hierdie ooreenkoms na vore te bring, hoe noodsaaklik dit is dat elkeen oorweeg wat by sy aard, sy bevatlikheidsvermoë en sy roeping pas. Verder moet hierdie vergelyking, hoewel dit verskillende dele het, hier besonderlik toegepas word op die huidige onderwerp. Soos wat die dele van een liggaam verskeie funksies het, en tog almal verskillend, en geen deel tegelykertyd alle funksies uitoefen of die funksies van ander dele vir sigself benut nie, so het God ook aan ons verskillende gawes toebedeel, en deur hierdie onderskeid wat Hy ingestel het, wou Hy dat die orde onder ons bewaar word, sodat elkeen in ooreenstemming met sy vermoë homself sal matig en nie homself sal forseer in die plek van ander lede nie; en geeneen moet daarna streef om alles te hê nie, maar moet tevrede wees met sy lot en hom vrywillig daarvan weerhou om die bediening van ander toe te eien. Maar omdat hy met uitdruklike woorde die gemeenskap aandui wat daar tussen ons is, gee hy terselfdertyd ook te kenne hoe groot die ywer behoort te wees om die besondere gawes wat hulle besit aan te wend vir die gemeenskaplike welsyn van die liggaam.

6 *En ons besit genadegawes wat verskil volgens die genade wat aan ons gegee is ...* Paulus praat hier nie eenvoudig oor die broederlike liefde wat onder ons gekoester moet word nie, maar hy beveel beskeidenheid aan, wat vir ons die beste ewewigsfaktor van die hele lewe is. Elkeen begeer om vir homself oor soveel te beskik dat hy geen hulp van broers benodig nie. Maar hierdie band van onderlinge gemeenskap bestaan daarin dat niemand vir homself genoeg het nie maar gedwing word om van ander te leen. Ek erken derhalwe dat die gemeenskap van die vromes nie anders kan bestaan nie, as dat elkeen, terwyl hy tevrede is met sy eie maat (van genadegawe), die gawes wat hy ontvang het, aan sy broeders deelagtig maak, en omgekeerd om hom dit te laat welgeval om deur die gawes van ander gehelp te word.

Maar Paulus wou veral die hoogmoed neerwerp, waarvan hy geweet het dat dit aan die mense aangebore is; en sodat iemand nie ontevrede sal wees dat aan hom nie alles gegee is nie, vermaan hy dat die toewysing van elkeen se deel nie buite die allerbeste raad van God geskied nie, omdat dit vir die gemeenskaplike heil van die liggaam voordelig is dat niemand so met ’n oorvloed van gawes toegerus is dat hy straffeloos sy broeders sal minag nie. Ons het hier verder die vernaamste doel wat die apostel op die oog het, naamlik dat nie alle gawes in almal byeenkom nie, maar dat die gawes van God so verdeel is dat elkeen sy bepaalde deel het; en dat elkeen so daarop bedag moet wees om sy gawes aan te wend vir die opbou van die kerk sodat niemand, deur sy eie diens te verlaat, oorgaan tot dié van ’n ander nie. Deur hierdie mooiste orde, en as ’t ware simmetrie, word die bewaring van die kerk verseker, wanneer elkeen vir homself dit wat hy van God ontvang het, so aanwend tot gemeenskaplike nut dat hy ander nie in die weg staan nie. Hulle wat hierdie orde omkeer, voer ’n stryd met God, kragtens wie se ordinansie dit ingestel is. Want die verskeidenheid van gawes spruit nie voort uit die goeddunke van mense nie, maar daarin dat dit God behaag het om sy genade op hierdie manier uit te deel.

7 *Is dit profesie ...* Deur nou sekere voorbeelde na vore te bring, toon hy aan hoe elkeen binne sy vermoë, as ’t ware met behoud van sy (toegewese) staanplek, besig behoort te wees. Elke genadegawe het immers sy neergelegde grense, en om daarvan af te wyk beteken om die genadegawe self te skend. Maar omdat die redevoering enigsins verward is, sou ons dit so kon saamstel dat ’n gevolgtrekking hier begin word, naamlik soos volg: Hy wat dus ’n profesie het, laat hom dit beoordeel volgens die geloof; en laat hy wat ’n bediening het, dit gebruik tot bediening, en laat hy wat ’n leerstelling het, dit gebruik tot lering, ens. Hulle wat hierdie doel voor oë het, sal hulle tereg binne hul grense hou.

Origens word hierdie vers op verskillende maniere aanvaar; want daar is hulle wat onder *profesie* die vermoë om te voorspel verstaan, wat omstreeks die begin van die evangelieverkondiging van krag was, omdat die Here toe die waardigheid en voortreflikheid van sy koninkryk op alle maniere wou aanbeveel. En dit wat bygevoeg word – *na die maat van die geloof* – meen hulle moet verwys na al die dele. Ek verkies egter om diegene te volg wat hierdie woord breër uitbrei tot die besondere gawe van openbaring, waardeur iemand op kundige en bekwame wyse die funksie van uitlegger vervul by die bekendmaking van die wil van God. Dus is profesie vandag in die Christelike kerk kwalik iets anders as die regte verstaan van die Skrif en die besondere vermoë om dit te verduidelik, in soverre al die ou profesieë en alle uitsprake van God in Christus en sy

evangelie beslote is. In hierdie sin stel Paulus dit immers, wanneer hy sê: *Ek wens dat julle almal in tale spreek, maar nog liewer dat julle profeteer* (I Kor. 14:5) (en:) *Want ons ken ten dele en ons profeteer ten dele* (I Kor. 13:9). Maar dit lyk nie asof Paulus hier slegs van die merkwaardige genadegawes, waardeur Christus in die begin sy evangelie bekend gemaak het, melding wou maak nie; ons sien eerder dat hy slegs na die gewone genadegawes, wat voortdurend in die kerk lewe, verwys.

En die redenering wat teengewerp word, kom vir my ook nie genoegsaam gegrond voor nie, naamlik dat die apostel dit sonder rede sou gesê het ten aansien van hulle wat deur die Gees van God Christus nie ’n vervloeking kon noem nie. Want hy getuig elders (I Kor. 14:32) dat die gees van die profeet aan die profete onderworpe is; en hy beveel die eerste een wat praat, om te swyg as aan ’n ander, wat daarby sit, ’n openbaring gegee is; en om dieselfde rede kan hy hulle wat in die kerk profeteer, hier vermaan om hulle profesieë in ooreenstemming te bring met die rigsnoer van die geloof, sodat hulle nêrens van die riglyn sal afwyk nie. Met die woord *geloof* dui hy die eerste beginsels van die godsdiens aan, en watter leer ook al daar gevind word wat nie hieraan beantwoord nie, sal as vals veroordeel word.

In die oorblywende gedeeltes is daar minder probleme. Hy wat as bedienaar verorden is, sê hy, moet deur te dien sy amp uitoefen; en hy moet daaraan dink dat hy nie vir homself nie maar vir ander daardie staanplek aanvaar het, asof hy wou gesê het: laat hom sy amp vervul om waarlik te dien, sodat hy aan sy ampstitel mag beantwoord. Net so beveel hy onmiddellik onder vermelding van die leer ’n deeglike onderbou vir die leraars aan, in hierdie sin: Laat hy wat uitblink in die leer, weet dat die doel daarvan is dat die kerk waarlik onderrig word, en laat hom hierdie een saak oordink sodat hy die kerk deur sy lering meer ingelig maak. Want ’n leraar is hy wat die kerk met die Woord van waarheid opbou en onderrig. Laat hy wat in die deug om te vermaan uitblink, hierdie doel voor oë hou sodat hy effektief mag vermaan.

Maar hierdie ampte het onderling ’n groot verwantskap, en ook ’n verbondenheid, tog bly hulle verskillend. Niemand kan immers vermaan sonder die leer nie; en tog is hy wat leer, nie voortdurend begiftig met die gawe om te vermaan nie. Maar niemand profeteer of leer of vermaan sonder om te dien nie. Dit is egter genoegsaam as ons die onderskeid handhaaf wat ons in die gawes van God opmerk, en dat ons sal weet dat dit vir die kerklike orde dienstig is.

8 ... *wie uitdeel, in opregtheid ...* Uit hierdie voorafgaande dele sien ons duidelik dat hier aan ons getoon word wat die regte gebruik van die gawes

van God is. Onder die μεταδιδοῦντᾷ (*gewers*) van wie hy hier praat, verstaan hy nie diegene wat van hul eie goedere uitdeel nie, maar die diakens wat voorgaan in die uitdeling van die publieke aalmoese van die kerk. Onder ἐλεοῦντᾷ (*hulle wat barmhartigheid betoon*) bedoel hy die weduwees en ander dienaars wat, ooreenkomstig die gebruik in die ou kerk, aangestel is vir die versorging van die siekes. Om die noodsaaklikhede aan die armes oor te betaal en om moeite te doen om hulle te versorg is immers twee verskillende funksies. Verder wys hy eenvoudigheid toe aan die eerstes sodat hulle sonder bedrog of aansien van die persoon met getrouheid dit wat aan hulle toevertrou is, sal beheer. Van die ander verwag hy dat hulle hul diens met blymoedigheid sal verrig sodat hulle nie deur hul norsheid (wat maar alte dikwels gebeur) die genade aan hul bediening ontneem nie. Want soos ’n sieke of iemand wat op een of ander manier neergewerp is, geen groter vertroosting put as wanneer hy sien dat harte snel en dadelik tot sy hulp kom nie, net so sal hy dit as ’n belediging opvat as hy droefgeestigheid bemerk op die gelaat van hulle deur wie hy gehelp word.

Προϊσταμένοῦ noem hy tereg hulle aan wie die regering van die kerk opgedra was. Dit was egter die ouderlinge, wat die ander voorgegaan het, hulle regeer het en tug oor hul lewe uitgeoefen het. Tog kan dit wat hy oor hulle sê, algemeen uitgebrei word tot elke soort bestuur. Want geen geringe besorgdheid word vereis van hulle wat vir die veiligheid van almal sorg dra nie, en geen geringe nougesetheid van hulle wat dag en nag moet waak tot die welsyn van almal nie. Tog bewys die omstandighede van daardie tyd dat Paulus nie praat van alle moontlike magsbekleërs nie, aangesien daar toe geen godvrugtige uitvoerende amptenare was nie, maar (hy praat) van die ouderlinge wat die bewakers van die sedes was.

9 LAAT die liefde ongeveins wees; verafsku wat sleg is; hang die goeie aan;
10 wees hartlik teenoor mekaar met broederlike liefde; die een moet die ander voorgaan in eerbetoning;
11 wees nie traag in die ywer nie; wees vurig van gees; dien die Here;
12 verbly julle in die hoop; wees geduldig in die verdrukking; volhard in die gebed.
13 Maak voorsiening in die behoeftes van die heiliges; streef na gasvryheid;

9 Dilectio sit non simulata; sitis aversantes malum, adherentes bono;

10 Fraterna caritate ad vos mutuo amandos propensi, alii alios honore praevenientes;
11 Studio non pigri, spiritu ferventes, tempori servientes;
12 Spe gaudientes, in tribulatione patientes, in oratione perseverantes;

13 Necessitatibus sanctorum communicantes, hospitalitatem sectantes.

9 *Laat die liefde ongeveins wees ...* Noudat hy op die punt staan om te praat oor die besondere verpligtinge, begin hy heel gepas met die liefde, wat die band van volmaaktheid is. Daaroor skryf hy voor wat by uitstek noodsaaklik is, dat dit moet voortkom uit ’n suiwer opregtheid van gees, nadat alle smette uitgewis is. Want dit is moeilik om te sê hoe vernuftig byna alle mense is om liefde te veins wat hulle waarlik nie het nie. Hulle lieg immers nie slegs teenoor ander nie, maar maak ook hulleself wys, wanneer hulle hulself oortuig dat diegene wat hulle nie alleen verwaarloos nie maar ook inderdaad verwerp, nie deur hulleself in ’n slegte gees bemin word nie. Derhalwe verklaar Paulus hier dat daar geen ander liefde is as die liefde wat vry is van alle geveinsdheid nie, en elkeen kan teenoor homself ’n getuie wees of hy niks in die skuilplek van die hart het wat die liefde teenstaan nie. Die woorde *die goeie* en *die slegte* wat dadelik in die sinsverband volg, het geen algemene betekenis nie, maar hy het *die slegte* gebruik in die plek van die boosaardige slegtheid waardeur mense benadeel word; die woord *goeie* gebruik hy vir goedgesindheid, waardeur hulle gehelp word. En hierdie teenstelling is gebruiklik aan die Skrif, wanneer eers die sondes verbied word en daarna die deugde aanbeveel word. Met betrekking tot die deelwoord ἀποστυγοῦντῆ het ek nóg Erasmus nóg die ou vertalers gevolg, wat dit vertaal het met *terwyl hulle ’n afkeer het*; want (na my oordeel) wou Paulus iets meer uitdruk, en die heftigheid in die woord *afwyk* pas beter by die teenoorstaande deel, waar hy nie alleen beveel om weldadigheid te bewys nie, maar ook om dit aan te hang.

10 *Wees hartlik teenoor mekaar met broederlike liefde ...* Met geen woorde kan hy tevrede gestel word in die uiteensetting van die vurigheid van die liefde waarmee ons mekaar moet omhels nie. Hy noem dit immers *broederlik* en die gemoedsbeweging daarvan στοργὴν (*toegeneentheid*) wat by die Latini die wedersydse mededoëndheid tussen verwante is. En sekerlik behoort die liefde wat ons teenoor die kinders van God nastreef, sodanig te wees. En sodat dit die geval mag wees, voeg hy ’n voorskrif toe wat vir die behoud van die welwillendheid in ’n sterk mate noodsaaklik is, naamlik dat elkeen aan sy broeders eer bewys in stede van homself; want daar is geen vergif meer effektief om die gemoedere te vervreem as wanneer iemand dink dat hy verag word nie. Maar as dit tevredenheid gee om onder *eer* allerlei soorte diensbetoning te verstaan, sal ek dit nie sterk teenstaan nie, hoewel die eerste uitleg vir my tog beter voorkom. Want net soos daar niks is wat meer strydig is met die broederlike eensgesindheid as veragting weens hoogmoed nie, terwyl iemand homself verhef ten koste van ander, net so is beskeidenheid die beste lafenis van die liefde, waardeur elkeen die ander in eer hou.

11 *Wees nie traag in die ywer nie ...* Hierdie voorskrif word aan ons gegee, nie alleen omdat die Christelike lewe aktief werksaam behoort te wees nie, maar ook omdat dit dikwels betaam om met verbygaan van wat vir ons nuttig is, ons arbeidskragte aan te wend vir ons broeders, en nie altyd aan die goeies nie maar dikwels aan die onwaardiges en ondankbares. In kort: omdat ons in veelvuldige diensbetoning ons self behoort te vergeet, sal ons vir die diens van Christus nooit waarlik toegerus kan wees as ons nie onsself inspan en daarna streef om ywerig alle traagheid af te skud nie.

Maar dit wat bygevoeg word, naamlik *wees vurig van gees*, druk uit op watter manier ons die eersgenoemde verkry; want ons vlees is net soos ’n esel, altoos traag en het daarom prikkels nodig, en dit is slegs die vurigheid van die gees wat ons traagheid verbeter. Derhalwe vereis die volharding om goed te doen die ywer wat die Gees van God in ons harte ontbrand. Waarom dan, sal iemand sê, spoor Paulus ons tot hierdie ywer aan? Ek antwoord, hoewel dit ’n gawe van God is, hierdie take tog aan die gelowiges opgelê word, sodat hulle die vlam wat van Godsweë aangesteek is, mag koester, nadat hulle die traagheid afgeskud het, net soos wat dit meermaal gebeur dat die aansporing van die Gees deur ons ongeregtigheid uitgedoof word. Dieselfde is van toepassing op die derde voorskrif *dien die tyd*[1]). Want omdat die loop van die lewe kort is, gaan die geleentheid om goed te doen spoedig verby; daarom pas dit ons om met meer ywer ons te haas om ons plig te vervul. So beveel Paulus op ’n ander plek om die tyd uit te koop omdat die dae boos is (Ef. 5:16). Die betekenis kan ook wees: sodat ons sal weet om ons by die tyd aan te pas, wat ’n saak van besondere belang is. Maar vir my lyk dit asof Paulus die dien van die tyd voorgeskryf het in teenstelling tot die ledigheid. Aangesien daar verder in menige ou handskrifte κυρίῳ (*Here*) gelees word, en hoewel dit by die eerste aanblik vreemd kan lyk, waag ek dit tog nie om dit geheel en al te verwerp nie. Indien hierdie lesing die goedkeuring wegdra, twyfel ek nie daaraan of Paulus die dienste wat aan broeders bewys word, en wat ook al dien om die liefde te voed, wou tuisbring onder die diens van God nie, waardeur hy te meer die gemoedere van die gelowiges bemoedig.

12 *Verbly julle in die hoop ...* Hier is drie dinge wat onderling verbind is, en enigsins lyk of dit betrekking het op (die uitdrukking) *dien die tyd*. Want hy wat sy vreugde vind in die hoop op die toekomende lewe en die verdrukkinge geduldig verdra, pas hom die beste aan by die tyd, en gebruik

---

[1)] Die Afrikaanse vertaling wyk soos meermale af van Calvyn se lesing. Dit lees *dien die Here* waar Calvyn *dien die tyd* het. ’n Weinig verder in Calvyn se kommentaar blyk dit dat hy bewus was van die ander lesing wat eindelik in die Afrikaanse vertaling gevolg is. – *die vertaler*

die geleentheid om haastig te loop. Hoe dit ook al mag wees (want dit maak nie veel saak of jy dit saambind of van mekaar skei nie), hy verbied ons eerstens om in die teenwoordige seëninge te berus en ons vreugde te grond op die aardse en die aardse goedere, asof die geluksaligheid daarin geleë sou wees. Hy beveel ons egter om die gedagtes op die hemel te rig, waar ons waaragtige en volkome vreugde sal geniet. Indien ons vreugde geput sal word uit die hoop op die toekomstige lewe, sal daaruit lydsaamheid in teenspoed gebore word, omdat geen gevoel van smart hierdie vreugde sal kan onderdruk nie. Hierdie twee dinge is derhalwe deur ’n onderlinge band aan mekaar verbind, die vreugde uit hoop gebore, en die geduld in teenspoed. En niemand sal immers hom gelate en met ’n rustige gemoed daaraan onderwerp om die kruis te dra nie, as hy nie geleer het om sy geluk buite die wêreld te soek nie, sodat hy deur die vertroosting van die hoop die bitterheid van die kruis sal verminder en versag.

Maar omdat albei hierdie dinge ons kragte verre te bowe gaan, moet ons volhard in die gebed en voortdurend God vra sodat Hy nie toelaat dat ons gemoedere versmelt en ter aarde neergewerp word nie, of dat dit deur teenspoed gebreek word nie. Verder wek Paulus ons nie alleen op tot die gebed nie, maar hy eis uitdruklik die volharding (daarin), omdat daar vir ons ’n voortdurende oorlogstryd is, en verskeie aanvalle daagliks na bowe kom, waarteen selfs die allersterkstes nie opgewasse is om vol te hou nie, tensy hulle dikwels nuwe krag versamel. Die volharding in die gebed is dan die beste heelmiddel, sodat ons nie vermoeid raak nie.

13 *Maak voorsiening in die behoeftes van die heiliges ...* Hy keer nou terug na die liefdesdienste, waarvan die vernaamste is om weldade te bewys aan hulle van wie ons die minste vergoeding verwag. Aangesien dit dus gewoonlik gebeur, dat hulle wat meer as ander deur gebrek gekwel word en hulp nodig het, allermees verag word (omdat die weldade wat aan hulle bewys word, geag word verlore te wees), beveel God hulle besonderlik vir ons aan. Want ons bewys dan waarlik dat ons liefde eg is wanneer ons met geen ander doel as om weldadigheid te beoefen ons behoeftige broeders te hulp kom nie. Die gasvryheid is seker nie die minste vorm van daardie liefde nie, dit wil sê die weldadigheid en vrygewigheid wat teenoor vreemdelinge bewys word omdat hulle van almal die mees hulpelose is, want hulle is ver van hul eie verwyderd; daarom beveel hy dit met name vir ons aan. Ons sien dus dat elkeen, namate hy gewoonlik deur mense verwaarloos word, vir ons ’n voorwerp van groter sorg behoort te wees. Let ook op die toepaslikheid van die uitdrukking, wanneer hy sê dat voorsiening in die behoefte (van die heiliges) gemaak moet word; daarmee gee hy te kenne dat ons die gebrek van ons broeders so behoort te verlig

asof ons onsself te hulp kom. En hy beveel ons om veral die heiliges te hulp te kom; want hoewel ons liefdesbetoning sigself behoort uit te strek tot die hele menslike geslag, moet dit tog met besondere geneentheid die huisgenote van die geloof omhels, wat met ons verenig is deur ’n nouer band.

14 seën die wat julle vervolg, seën en moenie vervloek nie;
15 wees bly met die wat bly is, en ween met die wat ween;
16 wees eensgesind onder mekaar; moenie na hoë dinge streef nie, maar voeg julle by die nederige; moenie eiewys wees nie;

14 Benedicite iis qui vos persequuntur; benedicite et ne malum imprecemini.
15 Gaudete cum gaudentibus, flete cum flentibus;
16 Mutuo alii in alios sensu affecti, non arroganter de vobis sentientes, sed humilibus vos accommodantes, ne sitis apud vos ipsos prudentes.

14 *Seën die wat julle vervolg ...* Ek wil vir eens en altyd die leser gewaarsku laat wees om nie in die afsonderlike voorskrifte alte angsvallig te soek na ’n bepaalde orde nie, maar om tevrede te wees dat hy hier kort verstrooide voorskrifte het, waardeur hy in al die dele van ’n heilige lewe geformeer word; en dit is afgelei uit daardie beginsel wat die apostel aan die begin van die hoofstuk gestel het.

Hy sal weldra voorskryf om geen vergelding te soek vir die veronregtings wat ons aangedoen is nie. Maar hier vereis hy iets moeiliker, naamlik om aan ons vyande geen kwaad toe te wens nie, maar om vir hulle alle voorspoed te begeer, en om dit van God te bid, hoe hulle ons ook al teister en onmenslik behandel. En hoe moeiliker dit is om hierdie sagmoedigheid te betrag, so moet met sterker drang daarna gestreef word. Want die Here beveel niks waarin Hy nie ons gehoorsaamheid eis nie. En geen verontskuldiging mag aanvaar word as ons sonder daardie ingesteldheid is waardeur die Here wou dat ons van die goddelose en die kinders van die wêreld sal verskil nie.

Ek gee toe dat dit ’n harde saak is en geheel en al teen die aard van die mens, maar niks is so hard dat dit nie deur die krag van God oorwin word nie. Hierdie krag sal ons nooit ontbreek as ons ten minste nie nalaat om Hom aan te roep nie. En hoewel jy nouliks een persoon sal vind wat soveel vordering in die wet van God gemaak het, dat hy dit volbring, kan niemand tog homself as kind van God voordoen, of op die Naam van Christen roem, wat nie hierdie gesindheid ten dele aangeneem het en wat nie daagliks die teenoorstaande gesindheid beveg nie.

Ek het gesê dat wanneer iemand leed aangedoen was, dit moeiliker is as om wraak te neem. Want hoewel sommige hulle hand in bedwang hou, en ook nie gedryf word met ’n drif om te benadeel nie, begeer hulle tog dat hul vyande van elders ’n ramp of skade sal oorkom. Maar as hulle ook tot die mate tevrede gestel is dat hulle geen kwaad begeer nie, is daar tog nouliks een uit ’n honderd wat die goeie begeer vir hom van wie hy onreg ervaar het; ja, die beste deel breek brutaal uit in verwensings. God bedwing egter nie alleen die hand deur sy Woord weg van oortredinge nie, maar Hy onderdruk ook die bitter gevoelens in ons gemoedere; en nie alleen dit nie, maar Hy wou ook dat ons besorgd sal wees oor die welsyn van hulle wat hul eie ondergang teweegbring deur ons onregverdig te teister.

Erasmus was mislei in die woord εὐλογεῖν (*om te seën*) omdat hy nie besef het dat dit gestel is teenoor vloeke en vervloekinge nie. Paulus wou immers dat God in beide gevalle ’n getuie sal wees van ons verdraagsaamheid, om nie alleen in ons gebede die opwelling van toorn te beteuel nie, maar om ook deur te bid vir vergifnis te getuig dat ons treur oor die lot van ons vyande wanneer hulle uit eie beweging die verderf ingaan.

15 *Wees bly met die wat bly is ...* In die derde plek word ’n algemene uitspraak gestel dat die gelowiges wat met ’n onderlinge toegeneentheid mekaar omhels, die een die ander se lot moet beskou as gemeenskaplik. In die eerste plek noem hy die dele of voorbeelde daarvan, soos om bly te wees met die wat bly is en te ween met die wat ween. Want so is die karakter van ware liefde, dat enigiemand eerder saam met sy broeder wil ween as om uit ’n afstand in weelde en vreedsaamheid op sy verdriet neer te sien. Derhalwe is die hoofsaak dat ons so veel as moontlik ons teenoor mekaar moet skik, en wat ons lotgeval ook al mag wees, moet elkeen die emosie van ’n ander op homself oordra, hetsy om in teenspoed saam te treur, hetsy om in voorspoed vreugde te hê. En sekerlik is dit nydigheid om nie die geluk van ’n broeder met blydskap te volg nie; en om nie verdrietig te wees as dit met hom sleg gaan nie, is onmenslik. Laat daar dan onder ons meegevoel wees, wat ons by alle gemoedsbeweginge laat aanpas.

16 *Wees eensgesind onder mekaar ...* In die Grieks stel die apostel dit meer beduidend, en meer gepas by die teenstelling. Hy sê: *Terwyl hulle nie hoë dinge bedink nie*. Hiermee bedoel hy dat dit ’n Christenmens nie betaam om selfsugtig te streef na daardie dinge waarmee hy ander te bowe gaan nie, en om nie ’n hoogmoedige gees te voer nie, maar om eerder beskeidenheid en sagmoedigheid te oordink. Want hiermee munt ons voor die aangesig van die Here uit, en nie deur hoogmoed en veragting van ons broeders nie. Hierdie voorskrif word gepas by die voorgaande bygevoeg. Daar is immers niks wat die eenheid, waaroor gepraat is, meer

verskeur nie as wanneer ons ons verhef en streef na iets hoër, sodat ons uitstyg na ’n beter posisie.

Die woord *nederig* aanvaar ek as onsydig, sodat die teenstelling op dié manier volledig mag wees. Hier word dus alle eersugtigheid veroordeel, en die verheffing van gees wat onder die naam van grootmoedigheid sigself voordoen; want die vernaamste deug van die gelowiges is selfbeheersing, of liewer onderworpenheid, wat verkies om eerder eer aan ander te laat toekom as om dit aan hulle te ontneem.

Nou verwant hieraan is dit wat bygevoeg word: want daar is niks wat die gemoedere meer opgeblase maak as die inbeelding van eie wysheid nie. Daarom wil hy dat ons ook na ander sal luister en ag slaan op hul raad, nadat die eiedunk afgelê is. Erasmus vertaal φρονίμοῦ met *aanmatigend*, maar dit is gedwonge en onverskillig, omdat Paulus (tog) dieselfde woord twee keer sonder enige beklemtoning sou herhaal het. En dit is waarlik die geskikste middel om aanmatiging te genees, om nie alte wys in eie oë te wees nie.

17 vergeld niemand kwaad vir kwaad nie; bedink wat goed is voor alle mense;
18 as dit moontlik is, sover as dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense.
19 Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here.

17 Nemini malum pro malo rependentes, providentes bona coram omnibus hominibus.
18 Si fieri potest, quantum est in vobis, cum omnibus hominibus pacem habentes;
19 Non vosmetipsos ulciscentes, dilecti; sed date locum irae; scriptum est enim, Mihi vindictam, et ego rependam, dicit Dominus.

17 *Vergeld niemand kwaad vir kwaad nie ...* Dit verskil byna niks van dit wat later volg nadat ’n weinig ander sake bygevoeg is nie; maar wraak is iets meer as hierdie soort terugbetaling waaroor hy nou handel. Want ons vergeld soms kwaad vir kwaad, ook wanneer ons nie weerwraak vir onreg eis nie; soos wanneer ons hulle wat aan ons nie goed gedoen het nie, met ’n gevoel van wrewel aanvaar. Want ons is gewoond om ag te slaan op die verdienstes van iemand teenoor ons, of dan op iemand met die vermoë om by ons verdienste te verwerf, sodat ons ons dienste mag bewys aan hulle teenoor wie ons reeds onder verpligting is, of van wie ons enigiets te wagte is. As iemand weer sy hulp aan ons weerhou, wanneer ons dit nodig het, betaal ons hom (soos hulle sê) in gelyke munt, en help hom nie meer as wat ons deur hom gehelp is nie. Daar is ook ander soortgelyke voorbeelde waarin kwaad vir kwaad vergeld word sonder openlike wraakneming.

... *bedink wat goed is voor alle mense* ... Ek keur nie dit wat Erasmus vertaal het af nie, naamlik *met voorsorg berei*, maar dit is tog verkieslik om dit woord vir woord weer te gee. Omdat elkeen meer as wat behoorlik is, gefokus is op sy eie belange, of voorsiening maak om skade te vermy, lyk dit asof Paulus ’n ander soort sorg en oplettendheid vereis. Die hoofsaak is dat ywerig moeite gedoen moet word sodat almal deur ons opregtheid gestig word. Want soos die onskuld van die gewete vir ons voor die aangesig van God noodsaaklik is, so is ook die ongeskondenheid van die goeie naam by mense iets wat nie versmaai moet word nie. Want as God in ons goeie werke geroem moet word, word sy eer in dieselfde mate verminder wanneer die mense niks in ons bemerk wat lof verdien nie. En nie alleen die eer van God word verduister nie, maar Hy word ook met skande gebrandmerk; want wat ons ook al sondig, die onkundiges wend dit aan om die evangelie te smaad.

Maar wanneer ons origens beveel word om goeie dinge voor die mense te berei, moet terselfdertyd gelet word op die doel daarvan. Die doel is immers nie dat hulle ons sal hoog ag en met lof belaai nie, want Christus verbied ons hierdie begeerte nadruklik wanneer Hy ons beveel om, met uitsluiting van alle mense, God alleen as getuie van ons weldade toe te laat. Maar (die doel is) dat hulle, nadat hulle hul gedagtes tot God verhef het, die eer aan Hom sal toebring sodat hulle deur ons voorbeeld tot die strewe na geregtigheid aangewakker word; in een woord, sodat hulle die goeie en aangename geur uit ons lewe mag bemerk waarmee hulle aangespoor word tot liefde teenoor God. Maar as ons vanweë die Naam van Christus kwaad (oor ons) hoor, moet ons nie ophou om onder die mense goeie dinge te voorsien nie; maar dan word daardie woord vervul dat ons vir leuenagtig gehou word, en tog waaragtig is, ens., (II Kor. 6:8).

18 *As dit moontlik is, sover as dit van julle afhang* ... Vreedsaamheid en ’n lewenswyse wat so ingerig is dat dit ons by almal geliefd maak, is nie ’n alledaagse gawe van die Christelike mens nie. As ons daarna wil strewe, moet ons nie alleen met die hoogste mate van billikheid toegerus wees nie, maar ook met die hoogste mate van tegemoetkomendheid en vriendelikheid, wat nie alleen billike en goeie mense sal versoen nie, maar ook die gemoedere van die goddelose sal aanraak.

Hier moet egter tweërlei waarskuwings toegepas word: Ons moet nie so daarna streef om in aansien te wees dat ons, wanneer dit nodig is, nie bereid is om vir Christus die haat van welke mense ook al te ondergaan nie. En inderdaad is daar sommige mense te sien wat weens ’n aangenaamheid van optrede en ’n rustigheid van gemoed by almal geliefd is, maar tog ter wille van die evangelie erg gehaat is by diegene wat die

heel naaste aan hulle is. Die tweede waarskuwing is: die vriendelikheid mag nie in inskiklikheid ontaard nie, sodat ons in die ywer om die vrede te bewaar, die gebreke van mense vlei. Aangesien dit nie altyd verkry kan word nie, sodat daar vir ons vrede met almal is, voeg hy by wyse van uitsondering twee sinsnedes by, naamlik *as dit moontlik is* en *sover as dit van julle afhang*. Maar dit sal deur ons beoordeel moet word ooreenkomstig die plig wat ons het uit vroomheid en liefde, sodat ons die vrede nie geweld aandoen nie, behalwe as ons daartoe gedwing word deur een van beide. Want so is dit betaamlik om in die ywer om die vrede te koester, baie dinge te verdra, sondes te vergewe en in vriendelikheid die uiterste gestrengheid van die reg kwyt te skeld, sodat ons, so dikwels as wat noodsaaklikheid dit vereis, moedig sal wees om met vuur die stryd te voer. Want dit kan ook nie gebeur dat daar vir die stryders van Christus ewige vrede met die wêreld, waarvan Satan die owerste is, sal wees nie.

19 *Moenie julle wreek nie, geliefdes ...* Die kwaad wat hy hier bestraf, is – soos ons gewaarsku het – ernstiger as dit waaraan hy sopas hierbo herinner het. Sowel die een as die ander spruit voort uit dieselfde bron, naamlik uit oormatige liefde vir onsself en uit ingebore hoogmoed, wat veroorsaak dat ons welwillend toegeeflik is teenoor ons eie gebreke, maar onverbiddelik teenoor dié van ander. Aangesien hierdie siekte dus in byna alle mense ’n rasende begeerte verwek om wraak te neem wanneer hulle selfs in ’n geringe mate aangeraak is, skryf hy hier voor dat ons, hoe ernstig ons ook al verontreg mag wees, nie die wraak op onsself neem nie, maar dit aan die Here oorlaat. En omdat hulle, wat eenmaal vasgegryp is deur hierdie onbeheerste aandoening, nie maklik toelaat dat hulle beteuel word nie, lê hy deur hierdie vriendelike benaming as ’t ware die hand op ons om ons teen te hou, wanneer hy ons as *geliefdes* aanspreek. Dit is derhalwe die voorskrif: Ons moet nie wraak neem teen gedane onreg of begeer om wraak te neem nie. ’n Rede word bygevoeg, naamlik dat plek gegee moet word vir die toorn. Maar om plek te gee vir die toorn, beteken om die bevoegdheid om te oordeel aan die Here oor te laat, wat hulle, wat tot wraak oorgaan, Hom ontroof. Daarom, as dit verkeerd is om die amp van God aan te matig, is dit ook nie geoorloof om wraak te neem nie, want so loop ons die oordeel van God vooruit, wat hierdie taak vir Homself wil voorbehou. Terselfdertyd gee hy te kenne dat hulle wat geduldig op God se hulp wag, Hom as wreker sal hê, en dat hulle wat die wraak vooruitloop, geen plek laat vir God se bystand nie.

Verder verbied hy hier nie alleen ons om met ons eie hand self wraak te neem nie, maar ook dat ons hart sal neig na ’n begeerte van dié aard. Derhalwe is dit oorbodig om hier te onderskei tussen openbare en private wraakneming. Want hy wat met ’n kwaadwillige gemoed en ’n begeerte om

wraak te neem, die hulp van ’n owerheidspersoon inroep, het geen beter verontskuldiging as hy wat by homself middele bedink om wraak te neem nie. Ja, daar moet selfs nie gedurig wraak van God begeer word nie, soos ons weldra sal sien; want as ons begeertes uit persoonlike gemoedsaandoening voortkom, en nie uit suiwer ywer van die Gees nie, maak ons nie soseer God tot ons Regter nie as wat ons Hom tot dienskneg maak van ons verdorwe begeertes. Dus word daar aan die toorn slegs dan plek gegee as ons met ’n rustige gemoed die gunstige tyd van verlossing afwag; terwyl ons intussen wens dat hulle wat nou vir ons tot oorlas is, deur berou te betoon, ons vriende word.

... *want daar is geskrywe ...* Die bewys wat hy aanvoer, is geneem uit die lied van Moses (Deut. 32:35) waar die Here verklaar dat Hy Hom sal wreek op sy vyande. Maar die vyande van God is elkeen wat sy diensknegte sonder rede uiteendryf. Wie jou aanraak, sê Hy, raak my oogappel aan. Laat ons derhalwe tevrede wees met hierdie troos, dat hulle wat vir ons onverdiend ’n oorlas is, nie ongestraf sal wegkom nie, en dat ons, deur geduld te beoefen, onsself nie nog meer aan die onreg van die bose sal onderworpe of blootgestel maak nie, maar eerder aan die Here, wat ons enigste borg en bevryder is, plek sal gee om ons tot hulp te wees. Dit is weliswaar nie geoorloofd om van God wraak te bid oor ons vyande nie, maar daar moet gebid word dat hulle bekeer word, waardeur hulle vriende gemaak word. Maar as hulle in hul goddeloosheid volhard, sal dieselfde met hulle gebeur as met die ander veragters van God. En Paulus haal hierdie getuienis inderdaad nie aan asof dit toelaatbaar is om as ’t ware na ondergane onreg dadelik in toorn te ontvlam nie, en om volgens die aandrif van die vlees deur ons gebede te verlang dat God die wreker van ons onreg sal wees nie. Maar in die eerste plek leer hy dat om wraak uit te oefen ons nie toekom nie, tensy ons die ampte van God vir onsself wil aanmatig. Vervolgens dui hy aan dat daar nie gevrees moet word dat die goddelose nog hewiger sal uitbars as hulle sien dat ons dit met geduld verdra nie, omdat God nie tevergeefs die amp van wreker op Hom neem nie.

20 As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop.

20 Itaque si esurit inimicus tuus, pasce illum; si sitit, potum da illi; hoc enim faciens carbones ignis congeres in caput ipsius.

21 Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.

21 Ne vincaris a malo, sed vincas bono malum.

20 *As jou vyand dan honger het ...* Hy toon nou aan ons hoe die voorskrifte om nie wraak te neem en kwaad te vergeld nie, waarlik in werking gestel moet word, naamlik as ons nie alleen ons weerhou van die doen van onreg nie, maar ook aan hulle goed doen, wat aan ons onreg gedoen het; want dit is ’n vorm van sydelingse vergelding wanneer ons van hulle wat ons leed aangedoen het, ’n weldaad afwend. Verstaan onder die woorde *voedsel* en *drank* alle soorte diensbetoninge. Sover as wat dit dus in jou vermoë is, behoort jy jou vyand tot bystand te wees in watter saak hy ook al óf jou ondersteuning óf jou raad óf jou dienste nodig het. Hy noem vervolgens nie hom ’n vyand vir wie ons met haat bejeën nie, maar hom wat teenoor ons vyandig gesind is. Maar as hulle na die vlees gehelp moet word, moet hulle saligheid veel minder deur vyandiggesinde smekinge teengestaan word.

... *want sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop ...* Aangesien ons nie graag moeite en inspanning wil vermors nie, toon hy aan watter vrugte daaruit volg wanneer ons die pligte van menslikheid teenoor ons vyande vervul. Maar sommige lê *kole* uit as *die verderf* wat op die hoof van die vyand teruggebring word, as ons ’n onwaardige persoon met weldade begunstig en ons teenoor hom anders gedra as wat hy van ons verdien; want op hierdie manier word sy skuld verdubbel. Vir ander is dit verkieslik om dit te verstaan dat sy gemoed beweeg word om ons wederkerig lief te hê wanneer hy sien dat hy met welwillendheid behandel word. Ek aanvaar ’n eenvoudiger standpunt, naamlik dat sy gedagte na een of ander kant ontmoedig sal word. Want die vyand word sekerlik deur die weldade óf vermurwe óf as hy so met hardvogtigheid vervul is dat niks hom in toom hou nie, sal hy tog aangevuur en geskroei word deur die getuienis van sy gewete, wat sal aanvoel dat hy deur ons weldadigheid oorweldig is.

21 *Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie ...* Dit lyk asof hierdie uitspraak in die plek van ’n bevestiging gestel is. Want ons het hier in elke opsig ’n stryd met die boosheid. As ons probeer om dit te vergeld, erken ons dat ons daardeur oorwin is; as ons daarenteen goed vir kwaad vergeld, toon ons daarmee die onoorwinlike standvastigheid van ons gemoed. En vir seker is dit ’n allermooiste soort van oorwinning, waarvan die vrugte nie alleen deur die begrip van die verstand nie maar ook uit die saak self waargeneem word, deurdat die Here hul geduld met sukses bekroon, sodat hulle selfs niks beter kon verwag nie. Hy wat daarenteen soek om die kwaad deur kwaad te oorwin, sal miskien sy vyand in boosaardigheid oortref, maar tot sy eie ondergang, want om so te handel voer hy stryd vir die duiwel.

HOOFSTUK 13

1 LAAT elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel,
2 sodat hy wat hom teen die mag versit, die instelling van God weerstaan; en die wat dit weerstaan, sal hulle oordeel ontvang.

1 Omnis anima potestatibus supereminentibus subdita sit: non enim est potestas, nisi a Deo; quae vero sunt potestates a Deo ordinatae.
2 Itaque qui resistit potestati, Dei ordinationi resistit; qui vero restiterint judicium sibi accersent.

1 *Laat elke mens hom onderwerp ...* Dat hy op hierdie plek so sorgvuldig handel oor die instelling van die Christelike lewe, gee blyke daarvan dat hy daartoe gedwing is deur groot noodsaaklikheid, wat besonderlik in daardie eeu kon voorkom, hoewel die verkondiging van die evangelie dit voortdurend met sig meebring. Want daar is altyd oproerige geeste wat dink dat die koninkryk van Christus nie behoorlik opgerig kan word as alle aardse magte nie afgeskaf word nie, en dat hulle die vryheid wat deur Hom gegee is nie kan geniet as hulle nie elke juk van menslike diensbaarheid afgeskud het nie. Tog het hierdie dwaling bowe ander die Jode beklem. Vir hulle het dit onwaardig voorgekom dat die nageslag van Abraham, wie se ryk voor die koms van die Verlosser by uitstek bloeiend was, noudat die Verlosser reeds geopenbaar is, in diensbaarheid sal bly. Daar was ook iets anders wat die Jode nie minder as die heidene van hul owerhede vervreem het nie; hulle het nie alleen almal ’n afsku aan vroomheid gehad nie, maar hulle het die godsdiens met die mees vyandige gesindheid vervolg. Derhalwe het dit vir hulle ongerymd voorgekom om diegene as wettige here en leiers te erken, wat Christus, as die enigste Heer van die hemel en die aarde, sy koninkryk probeer ontneem.

Hierdie redes het Paulus waarskynlik daartoe gelei om met groter sorg die mag van die owerheidspersone te bevestig. En hy stel ten eerste ’n algemene voorskrif, waarmee hy in kort saamvat wat hy nog sal sê; en vervolgens voeg hy die dinge by wat tot die verduideliking en bevestiging van die voorskrif bydra.

Magte wat oor hom gestel is noem hy nie die allerhoogstes, wat die hoogste gesag beklee nie, maar (bloot) hulle wat bo ander mense uitstyg. Die owerheidspersone word derhalwe so genoem, ten opsigte van die onderdane, en nie by wyse van onderlinge vergelyking nie. En dit lyk vir my stellig asof die apostel met hierdie woord die nuttelose nuuskierigheid van mense wou beëindig, wat dikwels gewoond is om navraag te doen met watter reg hulle wat die mag besit, hul gesag verkry het. Maar dit behoort

vir ons voldoende te wees dat hulle wel regeer; want hulle het nie self uit eie krag tot hierdie hoogte gestyg nie, maar dit is hulle opgelê deur die hand van die Here. Wanneer hy egter *elke mens* vermeld, neem hy daardeur elke uitsondering weg, sodat iemand nie vrystelling van die algemene onderwerping kan verkry nie.

... *want daar is geen mag behalwe van God nie ...* Die rede waarom ons aan die owerheidspersone[1]) onderworpe behoort te wees, is omdat hulle kragtens ’n ordinansie van God ingestel is; as dit dan die Here behaag het om die wêreld so te regeer, verag elkeen wat die orde van God probeer omkeer en so God self weerstaan, sy gesag; want om die voorsienigheid van Hom wat die begronder van die staatkundige reg is, te verag, beteken om die stryd met Hom op te neem. Verstaan verder, dat maghebbers van God is, maar nie in dieselfde sin as ’n pestilense en ’n hongersnood en ’n oorlog en ander strafbesoekinge van die sonde wat gesê word dat dit van Hom afkomstig is. Hy het egter die owerheid ingestel het om die wêreld wettiglik en reg te bestuur. Hoewel tirannieë en onverantwoordelike magte van ongeregtigheid, wat tog vol is van ἀταξίᾳ (*wanorde*), nie ’n kenmerk is van geordende regering nie, is die reg van heerskappy deur God verordineer tot heil van die menslike geslag. Omdat dit geoorloof is om oorloë af te weer en om heelmiddels te soek vir ander skadelike dinge, beveel die apostel dat die reg en gesag van owerheidspersone, wat nuttig is vir die menslike geslag, uit eie beweging en vrywillig deur ons aanvaar en in stand gehou moet word. Want die strawwe wat God vir die sondes van mense oplê, sal ons nie na regte ordeninge kan noem nie, maar wel die middele wat Hy opsetlik ingestel het om die wetlike orde in stand te hou.

2 *Sodat hy wat hom teen die mag versit ...* Omdat niemand God kan weerstaan behalwe tot sy eie verderf nie, dreig hy dat hulle wat op hierdie punt die voorsienigheid van God teenstaan, nie ongestraf sal bly nie. Laat ons derhalwe gewaarsku wees, sodat ons ons nie hierdie bedreiging op die hals haal nie. En onder *oordeel* verstaan ek inderdaad nie net die straf wat deur ’n owerheidspersoon opgelê word nie, asof hy slegs wou gesê het dat hulle wat teen die gesag in opstand kom, tereg gestraf word; maar (ek verstaan daaronder ook) elke wraakneming van God, op watter manier dit ook al uitgevoer word. Hy leer immers in die algemeen watter soort einde daar op hulle wag wat ’n stryd met God aanknoop.

---

1) Calvyn gebruik die woord *magistratus* wat enige persone wat met wetgewende, uitvoerende of regsprekende gesag beklee is, aandui. In Engels kan dit wel met *magistrates* en in Nederlands met *magistraten* vertaal word, maar in Afrikaans word met *magistrate* slegs regsprekende amptenare bedoel wat jurisdiksie in die laer howe het. – *die vertaler*

3 Want die owerhede is geen voorwerp van vrees by die goeie dade nie, maar by die slegte. Maar wil jy die mag nie vrees nie, doen wat goed is, en jy sal lof van hom ontvang;
4 want hy is ’n dienaar van God jou ten goede. Maar as jy kwaad doen, vrees dan; want hy dra die swaard nie verniet nie, want hy is ’n dienaar van God, ’n wreker om die een wat kwaad doen te straf.

3 Pricipes enim non sunt terrori bonis operibus sed malis; vis ergo non timere potestatem? Bene fac, et habebis laudem ab ea;

4 Dei enim minister est tibi in bonum; si vero quid mali feceris, time; non enim frustra gladium gerit; Dei enim minister est, vindex in iram adversus eos qui male agunt.

3 *Want die owerhede is geen voorwerp van vrees ...* Nou beveel hy aan ons ook gehoorsaamheid teenoor die owerheid aan, en wel op grond van nuttigheid. Die redegewende voegwoord γὰρ (*want*) moet dus verwys word na die eerste uitspraak, en nie na die volgende sin nie. Die nuttigheid bestaan vervolgens hierin dat die Here op hierdie manier wil voorsien vir die rus van die goeies en die eiesinnigheid van die goddelose in toom wil hou; in albei hierdie dinge word die veiligheid van die menslike geslag vervat. Want as die woede van die bose nie teengestaan word nie, en die onskuldiges nie teen hul wellus beskerm word nie, sal alles terstond ten gronde gaan. As dit dan die enigste redmiddel is, waardeur die menslike geslag van ondergang bewaar kan word, behoort dit deur ons met nougesetheid in stand gehou te word, as ons ons self nie tot openbare vyande van die menslike geslag wil verklaar nie.

Maar met dit wat hy byvoeg – *Maar wil jy die mag nie vrees nie, doen wat goed is* – gee hy te kenne dat daar geen rede is waarom ons die owerheid sal vrees nie, as ons inderdaad goed is. Ja, dat dit ’n stilswyende getuienis is van ’n slegte gewete en van een wat iets verdorwe bedink as iemand hierdie juk wil afskud en van hom wil afwerp. Verder word hier gepraat oor die ware en as ’t ware oorspronklike amp van die owerheid, waarvan hulle wat die gesagsposisies beklee, nie selde verdorwe geraak het nie. Nietemin moet die gehoorsaamheid wat aan die owerhede verskuldig is, betoon word. Want as ’n slegte heerser die gesel is om die oortredinge van die volk van die Here te straf, moet ons bedink dat dit deur ons sonde gebeur dat die uitnemende seën van God vir ons in ’n vervloeking verander word.

Laat ons derhalwe nie ophou om die goeie ordening van God te eerbiedig nie, wat maklik sal wees om te doen as ons wat ook al sleg daarin is, aan onsself toeskryf. Hy leer dus hier met watter doel die owerheidspersone deur die Here ingestel is, waarvan die vrugte altyd te voorskyn sal kom as

so ’n voortreflike en heilsame instelling nie deur ons skuld bedorwe raak nie. En tog, as hulle die goeies en onskuldiges teister, misbruik heersers nooit hul gesag in so ’n mate dat hulle nie in hul tirannie een of ander beeld van regverdige heerskappy behou nie; want daar kan geen tirannie bestaan wat nie in een of ander opsig tot hulpverlening van die instandhouding van die gemeenskap van mense is nie. Hy het ook hier die twee dinge aangedui waarin ook die filosowe aangevoel het dat ’n ordelike administrasie van die staatsbestuur na behore kan bestaan, naamlik die beloning van die goeie en die bestraffing van die misdadigers. Die woord *lof* het hier ooreenkomstig die Hebreeuse gebruik ’n ruim betekenis.

4 *Want hy is ’n dienaar van God jou ten goede ...* Hieruit kan ook die owerheidspersone leer wat hulle roeping is. Want hulle regeer nie ter wille van hulself nie maar ter wille van die openbare welsyn. En hulle is nie beklee met onbeperkte mag nie, maar met mag wat beperk is tot die heil van die onderdane. In kort, in hul owerheidsgesag het hulle verpligtinge teenoor God en die mense. Want omdat hulle deur God aangestel is, en sy sake behartig, sal hulle aan Hom rekenskap moet gee. Verder het die diens wat God van hulle vereis het, betrekking op die onderdane; daarom is hulle skuldenare teenoor die onderdane. Die privaat persone word egter gewaarsku dat dit te danke is aan God se welwillendheid dat hulle deur die swaard van die heersers teen die onregspleginge van misdadigers beskerm word.

... *want hy dra die swaard nie verniet nie ...* Hier is die ander deel van die taak van owerheidspersone wat verplig is om die brutaliteit van die boses, wat nie uit hul eie gewillig is om deur wette regeer te word nie, met geweld te onderdruk, en die strawwe op te lê wat die oordeel van God vereis. Hy verklaar immers uitdruklik dat hulle met die swaard gewapen is, nie slegs as ’n ydel teken nie, maar om kwaaddoeners neer te slaan.

’n Wreker om die een wat kwaad doen te straf het vervolgens dieselfde betekenis asof daar gesê is dat hy die skerpregter van die wraak van God is. Maar dit bewys hy deur die gebruik van die swaard, wat die Here aan hulle in die hand gegee het. Dit is ’n noemenswaardige vers om die reg van die swaard te bewys; want as die Here die owerheid bewapen het met die swaard, het Hy ook die gebruik daarvan gelas, en hulle gehoorsaam dan sy bevele en oefen die wraak van God uit, so dikwels as wat hulle skuldiges met die doodstraf vergeld. Daarom voer hulle, wat dink dat dit ongeoorloof is om die bloed van misdadige mense te vergiet, ’n stryd teen God.

5 Daarom is dit noodsaaklik om jou te onderwerp, nie alleen ter wille van die straf nie, maar ter wille van die gewete.

5 Itaque necesse est subjici, non modo propter iram, sed etiam propter conscientiam.

6 Want daarom betaal julle ook belastings; want hulle is dienaars van God wat juis hiermee voortdurend besig is.
7 Betaal dan aan almal wat aan hulle verskuldig is; belasting aan die wat belasting, tol aan die wat tol, vrees aan die wat vrees, eer aan die wat eer toekom.

6 Propterea enim tributa quoque solvitis; ministri enim Dei sunt, in hoc incumbentes.

7 Reddite ergo omnibus quod debitur; cui tributum, tributum; cui vestigal, vestigal; cui timorem timorem; cui honorem, honorem.

5 *Daarom is dit noodsaaklik om jou te onderwerp ...* Dit wat hy in die begin voorgeskryf het aangaande die gehoorsaamheid wat aan owerheidspersone verskuldig is, herhaal hy nou by wyse van samevatting, maar met ’n byvoeging, dat hulle gehoorsaam moet word, nie slegs op grond van menslike noodsaaklikheid nie, maar sodat ons God gehoorsaam. *Wraak* het hy immers gebruik vir straf, wat die owerheidspersone kan oplê weens die veragting van hulle waardigheid, asof hy sou gesê het: dat nie gehoorsaam moet word omdat dit nie moontlik is om die magtiges en gewapendes straffeloos te weerstaan nie, net soos onregspleginge, wat nie afgeweer kan word nie, gewoonlik verdra word, maar dat hierdie onderwerping, waartoe die gewete deur die Woord van God verbind word, vrywillig aanvaar moet word. Trouens ook as die owerheidspersone ontwapen is, sodat hulle ongestraf getart en geminag kan word, moet dit net so min probeer word as wanneer ons aanvoel dat die straf onmiddellik op hande is. Want dit is ’n privaat persoon nie vergun om hom, wat die Here met gesag oor ons beklee het, van die regeermag te ontneem nie. Hierdie hele redenering handel egter oor die staatkundige regering. Derhalwe probeer hulle, wat heerskappy uitoefen oor die gewetens, tevergeefs om hieruit hul goddelose tirannie te begrond.

6 *Want daarom betaal julle ook belastings ...* Hy maak van die geleentheid gebruik om melding te maak van die belastings, waarvan hy die bestaansreg aflei uit die amp self van owerheidspersone. Want as dit hulle taak is om die rus van die goeies te beskerm en ongeskonde te bewaar, en om die misdadige pogings van die goddelose teen te staan, kan hulle dit nie doen nie, as hulle nie ondersteun word deur mag en stewige vestingwerke nie. Daarom word belastings tereg betaal om so hierdie noodsaaklikhede in stand te hou. Verder is dit nie gepas om op hierdie plek breedvoeriger uit te wei oor die manier om tol en belastings te in nie. En dit kom ons nie toe om aan die heersers voor te skryf hoeveel hulle vir afsonderlike sake sal hef nie, of om rekenskap van hulle te eis nie. Tog is dit betaamlik dat hulle daaraan dink, dat alles wat hulle van die volk verkry, soveel as openbare goed is, en dat dit nie ’n middel vir persoonlike bevrediging en luukse is nie. Ons sien immers tot watter gebruik Paulus die

belastings wat betaal word, bestem, naamlik dat die konings toegerus sal wees met vestingwerke om hul onderdane te verdedig.

7 *Betaal dan aan almal wat aan hulle verskuldig is ...* Dit wil my voorkom asof die apostel hier kortliks wil saamvat waarin die pligte van die onderdane teenoor die owerheidspersone bestaan, naamlik dat hulle dit na waarde skat en in ere hou, sodat hulle gehoorsaam mag wees aan hul bevele, wette en oordele en dat hulle die belastings en tolgelde sal betaal. Met die woord *vrees* het hy gehoorsaamheid aangedui; met tolgelde en belastings nie alleen aksynsbelasting en ander aanslae nie, maar ook ander inkomste.

Hierdie vers bevestig egter wat hy voorheen gesê het, dat konings en alle ander heersers gehoorsaam moet word, nie omdat ons gedwing word nie, maar omdat gehoorsaamheid vir God behaaglik is. Want Hy wil dat hulle nie alleen gevrees word nie, maar dat hulle ook deur vrywillige eerbied gedien sal word.

8 Wees aan niemand iets skuldig nie, behalwe om mekaar lief te hê; want hy wat ’n ander liefhet, het die wet vervul.
9 Want dit: Jy mag nie egbreek nie, jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie steel nie, jy mag geen valse getuienis gee nie, jy mag nie begeer nie, en watter ander gebod ook al, word in hierdie woord saamgevat: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.
10 Die liefde doen die naaste geen kwaad nie; daarom is die liefde die vervulling van die wet.

8 Nemini quicquam debeatis, nisi ut invicem diligatis; qui enim diligit alterum Legem implevit.
9 Illud enim, Non moechaberis,Non occides, Non falsum testamonium dices, Non concupisces, et si quod est aliud praeceptum, in hoc sermone comprehenditur, Diliges proximum sicut teipsum.

10 Dilectio proximo malum non infert: plenitudo ergo legis est dilectio.

8 *Wees aan niemand iets skuldig nie ...* Daar is sommige wat dink dat dit nie sonder ironie gesê is nie, asof Paulus sou geantwoord het op die beswaar van hulle wat aanvoer dat Christene ’n las opgelê word, omdat aan hulle ander voorskrifte as dié van die liefde opgelê word. Ek ontken sekerlik nie dat dit ironies opgevat kan word nie, sodat hy aan hulle wat geen ander wet as dié van die liefde erken nie, hul eis toegee, maar in ’n ander sin. Ek verkies om dit eenvoudig op te vat, aangesien ek dink dat Paulus hierdie voorskrif aangaande die mag van owerheidspersone wou betrek op die wet van die liefde, sodat dit nie vir iemand swak sal voorkom nie, asof hy wou gesê het: Wanneer ek van julle eis om die heersers te gehoorsaam, vra ek niks anders as dit wat alle gelowiges kragtens die wet

van die liefde behoort te volvoer nie. Want as julle wil hê dat dit met die goeies goed gaan (en om dit nie te wens nie, is onmenslik), moet julle daarvoor ywer, sodat die wette en die oordele van krag mag wees, en dat die uitvoerders van die wette ’n gehoorsame volk mag hê wie se diens vir almal vrede verseker. As iemand dus ἀναρχία (*anargie*) invoer, skend hy die liefde, wat dadelik ’n verwarring van alle sake tot gevolg het.

... *want hy wat ’n ander liefhet, het die wet vervul ...* Die bedoeling van Paulus is om al die gebooie van die wet tot die liefde terug te voer, sodat ons mag weet dat ons dan op die regte manier die gebooie gehoorsaam wanneer ons die liefde koester, en sodat ons ons nie onttrek aan die dra van enige las wat tot die bewaring van die liefde dien nie. So bevestig hy op die beste manier dit wat hy voorgeskryf het aangaande die gehoorsaamheid wat aan owerheidspersone betoon moet word, en waarin nie die minste deel geleë is in die liefde nie.

Verder is daar sommige wat hier belemmer word en nie hulself bevredigend uit hierdie moeilikheid kan wikkel nie, naamlik dat Paulus leer dat die wet vervul is as ons ons naaste liefhet, aangesien daar op dié manier geen melding gemaak word van die diens van God nie, wat geensins betaamlik was om weggelaat te word nie. Paulus het egter nie die hele wet voor oë nie; hy praat alleen oor die pligte wat met betrekking tot ons naaste deur die wet van ons geëis word. Maar dit is sekerlik waar dat die hele wet vervul word wanneer ons ons naaste liefhet, omdat die ware liefde teenoor mense nie anders as uit die liefde tot God voortvloei nie, en daarvan ’n getuienis en so ook ’n gevolg is. Verder herinner Paulus hier alleen aan die tweede tafel, omdat die vraagstuk alleen daaroor gegaan het, asof hy sou gesê het: Hy wat sy naaste liefhet soos homself, het hom van sy plig teenoor die hele wêreld gekwyt. Kinderagtig is dan die leë poging van die sofiste wat uit hierdie uitspraak ’n regverdiging van die werke probeer aflei. Want Paulus verklaar nie wat mense doen of nie doen nie, maar hy praat veronderstellenderwys oor dit wat jy nêrens vervuld sal vind nie. Maar wanneer ons sê dat mense nie deur die werke geregverdig word nie, ontken ons nie dat die onderhouding van die wet die ware geregtigheid is nie; maar omdat niemand dit volvoer nie, en dit nooit sal volvoer nie, sê ons dat almal daarvan uitgesluit is, en dat daarom die enigste uitvlug in die genade van Christus geleë is.

9 *Want dit: Jy mag nie egbreek nie ...* Hieruit kan nie afgelei word watter gebooie in die tweede tafel vervat word nie, omdat hy ook teen die einde byvoeg *en watter ander gebod ook al*. Hy het immers die gebod om die ouers te eer weggelaat; tog kan dit ongerymd voorkom dat die gebod wat by uitstek op die saak betrekking het, verbygegaan is. Maar wat as hy dit

verswyg het om nie sy redenering te verduister nie? Maar hoewel ek nie waag om dit te bevestig nie, sien ek hier tog niks wat ontbreek aan dit wat hy bedoel het nie, naamlik dat as God deur al sy gebooie niks anders wou hê as dat dit ons tot liefde sal opvoed nie, ons ons op alle maniere daarop moet toelê. En tog sal die leser, wat nie tot teenspraak geneig is nie, geredelik erken dat Paulus uit gelyksoortige dinge wou bewys dat die hele wet hierop gerig is, dat wedersydse liefde onder ons gekoester word, en dat dit wat hy stilswyend weggelaat het, hierin beluister moet word, naamlik dat gehoorsaamheid aan die owerheidspersone nie die geringste saak is wat bydra om die vrede te bevorder en die broederlike liefde te bewaar nie.

10 *Die liefde doen die naaste geen kwaad nie ...* Uit die vrug toon hy aan dat wat deur al die gebooie geleer word, onder die liefde saamgevat word. Want hy wat met ware liefde begiftig is, sal nooit in sy gedagte daartoe kom om broeders te benadeel nie. Wat verbied die hele wet anders as dat ons ons naaste enige skade sal berokken? Vervolgens betaam dit om toegepas te word op die huidige onderwerp; want omdat die owerheidspersone die bewakers is van die vrede en die billikheid, sal hy wat begeer dat die reg van elkeen veilig sal wees en dat almal vry van onreg mag lewe, die instelling van owerheidspersone, sover hy kan, verdedig. Maar die vyande van die staat vertoon ’n wellus om skade aan te rig. Dit wat hy egter herhaal, naamlik dat die liefde die vervulling van die wet is, verstaan dit (soos vroeër) aangaande daardie deel van die wet wat betrekking het op die gemeenskap van mense. Die eerste tafel van die wet, wat handel oor die diens van God, word hier immers geensins aangeraak nie.

11 En dit te meer, omdat ons die tydsomstandighede ken, dat die uur vir ons reeds daar is om uit die slaap wakker te word; want die saligheid is nou nader by ons as toe ons gelowig geword het.

11 Hoc enim, quum noverimus tempus, quia hora est qua jam e somno expergiscamur (nunc enim propior est salus nostra quam quum credimus,)

12 Die nag het ver gevorder en dit is amper dag. Laat ons dan die werke van die duisternis aflê en die wapens van die lig aangord.

12 Nox progressa est, dies vero appropinquavit: abjiciamus ergo opera tenebrarum, et induamus arma lucis.

13 Laat ons welvoeglik wandel soos in die dag, nie in brassery en dronkenskap, nie in ontug en ongebondenheid, nie in twis en nydigheid nie.

13 Sicut in die decenter ambulemus; non comessationibus neque ebrietatibus, neque cubilibus neque lasciviis, neque contentione neque aemulatione:

14 Maar beklee julle met die Here Jesus Christus, en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie.

14 Sed induamini Dominum Iesum Christum, et carnis curam ne agatis ad concupiscentias.

11 *En dit te meer ...* Nou betree hy ’n ander punt van aansporing, naamlik dat soos wat die strale van die hemelse lewe begin het om soos die daeraad op ons te skyn, moet ons doen wat hulle gewoond is om te doen, wat verkeer te midde van die lig en in die sig van mense. Want hulle neem sorgvuldig voorsorg sodat hulle nie iets skandeliks of onbetaamlik doen nie, aangesien hulle sien dat hulle hulself onderworpe maak aan te veel getuies as hulle enigiets misdadig sou doen. Ons wat voortdurend staan in die gesigsveld van God en die engele, en vir wie Christus, die ware son van geregtigheid, uitnodig om Hom te aanskou, moet nog veel meer bedag wees teen elke skandelikheid. Die hoofsom van sy woorde is dus: Omdat ons weet dat die geskikte tyd om uit die slaap wakker te word, reeds aangebreek het, laat ons alles wat tot die nag behoort, wegwerp en alle werke van die duisternis afskud, omdat die duisternis self reeds uiteen gedryf is, en laat ons, terwyl ons ons toelê op die werke van die lig, wandel soos wat dit in die daglig betaam. Wat tussenin gelees word, moet in hakies ingesluit word.

Omdat dit vervolgens ’n allegorie is, is dit die moeite werd om te let op wat die afsonderlike dele beteken. Hy noem die onkunde aangaande God *nag*, omdat almal wat daardeur vasgevang word, asof in die nag ronddwaal en slaap. Die ongelowiges gaan immers gebuk onder altwee hierdie onheile, omdat hulle blind is en stompsinnig, en hy dui hierdie stompsinnigheid ’n bietjie later met *slaap* aan, wat (soos iemand sê) ’n beeltenis van die dood is. Die openbaring van die goddelike waarheid noem hy *lig*, waardeur die son van geregtigheid, Christus, vir ons verrys. *Om wakker te word* stel hy om te kenne te gee dat ons aangegord en voorbereid moet wees tot die nakoming van die gehoorsaamheid wat die Here van ons vereis. *Die werke van die duisternis* is skandelike en misdadige werke, omdat die nag (soos iemand sê) ontbloot is van skaamte. *Die wapens van die lig* is die goeie, ingetoë en kuise handelinge waarvoor die dag gewoonlik bestem is. En *wapens* eerder as *werke* – omdat vir die Here stryd gevoer moet word.

Verder moet die woorde *en dit te meer*, wat aan die begin staan, op sigself gelees word. Want dit hang saam met die voorafgaande leer, in die sin wat ons in Latyn sê *ad haec* (bowendien), dit is *te meer*. Hy sê dat die tyd(somstandighede) aan die gelowiges bekend is, omdat God se roeping en die dag van besoeking ’n nuwe lewe en nuwe etiese waardes vereis, en hy voeg dadelik ter verklaring daaraan toe dat dit die *uur* is om op te staan. Want dit is nie Χρόνῶ nie, maar Καιρῶ, waarmee hy die geleentheid of die welaangewese tyd aandui.

... *want die saligheid is nou nader by ons ...* Hierdie gedeelte is op verskillende maniere deur verklaarders verdraai. Menige verklaarders

betrek die woorde *om te glo* op die tyd van die wet, asof Paulus wou gesê het dat die Jode geglo het voordat Christus te voorskyn getree het; en ek verwerp dit as grof en gedwonge. En dit sou sekerlik ongerymd wees om ’n algemene leer te beperk tot ’n klein deel van die kerk. Hoe weinig uit die hele vergadering, aan wie hy skryf, was Jode? Dus sou hierdie prediking nie van toepassing gewees het op die Romeine nie. Bowendien maak die vergelyking van die nag en die dag (na my oordeel) ’n einde aan hierdie probleem. Hierdie uitspraak kom my voor as uiters eenvoudig: die saligheid is nou nader aan ons, as op daardie tyd toe ons begin glo het, sodat dit betrek word op die tyd wat aan die geloof voorafgegaan het. Omdat die bywoord immers ’n onbepaalde betekenis het, is die voorlegging van die apostel verreweg meer passend, soos dit sal blyk uit wat volg.

12 *Die nag het ver gevorder en dit is amper dag ...* Dit is die geleentheid waarvan hy eerder melding gemaak het. Want hoewel die gelowiges nog nie tot die volle lig toegelaat is nie, vergelyk hy tog tereg die kennis van die toekomstige lewe met die daeraad, wat ons deur die evangelie teenstraal. En die woord *dag* word hier immers nie, soos op ander plekke, gestel in die plek van die lig van die geloof nie (andersins sou hy nie kon gesê het dat dit naby gekom het nie, maar dat dit teenwoordig is, ja, dat dit reeds soos op die middag sy lig gee), maar om daardeur die skone helderheid van die hemelse lewe aan te dui, waarvan die begin nou reeds in die evangelie bemerk word.

In kort gee hy dit so weer: sodra God ons begin roep, behoort ons bedag te wees op die koms van Christus, soos ons ook vanuit die eerste aanbreek van die dag aflei dat die volle lig van die son op hande is. Hy sê dus dat die nag ver gevorder het, omdat ons nie so oorweldig word deur ’n digte mistigheid soos die ongelowiges nie, vir wie daar geen vonkie van die lewe te voorskyn kom nie, maar die hoop op die wederopstanding word deur die evangelie voor ons oë gestel. Ja, die lig van die geloof, waaruit ons die volle gloed van die hemelse heerlikheid as digby ervaar, moet ons aanspoor om op aarde nie lusteloos te wees nie. Verder, as hy ons beveel om soos oordag in die lig te wandel, hou hy ’n bietjie later nie vol met dieselfde beeldspraak nie, omdat hy die teenwoordige stand vergelyk met die dag, waarin Christus ons toeskyn. Maar hy wou ons eers op verskillende maniere aanspoor tot die oordenking van die toekomstige lewe, en dan weer tot die verering van die (geopenbaarde) beeld van God.

13 ... *nie in brassery ...* Hy het hier drie soorte euwels gestel, waarvan hy elkeen by wyse van twee benamings aangedui het: oormatigheid en oordadigheid in lewenswyse; vleeslike wellus en die liederlikhede wat daaraan verbonde is; nydigheid en twisgierigheid. As hierdie dinge op

sigself soveel skande inhou dat dit ook vleeslike mense beskaam om dit voor die oë van mense te bedryf, pas dit ons, wat in die lig van God verkeer, om voortdurend ons van daardie dinge te weerhou, ook wanneer ons van die gesigsveld van mense onttrek is. Hoewel in die derde saamplasing die twis die nydigheid voorafgaan, ly dit tog geen twyfel dat Paulus wou waarsku dat uit hierdie bron struwelinge en onenighede voortkom, omdat wanneer enigiemand daarna streef om uit te blink, sal die een die ander beny. Ambisie is egter die oorsaak van albei euwels.

14 *Maar beklee julle met die Here Jesus Christus ...* Hierdie beeldspraak is veelal gebruiklik in die Skrifte in daardie sake wat dien tot die versiering of mismaking van mense, waarvan albei in die bekleding opgemerk word; want ’n vuil en verskeurde kledingstuk onteer die mens, en ’n paslike en onbevlekte gewaad dra veel by tot sy aansien. *Beklee jou met Christus* beteken egter hier dat ons aan alle kante versterk moet wees deur die krag van sy Gees, deur wie ons waardig gemaak word vir alle kenmerke van heiligheid. Want so word die beeltenis van God in ons herstel, wat die enigste versiering van ons siel is. Paulus het immers die oog op die doel van ons roeping, omdat God, terwyl Hy ons aanneem, ons in die liggaam van sy Eniggebore Seun inlyf, en wel onder hierdie voorwaarde, dat ons afstand doen van ons vroeëre lewe en in Hom nuwe mense word. Daarom sê hy ook op ’n ander plek (Gal. 3:27) dat die gelowiges in die doop hulle met Christus beklee.

... en maak geen voorsorg vir die vlees ... Solank ons ons vlees saamdra, kan ons nie die versorging daarvan geheel en al afskud nie, want hoewel ons in die hemel verkeer, vertoef ons op aarde as vreemdelinge. Daar moet dus sorg gedra word vir die dinge wat op die liggaam betrekking het, maar nie anders as hulpmiddels van ons vreemdelingskap nie, en tog nie sodat dit sal maak dat ons ons vaderland vergeet nie. Ook goddelose mense het gesê dat die natuur met weinig bevredig word, maar dat die begeerte van mense onversadigbaar is. Enigeen wat die begeertes van die vlees wil bevredig, moet noodwendig nie alleen vervloei nie maar moet verswelg word in ’n groot en diep maalstroom.

Terwyl Paulus ’n teuel plaas op die begeertes, herinner hy daaraan dat dit die oorsaak van alle onmatigheid is, omdat niemand tevrede is met ’n matige en veroorloofde gebruik van dinge nie. Daarom het hy hierdie reël gestel, dat ons moet sorg dra vir die behoefte van ons vlees, maar nie moet toegee aan wellus nie. So sal dit gebeur dat ons die teenwoordige wêreld gebruik en tog nie misbruik nie.

HOOFSTUK 14

1 EN neem hom aan wat swak is in die geloof, nie om oor sy gevoelens te oordeel nie.
2 Die een glo dat ’n mens alles mag eet, maar hy wat swak is, eet groente.
3 Hy wat eet, moet hom wat nie eet, nie verag nie; en hy wat nie eet, moet hom wat eet, nie oordeel nie, want God het hom aangeneem.
4 Wie is jy wat die huiskneg van ’n ander oordeel? Hy staan of val met betrekking tot sy eie heer; maar hy sal staande bly, want God is magtig om hom staande te hou.

1 Eum vero qui fide est imbecilla, suscipite, non ad disceptationes quaestionum.
2 Qui credit, vescatur quibusvis: qui autem infirmus est, olera edit.
3 Qui edit, non contemnat eum qui abstinet; et qui abstinet, eum non condemnet qui edit: Dominus enim illum suscepit.
4 Tu quis es qui judicias alienum servum? proprio Domino stat vel cadit. Stabit vero: potens est enim Deus efficere ut stet.

1 *En neem hom aan ...* Hy gaan nou oor tot ’n voorskrif wat besonderlik noodsaaklik is vir die onderwysing van die kerk, naamlik dat hulle wat die meeste vordering gemaak het in die Christelike leer, hulle na die meer onkundiges moet skik en hul krag moet aanwend ter ondersteuning van hul swakheid. Want onder die volk van God is daar swakkeres wat, tensy hulle met groot sagmoedigheid en toegeeflikheid behandel word, die moed verloor en uiteindelik van die godsdiens vervreemd raak. En dit is hoogs waarskynlik dat dit ook in daardie tyd plaasgevind het, omdat die kerk uit Jode en heidene bestaan het, waarvan sommige, terwyl hulle lank gewoond was aan die onderhouding van die mosaïese wet en van kindsbeen daarin opgevoed was, nie maklik daarvan afstand gedoen het nie. Ander weer het, terwyl hulle nooit sodanige dinge geleer het nie, die ongewone juk geweier.

Maar aangesien dit die neiging van die mens is om ligtelik uit ’n verskil van mening tot twiste en strydpunte oor te gaan, toon die apostel aan op watter manier hulle, wat so van mening verskil, met mekaar kan saamleef sonder onenigheid. Hy skryf dan die beste manier voor, naamlik dat hulle wat die sterkeres is, hul bes sal doen om die swakkes te ondersteun, en dat hulle wat die verste gevorder het, die minder ontwikkeldes sal verdra. Want as God ons sterker maak as ander, verleen Hy nie aan ons krag om die swakkeres te onderdruk nie; en dit is nie ’n kenmerk van die Christelike wysheid om uitermatig brutaal te wees en ander te verag nie. Om hierdie rede rig hy derhalwe nou sy prediking tot die meer bekwames en hulle wat reeds bevestig is om hulle, wat oorvloediger genade van God ontvang het, des te meer te verplig om hul naaste te help.

... *nie om oor sy gevoelens te oordeel nie ...*[1] Dit is ’n gebrekkige sin, omdat die woord wat die sin moet voltooi, ontbreek. Tog staan dit vas dat hy niks anders wou hê as dat die swakkes nie deur lastige twisgesprekke vermoei word nie. Maar die onderwerp wat hy nou behandel, moet in ag geneem word. Omdat baie van die Jode immers nog steeds aan die skaduwees van die wet vasgekleef het, verklaar hy dat dit ’n ondeug in hulle was. Hy eis egter dat dit vir ’n tyd geduld word, want om hulle alte hard onder druk te plaas, sou hulle geloof aan die wankel bring.

Die dinge wat die gees van hulle wat nog nie voldoende bevestig is nie, versteur of in vertwyfeling laat raak, noem hy twisgierige vraagstukke. Dit behoort ook verder uitgebrei te word, naamlik tot allerlei lastige en moeilike vraagstukke, waardeur die swak gewetens verontrus en in beroering gebring word, sonder enige opbou. Derhalwe moet daarop gelet word watter vraagstukke elkeen kan verdra, en om ons leer aan te pas by die bevatlikheid van afsonderlike persone.

2 *Die een glo dat ’n mens alles mag eet ...* Watter van die verskillende lesings Erasmus gevolg het, weet ek nie, want hy het die uitspraak vermink gemaak, waar dit in die woorde van Paulus volledig is; en in die plek van die betreklike voornaamwoord het hy onvanpas gestel *die een glo wel*. Dat ek die onbepaalde wyse as gebiedend opvat, behoort nie vreemd of gedwonge voor te kom nie, omdat hierdie manier van spreke veelal gebruiklik is by Paulus. Hy noem diegene wat toegerus is met die sekerheid van die gewete, gelowiges, en aan hulle vergun hy die gebruik van alle dinge sonder uitsondering. Intussen eet hy wat swak is, groente, en weerhou hom van daardie dinge waarvan hy nie weet of dit vir hom veroorloof is nie. As die gewone lesing meer byval vind, sal die betekenis wees dat dit nie reg is dat hy wat vrymoedig alles eet, omdat hy glo dat dit vir hom toelaatbaar is, van hulle wat nog teer en swak is in die geloof, dieselfde gedragsreël eis nie. Dit is immers belaglik om, soos sommige doen, hieronder die siekes te verstaan.

3 *Hy wat eet, moet hom wat nie eet, nie verag nie ...* Op verstandige en gepaste manier gaan hy albei ondeugde tegemoet. Want hulle wat die sterkeres is, gaan gebuk onder hierdie fout dat hulle diegene wat deur onbeduidende besware teengehou word, soos bygelowiges minag en selfs uitlag. Aan die ander kant is daar diegene wat hulle nouliks kan weerhou

---

[1] Calvyn vertaal hierdie sinsnede met *non ad disceptationes quaestionum* (nie tot twisvoeringe oor vraagstukke nie). Die Engelse *Authorized Version* korrespondeer, soos meermale, met Calvyn se weergawe. Dit moet sekerlik toegeskryf word aan verskillende grondtekste. – *die vertaler*

van ligvaardige oordele, (en) om so nie te veroordeel wat hulle nie begryp nie. Want alles wat hulle bemerk wat teen hul gevoelens geskied, beskou hulle as sleg. Daarom vermaan hy die eerstes teen minagting, en die laastes teen alte veel ergerlikheid. Maar die rede wat hy byvoeg, moet toegepas word op albei groepe, omdat dit op beide soorte mense betrekking het. Wanneer jy, sê hy, ’n mens sien wat deur die kennis van God verlig is, het jy genoeg getuienis dat hy deur die Here aangeneem is. As jy hom óf verag óf veroordeel, verwerp jy hom vir wie God omhels het.

4 *Wie is jy wat die huiskneg van ’n ander oordeel ...* Net soos wanneer jy onbeleefd, ja, selfs hooghartig onder mense optree, as jy die dienskneg van ’n ander volgens jou reëls wil dwing en al sy handelinge beoordeel na die gedragsreëls van jou oordeel, so matig jy jou te veel aan as jy enigiets in ’n dienskneg van God veroordeel, omdat dit jou nie behaag nie. Want hy is nie joune nie om aan hom voor te skryf wat hy moet doen of nie doen nie, en dit is nie vir hom nodig om volgens jou voorskrif te lewe nie.

Maar die bevoegdheid om te oordeel, wat ons ontneem word, het betrekking op sowel die persoon as op sy handelinge. Tog is daar groot verskille; want ons moet die mens, hoedanig hy ook al mag wees, aan die oordeel van God oorlaat. Aangaande sy handelinge is dit wel nie toelaatbaar om volgens die oordeel van ons eie siening voor te skryf nie, maar ooreenkomstig God se Woord. Maar die oordeel wat aan die Woord ontleen word, is nóg menslik nóg vreemd. Paulus wil ons dus hier van alle oormoedigheid in die oordeel weerhou, waarin hulle verval wat dit waag om uitspraak te lewer oor die handelinge van mense buite die Woord van God.

Hy staan of val met betrekking tot sy eie heer ... Dit is asof hy wou gesê het: Hierdie bevoegdheid om dit wat die dienskneg doen, óf af te keur óf goed te keur, behoort eintlik aan die Here; daarom doen hy, wat probeer om hierdie bevoegdheid op hom te neem, die Here ’n onreg aan. Maar dit wat hy byvoeg, *hy sal staande bly,* daarin beveel hy ons nie alleen om ons te weerhou van veroordeling nie, maar wek hy ons ook op tot toegeeflikheid en menslikheid, sodat ons altyd die goeie sal verwag van hom in wie ons iets van God opmerk; want die Here het ons hoop gegee dat Hy hulle, in wie Hy sy werk van genade begin het, volkome wil bevestig en tot volmaaktheid wil lei.

Omdat hy immers vanuit die almag van God redeneer, doen hy dit nie blootweg asof hy wou sê dat God dit kan doen as Hy wil nie, maar hy verbind volgens die gewoonte van die Skrif die wil van God met sy almag. Tog omskryf hy hier nie iets voortdurends nie, asof dit noodsaaklik is dat hulle, wat God eenmaal opgerig het, tot die einde toe staande sal bly nie; hy vermaan alleen dat ons goeie hoop moet koester en sodat ons oordele

hiertoe sal neig, soos hy ook elders leer (Fil. 1:6): *Dat Hy wat 'n goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig ...* In kort toon Paulus aan waarheen die oordele neig, van hulle in wie die liefde gedy.

5 Die een ag die een dag bo die ander, die ander ag al die dae gelyk. Laat elke een in sy eie gemoed ten volle oortuig wees.
6 Hy wat die dag waarneem, neem dit waar tot eer van die Here; en hy wat die dag nie waarneem nie, neem dit nie waar nie tot eer van die Here; en wie eet, eet tot eer van die Here, want hy dank God; en wie nie eet nie, eet nie tot eer van die Here, en hy dank God.

5 Hic quidem diem prae die aestimat; ille autem peraeque aestimat omnem diem. Unusquisque sententiae suae certus sit.
6 Qui curat diem, Domino curat; qui non curat diem, Domino non curat. Qui vescitur, Domino vescitur, gratias enim agit Deo; et qui abstinet, Domino abstinet, et gratias agit Deo.

5 *Die een ag die een dag bo die ander ...* Tevore het hy gepraat oor besware in die keuse van voedselsoorte, nou voeg hy 'n ander voorbeeld by, naamlik oor verskille met betrekking tot dae. Beide spruit voort uit die Jodedom. Want aangesien die Here in sy wet tussen die kossoorte onderskeid gemaak het, en verklaar het dat sommige onrein is, waarvan hy die gebruik verbied het, en omdat Hy bowendien feesdae en heilige dae aangewys het, en beveel het dat dit onderhou moet word, kon die Jode, wat van kindsbeen in die leer van die wet onderrig was, nie afsien van die verering van die dae wat hulle van die begin af aanvaar het en waaraan hulle hul hele lewe gewoond was nie. Hulle het ook nie gewaag om (sekere) kosse, waaraan hulle so lank 'n afsku gehad het, aan te raak nie. Dat hulle met hierdie sienswyses begeester was, was 'n swakheid; want hulle sou anders gevoel het as 'n sekere en duidelike kennis van die Christelike vryheid by hulle bestaan het. Maar om hulle self daarvan te weerhou, omdat hulle gedink het dat dit ongeoorloofd was, was uit vroomheid; net soos wat dit 'n bewys van oormoed en minagting sou gewees het as hulle iets gedoen het in stryd met hul gewete.

Hier pas die apostel derhalwe die beste gematigdheid toe, wanneer hy beveel dat elkeen seker moet wees van sy insig. Daarmee bedoel hy dat daar soveel ywer vir gehoorsaamheid by Christene behoort te wees dat hulle niks sal doen waarvan hulle nie oordeel, of liewer nie seker is, dat dit God sal behaag nie. En dit moet terdeë in gedagte gehou word dat dit die regte lewenswyse is as mense afhanklik is van God se wil, en hulle self nie veroorloof om met 'n twyfelende en wankelende gemoed 'n vinger te verroer nie; want dit kan nie anders gebeur nie as dat roekeloosheid spoedig oorslaan in opstandigheid, wanneer ons waag om verder voort te

gaan as wat ons oortuig is dat dit vir ons geoorloof is. Indien iemand sou teenwerp dat die dwaling altyd verwarrend is, en dat dit daarom vir die swakkes nie moontlik is om die sekerheid te besit wat Paulus vereis nie, lê die oplossing voor die hand: aan sodanige mense word vergifnis geskenk, op voorwaarde dat hulle hul binne hul grense hou. En Paulus wou immers niks anders doen as om die onbeperkte vryheid teen te gaan nie, waardeur baie mense as 't ware by toeval hulself werp op twyfelagtige en onbekende dinge. Daarom eis Paulus hierdie keuse, dat die wil van God al ons handelinge moet voorafgaan.

6 *Hy wat die dag waarneem, neem dit waar tot eer van die Here ...* Omdat daar by Paulus sekerheid was dat die onderhouding van die dae voortgespruit het uit onwetendheid met betrekking tot Christus, is dit nie aanneemlik dat so 'n verwronge gedagte by hulle deur hom in geheel verdedig sou word nie. En tog lyk dit asof sy woorde dit so uitdruk, dat hy wat die dag onderhou, hoegenaamd nie sondig nie; want vir God is niks aanvaarbaar as dit nie goed is nie. Om sy gedagte te begryp is dit daarom noodsaaklik dat daar onderskei word tussen die inbeelding wat iemand vorm aangaande die onderhouding van die dae, en die onderhouding self, waaraan hy hom verbind. Die inbeelding is immers bygelowig, en Paulus ontken dit nie, aangesien hy dit reeds veroordeel het met die benaming van *swakheid*, en hy sal dit weldra nog duideliker veroordeel. Maar dat hy wat deur hierdie bygeloof beklem word, nie waag om die plegtigheid van die dag te ontwy nie, dit was deur God goedgekeur, omdat hy nie waag om iets met 'n twyfelende gewete te doen nie. Want wat moet 'n Jood doen wat nog nie sover gevorder het dat hy bevry is van die beswaardheid aangaande die dag nie? Hy het die Woord van God, waarin die onderhouding van die dae beveel word. Die noodsaaklikheid daarvan word aan hom deur die wet opgelê; die afskaffing daarvan is vir hom nog nie duidelik nie. Daar bly dus niks anders oor nie as dat hy, terwyl hy 'n duideliker openbaring afwag, voortgaan binne die perke van sy bevatlikheidsvermoë, en nie die voorreg van die vryheid geniet voordat hy dit met die geloof omhels het nie.

So moet ook geoordeel word oor hom wat homself weerhou van onrein voedselsoorte. Want as hy eet met so 'n onseker gemoed, sal dit nie wees soos 'n weldaad wat uit die hand van God ontvang is nie, maar om sy eie hand te lê op dit wat verbode is. Laat hom dus ander voedsel gebruik wat hy dink vir hom toelaatbaar is, en laat hom die maatstaf van sy eie insig volg. So sal hy dank aan die Here toebring, wat hy nie sou kon doen as hy nie oortuig was dat hy deur die weldaad van God gevoed is nie. Daarom moet hy nie verag word so asof hy met sy skugterheid en vrome eerbied die Here beledig het nie. Daar is inderdaad niks ongerymds daarin as ons

sê dat die ingetoënheid van ’n swak mens deur God goedgekeur word nie – nie omdat hy dit verdien nie, maar uit lankmoedigheid.

Maar omdat hy voorheen die sekerheid van gemoed vereis het, sodat iemand nie ligvaardig na eie oordeel dit of dat sal onderhou nie, moet oorweeg word of hy nie hier eerder vermaan as bevestig nie; want die verband sal beter vloei op hierdie manier: laat die rede vir wat hy doen vir elkeen vasstaan, omdat daar verantwoording gedoen moet word voor die hemelse gerig. Want of iemand kos eet, of hom daarvan weerhou, behoort hy in albei gevalle God voor oë te hê. Sekerlik is daar niks meer geskik om die losbandigheid te oordeel te beteuel en om die bygelowighede te verbeter, as dat ons voor die regterstoel van God gedaag word nie; en daarom stel Paulus wyslik die Regter vir almal voor oë, na wie se wil hulle alles wat hulle doen, moet verwys. En dit is geen beswaar dat die uitspraak bevestigend is nie, aangesien hy onmiddellik hierna byvoeg dat niemand vir homself lewe of sterwe nie, waar hy nie verklaar wat mense doen nie, maar voorskryf wat hulle behoort te doen.

Maar let op wat hy sê – dat ons dan voor die Here eet en afsien van eet, wanneer ons aan Hom dank toebring. Hieruit volg dat die gebruik en die afsien van te gebruik sonder die handeling van danksegging onrein is. Wanneer God aangeroep word, is dit alleen sy Naam wat ons en alles wat aan ons behoort, heilig.

7 Want niemand van ons leef vir homself nie en niemand sterf vir homself nie.
8 Want as ons lewe, leef ons tot eer van die Here; en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here; of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.
9 Want hiervoor het Christus ook gesterwe en opgestaan en weer lewend geword, om oor dode sowel as lewende te heers.

7 Nemo enim nostrum sibi ipsi vivit, et nemo sibi moritur.

8 Sive enim vivimus, Domino vivimus; sive morimur, Domino morimur: sive vivimus sive morimur, Domini sumus.

9 In hoc enim et mortuus est Christus, et resurrexit, et revixit, ut vivis dominetur et mortuis.

7 *Want niemand van ons leef vir homself nie ...* Nou bevestig hy die vorige vers met ’n redenering wat uit die geheel lei na ’n deel daarvan – dit is naamlik nie ’n wonder wanneer afsonderlike dade van ons lewe op die Here gerig behoort te wees nie, omdat die hele lewe aan sy eer gewy moet word. Die lewe van ’n Christelike mens is dan eers reg ingerig wanneer dit die wil van God tot doel het. Maar as jy alles wat jy doen na sy oordeel behoort te verwys, is dit geheel en al verkeerd om enigiets te onderneem,

wat jy dink dat dit Hom sal mishaag; ja, waarvan jy nie oortuig is dat dit Hom sal behaag nie.

8 *Want as ons lewe, leef ons tot eer van die Here ...* Om vir die Here te lewe beteken hier nie soos in hoofstuk 6:8, om deur sy Gees opgewek te word nie, maar om elkeen homself na sy oordeel en wil te skik en om alles wat hy het, tot sy eer te bestem. En daar moet nie net vir die Here gelewe word nie, maar ook gesterwe word; dit wil sê: sowel die dood as die lewe moet aan sy oordeel oorgelaat word. Hy voeg die uitnemendste rede by, naamlik *of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here*. Want hieruit volg dat Hy die reg oor ons lewe en dood het.

Die nut van hierdie leer strek baie ver; want die heerskappy oor lewe en dood word op so ’n wyse deur God opgeëis dat sy beskikking vir elkeen draaglik sal wees as ’n juk wat deur Hom opgelê is, want dit is billik dat Hy aan elkeen sy staanplek en (lewens)gang sal toewys. En op hierdie manier word ons nie alleen verbied om ligvaardig hierdie of daardie ding te onderneem sonder God se bevel nie, maar aan ons word lydsaamheid beveel in alle moeilikhede en onaangenaamhede. As die vlees derhalwe te eniger tyd terugdeins vir teenspoede, moet dit in ons gedagte opkom dat hy, wat nie vry en onafhanklik is nie, die reg en orde verdraai, as hy nie staatmaak op die wil van die Here nie. Op hierdie manier word ook aan ons ’n reël bekend gemaak om na te lewe en te sterwe, sodat ons, as Hy ons lewe met sy voortdurende ontberinge en siektes verleng, tog nie moet begeer om voor die tyd te verhuis nie. Maar as Hy ons midde-in die fleur van die lewe wegroep, moet ons altyd bereid wees om heen te gaan.

9 *Want hiervoor het Christus ook gesterwe ...* Dit is ’n bevestiging van die rede wat hy in die vorige vers gestel het; want om te bewys dat ons vir die Here moet lewe en sterwe, het hy gesê dat ons, *of ons lewe of sterwe*, in die mag van Christus verkeer. Nou toon hy aan dat Christus tereg hierdie mag oor ons vir Homself opeis, aangesien Hy dit deur so ’n groot prys verkry het. Want om vir ons saligheid die dood te ondergaan het, het hy vir Homself die heerskappy verkry, wat nie deur die dood ongedaan gemaak kan word nie; maar deur weer op te staan, het Hy ons hele lewe in besit geneem; deur sy dood en wederopstanding het Hy verdien dat ons sowel in die dood as in die lewe die eer van sy Naam sal dien. Dit wat hier gevind word, naamlik *(weer) opgestaan en weer lewend geword het*, beteken dieselfde as dat Hy deur die wederopstanding ’n nuwe staat van die lewe verkry het, en dat sy heerskappy oor ons ewig is, omdat die lewe, wat Hy verkry het, aan geen verandering onderworpe is nie.

10 Maar jy, waarom oordeel jy jou broeder? Of jy ook, waarom verag jy jou broeder? Want ons sal almal voor die regterstoel van Christus gestel word.
11 Want daar is geskrywe: So waaragtig as Ek leef, sê die Here, voor My sal elke knie buig, en elke tong sal God bely.
12 So sal elkeen van ons dan vir homself aan God rekenskap gee.
13 Laat ons dan mekaar nie meer oordeel nie, maar besluit dit liewer, om nie die broeder 'n hindernis of struikelblok in die weg te lê nie.

10 Tu vero quid judicas fratrem tuum? Aut etiam tu, quid contemnis fratrem tuum? Omnes enim sistemur ad tribunal Christi:

11 Scriptum est enim, Vivo ego, dicit Dominus, mihi flectetur omne genu, et omnis lingua conflebitur Deo.

12 Unusquisque igitur de se rationem reddet Deo.
13 Quare ne amplius judicemus alius alium: sed hoc judicate potius, ne lapsus occasio detur fratri aut offendiculum.

10 *Maar jy ...* Aangesien hy die lewe en die dood van ons almal aan Christus toegesê het, gaan hy daarvandaan voort om melding te maak van die oordeel wat die Vader aan Hom, tesame met die heerskappy oor hemel en aarde, opgedra het. Hieruit lei hy af dat dit 'n onvanpaste vermetelheid is as iemand hom die oordeel oor sy broeder aanmatig, omdat deur hierdie vrypostigheid die mag van die Here Christus weggeruk word, wat Hy alleen van die Vader ontvang het.

Maar ten eerste hou hy hierdie vrypostigheid om te oordeel in bedwang deur die woord *broeder*. Want as die Here onder ons die reg van broederlike gemeenskap ingestel het, behoort die gelykheid in stand gehou te word. Derhalwe sal elkeen wat die rol van regter op hom neem, onbeskaamd handel. Vervolgens roep hy ons op na die enigste Regter, wie se mag niemand kan ontneem nie en wie se regterstoel niemand boonop kan ontvlug nie. Net soos dit dus ongerymd sou wees onder mense as 'n aangeklaagde, wat 'n beskeie plek behoort in te neem, die regterstoel van die regter beset, so is dit ook ongerymd vir 'n Christenmens om die vryheid om oor die gewete van sy broeder te oordeel, op hom neem. Daar is 'n byna soortgelyke beredenering in Jakobus 4:11 naamlik: *hy wat sy broeder oordeel, oordeel die wet*, *en as hy die wet oordeel, is hy nie 'n dader van die wet nie, maar 'n regter*. Daarteenoor sê hy dat daar één wetgewer is, wat kan red en verwerp (Jak. 4:12). Hy wys die regterstoel as die bevoegdheid om te oordeel toe aan Christus, net soos die stem van die aartsengel, waardeur ons opgeroep sal word, op 'n ander plek 'n basuin genoem word (I Thess. 4:16), omdat dit deur sy geluid tot die harte en ore van almal sal deurdring.

11 *Want daar is geskrywe: So waaragtig as Ek leef ...* Dit kom my nie voor of hy hierdie getuienis van die profeet soseer aangehaal het ter bewys van die uitspraak oor die oordeel van Christus nie, wat by alle Christene bo twyfel was, as wat hy wil aantoon dat hierdie oordeel deur almal met nederigheid en onderwerping afgewag moet word, wat die woorde dan ook uitdruk. Hy het naamlik eers met sy eie woorde getuig dat die oordeel oor alle mense alleen by Christus berus. Nou toon hy deur die woorde van die profeet aan dat alle vlees deur die verwagting van daardie oordeel nederig gemaak moet word, wat deur die buig van die knieë aangedui word. Hoewel die Here verder in daardie passasie van die profeet oor die algemeen voorspel dat sy heerlikheid by alle volke bekend sal word en dat sy Majesteit, wat toe by weiniges as ’t ware in ’n enigsins verskuilde hoek van die wêreld verberg was, oral te voorskyn sal tree, is dit tog duidelik, as ons dit nader ondersoek, dat die vervulling daarvan nie nou plaasvind nie, en nooit op hierdie aarde plaasgevind het nie, en dat dit ook nie in die toekoms te wagte is nie. God regeer nou oor die wêreld op geen ander manier as deur die evangelie nie, en sy majesteit word op geen ander manier reg geëer nie as wanneer dit soos uit die Woord geleer, bewonder word. En die Woord van God het altyd sy vyande gehad, wat dit hardnekkig weerstaan het, en die veragters daarvan het dit spottenderwys beskou as iets belaglik en fabelagtig. Daar is ook vandag sodanige mense, en daar sal altyd wees. Hieruit is dit duidelik dat hierdie profesie in hierdie lewe begin (om vervul te word), maar dat dit ver van voltooiing is, solank die dag van die laaste opstanding nie aangebreek het nie. Dan sal al die vyande van Christus neergewerp word, sodat hulle ’n voetbank van sy voete sal wees. En dit sal verder ook nie kan gebeur, as die Here nie in gerig neersit nie; derhalwe het hy hierdie getuienis tereg toegepas op die regterstoel van Christus.

Hierdie vers is ook merkwaardig om ons geloof aangaande die ewige godheid van Christus te bevestig. Want dit is God wat daar spreek, en wel die God wat eenmaal aangekondig het dat Hy sy heerlikheid aan geen ander sal afstaan nie. As dit, wat Hy daar alleen vir Homself opeis, in Christus vervul word, dan openbaar Hy Hom sonder twyfel in Christus. En die waarheid van hierdie profesie blyk sekerlik duidelik wanneer Christus uit die hele wêreld vir Hom ’n volk versamel, en hulle tot die diens van sy majesteit en die gehoorsaamheid aan die evangelie bring. Hierop sien Paulus wanneer hy in Filippense 2:9 sê dat God ’n naam gegee het aan sy Christus, voor wie elke knie sal buig. Maar dit sal ten volle vasstaan, wanneer Hy die regterstoel sal bestyg om te oordeel oor die lewendes en die dooies; want alle oordeel in die hemel en op aarde is deur die Vader aan Hom gegee.

In die woorde van die profeet lui dit: *Elke tong sal by My sweer* (Jes. 45:23). Omdat die eed egter ’n soort van goddelike diensbetoon is, wyk die woorde *sal bely*, wat Paulus hier gebruik, niks van die betekenis af nie. Die Here wou immers blootweg bevestig dat alle mense nie alleen sy goddelike majesteit sal ken nie, maar ook met die mond sowel as met die uitwendige houding van die liggaam, wat hy aandui met die kniebuiging, belydenis sal doen van hul gehoorsaamheid.

12 *So sal elkeen van ons ...* Hierdie gevolgtrekking roep ons op tot nederigheid en onderwerping; en daaruit lei hy dadelik af dat die een nie die ander moet veroordeel nie. Want dit is vir ons verkeerd om die amp van te oordeel te aanvaar – ons naamlik vir wie die noodsaaklikheid bly bestaan om ons aan die oordeel te onderwerp en om rekenskap te gee.

Maar uit die verskeie betekenisse van die woord *oordeel* lei hy op ’n elegante manier ’n *antanaclasis*[1]) af. In die eerste plek verbied hy ons immers om te oordeel deur te veroordeel; ten tweede beveel hy dat elke oordeel daarop gerig moet word om ergernis te vermy. Onregstreeks bestraf hy daardie boosaardige sedemeesters wat al hul kundigheid gebruik om iets te vind om in die lewe van hul broeders te betig. Daarom beveel hy hulle om eerder bedag te wees op versigtigheid, omdat hulle dikwels deur hul nalatigheid hul broeders óf laat neerslaan óf na een of ander struikelblok voortdryf.

14 Ek weet en is oortuig in die Here Jesus dat niks op sigself onrein is nie, maar hy wat reken dat iets onrein is, vir hom is dit onrein.
15 Maar as jou broeder deur voedsel gegrief word, dan wandel jy nie meer volgens die liefde nie. Moenie deur jou voedsel hom te gronde rig vir wie Christus gesterf het nie.
16 Laat dan van die goeie wat aan julle behoort, nie kwaad gespreek word nie.
17 Want die koninkryk van God is nie spys en drank nie, maar geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees.
18 Want hy wat Christus hierin dien, is aan God welgevallig en by die mense geag.

14 Novi et persuasus sum in Domini Iesu, nihil commune per se esse; nisi qui existimat aliquid esse commune, ei commune est.
15 Verum si propter cibum frater tuus contristatur, jam non secundum caritatem ambulas; ne cibo tuo illum perdas, pro quo Christus mortuus est.

16 Ne vestrum igitur bonum hominum maledicentiae sit obnoxium:

17 Non enim est regnum Dei esca et potus; sed justitia, et pax, et gaudium in Spiritu sancto.
18 Qui enim servit per haec Christo,

[1]) Die herhaling van ’n woord in ’n ander betekenis; letterlik – *’n weerkaatsing*. – *die vertaler*

14 *Ek weet en is oortuig ...* Om die beswaar te voorkom van hulle wat reeds so gevorder het in die evangelie van Christus dat hulle nie onderskeid maak tussen voedsel nie, toon hy eers aan wat aangaande die voedsel gedink moet word, as dit op sigself beoordeel word. Vervolgens voeg hy by hoe daar in die gebruik daarvan gesondig kan word. Daarom verklaar hy dat vir ’n goeie en skoon gewete geen voedsel onrein is nie, en dat daar geen verhindering is waarom ons dit nie in reinheid sal gebruik nie, behalwe uit onkunde en dwaling; want as iemand hom enigiets onreins in voedsel inbeeld, kan hy dit nie vryelik gebruik nie. Hy voeg egter ’n bietjie later by dat daar nie net op die kossoorte self gelet moet word nie, maar ook op die broeders in wie se teenwoordigheid ons eet. Ons moet immers nie die gebruik van God se weldade van so weinig betekenis beskou dat dit nie aan die liefde onderworpe is nie.

Sy woorde het dus dieselfde betekenis asof hy wou sê: ek weet dat alle voedsel rein is en daarom laat ek jou vrye gebruik toe, en ek stem toe dat jou gewete van elke beswaar bevry is; in kort, ek verbied nie eenvoudig die voedselsoorte self nie maar, met tersydestelling van die oorweging betreffende die voedsel, wil ek dat die naaste nie deur jou verontagsaam word nie.

Commune (*alledaags*) noem hy in hierdie vers daardie dinge wat ongewyd is, en wat deur die goddelose sonder onderskeid gebruik word. Gevolglik word dit gestel teenoor daardie dinge wat bepaaldelik geheilig is tot gebruik deur die gelowige volk. Hy sê dat hy weet en oortuig is aangaande die reinheid van alle voedsel, sodat hy dit buite twyfel stel. Hy voeg daarby *in die Here Jesus*, omdat ons deur sy weldaad en genade dit verkry het dat alle skepsels, wat andersins in Adam vervloek was, vir ons geseën word. Maar terselfdertyd wou hy die vryheid wat deur Christus gegee is, stel teenoor die diensbaarheid van die wet, sodat hulle nie sal dink dat hulle gebonde gehou word aan die onderhouding van daardie dinge waarvan Christus hulle bevry het nie. In die uitsondering wat hy gestel het, word ons geleer dat niks so rein is dat dit nie besoedel kan word deur ’n verdorwe gewete nie. Want dit is alleen die geloof en die vroomheid wat alles vir ons heilig. Maar die ongelowiges, omdat hulle inwendig besmet is, verontreinig alles deur hul aanraking (Tit. 1:15).

15 *Maar as jou broeder deur voedsel gegrief word ...* Nou verklaar hy hoe die gee van aanstoot teenoor broeders die gebruik van goeie dinge bederf. En die eerste rede is dan dat die liefde geweld aangedoen word as ’n broeder weens so ’n geringe rede deur droefheid aangeraak word, want dit

druis in teen die liefde om aan enigiemand ’n rede tot droefheid te gee. Die ander rede is dat, terwyl die brose gewete gekwets word, die prys van Christus se bloed verspil word, want die mees veragtelike broeder is deur die bloed van Christus verlos. Daarom is dit onwaardig om hom aan die verderf oor te gee om die maag tevrede te stel. En ons is alte veel op skandalige wyse verknog aan ons begeerlikhede as ons voedsel, iets van weinig waarde, bo Christus verkies. Die derde rede is dat, as die welaangewese vryheid vir ons deur Christus verkry is, ons moeite moet doen sodat iemand nie verval in die slegsê van mense en tereg gesmaad word nie, wat wel gebeur wanneer ons op onvanpaste manier die genadegawes van God misbruik. Hierdie redes behoort ons daartoe te beweeg om nie ligvaardig ter wille van ons vryheid ons in aanstoot te begewe nie.

17 *Want die koninkryk van God is nie spys en drank nie ...* Aan die ander kant leer hy nou dat ons ons sonder skade kan weerhou van die gebruik van ons vryheid, omdat die koninkryk van God nie in daardie dinge geleë is nie. Want dit wat op die oprigting of instandhouding van die koninkryk betrekking het, mag op geen manier nagelaat word nie, watter aanstootlikhede ook al uiteindelik mag volg. Maar as dit weens die liefde veroorloof is om af te sien van die gebruik van voedsel, sonder dat God se eer geskend word, en die ryk van Christus geen skade ly nie, en die vroomheid geen aanstoot gegee word nie, moet hulle nie geduld word wat om daardie redes die kerk in beroering bring nie. Dieselfde redenering gebruik hy in die eerste brief aan die Korinthiërs (I Kor. 6:13): *Die voedsel is vir die maag, en die maag is vir die voedsel, maar God sal die een sowel as die ander tot niet maak*, en ... *want as ons eet, het ons geen oorvloed nie* ... (I Kor. 8:8). Hiermee wil hy kortliks aantoon dat voedsel en drank dinge van minder belang is as dat ter wille hiervan die loop van die evangelie in die weg gestaan word.

... *maar geregtigheid en vrede* ... Hierdie dinge het hy in die verbygang gestel teenoor voedsel en drank, nie om alles op te noem waaruit die koninkryk van Christus bestaan nie, maar om aan te dui dat dit in geestelike dinge geleë is. Tog het hy sekerlik in ’n paar woorde die hoofsom daarvan saamgevat; naamlik dat ons, terwyl ons wel oortuig is, rus vind by die Here en die ware vreugde van die gewete geniet; en dit deur die Heilige Gees wat in ons woon. Maar (soos ek gesê het) hy het hierdie paar dinge toegepas op die huidige onderwerp; want hy wat ’n deelgenoot gemaak is van die ware geregtigheid, geniet ’n baie groot en onberekenbare goedheid, naamlik ongestoorde vreugde van die gewete. Wat kan iemand wat vrede by God het, meer begeer?

Dat hy *vrede* verbind met *blydskap*, kom my voor asof hy die aard van daardie geestelike vreugde wil uitdruk, want hoe die verworpenes ook al in beswyming raak of hulself op die voorgrond stel, word die gewete tog nie anders bly en opgeruimd gemaak as wanneer die gewete aanvoel dat God teenoor hom versoen en goedgesind is nie, en daar is waarlik geen duursame vreugde anders as uit hierdie vrede nie. Maar hoewel dit die moeite werd is dat die Gees as bewerker uitgeroep word, wanneer daar van sodanige dinge melding gemaak word, wil hy tog in hierdie vers stilswyend die Gees stel teenoor die uitwendige dinge, sodat ons sal weet dat die dinge wat tot die koninkryk van God behoort vir ons ongeskonde bly sonder die gebruik van voedsel.

18 *Want hy wat Christus hierin dien* ... Die beredenering word hier afgelei uit die gevolg; want dit is nie moontlik dat iemand wat deur God aanvaar word en wat deur mense geag word, nie tot volle ontplooiing in sigself sal kom nie en nie sal groei in die koninkryk van God nie. Hy wat deur geregtigheid met ’n ongestoorde en tevrede gewete Christus dien, maak homself aanvaarbaar by die mense sowel as by God. Waar daar derhalwe geregtigheid, vrede en geestelike blydskap is, daar is die koninkryk van God in al sy dele volkome, en dit bestaan dus nie in liggaamlike dinge nie. Verder sê hy dat die mens wat die wil van God gehoorsaam, vir Hom welgevallig is. En hy verklaar dat hierdie (soort) mens by die mense geag is, want hulle kan nie anders as om getuienis te gee van die deug, wat hulle met hul oë bemerk nie. Nie dat die goddelose die kinders van God altyd goedgesind is nie, ja, selfs wanneer daar geen aanleiding is nie, braak hulle vele belediginge teenoor hulle uit en belaster hulle onverdiend met valse aantygings en, in kort, verdraai die goeie dade met kwaadwillige uitleg in ’n misdaad. Maar Paulus praat hier oor die opregte oordeel, waaraan geen stugheid, geen haat en geen bygeloof verbind is nie.

19 Laat ons dan najaag wat tot vrede en onderlinge stigting dien.
20 Moenie ter wille van voedsel die werk van God afbreek nie. Alles is wel rein, maar dit is verkeerd vir ’n mens om te eet as dit tot aanstoot is.
21 Dit is goed om geen vleis te eet of wyn te drink of iets te doen waardeur jou broeder aanstoot neem of struikel, of waarin hy swak is nie.

19 Proinde quae pacis sunt, et aedificationis mutuae, sectemur.
20 Ne propter cibum destruas opus Dei. Omnia quidem pura, sed malum est homini qui per offensionem vescitur.
21 Bonum est non edere carnem, nec vinum bibere, nec aliud facere in quo frater tuus concidat, vel offendatur, vel infirmetur.

19 *Laat ons dan najaag* ... Hy roep ons, soveel as wat hy kan, weg van die blote oorweging van die voedsel na daardie belangriker dinge, wat die vernaamste plek in al ons handelinge behoort te hê en wat die oorweging van voedsel behoort vooraf te gaan. Daar moet immers geëet word sodat ons mag lewe, en daar moet geleef word sodat ons die Here mag dien. Maar hy dien die Here, wat met welwillendheid en vriendelikheid sy naaste stig. Want in hierdie twee dinge, eensgesindheid en stigting, word byna al die liefdespligte saamgevat. En sodat dit nie as iets gering afgemaak word nie, herhaal hy die uitspraak wat hy (reeds) neergelê het, naamlik dat verganklike voedsel ’n te onwaardige ding is dat die huis van die Here op grond daarvan afgebreek sal word. Want oral waar daar ’n vonk van vroomheid is, daar is die werk van God te sien, en hulle wat met hul onbeskaamdheid die nog swakke gewete in verwarring bring, breek dit af.

Daar moet egter opgelet word dat die stigting aan die vrede verbind word, omdat sommige teenoor andere dikwels met alte groot verdraagsaamheid optree, sodat hulle deur hul toegeeflikheid uitermatige skade berokken. So maan Paulus ook op ’n ander plek (I Kor. 10:23): *Alles is my geoorloof, maar nie alles is nuttig nie* en hy voeg dadelik die rede by, naamlik dat nie alles stig nie.

Dit is ook nie sonder rede nie dat hy dit nogeens inskerp – *nie ter wille van voedsel, ens.* – waarmee hy aandui dat hy geen onthouding eis, waardeur skade aan die vroomheid besorg word nie, soos hy hierbo gesê het; hoewel ons nie vrylik alles mag eet nie, maar ter wille van die broeders afsien van die gebruik van voedsel, die koninkryk van God tog ongeskonde bly.

20 *Alles is wel rein* ... Wanneer hy sê dat alles rein is, is dit by wyse van (algemene) toelating; wat hy daaraan toevoeg, naamlik *maar dit is verkeerd vir ’n mens om te eet as dit tot aanstoot is*, is ’n soort van uitsondering, asof hy wou gesê het: Die voedsel is wel goed, maar die gee van aanstoot is sleg. Voedsel is tog aan ons gegee, sodat ons ons daarmee mag voed met inagneming van die liefde. Derhalwe besoedel hy, wat daarin die liefde skend, die gebruik van rein voedsel. Hieruit lei hy af dat dit goed is om af te sien van alles wat broeders aanstoot mag gee.

Hy stel egter drie woorde in volgorde, naamlik *struikel*, *aanstoot neem* en *swak is*, in hierdie sin: dat aan broeders nie ’n oorsaak gegee word om te struikel nie; ja, ook nie om aanstoot te neem nie en ook nie om verswak te word nie. Om verswak te word is immers minder as om aanstoot te neem of geërger te word; en om aanstoot te neem is minder as om te val. Van iemand wie se gewete deur een of ander vrees bevange word, word gesê dat hy verswak word; hy wie se gewete deur ’n ernstiger beroering

verontrus word, neem aanstoot; om te val gebeur as iemand op een of ander manier vervreemd word van die ywer vir die godsdiens.

22 Het jy geloof? Behou dit vir jouself voor die aangesig van God. Gelukkig is hy wat homself nie oordeel in wat hy vir geoorloof ag nie.

22 Tu fidem habes? Apud teipsum habe coram Deo. Beatus qui non judicat seipsum in eo quod examinat.

23 Maar hy wat twyfel as hy eet, is veroordeel, omdat dit nie uit die geloof is nie; en alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde.

23 Qui vero dijudicat si comederit condemnatus est; quia non ex fide: quicquid vero non est ex fide, peccatum est.

22 *Het jy geloof* ... Om mee af te sluit, toon hy aan waarin die goeie van die Christelike vryheid geleë is. Hieruit blyk dat hulle wat nie weet om hulself in die gebruik van voedsel te beheers nie, hul valslik op die vryheid beroem. Hy sê derhalwe dat die kennis van die vryheid, omdat dit uit die geloof is, eintlik God voor oë het. Hy wat daarom met hierdie soort sekerheid beklee is, behoort tevrede te wees met ’n rustige gewete voor God, en dit is nie nodig dat hy voor mense in besit daarvan kom nie. Daarom volg dit dat dit met ’n verwronge begeerte geskied wanneer ons ons swak broeders aanstoot gee deur die eet van vleis omdat geen noodsaaklikheid ons daartoe dryf nie.

Dit is verder maklik in te sien hoe verkeerdelik hierdie vers deur sommige mense verdraai word, wat hieruit aflei dat dit nie saak maak hoe iemand hom gedra in die onderhouding van hierdie onsinnige en bygelowige seremonies nie, solank sy gewete skoon bly voor God. Paulus wou immers niks minder sê, soos hyself in die verband getuig, naamlik dat die seremonies ook vir die diens van God ingestel is, en ook deel is van ons belydenis. Hy wat vervolgens die geloof losskeur van die belydenis, ontneem aan die son van sy warmte. Paulus handel hier egter oor niks van die aard nie, maar praat oor die vrye gebruik van voedsel en drank.

Gelukkig is hy wat homself nie oordeel ... Hier wil hy in die eerste plek leer op watter manier die wettige gebruik van God se genadegawes tot ons gebring word; en vervolgens hoe ’n groot struikelblok die onkunde is, sodat ons nie die onervarenes bo die maat van hul swakheid sal aanspoor nie. Hy stel egter ’n algemene uitspraak wat na alle handelinge uitgebrei word. Hy sê naamlik, gelukkig is hy wat nie bewus is van iets kwaads nie, as hy ten minste sy handelinge reg ondersoek. Want dit wil voorkom asof baie mense die ergste wandade bedrywe sonder enige gewetensbeswaar; maar dit gebeur omdat hulle roekeloos met geslote oë voortsleur na waar die blinde en woeste bandeloosheid van die vlees hulle voer. Daar is egter ’n

groot verskil tussen gevoelloosheid en (goeie) oordeel. Gelukkig is dan hy wat dinge aan ’n keuring onderwerp as hy, nadat hy die saak goed beoordeel en oorweeg het, nie deur ’n slegte getuienis van die gewete verslind word nie; want hierdie sekerheid alleen kan bewerk dat ons werke God sal behaag. Op hierdie manier word die ydele verskoning, wat baie mense uit onkunde voorgee, verwyder, omdat hul dwaling met lusteloosheid en nalatigheid verbind is. As die goeie bedoeling (soos hulle dit noem) genoeg is, sal die ondersoek, waarvolgens die Gees van God die handelinge van mense beoordeel, hier immers oorbodig wees.

23 *Maar hy wat twyfel* ... Op uiters voortreflike wyse druk hy in een woord die stemming uit van ’n aarselende gemoed wat onseker is wat om te doen; want hy wat twyfel, neig dan hierheen dan daarheen, en word tussen verskillende oorweginge deur ’n twyfelende ingesteldheid bevange gehou. Aangesien dan die beginsel van ’n goeie werk geleë is in ’n gemoed wat met sekerheid weet dat dit goed is voor God, en as ’t ware ’n kalm rustigheid het, is daar niks wat die goedkeuring van ons werke meer teenwerk as vreesbevangenheid nie. Ag, mag hierdie uitspraak, dat niks onderneem moet word as die gemoed nie seker is dat dit God behaag nie, maar goed ingeskerp wees in die gemoedere van mense. Dan sou mense nie in so baie aspekte van die lewe opstandig geword het nie, of gehuiwer het nie, of in blinde drif hulself meegevoer het na waar hul verbeelding hulle lei nie. Want as ons lewenswyse tot hierdie matiging beperk word, sodat iemand nie met ’n twyfelende gewete ’n kriesel brood mag aanraak nie, hoeveel groter versigtigheid moet betoon word in die belangrikste sake?

... *en alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde* ... Die rede vir hierdie veroordeling is naamlik dat elke werk, hoe voortreflik en uitmuntend dit ook al na die uiterlike mag wees, as sonde toegereken word, as dit nie op ’n skoon gewete gegrond is nie. Want God let nie op die uiterlike prag nie, maar op die innerlike gehoorsaamheid van die hart. Alleen hiervan hang die beoordeling van ons werke af. Vervolgens, hoedanige gehoorsaamheid is dit as iemand iets onderneem waarvan hy nie oortuig is dat dit deur God goedgekeur word nie? Wanneer daar dus sodanige twyfel is, word hy wat teen die getuienis van sy gewete voortgaan, tereg van pligsversuim beskuldig.

Die woord *geloof* word hier gestel in die plek van die onveranderlike oortuiging van die gemoed, of (as ek so mag sê) in die plek van die vaste sekerheid, en dan nie enige sekerheid nie, maar die sekerheid wat verkry is uit die waarheid van God. Derhalwe bederf vreesbevangenheid en onsekerheid al ons handelinge, hoe mooi dit ook al andersins mag wees.

Omdat ’n vroom gemoed nêrens met sekerheid rus kan vind behalwe in die Woord van God nie, verdwyn alle ingebeelde vorme van godsdiens hier, asook alle werke wat in die harsings van mense ontstaan het. Terwyl immers alles wat nie uit die geloof voortkom nie, veroordeel word, word alles wat nie steun op en goedgekeur is deur die Woord van God, verwerp. Nogtans is dit nie voldoende dat dit wat ons doen, deur die Woord van God goedgekeur word nie, tensy die gemoed, terwyl dit steun op hierdie oortuiging, sigself met opgewektheid aan die werk vasgord. Die beginsel van hoe om reg te lewe, sodat ons gemoedere nie herhaaldelik weifel nie, is dus hierin geleë dat ons, steunend op die Woord van God, rustig voortgaan na waarheen dit ons ook al roep.

HOOFSTUK 15

1 EN op ons wat sterk is, rus die verpligting om die swakhede te dra van die wat nie sterk is nie, en nie onsself te behaag nie.
2 Want elkeen van ons moet die naaste behaag met die oog op wat goed is tot stigting.
3 Want ook Christus het Homself nie behaag nie, maar soos geskrywe is: Die smaadhede van die wat U smaad, het op My geval.

1 Debemus autem nos qui potentes sumus, infirmitates impotentium portare, et non placere nobis ipsis:

2 Unusquisque enim nostrum proximo placeat in bonum, ad aedificationem.

3 Etenim Christus non placuit sibi ipsi; sed quemadmodum scriptum est, Opprobria exprobrantium tibi, ceciderunt super me.

1 *En op ons wat sterk is* ... Hulle wat meer gevorder het in die kennis van God, moenie dink dat dit onvanpas is dat aan hulle ’n groter las opgelê word nie. Daarom toon hy aan vir watter doel hierdie sterkte, waarin hulle die ander te bowe gaan, aangewend moet word, naamlik om die swakkes te ondersteun sodat hulle nie val nie. Want op dieselfde manier as wat God hulle aan wie Hy uitnemender kennis geskenk het, bestem om die onwetendes te onderrig, so beveel hy aan hulle wat Hy versterk het, om met hul sterkte die swakkes te ondersteun. Op hierdie manier moet alle genadegawes onder die lede van Christus meegedeel word. Namate iemand meer bevestig is in Christus, het hy ook ’n groter verpligting om die swakkes te verdra.

Wanneer hy sê dat ’n Christen nie homself behoort te behaag nie, dui hy aan dat hy nie sy strewe daarop moet rig om homself te bevredig nie, soos wat diegene gewoond is, wat tevrede met hul eie oordeel, rustig andere verwaarloos. En hierdie aanmaning is inderdaad uiters gepas by die huidige onderwerp, omdat niks ons diensbetoon meer in die weg staan of

vertraag nie as dat iemand, meer as wat billik is, aan homself verknog is, sodat hy, terwyl die sorg vir andere agterweë gelaat word, alleen maar sy eie beraadslaginge en gevoelens volg.

2 *Want elkeen van ons moet die naaste behaag* ... Hy leer hier dat ons verpligtinge het teenoor andere; dat dit gevolglik ons plig is om andere tevrede te stel en te dien, en daar is geen uitsondering, waarin ons nie ons na ons broeders moet skik, wanneer ons dit ooreenkomstig die Woord van God tot hul stigting kan doen nie.

Hier word derhalwe twee sake neergelê: (eerstens) dat ons nie met ons eie oordeel tevrede moet wees nie, en nie rus moet vind in ons begeertes nie, maar oral moeite moet doen en daarna moet streef om ons broeders genoegdoening te gee. Tweedens, dat ons, terwyl ons ons na ons naaste skik, op God gerig moet wees, sodat hulle stigting ons doel mag wees. Want die grootste deel van mense kan nie anders behaag word as dat jy hulle begeertes bevredig nie. Maar as jy guns wil verwerf by die meeste mense, moet nie soseer sorg gedra word vir hulle welsyn, as wat hul sotlikhede verdra moet word nie, en daar moet nie gelet word op dit wat voordelig is nie, maar op dit wat hulle tot hul verderf najaag. Daarom moet jy nie daarna strewe om hulle wat met niks behalwe die kwaad tevrede is, te behaag nie.

3 *Want ook Christus het Homself nie behaag nie* ... As dit billik is dat ’n dienskneg niks afwys wat sy heer op hom neem nie, sal dit baie ongerymd wees dat ons onsself sou wil onttrek van die noodsaaklikheid om die swakheid van ’n ander te verdra, waaraan Christus, op wie ons as Koning en Here roem, Homself onderwerp het; want Hy het Hom met verloëning van Homself, geheel en al aan die nakoming hiervan gegee. Op Hom is immers inderdaad alles van toepassing wat die profeet besing in Psalm 69:10. Onder andere verklaar hy dat die ywer vir die huis van God hom verteer het, en dat die smaadhede van die wat God smaad, op hom geval het. Hiermee gee hy te kenne dat hy met soveel ywer vir die eer van God gebrand het, en dat hy deur so ’n groot begeerte om sy koninkryk te bevorder, aangegryp was, dat hy, terwyl hy homself vergeet het, deur hierdie een gedagte as ’t ware verteer is; dat hy hom so aan die Here gewy het, dat sy siel verskeur was so dikwels as wat **hy** gesien het dat sy heilige Naam blootgestel word aan die laster van die goddelose.

Die tweede gedeelte, aangaande die smaadhede teenoor God, kan in tweërlei betekenis verstaan word: óf dat Hyself nie minder ontroer was deur die smaadhede wat aan God aangedoen is as wanneer Hy dit in Homself omgedra het nie; óf dat Hy so diep bedroef was om die onreg te sien wat

God aangedoen is, asof Hyself die bewerker daarvan was. Maar as Christus in ons regeer, soos wat Hy noodwendig in sy gelowiges moet regeer, sal hierdie gevoel ook in ons harte gedy, naamlik dat enigiets wat afdoen aan die eer van God ons moet bedroef, en wel asof dit aan onsself gedoen is. Weg dan met hulle, wie se hoogste verlange dit is om die grootste eerbewyse te ontvang van hulle wat die Naam van God met allerlei smaadhede aantas, Christus met die voete vertree en sy evangelie op ’n honende manier verskeur en met swaard en vuur vervolg. Dit is sekerlik nie sonder gevaar om dermate deur hulle geëer te word, deur wie Christus nie alleen verag is nie, maar ook smadelik behandel is.

4 Want alles wat tevore geskrywe is, is tot ons lering tevore geskrywe, sodat ons deur lydsaamheid en bemoediging van die Skrifte hoop kan hê.
5 En mag die God van lydsaamheid en bemoediging aan julle gee om eensgesind onder mekaar te wees ooreenkomstig die wil van Christus Jesus.
6 sodat julle die God en Vader van onse Here Jesus Christus eendragtiglik uit een mond kan verheerlik.

4 Quaecunque enim ante scripta sunt, in nostram doctrinam sunt scripta, ut per patientiam et consolationem Scripturarum spem habeamus.
5 Deus autem patientiae et consolationis det vobis idem mutuo cogitare secundum Christum Iesum;
6 Ut uno animo, uno ore, glorificetis Deum et Patrem Domini nostri Iesu Christi.

4 *Want alles wat tevore geskrywe is* ... Dit is ’n toepassing van ’n voorbeeld, sodat iemand nie mag dink dat dit alte vergesog is dat hy ons aanspoor tot navolging van Christus nie. Ja waarlik, so sê hy, daar is niks in die Skrifte wat nie van belang is vir julle onderwysing en die inrigting van julle lewe nie. Dit is ’n belangrike vers, waaruit ons verstaan dat die openbaringe van God niks onbeduidend en onvrugbaar bevat nie; terselfdertyd word ons ook geleer dat ons deur die lees van die Skrifte vordering maak in vroomheid en die heiligheid van die lewe. Derhalwe moet ons strewe om alles wat in die Skrif voorkom te leer. Die Heilige Gees word immers smaad aangedoen, as ons sou dink dat Hy iets geleer het wat ons nie aangaan om te leer nie; laat ons vervolgens weet dat alles wat daar geleer word, dien tot bevordering van die vroomheid. Maar hoewel hy oor die Ou Testament praat, moet dieselfde tog aangaande die geskrifte van die apostels opgemerk word. Want as die Gees van Christus oral aan Homself gelyk is, ly dit geen twyfel nie dat Hy sy leer nou deur die apostels, soos vroeër deur die profete, aangepas het tot stigting van sy volgelinge. Verder word hier op uitnemende wyse die dweepsiek geeste weerlê wat spog dat die Ou Testament afgeskaf is en geensins op Christene betrekking het nie. Want met watter voorwendsel sal hulle Christene

afwend van daardie dinge, waarvan Paulus getuig dat dit deur God bestem is tot hulle saligheid?

Maar wanneer hy byvoeg *sodat ons deur lydsaamheid en bemoediging van die Skrifte hoop kan hê*, omvat hy nie alle aspekte van die nut wat uit die Woord van God verkry moet word nie, maar dui hy kortliks die vernaamste doel aan. Want die Skrifte is besonderlik hierop gerig, dat dit in hulle wat tot lydsaamheid berei is en deur vertroostinge bevestig is, die hoop op die ewige lewe verwek, en hulle hou aan die oordenking daarvan. Die woord *vertroosting* gee ander weer met *bemoediging*, en dit mishaag my nie, behalwe dat vertroosting beter pas by lydsaamheid, omdat die een uit die ander voortspruit. Want ons is dan eers voorbereid om teenspoede geduldig te dra wanneer God dit versag het deur vertroosting. Die lydsaamheid van die gelowiges is immers nie daardie gehardheid wat die filosowe voorskryf nie, maar wel daardie sagmoedigheid waardeur ons ons vrywilliglik aan God onderwerp, terwyl die smaak van sy goedheid en vaderlike liefde alles vir ons soet maak. Hierdie lydsaamheid voed die hoop in ons, en hou dit in stand sodat dit nie faal nie.

5 *En mag die God van lydsaamheid* ... God word so genoem op grond van wat Hy tot stand gebring het; en dit is heel gepas vroeër toegeskryf aan die Skrif maar in ’n ander sin. Want dit is sekerlik so dat God die bewerker is van die lydsaamheid en die vertroosting, omdat Hy albei deur sy Gees in ons harte instort; tog maak Hy daartoe van sy Woord as instrument gebruik. Hy leer ons immers eers wat die ware vertroosting en die ware lydsaamheid is; en dan ontbrand en plant Hy hierdie leer in ons harte.

Waar hy vervolgens die Romeine gemaan het en tot hul plig aangespoor het, gaan hy nou oor tot die gebed, omdat hy ten volle begryp het dat daar tot geen nut geredeneer word oor die plig van enigiemand as God dit wat Hy deur die mond van ’n mens gespreek het, nie inwendig deur sy Gees volvoer nie. Die hoofsom van sy gebed is daarin geleë dat sy Gees hul harte sal lei tot ware eensgesindheid, en sal bewerk dat hulle waarlik onderling verenig. Terselfdertyd dui hy ook aan hoedanig die band van hierdie eenheid is, wanneer hy wens dat hulle eensgesind *ooreenkomstig die wil van Christus* sal wees. Want dit is ’n treurige eensgesindheid wat sonder God tot stand kom; en die eensgesindheid is sonder God as dit ons vervreem van sy waarheid.

En om die eensgesindheid in Christus des te meer aan te beveel, leer hy tot welke mate dit noodsaaklik is, omdat God nie waarlik deur ons geroem word as die harte van almal nie tot sy lof verenig en die tonge van almal nie ook saamstem nie. Derhalwe is daar geen rede waarom iemand kan roem dat hy op sy eie manier eer aan God sal gee nie, want die eenheid van sy

diensknegte is vir God so belangrik dat Hy nie wens dat sy eer sal weerklink te midde van twiste en gevegte nie. Hierdie oorweging alleen moes genoegsaam wees om die onsinnige twiste en brutale rusies te bedwing wat tans die gemoedere van baie mense alte veel in beslag neem.

7 Neem daarom mekaar aan, soos Christus ons ook aangeneem het, tot heerlikheid van God.
8 En ek sê dat Jesus Christus 'n dienaar geword het van die besnydenis ter wille van die waaragtigheid van God, om die beloftes aan die vaders te bevestig;
9 en dat die heidene ter wille van sy barmhartigheid God kan verheerlik, soos geskrywe is: Daarom sal ek U loof onder die nasies en tot eer van u Naam psalmsing.
10 En ook sê Hy: Verbly julle, o nasies, saam met sy volk;
11 en ook: Loof die Here, alle nasies, en prys Hom, alle volke.

12 En Jesaja sê ook: Die wortel van Isai sal daar wees, en Hy wat opstaan om oor die nasies te heers, op Hom sal die nasies hoop.

7 Itaque suscipite vos mutuo, quemadmodum Christus vos suscepit, in gloriam Dei.
8 Dico autem Iesum Christum ministrum fuisse circumcisionis super veritate Dei ad promissiones Patrum confirmandas:

9 Gentes autem pro misericordia glorificare debent Deum; quemadmodum scriptum est. Propter hoc confitebor tibi inter Gentes, et nomini tuo psallam:
10 Et rursus dicit, Exsultate Gentes cum populo ejus;
11 Et rursum, Laudate Dominum omnes Gentes, et collaudate eum omnes populi.
12 Et rursum Iesaias dicit, Erit radix Jesse, et qui exsurget ad imperandum Gentibus; in ipso Gentes sperabunt.

7 *Neem daarom mekaar aan* ... Hy keer nou terug na die bemoediging, en om sterker krag daaraan te verleen bly hy steeds vashou aan die voorbeeld van Christus. Want Hy het nie die een of die ander van ons omhels nie, maar almal van ons tegelyk, om ons so saam te bind dat ons mekaar wederkerig behoort te koester, indien ons inderdaad in sy boesem wil bly. So sal ons dus ons roeping bevestig as ons ons nie afskei van hulle met wie die Here ons saam verbind het nie. Die woorde *tot heerlikheid van God* kan betrek word op ons, of op Christus, of op Hom en ons tegelyk. Die laaste stel my meer tevrede, in hierdie sin: net soos Christus die heerlikheid van die Vader aan die lig gebring het deur ons almal in genade aan te neem toe ons barmhartigheid benodig het, net so is dit betaamlik dat ons daardie band, wat ons in Christus besit, moet bevestig en moet versterk om die heerlikheid van dieselfde God aan die lig te bring.

8 *En ek sê dat Jesus Christus* ... Nou toon hy aan hoe Christus ons almal omhels het, wanneer hy geen onderskeid tussen Jode en heidene laat

oorbly nie, behalwe dat Hy in die eerste plek aan die Joodse volk belowe is, en op dié manier besonderlik vir hulle bestem was, voordat Hy aan die heidene geopenbaar is. Vervolgens leer hy dat in die dinge wat die oorsprong van alle twis was, daar geen verskil tussen beide groepe is nie, omdat Hy albei uit ’n ellendige verstrooiing vergader het en gesamentlik in die koninkryk van die Vader ingelei het, sodat hulle een kudde in een skaapkraal kan wees en onder een herder. Hieruit verklaar hy dat dit gepas is dat hulle onderling eendragtig moet bly, en die een nie die ander moet verag nie, aangesien Christus geen van beide groepe in veragting gehou het nie. Hy praat dus eerste oor die Jode, en sê dat Christus aan hulle gestuur is om die waarheid van God te vervul, naamlik om die beloftes wat aan die vaders gegee is, gestand te doen. Maar dit is geen gewone eer dat Christus, die Here van hemel en aarde, die vlees aangeneem het om vir hulle saligheid sorg te dra nie. Want hoe meer Hy Hom ter wille van hulle verneder het, hoe groter eer het Hy hulle werd geag. En hy aanvaar dit as bo twyfel en algemeen onderskryf. Vreemder is dit dat daar soveel onbeskaamdheid in sommige fanatieke hoofde is, dat hulle nie aarsel om al die beloftes van die Ou Testament onder die vlees (tydelike dinge) in te sluit en aan die teenwoordige wêreld te verbind nie. Sodat die heidene nie hulself enigiets voortreflik bo die Jode aanmatig nie, verklaar Paulus uitdruklik dat die saligheid wat Christus meegebring het, kragtens die verbond eie aan die Jode is, omdat Hy deur sy koms vervul het wat die Vader eertyds aan Abraham beloof het en Hy so ’n dienaar van hierdie volk gewees het. Hieruit volg dat die ou verbond in feite geestelik was, hoewel dit aan aardse vorme gebonde was. Want die vervulling waaroor Paulus nou handel, moet noodwendig toegepas word op die ewige saligheid. Verder, sodat iemand nie kan hare kloof dat die saligheid, omdat die verbond in die hand van Abraham gelê was, alleen aan sy afstammelinge beloof was nie, skryf hy die beloftes uitdruklik aan die vaders toe. Dus moet die krag van Christus óf beperk word tot materiële voorregte, óf die verbond wat met Abraham gesluit is, moet verder uitgebrei word as die vlees.

9 *En dat die heidene ter wille van sy barmhartigheid God kan verheerlik* ... Dit is die tweede deel (van sy betoog), waarby hy langer vertoef omdat dit aan twyfel onderhewig was. Die eerste getuienis wat hy aanhaal, is geneem uit Psalm 18, wat ook voorkom in II Samuel 22, en waarin ongetwyfeld ’n profesie aangaande die koninkryk van Christus vermeld word. Paulus bewys verder die roeping van die heidene hieruit, dat die belydenis van die eer van God onder die heidene daar beloof word. En ons kan immers nie God waarlik bekend maak nie, behalwe onder hulle wat sy lofprysinge aanhoor, terwyl dit deur ons besing word. Daarom, sodat die

Naam van God onder die heidene bekend gemaak word, moet hulle met kennis begiftig word en moet hulle in die gemeenskap van God se volk kom. Jy sien dit immers oral in die Skrifte dat die lofprysinge van God nie verkondig kan word nie behalwe in die vergadering van die gelowiges, wat ore het wat in staat is om sy lof te hoor.

10 *Verbly julle, o nasies*, *saam met sy volk* ... Dat hierdie vers algemeen uitgelê word asof dit geneem is uit die lied van Moses, stel my nie tevrede nie; want Moses wil daar eerder die vyande van Israel verskrik deur God se grootheid as dat hy hulle uitnooi tot gemeenskaplike blydskap. Ek dink derhalwe dat dit eerder uit Psalm 67:5 aangehaal is, waar gelees word: *Die nasies sal bly wees en jubel, omdat U die volke regverdig oordeel en die nasies op aarde lei*. Maar dat Paulus uit sy eie byvoeg *saam met sy volk*, dit het hy gedoen ter wille van verduideliking. Want die profeet verbind stellig daar die nasies aan Israel en wek hul beide in gelyke mate op tot blydskap, wat in niks anders bestaan as die kennis van God nie.

11 *Loof die Here, alle nasies* ... Ook hierdie vers pas nie sleg in (by die verband) nie. Want hoe sal hulle wat God se grootheid nie ken nie, Hom kan loof? Hulle kon dit nog minder doen as om sy Naam aan te roep, terwyl Hy onbekend is. Derhalwe is hierdie profesie uitnemend geskik om die roeping van die heidene te bewys. Dit blyk nog duideliker uit die rede wat hy byvoeg: want hy beveel hulle om dank te bring vir die waarheid en die barmhartigheid (Ps. 117:1).

12 *En Jesaja sê ook* ... Hierdie profesie is die duidelikste van almal. Want daarin het die profeet, toe sake byna wanhopig was, die klein oorblyfsel van die gelowiges vertroos, dat uit die verdorde en verstorwe stam van die geslag van Dawid ’n spruit te voorskyn sal tree, en dat uit die veragte wortel ’n tak sal bloei, wat die volk van God sal herstel in sy oorspronklike heerlikheid. Uit die beskrywing wat daar gegee is, is dit duidelik dat hierdie spruit Christus, die Verlosser van die wêreld, is. Hy voeg vervolgens daaraan toe dat Hy as ’n teken vir die heidene opgerig word om vir hulle tot saligheid te wees. Hierdie woorde by Paulus verskil weliswaar van die Hebreeuse teks. Want terwyl ons hier lees *opstaan*, het die Hebreeuse teks *staan as teken*, wat dieselfde beteken, naamlik as ’n beeltenis wat as sigbare teken uitstaan. In plaas van *hoop* het die Hebreeuse teks *soek*; maar ooreenkomstig die mees algemene gebruik van die Skrif is die soeke na God niks anders as om op Hom te hoop nie.

Origens word in hierdie profesie die roeping van die heidene twee maal bevestig; (eerstens) daaruit dat van Christus, wat alleen onder die gelowiges regeer, gesê word dat Hy vir hulle as teken opgerig moes word,

en (tweedens) omdat gesê word dat hulle hul hoop op Christus sal vestig, wat nie kan plaasvind sonder die verkondiging van die Woord en die verligting van die Gees nie. Hiermee kom die lofsang van Simeon ooreen. Verder is die hoop op Christus ’n getuienis van sy godheid.

13 En mag die God van die hoop julle vervul met alle blydskap, en vrede deur die geloof, dat julle oorvloedig kan wees in die hoop deur die krag van die Heilige Gees!

13 Deus autem spei impleat vos omni gaudio et pace in credendo, quo abundetis in spe per potentiam Spiritus sancti.

14 Maar ek self ook, my broeders, is oortuig aangaande julle, dat julle self ook vol van goedheid is, vervuld met alle kennis, in staat om ook mekaar te vermaan.

14 Persuasus autem sum, fratres mei, ipse quoque de vobis, quod et ipsi pleni sitis bonitate, referti omni cognitione, idonei ad vos mutuo admonendos.

15 Tog het ek ten dele taamlik gewaag om aan julle te skrywe, broeders, as een wat julle herinner, kragtens die genade wat my deur God gegee is

15 Audacius autem scripsi vobis, fratres, ex parte, veluti commonefaciens vos, propter gratiam mihi datam a Deo;

16 om ’n dienaar van Jesus Christus onder die heidene te wees, ’n dienaar van die evangelie van God, sodat die offer van die heidene welgevallig kan wees, geheilig deur die Heilige Gees.

16 Ut sim minister Christi erga Gentes, consecrans evangelium Christi, ut sit oblatio Gentium acceptabilis, sanctificata per Spiritum sanctum.

13 *En mag die God van die hoop* ... Nou sluit hy ook, soos vantevore, sy uitspraak af met ’n gebed, waarin hy begeer dat aan hulle deur die Here alles gegee word wat Hy beveel het. Hieruit blyk dat die Here sy bevele in geen opsig meet aan ons kragte of die vermoë van ons vrye wil nie, en dat Hy daarom ook nie beveel wat ons pligte is sodat ons, vertrouend op eie krag, ons sal aangord tot gehoorsaamheid nie. Hy beveel inteendeel dinge wat die hulp van sy genade vereis om ons te prikkel tot gebedsywer.

Wanneer hy die *God van hoop* vermeld, kyk hy terug op die voorgaande vers, asof hy wou sê: Mag die God op wie ons almal in gelyke mate hoop, julle dan met vreugde vervul, dit wil sê, met opgeruimdheid van die gewete; vervolgens ook met eenheid en eensgesindheid, en dit om te glo; want sodat ons vrede deur God goedgekeur word, is dit gepas dat ons deur ’n suiwer en ongeskonde geloof saam verbonde is. Indien iemand verkies om ἐν τῷ πιστεύειν (terwyl geglo word) op te vat in die plek van εἰς τό (sodat geglo word), sal dit beteken dat hulle hul vrede moet aanwend tot geloof. Want dan is ons reg voorberei om te glo, wanneer ons vreedsaam en eensgesind graag dit wat hy leer, omhels. Tog is dit beter om die geloof te verbind aan die vrede en die blydskap, omdat dit die band is van die heilige

en regmatige eendrag en die stut van die vrome blydskap. Hoewel die vrede wat elkeen inwendig met God het, ook (hieronder) verstaan kan word, lei die verband ons tog eerder na die eerste verklaring.

Hy voeg verder daaraan toe *dat julle oorvloedig kan wees in die hoop*, omdat die hoop ook so in ons bevestig en vermeerder word. Met die woorde *deur die krag van die Heilige Gees* dui hy aan dat al hierdie dinge genadegawes is van die goddelike goedgunstigheid, en die woord *krag* het besondere nadruk om hierdie wonderbaarlike vermoë te vermeld, waardeur die Gees in ons die hoop, die blydskap en die vrede bewerk.

14 *Maar ek self ook, my broeders, is oortuig aangaande julle* ... Dit is ’n stelling-inname of ’n soort van toegewing om die Romeine te paai, indien hulle sou dink dat hulle deur soveel en sulke dringende vermaninge verwyt word en dat daar op dié manier onreg aan hulle gedoen word. Hy verontskuldig hom dus dat hy dit gewaag het om die amp van leermeester en vermaner onder hulle op hom te neem; en hy sê dat hy dit gedoen het, nie omdat hy geen vertroue gehad het in hulle wysheid of goedgesindheid of standvastigheid nie, maar omdat hy daartoe kragtens sy amp gedwing word. Want so verwyder hy elke verwyt van onverdraagsaamheid, wat daar besonderlik bestaan as iemand homself opdring aan die amp van ’n ander, of hom bemoei met daardie sake wat hom nie aangaan nie. Hierin is die uitsonderlike beskeidenheid van die heilige gemoed te sien, vir wie niks meer behaaglik was as om as niks geag te word nie, as die leer wat hy verkondig maar gesag dra. Daar was by die Romeine baie hoogmoed; die naam van die stad het selfs die geringstes onder die gewone mense opgeblase gemaak, sodat hulle nouliks ’n vreemde meester, laat staan nog ’n buitelander en ’n Jood, kon verdra. Paulus wil nie hierdie hoogmoed in sy eie naam die stryd aansê nie, maar hy bedwing dit tog as ’t ware met strelende woorde, wanneer hy getuig dat hy hierdie verpligtinge kragtens sy apostoliese amp onderneem.

Dat julle self ook vol van goedheid is, vervuld met alle kennis ... Daar is vernaamlik twee gawes van vermaning, naamlik vriendelikheid, wat sy ingesteldheid daartoe neig om broeders met sy raad behulpsaam te wees, en sy gelaatsuitdrukking en woorde met vriendelikheid temper; (ten tweede) behendigheid in raadgewing of wysheid, wat aan hom die gesag verleen om die toehoorders, tot wie hy sy prediking rig, tot nut te kan wees. Want niks is meer in stryd met broederlike vermaninge as boosaardigheid en verwaandheid nie, wat meebring dat ons op die dwalinge met minagting neersien, en verkies om die spot (met hulle) te dryf eerder as om hulle te verbeter. Ook venynigheid, of dit in die woorde of in die gelaatsuitdrukking voorkom, ontneem aan die vermaninge hul vrug. Maar verder sal jy, hoe jy

ook al uitblink in ’n vriendelike gesindheid en in minsaamheid, tog nie geskik wees om te vermaan, as jy nie sterk staan in wysheid en ervaring nie. Albei hierdie gawes skryf hy dan toe aan die Romeine, terwyl hy aan hulle getuienis gee dat hulle self, sonder die hulp van ander, in staat is om mekaar wedersyds te vermaan. Hy erken immers dat hulle oorvloedig is in welwillendheid en ervaring, en daaruit volg, dat hulle bekwaam is om te vermaan.

15 *Tog het ek ten dele taamlik gewaag om aan julle te skrywe* ... Hier volg die verontskuldiging, en om in die aanvoering daarvan meer beskeie te wees, sê hy by wyse van ’n toegewing dat hy vrypostig (gewaagd) gehandel het, omdat hy tussenbeide getree het in ’n saak wat hulle self kon volvoer het. Maar hy voeg by dat hy hierdie gewaagdheid op hom geneem het uit die noodsaaklikheid van sy amp, omdat hy ’n bedienaar van die evangelie onder die heidene is, en daarom hulle, wat tot die getal van die heidene behoort, nie kon verbygaan nie. Hy verneder hom egter so, dat hy die voortreflikheid van sy amp roem. Want wanneer hy die genade van God vermeld, waardeur hy tot die verhewe stand verhef was, duld hy nie dat dit wat hy kragtens sy apostoliese amp volvoer, verag word nie. Bowendien ontken hy dat hy die rol van leermeester aanvaar het, maar die rol van vermaner, wie se taak dit is om dinge wat origens nie onbekend is nie, in herinnering te bring.

16 ... ’n *dienaar van die evangelie van God* ... Ek verkies dit (hierdie vertaling) so, eerder as hoe Erasmus dit aanvanklik weergegee het met *administreer*. Daar is niks meer seker as dat Paulus hier sinspeel op die heilige geheimenisse wat deur die priester verrig is nie. Hy maak homself tot hoëpriester of priester in die bediening van die evangelie, wat die volk wat hy vir God verkry het, as ’n offerande opoffer en op hierdie manier besig is met die heilige verborgenhede van die evangelie. En dit is waarlik die priesterskap van ’n Christelike herder om mense as ’t ware aan God op te offer deur hulle te bring tot gehoorsaamheid aan die evangelie; egter nie om, soos die papiste tot dusver hoogmoedig gespog het, Christus te offer om die mense met God te versoen nie. En tog noem hy die kerklike herders nie blootweg *priesters* as ’n ewigdurende titel nie, maar omdat Paulus die waardigheid en werksaamheid van die bediening wil aanprys, maak hy by hierdie geleentheid gebruik van hierdie beeldspraak. Deur die verkondiging van die evangelie binne hul amp, is die doel derhalwe om siele wat deur die geloof gereinig is, aan God te offer. Wat Erasmus later verbeter het na *terwyl die evangelie geoffer word*, is nie alleen onvanpas nie, maar verduister ook die betekenis. Die evangelie is immers eerder soos ’n swaard waarmee die dienaar mense as slagoffers aan God offer.

Hy voeg daaraan toe dat sodanige offers vir God aanneemlik is, wat nie alleen strek tot aanbeveling van die bediening nie, maar ook tot die uitnemende vertroosting van hulle wat hulself oorgee om ten offer geheilig te word. Net soos die ou offers vroeër deur uitwendige heiliging en afwassing aan God gewy is, so word ook hierdie offerandes aan die Here gewy deur die Gees van heiligheid, deur wie se krag dit wat inwendig in hulle werksaam is, van die wêreld geskei word. Want hoewel die reinheid van gees uit die geloof in die Woord voortkom, tog behoort die werk van reiniging in waarheid en na regte aan die Gees, omdat die stem van die mens in sigself onwerksaam en dood is.

17 Ek het dan rede om te roem in Christus Jesus, in die dinge aangaande God.
18 Want ek sal nie waag om iets te sê van dinge wat Christus nie deur my gewerk het nie – om die heidene tot gehoorsaamheid te bring, met woord en daad,
19 deur die krag van tekens en wonders, deur die krag van die Gees van God, sodat ek die evangelieverkondiging van Christus volbring het van Jerusalem af en rondom tot by Ilírikum;
20 maar só dat ek my eer daarin gestel het om die evangelie te verkondig, nie waar Christus alreeds bekend was nie – om nie op die fondament van ’n ander te bou nie –
21 maar soos geskrywe is: Hulle aan wie niks van Hom vertel is nie, sal dit sien; en hulle wat nie gehoor het nie, sal dit verstaan.

17 Habeo igitur quod glorier per Iesum Christum in iis quae ad Deum pertinent.
18 Non enim ausim loqui quicquam de iis quae non effecit Christus per me, in obedientiam Gentium, sermone et opere;
19 In potentia signorum et prodigiorum, in potentia Spiritus Dei, ut ab Ierusalem et in circuitu usque in Illyricum impleverim evangelium Christi:
20 Ita annitens praedicare evangelium, non ubi nominatus erat Christus, ne super alienum fundamentum aedificarem;
21 Sed quemadmodum scriptum est, Ii quibus non annuntiatum est de eo, videbunt, et qui non audierunt, intelligent.

17 *Ek het dan rede om te roem* ... Nadat hy sy roeping in die algemeen aangeprys het, sodat die Romeine waarlik en ontwyfelbaar sal weet dat hy ’n apostel van Christus is, voeg hy nou getuienisse by, waarmee hy bewys dat hy sy apostoliese amp, wat deur ’n besluit van God opgelê is, nie alleen aanvaar het nie, maar ook met bekendheid versier het. Terselfdertyd herinner hy ook aan sy trou wat hy in die beoefening van hierdie amp betoon het. Dit sou immers van weinig betekenis gewees het dat ons aangestel is as ons nie aan ons roeping beantwoord het en aan ons amp voldoen het nie. En hy doen dit nie met ’n begeerte om eer te verwerf nie, maar omdat niks weggelaat moes word wat die aansien en gesag van sy leer by die Romeine sou verkry nie. Dus roem hy in God en nie in homself

nie, want hy streef na niks anders behalwe om die volle roem aan God te bring nie.

En dat hy alleen in negatiewe sin praat, is seker ’n teken van beskeidenheid, maar dra ook by om die dinge wat hy wil tuisbring, geloofwaardig te maak, asof hy wou sê: die waarheid self gee aan my soveel stof tot roem dat ek geen behoefte het om valse en vreemde lof te soek nie – ek is met die ware lof tevrede. Miskien wou hy ook die ongunstige gerugte afweer, waarvan hy geweet het dat dit oral deur kwaadwilliges versprei word, en hy vermeld dus dat hy slegs sal praat oor sake wat goed bekend is.

18 ... *om die heidene tot gehoorsaamheid te bring* ... Hierdie woorde dui aan wat sy voorneme is, naamlik om by die Romeine ’n prys te plaas op sy bediening, sodat sy leer nie sonder vrug sal wees nie. Daarom toon hy met tekens aan dat God deur die teenwoordigheid van sy krag getuienis gegee het van sy prediking en in ’n sekere sin sy apostelskap verseël het, sodat daar by niemand twyfel behoort te wees dat hy deur die Here aangestel en uitgestuur is nie. Die tekens is die *woord*, die *werk* en die *wonders*. Hieruit blyk dat die woord *werk* ’n ruimer betekenis het as *wonders*. Ten slotte sluit hy af met *deur die krag van die Gees*, waarmee hy aandui dat hierdie dinge nie kon gebeur het as die Gees nie die bewerker daarvan was nie. In kort verklaar hy dat hy in die predik van Christus, sowel in die lering as die uitvoering, soveel krag en energie gehad het, waarin die wonderbaarlike krag van God blyk, en dat daar wonders bygekom het wat as ’t ware seëls was om die kennis van daardie dinge sekerder te maak.

Hy stel eers die *woord* en die *werk*; daarna lê hy nadruk op een soort van werk, naamlik die vermoë om wonders te verrig. So word dit ook by Lukas gevind, waar hy sê dat Christus magtig is in woord en werk (Luk. 24:19). So ook by Johannes (Joh. 5:36) waar Christus self die Jode verwys na sy werke, waaruit hulle ’n getuienis het van sy goddelikheid. En hy noem nie die wonders sonder meer nie, maar dui dit met twee benaminge aan. Maar dit wat hy hier *die krag van tekens en wonders* noem, dui Petrus in Handelinge 2:22 aan met *kragte en wonders en tekens*. En dit is sekerlik getuienisse van die goddelike krag om mense wakker te skud, sodat hulle deur die krag van God getref word om Hom te bewonder en terselfdertyd te aanbid; en dit is nie sonder betekenis nie, maar spoor ons aan om iets aangaande God te begryp.

Dit is ’n merkwaardige vers aangaande die nut van wonders, naamlik om by die mense eerbied vir en gehoorsaamheid aan God tuis te bring. So lees jy by Markus (Mark. 16:20) dat die Here die leer bevestig het deur daaropvolgende tekens. So verhaal Lukas ook in Handelinge 14:3 dat die

Here deur wonders getuienis gegee het aan die Woord van sy genade. Dit staan derhalwe vas dat die wonders wat eer soek vir skepsels, en nie vir God nie, en lei tot geloof in die leuens en nie in die Woord van God nie, uit die duiwel is. Die *krag van die Gees van God* wat hy in die derde plek stel, pas ek op albei (verwysings) toe.

19 ... *sodat ek die evangelieverkondiging van Christus volbring het van Jerusalem af en rondom tot by Ilírikum ...* Hy voeg hier ook ’n getuienis by wat hy aan die uitwerking ontleen; want die vrug wat uit sy prediking gevolg het, het al die vermoëns van die mens te bowe gegaan. Wie sou immers soveel gemeentes vir Christus kon versamel het, as dit nie gesteun was deur die krag van God nie? Van Jerusalem af, sê hy, het ek die evangelie bekend gemaak tot by Ilírikum, en nie deur langs ’n reguit pad voort te spoed na die doel nie, maar deur die streke wat tussenin geleë is, al rondgaande te deurkruis. Verder, die woord πεπληρωκέναι[1]) wat ons in navolging van ander vertaal met *vervul*, beteken ook *om te vervolmaak en aan te vul* wat ontbreek. Gevolglik beteken πλήρωμα in Grieks, sowel *volmaaktheid* as *aanvulling*. Ek verklaar dit liewer so: dat hy die prediking van die evangelie versprei het deur dit as ’t ware aan te vul; want andere het eerste daarmee begin, maar hyself het dit verder versprei.

20 *Maar só dat ek my eer daarin gestel het om die evangelie te verkondig* ... Omdat dit vir Paulus noodsaaklik was dat hy hom nie alleen as dienskneg van Christus en as herder van die Christelike kerk bewys nie, maar ook om sy rol en amp as apostel op te eis om by die Romeine toegang (aanhoor) te verkry, vermeld hy hier die eiesoortige en besondere kenmerk van die apostelskap. Dit is naamlik die plig van ’n apostel om die evangelie te versprei waar dit nog nie verkondig is nie, ooreenkomstig hierdie bevel: *Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom* (Mark. 16:15). Hierop moet noukeurig gelet word, sodat ons nie hieruit ’n algemene voorbeeld trek van dit wat besonderlik aan die rang van apostels toekom nie. Dit moet immers ook nie as ’n fout beskou word as ’n opvolger gestel word in die plek van hom wat die kerk gestig het nie. Die apostels is derhalwe as ’t ware die grondleggers van die kerk, en die herders, wat hulle opvolg, behoort die gebou wat deur hulle opgerig is, in stand te hou en ook uit te brei. *Die fondament van ’n ander* noem hy dit

---

[1]) In die *Corpus Reformatorum* lees hierdie woord πεπληρωμέναι. In THL Parker se uitgawe word hierdie lesing ook gevolg. Aangesien geen van die beskikbare Nuwe-Testamentiese manuskripte die woord πεπληρωμέναι bevat nie, is dit moeilik om ’n verklaring vir hierdie verskil in lesings te vind. – *die vertaler*

wat deur die hand van ’n ander gelê is. Origens is Christus die enigste steen waarop die kerk gegrondves word (I Kor. 3:11 en Ef. 2:20).

21 *Maar soos geskrywe is* ... Dit wat hy gesê het aangaande die kenteken van sy apostelskap, bevestig hy met ’n profesie van Jesaja. Want wanneer hy in hoofstuk 52 vers 10 praat van die koninkryk van die Messias, profeteer hy onder andere dat dit oor die hele wêreld uitgebrei moet word, en dat die kennis van Christus selfs na die heidene, wat sy Naam nie voorheen gehoor het nie, uitgedra moet word. Dit moes deur die apostels gebeur, aan wie hierdie opdrag besonderlik gegee is; daarom word die apostelskap van Paulus deur die vervulling van hierdie profesie openbaar gemaak.

Dit sou verkeerd wees as iemand probeer om dit te betrek op die herderlike amp, omdat ons weet dat in die gemeentes wat reg georden is, en waar die waarheid van die evangelie reeds ontvang is, die Naam van Christus voortdurend gepredik moet word. Paulus was dus ’n verkondiger van Christus, tot dan toe onbekend aan die vreemde nasies, onder hierdie voorwaarde dat na sy heengaan dieselfde leer daagliks op alle plekke in die mond van die herders moet weerklink. Want dit is seker dat die profeet praat oor die eerste begin van die koninkryk van Christus.\

22 Daarom is ek ook elke keer verhinder om na julle te kom;
23 Maar nou dat ek geen plek meer het in hierdie streke nie en al baie jare die begeerte het om na julle te kom,

24 sal ek na julle kom wanneer ek na Spanje reis: want ek hoop om julle op my deurreis te sien en deur julle daarheen voortgehelp te word, as ek eers ’n tyd lank van julle geniet het.

22 Itaque impeditus etiam saepius fui quominus venirem ad vos;
23 Nunc vero nullum amplius locum habens in his regionibus, desiderium autem habens a multis annis veniendi ad vos;
24 Si quando in Hispaniam proficiscar, veniam ad vos: spero enim fore ut istac iter faciens videam vos, et illuc a vobis deducar, si tamen prius ex parte vestra consuetudine fuero expletus.

22 *Daarom is ek ook elke keer verhinder* ... Wat hy gesê het oor sy apostelskap, trek hy nou ook deur tot ’n ander punt, naamlik om hom te verontskuldig dat hy nooit by hulle uitgekom het nie, terwyl hy tog vir hulle nie minder as vir ander bestem was nie. Dus dui hy in die verbygaan aan dat hy deur van Judea af tot aan Ilírikum die evangelie te verkondig, as ’t ware ’n loop volvoer het wat deur die Here aan hom opgelê was, maar dat, as dit voltooi is, hy tot doel het om hulle nie te verwaarloos nie. En sodat hulle nie sou dink dat hulle ook intussen verwaarloos is nie, verwyder hy

hierdie vermoede wanneer hy getuig dat die begeerte reeds lank tevore by hom nie ontbreek het nie. Dat hy dit nie eerder gedoen het nie, is veroorsaak deur ’n geregverdigde verhindering; hy gee hulle nou hoop, so spoedig as wat sy roeping dit toelaat.

Uit hierdie gedeelte word egter ’n swak argument afgelei betreffende sy reis na Spanje; omdat hy die voorneme so in sy gemoed gevorm het, volg dit immers nie onmiddellik dat hy dit volvoer het nie. Want hy praat alleen oor ’n hoop, waarin hy net soos ander gelowiges menigmaal teleurgestel kon word.

24 ... *want ek hoop* ... Hier raak hy die rede aan waarom hy so lank gewens het om na hulle te gaan en nou daartoe besluit het, naamlik sodat hy hulle mag sien, dit wil sê om hul aanblik en gesprek te geniet, en ook om homself aan hulle bekend te maak volgens die aard van sy amp, want onder die koms van die apostels word ook die toegang tot die evangelie opgesluit.

Wanneer hy sê *en deur julle daarheen voortgehelp te word*, gee hy daarmee te kenne hoeveel hy verwag van hulle goedgunstigheid. Ons het voorheen daaraan herinner dat dit die beste manier is om guns te bekom. Want hoe meer vertroue iemand hoor dat daar in hom gestel word, hoe meer ag hy hom gebonde, aangesien ons dit skandelik en onmenslik ag om iemand teleur te stel in sy mening oor ons. Maar wanneer hy byvoeg *as ek eers ’n tyd lank van julle geniet het*, gee hy getuienis van die wederkerige goedgunstigheid van sy gees jeens hulle; en om hulle hiervan te oortuig, was noodsaaklik in belang van die evangelie.

25 Maar nou reis ek na Jerusalem in diens van die heiliges.

26 Want Macedónië en Acháje het dit goedgevind om iets by te dra vir die armes onder die heiliges in Jerusalem.

27 Hulle het dit goedgevind sê ek, en hulle is ook hul skuldenaars; want as die heidene deel gekry het aan hulle geestelike voorregte, is hulle ook verskuldig om hulle met stoflike goedere te dien.
28 As ek dit volbring het en vir hulle hierdie vrug veilig oorgebring het, sal ek by julle langs na Spanje afreis.

25 Nunc vero proficiscor Hierosolymam ad ministrandum sanctis.
26 Placuit enim Macedoniae et Achaiae communicationem facere in pauperes sanctos qui sunt Hierosolymis:
27 Placuit, inquam, et debitores sunt ipsorum; si enim spiritualibus ipsorum communicarunt Gentes, debent et in carnalibus ministrare ipsis.

28 Hoc igitur quum perfecero, et obsignavero illis fructum hunc, proficiscar per vos in Hispaniam.
29 Scio autem quod quum venero ad vos, in

29 En ek weet dat as ek na julle kom, ek met die volle seën van die evangelie van Christus sal kom.

plenitudine benedictionis evangelii Christi venturus sum.

25 *Maar nou reis ek na Jerusalem* ... Sodat hulle sy koms nie dadelik sou verwag nie en nie sou dink dat daar (bloot) woorde aan hulle gegee is nie, as hy stadiger kom as hul verwagting, verklaar hy watter sake hy tans op hande het, sodat hy die reis nie dadelik kan onderneem nie; want hy was op pad na Jerusalem om die aalmoese wat deur Acháje en Macedónië ingesamel is, oor te dra. Maar terselfdertyd gebruik hy hierdie geleentheid om hierdie insameling aan te prys, waardeur hy hulle by wyse van ’n soort wenk tot navolging aanmoedig. Hoewel hy dit immers nie openlik vra nie, dui hy tog aan, terwyl hy in gedagte bring dat Acháje en Macedónië gedoen het wat hulle moes doen, wat die plig van die Romeine is wat in dieselfde omstandighede verkeer het. En dat hy dit voor oë gehad het, erken hy openlik teenoor die Korinthiërs; as hy sê: *Want ek ken julle bereidwilligheid waarop ek oor julle by die Macedóniërs roem, dat Acháje ’n jaar gelede gereed was, en dat die ywer wat van julle uitgegaan het, baie ander aangespoor het* (II Kor. 9:2).[1)]

Dit was egter ’n seldsame vroomheid dat die Grieke, toe hulle gehoor het dat hul broeders te Jerusalem gebuk gegaan het onder armoede, nie gedink het aan die afstand tussen die plekke wat hulle van mekaar skei nie, maar hulle materiële nood uit hul oorvloed versag het, gelei daardeur dat hulle wat deur die band van die geloof verbonde is, naby genoeg aan mekaar is. Daar moet gelet word op die woord *communicatio* (mededeling) wat hy hier gebruik, want dit druk op uitnemende wyse uit in watter gesindheid dit ons betaam om die gebrek van ons broeders te ondersteun; naamlik omdat daar weens die gemeenskaplike en wedersydse eenheid van die liggaam ’n (goeie) rede is. Die voornaamwoord τινὰ het ek nie vertaal nie, omdat dit dikwels by die Grieke oorbodig is en die beklemtoning in hierdie gedeelte skyn te verswak. Waar ons vertaal met *om te dien*, is daar in die Grieks die teenwoordige deelwoord *dienende*; maar dit lyk vir my beter om aan Paulus se bedoeling uitdrukking te gee; want hy verontskuldig homself dat hy deur ’n geldige bedrywigheid in beslag geneem was, sodat hy nie dadelik na Rome kon haas nie.

27 ... *en hulle is ook hul skuldenaars* ... Daar is niemand wat nie kan insien dat wat hier gesê word aangaande ’n verpligting, nie soseer ter wille van die Korinthiërs as ter wille van die Romeine gesê word nie; want die

---

[1)] Dit is soos dit in die 1933-1953 Afrikaanse vertaling lui. Calvyn haal hierdie teks egter enigsins verkort in sy eie woorde aan. – *die vertaler*

Korinthiërs of die Macedóniërs was aan die Jode niks meer verskuldig as die Romeine nie. Hy voeg die rede van die verpligting by, naamlik dat hulle die evangelie van hulle (die Jode) ontvang het; en hy ontleen sy argument aan ’n vergelyking van die mindere met die meerdere, soos hy ook elders gebruik (I Kor. 9:11) naamlik dat dit nie vir hulle na ’n onbillike en swaar vergoeding behoort te lyk om vleeslike dinge, wat oneindig minder werd is, te verruil vir geestelike gawes nie. Hiermee toon hy egter aan wat die waarde van die evangelie is, omdat hy verklaar dat hulle gebonde is, nie alleen teenoor die bedienaars van die evangelie nie, maar ook teenoor die hele volk van wie die bedienaars uitgegaan het.

Let egter op die woord λειτουργῆσαι (om te bedien) wat aandui dat hy sy amp in openbare belang uitoefen en die laste van sy roeping op hom neem. Soms word dit ook betrek op heilige handelinge. En ek twyfel nie daaraan dat Paulus ’n soort offerande aandui wanneer die gelowiges van hul eie gee om die nooddruf van hul broeders te verlig nie. Want so vervul hulle die plig van liefde wat hulle verskuldig is. Terselfdertyd bring hulle aan God ’n offerande met ’n aanvaarbare geur. In hierdie gedeelte het hy egter besonderlik teruggesien op die wedersydse reg van vergoeding.

28 *As ek dit volbring het en vir hulle hierdie vrug veilig oorgebring het* ... Dat sommige dink dat hy sinspeel op die ou gewoonte dat hulle wat iets veilig wou bewaar, dit met ’n seëlring weggesluit het, keur ek nie af nie[1)]. Op hierdie manier prys Paulus sy betroubaarheid en eerlikheid aan, asof hy wou sê dat hy die eerlike bewaarder was van die geld wat in sy hande oorgedra is, en dit nie anders as verseëld by hom dra nie. Met die woord *vrug* skyn hy die opbrengs aan te dui, wat hy vantevore gesê het dat dit na die Jode teruggekeer het vanuit die uitsaai van die evangelie, net soos ’n akker sy bewerker met die voortgebragte vrugte voed.

29 *En ek weet dat as ek na julle kom, ek met die volle seën* ... Hierdie woorde kan op twee maniere uitgelê word: Die eerste betekenis is dan dat hy te Rome ’n oorvloedige vrug van die evangelie sal terugvind, want dit is tog die seën van die evangelie as dit vrugte dra by wyse van goeie werke. Dat sommige dit beperk tot die aalmoese, vind ek nie aanvaarbaar nie. Die tweede is dat hy, om sy koms na hulle meer begeerlik te maak, sê dat hy hoop dat dit nie sonder vrug sal wees nie, maar aan die evangelie ’n groot

---

[1)] Weereens verskil die Afrikaanse vertaling van beide dié van Calvyn en die Engelse *Authorized Version*. Waar die Afrikaans lui *hierdie vrug veilig oorgebring het*, lees die Engelse weergawe *and have sealed to them this fruit*. Calvyn se vertaling korrespondeer met die Engelse weergawe – verskille in die gebruikte grondtekste moet die oorsaak wees. – *die vertaler*

toeganklikheid sal besorg. Hy noem dit *die volle seën* in die plek van *volle seëning*, en hy dui met hierdie woorde ’n gunstige resultaat en uitbreiding aan. Maar hierdie seëning het deels afgehang van sy bediening en deels van hulle geloof. Daarom stel hy dit in die vooruitsig dat sy koms na hulle nie vrugteloos sal wees nie, omdat hy hulle nie sal teleurstel in die genade wat aan hulle gegee is nie, maar dit uitnemend sal belê, omdat hulle met ’n vurigheid van gees vervul was om die evangelie te ontvang.

Die eerste verklaring is algemeen aanvaar en word ook deur my goedgekeur; naamlik dat hy gehoop het om by sy aankoms te vind wat hy allermees begeer het, te wete dat die evangelie by hulle met die gunstigste gevolge sal groei en bloei, omdat hulle uitblink in heiligheid en alle soorte deugde. Hy vermeld immers die rede vir sy begeerte, naamlik omdat hy geen gewone vreugde verwag om hulle te aanskou nie, van wie hy sal sien dat hulle met die geestelike rykdom van die evangelie oorloop.

30 Maar ek vermaan julle, broeders, by onse Here Jesus Christus en by die liefde van die Gees, om saam met my in die gebede te stry vir my by God,

31 dat ek verlos mag word van die ongehoorsame mense in Judéa en dat my diensbetoning aan Jerusalem aanneemlik mag wees vir die heiliges,
32 sodat ek met blydskap deur die wil van God by julle kan kom en my naam met julle kan verkwik.
33 En die God van vrede sy met julle almal! Amen.

30 Obsecro autem vos fratres, per Dominum nostrum Iesum Christum et per dilectionem Spiritus, ut concertetis mihi in precibus vestris pro me ad Deum;
31 Ut liberer ab incredulis in Iudea, et ut ministerium meum quod suscipio erga Ierusalem acceptum sit sanctis;

32 Ut cum gaudio veniam ad vos per voluntatem Dei, unaque vobiscum refociller. Deus autem pacis sit cum omnibus vobis. Amen.

30 *Maar ek vermaan julle, broeders* ... Uit baie plekke is dit bekend hoeveel misnoeë teen Paulus in sy volk weens vals beskuldigings ontbrand het, asof hy ’n afvalligheid van Moses geleer het. Hy het geweet hoeveel lasterlikhede onskuldiges kon beswaar, veral by hulle wat deur ’n onbesonne ywer gedryf word. Hierby het ook die getuienis van die Gees gekom, waaraan hy herinner in Handelinge 20:23, en waardeur hy herhaaldelik gewaarsku is dat daar vir hom te Jerusalem gevangenskap en beproewinge te wagte was. Hoe meer gevaar hy bemerk het, hoe meer was hy ontroerd. Vandaar soveel besorgdheid in die aandrang by die gemeentes oor sy veiligheid. En ons moet nie verwonderd wees dat hy so besorgd was oor sy eie lewe nie, omdat hy geweet het hoeveel gevaar die

bedreiging van sy lewe vir die kerk meegebring het. Derhalwe getuig hy hoe bewoë sy vrome gemoed was, deur die vurigheid wat daar in hierdie beroep is, wanneer hy by die Naam van die Here ook byvoeg *en die liefde van die Gees*, waardeur alle heiliges wederkerig verbonde behoort te wees. Maar hoewel hy in so ’n groot vrees verkeer, sien hy nie daarvan af om voort te gaan nie. Hy vrees die gevaar nie só asof hy nie bereid is om vrywillig voort te gaan nie; hy berei homself voor met die middele wat deur God aan hom gegee is. Hy roep immers die hulp van die kerk in sodat hy, gesteun deur hulle gebede, daaruit ’n soort van troos mag aanvoel, ooreenkomstig die belofte van die Here: *Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde* (Matt. 18:20) en: *As twee van julle saamstem op aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemel is* (Matt. 18:19).[1)] En sodat iemand nie sal dink dat dit ’n betekenislose beroep is nie, smeek hy hulle by Christus en die liefde van die Gees. Die liefde van die Gees waarin Christus ons tesame bind, word genoem omdat dit nie iets van die vlees of die wêreld is nie, maar van sy Gees wat die band van ons eenheid is. Aangesien dit dan so ’n weldaad van God is om deur die gebede van gelowiges gehelp te word, dat selfs Paulus, die mees uitverkore werktuig van God, nie sou oorweeg het om dit te verwaarloos nie, watter soort laksheid sal dit wees as ons, as ellendige en nikswerd mensies, dit sou verag? Vervolgens is dit ’n alte groot onbeskaamdheid om in sodanige verse ’n geleentheid aan te gryp om die tussenkoms van die heilige gestorwenes af te lei.

... *om saam met my in die gebede te stry* ... Erasmus het dit nie sleg weergegee nie: *Sodat julle my, terwyl ek in stryd verkeer, help*; maar omdat die Griekse spreekwyse van Paulus ’n sterker betekenis het, verkies ek om dit woordeliks weer te gee. Want met die woord *stry* dui hy aan deur watter benoudhede hy gekwel was, en wanneer hy beveel dat hulle hom moet bystaan in hierdie stryd, leer hy watter gevoel die gebede van die vromes teenoor hul broeders behoort te hê. Hulle moet naamlik die persoon van die ander in hulself opneem, asof hulle in dieselfde noodtoestand geplaas is. Ten slotte dui hy ook aan watter uitwerking dit het; want hy wat sy broeder aan die Here opdra, neem ’n deel van sy nood op hom en verlig sy nood in gelyke mate. En sekerlik, as ons krag geleë is in die aanroeping van die Naam van God, kan ons ons broeders nie beter versterk as om die Naam van God oor hulle aan te roep nie.

31 ... *en dat my diensbetoning aan Jerusalem aanneemlik mag wees* ... Sy lasteraars was so suksesvol in hul beskuldiging teen hom dat hy ook ongerus was dat die geskenk uit sy hand, wat andersins in soveel nood kon

---

[1)] Calvyn haal hierdie laaste teks heelwat korter aan. – *die vertaler*

voorsien het, kwalik aanvaarbaar sou wees. En hieruit blyk sy wonderbaarlike sagmoedigheid, dat hy nie daarvan afgesien het om vir hulle moeite te doen nie, van wie hy betwyfel het of hulle dankbaar sou wees. Hierdie gesindheid behoort ons na te volg, sodat ons nie ophou om hulle te bevoordeel oor wie se dankbaarheid ons geensins seker is nie. Dit moet opgemerk word dat hy hulle van wie hy gevrees het dat hulle verdag en ondankbaar was, (die benaming) *heiliges* waardig ag. Hy het ook geweet dat die heiliges somtyds deur valse aantygings tot ongunstige opvattings gevoer kan word, en hoewel hy weet dat hulle hom onreg aandoen, sien hy nie daarvan af om tog op ’n eervolle manier van hulle te praat nie.

Wanneer hy byvoeg *sodat ek ... by julle kan kom*, dui hy aan dat hierdie gebed ook vir hulle nuttig sal wees, en dat dit in hulle belang is dat hy nie in Judea omgebring word nie. Vir die woord *met blydskap* geld dieselfde; want vir die Romeine sal dit ook nuttig wees dat hy in ’n opgewekte stemming en bevry van alle droefheid na hulle kom, sodat hy met des te meer moed en krag sy werk onder hulle kan verrig. En met die woord *verkwik* of *tot rus kom* toon hy nogmaals aan met hoeveel sekerheid hy aangaande hul liefde oortuig is. Die woorde *deur die wil van God* herinner daaraan hoe noodsaaklik dit is om met gebede te volhard, omdat God alleen al ons weë deur sy voorsienigheid bestuur.

En die God van vrede ... Uit die omvattende toegevoegde woord *almal* lei ek af dat hy nie alleen begeer het dat God teenoor die Romeine naby en gunstig gestem sal wees nie, maar dat Hy elkeen van hulle afsonderlik sal regeer. Die toevoeging *van vrede* het immers, soos ek dink, betrekking op die heersende omstandighede, sodat God wat die Bewerker van die vrede is, almal eendragtig sal bewaar.

HOOFSTUK 16

1 EK beveel by julle aan ons suster Fébé, wat ’n dienares is van die gemeente in Kenchréë,
2 dat julle haar ontvang in die Here, soos dit die heiliges betaam, en haar bystaan in elke saak waarin sy julle nodig mag hê. Want sy was vir baie ’n beskermster en ook vir my.
3 Groet Priscílla en Áquila, my medewerkers in Christus Jesus,
4 wat vir my hulle lewe gewaag het; nie ek

1 Commendo autem vobis Phoebem sororem nostram, quae est ministra ecclesiae Cenchreensis;
2 Ut eam suscipiatis in Domino, ut dignum est sanctis, et adsitis ei in quocunque vobis eguerit negotio; etenim ipsa cum multis affuit, tum etiam mihi ipsi.
3 Salutate Priscam et Acylam, cooperarios meos in Christo Iesu;
4 Qui pro anima mea suam ipsorum

alleen dank hulle nie, maar ook al die gemeentes van die heidene.

5 *Groet* ook die gemeente by hulle aan huis. Groet Epénetus, my geliefde, wat die eersteling van Acháje is vir Christus.
6 Groet Maria wat baie vir ons gearbei het.
7 Groet Andronícus en Júnias, my stamgenote en my medegevangenes, wat in aansien is onder die apostels en reeds voor my in Christus gewees het.
8 Groet Ámplias, my geliefde in die Here.
9 Groet Urbánus, ons medewerker in Christus, en Stáchis, my geliefde.

10 Groet Apélles, die beproefde in Christus. Groet hulle wat van die huis van Aristobúlus is.
11 Groet Heródion, my stamgenoot. Groet hulle wat van die huis van Narcíssus is, die wat in die Here is.

12 Groet Triféna en Trifósa, vroue wat in die Here arbei. Groet Pérsis, die geliefde vrou, wat baie in die Here gearbei het.
13 Groet Rufus, die uitverkorene in die Here, en sy moeder en myne.
14 Groet Asínkritus, Fregon, Hermas, Pátrobas, Hermes en die broeders wat saam met hulle is.
15 Groet Filólogus en Julia, Néreus en sy suster en Olímpas en al die heiliges wat saam met hulle is.
16 Groet mekaar met ’n heilige kus. Die gemeentes van Christus groet julle.

cervicem posuerunt, quibus non ego solus gratias ago, sed etiam omnes ecclesiae Gentium;
5 Et domesticam eorum ecclesiam. Salutate Epaenetum mihi dilectum qui est primitiae Achaiae in Domino.

6 Salutate Mariam, quae multum laboravit erga nos.
7 Salutate Andronicum et Juniam, cognatos meos et cocaptivos meos, qui sunt insignes inter Apostolos, qui etiam ante me fuerunt in Christo.
8 Salutate Ampliam, dilectum meum in Domino.
9 Salutate Urbanum, adjutorem nostrum in Christo et Stachyn dilectum meum.
10 Salutate Apellen, probatum in Christo. Salutate eos qui sunt ex Aristobuli familiaribus.
11 Salutate Herodionem, cognatum meum. Salutate eos qui sunt ex Narcissi familiaribus, hos qui sunt in Domino.
12 Salutate Tryphaenam et Tryphosam, quae laborant in Domino. Salutate Persidem dilectam, quae multum laboravit in Domino.
13 Salutate Rufum electum in Domino et matrem illius ac meam.
14 Salutate Asynchritum, Phlegontem, Hermam, Patrobam, Mercurium, et qui cum his sunt fratres.
15 Salutate Philologum et Iuliam, Nereum et sororem ejus, et Olympam, et qui cum his sunt omnes sanctos.
16 Salutate vos invicem in osculo sancto. Salutant vos ecclesiae Christi

1 *Ek beveel by julle aan* ... Die grootste gedeelte van hierdie hoofstuk word deur boodskappe van groete in beslag geneem. Omdat dit geen moeilikhede bevat nie, sal dit oorbodig wees om lank daarby te vertoef. Ek sal dus alleen daardie sake aanroer wat enigsins die lig van ’n verduideliking nodig het.

In die eerste plek beveel hy Fébé aan, aan wie hy die brief gegee het om oor te dra. Maar hy beveel haar hoofsaaklik aan vanweë haar amp, omdat sy ’n hoogs eerbare en heilige diens in die kerk verrig het. Vervolgens voer hy ’n ander rede aan waarom hulle haar moet ontvang en aan haar alle moontlike dienste moet bewys, omdat sy altyd alle vromes tot hulp was. Aangesien sy ’n dienares van die gemeente van Kenchréë was, beveel hy dat sy op grond daarvan in die Here ontvang moet word. En wanneer hy byvoeg *soos dit die heiliges betaam*, gee hy te kenne dat dit onwaardig vir dienaars van Christus sou wees as hulle aan haar geen eer en goedgunstigheid bewys nie. En waarlik, wanneer alle lede van Christus met liefde omhels moet word, dan is dit gepas dat hulle, wat ’n openbare amp in die kerk beklee, geag word en met besondere liefde en eer bejeën word. Vervolgens, net soos sy altyd teenoor almal hulpvaardig was, beveel hy dat hulle op hulle beurt aan haar hulp en bystand moet verleen in al haar onderneminge. Want dit is ’n bewys van welwillendheid om diegene wat van nature geneig is om weldade te bewys, nie in die steek te laat as hy of sy die hulp van andere nodig het nie. En om des te meer hul harte daartoe te neig, noem hy homself onder diegene aan wie sy ’n weldaad bewys het.

Hoedanig hierdie diens was, waaroor hy praat, leer hy op ’n ander plek (I Tim. 5:10). Net soos die armes immers versorg (gevoed) was uit die openbare kas van die kerk, so was hulle ook deur ’n openbare diens ondersteun. Vir hierdie versorging was weduwees gekies, wat vry was van huishoudelike laste en wat deur geen kinders belemmer was nie en begeer het om hulself geheel en al aan God en die pligte van vroomheid te wy. Hulle was dus in hierdie diens opgeneem om daaraan toegewy en gebonde te wees, net soos iemand wat sy dienste uithuur, ophou om vry en onafhanklik te wees. Vandaar dat die apostel (I Tim. 5:11) hulle wat eenmaal hierdie diens aanvaar het en dit daarna opgee, beskuldig dat hulle die geloof geskend het. Omdat dit nodig was dat hulle in ’n ongehude staat lewe, verbied hy dat vroue jonger as sestig jaar gekies word, omdat hy naamlik voorsien het dat benede hierdie ouderdom ’n belofte om voortdurend ongehuud te bly, gevaarlik, ja, selfs verderflik is. Hierdie mees heilige en vir die kerk nuttige diens het, toe die stand van sake al slegter weggesink het, ontaard in ledigheid in die orde van nonne; wat hoewel dit van die begin af verdorwe en in stryd met die Woord van God was, nou tog so van daardie begin afgewyk het dat dit nie minder as ’n bordeel verskil van een of ander heiligdom van kuisheid nie.

3 *Groet Priscílla en Áquila* ... Die getuienisse wat hy hier van sommige gee, is deels daarop gerig dat, terwyl hulle wat beproef en waardig was, in ere gehou word en dat die opregtheid self ook geëer word en dat hulle wat meer as andere in staat is en begeer om nuttig te wees, gesag mag besit;

anderdeels is dit daarop gerig dat hulle self daarna strewe om te beantwoord aan die handelinge van hul vroeëre lewe, en nie sal te kort skiet in die volvoering van vroomheid nie of selfs traag word in hul vroom ywer nie.

Dit is ’n uitsonderlike eer wat hy aan Prisca[1)] en Áquila toeskryf, en besonderlik aan die vrou. Hierin tree die beskeidenheid van dié heilige man te meer aan die lig, wat dit nie benede hom geag het om ’n vrou as medewerker in die werk van die Here te hê nie en nie skaam was om dit te erken nie. Hierdie vrou van Áquila is dieselfde as wat Lukas in Handelinge 18:2 Priscilla noem.

4 ... *nie ek alleen dank hulle nie* ... Omdat Prisca en Áquila hul eie lewe nie gespaar het om die lewe van Paulus te beskerm nie, getuig hy dat hy persoonlik aan hulle dank verskuldig is. Tog voeg hy by dat daar deur alle gemeentes van Christus dank aan hulle verskuldig is, sodat ook die Romeine deur hierdie voorbeeld beweeg sal word. Tereg is egter die lewe van hierdie een man dierbaar en kosbaar vir die heidene as ’n geheel, omdat dit ’n onvergelyklike skat was; daarom is dit nie vreemd as alle gemeentes van die heidene hulle verbonde ag aan sy beskermers nie.

Dit wat hy byvoeg oor *die gemeente by hulle aan huis*, is ook aandag werd. Want hy kon hulle huisgesin nie skitterender eer bewys het as met die titel van *gemeente* nie. Die benaming *vergadering*, soos Erasmus dit vertaal, stel my nie tevrede nie; want dit blyk duidelik dat Paulus by wyse van onderskeiding die heilige naam *gemeente* gebruik het.

5 ... *wat die eersteling van Acháje is* ... Dit is ’n sinspeling op die wetlike seremonies. Aangesien die mense immers deur die geloof aan God toegewy is, word hulle wat in hierdie offerande die eerste plek ingeneem het, tereg eerstelinge genoem. Soos wat iemand vervolgens eerste in tydsorde tot die geloof geroep is, so ken Paulus aan hom die voorrang in eer toe. Hy behou hierdie plek in waarheid wanneer die einde met die begin ooreenstem. En sekerlik is dit geen alledaagse eer wanneer God sommige as eerstelinge kies nie. Ook word daar deur die lang verloop van tyd ’n groter en sterker toets vir die geloof bygevoeg, terwyl hulle wat aanvanklik begin het, nie moeg word om ten beste in die wedloop te volhard nie.

[1)] Dit is soos Calvyn haar naam weergee. *Prisca* is ’n blote afkorting vir *Priscílla* en kom in die Afrikaanse vertaling slegs voor in II Timótheüs 4:19. – *die vertaler*

6 Hy betuig nogmaals sy dankbaarheid, wanneer hy die dienste van Maria teenoor hom in gedagte roep. En dit ly geen twyfel dat hy hierdie lofbetuiginge insluit om hulle wat hy prys, by die Romeine aan te beveel nie.

7 *Groet Andronícus* ... Hoewel Paulus nie gewoond is om groot drukte te maak van afkoms en ander dinge wat betrekking het op die vlees nie, het hy tog, omdat die bloedverwantskap wat Júnias en Andronícus met hom gehad het enigsins kon bydra om hulle gemakliker bekend te maak, hierdie lofbetuiging nie agterweë gelaat nie. Daar is meer krag in die tweede lofbetuiging, wanneer hy hulle *medegevangenes* noem, omdat onder die onderskeidingstekens in die krygsdiens van Christus die boeie nie die laaste plek toegereken word nie. Wanneer hy hulle in die derde plek *apostels* noem, gebruik hy hierdie woord nie in sy eintlike en gebruiklike betekenis nie, maar brei dit wyer uit tot almal wat nie slegs een gemeente onderrig nie, maar oral met die verkondiging van die evangelie hul arbeid verrig. Hulle derhalwe, wat deur die leer van saligheid herwaarts en derwaarts uit te dra, gemeentes stig, noem hy op hierdie plek in die algemeen *apostels*. Op ander plekke beperk hy dit naamlik tot daardie eerste orde wat Christus in die begin in die twaalf dissipels ingestel het. Dit sou andersins ongerymd gewees het dat aan hulle onder weiniges so ’n voortreflikheid toegeskryf word. Omdat hulle reeds voor Paulus die evangelie deur die geloof omhels het, aarsel hy nie om hulle in hierdie opsig bo homself te stel nie.

11 *Groet hulle wat van die huis van Narcíssus is* ... Dit sou alte onbetaamlik gewees het dat in so ’n lang lys Petrus verbygegaan is, as hy toe in Rome was, en hy moes daar gewees het, as aan die Roomses geloofwaardigheid geskenk word. Verder, as daar in twyfelagtige sake niks beter is as om ’n waarskynlike veronderstelling te volg nie, sal niemand wat onpartydig oordeel, oortuig word dat dit wat hulle bevestig, waar is nie; want hy (Petrus) sou nooit deur Paulus weggelaat gewees het nie.

Vervolgens is dit vermeldenswaardig dat hier niks van die aansienlike en roemryke name gehoor word, waaruit afgelei moet word dat vername manne Christene was nie. Almal wat Paulus immers opnoem, was onbekende en onaansienlike inwoners van Rome. Ek dink dat Narcíssus, wat hy hier noem, ’n vrygelatene was van Claudius, wat berug was deur vele misdade en skandelike vergrype. Des te meer bewonderenswaardig is die goedheid van God, wat ingedring het in so ’n onreine en van ongeregtigheid gloeiende huis. Dit wil nie sê dat Narcissus self tot Christus bekeerd was nie, maar dit was tog iets groots dat ’n huis wat as ’t ware aan die hel gelyk was, deur die genade van Christus besoek is. Aangesien hulle

wat geleef het onder ’n smerige koppelaar, onder ’n verslindende plunderaar en mees verdorwe mens, Christus waarlik in reinheid gedien het, moet die diensknegte nie wag op hul meesters nie, maar elkeen moet Christus op sy eie volg. Ja, die uitsondering wat deur Paulus toegevoeg is, toon aan dat die huisgesin verdeeld was, sodat slegs enkeles gelowiges was.

16 *Groet mekaar met ’n heilige kus* ... Dat die kus by die Jode ’n veel voorkomende en alledaagse teken van welwillendheid was, blyk oral uit die Skrifte. Miskien was dit minder gebruiklik by die Romeine, en tog was dit nie ongewoon nie; behalwe dat dit nie toelaatbaar was om vroue te soen nie, uitgesonderd verwante alleen. Tog het dit onder die ouer geslag ’n gewoonte geword dat Christene voor deelname aan die nagmaal mekaar soen om met hierdie teken te getuig van vriendskaplikheid; vervolgens het hulle aalmoese geskenk om dit wat deur die kus te kenne gegee is, inderdaad en effektief te bevestig, soos blyk uit ’n sekere predikasie van Chrysostomus. Hieruit vloei daardie gewoonte voort wat vandag nog by die papiste bestaan, om die hostiebord te soen en ’n offergawe te gee. Die eerste daarvan is blote bygeloof sonder enige nut, en die ander dien tot niks anders as om die gierigheid van die priesters te bevredig nie, as dit tog bevredig kan word.

Tog lyk dit nie of Paulus hier bepaald ’n seremonie vereis nie, maar hy spoor hulle slegs aan tot die betoning van broederlike liefde, wat hy onderskei van die onheilige vriendskappe van die wêreld, wat in die meeste gevalle óf geveinsd is óf verkry is deur wandade óf deur bose kunsgrepe in stand gehou is, maar wat nooit op die aangewese doel gerig is nie. Wanneer hy die boodskap van groete van die gemeentes byvoeg, probeer hy om, sover dit in sy vermoë is, deur die onderlinge band van liefde al die lede van Christus aan mekaar te verbind.

17 En ek vermaan julle, broeders, hou hulle in die oog wat tweedrag en aanstoot veroorsaak teen die leer wat julle geleer het, en vermy hulle.

18 Want sulke mense dien nie ons Here Jesus nie, maar hulle eie buik; en hulle verlei deur hul vriendelike en mooi woorde die harte van die eenvoudiges.

19 Want julle gehoorsaamheid het algemeen bekend geword. Daarom verbly

17 Obsecro autem vos fratres, ut observetis eos qui dissidia et offensiones contra doctrinam, quam vos didicistis, excitant; et ut declinetis ab illi.

18 Qui enim tales sunt, Christo Domino non serviunt, sed suo ventri; ac per blandiloquentiam et assentationem decipiunt corda simplicium.

19 Vestra quidem obedientia ad omnes permanavit: gaudeo igitur de vobis; sed volo vos sapientes esse ad bonum, simplices ad

ek my oor julle, en ek wens dat julle wys mag wees teenoor wat goed is, maar onskuldig teenoor wat sleg is.
20 En die God van vrede sal die Satan spoedig onder julle voete verbrysel. Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle! Amen.

malum.

20 Deus autem pacis conteret brevi Satanam sub pedibus vestris. Gratia Domini nostri Iesu Christo sit vobiscum. Amen.

17 *En ek vermaan julle, broeders* ... Nou stel hy ’n vermaning waarmee alle gemeentes telkens noodsaaklikerwys opgewek moes word, want die dienaars van Satan loer voortdurend op geleenthede om die koninkryk van Christus te verwar. Hulle stel egter hierdie verwarring op twee maniere in werking, want óf hulle saai tweedrag, waardeur die gemoedere afgetrek word van die eenheid van die waarheid, óf hulle verwek ergernisse, waardeur mense van die liefde vir die evangelie vervreem word. Die eerste vind plaas wanneer God se waarheid deur nuwe en menslik uitgedinkte leerstukke uiteengeruk word; die ander vind plaas wanneer God se waarheid deur verskeie kunsgrepe gehaat gemaak word. Hy beveel derhalwe dat hulle wat die een of die ander doen, dopgehou moet word, sodat hulle die geruste mense nie sal mislei en oorrompel nie; en vervolgens beveel hy ook dat hulle vermy word, omdat hulle skade aanrig. Dit is ook nie sonder rede dat hy van die gelowiges opmerksaamheid vereis nie, omdat dit deur ons nalatigheid en gebrek aan sorg dikwels gebeur dat die verdorwe deugniete aan die kerk baie skade besorg, voordat teen hulle opgetree word; en hulle sluip dikwels op wonderbaarlik sluwe manier in om skade te berokken, wanneer hulle nie sorgvuldig dopgehou word nie.

Maar let daarop dat sy woord gerig word aan hulle wat onderrig is in die suiwer leer van God, want dit word ’n onheilige en godslasterlike skeiding om hulle wat in die waarheid van Christus saamstem, uitmekaar te ruk. Dit is egter ’n onbeskaamde spitsvondigheid om onder die voorwendsel van vrede en eenheid die sameswering tot leuens en goddelose leerstukke te verdedig. Daar is derhalwe geen grond waarom die papiste uit hierdie gedeelte ’n voorwendsel kan maak om misnoeë teen ons aan te blaas nie, aangesien ons nie die evangelie van Christus nie maar wel die leuens van die duiwel, waardeur dit tot nou toe verduister was, bestry en uiteenruk. Ja, Paulus toon duidelik aan dat hy nie alle soorte onenighede sonder uitsondering veroordeel nie, maar alleen dié wat die eenstemmigheid van die ortodokse geloof vernietig. Die nadruk val immers op die woorde *wat julle geleer het*, want die Romeine moes, voordat hulle op die regte manier onderrig was, afsien van die sedes van hul vaders en die instellings van hul voorgeslagte.

18 *Want sulke mense* ... Hy voeg ’n onveranderlike kenmerk by, waardeur die vals profete van die dienaars van Christus onderskei moet word, naamlik dat hulle vir die eer van Christus geensins omgee nie, maar moeite doen vir hul maag. Omdat hulle egter op ’n bedrieglike wyse binnesluip en deur die aanname van ’n ander masker hul boosaardigheid verberg, dui hy (Paulus) terselfdertyd aan van watter aard hul kunsgrepe is, sodat iemand nie mislei sal word nie. Dit bestaan naamlik daarin dat hulle deur vleiende taal vir hulself guns wil verwerf. Die verkondigers van die evangelie het ook hul vriendelikheid en sagmoedigheid, maar gepaard met eerlikheid, sodat hulle nie die mense met ydele lofbetuigings streel en hul sondes vlei nie. Maar die bedrieërs lok siele tot hulle deur vleiery en deur die sondes te verskoon en te verdra, waarmee hulle diegene aan hulle verbonde hou. *Eenvoudiges* noem hy hulle wat weinig versigtigheid aan die dag lê om te waak teen bedrieglikhede.

19 *Want julle gehoorsaamheid* ... Dit is ’n aangryp van ’n geleentheid, waarmee hy aantoon dat hy hulle nie vermaan asof hy sleg van hulle dink nie, maar omdat dit maklik is om te val, asof hy wou sê: Julle gehoorsaamheid word inderdaad oral geprys, sodat ek my verheug oor julle; maar omdat dit tog dikwels voorkom dat daar weens naïwiteit geval word, sou ek wens dat julle onervare en eenvoudig is in die pleeg van kwaad, maar in die goeie, so dikwels as wat dit nodig is, uiters verstandig om jul ongeskondenheid te bewaar. Hier sien ons die eenvoudigheid wat in Christene geloof word, sodat hulle wat vandag domme onkunde met die Woord van God as die hoogste deug hou, nie op hierdie titel aanspraak kan maak nie. Hoewel hy immers dit in die Romeine prys dat hulle gehoorsaam en inskiklik is, wil hy tog dat hulle verstandigheid en goeie oordeel sal betoon, sodat bereidheid om te glo hulle nie blootstel aan allerlei bedrieglikhede nie. Daarom wens hy hulle geluk dat hulle vry van boosaardigheid is, maar hy wil tog dat hulle verstandig sal wees in behoedsaamheid.

20 Dit wat hier volg, naamlik *God sal die Satan verbrysel*, is meer ’n belofte om hulle te versterk as wat dit ’n gebed is. Hy spoor hulle naamlik aan om sonder vrees teen die Satan te stry, terwyl hy aan hulle belowe dat hulle binnekort oorwinnaars sal wees. Hy is wel eenmaal deur Christus oorwin, maar nie op so ’n manier dat hy nie voortdurend opnuut weer die stryd hernu nie; daarom beloof hy die uiteindelike omverwerping van die duiwel, wat midde-in die stryd nie blyk nie. Hy praat nietemin nie oor die laaste dag waarop die Satan volkome verskrik sal wees nie, maar omdat die Satan toe as ’t ware soos met losgelate of gebroke teuels alles op ’n ongewone manier in verwarring gebring het, beloof hy dat dit binnekort sal gebeur dat

die Here hom sal onderwerp en sal veroorsaak dat hy as ’t ware onder die voete vertrap word. Dadelik volg dan die gebed, *die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle*, dit wil sê, dat hulle van al die seëninge mag geniet wat vir ons deur Christus verwerf is.

21 Timótheüs, my medewerker, groet julle, en Lúcius en Jason en Sosípater, my stamgenote.
22 Ek, Tértius, wat die brief geskryf het, groet julle in die Here.
23 Gajus, my gasheer en ook van die hele gemeente, groet julle. Erástus, die penningmeester van die stad, en die broeder Quartus groet julle.
24 Die genade van die Here Jesus Christus sy met julle almal! Amen.
25 Aan Hom dan wat magtig is om julle te versterk volgens my evangelie en die prediking van Jesus Christus, ooreenkomstig die openbaring van die verborgenheid wat eeue lank verswyg is,
26 maar nou geopenbaar is en deur die profetiese Skrifte bekend gemaak is onder al die heidene, volgens die bevel van die ewige God, tot gehoorsaamheid van die geloof –
27 aan die alleenwyse God, aan Hom die heerlikheid deur Jesus Christus tot in ewigheid! Amen.

21 Salutant vos Timotheus, cooperarius meus, et Lucius et Iason et Sosipater, cognati mei.
22 Saluto ego vos Tertius, qui scripsi epistolam, in Domino.
23 Salutat vos Gaius, hospes meus et Ecclesiae totius. Salutat vos Erastus, quaestor aerarius urbis, et Quartus frater.
24 Gratia Domini nostri Iesu Christi sit cum omnibus vobis. Amen.
25 Ei vero, qui potens est vos confirmare secundum Evangelium meum, praeconium scilicet Iesu Christi secundum revelationem mysterii, quod temporibus saecularibus tacitum.
26 Manifestatum nunc fuit, et per Scripturas propheticas, secundum aeterni Dei ordinationem, in obedientiam fidei ad omnes Gentes promulgatum.
27 Soli sapienti Deo, per Iesum Christum gloria in saecula. Amen.

21 *Timótheüs, my medewerker, groet julle* ... Die boodskappe van groete wat hy aanteken, dien deels om die band tussen mense wat ver verwyderd is, te versterk, deels dat die Romeine mag weet dat hul broeders die brief onderteken het. Dit was nie omdat Paulus behoefte gehad het aan die getuienis van ander nie, maar omdat dit in geen geringe mate behulpsaam was in eenparigheid onder die vromes nie.

Die brief word egter (soos gesien kan word) afgesluit met ’n lofbetuiging aan God en met ’n danksegging. Hy vermeld immers die voortreflike weldaad van God, dat Hy die heidene die lig van die evangelie waardig geag het, waarin sy onmeetlike en nooit volprese goedheid aan die lig tree. Die lofprysing het ook hierdie betekenis, dat dit strek tot die oprigting en versterking van die geloof van die vromes, sodat hulle hul harte tot God

verhef en alle dinge met sekerheid verwag, wat hier aan Hom toegeskryf word, en dan ook hul hoop op die toekoms uit sy vroeëre weldade bevestig. Maar omdat hy ’n lang sin gemaak het deur baie dinge in een uitspraak te versamel, wat deur ’n *hyperbaton*[1] ingewikkeld geword het, moet die afsonderlike dele deur ons ontrafel word.

In die eerste plek skryf hy alle eer aan God toe; vervolgens, om aan toon dat dit regtens aan Hom toekom, bring hy in die verbygaan sekere van sy deugde in herinnering, waaruit blyk dat Hy alleen alle lof waardig is. Hy sê dat Hy alleen wys is; en wanneer die lof vir Hom opgeëis word, word dit van alle skepsels ontneem. Verder lyk dit of Paulus, nadat hy oor die verborge raad van God gepraat het, hierdie lofprysing met opset bygevoeg het, om daarmee almal mee te voer tot eerbied en bewondering vir God se wysheid. Want ons weet hoe mense geneig is om te murmureer wanneer hulle in die werke van God nie ’n oorsaak vind nie.

Deur daarby te voeg *wat magtig is om die Romeine te versterk*, maak hy hulle meer seker oor die uiteindelike volharding. En sodat hulle met des te meer sekerheid rus mag vind in hierdie mag, voeg hy by dat dit aan ons betuig is deur die evangelie, waar ons sien dat die evangelie nie alleen aan ons die teenwoordige genade beloof nie, maar ook aan ons die sekerheid bring oor die ewigdurende genade. En God verkondig immers daarin nie alleen dat Hy tans ons Vader is nie, maar ook dat Hy dit tot die einde sal bly; ja, sy aanneming word uitgestrek tot anderkant die dood, omdat dit ons lei na die ewige erfenis.

Die orige gedeelte is gestel om die krag en waardigheid van die evangelie aan te prys. Hy noem die evangelie *die prediking van Jesus Christus*, soos wat inderdaad die hele samevatting daarvan vervat is in die kennis van Christus. Sy leer noem hy *die openbaring van die verborgenheid*, wat ons nie alleen aandagtig behoort te maak om daarna te luister nie, maar ook om die hoogste eerbied daarvoor in ons harte in te prent. Hoe verhewe hierdie verborgenheid is, dui hy aan wanneer hy byvoeg dat dit van die grondlegging van die wêreld af vir eeue verborge was. Dit bevat nie ’n opgeblase en hoogmoedige wysheid, soos wat die kinders van die wêreld najaag nie, deur wie dit ook om hierdie rede in veragting gehou word; maar dit ontvou die onuitspreeklike skatte van hemelse wysheid wat veel hoër is as die menslike verstand, en wat niemand onder die mense genoeg kan bewonder nie, as die engele ook self dit in verwondering aanbid. En hierdie wysheid behoort ook nie minder geag te word, omdat dit verberg is onder die nederige en alledaagse eenvoud van woorde nie; want dit het die Here behaag om op hierdie manier die verwaandheid van die vlees te onderdruk.

---

[1] Die plasing van woorde in ’n afwykende volgorde. – *die vertaler*

Aangesien dit egter tot twyfel by sommige kon lei, hoe hierdie verborgenheid wat vir soveel eeue verberg was, nou skielik te voorskyn getree het, leer hy dat dit nie gebeur het weens die vermetelheid van mense nie en ook nie deur ’n toevallige gebeurtenis nie, maar kragtens die ewige besluit van God. Daarmee sluit hy ook die deur vir nuuskierige vrae wat die onbeskaamdheid van die menslike verstand gewoonlik beweeg. Want alles wat skielik en sonder dat dit verwag word, gebeur, dink hulle dat dit toevallig geskied het; vandaar dat hulle dikwels verkeerdelik aflei dat die werke van God onredelik is, of dat dit ten minste sigself verstrik in baie verwarrende vertwyfelinge. Daarom maan Paulus dat dit wat nou plotseling te voorskyn tree, voor die grondlegging van die wêreld deur ’n besluit van God vasgestel was.

Dat niemand vervolgens van hierdie saak ’n strydpunt sal maak en die evangelie beskuldig van ’n nuwigheid en dit op hierdie manier belaster nie, verwys hy na die profetiese Skrifte, waar dit voorspel was wat ons nou in vervulling bemerk. Want al die profete het so ’n duidelike getuienis oor die evangelie gegee, dat dit nêrens anders beter bevestig kan word nie. En op hierdie manier het God die gedagtes van sy mense voorberei, sodat die nuutheid van die ongewone saak hulle nie alte veel sal skok nie. As iemand teenwerp dat daar in die woorde van Paulus iets teenstrydig is, omdat hy sê dat die verborgenheid waaroor God deur die profete getuig het, al die eeue verswyg was, word daar deur Petrus ’n maklike oplossing vir hierdie knoop gegee, naamlik dat die profete, toe hulle ywerig aangaande die saligheid wat aan ons aangebied is, ondersoek gedoen het, nie hulself nie, maar ons bedien het (I Pet. 1:12). Derhalwe het God toe al sprekende geswyg, omdat hy die openbaring van daardie dinge waaroor Hy wou dat sy diensknegte moet profeteer, in afwagting gehou het.

Hoewel daar tussen die geleerdes nie ooreenstemming is oor die vraag in watter sin hy hier en in Efésiërs 3:9 en Kolossense 1:26 die evangelie ’n verborge geheimenis noem nie, het die mening van hulle wat dit op die roeping van die heidene laat sien, en wat Paulus self met name aanraak in Kolossense 1:27, die meeste oorredingskrag. Hoewel ek erken dat dit een van die redes is, kan ek tog nie daartoe beweeg word om te glo dat dit die enigste rede is nie. Dit lyk my waarskynliker dat Paulus ook op ander verskille tussen die Ou en Nuwe Testament teruggekyk het. Want hoewel die profete voorheen alles wat deur Christus en die apostels uiteengesit is, geleer het, het hulle dit tog met soveel duisterheid geleer, in vergelyking met hierdie deursigtige helder lig van die evangelie, dat dit nie te verwonder is nie, as gesê word dat dit wat nou geopenbaar is, verborge was. En dit was inderdaad nie sonder rede dat Maleági (4:2) aangekondig het dat die Son van geregtigheid sal verrys nie, en ewemin het Jesaja

vroeër sonder rede in sulke voortreflike lofuitinge die sending van die Messias geprys. Ten slotte word die evangelie nie sonder rede die koninkryk van God genoem nie; maar uit die gebeurtenis self kan beter afgelei word dat die skatte van hemelse wysheid toe eers geopen was, toe God, nadat die skaduwees weggedoen was, deur sy eniggebore Seun as ’t ware van aangesig tot aangesig aan die ouer geslag verskyn het. Die doel van die verkondiging van die evangelie, waaraan hy herinner het aan die begin van die eerste hoofstuk, vermeld hy weer, naamlik sodat God al die heidene byeenbring in gehoorsaamheid van die geloof.

ADDENDUM

Bylaag 1:
Literatuur

CALVIN, J. 1834 [1540;1551;1556]. *In* Novum Testamentum Epistolas Commentarii ad Editionem Amstelodamensem accuratissime exscribi et praefatus, Pars Prima: Epist ad Roman. et Corinth [*edidit*] A. Tholuck. Berolini: Apud Gustavum Eichler.

CALVIN, J. 1863-1900 [1540;1551;1556]. *In* Ioannis Calvini Opera Quae Supersunt Omnia, Vol. I-LIX. 1863-1900. *Ediderunt* G[W]. Baum, E. Cunitz & E. Reuss, Vol I-LIX, *in* Corpus Reformatorum, Vol. XXIX-LXXXVII. Brunsvigae/ Berolini: C.A. Schwetschke et filium, vol. XLIX [= CO 49].

CALVIN, J. 1999 [1540;1551;1556]. *In* Calvinus, I. *Commentarius in epistolam Pauli ad Romanos*. (*Ediderunt* T.H.L. Parker et D.C. Parker. Ioannis Calvini Opera Omnia: Denuo recognita et adnotatione critica instructa notisque illustrata, Series II: Opera Exegetica Veteris et Novi Testamenti, Volumen XIII. Auspiciis Praesidii Conventus Internationalis Studiis Calvinianis Fovendis ediderunt B.G. Armstrong, C. Augustijn, I. Backus, O. Fatio, H. Feld, F.M. Higman, W.H. Neuser, B. Roussel, W. van 't Spijker & D.F. Wright. Genève: Droz.) [= COR II/XIII.]

CALVIN, J. 2005 [1540; 1551; 1556]. Der Brief an die Römer [bis Kapitel 7]: Ein Kommentar. Der lateinische Text mit deutscher Übersetzung, bearbeitet und eingeleitet von M. Freudenberg, A.I.C. Heron, N. Kuropka, C. Link, P. Opitz, G. Plasger & E. Saxer. (*In* E. Busch, M. Freudenberg, A.I.C. Heron, C. Link, P. Opitz, E. Saxer & H. Scholl, *Hrsg.*, Calvin-Studienausgabe, Band 5.1.) Neukirchen-Vluyn: Neukirchener.

CO [= Calvini Opera Omnia]
kyk
CALVIN, J. 1863-1900.

COR [= Calvini Opera Recognita]
kyk
CALVIN, J. 1999, of CALVIN, J. 2005.

GREEF, W. DE, 1993. The Writings of John Calvin: An Introductory Guide. (Translated from the Dutch by L.D. Bierma.) Grand Rapids, Michigan: Baker Books.

HERON, A.I.C. 2005. Einleitung. *In* Calvin, J. 2005 [1540; 1551; 1556]. Der Brief an die Römer [bis Kapitel 7]: Ein Kommentar. Der lateinische Text mit deutscher Übersetzung, bearbeitet und eingeleitet von M. Freudenberg, A.I.C. Heron, N. Kuropka, C. Link, P. Opitz, G. Plasger & E. Saxer. (*In* E. Busch, M. Freudenberg, A.I.C. Heron, C. Link, P. Opitz, E. Saxer & H. Scholl, *Hrsg.*, Calvin-Studienausgabe, Band 5.1.) Neukirchen-Vluyn: Neukirchener.) p. 1-16.

LINK; C. 2005. Vorwort. *In* Calvin, J. 2005 [1539; 1551; 1556]. Der Brief an die Römer [bis Kapitel 7]: Ein Kommentar. Der lateinische Text mit deutscher Übersetzung, bearbeitet und eingeleitet von M. Freudenberg, A.I.C. Heron, N. Kuropka, C. Link, P. Opitz, G. Plasger & E. Saxer. (*In* E. Busch, M. Freudenberg, A.I.C. Heron, C. Link, P. Opitz, E. Saxer & H. Scholl, *Hrsg.*, Calvin-Studienausgabe, Band 5.1.) Neukirchen-Vluyn: Neukirchener. p. V-VIII.

OPERA SELECTA, *i.e.*, Joannis Calvini Opera Selecta, Vol. I-V. Ediderunt P. Barth, G[W]. Niesel & D. Scheuner. Monachii in Aedibus [München], Chr. Kaiser, 1926-1962. [= OS I-V.]

OS [= Opera Selecta]
kyk
OPERA SELECTA

PARKER, T.H.L. 1993 [1971]. Calvin's New Testament Commentaries. Edinburgh: T&T Clark.

PARKER, T.H.L. & PARKER, D.C. 1999. Introduction. *In* Calvinus, I. *Commentarius in epistolam Pauli ad Romanos*. (*Ediderunt* T.H.L. Parker et D.C. Parker. Ioannis Calvini Opera Omnia: Denuo recognita et adnotatione critica instructa notisque illustrata, Series II: Opera Exegetica Veteris et Novi Testamenti, Volumen XIII. Auspiciis Praesidii Conventus Internationalis Studiis Calvinianis Fovendis ediderunt B.G. Armstrong, C. Augustijn, I. Backus, O. Fatio, H. Feld, F.M. Higman, W.H. Neuser, B. Roussel, W. van 't Spijker & D.F. Wright. Genève: Droz.) [= COR II/XIII.] p. XI-LXXXII.

ADDENDUM

Bylaag 2:
Afrikaanse vertalings/verwerkings van werke van Calvyn

CALVIN, J. 1951. Die Institusie van Calvyn. Verkort weergegee [in Afrikaans] deur A. Duvenage, met medewerking van L.J. du Plessis. Bloemfontein: SACUM. (Later weer heruitgegee.)

CALVIN, J. 1979 [1559]. Gulde reëls vir die ware christelike lewe. Kaapstad: Verenigde Protestantse Uitgewers. [Uittreksel uit *Institusie*, III,6-8.] (In Afrikaans vertaal en verwerk deur T. Kritzinger uit die Engels: Calvin, J. 1952. Golden Booklet of the True Christian Life. Grand Rapids, Mi.: Baker Book House.) Kaapstad: Verenigde Protestantse Uitgewers.

CALVIN, J. 1980 [1536]. Onderwysing in die Christelike Godsdiens. (1536-Institusie.) (Uit die Latyn in Afrikaans vertaal deur H.W. Simpson.) Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds.

CALVIN, J. 1980. Calvyn vir vandag: Dagstukke. Saamgestel en vertaal deur F.J.M. Potgieter. Kaapstad: Verenigde Protestantse Uitgewers. [Uittreksels uit die *Institusie*.]

CALVIN, J. 1981 [1545]. Calvyn se Kategismus. (Uit die Latyn in Afrikaans vertaal deur H.W. Simpson.) Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds.

CALVIN, J. 1981 [1541/'61]. Ordonnances Ecclésiastiques van Genève (1541 en 1561). (In Afrikaans vertaal deur A.D. Pont.) *In* Pont, A.D., 1981. Die Historiese Agtergronde van ons Kerklike Reg. Pretoria: HAUM. p. 22-47.

CALVIN, J. 1981 [1559]. Discipline Ecclésiastiques van 1559. (In Afrikaans vertaal deur A.D. Pont.) *In* Pont, A.D., 1981. Die Historiese Agtergronde van ons Kerklike Reg. Pretoria: HAUM. p. 50-54.

CALVIN, J. 1981 [1539]. Calvyn se Doopsformulier. (Uit die Latyn in Afrikaans vertaal deur H.W. Simpson.) *In* D'Assonville, V.E., 1981. Die Gereformeerde Doopsformulier. Potchefstroom: Marnix. p. 87-92.

CALVIN, J. 1984-1992 [1559]. Institusie van die Christelike Godsdiens 1559, 4 Bande. (1559-Institusie.) (Uit die Latyn in Afrikaans vertaal deur H.W. Simpson.) Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds. D.i.

Calvin, J. 1984 [1559]. Institusie van die Christelike Godsdiens 1559, Boek 1. (Uit die Latyn in Afrikaans vertaal deur H.W. Simpson.) Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds.

Calvin, J. 1986 [1559]. Institusie van die Christelike Godsdiens 1559, Boek 2. (Uit die Latyn in Afrikaans vertaal deur H.W. Simpson.) Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds.

Calvin, J. 1988 [1559]. Institusie van die Christelike Godsdiens 1559, Boek 3. (Uit die Latyn in Afrikaans vertaal deur H.W. Simpson.) Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds.

Calvin, J. 1992 [1559]. Institusie van die Christelike Godsdiens 1559, Boek 4. (Uit die Latyn in Afrikaans vertaal deur H.W. Simpson.) Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds.

PERSOONSREGISTER

Hierdie persoonsregister is gebaseer op verwysings wat Calvyn in die kommentaar op Romeine maak. In die register word die betrokke teksvers aangedui, en nie die bladsynommer nie. 'n Inskrywing soos 3:21 dui Romeine 3:21 aan, met ander woorde, die betrokke naam kom in die kommentaar op hierdie teks voor.

Ambrosius	1:5
Ammonius	1:29
Antiochus	8:36
Augustinus	1:1; 1:23; 1:31; 3:21; 4:19; 5:5; 5:20; *7:7;* 7:15; 8:15; 8:28; 9:16; 10:2
Bonifacius	7:15
Bucer	Opdrag Grynaeus; 1:7; 1:12; 4:4
Budaeus	9:3
Bullinger	Opdrag Grynaeus
Calvyn: Institusie	3:21; 3:28
Chrysostomos	3:20; 6:5; 8:3; 9:3; 16:16
Cicero	2:8; 3:9
Domitianus	3:16
Erasmus	1:14; 1:23; 2:8; 4:20; 4:21; 5:14; 6:11; 6:17; 7:15; 7:21; 7:24; 8:2; 8:3; 8:6; 8:19; 9:10; 10:4; 10:21; 12:3; 12:14;
Eusebius	1:23
Gellius	3:20
Hieronymus	3:20
Josefus	2:17
Judas	2:17
Lactantius	1:23; 10:2
Lycurgus	2:22; 9:4
Melanchthon	Opdrag Grynaeus
Novatus	3:25
Origenes	1:1; 3:20; 5:14; 7:14
Ovidius	2:22
Pelagius	5:12; 9:16
Plato	1:23
Plinius	3:16
Sergius	1:1
Servet	1:3
Solon	9:4